1990 184 898 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UOVS - BIBLIOTEEK
*199018489801220000019*

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# DIE VOLKSTAAT AS ALTERNATIEF VIR DIE POLITIES-STAATKUNDIGE HERSTRUKTURERING VAN SUID-AFRIKA

*DEUR*

**JACOB DE VOS MA**

VERHANDELING VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (DEPARTEMENT STAATSLEER) AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

*BLOEMFONTEIN*

*29 JANUARIE 1990*

**STUDIELEIER: PROF. DR. D.P. WESSELS**

HIERDIE [illegible]
GEEN OMSTANDIGHEDE [illegible]
BIB[illegible] V[illegible]

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
28 NOV 1990
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 321.050968 VOS

EK VERKLAAR DAT DIE VERHANDELING WAT HIERBY VIR DIE GRAAD **MAGISTER ARTIUM** AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT DEUR MY INGEDIEN WORD, MY SELFSTANDIGE WERK IS EN NIE VOORHEEN DEUR MY VIR 'N GRAAD AAN 'N ANDER UNIVERSITEIT/FAKULTEIT INGEDIEN IS NIE.

J de Vos

..................................

J DE VOS

## WAARDERING


Graag wil ek my waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies wat hierdie studie moontlik gemaak het:

* **Prof. Dr. D.P. Wessels** wat bereid was om as studieleier op te tree.

* Die personeel van die **Universiteitsbiblioteek** vir professionele dienste gelewer.

* Die personeel van die **Rekenaardienste van die UOVS** vir besondere hulpvaardigheid en bystand verleen om hierdie verhandeling persklaar te kry.

* Aan **al die persone** met wie ek sinvol kon raadpleeg en wie se insigte my geslyp het vir die voltooiing van hierdie studie

* Aan **my vrou Minda, en my kinders Sanette** (wat gehelp het om gedeeltes van die verhandeling te tik), **Jaco en Ricus** vir bystand onder moeilike omstandighede.

* Aan **my vader, ds. J.F. de Vos,** in wie ek 'n besondere geesgenoot gevind het, en wie se rypheid en lewenslange meelewing met die Afrikanervolk vir my van onskatbare waarde was.

* Aan die **Bloemfonteinse Onderwyskollege** en veral die **Departement Opvoedkunde** vir die gebruik van hul rekenaar om die verhandeling te voltooi.

* Ten slotte: My ootmoedige dank en nederige erkentlikheid aan **die alleenwyse God, die Beskikker en Skepper van volke,** vir die genade ontvang om hierdie studie tot Sy eer aan te pak en deur te voer.

J de Vos.

OPGEDRA AAN MY VROU MINDA EN MY KINDERS SANETTE, JACO EN RICUS MET DIE BEDE DAT HULLE SAAM MET MY SAL STREWE EN WERK NA DIE BEREIKING VAN 'N LEWENSIDEAAL, NAAMLIK DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N SOEWEREINE AFRIKANERVOLKSTAAT.

"VOLKS IS 'N EGTE DIE NATUURLIK GESONDE, DIE WESENSGETROUE, WAT SOOS DIE BOTSEL IN SKOONHEID VAN BLOESEM EN BLAAR ONTLUIK; VOLKS IS DIE WIL TOT VERANTWOORDING AAN DIE WêRELD VAN 'N SELFSTANDIGE EN VOLLEDIGE EIENDOMLIKHEID; VOLKS IS DIE WIL OM AAN GOD TE VERANTWOORD DAT DIE BLANKE SIERAAD VAN ONDERSKEIDENDE EENHEID WAT HY BY DIE WORDING MEEGEGEE HET, ONBEDUIMELD EN ONGESKONDE BEWAAR IS; VOLKS IS LOUTERE VREUGDE AAN SELFBELEWING; VOLKS IS JALOERSE BEWAKING VAN DIE EIE EN AFWERKING VAN DIE VREEMDE; VOLKS IS 'N LOUTERE LIEFDE VIR EIE BODEM EN BLOED, DIE ONGEBROKE WIL OM MET WOORD EN DAAD TE BEVESTIG EN TE VERDEDIG DIE REG VAN DIE VOLK, IS DIE GROOTMAKING VAN RIGTINGGEWENDE IDEALE; VOLKS IS DIE DRANG TOT SELFBEHOUD."

**"Volkse Houding"** D.F.Malherbe

DIE POLITIEKE STANDPUNT IN DIE VERHANDELING VERTEENWOORDIG ALLEEN DIE VAN DIE SKRYWER EN SOU OP GENERLEI WYSE DIE POSISIE OF STANDPUNT VAN DIE STUDIELEIER, DEPARTEMENT OF ENIGE NAAM IN DIE VOORWOORD VERMELD, DAARBY BETREK NIE.

.................................

J. DE VOS

# DIE VOLKSTAAT AS ALTERNATIEF VIR DIE POLITIES-STAATKUNDIGE HERSTRUKTURERING VAN SUID-AFRIKA

## INHOUDSOPGAWE

*HOOFSTUK 1:* *ORIëNTERENDE TAAKSTELLING* ............ 1

1. Inleiding .................................................................... 1

2. Die keuse van die onderwerp en sekere hipotetiese uitgangspunte ................................................................ 2

3. Doelstellinge .................................................................... 7

4. Indeling van die studie ........................................................ 8

5. Navorsingsmetode ............................................................... 10

*HOOFSTUK 2:* *'N POLITIKOLOGIESE IDEE VAN DIE STAAT MET BESONDERE VERWYSING NA DIE NASIONALE STAAT EN (STAATS-) NASIONALISME* ........................ 11

1. Wat is 'n staat? ..................................................................... 11

1.1 Inleiding ..................................................................... 11

1.2 Staatsvorming ..................................................................... 13

1.2.1 Die mens as historiese maghebber .................................... 13

1.2.2 Die Christelike struktuurleer betreffende die staat ............... 15

2. Die Soewereine Nasionale staat: 'n Ontwikkeling van die Staatspraktyk ........ 17

3. Nasionalisme ........ 26

4. Afrikanernasionalisme as uiting van ware volksnasionalisme ........ 29

5. 'n Christelik-Skriftuurlike begronding van Afrikanernasionalisme ........ 35

6. Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van Afrikanernasionalisme ........ 39

7. Volkstipiese state: 'n Manifestasie van Afrikanernasionalisme ........ 53

7.1 Inleiding ........ 53

7.2 Graaff-Reinet en Swellendam ........ 55

7.3 Natalia: Die eerste Voortrekkerrepubliek ........ 60

7.4 Die Republiek van die Oranje-Vrystaat ........ 67

7.5 Die Zuid-Afrikaansche Republiek ........ 72

8. Slotgedagtes ........ 79

*HOOFSTUK 3:* *SUID-AFRIKA VANUIT VOLKEKUNDIGE- EN RASSE-OOGPUNT GESIEN* .................... 82

1. Enkele gedagtes oor die begrippe etnisiteit, ras, volk en nasie .................... 82

1.1 Etnisiteit .................... 82

1.2 Die begrippe "ras" en "veelrassigheid" .................... 94

1.3 Die begrip "nasie" .................... 120

1.4 Wat is 'n volk? Begripsondersoek na die identiteit van 'n volk .................... 122

1.5 Veelvolkigheid in Suid-Afrika .................... 138

1.6 Die selfbeskikkingsreg van volke .................... 145

*HOOFSTUK 4:* *RUIMTELIKE ORDENING IN SUID-AFRIKA: 'N WESENLIKE VRAAGSTUK* .................... 156

1. Inleiding .................... 156

2. Gebiedskeiding as antwoord .................... 157

3. Besettingspraktyke in die Suider-Afrikaanse geskiedenis ..... 168

4. Partisie, sesessie en separatisme: Enkele voorbeelde uit die praktyk .................... 171

5. Binnelandse groeperinge: Standpunte ten opsigte van partisie, sesessie en ander vorme van skeiding .................... 203

5.1 Partisie: Beskouinge van die Nasionale en Konserwatiewe Partye .................... 203

5.2 Die volkstaatgedagte: Enkele voorstanders daarvan .................... 206

5.3 Enkele ander beskouinge .......... 217

6. Samevattende gedagtes .......... 219

*HOOFSTUK 5: WAAROM 'N AFRIKANERVOLKSTAAT?* ... 222

1. Inleiding .......... 222

2. Perspektief op 'n Afrikanervolkstaat .......... 227

3. Die moreel-Skriftuurlike reg van die volkstaat-gerigte Afrikaner op 'n eie staatsterritorium .......... 259

4. Die begrensing of omlyning van die Afrikanervolkstaat .......... 276

4.1 Inleiding: Enkele problematiese uitgangspunte .......... 276

4.2 Die Afrikanervolkstaat: Inhoudgewing en begrensing .......... 280

*HOOFSTUK 6: IMPLIKASIES VAN DIE AFRIKANER-VOLKSTAAT OP DIE BREë TERREIN* .......... 300

1. Kultureel .......... 300

2. Taal .......... 304

3. Onderwys en opvoeding .......... 313

4. Ekonomies .......... 324

5. Polities .......... 332

6. Samevattend .......... 334

*HOOFSTUK 7:* *'N TOEKOMSPERSPEKTIEF* .......................... 336

*HOOFSTUK 8:* *SLOTBESKOUING* .......................................... 354

*BYLAE A* .......................................................................... 361

*BYLAE B* .......................................................................... 362

*BYLAE C* .......................................................................... 363

*BYLAE D* .......................................................................... 364

*BYLAE E* .......................................................................... 365

*BYLAE F* .......................................................................... 366

*BYLAE G* .......................................................................... 367

*BYLAE H* .......................................................................... 368

*BRONNELYS* .......................................................................... 369

# DIE VOLKSTAAT AS ALTERNATIEF VIR DIE POLITIES-STAATKUNDIGE HERSTRUKTURERING VAN SUID-AFRIKA

## HOOFSTUK 1

## ORIëNTERENDE TAAKSTELLING

### 1. INLEIDING

Die staatkunde is voortdurend in 'n proses van vernuwing en verandering. So ondervind enige staat die verskynsel van nuwe begrippe en nuwe woorde. Dit is die tendens van die tyd. Die verskuilde motief agter die verwydering van sekere woorde en begrippe uit die woordeskat van mense kan wees om stelselmatig sulke woorde en begrippe uit die gedagtes van mense te verwyder. Een so 'n begrip is die woord **volkstaat**. Hoe meer die woord negatief beoordeel word, hoe meer moet dit uit die woordeskat en die gedagtes van mense geweer word. Die teendeel is egter besig om plaas te vind. Op geen stadium van die Afrikaner se bestaan word die begrip **volkstaat** so baie gehoor en gebruik soos tans die geval is nie. Trouens, geen gesprek rondom die politieke en staatkundige *herstrukturering* van Suid-Afrika word gevoer of die woord, "*volkstaat*" kom daarin voor nie. Inderwaarheid het dit 'n sterk emosiebelaaide woord geword. Geen wonder dat vir talle persone wat deelneem aan die gesprek rondom die staatkundige toekoms van Suid-Afrika, die begrip **Afrikanervolkstaat** van wesenlike belang en betekenis geword het nie.

As daar na die geskiedenis van die Afrikaner gekyk word, kan die wortels van die **volkstaat-gedagte** ver in sy verlede teruggevoer word. Inderwaarheid moet die spore van hierdie ideaal tot sover as die geskiedenis van die stamlande, waaruit die Afrikaner sy oorsprong het, gesoek word. Talle van hulle het vir eeue vir hulle voortbestaan en vryheid as *soewereine* volke geveg. Die volkstaatideaal het dus 'n tradisieryke geskiedenis en wortel in die bewuste *volksgebondenheid* van mense. In die lig hiervan is die ideaal van 'n *eie* staat vir die Afrikaner bloot die voortsetting van 'n wil om soewerein oor homself te regeer. Dit geld in die besonder vir die **volkstaat-gerigte** Afrikaner.

Uit bogenoemde kan reeds afgelei word dat niks in die lewe van 'n volk belangriker geag word *as sy sinvolle voortbestaan in ware vryheid, geregtigheid en 'n vaste wil tot taakvervulling nie.* Van tyd tot tyd ontwaak daar in die lewe van 'n volk 'n sterk nasionale bewussyn tot *selfhandhawing* en soewereine selfbeskikking. Die Afrikanervolk se geskiedenis word dan ook gekenmerk deur vele sulke "*ontwakings*". Dit het die *patriotisme* in die Afrikaner lewend gehou. Die feit van die saak is dat geen van die vorige "*volksontwakings*" gelei het tot 'n eie Afrikanerstaat-stigting nie. Ironies genoeg, ook nie die Republiekwording van 1961 nie. Nou het daar egter weer, temidde van die konstitusionele krisis waarin Suid-Afrika, en in besonder die Afrikaner verkeer, 'n *volksontwaking* by talle Afrikaners na vore getree. Vir die volkstaat-gerigte Afrikaner het die tyd ryp geword om die ideaal van *'n ware volkstaat*, wat in die verlede so baie Afrikaners ontglip het, *tot sy volle konsekwensies* deur te voer. Dit sal die sirkel van die Afrikaner se strewe na ware volksvryheid voltooi.

## 2. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP EN SEKERE HIPOTETIESE UITGANGSPUNTE

Die motivering wat aanleiding gegee het tot die aanvang van hierdie studie moet gesien word in die lig van die voorafgaande paragrawe. Hierdie verhandeling is derhalwe 'n bydrae om die kontemporêre gesprek rondom die polities-staatkundige problematiek in Suid-Afrika te stimuleer. Soos die titel dan ook aandui, sien die skrywer die volkstaat **as 'n alternatief vir die polities-staatkundige herstrukturering van Suid-Afrika.**

Die vraag wat in hierdie verhandeling aan die orde gestel gaan word is naamlik die volgende: *Wat is nog vir die hedendaagse mens kosbaar, en waarom stry die mens nog vir 'n saak?* Dit kom vir die skrywer voor asof die baanbrekerswerk van die verlede en die handhawing en die bewerking van hoë geestelike waardes onder geweldige druk gekom het. Dit skyn asof die Afrikaner so maklik geïndoktrineer en gekondisioneer kan word dat hulle vandag in die *teenoorgestelde* dinge glo as dit wat hulle voorheen *met hulle lewe sou verdedig het*. Dit is al asof die moderne Afrikaner geestelik verwar en verdwaas geword het en asof sy weerstand teen ontaarding en verwydering van dit wat vir hom dierbaar is, **radikaal**, dit wil sê tot in die wortel van dinge afgebreek is. Na die skrywer se mening is talle Afrikaners vandag in die proses om hul eie kenmerkende Afrikanergees te verloën en om 'n *nuwe* tipiese Afrikaner met 'n *nuwe* filosofie te skep. Die vraag wat om 'n antwoord soek is die volgende: *Waarom het mense en leiersfigure so radikaal van*

*standpunt verander oor die afgelope klompie jare*? Moet die rede daarvoor nie dalk gesoek word in die feit dat die Afrikaner stelselmatig sy *perspektiewe* op die norm van dinge verloor het nie? Wat 'n mens met kommer laat is die feit dat hier van **diepgrondige beginselsake** gepraat word. Dit is derhalwe in hierdie studie van kardinale belang om ook dit uit te lig wat mense en leiers van die *hede* en die *verlede* oor bepaalde aspekte te sê gehad het. 'n Volk is immers 'n *organiese geheel* en funksioneer nie bloot *meganies* nie. Die geskied- en staatsbeskouing werk ook met mense as *lewende organismes*, en dit wat hulle sê en doen *vind nie in 'n vakuum plaas nie*. Dat mense en partye 'n *beleidsverandering* kan ondergaan is nog verstaanbaar, maar dat mense en partye so maklik van **beginsel** kan verander, dit bly onbegryplik. Die geskiedenis sal mettertyd 'n oordeel daaroor vel.

Soos sal blyk uit hierdie verhandeling is die staat, as 'n bepaalde samelewingsverband, *'n normatiewe gegewe van God*. Volgens die Christelike struktuurleer het Gód, en nié die mens nie, *die normatiewe struktuur* van die staat ontwerp. Dit is as **WET** aan die mens voorgeskryf en die mens is derhalwe *geroepe* om aan hierdie staatlike struktuurnorme ten volle *gehoorsaam* te wees. In hierdie opsig is die mens *wets-ónderdaan* en nie *wet-géwer* nie. So vertoon die staatsowerheid *wisselende* vorme; dog die *normatiewe struktuur* van die staat bly altyd *konstant*. As samelewingsverband vertoon die staat dus 'n *permanente gesagstruktuur*. Die mens, in sy vormingsarbeid, is *geroepe* om hierdie strukture van die staat te *konkretiseer*. Daarin vertoon die mens 'n bepaalde *keusevryheid*, dog altyd in *normgehoorsaamheid* aan God, die **Struktuurgewer** daarvan.

In die lig van bostaande spreek dit vanself dat nie *alle* staatsowerhede **Christelik** in hul benadering tot die staat sal wees nie, alhoewel hulle *onbewustelik* die struktuurprinsipe daarvan gehoorsaam. Daarom is dit vir die skrywer duidelik dat alleen in 'n **Christelike** staat die *doel van God met die staat* tot volle verwesenliking kan kom, maar met dié voorbehoud dat die staatsowerheid in al sy handelinge en voorskrifte *ongekwalifiseerd* Christelik moet wees. Die skrywer sal dus poog om aan te toon dat die **Christelike volkstaat** die beste aan die eis van die *vergestalting* van die *staats-idee* voldoen. 'n Volk is immers 'n *skeppingsgegewe* van God. Wat die Afrikaner betref is sy *idee* van die staat *normatief* geleë in die **Christelik-reformatoriese (religieuse) grondmotief van skepping, sondeval en verlossing** (en ook herskepping). Die volkstaat-gerigte Afrikaner strewe dus na 'n *eie staat* waarin hy *onbevange sy Christelike staatsbeskouing kan uitleef*.

'n Verdere aspek wat uit die tema sal voortspruit, en wat die skrywer na aan die hart lê, is die feit dat die Afrikaner in die verlede *in gebreke* gebly het om genoegsame *kennis* op te doen van die *ontstaan- en bestaanstryd* van *ander volke*, klein en groot, van hierdie wêreld. Dit het in die verlede geblyk dat die Afrikaner so *sélfgerig* was dat hy nooit tot 'n *vergelykende* studie van byvoorbeeld die Israelse volk, die Deense volk, die Duitse volk, en talle ander volke, oorgegaan het nie. As sulke studies in die verlede aangepak was, sou die Afrikanervolk waarskynlik gouer tot die besef gekom het wat *ware volkskap* behels en dat 'n volk, wat in *wese* volk is, so gou moontlik sy volkskap bevestig in 'n *eie vaderland*, en dat mense wat vreemd teenoor sy volkskap staan, uit sy midde geweer moet word. Daar moet dus **grense** wees wat hom as volk **identifiseer**, 'n unieke volk met sy *eie taal, tradisies en gewoontes*. 'n Vergelykende studie van ander volke in die wêreld sou dus aan die Afrikaner getoon het dat byvoorbeeld die Amerikaners ook 'n *pionierstryd* moes deurworstel. Hulle puriteinse leefwyse in die wildernis toon sterk ooreenkomste met die Voortrekkergeskiedenis van die Groot Trek. As Calviniste het hulle ook 'n roepingsbewussyn gehad in die land wat hulle vir hulself sou verower. Bruwer skryf dan ook tereg dat klein volke kan voortbestaan deur hul eie state te stig soos byvoorbeeld die Dene, Swede, Noorweërs, Portugese en die Hongare. Hy skryf: *"Nie een van hierdie volke het die bestaanstryd vrygespring nie, maar as volkstate kon hulle hulself beter teen aanslae verweer as in onvryheid."*[1] Verder kan daar uit die geskiedenis van ander volke soos die Baske, die Kataloniërs en die Oekrainiërs geleer word dat, *as 'n volk eers eenmaal sy selfbeskikking prysgegee het, hy dit óf nooit weer terugkry nie, óf dit nie sonder pyn en geweld kan terugverower nie.*

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling ag die skrywer dit reeds op hierdie stadium nodig om by wyse van enkele verklarings en woordomskrywings aan te dui van **watter** Afrikaner hy praat as hy deurgaans verwys na **dié** Afrikaner. Die onvermydelike moet aanvaar word dat daar vandag bepaald Afrikaners is wat nié meer die sentimente deel van diegene wat hulle beywer vir 'n eie Afrikanerstaat nie. Dit is moontlik te wyte aan die spraakverwarring wat daar tans bestaan oor **wie** en **wat** die Afrikaner is. Die skrywer erken dat dit nie 'n enkelvoudige vraag is wat bloot met 'n enkelvoudige antwoord verklaar kan word nie. Hoe definieer 'n mens byvoorbeeld die vraag na die **ontologie** (die wese) van die bestaan van 'n volk? Dit raak veral die *mistieke elemente* van 'n volk se **óntstaan, béstaan** en sinvolle **vóórtbestaan.** Daar is dus 'n *mistiekheid* (geen mistisisme) wat die Afrikaner aan-

1. Bruwer, P.F., "Magsdeling: Lesse van die geskiedenis", p. 115.

kleef en wat nie in woorde omgesit kan word nie. Dit is daardie mistieke elemente in 'n volk wat spreek van sy *intense liefde vir sy land, sy taal, sy simbole, sy kultuur en sy lewens- en wêreldbeskouing.*

*Volkskap* is bepaald iets wat 'n mens *in die* **hart** *gryp*. In Christelik-reformatoriese lig gesien, is die *hart* juis die *religieuse sentrum* van die mens waaruit, *"al die oorspronge van die lewe"* is (**Spreuke 4:23** -- 1933 vertaling), en die *religie* omvat die **totale** lewe van die mens; nie net sy godsdiens nie. Alle bindinge: *geestelik, fisies en kultureel*, kom uit die **hart** van die mens op. In 'n bepaalde sin is 'n volk ook 'n *skeppingsgegewe* uit die hand van God. *Hy roep volkere tot aansyn*. Dit geld te meer nog vir 'n Christelike volk soos die Afrikanervolk wat sy *wortels* het uit die bakermat van die Christendom; 'n volk wie se *belydenis* geskoei is op 'n *Protestants-Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing*. Die volkstaat-gerigte Afrikaner beskou hom dus as lid van 'n *geroepe* volk wat deur God hier geplaas is met die *besondere taak* om die *Christelike beskawing* na hierdie deel van die Afrika-kontinent te bring en om die Christendom hier te vestig en uit te bou *tot Gods eer.*

Die skrywer se persoonlike mening is dat Afrikanerskap vandag sterk *gerasionaliseer* word. Die opmerking word dikwels gehoor: *"In my hart is ek 'n Afrikaner, dog my verstand sê anders!"* Dit is 'n tipiese skolastiese dualisme. Dit het die *"verstands"*-Afrikaner na vore gebring. Hy is die *verligte* en sogenaamde *realistiese* Afrikaner. In hom het die ankers van *ware Afrikanerskap* begin vervaag. In sy sterkste vorm het dit die *fatalis-Afrikaner* na vore laat tree wat meen dat daar niks meer aan die situasie gedoen kan word nie. Daar moet weggedoen word met die *eksklusiewe* aard van die Afrikaner en daar moet eerder gestreef word na *'n groter Suid-Afrikanisme* waarin die belange van *groepe* voorrang geniet. Enige sprake van 'n *eie territorium* vir die Afrikanervolk word as onwerkbaar verwerp en selfs met vyandigheid bejeën as sou dit die vrede in die land bedreig. As die skrywer dus deurgaans in hierdie verhandeling praat van **dié** Afrikaner, dan dui dit onteenseglik op dié Afrikaner wat nog die mistieke, dog *werklike dryfkrag* ervaar van **ware Afrikanerskap** en alles wat daarmee gepaard gaan. By geleentheid het die Nederlandse staatsman en filosoof, Abraham Kuyper gesê: *"In elke volk werk 'n middelpuntsoekende krag wat die onderskeid tussen die volke en die verskil tussen die nasies skerp afteken. Dit laat binne en buite die grense die besef posvat dat mense hier en daarbuite iets anders bedoel, iets anders voel, iets anders is. En juis deur hierdie konsentrasie van die nasionale lewensbestaan op sy onderskeidende kenmerk word 'n dieper ingrawende karaktervorming bevorder wat eers dan ontwaak as die bewussyn van 'n eie lewenstaak, 'n eie roeping, en 'n eie*

*doelwit te hê, in die volksgewete ontwaak. Nie nabootsing van die vreemde nie, maar oorspronklik wees, jouself wees en dus anders as ander wees, is die rigsnoer van daardie strewe."*[2] 'n Volk, en in besonder die Afrikanervolk, is 'n verskynsel van die lewe, met **'n eie bewussyn, uniek, eiesoortig en blywend.**

Soos die subhoof by hierdie punt aandui, sal veel van die inhoud van hierdie verhandeling vanuit *hipotetiese* uitgangspunt aangebied word in die sin dat die gesprek gaan rondom *die volkstaat as alternatief vir die herstrukturering van die toekomstige Suid-Afrika.* Dit bly vir die volkstaat-gerigte Afrikaner 'n *ideaal* om tot verwesenliking te voer. In Suid-Afrika het Swart volke die reg om van selfregerende status tot *volle* onafhanklikheid te beweeg. Hoekom sou die Afrikanervolk hipoteties 'n *uitsondering* op die reël wees? Europa is deur die eeue heen in afsonderlike volke uitgesif en dit het samewerking en *vredevolle naasbestaan* met ander volke van die wêreld sinvol gemaak. **Goeie grense het goeie bure gemaak!** By geleentheid sê mev. Margaret Thatcher, tans Eerste Minister van Groot-Brittanje, die volgende: *"Certainly, we want to see Europe more united and with a greater sense of purpose. But it must be in a way which preserves the different nations, parliamentary powers and sense of national pride in one's country; for these have been the source of Europe's vitality through the centuries."*[3]

Noodwendig sal daar in gesprekke oor 'n volkstaat veel oor grense gepraat word. Omdat daar vir die huidige nog geen wesenlike vordering gemaak is nie, sal daar dus uit die skrywer se oogpunt na bepaalde *hipotetiese* oogmerke van begrensing gekyk word. Per slot van sake is dit juis die *geografiese ligging* van die Afrikanervolkstaat wat die hewigste reaksie uitlok. Dit sou dus op hierdie stadium voorbarig wees om grense voor te stel. Derhalwe voer die skrywer die gesprek vanuit bepaalde *beginsels* wat vir volkstate in die algemeen en in besonder vir die Afrikanervolk geld. Die kritici van die volkstaatgedagte sê maklik: Dit is nie prakties nie. Die feit van die saak is egter dat as die Afrikanervoorgeslagte net *dit* moes doen wat prakties moontlik was en géén toekomsideaal gehad het nie, waar sou die Afrikanervolk vandag gewees het? Die belangrike is nie dit wat prakties moontlik is nie, maar wel: **Wat is die beginsel?** As die beginsel suiwer is dan kan die beginsel die sogenaamde onpraktiese moontlik maak. Die skrywer is van mening dat daar genoegsaam in die verhandeling aangetoon sal word dat die ideaal van 'n Afri-

2. A. Kuyper, soos aangehaal in Treurnicht, A.P., *Credo van 'n Afrikaner*, p. 2.

3. Kyk toespraak te Bruges, België op 20 September 1988, soos aangehaal in Patriot, 11 November 1988, p. 10.

kanervolkstaat nie alleen 'n **beginsel** is nie, dog ook 'n **ideaal** wat in die **praktyk** effektief sy neerslag kan vind. Die volkstaat-gerigte Afrikaner vra net om *iewers* te begin, om sodoende sy ideaal van 'n *vrye, onafhanklike Afrikanervolk* in sy *eie vaderland* tot volle verwesenliking te laat kom. Tereg wys **Kerk en Samelewing,** beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk, daarop, dat die bestaan en die verskeidenheid van volke as sodanig, *"nie positief aangeprys of negatief beoordeel word nie, maar aanvaar as deel van die gegewe werklikheid."* Om die volkseie te handhaaf of nie word bepaal deur 'n volk se **erns** om sy kulturele waardes te behou. Derhalwe stel die beleidstuk ook die, *"goeie reg van liefde vir die eie volk"*, en sê: *"Dit lei noodwendig tot liefde, trots en waardering vir die eie geskiedenis, kulturele waardes, gebruike, taal en simbole."*[4] Du Preez skryf dan ook tereg: *"... om die natuurlike genadegawe van God aan jou eie volk te aanvaar, te waardeer en te beskerm, is deel van die mens se dankbaarheid teenoor jou Skepper."*[5]

## 3. DOELSTELLINGS

In die **eerste** plek is die *onmiddellike* doel met hierdie verhandeling om die feitelike situasie te hanteer, veral gesien vanuit die gesigspunt van die *volkstaat-gerigte Afrikaner.* Daar word gepoog om sover moontlik alle fasette te behandel wat ter sprake is, dog die skrywer maak om voor die handliggende redes, nie aanspraak op volledigheid nie en gaan derhalwe nie in gelyke mate alle aspekte ewewigtig hanteer nie. Daarvoor is die onderwerp onder bespreking te oop en te wyd. Wetenskaplike inslag kom ook nog op vele van die aspekte kort omdat daar nog nie 'n omvattende *empiriese* ondersoek geloods is wat die hele terrein dek nie. Van die aspekte rakende die volkstaat is weldeeglik al deur navorsers van die **Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede** ondersoek en daar kan verwag word dat meer en meer inligting beskikbaar sal kom soos die tyd vorder. Politieke woelinge in en om Suid-Afrika maak ook vordering met hierdie studieveld baie moeilik. Die voordeel wat egter uit hierdie politieke woelinge spruit is dat mense gouer tot vaste oortuigings kom wat hulle van die toekoms verwag. Die *aktualiteit* van hierdie onderwerp word meer en meer op die spits gedryf.

In die **tweede** plek word as *verwyderde* doelstelling beoog om ook die aandag te vestig op die *betekenis* van 'n eie tuiste vir die Afrikaner, nou en in die afsienbare toekoms. Dit is 'n toekoms wat berus in die hande van die

4. Kyk *Kerk en Samelewing*: 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk, pp. 5-51.

5. Du Preez, A.B., *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop van Suid-Afrika*, p. 91.

Skepper-God wat beslis oor die lotgevalle van volkere en nasies. Dit wat nou as stryd ervaar word deur die Afrikaner het beslissende gevolge vir die dag van more. Uit *ervaring* weet die Afrikaner al dat geen ideaal verwesenlik kan word sonder dat daar vir so 'n ideaal *gestry* word nie.

Die verhandeling het dus ten doel om 'n beskeie bydrae te lewer om Afrikaners weer *bewus* te maak van hierdie toekomsideaal. Dit is 'n ideaal wat in die *verlede* wortel en wat *nou* tot brandpunt gevoer word om sodoende beslag te gee aan die *toekoms*. Die beslissings van nou *kan en mag* nie oorgelaat word aan die volgende geslag om die wa deur die drif te trek nie. Dit sou skryende onverantwoordelikheid wees!

Sover dit die skrywer se kennis strek, het hierdie tema nog nie besondere aandag op akademiese vlak ontvang nie.

## 4. INDELING VAN STUDIE

Hierdie studie word onder die volgende hoofpunte ingedeel:

*HOOFSTUK 1*: ORIëNTERENDE TAAKSTELLING

*HOOFSTUK 2*: 'N POLITIKOLOGIESE IDEE VAN DIE STAAT MET BESONDERE VERWYSING NA DIE NASIONALE STAAT EN (STAATS-) NASIONALISME:

Hierdie hoofstuk hanteer 'n **politikologiese** beskouing van die staat met besondere verwysing na die **nasionale staat**. Staatsvorming kom aan die orde met 'n beskouing van die mens as *historiese* maghebber. Met 'n uiteensetting van die **Christelike struktuurleer** van die soewereine staat, word beweeg na die hele idee van **nasionalisme**, met **Afrikanernasionalisme** as uiting van ware **volksnasionalisme**. Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van Afrikanernasionalisme word bespreek veral soos gemanifesteer in **volkstipiese** state soos onder andere Graaff-Reinet, Swellendam, Natalia, Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

*HOOFSTUK 3*: SUID-AFRIKA VANUIT VOLKEKUNDIGE- EN RASSE-OOGPUNT GESIEN:

Hierdie hoofstuk hanteer die vraag na begrippe soos **etnisiteit**, **ras**, **volk**, **nasie**, **veelvolkigheid** en **selfbeskikking**.

*HOOFSTUK 4*: RUIMTELIKE ORDENING IN SUID-AFRIKA: 'N WESENLIKE VRAAGSTUK:

Waar *ruimtelike ordening* die wesenlike vraag van die dag is, word *gebiedskeiding* as oplossing aangebied, en word die *historiese besettingspraktyke* van die verlede in oënskou geneem. Tipiese skeidingsmaatreëls soos onder andere **partisie,** word bespreek. Dit geskied veral aan die hand van die **Konserwatiewe Party** en die **Nasionale Party** se beskouinge in hierdie verband. In lyn daarmee kom die begrip **volkstaat** na vore en word die standpunte van die voorstanders daarvan bespreek.

*HOOFSTUK 5*: WAAROM 'N AFRIKANERVOLKSTAAT?:

In hierdie hoofstuk word die **morele** reg van die Afrikaner op sy **eie gebied** onder bespreking geneem. Voorts word daar dan gekyk na die moontlike **begrensing** van so 'n staat en die verskillende voorstelle in hierdie verband. Die skrywer self neem op hierdie stadium geen besondere standpunt in ten opsigte van bepaalde grense nie.

*HOOFSTUK 6*: IMPLIKASIES VAN DIE AFRIKANERVOLKSTAAT OP DIE BREë TERREIN:

Die implikasies van die Afrikanervolkstaat op die breë terrein van die volkslewe word bespreek soos implikasies vir die **kulturele** lewe, die **taal**, die **onderwys en opvoeding,** die **ekonomiese** lewe en die algemene **politieke** lewe, veral die **staatkunde.**

*HOOFSTUK 7*: 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF:

Die Afrikaner, en in hierdie opsig die volkstaat-gerigte Afrikaner, het *vaste standpunte* oor sy bestaan en die toekoms wat hy vir homself visualiseer. Hy doen dit aan aan die hand van onveranderlike **beginsels**, dit wil sê beginsels wat wortel in die Afrikaner se wete dat hy steeds 'n *taak* het om in hierdie land te vervul. Onder die leidende hand van die **Skepper** van volkere en nasies, is die Afrikaner ook in 'n sekere sin *medeskepper* van sy toekoms. Soos in die verlede is die Afrikaner by magte om *vorm* en *rigting* daaraan te gee. Dit vra van die Afrikaner om tot **daadaksie** oor te gaan om sy ideaal te verwesenlik -- 'n ideaal wat in talle Afrikaners se harte brand. Dit sal beteken *offer en stryd*, want die Afrikaner sal in 'n groot mate *arbeid-selfstandig*

en *polities-selfstandig* moet word. 'n Volk se *ideaal* gaan nooit verby nie: **Dit word vervul!**

*HOOFSTUK 8*: SLOTBESKOUING

**5. NAVORSINGSMETODE**

Die metode wat die skrywer in sy navorsing gebruik het is 'n koppeling van literatuurstudie, waarin 'n deeglike analise gedoen is uit die beskikbare bronne, asook kontemporêre geskrifte, referate, artikels en persoonlike gesprekke in verband met hierdie tema. Die inhoud van die verhandeling is uit die aard van die saak baie *teoreties* en ook *hipoteties* van aard. Oor die *praktiese* uitvoering van die ideaal van 'n Afrikanervolkstaat is daar nog vele navorsing om te doen.

# HOOFSTUK 2

# 'N POLITIKOLOGIESE IDEE VAN DIE STAAT MET BESONDERE VERWYSING NA DIE NASIONALE STAAT EN (STAATS-) NASIONALISME

## 1. WAT IS 'N STAAT?

### *1.1 INLEIDING.*

Die moderne staatkunde is 'n komplekse verskynsel in ons samelewing en dit lê op die terrein van die *politieke wetenskap* om deeglik daaroor te besin. Dit is egter nie ons doel om volledig daaroor te handel nie, dog slegs om die *fundamentele* aspekte daarvan aan te raak omdat dit as verskynsel ook in *volkstate* na vore kom. Die idee van volkstate speel 'n belangrike rol in die politieke debat van die dag en vir 'n beduidende groep Afrikaners is dit die klaarblyklike oplossing vir die *konstitusionele* vraagstuk in Suid-Afrika. Hierdie studie is 'n poging om 'n bydrae tot hierdie debat te lewer.

'n Ander belangrike oogmerk met hierdie studie is om die onderwerp vanuit 'n **Christelik-reformatoriese** hoek te benader. Per slot van sake, om oor die staat te besin is om oor 'n besondere aspek binne die *geskape werklikheid* te besin. Die vrug van ons Christelike beskawingsroeping is juis daarin geleë dat daar onder leiding van die *Christelike religieuse grondmotief* 'n ryke verskeidenheid gedifferensieerde samelewingsverbande gegee is soos onder andere die **gesin**, die **kerk**, die **skool** en derhalwe ook die **staat**. Elke samelewingsverband het sy eie gesagstruktuur met 'n eie taak, en daaraan moet uitvoering gegee word ooreenkomstig sy eie tipiese struktuurnorme. De Vos skryf: "*Die aard van 'n verband bepaal dus ook die karakter van sy besondere gesagstruktuur*."[1] Dit geskied in totale norm-gehoorsaamheid aan God wat daardie besondere gesag aan die mens verleen. "*Dit bly egter altyd relatiewe*

1. De Vos, J, *Die ontsluitende taak van Bybelonderrig met besondere verwysing na die religieuse gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine*, p. 242.

*gesag met verantwoordelikheid by God, die absolute Gesaggewer.*"[2] Teen dié agtergrond word gestel dat die staat en derhalwe ook die owerheid deur God georden is tot behoud van die in-sonde-gevalle mens. Venter skryf: "*Die owerheid is geroepe om die deurwerking van die sonde te stuit, en hiervoor is hy in die staatstruktuur volkome toegerus.*"[3] Ook Kuyper skryf: "... *sin alone has necessitated the institution of government.*"[4] Die staat, as 'n bepaalde samelewingsverband, is dus 'n *normatiewe* gegewe van God en is onontbeerlik vir die korrekte funksionering van die tussenstaatlike omgangsverkeer.

Die staat het sy eie bevoegdheidsgrense op die grondslag van 'n eie andersoortige fundering in die historiese swaardmag met sy bestemmingsfunksie in die juridiese oppergesag. Wessels skryf: "*Die taakstellende funksie van die staatsowerheid is, in die eerste plek, 'n gerigtheid om vergestalting te vind ten opsigte van sy eiesoortige karakter en individualiteitsnorme, dit wil sê om die monopolie op die swaardmag en die juridiese oppergesag te verkry. In die tweede plek is daar die noodsaaklikheid om sy eie territorium teenoor ander eiesoortige entiteite geografies af te baken as die grense van sy swaardmag en juridiese geldingsgebied.*"[5]

Uitgaande dus van die *Christelike struktuurleer* vir die verskillende lewensvorme, word vervolgens kortliks aandag gegee aan die historiese ontplooiing van **eerstens**, die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband, met as grondslag dat die staat die monopolistiese organisasie van die swaardmag op 'n bepaalde, begrensde territorium is, en **tweedens** sal daar aandag gegee word aan die nasionale staat as 'n geïndividualiseerde lewens-

---

2. *Ibid.*

3. Venter, E.A., *Die Gelowige in die Samelewing*, p. 45.

4. Kuyper, A., *Lectures on Calvinism*, p. 82. Wat bogenoemde stellings betref wys Spier daarop dat om te sê dat die staat slegs om die sonde ontwil bestaan, sou beteken dat daar in 'n sondelose samelewing nie 'n staatslewe kan bestaan nie. Hy skryf: "Ek is van mening dat so 'n opvatting spekulatief is en nie met voldoende grond gehandhaaf kan word nie. Nee, ons moet onthou dat in al ons samelewingsvorme met die feit van die sonde rekening gehou moet word omdat die hele menslike lewe van ongeregtigheid deurtrokke is. 'n Sondelose mensewêreld sou dieselfde samelewingstrukture hê, maar al hierdie gemeenskappe en verbande sou dan slegs positief fungeer." Kyk Spier, J.M., *Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte*, p. 94.

5. Wessels, D.P., "Die internasionale statestruktuur", in Barnard, L.D. (red.): *Konflik en Orde in Internasionale Verhoudinge*, p. 22. Kyk ook Spier, J.M., *op.cit.*, pp. 93-94.

vorm met sy eie geografiese grense wat ook sy juridiese geldingsgebied aandui.

## *1.2 STAATSVORMING*

### *1.2.1 Die mens as historiese maghebber.*

Soos reeds in die inleiding vermeld het die staat die taak om te heers en te waak oor die veelheid van regsbelange wat deur 'n gemeenskap van mense daargestel word. As kroon van Sy skepping het God die mens met besondere gawes toegerus en met heersende verantwoordelikhede beklee. Dit word saamgevat in die kultuur-opdrag: "*Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit, heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat oor die aarde kruip.*" (Gen. 1:28 - NV) Verder het God ook die mens , "*in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.*" (Gen. 2:15). Dus, deur sy beheersende vormingsarbeid is die mens 'n historiese maghebber -- 'n bouer van kultuur en beskawingsmag soos onder meer geopenbaar in sy taalmag, ekonomiese mag, geloofsmag, swaardmag, ens. So ontplooi ook alle samelewingsinstellings histories deur menslike positiveringsarbeid. Slegs die mens as skepsel van God Drie-enig is geroepe om so op te tree. Dit gee aan die mens 'n *normatiewe* keusevryheid met *verantwoordelikheid* teenoor God. Die mens kan deur sy vormingsarbeid die skepping progressief ontwikkel en ontsluit. Hiervan is die staatkunde 'n tipiese voorbeeld van ontwikkeling en verfyning.

Die mens is sedert die skepping onvermydelik onderworpe aan 'n proses van *beskawingsontwikkeling.* Daar is diegene soos Oswald Spengler (1880-1936), wat hierdie geskiedkundig-kulturele verskynsel in die lig van 'n deterministiese wetmatigheid van die stoflike natuur wil vertolk. In sy **Untergang des Abendlandes** (1924), kom hy tot die slotsom dat elke kultuur van die verlede steeds met onverbiddelike noodwendigheid vier opeenlopende fases deurloop het, naamlik sy *geboorte*, sy *kragsontplooiing*, sy *aftakeling* en sy *dood*. Die biologiese wet van geboorte, groei en dood in die natuur is ook geldig op die kultuurterrein.[6] In teenstelling hiermee is ons van mening dat daar eerder na die mens en sy onlosmaaklike verband tussen religie en beskawingsontwikkeling gekyk moet word. Die *religieuse* koers van 'n volk of gemeenskap, en nie 'n fatalistiese siening soos die van Spengler nie,

6. Venter, E.A., *Wysgerige Temas*, p. 26. Kyk ook pp. 52-53.

sal die aard, karakter en voortbestaan van 'n beskawing bepaal. Dit is so dat 'n oorheersende natuurreligie bepaald die hoedanighede van 'n ongedifferensieerde samelewing sal vertoon. Die Westerse beskawing met sy eie aard, gewortel in die *Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur ons Here Jesus Christus*, vertoon 'n gedifferensieerdheid wat radikaal en integraal 'n nuwe en anderse beskawingsvorm vertoon, veral as dit gestel word teenoor die vals-religieuse grondmotiewe soos:

a) die **vorm-materiemotief** van die Griekse oudheid wat deur Kock as suiwer *paganisties* van aard beskou is en wat die Christelike era voorafgegaaan het. Dit ken derhalwe die oorsprong van dinge nie.[7]

b) die **skolastiese grondmotief** van natuur en genade wat gepoog het om 'n sintese tussen die Grieks-heidense en Skriftuurlike religieuse grondmotief te bewerkstellig (ook die *akkommodasie-motief* genoem). Die skolastiese motief ontneem dus die Skriftuurlike motief sy radikale sowel as integrale karakter. Schoeman skryf: "*Want as gevolg van die dialektiese verskeurdheid van die mens, kan hier nooit gevorder word tot die grondwaarheid dat dit sowel die logiese (rede) as die pistiese (geloof) uitgange van die mens is wat in die laaste instansie deur die religie wat op die hart beslag lê, gelei word nie*."[8]

c) die **moderne humanistiese grondmotief** van natuur en vryheid. Kalsbeek sê dat hierdie grondmotief, "*gekenmerkt wordt door de drift van de zich autonoom wanende, vrije mens om de (naar men onderstelde) geheel gedetermineerde gang van zaken in de natuur te leren doorzien en daardoor te kunnen beheersen*."[9] Hierdie grondmotief van natuur en vryheid trag dus om al drie die vorige (insluitende die Christelike) "*tot een op de waande der menselijke persoonlijkheid geconcentreerde religieuze zynthese te bring*," aldus Dooyeweerd.[10] Dit kan dus wesenlik beskou word as die *verdraaiing* van die Christelike religieuse grondmotief.

In die mens se aanvaarde onderworpenheid aan Christelike beskawingsnorme sal slegs die **Christelike religie** hom dus kan lei tot 'n gedifferensieerde samelewingsorde waar elke lewensuitgang en elke

7. Kock, P. de B., *Inleiding tot die Christelike Wysbegeerte (1), Grondslae*, p. 48.
8. Schoeman, P.G., *Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie*, p. 28.
9. Kalsbeek, L., *De Wijsbegeerte der Wetsidee*, p. 57.
10. Dooyeweerd, H., *Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeskiedenis*, p. 15.

lewensvorm soos taal, die huwelik, die gesin, die skool, die kerk en ja, ook die staat, beskawingsmondig en selfstandig in die diens van God staan. Elke lewensvorm word hier *volledig* vir God opgeëis. *Burgervryheid* en *politieke medeseggenskap* is tipiese vrugte van 'n beskawing wat onder die beheersing van die *Christelike religie* tot stand gekom het. Strauss meet beskawingsontwikkeling aan die "*genade-wasdom wat die Here, sonder enige sondaarsverdienste, aan ons skenk.*" "*Daarom,*" sê Strauss, "*is beskawingshoogtes alleen daar te vind waar die brose mens laag in die stof voor sy Skepper buig, en beskawingskrag alleen daar waar Hy ons sterkte is.*"[11]

*1.2.2 Die Christelike struktuurleer betreffende die staat.*

In 'n bespreking oor staatsvorming moet ons dit duidelik stel dat uitgaande van die Christelike struktuurleer, die *méns* nie die normatiewe struktuur van die staat ontwerp het nie. Soos Strauss dit stel, is hierdie "*normatiewe bouplan*" nie in die mens ingelê of ingeskape nie. Derhalwe kom dit nie as vanself uit die mens voort nie maar, "*is as deel van die wet aan die mens voorgeskryf en hy is geroepe om hom aan hierdie staatlike struktuurnorme in gehoorsaamheid te onderwerp.*"[12] Die mens kan immers nie selfwetgewer wees nie omdat hy wetsonderdaan is.

Alhoewel die ontstaan van die staat onderhewig is aan menslike aktiwiteit, is die normatiewe struktuur altyd konstant. Die staat is, soos reeds gestel, deur **God, die groot Struktuurgewer**, ingestel tot behoud van die mens wat in sonde geval het. Hiermee is die staatstaak dan ook gegee naamlik dat, "*die owerheid geroepe is om die deurwerking van die sonde te stuit. Hiervoor is die staatstruktuur volkome toegerus.*"[13] God stel die strukture en gesagsgrense vir elke samelewingsvorm daar en **normeer** dit.

As 'n bepaalde samelewingsverband vertoon die staat 'n **permanente gesagstruktuur** sowel as 'n **solidêre eenheidskarakter.**[14] Dit is 'n permanente gesagstruktuur omdat die staat se gesag ononderbroke vir sy onderdane geld. Sy solidêre eenheidskarakter laat weer dieselfde staat voortbestaan, die wisseling van persone in die onderskeie ampte ten spyt. In terme van sy oorsprong en ontstaan is die staat na sy wetsy en subjeksy te

11. Strauss, H.J., *Diktaat*, Staatsleer III, UOVS, 1969, p. 4.
12. Strauss, H.J., *Diktaat*, Staatsleer I, UOVS, 1969, p. 13.
13. Venter, E.A., *Die Gelowige in die Samelewing*, p. 45.
14. Strauss, H.J., *Diktaat*, Staatsleer I, UOVS, 1969, p. 16.

onderskei.[15] Na sy wetsy, dit wil sê na sy staatstruktuur soos wat dit normatief gegee is in die Wet van God, is die staat buite die mens 'n **onveranderlike konstante** gegewe waaraan die mens van alle tye onderworpe is, bewus of onbewus. Na sy subjeksy is die staat die resultaat van die mens se *konkretisering* van die staat na die *wetsy*. Die staat na die wetsy is dus die *konstante* gegewe en die staat na die subjeksy is die *variante* daarvan omdat die mens in sy aktiveringswerk 'n *normatief vrye keuse* het.

Soos reeds uit voorgaande af te lei, is *reg en geregtigheid* die *leidende* funksie van die staat. Dit kwalifiseer die staat tot 'n allesoorkoepelende **regsverband** en nie tot 'n allesoorheersende **totaalverband** in universalistiese sin nie.[16] In onderskeiding van alle ander lewensinstellings het die staat sy kwalifiserende funksie in die **juridiese** oppergesag as regsvormer en regshandhawer. Dit is bekend dat die *"grondwet"* van die juridiese wetskring **vergelding** is. Derhalwe vind die staat sy fundering in die **historiese swaardmag**, dit wil sê histories gevormde fisieke krag of ook wapenmag. Daarom het die heersende owerheid in beginsel die monopolie oor die swaardmagorganisasies op sy eie territorium soos die polisie en die weermag. Die staat moet dus regeer in belang van die reg- en belanghebbendes onder sy jurisdiksiesfeer en as handhawer van die *Christelike beskawing*. Daarvoor is die staat tot *gehoorsaamheid aan God* geroepe. Volgens Barber het die staat dan ook die volgende eienskappe: Dit beslaan 'n bepaalde *afgebakende gebied*; dit het *vaste grense*; die regering van daardie staat eis *soewereiniteit*; sy soewereiniteit word deur die *internasionale gemeenskap erken*; en, laastens, daar bestaan *regeringsmeganismes* beman deur die amptenary van die staat.[17]

Die staat as *swaardmagdraer* is dus in werklikheid gemoeid met *alle* fasette van die samelewing. Dit behoort so te wees want 'n *neutrale staatsverband* is 'n anomalie wat betref Christelike betrokkenheid in alle verbande. Tog is daar ook bepaalde grense wat 'n staat nie mag oorsteek nie. Synde die gesagsdraer moet die staat die groot belangeverskeidenheid *juridies* saamsnoer. Elke samelewingsverband is egter *soewerein-in-eie-kring*, en dit moet deur die staatsgesag eerbiedig word. Die staat is byvoorbeeld nie geroepe of bevoeg om die burgery *godsdienstig* te organiseer nie. Dit is die kerk se taak. Elke onderskeie samelewingsverband besit 'n eie besondere regstruktuur soos byvoorbeeld die *kerkreg*, die *gesinsreg*, die *bedryfsreg*. Die

---

15. *Ibid.*

16. *Ibid.*, p. 16.

17. Barber, J., *Is there a South African nation?*, p. 1.

staat moet dus in ewewig oor die veelheid van gemeenskapsbelange heers onder leiding van bepaalde *Christelike* lewensbeginsels.

## 2. DIE SOEWEREINE NASIONALE STAAT -- 'N ONTWIKKELING VAN DIE STAATSPRAKTYK

Voortvloeiend uit die voorafgaande bespreking oor die wese van die staat en sy plek in die samelewing, word die gedagtes verplaas na die ontwikkeling van die soewereine nasionale staat. Joseph Strayer wys daarop dat aan die begin van die dertiende eeu, *"it was evident that the dominant political form in Western Europe was going to be the sovereign state."*[18] Vir die doeleindes hiervan kan die term **staat** dan ook gedefinieer word as, " *'n politieke samelewing waarvan die lede 'n bepaalde grondgebied bewoon, met 'n georganiseerde regering wat interne sowel as eksterne soewereiniteit besit. Die erkenning van 'n staat se onafhanklikheid of soewereiniteit deur ander state, maak dit vir so 'n staat moontlik om internasionale betrekkinge aan te gaan."*[19] Verloren van Themaat wys daarop dat die woord staat nie altyd in dieselfde sin gebruik kan word nie en dat verskillende betekenisse onderskei kan word. Daar kan baie maklik verwarring ontstaan aangaande die betekenis. Hyself omskryf die staat, *"as 'n regspersoon bestaande uit gemeenskap van mense wat op 'n bepaalde grondgebied onder 'n bepaalde gesag en volgens gemeenskaplike regsreëls lewe."*[20]

Die totstandkoming van die nasionale staat tree na vore veral na die sluit van die **Verdrag van Vrede van Wesfale** in 1648. Die oorsprong van state en state-sisteme dateer egter reeds uit die antieke tydperk, dit wil sê ongeveer seweduisend jaar gelede. Die vroegste vorme van statery waarvan daar gegewens beskikbaar is, is die stadstate in die valleie van die Tigris- en die Eufraatriviere teen ongeveer 5000 v.C.[21] Soortgelyke stadstate het ontwikkel in die Nylvallei, by die Assiriërs, die Babiloniërs en die Meders. Later van tyd word dit ook gevind in Peru (die Inkas), China en Mongolië.[22]

---

18. Strayer, J., soos aangehaal in Tilly, C., (ed.), *The Formation of National States in Western Europe*, p. 25. Harris skryf ook: "The term 'nation state' has become quite commonly used, particularly by historians, to describe how, in Europe, states and nations have tended to become one." Kyk Harris, P.B., *Foundations of Political Science*, p. 278.

19. *Studiemateriaal*, Departement Staatsleer, UOVS, 1987, p. 32.

20. Kyk Verloren van Themaat, J.P., *Staatsreg*, pp. 3-4.

21. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 23.

22. *Ibid.*

Dit was veral die bydrae van die Griekse[23] (ongeveer 1500 v.C.) en Romeinse stadstate wat 'n merkwaardige bydrae gelewer het. Elkeen was verantwoordelik vir sy interne sowel as eksterne sake, dog innerlike verdeeldheid onder die Grieke het meegebring dat die beginsel van eenheid en vrede nooit gestabiliseer kon word nie.[24]

Die Romeine weer het met hul **Pax Romana** (veral onder Keiser Augustus)[25] die stadstaat 'n werkbare instrument van voorspoed en vrede gemaak. As stadstaat het Rome uit die aanvanklike patriargale stelsel ontwikkel en kan as die grondlegger van die moderne *nasie-staat* gesien word. Die Romein was egter hebsugtig met 'n minagting vir minderes. Die Romein se strewe na oorheersing het ook in hul "*internasionale*" verhoudinge na vore getree. Dit het sy hoogtepunt bereik in ongeveer 476 n.C. Waddy skryf: "*Rome was an experiment in world government ... their 'urbs' (stadstate) was being turned into 'orbis' (wêreldstaat).*"[26] Die Romeinse Ryk het ontwikkel in talle vorme van politieke eenhede. As gevolg van sy enorme grootte was dit onvermydelik dat hy 'n groot verskeidenheid van mense en groepe sou huisves. Ironies genoeg was sy uitgestrektheid die oorsaak dat talle groepe ongehinderd en homogeen in hul eie sosiale omgewing kon bly voortbestaan. Gewoonlik het dit langs etniese riglyne geskied. Hieroor skryf Hall: "*In general, there was a direct relationship between the location of the imperial center and its ability or will, to dominate effectively each ethnic group within its domain: the further away from the centre of control an ethnic group lived, the more likely it was to maintain its pre-imperial mode of existence.*"[27] Dit was ook makliker vir hierdie groepe wat so ver van die regeringsetel af geleë was, om alliansies te vorm. Op sigself was dit 'n groot gevaar vir die "*sentrale*" regering. Die magtige Romeinse Ryk het begin verbrokkel.

---

23. Held skryf: "The development of democracy in Athens has formed a central source of inspiration for modern political thought. Its political ideas – equality among citizens, liberty, respect for law and justice – have shaped political thinking in the West through the ages ..." Kyk Held, D., *Models of Democracy*, pp. 15-16. Ook Maine beweer: "... everything in modern civilization originated in Ancient Greece." Maine, soos aangehaal in Schleicher, C.P., *Introduction to International Relations*, p. 43.

24. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 25.

25. Die woord "**pax**" beteken "**vrede**". **Pax Romana** dui dus op, "the peace which reigned between nationalities within the Roman Empire." Kyk *The Oxford English Dictionary*, p. 576.

26. Waddy, L., soos aangehaal in Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 26.

27. Hall, R.L., (ed.), *Ethnic Autonomy -- Comparative dynamics*, p. xviii.

Uit die verbrokkeling van die Romeinse Ryk het die feodale staat ontstaan. Die feodalisme was 'n losse samestelling van gebiede wat nominaal onder die gesag van die koning gestaan het, maar wat elkeen afsonderlik deur 'n hertog of graaf bestuur is. So 'n hertog of graaf het hom dikwels min aan die koning gesteur. Oor feodalisme skryf Snyder: "*Feudalism appeared as a transitional stage, not realy as substitute for strong centralized government, but as a kind of stopgap government, until a more effective political system could be developed.*"[28]

'n Belangrike faset van die feodale hertogdomme was dat hulle bewoon was deur mense van dieselfde taal, kultuur, godsdiens en gebruike. Scholtz kom tot die slotsom dat, "*terwyl die feodale staat middelpuntvlietende kragte in die hand gewerk het, het die taal, kultuur en godsdiens weer die middelpuntsoekende kragte aangewakker. En hulle sou op die duur die deurslag gee. Dit het gelei tot die nasionale staat wat hoofsaaklik 'n enkele volk met 'n eie taal en kultuur omvat het.*"[29] In die skepping van nasionale state het, interessant genoeg, die koning meesal die leidende rol gespeel.

Dit is tog belanrik om op hierdie stadium te let op die geweldige rol wat die **Hervorming** gespeel het in die groei en ontwikkeling van nasionale state. Die Hervorming het veel bygedra tot die geestelike groei en vryheidsin by talle Europese volke. Uit hierdie bodem sou die moderne nasionale staat ontkiem.

Die Hervorming was 'n sterk reaksie op die Pous se mag in beide kerk en staat. In weerwil van die feodale staatsverbrokkeling het die idee aangaande 'n wêreldryk bly voortleef in die Roomse kerk.[30] Dit was veral onder die doktrinêre eenheidsgedagte van die Christendom dat die "*Bybelse*" beginsel aanvaar is dat die verskillende state 'n volstrekte geslote eenheid moes vorm. Van Karel die Grote (800 n.C.) tot ongeveer 1300 n.C. het die kerk en die Christene algemeen aanvaar dat die héle wêreld één Christelike wêreldryk moes vorm. God sou aan die Christendom die heerskappy oor die hele wêreld toeken. Eén Ryk, Eén God en derhalwe ook Eén aardse vors. Teen die einde van die twaalfde eeu beklee die Middeleeuse kerk dan ook die status van 'n groot internasionale en supra-nasionale ryk onder die

28. Snyder, L., *The Making of Modern Man*, p. 47.
29. Scholtz, G.D., *Afrikaner, Waarheen?*, p. 13.
30. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 27.

pouslike leierskap.[31] Hieruit het 'n onverdraagsaamheid gevloei teenoor enigiets wat in stryd was met die leerstellinge van die Roomse kerk.

Sedert die begin van die dertiende eeu het die mag van die Pous egter begin afneem. Wessels wys daarop dat daar een dryfveer was wat die kerk nie kon teëwerk nie en dit was die opkoms van die *nasionale* staat en die *nasionale bewussyn*.[32] Ook sou daar 'n nasionale monargie na vore kom. Soewereine heersers en maghebbers sou in verskillende state in Europa aan bewind kom. Teen die vyftiende eeu het verskillende state in Wes-Europa uitgekristaliseer, state wat tot vandag nog dieselfde name dra en ruweg nog feitlik dieselfde geografiese gebied beslaan. Dit sluit in state soos Engeland, Frankryk, Portugal en Spanje.[33]

Dit was in hierdie klimaat dat die Hervorming van die sestiende eeu omvattend daartoe bygedra het dat die geestelike sterkte van sommige Europese volke baie verhoog is. Dit was veral die filosofie asook die politieke bewuswording wat sterk opgeleef het. Veral die staatsideë van die vroeë Grieke en Romeine het die grondslag gelê waarop die Westerse kultuur en beskawing gebou kon word. Scholtz verwys na Rougemont wat sê dat die Westerse mens geestelik diep deur die gebeure tydens die Hervorming geraak is. De Rougemont het veral drie aspekte onderskei, naamlik die mens se sin vir *objektiewe waarheid*, sy sin vir *persoonlike verantwoordelikheid*, en laastens, sy sin vir *vryheid*.[34] Dit was in hierdie opsig veral die Calvinisme wat by die Westerling die besef laat ontstaan het dat die mens self vir sy handelinge teenoor God moet rekenskap gee.

Die Hervorming het 'n groot bydrae gelewer om die beginsel van *vryheid* te verseker. Dit moes noodwendig 'n geweldige invloed uitoefen op die politieke vryheidsdrang by die Westerse mens. Die mens se beskouing oor *staat* en *staatsreg* het snel gevorder. Die Protestante sou dit wêreldwyd uitdra. Die staatkunde was nie meer 'n terrein wat vermy moes word nie. Inderwaar-

---

31. *Ibid.*

32. *Ibid.*, p. 28. Harris skryf ook: "At the time of the European Renaissance rulers were beginning to assert their independence of the Church and the Holy Roman Empire and to set up national regional and separate political units. The power of sovereignty within these nation states lay with the prince or ruler." Kyk Harris, P.B., *op.cit.*, p. 278.

33. Kyk Schleicher, C.P., *op.cit.*, pp. 49-52.

34. De Rougemont, D., *Karakter en Kultuur van Europa*, soos aangehaal in Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 11.

heid moes die gelowige daarna streef om die staatkunde na die wil en eer van God te vorm. Hierdie beskouing is ook deur die Geus en Hugenoot na Suid-Afrika gebring, en Van Schoor en Van Rooyen merk op dat, *"ook die Afrikaner se belangstelling in die politiek 'n dieper grondslag het as dat dit gebore sou wees suiwer uit reaksie teen die Britse oorheersing."*[35]

Vir Calvyn het die soewereiniteit van God oor **alle** dinge gegaan. Alle gesag, ook die van die staat, setel in God, en derhalwe is alle gesag *afgeleide* of *verleende* gesag.[36] Die staat het sy oorsprong en wese aan God te danke en nie aan menslike inisiatief nie. Die verabsolutering van die staatsgesag word verwerp. Om hul saak te stel het daar dan ook deur die loop van die sestiende eeu verskeie Protestantse strydskrifte verskyn. Die meerderheid het met die leer van *volksoewereiniteit* te make gehad. Volgens die Franse skrywer Bodinus (1577), was soewereiniteit die bevoegdheid om die hoogste gesag in die staat uit te oefen. *"Soewereiniteit het beteken dat die draer van die owerheidsgesag, of soewerein, niemand bo hom gehad het behalwe die onsterflike God nie."*[37] Verloren van Themaat wys ook daarop dat die soewereiniteitsleer lank in verskillende vorms die staatsregswetenskap oorheers het. Hy skryf: *"Uit dié leer word afgelei dat die soewerein noodsaaklikerwys drie eienskappe moet besit, naamlik ondeelbaarheid, oorspronklikheid en onbeperktheid. Die soewerein is ondeelbaar, omdat daar in 'n land slegs een hoogste gesag kan wees. As daar meer as een gesag is wat bo al die ander gesag staan, is nie een van die twee die hoogste nie. Die soewerein se gesag moet oorspronklik wees, want die hoogste gesag kan nie van ander gesag afgelei wees nie, anders is dit nie die hoogste gesag nie. Die soewerein se gesag is onbeperk, omdat, indien daar 'n hoër gesag was om sy gesag te beperk, hy nie meer soewerein sou wees nie."*[38]

In die strydskrifte is daar geargumenteer dat 'n volk wel gronde vir verset gehad het as die vors hom teen die wet en wil van God verset het, of reg en geregtigheid nie laat geskied het nie. Een so 'n strydskrif was die sogenaamde **Vindicae contra tyrannos** (*Vryheid versus tirannie*)(1579).[39] Hierdie werk is skynbaar herhaalde male aangegryp in die stryd om die uitbreiding van

35. Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., *Republieke en Republikeine*, pp. 12-13.

36. Kyk Green, V.H.H., *Renaissance and Reformation: A Survey of European History Between 1450 and 1660*, p. 170.

37. Verloren van Themaat, J.P., *op.cit.*, p. 27.

38. *Ibid.*, pp. 27-28.

39. Kyk Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., *op.cit.*, p. 15.

algemene volksregte. Volgens Van Schoor en Van Rooyen het hierdie strydskrif nie ten doel gehad om 'n bepaalde regeringsvorm te bepleit nie, maar wou vasstel met watter *bevoegdheid* 'n vors heers, en om perke daaraan te stel. Dit kom daarop neer dat die verteenwoordiger van 'n volk bó die koning staan. 'n Tweevoudige ooreenkoms word gesluit, naamlik een tussen God aan die een kant en die volk en die vors aan die anderkant. Die Godsvolk verbind hom daardeur plegtig om die ware geloof te handhaaf. Ook is daar 'n ooreenkoms tussen die vors en God waardeur die vors plegtig beloof dat hy goed sal regeer. Die volk onderneem om die vors onder hierdie voorwaarde te gehoorsaam. Van Schoor en Van Rooyen skryf: *"Hierdie teorie stem dus sterk ooreen met die latere leer van volksoewereiniteit."*[40]

Die invloed van die Hervorming het oor 'n lang tydperk gestrek en dit het ook verskil van land tot land. In Spanje, Portugal en Italië is die Hervormers vernietig, dog in Engeland, Skotland en Skandinawië het hervorming floreer. Die Nederlande en Duitsland is verdeel en in Frankryk, na 'n halfeeu van burgeroorlog, is die nasionale bewussyn en eenheid versterk in die sterkste enkele staat in Europa. Die godsdiensstryd het in vele lande bittere burgeroorloë meegebring. Engeland het vir lank 'n latente burgeroorlog beleef tussen Protestant en Katoliek. In Duitsland het die Hervorming sterk gegroei. Daar was egter geen Duitse soewereine staat wat die lojaliteit van die Duitsers kon aanvuur nie. Die gesag van die Keiser was maar 'n skadu van die verlede, en die gesag van Habsburg was nie in Duitsland geleë nie, maar in die Nederlande en in Spanje. Die Duitse Protestante was aangewese op die steun en beskerming van 'n aantal prinse wat oor bepaalde streke die gesag gevoer het.[41] Die oorlog tussen hierdie prinse en die Katolieke Habsburgers het op die **Vrede van Augsburg** uitgeloop, tot voordeel van die Protestante.[42]

Hierdie godsdiensstryd in Europa het sy hoogtepunt bereik met die sogenaamde **Dertigjarige Oorlog** van 1618-1648. Die **Vrede van Wesfale**, wat 'n einde gemaak het aan die Dertigjarige godsdiensoorlog, *"marked"*, volgens Brierly, *"the acceptance of the new political order in Europe."*[43] Hierdie Vrede het die era van 'n gemeenskap van *selfstandige nasionale state* ingelei. Die Middeleeuse idee van 'n onverdeelde gemeenskap het plek

40. *Ibid.*, pp. 15-16.

41. Kyk Green, V.H.H., *op.cit.*, pp. 116-117.

42. *Ibid.*, p.126.

43. Brierly, J.L., *The Law of Nations*, p. 5.

gemaak vir die idee van *ongebonde, selfgenoegsame soewereine state*. Die **Vrede van Wesfale** sou die wegwyser na 'n nuwe pad wees. Schleicher skryf: *"From the negotiations and the treaties of Wesphalia truly emerged the modern state-system of Europe, based on the novel principle of the essential equality of independent sovereign states."*[44]

In die vorming van die nasionalestaat-gedagte, moet die rol van die **Franse Revolusie** (1789) ook nie onderskat word nie. Voor die **Franse Revolusie** was daar nog nie die nodige verband tussen die staat as 'n politieke eenheid en die volk as 'n kulturele eenheid nie. Oor die rol van die **Franse Revolusie** skryf Cobban: *"It was a revolution of a far wider compass ... a revolution not only in the institutions, but in the political ideas of the western world. By proclaiming the principle of popular sovereignty the French revolutionaries fundamentally altered the prevailing conception of the state, and opened a fresh chapter in the history of the nation state. It was through the combination of the revolutionary idea of democratic sovereignty with the new importance attached to national differences that the nation state ceased to be a simple historical fact, and became the subject of a theory."*[45]

Die **Franse Revolusie** se besondere bydrae rondom die moderne staatspraktyk was die feit dat 'n regering bestaan as gevolg van die *demokratiese* wil van die volk. Sieyes wys daarop dat die **tiers état**, dit wil sê die volk, was niks alhoewel hulle alles moes wees. Cobban haal hom aan as hy skryf: *"Sovereignty is one, indivisible, inalienable and unprescriptible: it belongs to the nation."*[46]

Dit was uit hierdie gebeure dat die onvermydelike na vore moes kom naamlik die opkoms van 'n *nasionale trots*, dit wil sê 'n liefde vir dit wat eie is.

---

44. Schleicher, C.P., *op.cit.*, p. 53.

45. Cobban, A., *The Nationstate and National self-determination*. p. 33. Harris skryf ook: "The nation was controlled by the prince before the French Revolution, but then the demand for the 'sovereignty of the people' led to a demand that legitimate power should be in the hands of a larger number of people." Kyk Harris, P.B., *op.cit.*, p. 279.

46. Sieyes, soos aangehaal in Cobban in *Ibid.*, p. 34. Harris wys op die toenemende bewuswording daarvan dat, "the nation state was not and ought not to be the personal property of the prince. In short, sovereignty, from the time of the French Revolution in France (and even earlier in England), was to be shared." Harris, P.B., *op. cit.*, p. 279.

Tydens die **ancien régime** was die een staat so goed soos die ander.[47] Die staat was bloot 'n juridiese en territoriale begrip. Die nuwe idee rondom die soewereine nasionale staat het hierdie gedagte verander. Dit het verdiep in 'n meer ideologiese begrip van **nasionalisme**. Dit was veral gedurende die vorige eeu-en-'n-half, beginnende met die opstand in die Amerikaanse kolonies, dat daar 'n nuwe golf van volksvorming ontstaan het. Aanvanklik het verskille in ras, taal en kultuur 'n mindere rol gespeel in staatsvorming, soos byvoorbeeld in België en Switzerland. Die moderne idee van die staat het egter nie bloot polities gebly nie. 'n Nuwe betekenis van volkskap het veral gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu na vore gekom. Dit is opmerklik dat dit saamgeval het met die demokratiese idee van die staat. Voorbeelde van die inworteling van nasionalisme onder die verskillende volkere het al hoe meer na die oppervlakte gekom. Hier word verwys na die skryf van die eerste nasionale volkslied van Noorweë tesame met die geskiedskrywing van hierdie volk in 1772.[48] Daar was die ontwikkeling van 'n nasionale uitdrukking in België, Nederland en Oostenryk, die skrywe van 'n Finse nasionale gedig en die aandrang om parlementêre onafhanklikheid in Ierland. Cobban skryf: "*The point to be emphasized is that whereas before the French Revolution there had been no necessary connection between the state as a political unit and the nation as a cultural one, the combination of these two elements in a single conception was the significant fact in the phase that now opened in the history of the nation state.*"[49]

Nasionalisme het sterk deur hierdie nasionale state getrek. State wat nie homogene volke gehad het nie is van binne-uit ondermyn. 'n Voorbeeld hiervan is Hongarye. As 'n uitvloeisel van die Turkse en Habsburgse oorheersing was Hongarye nooit in staat om die proses van volkskap dwarsdeur sy gebiede te trek nie. 'n Verpligte beleid van Magyarisme is aanvaar en die konflik tussen die twee idees moes na die oppervlak bars. Dit het sy beslag gekry in die **Hongaarse Wet op Nasionaliteite** in 1868 wat as

---

47. Die begrip, "**ancien régime**" word omskryf as, "a French expression meaning 'old order' commonly used to denote the social order and political system of the old Kingdom of France (with particular reference to the form given to it under the Bourbon Kings in the 17th and 18th centuries), overthrown by the Revolution of 1789." Kyk *Encyclopaedia Britanica*", Vol. I, 1971, p. 884. Wessels wys ook daarop dat die **ancien régime**, "as 'n wêreldaristokrasie uit die Vrede van Wesphale sou groei." Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 32.

48. Cobban, A., *op.cit.*, p. 34.

49. *Ibid.*, p. 35.

volg verklaar het: *"All citizens of Hungary ... form a single nation -- the indivisible unitary Magyar nation -- to which all citizens of the country, irrespective of nationality, belong."*[50] Hongarye was 'n duidelike anomalie in vergelyking met die ander soewereine nasionale state van sy tyd. Taal en kultuur het meegebring dat homogene volke 'n trots in hul voortbestaan gebring het. Young skryf: *"In dialectic simbioses with the apparent triumph of the nation state model has been the emergence, reinforcement, or diversification of social and political expressions of cultural pluralism, (group identities founded upon affinities of ethnicity) religion, language, race, caste or region."*[51]

Die soewereine nasionale staat is 'n samevoeging van die kulturele sowel as politieke verwagtinge van 'n volk. Dit sou enigsins goed wees om hier 'n Duitser, naamlik Herder aan te haal wat, volgens Cobban met reg die *vader van nasionalisme* genoem kan word.[52] Herder was 'n sterk voorstander van die volk as 'n *kulturele entiteit*. Ergang skryf oor Herder soos volg: *"His originality consisted in the vigour and persistence with which he preached the gospel that the natural unit of society and the only natural unit, was the nation, by which he meant a cultural community based on a common language. Nature had wonderfully separated nationalities, not only by forests and mountains, seas and deserts, rivers and climates, but more particularly by languages, inclinations and characters."*[53] Volgens Herder is die menslike ras op natuurlike wyse verdeel in *volke* met verskillende tale, en elke volk sal regmatig geskei wees in 'n *onafhanklike, afsonderlike staat*. Herder sê: *"The most natural state is one nationality with one national character. This it retain for ages."* En elders: *"A kingdom consisting of a single nationality is a family, a well-regulated household; it reposes itself ... An empire formed by forcing together a hundred nationalities, and a hundred and fifty provinces, is no body politic, but a monstrosity."*[54] Alhoewel Herder dus 'n besliste voorstander van die soewereine nasionale staat was, het hy nie 'n moderne gesentraliseerde vorm van 'n staat in gedagte gehad nie. Daar is geen uitverkore volk nie en volke behoort mekaar ook nie te beveg nie. Herder se idee van 'n volk as 'n

---

50. Kyk aanhaling in *Ibid.*, p. 36.

51. Young, C., "Ethnicity and the colonial and post colonial state in Africa", in Brass, P.R., *Ethnic Groups and the State*, p. 59.

52. Cobban, A., *op. cit.*, p. 114.

53. Ergang, R.R., "Herder and the foundations of German nationalism", soos aangehaal in Cobban, A., *op.cit.*, pp. 118-119.

54. *Ibid.*, pp. 243-244.

kulturele eenheid het vanaf Duitsland sterk versprei na die volke van Sentraal en Oos-Europa.

## 3. NASIONALISME

Oor dekades reeds is daar al boekdele geskryf oor die begrip **nasionalisme**. Derhalwe gaan daar onder hierdie punt met enkele grondtrekke volstaan word en gaan daar in groter diepte oor die begrippe **volksnasionalisme** en veral **Afrikanernasionalisme** gehandel word.

Daar kan sonder veel teenspraak gewys word op die feit dat nasionalisme as verskynsel seker een van die mees belangrike *politieke kragte* van ons tyd geword het. Levine skryf: "*So dynamic is this force that it has swept through every continent and influenced every major political ideology*,"[55] terwyl Barber sê: "*Nationalism is one of the most powerful but elusive political forces of our time -- here in South Africa as elsewhere.*"[56] Ook Kohn skryf van nasionalisme dat, "*wherever it has gone, it has shaped human thought and society according to its image*".[57] Hy sê verder: "*Nationalism is a state of mind ... (It) is a new idea, ... which fills man's brains and heart with new thoughts and new sentiments, and drives him to translate his consciousness into deeds of organized action. Nationality is therefore not only a group held together and animated by common consciousness, but it is also a group seeking to find its expression in what it regards as the highest form of organized activity, a sovereign state ... Nationalism demands the nation state ...*"[58]

As verskynsel is nasionalisme 'n relatief moderne ideologie en vind sy wortels in die agtiende eeu. Nasionalisme, demokrasie en industrialisme het gesamentlik op die toneel verskyn. Seton-Watson voer nasionalisme terug tot by die Franse Revolusie in 1789. Hy skryf: "*The doctrine of nationalism dates from the age of the French Revolution, but nations existed before the doctrine was formulated.*"[59]

---

55. Levine, H.M., *Political Issues Debated: An Introduction to Politics*, p. 15.

56. Barber, J., op.cit., p. 1.

57. Kohn, H., *The Idea of Nationalism*, p. vii.

58. *Ibid.*, pp. 18-19.

59. Seton Watson, H., *Nation and States: An Enquiry into the Origins of Nations and the Politics of Nationalism*, p. 6. Harris skryf ook: "Nationalism was created by Europeans and for Europeans, and Rousseau was one of the 'founding fathers of modern national thinking' Europe for him was a compound of French, Germans, and Spaniards and

Kotzé sien nasionalisme, "*as 'n ideologie of gedagtesisteem (lewenshouding) waarin 'n bepaalde beginsel sentraal geplaas word*". Hy skryf: "*Nasionalisme is 'n ideologie. 'n Ideologie beweer dat 'n sekere iets aan die mens 'n gevoel van veiligheid, geborgenheid, waardigheid, belangrikheid, geluk, rus en vrede, en 'n gevoel van hoop vir die toekoms kan verskaf.*"[60] Onder die opskrif: "*Politieke konsepte en -begrippe*", skryf die Departement Staatsleer: "*Nasionalisme is 'n beweging of ideologie om alle persone wat dieselfde taal besig en wat deel in die verskillende kultuurkenmerke wat deur 'n taal oorgedra word, in 'n onafhanklike staat en in lojaliteit teenoor 'n regering te verenig.*"[61]

'n Opvallende kenmerk van nasionalisme is dat daar altyd die begeerte bestaan om *selfbeskikkingsreg* in 'n *eie staatsverband* te besit. Nasionaliste streef voortdurend daarna om hulself sonder inmenging van buite te regeer, om self die ekonomiese voordele van sy vaderland te geniet, en om hom sosiaal onbelemmerd uit te leef, om sy godsdiens te beoefen en om sy taal te kan praat. Die ware nasionalis (patriot?) glo dat die beste waarborg vir bogenoemde geleë is in die besit van 'n *eie soewereine staat*. 'n Eie staat en grondgebied is nie soseer 'n doel op sigself nie, dog 'n *middel* tot 'n doel, naamlik om sy eie vir die nageslag te bewaar, sy eiendomlike te beveilig, en wat op sy beurt weer lei tot 'n hoë mate van geluk, rus, vrede en vryheid. See skryf tereg: "*Nationalism refers to the efforts of a social group to ensure and protect its own political, social and economic autonomy through self-government in an independent state and to justify that movement by claiming the group's status as a nation.*" (Lees '*volk*' -- JdV)[62] Sy praat ook van 'n, "*ethnic nationalism.*" Sy sê: "*Hence ethnic nationalism is the movement of an ethnic group to develop a sense of national identity and to establish political, economic and social independence on the basis of its common cultural features.*"[63]

Vandag sal die meeste navorsers erken dat daar verskeie faktore is wat 'n bydrae gelewer het tot die gevoel en opbloei van nasionalisme by sowel

English, and in our day it was the same for Charles de Gaulle." Kyk Harris, P.B., *op.cit.*, pp. 281-282.

60. Kotzé, D.J., *Nasionalisme: 'n Vergelykende Studie*, p. 9.

61. Kyk *Studiemateriaal*, Departement Staatsleer, UOVS, 1987, p. 53.

62. See, K.O., *First World Nationalisms: Class and Ethnic Politics in Northern Ireland and Quebec*, p. 4.

63. *Ibid.*, p. 5.

individue as groepe.[64] Van die mees belangrike faktore is 'n gemeenskaplike politieke stelsel, 'n gemeenskaplike vaderland en grondgebied, 'n eie taal, geskiedenis en godsdiens. Kohn wys daarop dat in lande soos Duitsland en Italië, nasionalisme sy uitdrukking gevind het in die **kultuur**. *"Among these peoples, at the beginning it was not so much the nation state as the 'Volksgeist' and its manifestations in literature and folklore, in the mother tongue, and in history, which became the center of the attention of nationalism."*[65] Ook Harris praat van **politieke kultuur** as hy skryf: *"Political scientists talk very often of political culture, and this refers to the basic moral values and beliefs accepted by a political community. A political culture is therefore often a national culture."* Hy sê verder: *"Life would be much simpler for the peoples ... and for political science ... if the political map ... could be redrawn and the political units reshaped so that the peoples with the same traditions, language, religion, ethnic affiliations and aspirations could be grouped into new 'states', because if cultures and governments were as one, the result would be political culture, or perhaps 'folknationalism'."*[66]

Uit die aard van die saak kan nasionalisme nooit volmaak wees nie. Trouens, daar kan nooit gesê word dat die proses van nasionalisme afgehandel is nie: *dit verkeer voortdurend in 'n staat van wording*. Dit kan groei, dog dit kan ook kwyn in die lewe van 'n volk. Die moderne tydsgees bring mee dat talle mense se gevoel jeens nasionalisme begin afkoel. Die snelle veranderinge wat tans plaasvind bring 'n mate van pessimisme onder mense na vore. Daar moet in sommige gevalle weggedoen word met die bestaande en die tradisionele. Robinson verwys na Toffler se boek, **Future Shock**, waarin alles toekomsgerig is en dus buigsaam en veranderlik moet wees. Alle tradisies, norme, waardes en nasionale trots moet skepties afgewys word.[67] Robinson verwys ook na Brown wat prontuit verklaar dat die neerhaling van nasionalisme 'n prioriteit moet wees. Brown skryf: *"Of all the*

64. Die geskiedenis het getoon dat volkskap sy piek in nasieskap bereik. Nasieskap kan op sy beurt alleen binne 'n eie nasionale staat bevestiging vind. Vir die Jood het die strewe na nasieskap vanuit die **diaspora** nooit verlore gegaan nie. Omdat 'n volk wel buite die staatsverband kan bestaan, is die strewe na nasieskap altyd aanwesig. (Sien Hoofstuk 3 oor *Nasie* en *Volk*)

65. Kohn, H., *op.cit.*, p. 4.

66. Harris, P.B., *op.cit.*, pp. 294 en 297.

67. Kyk Robinson, P., "Manifestasie in die opvoeding en onderwys van sekere denkrigtings", Referaat gelewer by die 23ste Kongres van die **Suid Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede** (SABRA), September 1978.

*myths that have troubled the lives of modern nations, the most pervading have been those associated with the nation itself. Nationalism, which is pre-eminently a state of mind rather than a state of nature, has become a universal force at precisely the time in history when technology has made the world a single unit in physical sense. The nation has now become a barrier to the historical process by which men have associated themselves in even larger political and economic communities."*[68]

Ons sal vervolgens poog om te wys op die dinamiese *nasionalisme* wat veral in die Afrikanervolk teenwoordig was en steeds is en, dat hierdie "*volksgeist*", soos Kohn daarna verwys, steeds baie sterk is. In die geskiedenis van wêreldvolke was die *Afrikanernasionalisme* 'n tipiese eksponent van ware nasionalisme. Trouens, as Venter wys op die drieledige aard van nasionalisme, dan verwys hy in die *eerste* plek na die **abstrakte** aard daarvan. Dit behels 'n bewustheid of bewussyn waarin *volk* (die gemeenskaplike kenmerke van 'n groep mense) die *kern* van die sisteem uitmaak. In hierdie verband kan nasionalisme dan beskrywe word as 'n "*volksgerigte bewussyn*" wat in die lewens van "*volksgenote*" neerslag vind. *Tweedens*, na sy **konkrete** aard (of sigbare vorm) kan nasionalisme in *kultuur-eiendomlikheid, maatskaplike eenheidsbande en geskiedkundige lotsgebondenheid* waargeneem word. Dit kan ook in die bewoning van 'n gemeenskaplike grondgebied en in gemeenskaplike erflike eienskappe gesien word. In die *derde* plek is nasionalisme **supra-psigies** van aard. Dit beteken volgens Venter dat dit bokant die waarneming of bewussyn van volksgenote verhewe is. Hy sê: "*Die stuwende krag van die lewe dra dit voort vir eeue, hoofsaaklik vanweë volkslede se innerlike of geestelike krag ... Wanneer volksnasionalisme ten volle binne volksverband gevestig is, verdwyn dit nie maklik nie. Dit is asof die stuwende krag van die lewe self dit bewaar en laat voortleef as 'n bowe-ordening bo-oor individuele draers van die nasionalisme en ondanks die wisseling van geslagte. Volgens sy supra-psigiese aard is nasionalisme 'n gevoelsbelewenis wat veel wyer lê as wat in die gees en lewe van 'n lid teenwoordig is."*[69]

## 4. AFRIKANERNASIONALISME AS UITING VAN WARE VOLKSNASIONALISME

Volksnasionalisme staan nooit los van die *draers* daarvan nie. Dit leef voort omdat daar mense is wat dit in hulle omdra en omdat, sonder mense, daar

68. *Ibid.*

69. Venter, J.F., "Swart- en ander nasionalismes in Suid-Afrika", pp. 22-23.

geen bestaan of groeikrag van 'n volk kan wees nie. Volksnasionalisme is vir 'n volk van kern-belang. Dit gee erkenning aan die bestaan, die gesag, die waarde en waardigheid, die geloofskrag van 'n volk. Volgens Krehbiel is volksnasionalisme, "*endowed with a personality*", en beskik dit oor 'n waarneembare onderbou.[70] Die noodsaaklike bestanddele van 'n sigbare onderbou van (volks-) nasionalisme bestaan vir Fisher uit, "*a common history, common sufferings, common achievements, common memories, and it may be added, common aspirations.*"[71]

Konflik van nasionale bewussynsgroepe in Suid-Afrika soos die **United Democratic Front**, die **African National Congress**, die **Suid-Afrikaanse Kommuniste Party**, die **Pan African Congress** en **COSATO** met die staat, is dikwels die hoofoorsaak van stryd. Vrede kan slegs heers as die heersers van die soewereine staat -- meestal multi-nasionaal (veelvolkig?) -- die realiteit sal aanvaar dat daar 'n veelheid van nasionale kulture bestaan. Heel dikwels gebeur dit dat bewussyngroepe onderskei moet word van dié van die staat. Die bestaan van so 'n volksnasionalisme in 'n plurale staat kan in die gemeenskapslewe 'n geweldige en ook deurslaggewende faktor wees. Seton-Watson skryf: "*... yet national cultures are almost indestructible, and national consciousness denied or humiliated becomes an explosive force of deadly power.*"[72]

Die essensie van die saak is, en dit is ook die betoog in hierdie studie, *dat elke volk totale kulturele- en staatkundige outonomie moet besit en behou.* Wêreldwyd, en veral in Afrika, is daar konflik van belange tussen die volkeverskeidenheid en 'n eenheidstaat. So sal die Nilotiese volk in Eritrea en Somalië nie maklik die stryd gewonne gee vir onafhanklikheid net omdat verskillende diktators in Sudan en Ethiopië geluide van "*progressiewe*" vordering in hul eenheidstate laat hoor nie.[73] Israel sal om verstaanbare redes nie aangetrokke voel tot enige vorm van kulturele outonomie binne die opset van 'n wyer Arabiese politieke sisteem nie. Immers, Arabië is uiters gedetermineerd om Sionisme totaal te vernietig, en hulle vorm die meerderheid in daardie gebied. Die ANC het ook duidelike uitsprake gemaak dat as sou die Swartman aan bewind kom in Suid-Afrika (onder ANC-regering), die Afrikaner geen eksklusiewe aansprake op 'n eie kulturele bevoorregting sou

---

70. Krehbiel, E., *Nationalism, War and Society*, p. 8.

71. Fisher, H.A.L., *The Commonwealth*, p. 195.

72. Seton-Watson, H., *op.cit.*, pp. 469-470.

73. *Ibid.*, p. 471.

hê nie. Inderwaarheid eis die ANC onvoorwaardelike oordrag van mag aan die ANC. Oliver Tambo sê: "*I, Oliver Tambo, would not meet him (State President P.W. Botha), but if the time came for the ANC and the people of South Africa – the leadership as a whole of South Africa – when the time came in South Africa for a meeting to take place, then of course, a meeting will take place. It will come when the struggle is so far that Botha sees it to be in his own interest to transfer power to a democratic majority* ..."[74]

Volksnasionalisme is lank reeds 'n natuurlike en spontane dryfkrag in Afrika asook die res van die wêreld. Trouens, die *Suid-Afrikaanse geskiedenis is ook Afrikaner-geskiedenis*! Die geskiedenis toon onteenseglik aan hoedat 'n volk -- die Afrikanervolk -- hier aan die suidpunt van Afrika gebore is en tot wasdom gekom het en in 'n omgewing wat die hoogste eise gestel het aan sy liggaamskragte, sy deursettingsvermoë, sy durf, sy geloof, sy vaderlandsliefde, sy taal en kultuur. As volk het hy tussen die ander volke, bevolkingsgroepe en gemeenskappe 'n gedurige stryd gevoer om homself te bly en om sy eie te handhaaf en te bewaar. Sy **roeping** was om sy regmatige plek in te neem in die statery van volke in die wêreld.

Die toekoms van die Afrikaner word dan ook onlosmaaklik gebou op en is afhanklik van die verlede waaruit hy voortkom. Die verlede is gelaai met tradisies, ideale, strukture, afkoms, godsdiens en nog talle ander faktore. Elke faktor vind sy *grondmotief* in die bestaan van 'n volk. Hierdie grondmotief is die **religieuse oortuigings** van 'n volk aangaande God, die mense rondom hom en ook die wêreld daarbuite. Die ganse eiendomlike van 'n volk vloei uit hierdie religieuse beskouing voort. Dit word gedra van geslag tot geslag. Coetzee skryf: "*Die geskiedenis van Suid-Afrika is eintlik die geskiedenis van die wording van 'n nuwe nasie – van hoe daar uit Europese nasies groepe en individue afgeskei, afgesonder, gedifferensieer, gespesialiseer is om 'n nuwe volksgroep te vorm, met sy eie roeping en bestemming, met sy eie tradisie, met sy eie siel en met sy eie liggaam.*"[75] Doyle verklaar na die Anglo-Boereoorlog: "*No one can know or appreciate the Boer who does not know his past, for he is what his past has made him.*"[76]

74. Kyk "Talking with the ANC ..." Gepubliseer deur die **Buro vir Inligting**, Perskor, Pretoria, Junie 1986, p. 32.

75. Coetzee, J.A. e.a., *Ons Republiek*, p. 1.

76. Doyle, A.C., *The Great Boer War*, p. 12.

Afrikanernasionalisme is sonder twyfel, "*die meer rigtinggewende en beslissende krag in sy soort in die ontplooiing van die geskiedenis van volkere in Suid-Afrika*", aldus Bruwer.[77] In sy bekende, "*winde van verandering*" - toespraak in Kaapstad (Februarie 1960), het die voormalige Britse Premier, mnr. Harold Macmillan, na die historiese betekenis van Afrikanernasionalisme verwys toe hy gesê het: "*Indeed, in the history of our time, yours will be recorded as the first of African nationalisms*". Ook die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** het inderdaad bevind dat daar rekening gehou moet word, "*met die aard van Blanke Suid-Afrika. Blanke Suid-Afrika word van die ander gemeenskappe van Europese afkoms in Afrika onderskei deur sy ontwikkelde nasionalisme.*"[78] Die komitee haal Emerson aan as hy sê: "*The Afrikaners have produced the most intense and coherent nationalism on the continent.*"[79] Uit hierdie uitsprake van die **Presidentsraad** blyk dit duidelik dat hulle spesifiek na die **Afrikaner** verwys.

In die jare van groeiende nasionalisme het die onderskeiding tussen eie en vreemde baie sterk ontwikkel en het die *volkseie nasionalisme* van die Afrikaner sterk gedy. D.F. Malherbe het in 'n vroeë publikasie van hom tereg opgemerk: "*Die Afrikanernasionalisme wat soos 'n silwerdraad 'n paar eeue al deur ons vaderlandse geskiedenis deurgevleg is, en as rigsnoer gedien het om die regte koers vir die Afrikanervolk aan te wys, moet almeer ingang vind en posvat by elke Afrikaner wat daardeur meer taal- en volksbewus sal word, waar hy dit nog nie in die volste mate is nie.*"[80] Malherbe vra die vraag: "*Maar watter toekoms wag vir die Afrikaner en Suid-Afrika wat vir byna drie eeue die mas in hierdie land moes ophou, as aan die volkseenheid-ondermynende en -verbrokkelende faktore nie paal en perk gestel word nie? ... Volksheterogeniteit moet plek maak vir volkshomogeniteit, anders sal die rassestryd voortduur en moontlik in heftigheid toeneem in die toekoms ... Onder die leuse van 'n valse 'nasionale eenheid' alias 'national unity', wil die imperialistiesgesindtes die Afrikaner aan die slaap sus en die Afrikaanse volksbeweging duinkerk. Hulle beoog 'n meganies saamgeflanste Suid-Afrikaanse eenheid (?), wat soos los sand aanmekaar moet sit.*"[81] Coetzee wys ook tereg daarop dat dit die Afrikaner was wat die nasionale sentimente so skerp beoefen en uitgedra het, "*en dit sou dwaas wees om die Afrikanerdom op te los in 'n losse, samehorige*

77. Bruwer, P.F., *Republiek Afrikana: 'n Tuiste vir die Afrikaner*, p. 28.

78. *Verslag van die Grondwetkomitee van die Presidentsraad*, Kaapstad, 1982. (PR3/1982), p. 31.

79. *Ibid.* Sien Emerson, R., in Deutz and Foltz (eds.), *Nation Building*, New York, 1963.

80. Malherbe, D.F. du T., *Die Afrikaner*, p. 17.

81. *Ibid.*, pp. 15-16.

*kunsmatige 'volk' van Suid-Afrikaners. As daar geen Afrikanerdom gewees het nie, sou daar ook geen beskawing in Suid-Afrika gewees het nie.*"[82]

Om waarlik volk te wees is om *uniek* te wees. Wie kan die *wese van volkswees* beter bewoord as die Afrikanerdigter-skrywer, D.F. Malherbe as hy sê:

> "*Volks is 'n egte, die natuurlik gesonde, die wesensgetroue, wat soos die botsel in skoonheid van bloesem en blaar ontluik; volks is die wil tot verantwoording aan die wêreld van 'n selfstandige en volledige eiendomlikheid; volks is die wil om aan God te verantwoord dat die blanke sieraad van onderskeidende eenheid wat hy by die wording meegegee het, onbeduimeld en ongeskonde bewaar is; volks is loutere vreugde aan selfbelewing; volks is jaloerse bewaking van die eie en afwerking van die vreemde; volks is 'n loutere liefde vir eie bodem en bloed, die ongebroke wil om met woord en daad te bevestig en verdedig die reg van die volk, is die grootmaking van rigtinggewende ideale; volks is die drang tot selfbehoud.*"[83]

Vir Stoker is die volk iets besonders, iets unieks, iets wat met die *eie aard van die mens* te make het. Die volk het 'n eiesoortige eenheid, 'n eie struktuur, 'n eie sin, 'n eie taak en bestemming wat syne alleen is. Die volk is 'n organisme, "*want 'n organisme is 'n oorspronklike eenheid en nie 'n losse aaneenvoeging van lede nie.*"[84]

Venter wys tereg daarop dat *volksnasionalisme* aan 'n volk 'n gevoel van veiligheid, waardigheid (geen méérderwaardigheid nie), geluk, vrede, rus en toekomshoop gee. Hy sê: "*Vir die volk as geheel gee nasionalisme, vanweë die behoudende kentrek daarvan, die nodige vastigheid, koersvastheid, dryfkrag en*

---

82. Coetzee, J.A., *Volksidee en Nasiebou -- 'n Politieke rekonstruksie*, p. 180.

83. Kyk Malherbe, D.F. du T., "Volkse Houding", in *Koers in die Krisis*, Deel III, p. 341.

84. Stoker, H.G., *Die Stryd om die Ordes*, p. 142.

*grondslag waarop vir die toekoms voortgebou kan word en verhoed die onbesonne navolging van wat volksvreemd is.*"[85] Hy sien die volgende as **kragte** wat in volksnasionalisme werksaam is:

"(a) **maatskaplike kragte**, waaronder bloed- en verwantskapsverbande 'n belangrike rol speel;

(b) **kultuurkragte**, waardeur mense as gevolg van hul eiesoortige kultuur aan mekaar gebind word;

(c) **geskiedkundige kragte**, waarby inbegrepe is samelyding, samestryding en gemeenskaplike strewe na selfbeskikking;

(d) **gevoelskragte** soos kultuur- en historiese verbondenheid met mekaar en met die volk sodat 'n besondere gevoelsbelading mettertyd beslag kry;

(e) **aardrykskundige kragte** soos 'n eie vaderland waarin die volk oor algehele selfbeskikking beskik;

(f) **raskundige kragte**, wat daarin geleë is dat volke met enerse aard en erflike eienskappe hulle met mekaar vereenselwig."[86]

Die vraag na die **wie** en **wat** van die Afrikaner is 'n vraag wat dikwels in die verlede, en ook vandag nog gevra word en ook al beantwoord is, veral in tye van krisis.[87] Dit hou bepaald verband met die ontwikkeling van die Afrikaner se *selfbewussyn* en *selfbeeld*, en sy telkens onsekere posisie met die wisseling van tydsomstandighede. Dit raak ook sy plek in sowel Suid-Afrika as die hele wêreld waarin hy standpunt en houding moet inneem ter wille van oorlewing. *Volksnasionalisme het 'n gerigtheid op die toekoms*. 'n Volk moet sy onderskeidende karakter en identiteit kan behou deur veranderinge heen. Sy kulturele eienskappe moet uit homself kom: **úit** die volk **vír** die volk. Volksnasionalisme mag dus nooit oor die hoof gesien of buite rekening gelaat word wanneer daar besluit word oor die toekoms van so 'n volk nie.

---

85. Venter, J.F., "Swart- en ander nasionalismes in Suid-Afrika", p. 23.

86. *Ibid.*, p. 23.

87. Wanneer Van Wyk Louw skrywe oor die begrip "krisis" as nasionale verskynsel, wys hy daarop dat 'n krisis alleen 'n tyd kan wees wanneer die voortbestaan van 'n volk self op die spel kom en wanneer een van die moontlike uitslae die ondergang van die volk kan meebring. Kyk Louw, N.P. van Wyk, *Liberale Nasionalisme*, p. 54.

## 5. 'N CHRISTELIK-SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VAN AFRIKANER-NASIONALISME

Die ontwaking van 'n *eie nasionalisme* by die Afrikaner het saamgeval met die herontwaking van die **Calvinisme** in Nederland. Abraham Kuyper, bekende akademikus en staatsman, se uitgesproke standpunt was dat die ewige beginsels van **Gods Woord** ook vir die staatkundige terrein gegeld het. Saam met sy Christelike geloof het die Afrikaner se sterk *nasionalisme* 'n krag aan hom verleen wat hom deur baie krisisse heen gelei het. Sonder hierdie *geloofsbinding* sou die Afrikanervolk gewis al langs die pad uitgesak het. Dit was hierdie vaste wil van die Afrikaner om te bly voortbestaan wat deur die dekades heen die respek van almal wat met hom te doen gekry het, afgedwing het. Hoe moeiliker die stryd geword het, hoe sterker het die wil geword om voort te bestaan, met eer en waardigheid.

In die lig van bogenoemde lê die lewensbeskouing van die Afrikaner geheel en al in lyn met die Calvinistiese denke dat die bestaan van volke aanvaar moet word as 'n *skeppingsgegewe* en ook as 'n vorm en uiting van die *skeppingsverskeidenheid*. Coetzee wys daarop dat die Skrif reeds van volke spreek vanaf die tyd van Noag en tot aan die voleinding van hierdie wêreld. Hy skryf: "*Dit (die Skrif) spreek ewe duidelik van die algemene roeping van alle volke om God gelowig te dien en toon aan dat onder God se raadsplan elke volk 'n besondere roeping het, al sou dit net wees om as gésel in Gods hand te dien.*"[88] Dit is duidelik dat God in hierdie roeping van elke volk, vir elke volk 'n besondere samestelling en ooreenkomstige gawes gee. Dit plaas 'n volk onder die morele verpligting om sy roeping en bestemming na te kom. In sy skrywe en soeke na die vraag: "*Waarom moet julle 'n volk wees?*", verwys Van Wyk Louw na Tobie Muller se "**Geloofsbelydenis van 'n nasionalis**", waar Muller sê: "... *vir die Kristen en Teïs wat geloof dat aparte volke ontstaan, nie deur blote toeval nie, maar met 'n sekere doel, het elke volk sy roeping en sy besondere taak om te vervul in hierdie wêreld. Uit hierdie oogpunt beskou is papheid op nasionale gebied 'n religieuse oortreding, dit wil sê 'n sonde.*"[89]

Ook Stoker sien die volk as 'n gawe van God: "*Die Skrif leer ons dat God die lotgevalle van volke bestier en die onderskeie volke en tale gewil het en aan elkeen sy besondere roeping gee. Die Skrif lê besondere nadruk op die*

88. Coetzee, J.H., *Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme*, IBC Brosjurereeks Nr. 4, p. 6.

89. Kyk aanhaling in Louw, N.P. van Wyk, *op.cit.*, p. 104.

*fundamentele betekenis van die verskeidenheid van die volke in die verwesenliking van Gods Raadsplan deur die loop van die eeue heen."*[90] Verwysende na **Handelinge 17:26** wys D.F. Malherbe daarop dat hierdie tekswoorde in die geval van die "*Boerenasie*" bewaarheid geword het. "*God het* **'een van die nasies van die mensdom'** *in hierdie deel van* **'die hele aarde'** *gemaak om hier te woon, en Hy het vooraf in Sy voorsienigheid vasgestel* **'die bepaalde tyd'** *van die geboorte van ons nasie en die* **'grense van sy woonplek'** *in die sonnige suidhoek van Afrika. Dit is nie somaar 'n mensgemaakte nasie wat hom hier in Suid-Afrika bevind nie, maar 'n God-gemaakte een."*[91]

Die lig van die Christendom en Calvinisme is dus deur die Afrikaner in hierdie land bestendig. J.D. Kestell wys daarop dat die Hugenote nooit hier sou aangeland het, "*as daar nie 'n godsdienstige agtergrond was in sy soeke na 'n toevlugsoord hier in die verre Suide nie ... Daarom nogmaals die opwekking dat dié wat afgedwaal het, moet terugkeer, terugkeer tot die nasie-idee, wat sy grondslag het in die godsdiensidee ... maar wat nie verander nie, is die nasie-idee, en dit verander nie omdat dit vaslê in die Godsidee."*[92]

In die lig van bogenoemde kan die ontstaan van die Afrikanervolk nie net bloot as 'n *toevalligheid* afgemaak word nie. Die drang na 'n ware afsonderlike volksbestaan groei diep uit die Christelike beskawing. Trouens, volke en die bestaan van volke moet aanvaar word "*as deel van die gegewe werklikheid,*" en in veral vier Skrifgedeeltes naamlik **Gen. 10; 11:1-9; Deut. 32:8** en **Hand. 17:26**, word die veelheid van nasies en hulle verspreiding oor verskillende woongebiede beskryf, "*as 'n historiese werklikheid wat onder die voorsienige bestel van God plaasgevind het.*"[93] Die bestaan van volke is dus sowel 'n skeppings- as 'n voorsienigheidsgegewe en word as sulks in die Bybel erken en waardeer.

In afwisseling van die eenheid van die menslike geslag, het God ook 'n *onderskeid* tussen mense getref, en so het *volkere* ontstaan. 'n Volk is dus 'n *organiese* entiteit waar mense uit gemeenskaplike wortels gegroei het, dieselfde taal praat en gewoontes openbaar. Die vraag kan tereg gevra word

---

90. Stoker, H.G., *op.cit.*, p. 145.

91. Malherbe, D.F. du T., *Afrikaner-Volkseenheid*, p. 38. Vir ons besef moet nasie hier as volk gelees word.

92. Kestell, J.D., *My Nasie in Nood*, pp. 93-94. Na my mening kan ons ook praat van die "*volks-idee*".

93. *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk*, pp. 20-21.

of 'n volk sal ontstaan, groei en ontwikkel **buite** die wil van God om? Ons geloof in God stel die eis *dat ons God se beskikking vir ons lewe sal aanvaar* en dat ons nederig *gehoorsaam* sal wees om ook in ons volkslewe die eer van God voorop te stel. In die erkenning en handhawing van 'n *eie* volksbestaan is daar dus *geen sonde* nie, mits die doel natuurlik voor oë gehou word, en dit is om *allereers* die Koninkryk van God te soek. Immers, ook die volk is 'n "*gestalte van die Koninkryk van God*", aldus Heyns.[94]

Die Afrikaner se handhawing van 'n eie identiteit vloei dus onlosmaaklik voort uit sy Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing asook sy sterk roepingsbesef. D.F. Malherbe skryf soos volg: "*Want sinloos sou ons volksbestaan wees sonder die bewussyn van geroepenheid. Net soos die enkeling lewe alleen sinvol en ryk word in die vervulling van sy dienstaak vir die volk, 'n dienstaak egter wat tegelyk voldra is van die hoëre funksie van te beantwoord aan sy Goddelike bestemming, sodat sy ganse aardse bedrywigheid gerig is op God en tot sy eer geskied, so ook word alle volkswerksaamheid, alle kulturele ekspansie en belewing, eers sinvol wanneer dit in die lyn van sy bestemming, van sy God-geroepenheid voortstrewe. Dan eers kry die volksverbonde daad, die volksverbonde gedagte óf woord óf lied óf boek óf wetgewing óf wat ook al natuur-noodsaaklik uit die wesensaard van die volk spruit, 'n gerigtheid wat buite en bo homself uitwys soos ons kerktorings by die dorpshuise in hemelwaartse gerigtheid uitrys.*"[95]

Kuyper is van mening dat afsonderlike ontwikkeling 'n waarheid is wat selde (indien ooit) deur die liberaal-humanisties georiënteerde wêreld van vandag ingesien word. Vandaar die strewe om steeds 'n **imperium Romanum** tot stand te bring -- 'n eenvormigheidstrewe wat getipeer kan word as, "*die vloek van het moderne leven*". Kuyper skryf: "*Die indeeling van de menscheid in Staten en volken ... was geen vondst van de wijsheid der menschen, maar werd door God zelf in Zij Gemeene Gratie teweeggebring. De mensch wilde veeleer de eenheid van ons geslacht tegen alle deeling en splitsing verweren. Vandaar Babel en vandaar de gedurige poging en om de Staten in één wereld-rijk op te lossen. En dit is de groot beteekenis van de spraakverwarring, dat God zelf herdoor de indeeling van de menscheid in volken, natiën en Staten te*

94. Heyns, J.A., *Die Kerk*, p. 209.

95. Malherbe, D.F. du T., soos aangehaal in Wessels, D.P., *Politikologiese perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkerevraagstuk*, p. 756.

*voorschijn heeft geroepen*."[96] Wessels wys dan ook tereg daarop dat die wraaklus van die buitewêreld op Suid-Afrika toegesak het omdat die sinkern van die staatsfilosofie 'n Christelike identifisering van volke omvat het.[97]

Feit is dat die *humanistiese* denke van die twintigste eeuse gesekulariseerde mens 'n tipiese kosmopolitiese homogeniteit ontbloot. Dit is 'n *humanistiese antroposentrisme* wat hoegenaamd nie voortkom uit Christelike oorwegings nie. Dit ken geen teosentriese denke nie maar het op horisontale wyse die mens tot maatstaf van alles gemaak, "*veral uit konsiderasie vir die nie-blanke*", aldus du Preez.[98] Die idee van nasionalisme is vreemd vir hierdie gesekulariseerde mens. Daar word gestreef na die *gelykskakeling* van alle mense, ongeag ras, kleur of volk. Hierdie feit bring onteenseglik mee dat die Afrikaner se Christelike grondslag en reformatoriese roepingsbewustheid te staan gekom het teenoor die magte van die liberale humanisme. Magte wat selfs in eie Afrikanergeledere aangetref word. Strauss skryf: "*Gemeet met die maatstok van hierdie humanistiese mensbeskouing en samelewingsbeeld, lewer die beleid van afsonderlike ontwikkeling dus beslis niks waarmee ons vyande in hul skik kan wees nie. Die geordende veelvolkige samelewingspatroon -- op die grondslag van ons Christelike voogdyskapsbeginsels en -verantwoordelikheid teenoor die ander en die minder beskaafdes, is deurgaans in stryd met die karakterlose gemeenskapsplan van die moderne ongeloof se eiewilligheid.*"[99]

Die *fondamente* van Afrikanernasionalisme moet dus gesoek word in die beginsel dat God:

(i) die verskillende volke op aarde deur Sy skepping en voorsienigheid *gewil* het;

(ii) dat Hy dit met 'n bepaalde *doel* gedoen het, en

96. Kuyper, A., soos aangehaal in *Ibid*., p. 765. Kyk ook Potgieter, F.J.M.,"Veelvormige ontwikkeling -- die wil van God", in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Oktober 1968, pp. 7-8.

97. Wessels, D.P., "Menseregte en die beleid van afsonderlike volksontwikkeling", in Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, Maart 1980, p. 33.

98. Du Preez, A.B., *Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens*, pp. 9-10.

99. Strauss, H.J., "Afsonderlike ontwikkeling en mensegode", in Riglyne, April 1972, p. 2. Kyk ook Wessels, D.P., "Menseregte en die beleid van afsonderlike volksontwikkeling", *op.cit*., p. 35.

(iii) dat Hy aan elke volk 'n *eie taal, grondgebied en identiteit* gegee het om as groep vry te wees en om deur hul eie verkose owerheid regeer te word. Floyd noem hierdie beginsels, "*fundamentele Godgegewe regte.*"[100]

Afrikanernasionalisme word soms getipeer as *monolities* van aard, dit wil sê in die sin dat hy 'n verenigde front soek teenoor sy opponente. In hierdie sin wys Dunbar Moodie tereg daarop dat die Afrikaner 'n volk in eie reg is, "*forged by the dual struggle against both the British and the Black Africans.*"[101] Die Afrikaner glo onwrikbaar dat God sy lotgevalle bepaal. Moodie haal dr. D.F. Malan aan as hy sê: "*My feeling of nationality thus rests upon a religious foundation.*"[102] Die groeps- of volksgedagte speel by die Afrikaner 'n sterk rol, eerder as die individualisme. Moodie verwys na Diederichs as hy sê: "*Only in the nation as the most total, the most inclusive human community, can man realize himself to be full. The nation is the fulfillment of the individual life ... God has willed the diversity of nations.*"[103] Moodie verwys ook na L.J. du Plessis wat reeds in 1935 gevra het, "*for the self-development of the Afrikaans nation as an independent member of the great world community of Peoples*", en hy eis dan, "*that the Afrikaner should have control over the soil and riches of South Africa and should bring forth by their own power their own Afrikaans constitutional organization as armour shield for the Afrikanerization of South Africa.*"[104]

## 6. DIE ONTSTAAN, ONTWIKKELING EN BETEKENIS VAN AFRIKANERNASIONALISME

Menige navorser het al probeer om die vraag te beantwoord wanneer en hoe Afrikanernasionalisme sy ontstaan gehad het. Fouché wys daarop dat die ekonomiese stryd teen W.A. van der Stel die vreemdsoortige bestanddele uit Nederland, Frankryk en Duitsland in 'n "*boerebeweging*" saamgesmelt het waarin die volk van "*Boere*" sy beslag gekry het. Daarin sien Fouché die eerste spore van 'n politieke lewe en die eerste kieme van 'n nasionale bewussyn wat

---

100. Floyd, T.B., *Afrikaner-nasionalisme*, pp. 19-20.

101. Moodie, T.D., *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion*, p. 80.

102. *Ibid.*, p. 1.

103. *Ibid.*, pp. 158-161.

104. *Ibid.*, p. 80.

tot 'n, "*nieuwgeboren volk*" van Afrikaners gelei het.[105] Wierenga is waarskynlik die eerste skrywer wat na Graaff-Reinet en Swellendam as "*Boererepublieke*" verwys het en het ook veel gemaak van terme soos "*vaderland*", "*vryheid*" en "*nasionaal*". Hy vertolk ook die Groot Trek as 'n gevolg van *Afrikanernasionalisme*.[106] Van Schoor vereenselwig hom volkome daarmee.[107]

Van Jaarsveld sien die ontstaan van *Afrikanernasionalisme* as uitvloeisel van die Groot Trek. Hy is van mening dat *Afrikanernasionalisme* in die tydperk 1868-1881 ontstaan het en sien die **Eerste Vryheidsoorlog** (die gevolg van die anneksasie van Transvaal in 1877) as die aanleidende oorsaak.[108] Scholtz het ook in sy reeks oor die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 'n omvattende studie gemaak van die vraag oor die wie en wat van die Afrikaner. Hy volg 'n patroon van tydperke waarin hy telkens wys op die groei en die verspreiding van die volk op politieke, maatskaplike, ekonomiese, kulturele, kerklike en onderwysgebiede asook die Afrikaner se rasseverhoudinge.[109]

Scholtz is verder van mening dat die Afrikaner sy ontstaan in die Kompanjies-tydperk gehad het en daar 'n soort geestelike eenheid gevorm is. Hulle was nog nie volkome bewus van die feit dat hulle 'n eie aparte volk geword het nie. Dit was egter met die **Eerste Vryheidsoorlog** dat die Afrikanervolk nasionaal bewus geword het. Dit was 'n nasionalisme wat by Majuba wortel geskiet en al die Afrikaners in al die gebiede geestelik verenig het. Die Brit het moontlik na 1902 die Afrikaner sy vryheid ontneem maar nie sy nasionalisme nie.[110]

Alles in ag genome het die Afrikaner uit die skool van ontbering en stryd geleer **wie** en **wat** hulleself is. Die Afrikaner is nie net 'n produk van die natuurlike omgewing waarin hy gewoon het nie, dog ook 'n produk van die

---

105. Fouché, L., *Het Dagboek van Adam Tas*, pp. 358-362.

106. Wierenga, P.A.C., *De Oudsten Boeren-Republieken Graaff-Reinet en Swellendam*, pp. 20-24.

107. Van Schoor, M.C.E., "Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgarieb tot 1854", in *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Deel II, 1964, pp. 49-50.

108. Van Jaarsveld, F.A., *Wie en wat is die Afrikaner?*, p. 31.

109. Scholtz, G.D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, in agt dele.

110. *Ibid.*, Deel IV, 1881-1899, pp. 244-250.

geskiedenis. Dit was nie net in kontak met die nie-Blankes dat die Afrikaner geleer en ervaar het wat sy selfstandige en unieke posisie hier aan die suidpunt van Afrika was nie, maar ook sy kontak met ander Blanke groepe, veral die Engelse. Vroeg reeds het die Afrikaners nié met die nie-Blanke groepe geassosieer nie. Die oorsake van hierdie disassosiasie moet waarskynlik gesoek word in die verskille in *beskawing* en *kultuur*, waaronder veral die *godsdiensverskille*. Volgens die Blanke maatstawwe was die inboorlinge heidene, kultureel agterlik, onbeskaafd en merendeels barbaars. Aanvanklik sou die verskil in ras- en liggaamlike voorkoms 'n geringe rol speel, dog ook dit het later toenemend gewigtiger geword en 'n groter geskeidenheid bewerkstellig. Die verskille tussen die Afrikaner en die ander bevolkingsgroepe het baie daartoe bygedra dat die "*nuwe*" volksgemeenskap se vorming verhaas is. Dit was die eerste stappe na die beleid van *afsonderlike ontwikkeling*.

Ook die Britse element aan die Kaap het 'n duidelike stimulus aan die proses van volksnasionalisme gegee. Die Britte sou 'n nuwe Europese volkselement op die toneel bring -- 'n Blanke Europese volk wat met politieke gesag na die Kaap en Suidelike-Afrika gekom het. Hulle was gedug, militêr 'n wêreldreus en imperialisties in hul strewe. Hierdie magtige *Empire* sou maar min simpatie en begrip vir die Boervolk hê. Hul beleid van kolonisering en ekspansionisme sou dan ook reëlreg indruis teen die vryheidsdrang van die Afrikaner. Dit was veral hul *filantropiese* beleid jeens die nie-Blanke wat hul onverdraagsaamheid met die Blanke Afrikaner die duidelikste geïllustreer het. Die gevolg hiervan was nie moeilik te voorspel nie. Die geskiedenis toon duidelik dat waar *inter-etniese* druk toegepas word, volksbewustheid in intensiteit groei. *Hoe harder die inbreuk op 'n volk se eiesoortige voortbestaan, hoe meer raak hy bewus van sy eie volksidentiteit. Dit* was nie anders in die geval van die Boere-Afrikaner nie. Hulle sou hulle met alle geweld aan die politieke onderhorigheid ontworstel deur na 'n eie, *afsonderlike* vaderland te trek. In *geografiese onafhanklikheid* wou hy sy bestaansmoontlikheid verseker.[111]

Die Britse anneksasie van die Kaap in 1806 het die Afrikaner se bande met Nederland finaal gebreek. Die Groot Trek, waardeur die Afrikaner hom wou *afskei* van die Engelse verdrukking, het 'n heroïse era in ons volksgeskiedenis ingelei. Die Voortrekkers was heldefigure waarin die toekomstige Afrikaner hom kon spieël. Deur hulle voorbeeld is geloofsoor-

111. Kyk *Ibid.*, Deel II, 1806-1854, pp. 289-292.

tuiging, volharding, dapperheid, waagmoed en beslistheid as inspirasie vir die volgende geslagte voorgehou.

Preller skryf van Piet Retief dat daar vir die eerste maal in die harte van duisende Afrikaners die helder omlynde bewussyn gelê is van 'n *afsonderlike Afrikanervolk*, van 'n aparte volk met sy eie taal, godsdiens, sedes, geskiedenis en tradisie. 'n Volk wat sy *eie nasionale toekoms* tegemoet streef.[112] Die Natalse Voortrekkers was verplig om die vraag na hul identiteit te beantwoord toe goewerneur Napier geweier het om Natal as vrye republiek te erken en om die Trekkers steeds as Britse onderdane te beskou. Op 11 Oktober 1841 skryf die Natalse Volksraad: "*Wij zyn van geboorte Hollandsche Afrikcaanen. Wij hebben aanstonds nadat wij haer Maajistyds grondgebied in Suid-Africa verlaten hebben onze onafhankelijkheid gepubliceert en hebben van dien tyd af tot nu toe als een onafhankelijk volk gehandeld, ons zelfe bestierd naar onze eigen wetten en bygevolg opgehouden Brittische onderdaanen te zyn.*"[113]

Die *Vryheidsoorloë* van die Afrikaner teen Britse oorheersing het veel van die karakter van die Afrikaner geopenbaar: sy vegtersmoed, militêre kundigheid en strewe na selfbeskikking op eie grondgebied. Hierdie oorloë sou die Afrikaner *louter* vir die stryd. Dit was dan ook die oorloë van 1881 en van 1899-1902, wat meegebring het dat die onderskeidingslyn tussen Boer en Brit met "*bloed*" getrek is. Dit het Afrikaners vir die eerste maal van regoor die hele land laat besef dat hulle lede van *één* volk is. Kaaplandse Afrikaners het hulle in talle gevalle solidêr gevoel met die republikeinse Afrikaners van die noorde. 'n *Gemeenskaplike* vyand sou die Afrikaners na mekaar toe bring. Ongelukkig was daar ook die "*joiners*" en die "*hensoppers*" wat hulle openlik of bedektelik aan die kant van die vyand geskaar het.

Van al hierdie oorloë was dit veral die **Anglo-Boereoorlog** wat die dieper opvatting van 'n volksbestaan by die Afrikaner tuisgebring het. Breytenbach skryf: "*Dis ons vurige hoop dat die heroïse geskiedenis ... wat ons trotse erfenis is, sal dien om die belangstelling in ons nasionale verlede te stimuleer, 'n gesonde volkstrots en vaderlandsliefde te kweek en groter waardering te wek vir diegene wat alles veil gehad het en soveel ten offer gebring het vir Suid-Afrika, ons vaderland! Mag hul voorbeeld nagevolg word ... wat ons volk ook al in daardie oorlog mag verloor het, sy siel het hy behou. Nee, meer*

112. Preller, G.S., *Piet Retief*, p. 355.

113. Pretorius, H.S. en Kruger, D.W., *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849*, p. 139.

– *in daardie oorlog het ons volk sy siel gevind en van sy sluimerende krag bewusgeword soos nóóit tevore nie."*[114]

Na die oorlog het daar 'n tyd aangebreek met vele woelinge in die Afrikanerdom. Botha en Smuts se ideaal van een groter Suid-Afrikaanse nasie het baie diep gesny, veral as die herinnering aan die lyding van die **Anglo-Boereoorlog** opgeroep is.[115] Die gevaar het wesenlik bestaan dat as die strewe na 'n *eenheidsgemeenskap* sou slaag, dan sou die volksbestaan van die Afrikaner sterk in gedrang kom. 'n Versameling Engelse en Afrikaners deurmekaar kan beslis *nie 'n volk vorm nie.*

Die politieke oorwinning van genl. Hertzog in 1924 het die behoefte aan 'n ideologiese fundering van 'n Afrikaneridentiteit tydelik op die agtergrond geskuif. Die koalisie en samesmelting van 1933-1934 tussen Smuts en Hertzog het die vraag na die wie van die Afrikaner laat herleef.[116] Die **Gesuiwerde Nasionale Party** van dr. D.F. Malan, die **Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings** en die stigting van die **Voortrekkerbeweging** het egter die basis gevorm van dit wat in die verlede gewortel was. Die strewe na *volkseenheid* en 'n republiek *los van Brittanje*, het 'n dinamiese dryfveer geword. Hierdie dryfveer na 'n eie republiek het veral in 1939 en 1940 die Afrikaner tot 'n sterk "*Republikeinse Volksbetoging*" gedryf, aldus Van Heerden.[117] Hy wys daarop dat hierdie "*volksbetoging*" se betekenis daarin geleë was dat dit, "*die volk weer opnuut bewus gemaak het van die republikeinse ideaal.*"[118] Na berig het daar op 20 Julie 1940 ongeveer 70 000 Afrikaners by die Vrouemonument in Bloemfontein saamgetrek, "*om in die openbaar te getuig van hul Afrikanerskap.*"[119] Die kenmerkende gees van hierdie vergadering was nie om, soos mnr. Jim Fouché (latere Staatspresident van die RSA) tereg opgemerk het, "*om hier op die pad van vryheid leiding van die politieke leiers te verkry nie, maar ons het gekom om op hierdie pad van vryheid leiding aan hulle ( die leiers ) te gee.*"[120] Ongelukkig het genl. Smuts se oorlogsverklaring teen Duitsland en Italië 'n groot verdeeldheid on-

114. Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, p. 160.

115. Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel V, 1899-1910, pp. 484-487.

116. *Ibid.*, Deel VIII, 1924-1939, pp. 91-95.

117. Van Heerden, F.J., "As die hele volk betoog", in Ster, 9 Oktober 1970, p. 47.

118. *Ibid.*

119. *Ibid.*, p. 44.

120. *Ibid.*, p. 46.

der Afrikaners meegebring. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n vlaag van proteste.[121] Hieroor skryf Van Heerden: "*As die Afrikaner genoeg gehad het van 'n ding wat hom nie aanstaan nie, dan swyg hy nie meer nie. Dan tree hy sterk op om sy erfgoed te beskerm soos die geskiedenis al meermale bewys het.*"[122]

Dit was in hierdie denkklimaat dat die nasionalistiese denke van die jong akademici na vore gekom het. Van Jaarsveld wys daarop dat hulle besiel was met die Duitse neo-Fichteaanse idealisme en nasionalisme. Ander weer was met die neo-Calvinisme van Kuyper besiel. Maar die twee denkstrome het, "*ter wille van Afrikanervolkseenheid saamgegaan.*"[123] Diederichs skryf: "... *om by ons deur die politiek en politieke verdeeldheid, gemartelde Afrikanerdom die gedagte te laat posvat dat die politiek nie die hoogste en blywendste is nie, maar dat daar bó die politiek 'n ewiger en edeler terrein is, waarin ons almal, ten spyte van partypolitieke verdeeldheid, nog nasionaal één kan wees.*"[124] Volgens Diederichs is nasionalisme 'n geesteshouding, 'n lewensrigting wat totaal is, deurdat dit elke uiting van die siel deurdring en elke aspek van die lewe kleur. 'n Volk is, volgens Diederichs, nie menslike maaksels nie, *maar skeppinge van God self*. Die Afrikanervolk as geestelike eenheid voel hom verenig deur 'n gemeenskaplike kultuur en is 'n "*totale*" gemeenskap wat die hele mens omsluit. Daarom is die Afrikaner in die eerste plek 'n lid van 'n volk en dan lid van iets anders, soos 'n party of kerk. Nasionalisme is noodwendig "*godsdienstig*", want dit moet meewerk tot die verwesenliking van die plan van God, aldus Diederichs.[125]

Die era tussen 1934-1948 was 'n verdere ideologiese soeke na die identiteit van die Afrikaner. Persone soos D.F. Malherbe het duidelik en ondubbelsinnig Afrikanereenheid gestel voor 'n Suid-Afrikaanse eenheid.[126] D.F. Malan het so sterk gevoel oor Afrikaner-volkseenheid dat sy spreekwoord van daardie tyd was: "*Bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort.*" Hy betitel dan ook sy herinneringe: **Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen.**[127]

121. *Ibid.*, p. 43.

122. *Ibid.*

123. Van Jaarsveld, F.A., op.cit., p. 18.

124. Diederichs, N., *Nasionalisme as Lewensbeskouing*, p. 25.

125. *Ibid.*, p. 26.

126. Malherbe, D.F. du T., *Afrikaner-Volkseenheid*, p. 74.

127. Malan, D.F., *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, pp. 11-12.

Dit is ook in hierdie jare dat 'n nuwe probleem vir die Afrikaner na vore getree het, naamlik die *ontvolking* (ont-Blanking? -- JdV) van die platteland. Dit het noodwendig tot 'n groter verstedeliking gelei. Hierdie wegtrek uit sy bekende wêreld sou verreikende implikasies inhou vir die polities-kulturele lewe van die Afrikaner. Langdurige droogtes het die Afrikanerboer verarm en hy sou 'n ekonomiese agterstand by die Jood en Engelsman opbou. Hy sou in 'n hoë mate die slagoffer word van ekonomiese uitbuiting. Dit het 'n vernederde Afrikaner daargelaat en dit was moeilik om aan die stigma van "*boer*" te ontkom.

Maar ook hierdie uitdaging was vir die Afrikaner nie te groot nie. Die geskiedenis het getoon dat die Afrikaner hom ook goed kon aanpas in die stedelike milieu. In 1939 het die FAK 'n ekonomiese kongres belê waar die posisie van die Afrikaner deeglik uitgepluis is. Uit hierdie kongres het dan ook die **Reddingsdaadbond** gespruit. Stelselmatig het die Afrikaner ook die stad verower en hom deeglik laat geld op elke terrein van die ekonomiese lewe. Vandag beleef ons die SANLAM's, die SANTAM's, die SASOL's, die YSKOR's en 'n VOLKSKASBANK. Op politieke gebied het die Afrikaner hom gevestig as 'n gedugte opponent. Hy het die politieke toneel so oorheers dat hy in 1948 teen alle verwagting in die algemene verkiesing gewen het. Inderwaarheid kan geen politieke bestel in Suid-Afrika bedink word, of die Afrikaner speel daarin 'n leidende rol nie. Na 1948 het die Afrikaner met groot selfvertroue die **Unie van Suid-Afrika** volgens sy ideale begin skep en sou hy algaande begin uitreik na 'n *republikeinse* staatsvorm: *die ideaal van die Afrikaner se vryheidsin.* Hierdie ideaal is dan ook bereik met die Republiekwording op 31 Mei 1961.

In 'n sekere sin was dit 'n triomfjaar vir Afrikanernasionalisme. Tog, ironies, soos Barber dit ook sien, het hierdie triomf die onvermoë van ware Afrikanernasionalisme en die strewe na 'n eie soewereiniteit op eie grondgebied blootgelê. Barber skryf: "*Under the challenge of internal black nationalism and international opposition, the government was forced, in defence of its own position, to redefine nation and state. It introduced two new concepts, -- first, a 'white nationalism', and secondly, 'the multi-national state'.*"[128]

Uit die aard van die saak kon die Afrikaner nie die belangrike vraagstuk rondom volkere- en rasseverhoudinge ontkom nie. Kenmerkend van die

128. Barber, J., *op.cit.*, p. 9.

Afrikaner sou hy ook daarvoor nie terugdeins nie. In sy wetgewing sou hy dan ook sy idees van rasseskeiding beliggaam. Skrywers soos G. Cronjé, wat deur Van Jaarsveld as 'n briljante jong sosioloog beskou is,[129] het hom ondubbelsinnig uitgelaat oor die toekoms van die "*Boerenasie*" ten aansien van die nie-Blanke in die land. Sy bydraes was duidelik gemik teen die gees van gelykstelling en integrasie in 'n "*mengelmoes-samelewing*".[130] Vir sy gevoel sou so 'n vermenging onvermydelik lei tot die verdwyning van die Blanke ras, gesien die getalle oorwig van die Swartes in die land. Ook die houding van die "*liberaliste van die imperialisties-kapitalistiese*" groepe het hom bekommer. Cronjé skryf: "*Die Boerenasie is die enigste volk van Europese herkoms wat in hierdie land ontstaan en ontwikkel het. Hy is in hierdie land gewortel, hy het as't ware uit hierdie bodem gespruit, hy ken die probleme van hierdie land uit eie ervaring -- Suid-Afrika is die enigste vaderland van hierdie Boerenasie ... Die Boerenasie is inheems, daarom is hy die beste in staat om die werklike belange van Suid-Afrika bo alle ander oorwegings te stel.*"[131] Cronjé sien dan ook in *volkome gebiedskeiding* die enigste oplossing vir ons rassevraagstuk. "*Ons wil vir ons nageslag tot in lengte van dae in hierdie land 'n tuiste verseker.*"[132] Die "*Boerenasie*", soos Cronjé dit noem, het self onder heerskappy gely en het gestry om sy identiteit te handhaaf en te hou, daarom gun hy vir elke ander volk en bevolkingsgroep eie en volkome selfbeskikking.[133]

Ons wil hierdie afdeling afsluit deur te volstaan met enkele indrukke oor die **betekenis** van Afrikanernasionalisme vir die Afrikanervolk, nou en in die toekoms.

Dit gebeur van tyd tot tyd, en onrusbarend dikwels in vandag se lewe, dat (sommige) Afrikaners in 'n staat van pessimisme oor die toekoms van die Afrikaner verval. Hulle sien geen heil in die Afrikanervolk as 'n *eksklusiewe* volk in eie reg nie. Dit bring mee dat die volkstaat-gerigte Afrikaner vandag

---

129. Van Jaarsveld, F.A., *Wie en wat is die Afrikaner?*, p. 23. Geoff Cronjé, 'n sosioloog aan die Universiteit van Pretoria, het die volgende publikasies die lig laat sien: *'n Tuiste vir die nageslag: Die blywende oplossing van Suid-Afrika se rasse-vraagstukke* (1945); *Afrika sonder die Asiaat* (1946); *Regverdige rasse-apartheid* (1947); *Voogdyskap en Apartheid* (1948).

130. Cronjé, G., soos aangehaal in Van Jaarsveld F.A., *Wie en wat is die Afrikaner?*, p. 23.

131. *Ibid.*

132. *Ibid.*

133. *Ibid.*

keuses en prioriteite daar stel wat sy voortbestaan verseker. P.G. du Plessis merk op: "*Die Afrikaner is ... die mees omskrewe en heromskrewe, gedefinieerde en hergedefinieerde begrip wat hy nog in sy lees en denke teengekom het, wat 'n bevestiging is van die Afrikaner se onsekerheid oor homself.*"[134]

In 'n artikel: "*Die Afrikaner -- mondig of onmondig?*", kritiseer Degenaar A.P. Treurnicht se **Credo van 'n Afrikaner**, en vra dan of Treurnicht se siening van die Calvinisme en Christelik-nasionale beleidsuitspelling nie eerder 'n "*hindernis*" op weg na die "*nuwe*" Suid-Afrika is nie. Hy verwyt Treurnicht dat 'n taal in die **Credo** voorkom wat vandag nie meer ter sprake is nie.[135] In 'n bepaalde sin is hierdie twee persone dan ook na my mening tipiese *eksponente* van die hedendaagse gesprek oor die Afrikaner. Die een (Degenaar) liberaal-verlig, die ander (Treurnicht) konserwatief-behoudend. Elkeen beleef die realiteit van die dag anders.

As ons die denke van beide ontleed, merk ons op dat in die denke van 'n verligte "*nuwe*" Afrikaner soos by Degenaar, Afrikanernasionalisme irrelevant geword het. Degenaar praat van die "*mondige*" Afrikaner wat hom ten doel stel om in 'n nuwe idioom van 'n sogenaamde "*regverdige samelewing*" moet dink, 'n samelewing wat praat van magsdeling tussen alle groepe in die land en 'n samelewing met 'n gemeenskaplike toekoms. Vir Degenaar bestaan daar vir geen volk aparte "*redding*" nie. Dit is óf gesamentlike verlossing óf algemene verdoemenis. Hy oordeel verder dat die Afrikaner 'n stadium in sy geskiedenis bereik het waar die aanwending van volksnasionalistiese taalgebruik in 'n plurale samelewing, onvanpas geword het. Die behoud van die "*nuwe*" Afrikaner lê nie in konfrontasie nie, maar in onderhandelinge en ooreenkoms tot gesamentlike besluitneming van alle groepe in Suid-Afrika. Degenaar is van mening dat Treurnicht se Christelik-nasionale denke 'n gebrek aan patriotisme vertoon. Vir hom is Suid-Afrikaanse patriotisme geleë in gelyke menswaardigheid en dat die totale bevolking van die land aan Suid-Afrika as gemeenskaplike vaderland sal dink ten einde 'n gemeenskaplike lojaliteit te skep en strukture daar te stel waarin alle groepe hul tuis kan voel.[136]

134. Kyk Du Plessis, P.G., in **Die Transvaler**, 11 November 1979.

135. Degenaar, J.J., "Die Afrikaner: Mondig of onmondig?", in *Standpunte 130*, Augustus 1977, pp. 7-23.

136. Kyk ook L. Schlemmer se standpunt in **Rapport**, 10 Julie 1988, p. 29.

In Treurnicht se antwoord op Degenaar se artikel wys hy daarop dat Degenaar die verloëning van volksregte pleeg in naam van 'n gemeenskaplike patriotisme. Volgens Degenaar moet die Afrikaner sy posisie van krag aanwend om te verdwyn in die "*open society*". Dit is kragdadige selfmoord van 'n volk, aldus Treurnicht.[137] In hierdie verband wys hy na 'n voordrag van Degenaar in Durban (17.3.77) waar Degenaar gesê het: "*A move should be made to force the government to shift towards 'concocial pluralism' as our immediate goal on the way to an open society.*"[138] Volgens die **Daily News** (18.3.77) het Degenaar gesê: "*Volks-nationalism by Afrikaner leaders must be seen as a step backwards.*"[139] Treurnicht haal ook dr. D.F. Malan aan as Malan in **De Volkstem** (16.5.1911) waarsku teen hierdie anti-nasionale sug om die Afrikaner in 'n "*vormlose volksbredie*" te laat ondergaan. Malan sê: "*Wij worden tegenwoordig niet meer gevraagd om onze nationaliteit op te geven, maar wij worden gebeden om de vernietiging daarvan toch niet te verhinderen.*"[140]

Treurnicht beskou dan ook afsonderlike ontwikkeling van volke as moreel geregverdig. Hy sê: "*Die evangelie sal die volk dan ook nog méér in homself laat ontdek as wat hy nog ooit in homself gesien het. Hy sal homself sien as verordening van God, met 'n roeping van God.*"[141] Daardeur wil Treurnicht ondubbelsinnig sê, dat 'n volk se strewe na 'n eie leefruimte of grondgebied nie as sodanig onchristelik of in stryd met Gods leiding in die geskiedenis van volkere is nie. Daar is 'n veelheid van lewensverbande waarvan, ook in Suid-Afrika, volkere bepaalde gestaltes is.[142]

Na my mening spreek Degenaar se houding van 'n *fatalistiese* siening oor die Afrikaner en sy toekoms. Dit hou nie rekening met die wil onder talle Afrikaners om sinvol as Afrikanervolk in hierdie vaderland te bly voortbestaan nie. Daarom staan die Afrikaners wat 'n eie volkstaat begeer, 'n staatsvorm voor wat nie onderworpe sal wees aan 'n "*vreemde*" meerderheid nie. Vir dié Afrikaners se besef sal so 'n staatsvorm hul einde beteken. Seton-Watson skryf: "*Even if the imagined horrors of miscegenation could be avoided, even if one were optimistic about some agreed political and social*

---

137. Treurnicht, A.P., "Meningswisseling", in *Standpunte 133*, Februarie 1978, pp. 70-71.

138. *Ibid.*, p. 70.

139. Soos aangehaal in *Ibid.*, p. 70.

140. Soos aangehaal in *Ibid.*, p. 71.

141. *Ibid.*, p. 74.

142. *Ibid.*, pp. 74-75.

*compromise, it was clear that the specific Afrikaner culture would be submerged. A multiracial South Africa would have closer links with the African states, and probably also with the America's. English would be the predominant language, and some sort of Afro-Anglo-Saxon culture would emerge, in which old Afrikaner values would be swamped.*"[143]

Talle Afrikaners waarsku geruime tyd reeds teen hierdie aanslag van binne die Afrikanergeledere. So is, volgens Van Wyk Louw, die Afrikaner se nasionalisme gebore uit sy stryd van meer as 'n eeu om as volk te bly voortbestaan. Dit was 'n stryd, nie om individue nie, maar om nasionale voortbestaan. Hy skryf: "*Maar daar is van ons verwag om op te hou om voort te bestaan as 'n aparte volk met 'n eie taal en aparte plek tussen die nasies van die wêreld. Hierdie stryd is aan ons opgedring sowel deur dié wat ons van buite af aangerand het en ons nek dwarsdeur 'n eeu van verkleining, verdrukking en uiteindelik wapengeweld wou buig, as deur die van ons eie volk wat verdwaas deur die klinkende frases van 'grootheid', 'n wyer wêreldverhoog' e.d.m. ons in 'die breër verband' sou en wil laat opgaan.*"[144]

Dreyer sien sulke Afrikaners (soos geëksponeer deur onder andere Degenaar -- JdV), as 'n "*groter vyand as die vyand self.*" Volgens hom is dit die "*skerpste en gevaarlikste*" aanslag omdat dit teen die Afrikaner se *waardes, sy norme, sy toekoms en voortbestaan* gerig is. Vir hom lyk die beplanning in Suid-Afrika na "*geen beplanning*" nie en die "*prysgawe van alle beginsels.*" Die propaganda van die dag vereis dat alles "*ten volle of minstens gedeeltelik geïntegreer*" moet wees. Hy kan nie sien hoe hierdie "*vermengings-eis*" te rym is met die "*eeu-oue ideaal van 'n onafhanklike, vry, Westerse, Blanke Afrikanervolk*" nie. Hy wys daarop dat waar die verdeling vroeër onder die Blankes, Afrikaner teenoor Brit was, is dit nou "*Afrikaner teenoor Afrikaner.*" In die lig hiervan vereis Dreyer 'n "*grondplan*" wat die toekoms vir die Afrikaner sal oopmaak, naamlik, " *'n Blanke onafhanklike Afrikanervolk.*"[145]

In dieselfde publikasie wys Scholtz daarop dat die "*verligtes*"[146] totaal uit voeling is met die werklikheid -- in so 'n mate dat hulle nie eens kan sien dat hulle help om die toekoms van die Blanke in Suid-Afrika totaal te wil vernietig nie. Scholtz sien die verligtes as die "*spreekwoordelike aap in die por-*

---

143. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 375.

144. Louw, N.P. van Wyk, *Liberale Nasionalisme*, pp. 102-103.

145. Dreyer, P.S., *Afrikaner-Liberalisme*, pp. 10-29.

146. Kyk ook De Klerk, W.J., "Aanslag op die erfpag van die Afrikanerjeug", pp. 141 e.v.

*seleinkas*." In plaas van om volkseenheid aan te wakker is hulle besig om verdeeldheid en onmin te saai. Hulle onderskryf nie die beginsels van Afrikaner-nasionalisme nie, maar dié van die liberalisme van die "*Hofmeyer-skool*".[147]

In sy mosie tot die stigting van die **Afrikanervolkswag** op 5 Mei 1984 in die Skilpadsaal in Pretoria, het prof. E.M. Hamman, voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria, daarop gewys dat daar geruime tyd al, "*miskien vir jare al*", magte en kragte aan die werk is om die Afrikaner te denasionaliseer. "*Nasionalisme word as doodsonde beskou en as belemmering te wees vir enige moderne vooruitgang en samewerking. Ons moet almal eenderse gelyk-geskakelde humaniste word. En so waai daar vandag ook liberale winde van integrasie. Integrasie op sportgebied, integrasie op ons universiteite, in ons parke, teaters, hotelle en restaurante, en die mees onlangse in groot sentrale stedelike sakegebiede. ... dan gaan daar nog kom integrasie in die parlement, in die kabinet, in die staatsdiens, en ek wil u vra, het u nie al tekens opgemerk van die pogings tot integrasie in ons Afrikaanse kerke nie?*" Hamman vra die vraag: "*Wat gaan van die voortbestaan van die Blanke en van die Afrikaner as 'n aparte kultuurgroep met sy eie identiteit hier aan die Suidpunt van Afrika word as hierdie stroom nie gekeer word nie? Is die Afrikanervolk se voortbestaan as eiesoortige vrye volk nie meer as ooit op die spel nie?*"[148]

Hierdie betoog oor die betekenis van die bestaan en voortbestaan van die Afrikanernasionalis word dan saamgevat met enkele grepe uit dit wat skrywers uit die buiteland en ook onder onsself, van die Afrikaner gesê het. *Dat die Afrikaner sal voortbestaan en sal weier om ondergeploeg te word is seker.* Dit het baie te doen met sy wilskrag en geloof om te oorleef -- iets wat hy van sy stoere voorvaders geërf het, wat as voorbeeld uit die geskiedenis vir ons, die Afrikaner van vandag, nog geld. Coolenbrander skryf: "*Hun strijd om het volksbestaan, die niet gisteren begon, eindigt morgen ... Een boom met zulke wortels wordt niet gemakkelijk uit den bodem gerukt. Hij moge nu ontbladerd staan door de ongunst van het getij, de oude sappen stijgen hoog*

---

147. Scholtz, G.D., "Liberalisme in die perswese", in Dreyer, P.S., *Afrikaner-Liberalisme*, pp. 65-70.

148. Die mosie tot stigting van die **Afrikanervolkswag** op 5 Mei 1984 te Pretoria, soos voorgedra deur prof. E.M. Hamman, stigterslid van die Volkswag en voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria.

*op in den stam, en wederom zal hij bloesem dragen."*[149] Hierdie woorde was profeties en het in 1948 en weer in 1961 gestalte verkry. Nou in 1990 staan die Afrikanervolk, na baie Afrikaners se mening, weer voor 'n krisis in sy bestaan.

Na die **Tweede Vryheidsoorlog** het Milner verwag dat die Afrikanervolk sou verdwyn en dat sy taal sou ophou om te bestaan. Hy het verwag dat Suid-Afrika soos Australië of Nieu-Zeeland sou word. Met trots het Milner gesê: *"I have saved the British position in South Africa and have knocked the bottom out of the great Afrikaner nation for ever and ever, Amen."*[150] Hoe ver het hy nie die bal misgeslaan nie! Selfs vreemdelinge moes met die verloop van tyd bewus word van die Afrikaner se vasberadenheid om sy identiteit te handhaaf. Janks skryf: *"The continued existence of the white man in Southern Africa depends upon the Afrikaner, not the English-speaking South African. The Western strategic interest at present depends on this too, for majority rule in South Africa, under whatever disguise, cannot offer the same degree of immediate security to the West."*[151]

Op 7 Februarie 1881 vra Paul Kruger in 'n brief aan die Vrystaatse Volksraad die volgende vraag: *"Wie zijn wij?"* Die antwoord hierop was ondubbelsinnig: *"Afstammelingen van de Hollandsche kolonisten van de Kaap de Goede Hoop en bestaande uit zuiwere Hollandsche mannen en uit nakomelingen van de Refugées.... uit deze twee stammen groeide één Volk op, één in geloof, één in rustigen eerbied voor de Wet, maar met één gevoel van vrijheid en onafhankelijkheid, even grootsch als de vlakten ruim waren en wijd, die zij van lieverlede onttrokken hadden aan de woestenij der natuur of de nog woester oorspronkelijke bevolking."*[152] Die edele afkoms en vryheidsin van die ware Afrikaner word deur talle aangeprys. Feit van die saak is dat enigiemand wat wil beslis oor die toekoms van die Afrikaner in hierdie land, *rekening moet hou met die Afrikaner self!* Die ware Afrikanernasionalis sal hom nie in 'n drukgang van oorgawe aan 'n meerderheidsregering laat druk nie. Daarvoor lê die strewe na selfbeskikking te sterk in sy bloed. In sy werk: **Een Eeuw van Onrecht**, skryf Reitz: *"Broeder Afrikaners! Weer is die dag aangebroken in onze met bloed geschreven geschiedenis, dat wij verplicht zijn*

---

149. Coolenbrander, H.T., *De Afkomst der Boeren*, p. 1.

150. Van Jaarsveld, F.A., *Wie en wat is die Afrikaner?*. p. 10.

151. Janks, P., *Southern Africa: New Horisons*, p. 16.

152. Kyk die, *"Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek"*, Deel I, Nr. 6, 16 Februarie 1881, soos aangehaal in Van Jaarsveld, F.A., *op.cit.*, pp. 8-9.

*naar de wapenen te grijpen ten einde de kamp voor vrijheid en bestaan te hervatten, en onze nationale zaak toe te vertrouwen aan de voorzienigheid, die ons volk met mirakelen door Zuid-Afrika heeft geleid.*

*"De ure is aangebroken wanneer beslizt zal worden of Suid-Afrika door het handhaven harer vrijheid een nieuw tydperk harer geschiedenis zal ingaan, dan of ons volk zal ophouden te bestaan ... Het jonge Afrikanervolk had zich tot een hecht blanke aristocratie gevorm en ontwikkeld op den onafzienbaren donkeren achtergrond van het tallooze naturellendom: de Afrikanergeest van meesterschap, die zich paarde aan deze ontwikkeling wist het Britische Goewernement op die gevoeligste wijze te kwetsen, door langs tallooze wegen den kant der naturellen boven dien van den Afrikaner te nemen."*[153]

In 'n artikel: "*I am an Afrikaner*", skryf De Klerk by geleentheid: "*As an Afrikaner my own motive for a political system of separate development is purely one of self-preservation. But this also guarantee the preservation of all our black peoples; they are not a unitary group. Despite their bond of black consciousness, the various black peoples have traditional feuds and jealousies, differences in tradition and in national aspirations. Historically, each black nation had its own territory and its own authority. For this reason modern Afrikaners believe in the political dispensation of development of black states in the historical definition by which blacks will be able to grow in their own countries towards full independence and freedom.*

*"All those who live in South Africa -- Whites, Coloreds, Asians -- should have their own states ... The political philosophy of modern Afrikaners -- and it differs considerably ... -- can be summarized as follows. It favours the establishment of separate states, with self-determination of interests entrenched. It means that each population group will have its own institutions, its own political authority, its own educational and recreational apparatus, and so on."*[154]

De Klerk handel dan ook met die vraag wat buitelanders so dikwels aan hom gestel het, naamlik waarom die Afrikaner dan nie maar assimileer met dié groepe, wat dan ook dikwels die meerderheid in die land vorm nie? Sy antwoord daarop was dat die Afrikaner skerp in reaksie sou kom teenoor so 'n situasie, juis omdat sy nasionalisme so diep gewortel is. Hy skryf: "*Afri-*

---

153. Reitz, F.W., *Een Eeuw van Onrecht*, p. 72.

154. Kyk De Klerk, W.J., "I am an Afrikaner", in Munger, E.S. (ed.), *The Afrikaners*, pp. 92-93.

*kaners are nationalists par excellence. We are welded to our nation and to our language; we have a strong consciousness of identity, and the will to survive. We are a proud people, tempered through suffering in the past and strengthened by present ostracism in our tenacity and desire for self-assertion ... But we will never betray our Afrikaner heritage for mere 'colorless' survival: In this we have more in common with the American Indians than with other Americans. Only by violence can our heritage be taken away from us. And then, however foolish it may seem, there is in the Afrikaners a doggedness that will cause them to launch a counter revolution ...*" Dan stel De Klerk dit kategories: "*I am an Afrikaner, and what I have written in this essay applies to the Afrikaners who are taking the lead in almost all spheres of community life. What I write is biographical in the sense that it could be the story of many Afrikaners ... And through all this I and my people will remain Afrikaners with a passionate love for our country, our language, our culture, and our lifestyle. Our identity is not negotiable.*"[155] Hiermee is ons dit met De Klerk roerend eens.

## 7. VOLKSTIPIESE STATE: 'N MANIFESTASIE VAN AFRIKANERNASIONALISME

### *7.1 INLEIDING*

By die Afrikaner het die gedagte aan 'n eie soewereine staat nog altyd diep wortels gehad. Inderwaarheid kan hierdie wortels reeds sover teruggevoer word as die stryd van die Nederlandse volk teen die Spaanse oorheersing in die sogenaamde **Tagtigjarige Oorlog** (1568-1648). Ten diepste het hierdie stryd ook gegaan om ware selfbeskikking en onafhanklikheid op eie volksbodem. Jooste skryf: "*Hierdie geskiedenis het 'n diepgaande indruk op die gemoed van die Nederlandse volk gemaak en die model van 'n geroepe volk wat soewerein moet wees en sy soewereiniteit ten alle koste moet verdedig, gevestig. Dié gees het sterk in die Nederlandse koloniste, wat hulle feitlik direk na die vredesluiting aan die Kaap kom vestig het, geleef.*"[156]

Hoe hierdie gesindheid deur die jare by die Afrikaner posgevat het, is in die geskiedenis baie bekend. Dit het veral begin met die stryd in Swellendam en Graaff-Reinet, met die **Patriot-beweging** op sy hoogtepunt. Toe reeds is

155. *Ibid.*, pp. 93-94. Dit is sterk te betwyfel of De Klerk vandag nog hierdie mening toegedaan is!

156. Jooste, C.J., "Die Afrikanervolk en die nie-Blanke", in Nel, P.G.(red.), *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 317.

daar al gepraat van 'n "*burgerstaat*" en 'n "*volkstaat*".[157] Ook Voigt verwys na die Witman se republiek as hy skryf: "*Having abused its powers and become the oppressor of the Colonists, the association of Amsterdam merchants had to give place to the White man's Republic created by the Africander Frontiersman, who where activated by the love of freedom and the faith in self-government which they had inherited from there ancestors.*"[158] As hy die trek van die grensboere na die binneland beskryf, sê Voigt: "*The Tulbach kloof formed the gateway to the future Republic. Van der Stel, the Dutch East Indian satrap, was creating the race which, before the end of the eighteenth century, would proclaim the first free burgher state in South Africa ...*"[159]

Hierdie strewe van die **Patriotte** na volksoewereiniteit asook die verligte hervormings van De Mist op politieke, ekonomiese, opvoedkundige en kerklike gebied, sou later tot belangrike intellektuele en praktiese spoorslag dien vir die staatkundige ontplooiing van die Afrikaner-republieke in Natal, Transvaal en die Vrystaat. Trouens, die konstitusionele grondslae van veral die laaste twee Boererepublieke het die kroon geplaas op die jarelange demokratiese aspirasies van die Afrikanervolk. Soveel so dat konstitusionele kenners hierdie republieke as *modelrepublieke* voorgehou het.

Dit is duidelik dat die kulturele omlyning wat die Afrikanervolk ervaar het tydens die agtiende- en negentiende eeue in Suid-Afrika, noodwendig moes lei na 'n *geografiese* omlyning. Die onvermoë van 'n volk om homself kultureel en andersinds te laat geld as hy nie onder sy eie owerheid op eie geografies-omlynde grondgebied woon nie, is sterk en pynlik ervaar in die laaste drie dekades van die Nederlandse en die eerste drie van die Britse bewind. As so 'n geografiese omlyning onduidelik en verbrokkel is, en die staatkundige ordening teenstrydig met kultuurideale, kan mense hulle nie ondubbelsinnig met staat en land identifiseer nie. Dit beteken dat die volksidentiteit nie in die praktyk kan funksioneer nie. Die keuse bly dan om óf in opstand te kom en die verydelende faktore uit die weg te ruïm, óf om die volksidentiteit te laat vaar en ooreenkomstig die bestaande politieke en geografiese ordening te identifiseer.

---

157. Kyk Van Schoor, M.C.E., "Eerste beslag van 'n Afrikaner Republikanisme", in Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., *Republieke en Republikeine*, p. 32.
158. Voigt, J.C., *Fifty Years of the History of the Republic of South Africa*, p. xxvii.
159. *Ibid.*, p. 6.

Soos blyk uit die geskiedenis het die Afrikaner verkies om weg te trek en om 'n eie omlynde grondgebied te vind waar hy 'n eie staat kon stig om sodoende aan vreemde owerhede met hul anderse lewensbeskouing en waardesisteme te ontkom. Dit was 'n *identiteitskonsoliderende* daad. Net volke wat reeds sulke situasies beleef het sal dit begryp.

In die "*volkstate*" wat die Afrikaner vir hom gestig het is beslag gegee aan eie *lewensbeskouings* en *waardes* wat as tipies volks-eiendomlike na vore gekom het. Die Afrikaner sou vir hom 'n tuiste vind, nie geskoei op vreemde model nie, maar opgebou ooreenkomstig *eie volksaard en tradisies*. Hierdie beginsel sou neerslag vind in eie **volkstipiese** state.

## *7.2 GRAAFF-REINET EN SWELLENDAM*

Graaff-Reinet en Swellendam word hier behandel onder die term "*volkstipiese*" state omdat hulle op hierdie stadium **al** die kenmerke van 'n vorm van "*volksoewereiniteit*" geopenbaar het. Wierenga is waarskynlik die eerste skrywer wat na hierdie twee distrikte as "*Boererepublieke*" verwys het en ook inhoud gegee het aan begrippe soos "*vaderland*", "*vryheid*" en "*nasionalisme*".[160]

Ons is dit egter met Van Schoor eens wat daarop wys dat daar op daardie stadium geen onafhanklike republieke in die lewe geroep is nie. Trouens, hierdie distrikte wou steeds onder die Nederlandse owerheid resorteer. Hulle verset was hoofsaaklik teen die wanbestuur van die Kompanjie gerig.[161] Dit kan egter beredeneer word dat daar op daardie stadium géén Nederlandse (of Bataafse) regering oor die Kaap gesag gevoer het nie, en dat die grensboere van Graaff-Reinet en Swellendam **de facto** dus onafhanklik was. Gie skryf tereg: "*In 1795 was die Afrikaanse volk as aparte nasionaliteit klaar geskep ...*"[162] Dit bly dus 'n onomstootbare feit dat in die stryd van die koloniste, en by name die **Patriotte** en die opstande by Graaff-Reinet en Swellendam, die wortels van 'n eie Afrikaanse republikanisme gesoek moet word. Hulle sou naamlik seggenskap opeis in die regering op die beginsel van volksverteenwoordiging en volksoewereiniteit. Van Schoor skryf: "*Die begrip 'volksoewereiniteit' het egter sedert die einde van*

160. Wierenga, P.A.C., *op.cit.*, p. 16. Kyk ook Bylae E, p. 364.

161. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 38-39.

162. Gie, S.F.N., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel I, p. 251.

*die 18de eeu so 'n sterk historiese tradisie verkry, dat dit vry algemeen met die Afrikaner se demokratiese republikeinse strewe vereenselwig word."*[163]

As die omstandighede wat daardie tyd aan die Kaap geheers het in oënskou geneem word, sal besef word dat alhoewel die State-Generaal in Nederland die hoogste gesag was, dit wel die bestuur van die **Vereenigde Oos-Indische Compagnie** was wat die gesag aan die Kaap gevoer het. 'n Oktrooi vir een-en-twintig jaar is aan hulle toegestaan om die alleenreg te hê wat handeldryf betref. Hulle sou ook die reg hê om as handelsmaatskappy ooreenkomste te sluit, goewerneurs en regters aan te stel en om 'n verdedigingstelsel in te rig. Omdat sakebelange vir die State-Generaal hier die swaarste geweeg het, is daar egter nooit ingegryp nie.[164]

Dit spreek dus vanself dat, staatkundig gesproke, die burgers aan die Kaap geen medeseggenskap in die "*sentrale bestuur*" van die land gehad het nie. Inderwaarheid is streng onderdanigheid verwag. Daar was geen geskrewe grondwet waarvolgens sake bestuur is nie en die Here XVII het bindende magte oor alles gehad. Die **Politieke Raad** was die hoogste gesagsliggaam en die Vryburgers het geen verteenwoordiging daarop gehad nie.[165]

Op plaaslike vlak was dit anders gesteld. Hier het die Vryburgers wel 'n vorm van verteenwoordiging geniet. Naas die **Weeskamer**, die **Huwelikshof** en die **Hof van Kleine Sake** in Kaapstad, waarop twee Vryburgers sitting gehad het, is in die distrikte Stellenbosch (1682), Swellendam (1745) en Graaff-Reinet (1785) 'n landdros en heemrade in die lewe geroep. Die landdros was 'n kompanjiesamptenaar terwyl die vier heemrade Vryburgers was. Hulle werksaamhede was egter van beperkte omvang. Hulle is ook nie deur die burgers aangewys nie maar is by wyse van koöptasie aangestel. Ten spyte daarvan het die burgers hierdie eenvoudige bestuur baie belangrik geag. Dit was ook nie lank nie of die binnelandse verdediging het in die sorg van die burgerkommando's gekom. Die Kompanjie wou nie hoë kostes in hierdie

---

163. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 39.

164. *Ibid.*, p. 22.

165. Kyk Bruwer, P.F., *Vir Volk en Vryheid*, p. 92. Beyers skryf ook dat daar in 'n Burgerpetisie van 1779 die burgers in Artikel 9 van die petisie versoek het dat daar sewe Burgerrade aangestel sal word wat ook sitting op die Politieke Raad sou hê, dog dit is van die hand gewys. Kyk Beyers, C., "Binnelandse beroeringe en ondergang van die Kompanjie, 1779-1795", in Van der Walt, A.J.H., Wiid, F.A. en Geyer, A.L., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 113-116.

verband aangaan nie.[166] Gie het dan ook gepas opgemerk dat 'n bevolking wat onder sy burgerlike leiers sy land help verdedig, *"reeds ver op die pad van selfregering gevorder het."*[167]

Botsings met hierdie outokratiese vorm van bestuur sou onvermydelik blyk te wees. Daar is reeds gewys op die feit dat die tradisie van die *Vryburgers* se voorgeslagte uit die Nederlanders en die Franse by hulle 'n sterk vryheidsdrang sou ontwikkel. Die Vryburgers was beslis op hoogte van die politieke verwikkelinge in Nederland, waar die *"Nederlandse Patriotte"* in 'n hewige stryd met die Oranje Party gewikkel was.[168] Die drang het by hulle ontstaan dat die hoogste staatspersoon deur die volk self gekies moes word. Verder het die afgeleë binneland hulle baie onafhanklik gemaak en het hulle onvergenoeg geraak met die min begrip wat die *"sentrale regering"* vir hulle gehad het. Beyers wys daarop dat Vryheidsoorloë, soos die **Amerikaanse Vryheidsoorloë** (1773-1783), vir die burgers 'n regverdiging gegee het vir hul strewe na die verbetering van hul bestaande situasie, *"en dit was vir hulle 'n prikkel tot volharding in die stryd."*[169] Ook nuwe staatsopvattinge uit Nederland sou 'n groot invloed op die burgers hê. Soos reeds daarop gewys het die burgers in 1779 'n petisie opgestel waarin daar vir die eerste keer sekere *staatkundige* begrippe geformuleer is. Daarin maak die burgers aanspraak op effektiewe *verteenwoordiging* in die sentrale regeringsliggaam naamlik die **Politieke Raad**. Van hierdie petisie het daar egter weinig tereg gekom. Die burgers het hulle aksie gekonsolideer deur 'n liggaam, die *"gecommiteerde Representanten van het volk"*, in November 1784 in die lewe te roep.[170] Hierdie liggaam, waardeur die lede deur middel van die volkstem verkies is, se taak was om die belange van die burgers in die buitedistrikte te verteenwoordig en om in die besonder hul klagtes aan die hoogste regeringsliggaam in Nederland, die State-Generaal, voor te lê. Van Schoor skryf: *"Nie minder as drie versoeke is aan die State-Generaal gerig om die 'Kaapse burgerstaat' in hul soewereine beskerming te neem en hulle teen die 'roekelose' bewind van die Kompanjie te beskerm."*[171]

166. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 25.

167. Gie, S.F.N., soos aangehaal in *Ibid.*, p. 25.

168. Schutte, G., "Kompanjie en koloniste aan die Kaap", in Giliomee, H. en Elphick, R. (reds.), *'n Samelewing in Wording, 1652-1820*, p. 214.

169. Beyers, C., *Die Kaapse Patriotte, 1779-1791*, soos aangehaal in Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 30.

170. Schutte, G., *op.cit.*, p. 214.

171. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 32.

Alhoewel hulle nie veel vermag het nie, was daar tog iets van die ontplooiing van die Afrikaner se strewe na sekere *eie* staatsbeginsels merkbaar. Die magte van die "*volksrepresentante*" is afgelei uit die volkswil omdat die volkswil hulle daargestel het. Die stem van die volk het hoorbaar geword.[172] Die heil van die volk moet die opperste wet wees: **salus publica suprema lex esto.**[173] Ook Beyers skryf dat die burgers die hoop uitgespreek het, "*dat hulle in staat sou wees om middele en weë aan te toon waardeur die Kolonie, 'of liever deesen Volkstaat', sou kon bydra tot die roem, rykdom en mag van Nederland, selfs al kon die Kompanjie hom nie staande hou nie.*"[174] Daar is reeds op die afgesonderdheid van die burgers gewys en dat dit by hulle 'n sterk selfstandigheidsin gekweek het. Dit het hulle gegrief dat grond wat deur hulle met hulle noordwaartse trek beset is, goedsmoeds deur die Kompanjie opgeëis is.[175] Ook ekonomiese maatreëls soos veehandel met die inboorlinge, waarop die Kompanjie 'n verbod geplaas het, het misnoë gewek. Verder het die Kompanjie ook 'n *kompromisbeleid* met die inboorlinge gevolg van, "*vrede teen elke prys*", en dit het verhoudinge baie vertroebel.[176] Die burgers het met reg gevoel dat hulle kant van die saak nie altyd regverdig hanteer is nie. Baie van die skuld vir die grensprobleme is voor hulle deur gelê. Die burgers het op die rand van openlike verset gestaan.

Die vonk wat hierdie verset sou aanblaas was die hooghartige houding van die filantropiese landdros, Maynier. Hy het openlik die inboorlinge en Hottentotte se kant gekies. Giliomee rapporteer byvoorbeeld dat Maynier ingemeng het in die verhouding tussen die koloniste en hulle diensbodes.[177] Op 29 Januarie 1795 het drie-en-veertig burgers 'n, "*Te samenstemming*" onderteken waarin hulle hul griewe gelug het en gesweer het om "*tot die laaste druppel bloed*" bymekaar te staan en deur middel van "*die algemene volkstem*", die wette te herstel.[178] Ses dae later het die burgers se beproefde kommandant, Adriaan van Jaarsveld, in Graaff-Reinet aangekom en namens die ontevredenes geëis dat 'n gesamentlike sitting moes plaasvind.

---

172. Kyk Beyers, C., "Binnelandse beroeringe en ondergang van die Kompanjie, 1779-1795", in Van der Walt, A.J.H. e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 123.

173. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 23.

174. Beyers, C., "Binnelandse beroeringe en ondergang van die kompanjie", *op.cit.*, p. 120.

175. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 34-35.

176. *Ibid.*, p. 35.

177. Giliomee, H., "Die Burgerrebellies aan die Oosgrens, 1795-1815", in Giliomee, H. en Elphick, R., *op.cit.*, p. 364.

178. Kyk Beyers, C., "Binnelandse beroeringe en ondergang van die Kompanjie", p. 125.

Op 6 Februarie 1795 is Maynier aangesê om die distrik te verlaat. Die Kompanjie wou sy gesag herstel, dog die poging het misluk. Die "*algemene volkstem*" het hom afgedank![179]

Belangrike gevolgtrekkings wat hieruit gemaak kan word is dat die Afrikaner-burgers hul vryheid *selfs met hul lewens sou verdedig*. Bruwer skryf: "*Die Afrikaners in Graaff-Reinet het finaal met die gesag van die Kompanjie gebreek en dit was hierdie daad wat bekend staan as die politieke debuut van die Afrikanervolk.*"[180] Dit is ook duidelik dat die burgers op hierdie stadium nie 'n onafhanklike republiek in gedagte gehad het nie, maar hulle wou hulle, "*onder die soewereiniteit van die 'vrije Republiecq' van Nederland plaas.*"[181]

In die Swellendamse distrik sou veral *ekonomiese* faktore die Kompanjie baie ongewild maak. Die Graaff-Reinetters se opstand het spoedig ook in Swellendam rugbaar geword. Teen die helfte van Junie 1795 het 'n sestigtal gewapende burgers onder bevel van Petrus Delport, die nasionale kommandant, die drosdy in Swellendam beset terwyl die landdros en heemrade in sitting was. Landdros Faure is uit sy amp ontslaan. Die woord "*nasionale*" is toe ook voor elke amp geplaas, soos byvoorbeeld die, "*nasionale*" landdros.[182] Die hoogste bestuursliggaam was die **Nasionale Konvensie** of **-Vergadering**.[183] Dit het geskied in navolging van die Franse opperliggaam wat deur die **Franse Revolusie** in 1792 in die lewe geroep is. Die *Nasionale Konvensie* (-Vergadering) het uit die fungerende en oud heemraadslede sowel as verteenwoordigers van die breë volkswil naamlik die Nasionale Burgers bestaan. Die President (bloot in die sin van 'n voorsitter) van die **Nasionale Konvensie** het prakties die funksie van die landdros oorgeneem.[184] Die vernaamste beginsel, naamlik volksoewereiniteit het nou gegeld. Uit hul optrede was dit duidelik dat die nasionale burgers of burgery

---

179. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 37. Dit is insiggewend dat die invloedryke Adriaan van Jaarsveld, wat eens 'n kragtige "ondersteuner van die regeringsgesag" was, nou op 'n botsing met die owerheid afgestuur het. Om onbekende redes het die sentrale regering blykbaar geweier om Van Jaarsveld as heemraad aan te stel, al was hy deur die Graaff-Reinetse heemrade genomineer. Kyk Giliomee, H., *op.cit.*, p. 365.

180. Bruwer, P.F., *op.cit.*, p. 105.

181. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 37.

182. *Ibid.*, p. 38.

183. Voigt, J.C., *op.cit.*, p. 44.

184. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 38-39.

oor die lot van die regerende liggaam en sy ampsdraers beslis het. Hier het ook dieselfde beginsel as by Graaff-Reinet gegeld naamlik dat daar geen onafhanklike republiek in die lewe geroep is nie. Hulle wou hulle ook onder die vrye Republiek van Nederland bevind. Voigt skryf: " ... *these burghers announced that they were not in insurrection against Holland* ..."[185] Te midde van hierdie woelinge het 'n Britse vloot in Junie 1795 Valsbaai binnegeseil en op 16 September 1795 is die Kaap beset. Die Swellendammers het hulle sonder meer aan die nuwe bewind onderwerp. Voigt skryf: "*Even in Swellendam they gave up their republic and agreed to come under British rule.*"[186] Die Graaff-Reinetters het hulle egter tot die volgende jaar in November 1796 teen die Britte verset.[187] Wierenga wys daarop dat die twee "*Boerenrepublieken*" slegs in die onvermydelike sou berus, dog dat, "*de zucht om weer een onafhankelijk bestuur te vestigen, niet gebluscht was.*"[188]

Reeds in hierdie jare sou die begrip *volksoewereiniteit* 'n sterk historiese betekenis verkry waardeur 'n onblusbare vuur in die Afrikaner sou ontbrand om te strewe na volledige selfbeskikking op eie grondgebied.

### *7.3 NATALIA: DIE EERSTE VOORTREKKERREPUBLIEK*

Daar is reeds in die vorige paragraaf gewys op die feit dat die gebeure in Graaff-Reinet en Swellendam aan die einde van die agtiende eeu verkeerdelik as die eerste Boererepublieke in Suid-Afrika beskou is. Dit is al afdoende aangetoon dat hoewel hierdie twee distrikte hulle van die Kompanjie wou losmaak, hulle tog daarmee nie die gesag van die State-Generaal in Nederland, onder wie se oppertoesig die Kompanjie gestaan het, wou verwerp nie. Dit is ook insiggewend om in die tweede plek daarop te wys dat in 'n sekere sin die eerste Boererepubliek in Suid-Afrika waarskynlik in die Vrystaat ontstaan het toe sewe mense by Thaba Nchu, met Retief as goewerneur, verkies is om 'n volksregering te vorm.[189] Dit was egter 'n republiek nog op trek, 'n republiek sonder grense.

Toe die Voortrekkers in 1836 begin het om vir hulleself 'n staat te skep, het hulle weinig gehad waarop hulle kon bou. Wat plaaslike bestuursvorme

---

185. Voigt, J.C., *op.cit.*, p. 44.

186. *Ibid.*, p. 55.

187. Kyk Giliomee, H., *op.cit.*, p. 368.

188. Wierenga, P.A.C., *op.cit.*, p. 51.

189. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 58.

en militêre organisasie betref, kon hulle van die instellings uit die Hollandse bewind gebruik maak soos die ampte van die landdros, heemrade, kommandante en veldkornette. Origens moes hulle egter hul eie weg vind. Scholtz wys daarop dat die Afrikaner se Calvinistiese lewensbeskouing hom in hierdie opsig goed te staan gekom het. Hy skryf: "*Hy was wetsgehoorsaam, het almal as sy gelyke beskou en wou in alle sake wat hom raak geken wees.*"[190]

Met die voorafgaande aspekte in gedagte, kan daar met 'n mate van reg aangevoer word dat die eerste grondwetlike reëling wat in die streek tussen die Oranjerivier en die Vaalrivier getref is, nog maar die "*embrionale*" fase van die totstandkoming van die Natalse republiek was.[191] Omdat die Trekkers in Natal nooit 'n formele onafhanklikheidsverklaring uitgereik het nie, sou daar beswaarlik na 'n stigtingsdatum van die Republiek van Natal gewys kon word.

Muller wys daarop dat daar minstens twee redes was waarom die Republiek Natalia merkwaardig was, naamlik, "*as die vroegste werklike republiek in die geskiedenis van Suid-Afrika, en omrede van die kortstondigheid van sy vierjarige bestaan.*"[192] Hy sê verder: "*Sy geskiedenis bestaan merendeels uit die pogings van onervare veeboere en landbouers om met behulp van hul ervaring in die Kaapkolonie en op trek 'n nuwe, uiters demokratiese staatstruktuur daar in te rig en hulself deur middel daarvan volgens eie insigte te bestuur.*"[193]

Na die moord op Retief en sy mense, is daar teen die einde van Mei of vroeg in Junie 1838 **Regulatien en Instructien voor den Raad van Representanten van het Volk aan Port Natal en omliggende Land** op 'n algemene Volksvergadering aanvaar waardeur 'n verkose Volksraad van vier-en-twintig lede in die lewe geroep is. Teen die helfte van 1838 het 'n volwaardige Boerestaat dus in Natal bestaan. Thompson skryf: "*The key institution was an elected Volksraad of twenty four men, aged between twenty-five*

190. Scholtz, G.D., "Staatsbeskouing van die Voortrekkers", in die *Amptelike Program en Gedenkboek*, Inwyding van die Voortrekkermonument, 1949, p. 116.

191. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 58.

192. Muller, C.F.J., "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854", in Muller, C.F.J., (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 142.

193. *Ibid.*, p. 142.

*and sixty. The Volksraad was not only a legislature; it was also the final court of appeal, and even the executive authority, for there was no other executive."*[194]

Hoe sterk die Trekkers egter ook al in hul reg op eie staatkundige vryheid geglo het, het die Britse owerheid dit nie aan hulle gegun nie. Lacour-Gayet skryf: *"The new governor, Sir George Napier, was a simple person incapable of understanding how sensible men could be unwilling to live under the British flag."*[195] Die jong republiek het hom tevergeefs na die Britse owerheid gewend om sy soewereine onafhanklikheid formeel te erken. Vier jaar na sy oprigting, dit wil sê in Mei 1843, sou die **Gemeenbest aan Port Natal**, soos die Republiek Natalia bekend gestaan het, formeel tot Britse gebied verklaar word.[196]

In die kort bestaan van hierdie republiek sou die Afrikaner nou vir die eerste keer, sedert 1806, die geleentheid smaak om sy sluimerende republikeinse staatsbeginsels te laat ontluik en tot toepassing te bring. Die **Regulatien en Instructien** van die Volksraad, sowel as die regulasies vir die regter of magistraat en ook die wyse van regspleging, is vir 'n groot deel deur J.N. Boshoff, die latere Vrystaatse President, opgestel.[197] Dit het vir die eerste keer aan die Trekkers se staatkundige posisie 'n vastigheid gegee.[198] Du Plessis skryf: " *...die uitbreiding tot 'n geskrewe grondwet van die eenvoudige reëlings van Thaba Nchu en Vetrivier ... Die hele regeringsvorm van die Natalse Republiek het op hierdie regulasies en instruksies, saam met die aanvullende besluite van die Volksraad berus ... Die hele inrigting van die regering was net soos dié wat daaraan voorafgegaan het, deur en deur republikeins."*[199]

194. Kyk Wilson, M. en Thompson, L., *The Oxford History of South Africa*, Deel I, p. 365. Kyk ook die *Natalse Volksraadsnotule*, 1839-1845, in Preller, G.S., *Voortrekkerwetgewing*. Die datum van opstelling van die instruksie word aangeneem as Oktober 1838, hoewel eerwaarde Erasmus Smit in sy dagboek op 12 Junie 1838 skryf dat J. Boshof tot President van die Raad van 24 lede verkies is. Kyk Preller, G.S., *Voortrekkermense*, Deel III, p. 212.

195. Lacour, G., *A History of South Africa*, p. 100.

196. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 59.

197. Du Plessis, A.J., "Die Republiek Natalia", in *Argief-Jaarboek*, Deel II, p. 163.

198. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 59.

199. Du Plessis, A.J., "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902)", in *Argief-Jaarboek*, Deel III, 1955.

Vir die Trekkers moes die gemeenskap of "*gemenebes*" wat hulle in die lewe sou roep, die algemene welsyn van al die lede daarvan bevorder. Derhalwe is besluit om, "*door een Algemeene Volkstem Rechters aan te stellen, die voor het algemene bes en vrede zullen moeten waken.*" Die "*sug van vrijheid, die nu in den harten van den Afrikaanschen Boeren woonen,*" (soos Andries Pretorius dit later sou uitdruk), het nie net daarin bestaan om van die Britse juk vry te wees nie, maar om na binne hul vryheid te verseker en hul burgerlike regte en vryhede deur 'n republikeinse staatsvorm te waarborg.[200] Ware demokratiese vryheid sou vir hulle alleen bestaan in 'n regering **vir** en **deur** die volk. So het Gerrit Maritz die opvatting gehuldig dat, "*het Volksstem de opperste magt en bestuur (zal) uitmaken.*"[201] Daar sou dus stiptelik gehou word by die wette en regulasies van die Algemene Vergadering. Die belangrike beginsel van volksverteenwoordiging, naas die van die oppergesag van die volk, sou dus geld. Die volk sou volle gesag oor alle staatsake uitoefen. Die hele regeringstelsel het 'n volksgees geadem en het die volk daarvan verseker dat daar binne hul republiek steeds volkome vryheid sal wees. Die feit dat die uitvoerende, wetgewende en regsprekende funksies almal aan een liggaam opgedra is, en die wenslike skeiding nie uit die staanspoor ingevoer is nie, moet bloot aan praktiese omstandighede toegeskryf word. Waar die Trekkers nog op trek was en dus op daardie stadium geen permanente tuiste gehad het nie, kon hulle beswaarlik drie afsonderlike liggame in die lewe roep.[202]

Dit is verder opvallend dat die Trekkers nie die uitvoerende gesag in die hande van een enkele persoon, dit wil sê 'n "*president*" laat opgaan het nie.[203] Dit is moontlik te wyte aan die ervaring van die outokratiese optrede van die Kaapse goewerneurs in die Kompanjiestyd. Dit geld ook vir die Britse goewerneurs. Die Trekkers was versigtig dat dieselfde optrede hom nie herhaal nie. Ook Scholtz is van mening dat mense met 'n vryheidsin soos die Voortrekkers wel bereid was om die een of ander persoon te volg, maar hulle moet gelei en nie gedryf word nie. Scholtz skryf: "*Hul vryheidsin was die rede waarom hulle daarteen gewaak het om te veel politieke mag in die hande van een persoon te plaas.*"[204] Insiggewend was die mening van skrywers soos

---

200. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 61.

201. Wypkema, A., *Invloed van Nederland op die ontstaan en die ontwikkeling van 'de staatsinstellingen der Zuid-Afrikaansche Republiek' tot 1881*, p. 188.

202. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 62-63.

203. *Ibid.*, p. 63.

204. Scholtz, G.D., "Staatsbeskouing van die Voortrekkers", pp. 119-120.

Preller en Du Plessis. Preller het Retief gesien as, "*in werklikheid die eerste -- en ook enigste -- president oor die gesamentlike Boere-emigrante.*"[205] Volgens Du Plessis het Retief inderdaad dieselfde posisie as die latere staatspresidente van die Vrystaat en Transvaalse republieke beklee.[206] Retief was egter inderwaarheid nie met outonome gesag beklee nie. Hy was aan die volk sowel as die Volksraad verantwoording verskuldig. Onder hierdie bestuursreëling was Retief met dieselfde bevoegdhede as die latere presidente (van die Oranje-Vrystaat en Transvaal) beklee, alhoewel hierdie bevoegdhede nie duidelik omskryf is nie.

Na Retief se dood is daar nie meer 'n goewerneur verkies nie en is die uitvoerende en wetgewende bestuur opnuut in die hande van die, **Raad der Representanten van het Volk**, gelaat. Hierdie Volksraad sou egter nie onbeperkte mag hê nie, en die beginsel van die oppergesag van die volk is nog erken. Vandaar dat die Volksraad elke drie maande moes vergader. Die burgers kon met toestemming aan hierdie besprekings deelneem en kon ook by wyse van versoekskrifte hul wense aan die Volksraad bekendmaak. Dit was ook ongelukkig so dat na Retief se moord die Natalse Republiek nie weer oor 'n kragtige staatshoof sou beskik nie. Dit was waarskynlik te wyte aan die vrees dat te veel mag in een persoon saamgetrek sou wees. Andries Pretorius was die aangewese persoon, dog die feit dat hy as Kommandant-Generaal die taak van die uitvoerende funksie op hom wou neem het onenigheid veroorsaak. Die besef dat die Republiek Natalia sy posisie ernstig verswak het deurdat daar nie 'n vaste staatshoof met uitvoerende gesag aan die hoof gestaan het nie, sou eers na die Britse anneksasie in 1843 tot hulle deurdring. Lacour-Gayet skryf tereg: "*It is*

205. Preller, G.S., *Piet Retief*, p. 25. Wichmann wys daarop dat op die Vrystaatse hoëveld in Junie 1837 aan Piet Retief goewerneurskap met uitvoerende gesag sowel as hoofkommandantskap aangebied is, dog daarna het niemand weer daardie dubbele benoeming ontvang nie. So byvoorbeeld is Andries Pretorius voor die Slag van Bloedrivier (1838) versoek om die bevel van die Strafkommando op hom te neem. Na afloop van die veldtog is hy egter weer in 1839 tot, "Hoof Commandant over het algemeen aan dese en gene syde der Draakbirg, onder dese maatschappy behoorende, voor het vervolg van tyd", aangestel. Deur hierdie benoeming is hy nog nie tot die uitvoerende gesag van die Raad verhef nie. Kyk Wichmann, F.A.F., "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860", in *Argief-Jaarboek*, Deel II, 1941, p. 25-26.

206. Kyk Du Plessis, A.J., *op.cit.*, p. 101.

*curious however that these men who had undergone every possible tribulation should not have been more aware of the necessity of a powerful executive.*"[207]

Die Trekkers in Natal se beleid ten opsigte van die Swart volke was dat hulle 'n gebied sou afbaken met grotendeels Blanke vestiging. Voigt skryf: "*The striking feature of this Constitution is the refusal to acknowledge in it the principle of race equality, then so strongly advocated by dr. Philip and the* **London Missionary Society** ... *Piet Retief and his followers, in founding their state and drawing up its Constitution, believed it was their duty to secure the safety ... of the White race in that part of Africa in which they were interested, and prevent that also to become a Black Colony ... They saw in the principle of complete equality for Natives with Europeans nothing less than political suicide.*"[208] Die Voortrekkers sou genoeg Swart arbeid laat agterbly. Die Swartes sou goed behandel word dog sonder politieke regte. Dit blyk egter dat, ondanks die moorddadige uitwissings onder Tjaka, daar talle meer Swartes as Blankes was. Die syfer word gestel op ongeveer 6 000 Blankes en 25 000 Zoeloes.[209] Macmillan wys tereg daarop dat hierdie verskynsel dit moeilik vir die Trekkers gemaak het om te regeer. Hy skryf: "*The numbers of the natives in Natal were an unlooked for embarrassment and imposed on the Boers a task of government for which they were unprepared and indeed unfitted.*"[210]

Om die probleem rondom die Swartes op te los is reservate vir die Zoeloes geskep, dog hierdie reservate het nie veel voorsiening gemaak vir die toekoms nie. Dit was 'n praktiese probleem vir die oomblik en so het hulle dit probeer oplos. Dit was veral die plakkery op die Trekkers se plase wat die situasie baie gekompliseerd gemaak het. Met die opheffing van die Zoeloebeheer suid van die eintlike Zoeloeland het tienduisende ontwortelde Swartes die Republiek Natalia oor sy lang grense binnegestroom.[211] Die Volksraad het maatreëls begin oorweeg waardeur die klein Blanke bevolking

207. Lacour, G., *op.cit.*, p. 100.

208. Voigt, J.C., *op.cit.*, pp. 335-336.

209. Brooks, E.H., *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present day*, p. 22.

210. Macmillan, W.M., *Bantu, Boer and Briton: The Making of the South African Native Problem*, p. 179.

211. Kyk Muller, C.F.J., *op.cit.*, p. 145.

hul beleid van rassedifferensiasie en gebiedsegregasie in hul eie staat kon toepas.[212]

Die Britte, asook die sendelinge, het die wêreld vir die Trekkers nie makliker gemaak nie. Botsings sou onvermydelik volg. Dit sou tot militêre optrede lei waar Andries Pretorius uiteindelik vir Kaptein Smith by Congella beleër het. Die Britse troepe is egter ontset en die Boere se militêre weerstand is beëindig. Die Britte het Natal in Desember 1842 as kolonie aanvaar, en die Trekker-Volksraad het in Oktober 1845 verdwyn. So het die *"skadu-republiek"* opgehou om te bestaan, aldus Muller.[213] Talle Voortrekkers het besluit om Natal te verlaat.

Dit is interessant om daarop te wys dat, deur die verhuising van 'n gedeelte van die Afrikaners uit die Kaapkolonie na die binneland, daar met die Groot Trek ook 'n skeiding tussen Afrikaner en Afrikaner gekom het. Dit sou wel deeglik sy uitwerking op die latere politieke, kerklike en kulturele gebied uitoefen. Van Jaarsveld skryf: *"Uit die Groot Trek het 'n Republikeinse Noorde en 'n Koloniale Suide tevoorskyn gekom wat 'n staatkundige dualisme en 'n kulturele tweeheid binne Suid-Afrika bewerkstellig het. Ons kan dit die polarisasie van Suid-Afrika noem, want tussen hierdie twee pole sou die politieke lewe tot vandag toe wentel."*[214] Die Afrikaners wat in die Kaap sou agterbly, sou deur die heersende staatsinstellinge en kulturele beïnvloeding, *"anders ontwikkel as die Afrikaners wat onafhanklik in die Republikeinse Noorde gewoon het"*, sê van Jaarsveld.[215] In die Kaap was daar beter onderwysfasiliteite, dog die verengelsing het deurentyd toegeneem. Die Kaapse Afrikaner was dus in 'n groter gevaar om sy nasionaliteit en taal in te boet en in die Engelse stroom op te gaan. Die Kapenaars sou egter hul Hollands-Afrikaanse nasionaliteit handhaaf, en dit sou blyk van groot nut te wees vir die nasionaliteitsbesef by die Kaapse Afrikaners. Dit het ook aanleiding gegee tot die eerste Taalbeweging. Hulle aanslag op die Britte sou dus eerste op die kultuurfront kom.[216] Dit bly egter 'n feit dat die verdeling wat die Groot Trek meegebring het, remmend op die nasionale ontwikkeling van die Afrikaner gewerk het. Staatkundige grense het hulle van mekaar

---

212. *Ibid.*, p. 145.

213. *Ibid.*, pp. 146-147.

214. Kyk Van Jaarsveld, F.A., "Die stryd om die vestiging van die Republikeinse onafhanklikheid, 1836-1854", p. 42.

215. *Ibid.*, p. 60.

216. *Ibid.*

geskei, en waar sulke grense deur 'n volk loop word samegroeiing bemoeilik. Van Jaarsveld wys tereg daarop dat tot in ons tyd die Kaapse Afrikaner 'n "*liberale*" en die Republikeinse Afrikaner 'n "*konserwatiewe*" tradisie geken het.[217]

## *7.4 DIE REPUBLIEK VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT*

As daar op die stigting van die eerste *Boererepubliek* in Suid-Afrika aanspraak gemaak word, kom die eer waarskynlik die Vrystaat toe. Met dié dat die trekgeselskappe van Gert Maritz en Andries Potgieter op 2 Desember 1836 by Thaba Nchu op "*een algemene vergadering*" deur "*eene algemene volkstem*", sewe persone verkies het om onder meer as "*eene Wetgewende Lichaam*" op te tree, en Piet Retief op 6 Junie 1837 deur verdere reëlings tot "*Goewerneur*" verkies is, en die nuwe "*Maatschappij*" die naam van "*De Vrije provincie van Nieu Holland in Suid-Oost Afrika*" ontvang het, is die grondslag van die eerste vrye, onafhanklike "*Boerestaat*" in hierdie Suiderland gelê, aldus van Schoor.[218] Hierdie "*Boerestaat*" was in 'n sekere sin nog maar 'n republiek op trek, aangesien daar nog geen duidelikheid was oor die uiteindelike woonplek nie en ook was dit aan geen bepaalde grense gebonde nie.

Die ontstaansgeskiedenis van die Republiek van die Oranje-Vrystaat was heel anders as die van die ander republieke. Trouens, soos Van Schoor skryf: "*Selde in die geskiedenis was 'n staat by sy onafhanklikheidswording so onvoorbereid en ontoegerus as die Oranje-Vrystaat ...*"[219] Op die stigtingsdag van die Oranje-Vrystaat op 23 Februarie 1854,[220] het die eerste waarnemende President, J.P. Hoffman, die republikeinse vrywording van die landstreek tussen die Oranje- en die Vaalrivier aan sy landgenote en medeburgers aangekondig: "*De dag van heden was een der zeldzame, indien niet de eenigste, in de wereldgeschiedenis, en voor ons de geboortedag onzer onafhanklijkheid. Wat wij op denzelven werden, verkregen wij ongevraagd, door de edele grootmoedigheid van Hare Britsche Majesteit, gistern nog onze geëerbiedigde Koningin; en terwijl andere volken, voor dit dierbaar kleinood,*

217. *Ibid.*, p. 62.

218. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 58.

219. Kyk Van Schoor, M.C.E., "Die Oranje-Vrystaat", in Muller, C.F.J., *op.cit.*, p. 204. Kyk ook Bylae F, p. 365.

220. Kyk Bosman, I.D., "Die Groot Trek, 1838-1854", in Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., *op.cit.*, p. 246.

*jare strijds en stroomen bloeds offerden, ontvangen wij het door slechts te nemen wat ons aangeboden werd.*"[221] Dit bly natuurlik 'n vraag of die koningin uit, "*edele grootmoedigheid*" die Boere tussen die Oranje- en die Vaalriviere hul onafhanklikheid teruggegee het. Dat die Vrystaat egter op 'n heel unieke wyse sy onafhanklikheid verkry het, ly geen twyfel nie. Sover bekend is daar geen ander voorbeeld in die geskiedenis van die Britse Ryk waar Brittanje gedurende die negentiende eeu vrywillig aan die oorspronlike inwoners grondgebied teruggegee het nadat dit etlike jare lank onder Britse gesag gestaan het nie. Bosman skryf: " *... met die Konvensie van Bloemfontein het Brittanje grondgebied waaroor sy vlag gewapper het, ontruim en sy onderdane vrywillig van hulle trou aan die Britse Kroon onthef.*"[222]

Tydens die Groot Trek, deur onder andere ook die Vrystaat, het vele Trekkers hullè in die Vrystaat gevestig en nie na Natal getrek nie. A.H. Potgieter het in 1838 'n groot stuk grond van Makwana gekoop waar baie Trekkers hulle dan ook gevestig het. Na die Britse inmenging in Natal het baie Trekkers weer teruggetrek oor die Drakensberge en hulle in die Vrystaat gevestig. Baie Boere was nog lojaal aan die Britse Kroon, en die "*republikeinsgesinde Boere*" het geen steen onaangeroer gelaat om hierdie "*lojaalgesinde Boere*" tot die republikeinse standpunt oor te haal nie, dog merendeels tevergeefs.[223]

In Februarie 1848 het Sir Harry Smith die gebied tussen die Oranjerivier en die Vaalrivier tot die "*Oranjerivier-soewereiniteit*" verklaar.[224] Hy het aan die owerhede in Londen verduidelik dat dit die Britse regering niks sou kos nie. Al die inwoners van die provinsie, Blank sowel as nie-Blank, was bereid om onder die Britse gesag te staan. Die republikeinsgesinde Boere in die Vrystaat het hulle heftig teen hierdie "*Soewereiniteit*" verset.[225] Die begeerte en die strewe om hul eie vryheidsideale en volksaspirasies uit te leef was baie sterk. In Augustus 1848 het 'n republikeinse kommando by **Boomplaats** met die Britte slaags geraak, dog verloor omdat die ondersteuning maar bra halfhartig was. Dit wil voorkom asof die burgers "*sonder enige vegtery of*

---

221. Kyk, *The Friend of the Sovereignty*, 25.02.1854, soos aangehaal in Van Schoor, M.C.E., "Die Oranje-Vrystaat", in Muller, C.F.J., *op.cit.*, p. 205.
222. Kyk Bosman, I.D., "Die Groot Trek, 1838-1854", p. 246.
223. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 98.
224. *Ibid.*, p. 99.
225. Malan, J.H., *Die Opkoms van 'n Republiek: Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, p. 103.

*bloedstorting*" hul vryheid wou verkry. Dit moes eerder, " *'n gewapende protes wees*".[226]

Die *Oranjerivier-Soewereiniteit* is in vier magistraatsdistrikte verdeel met Warden as die oppergesagvoerder en met volle verantwoording by die Britse Hoë Kommissaris. Elke magistraat is met juridiese sowel as met burgerlike mag beklee. Dit was dus 'n suiwer amptenaarsregering. Die burokratiese karakter van die bestuur van die "*Soewereiniteit*" is slegs in teorie getemper deur die feit dat daar vir die wetgewende Raad, bestaande uit die Britse Resident as president, vier magistrate en agt benoemde raadslede (dit wil sê twee burgers uit elke distrik) voorsiening gemaak is. Die Raad het geen bindende mag oor die Britse Resident gehad nie. Voorts het dit geblyk dat die benoemde burgers lojale ondersteuners van die Britse Kroon was.[227]

Van ondersteuning vir die Engelse was daar weinig sprake, en die Britse regering moes al hoe groter koste aangaan om die toestand in die *Soewereiniteit* stabiel te hou. Malan skryf: "*Die veldtog het £10,373 gekos. Sir Harry Smith durf nie vir die geld by die Britse skatkis aanklop nie, veral na sy stellige versekering kort tevore dat die proklamasie van die Soewereiniteit deur die inwoners 'met trane in die oë' versoek en ook welkom geheet is.*"[228] Geen wonder dat die opdrag vanuit Brittanje was dat die uiteindelike opsegging van die *Oranjerivier-Soewereiniteit* 'n vasstaande punt in die Britse beleid moes wees nie. Dit was dus in werklikheid nie die edelmoedigheid van die Britse Kroon nie, maar wel die knellende finansiële laste vir die Britse regering wat haar tot die stap genoodsaak het.

Hul beleid teenoor die nie-Blankes het ook nie geslaag nie. Dit was veral die Basoeto's wat al hoe brutaler geword het. Ook die oorvloei van Swartes uit ander gebiede het 'n al hoe groterwordende vraagstuk geskep. Na die onafhanklikheidswording van die Vrystaat in 1854 sou dit ook een van die eerste take van die Boererepubliek wees om geen eiendomsreg aan enige gekleurde te gee of om enige burgerlike regte in Blanke gebied te hê nie. Macmillan skryf: "*The Free State had already shown its conception of 'Native Policy' by parcelling out as Boer farms the whole of the 'Conquered Territory' ... The British Protectorate of 1868 saved what was left of Basoetoland, from a similar fate, and by so doing 'solved' the Free State native problem -- at once*

---

226. *Ibid.*, p. 103.
227. *Ibid.*, p. 111.
228. *Ibid.*, p. 109.

*quaranteeing a highly necessary Native Reserve and relieving the Republic of the onerous task of governing a huge dependent native population ... therefore gave the Free State that comparatively homogeneous character which was long its pride, its strength and its safety.*"[229]

Baie lojaalgesindes teenoor die Britse Kroon het hulle vertroue in die Britse owerheid begin verloor. Die gevoel het ook by hulle ontstaan dat die Boere hulle eie heil moet uitwerk. Die wantroue by feitlik al die Trekkers was trouens so groot dat, toe die Britse Spesiale Kommissaris, Sir George Clerk, in Augustus 1853 in Bloemfontein aankom om die opsegging van die gebied deur te voer, is hy met die grootste agterdog bejeën.[230] Die republikeine het algaande besef hoe die saak staan en het hulle bereidwillig getoon om met die Kommissaris te onderhandel. Op 15 Februarie 1854 het ongeveer dertig volksverteenwoordigers die finale onderhandelinge aangeknoop en op 23 Februarie 1854 is die **Bloemfontein Konvensie** formeel onderteken. Hierdeur het Brittanje die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat plegtig gewaarborg en, "*ze verklarende in alle opzigten geheel en al een vrij en onafhankelijk volk.*"[231] In die grondwet wat sou geld vir die nuwe en jong republiek, is erkenning verleen aan die beginsel dat elke burger geken moet word in die daarstelling van die sentrale gesag. 'n "**Raad van Volksrepresentanten**" (of ook "*Volksraad*"), bestaande uit nege-en-twintig lede, dit wil sê een vir elke veldkornetskap en een vir elk van die vernaamste dorpe en twee vir Bloemfontein, is in die lewe geroep. Hulle taak was om 'n eg republikeinse staatsvorm vir die burgers van die republiek in 'n grondwet vas te lê. Nieuwoudt wys daarop dat hierdie ledetal in 1886 tot 56 vermeerder het.[232] Orpen, een van die opstellers van die nuwe grondwet, skryf: "*A considerable portion of the articles were proposed by me and of these the principles were drawn from the constitution of the United States of America.*"[233]

---

229. Macmillan, W.M., *op.cit.*, pp. 305-306. Kyk ook Van Jaarsveld, F.A., "Die stryd om die vestiging van die Republikeinse onafhanklikheid, 1836-1854", p. 50.

230. Kyk Bosman, I.D., "Die Groot Trek, 1838-1854", p. 264.

231. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 102.

232. Kyk Nieuwoudt, C.F., "Die konstitusies van die Vrystaat- en Transvaalse Republieke", in Scholtz, G.D., *Die konstitusie en die staatsinstelling van die Oranje-Vrystaat -- 1854-1902*, p. 74.

233. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 104.

Gesien in die lig van bogenoemde stelling, wil dit inderdaad voorkom asof alle republikeinse grondwette van daardie tydperk ook die VSA tot voorbeeld gehad het.[234] In ieder geval, of die idees en beginsels soos vervat in die Vrystaatse grondwet uit die Amerikaanse grondwet van 1787, of selfs die Franse of Nederlandse grondwette kom, die feit bly bestaan dat slegs dit wat in ooreenstemming met die tradisies, gebruike, ervaringe en aspirasies van die Boervolk was, in die nuwe grondwet opgeneem is. By nadere ondersoek van die nuwe grondwet kan werklik nie een artikel aangedui word wat vir die Trekkers vreemd of uitlands was nie.[235] *Die grondwet het letterlik gegroei uit die Vrystaatse bodem!*[236] Dit is verder ook insiggewend om daarop te wys dat die Vrystaat ruim ses jaar vóór die Zuid-Afrikaansche Republiek sy grondwet gekry het. Uit die staanspoor het hy dus oor 'n *volwaardige* grondwet beskik.

Die Vrystaatse grondwet van 1854 het net 62 Artikels bevat.[237] Dit het sy oorspronklike karakter dwarsdeur die republikeinse era behou. Dit toon aan hoe raak die opstellers daarvan aan die republikeinse staatsideale van die burgers van die Vrystaat gestalte gegee het. Trouens, hierdie grondwet het deur die jare slegs enkele wysigings ondergaan, deels as gevolg van die feit dat die prosedure vir grondwetwysigings so moeilik was.

Die uitvoerende gesag in die Vrystaat is aan 'n **Uitvoerende Raad** opgedra. Die Staatspresident is deur 'n meerderheid van stemme vir 'n tydperk van vyf jaar deur al die stemgeregtigde burgers verkies, dit wil sê direk deur die volk self.[238] Pligte en magte van uiteenlopende aard is aan hom opgedra, soos byvoorbeeld toesig oor die verskillende staatsdepartemente, die aanstel van staatsamptenare en die finansiële beleid. Hy kon verder ook oorlog verklaar, vrede en verdrae sluit, al moes dit met die goedkeuring van die Volksraad geskied. Hy was ook in die posisie om die buitelandse beleid te bepaal en was ook (feitlik) die hoogste krygsoffisier soos bepaal deur die krygs- en kommandowet.[239]

---

234. Kyk Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 102.
235. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 110.
236. Nieuwoudt, C.F., *op.cit.*, p. 72.
237. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 110.
238. Nieuwoudt, C.F., *op.cit.*, p. 76.
239. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 117-118.

In kort kom dit daarop neer dat die grondwet nie aan die President besondere en buitengewone magte verleen het nie. Sy magte kon merendeels ook deur die Volksraad uitgeoefen word. Sy magte en pligte is dus nie volkome van dié van die Volksraad geskei nie, soos dit byvoorbeeld met die President van die VSA die geval was nie. Hy kon byvoorbeeld geen wette of besluite van die Volksraad veto nie. Hy moes dit uitvoer al het hy met die strekking of inhoud daarvan verskil. Al was hy dus die Staatspresident, dan was hy nog ondergeskik aan die Volksraad.[240]

Die praktyk het egter 'n ander sy getoon deurdat daar genoeg ruimte gelaat is waar die Staatspresident groter gesag gehad het as wat hy in die teorie besit het. Inderwaarheid is sy sterk staatsleiding nooit betwis nie.

'n Interessante aspek van die grondwet was dat dit 'n afdeling van *"Algemene Bepalinge"* bevat het wat in die oorspronklike bewoording van 1854 verstrek word en so te sê onveranderd tot 1902 gehandhaaf is.[241] Dit het onder andere bepalinge bevat soos dat die Romeins-Hollandse reg die regstelsel van die staat sou wees; dat almal gelyk is voor die reg; elke inwoner is gehoorsaamheid aan die Wet en aan die owerheid verskuldig; eiendomsreg sou gewaarborg word; persoonlike vryheid (mits dit binne die raamwerk van die wet geskied) sou gewaarborg word asook die vryheid van die pers. Hierdie bepalinge getuig beslis van die hoë etiese en algemeen erkende beskaafde waardes wat die onafhanklike staat binne sy eie staatsopset wou sien.

Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat toon dat hulle ideale nie net by woorde gebly het nie. Hulle sou dit ook in die praktyk toepas. Deur hierdie eenvoudige bepalinge van die grondwet, het die wetgewers daarin geslaag om 'n wetgewende gesag daar te stel wat aan die behoeftes van die jong staat kon voldoen. Deur die Volksraad is die volk waarlik verteenwoordig en kon die wil van die meerderheid van die volk tot uiting gebring word. Orde en stabiliteit is geskep en die "*model*" republiek kon rustig verder ontwikkel.

## *7.5 DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK*

Dit is 'n reeds bekende feit dat nie al die Trekkers na Natal afgetrek het om daar vir hulle 'n vaste tuiste in te rig nie. Dit was veral Andries Hendrik Potgieter wat van mening was dat Natal nog te na aan die Britse invloedsfeer

240. Kyk Malan, J.H., *op.cit.*, p. 226.

241. Kyk Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 121-122 vir meer besonderhede.

was. Potgieter en sy mense het verkies om hulle voorlopig rondom Winburg, die eerste Voortrekkerdorp, en ook langs die Mooirivier, waar Potchefstroom aangelê is, te vestig. Die grond waarop Winburg geleë was, het Potgieter van Makwana geruil. Dit het tot aan die Vaalrivier gestrek. Ten noorde van die Vaalrivier het die grond oopgelê, veral nadat Silkaats tot oor die Limpopo verdryf is.

Die Trekkers op die Hoëveld het 'n kommandostelsel op die been gebring met 'n hoofkommandant aan die spits, bygestaan deur 'n krygsraad om die bestuursreëlings van hul mense waar te neem. Potgieter was die hoofkommandant. Hoewel Potgieter en sy mense in 1838 'n onafhanklikheidsverklaring uitgereik het, het hulle *geen formele republiek* tot stand gebring nie.[242] Inderwaarheid was die eenheid op die Hoëveld maar 'n losse eenheid en met die wegbreek van die Potchefstroomse Burgerraad van die Natalse Volksraad in 1844, het hierdie losse eenheid tot 'n einde gekom. Alhoewel kortstondig, was hierdie *republiek* geografies die grootste wat Suid-Afrika tot dusver geken het.

Die verlies van Natal vir die Trekkers is opgevolg met die geboorte van Transvaal as 'n onafhanklike republiek. Met die uitroep van 'n nuwe Trekkerstaat in die vorm van 'n onafhanklikheidsverklaring in April 1844 te Potchefstroom, sou dit uiteindelik die **Zuid-Afrikaansche Republiek** word.[243] Die bekende "*Drie-en-dertig Artikels*" is ook hier aanvaar. Talle historici aanvaar hierdie Artikels as die eerste Transvaalse grondwet. Dit was egter, om die minste daarvan te sê, inderwaarheid geen grondwet nie. Hoogstens was dit 'n weerspieëling van die Trekkers se "*politieke*" sienswyse op daardie stadium. "*Om te oordeel na die bewoording van die Artikels, is dit klaarblyklik geen geskoolde wetgeleerde wat hulle opgestel het nie.*"[244] Wat insiggewend van hierdie "*Drie-en-dertig Artikels*" was, is dat ook die

242. *Ibid.*, p. 65.

243. Vergelyk notule van 'n byeenkoms gehou op 16 Februarie 1847: (a) waarin die brief van 10 April 1844 aangehaal word en waarin die bogenoemde gebeurtenis omskrywe word. (T.A. S.S.I., R120/47, *Voortrekker-Argiefstukke*). Kyk ook die brief van A.H. Potgieter aan kol. Cloete, 3 Oktober 1843. (T.A., Soutter Versameling, Pkt. Nr. 19); (b) die bogenoemde stuk R120/47 word deur 24 lede geteken waarvan afgelei kan word dat die Raad uit 24 persone bestaan het. Kyk ook Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 37. Kyk Bylae G, p. 366.

244. *Ibid.*, p. 38. Kyk ook *De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1887*, Deel I, (1887), p. 1.

Wetgewende gesag by 'n "*Burgerraad*" gesetel het. Hierdie liggaam het ook as die hoogste appélhof opgetree.[245]

Dit lei geen twyfel nie dat by die totstandkoming van hierdie Transvaalse republiek, wat geen naam gedra het nie, die "*volkstemgedagte*" oorheers het.[246] Potgieter, as hoofkommandant, moes afhanklik bly van die wil van sy volgelinge. Die oordrewe waarde wat aan die Volksraad as bewaarder van die volkswil geheg is, het ook sy skadusy gehad. 'n Staatshoof, wat met uitvoerende gesag beklee is, is as 'n bedreiging vir die Volksraad en dus ook vir die volkswil gesien. Op die eerste vergadering van die Volksraad op 1 Augustus 1845 is besluit dat daar, "*geen hoofdbestierder zal bestaan die in gezag boven de Raad zal zyn ... en geen hoger regering onder onze maatschappij zal bestaan dan de Volks Raad.*"[247] Potgieter en sy aanhangers het egter anders gevoel en die Volksraad moes teësinnig bekragtig dat Potgieter as hoof met uitvoerende gesag moet aanbly.

Die Trekkers het stadigaan die einde van hul trek bereik en die oomblik sou aanbreek dat hulle 'n permanente staatsvorming sou moes aanvaar. Die botsende gedagtes tussen die staatshoof en die Volksraad sou nog 'n geruime tyd bly. Trouens, Nieuwoudt wys daarop dat, konstitusioneel gesproke, die Transvalers maar 'n "*onstuimige*" geskiedenis agter die rug het. Hy wys daarop dat groepvorming en botsende persoonlike belange soms op wapengeweld uitgeloop het. Hy skryf: "*Die jong Voortrekkerstaat was dan ook minder bestendig en meer onderhewig aan politieke en grondwetlike skommelinge.*"[248] (As byvoorbeeld die Vrystaatse Republiek - JdV).

Baie min stukke wat voortspruit uit die werksaamhede van die Potchefstroomse "*Burgerraad*" of ook "*Volksraad*", het vir die nageslag bewaar gebly. Die opstel van die "*Drie-en-dertig Artikels*" bly egter van kulturele en staatkundige belang. Met die verhuising van A.H. Potgieter en sy volgelinge na die oostelike dele van Transvaal in Junie 1845 het die *Burgerraad* van Potchefstroom ontbind.

In 1847 het die Trekkerleier, Andries Pretorius, op die toneel verskyn. Hy het die vertroue van 'n groot aantal persone geniet. Pretorius het die

---

245. *Ibid.*, p. 39.

246. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 67.

247. *Ibid.*, p. 69.

248. Nieuwoudt, C.F., *op.cit.*, p. 80.

beleid voorgestaan dat Brittanje beweeg word om Transvaal se onafhanklikheid te erken. Pretorius het ook die noodsaaklikheid van 'n leier met uitvoerende gesag, wat ook aan die Volksraad se besluite uitvoering kon gee, beklemtoon. Dit was veral die situasie wanneer die Volksraad nie in sitting was nie.[249]

Om te verhoed dat so 'n leier te veel gesag sou hê, is daar vier kommandante-generaal aangestel van wie Pretorius een was. Hy sou gou deur sy optrede feitlik die posisie van nie-amptelike staatshoof verwerf. Hy sou hom ook onvermoeid vir die onafhanklikheid van die Transvaal beywer. Hierin het hy ook geslaag toe Brittanje op 17 Januarie 1852 die Sandrivier-konvensie met hom en met die ander Transvaalse verteenwoordigers gesluit het.[250] So het die eerste **Boererepubliek** in Suid-Afrika internasionale erkenning verkry.[251] Deur hierdie optrede het Pretorius getoon dat die Transvaal alleen deur 'n sterk uitvoerende gesag iets kon vermag.

Die Volksraad kon in die praktyk nie doeltreffend funksioneer nie. Hulle was óf nie altyd voltallig nie, óf hulle kon die landsadministrasie nie doeltreffend behartig nie. Omdat daar nie vir 'n behoorlike uitvoerende liggaam of staatshoof voorsiening gemaak is nie, moes Pretorius dikwels teen wil en dank hierdie posisie beklee.[252] Sy dood op 23 Julie 1853 was 'n gevoelige slag vir die Transvalers. Wichmann sien Pretorius as, " *'n patriot wat die politieke vryheid van sy volk vóór alles gestel het ...*"[253]

Dit is dus aan Andries Pretorius se seun, M.W. Pretorius oorgelaat om uiteindelik 'n verenigde Afrikanerrepubliek met 'n sentrale staatshoof in die Transvaal daar te stel. M.W. Pretorius sou hom sterk beywer vir 'n *"sterk gesentraliseerde regeringstelsel"*.[254] Die Volksraad sou egter steeds nie, met die Volksraadsvergadering in September 1853, voorsiening maak vir 'n afsonderlike uitvoerende gesag of staatshoof nie. Die Volksraad het ook sy lede vasgestel op twaalf lede.[255] Die eg demokratiese beginsel is ook

249. Van Schoor, M.C.E., *op cit.*, p. 73.

250. *Ibid.*, p. 74.

251. *Ibid.*

252. Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 121.

253. *Ibid.*, p. 127.

254. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 76.

255. Kyk Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 148.

gehandhaaf om die Volksraad se besluite aan die volk voor te lê vir bekragtiging.

Intussen is daar ook voortgegaan om 'n nuwe grondwet vir die ZAR te ontwerp. 'n Kommissie is in 1855 benoem om 'n ontwerpgrondwet daar te stel.[256] In November van dieselfde jaar is die ontwerp in behandeling geneem en is uiteindelik aanvaar.[257] Die voorbehoud was egter dat elke burger die geleentheid moet hê om binne twaalf maande sy besware in te dien.[258] Marthinus Wessel Pretorius, as Staatspresident, en genl. W.F. Joubert as vise-Staatspresident, is voorlopig aangewys. Behalwe vir Lydenburg het die konsepgrondwet baie byval gevind en is ook so aanvaar. Die aanname daarvan was 'n belangrike stap in die sentralisasie van die staatsgesag in die ZAR.[259] Pretorius is op 16 Desember 1856 opnuut op 'n volksvergadering te Potchefstroom tot Staatspresident verkies.

Die probleme vir hierdie jong republiek was egter nie iets van die verlede nie. Stephanus Schoeman van Soutpansberg het hom openlik teen die grondwet verset.[260] Hy het ook nie die inhuldiging van die Staatspresident en die hysing van die vlag bygewoon nie. Die Soutpansbergers het hulle nou feitlik as 'n onafhanklike gemeenskap gekonstitueer.[261] Hulle was selfs bereid om dit met die wapen te verdedig. Daar is egter betyds versoening tussen die groepe bewerkstellig en Schoeman en sy aanhangers het hulle in Februarie 1858 bereid verklaar om die nuwe grondwet te aanvaar. Ook die verskille tussen Pretorius en die Lydenburgers is bygelê en op 4 April 1860 is alle ooreenkomste finaal bekragtig en is Pretorius se ideaal van 'n *verenigde Trekkerrepubliek*, met 'n doeltreffende sentrale regering en uitvoerende gesag, uiteindelik verwesenlik.[262]

---

256. Daar is naamlik op die volksvergadering te Pienaarsrivier 'n kommissie benoem, "om een ontwerp van wetten te maken". Kyk *Volksraadsnotule*, Pienaarsrivier, 10-19 September 1855, Art. 68, T.A., EVR 4. Kyk Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 161.
257. Kyk *Zuid-Afrikaansche Republiek: De Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1855*, pp. 35-69, asook *De Locale Wetten der ZAR, 1896*, pp. 35-59.
258. Kyk *Volksraadsnotule*, Potchefstroom, 5 November 1855, Art. 8, T.A., EVR 5.
259. Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 165.
260. *Ibid.*, p. 175.
261. *Ibid.*, p. 179.
262. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 79.

Alhoewel die Vrystaatse grondwet vóór die van die ZAR sy ontstaan gehad het, is dit opmerklik dat die ZAR baie min uit die Vrystaatse grondwet geput het. Dit blyk ook dat daar sterk ooreenkomste tussen die konsepgrondwet van die ZAR en die grondwet van die Bataafse Republiek van 1798 bestaan het. Van der Walt skryf: "*Die grondwet (was) die produk van die ou Hollandse en Bataafse opvattinge deur die Voortrekkers meegebring, aangepas by die besondere omstandighede en soms sterk gewysig om aan hulle besondere behoeftes te voldoen.*"[263] Op 16 Februarie 1858 is die grondwet in sy finale vorm aanvaar. Dit het bestaan uit 232 Artikels.[264] Met enkele grondwetwysigings is die karakter daarvan behou tot en met Mei 1902. Soos met die Vrystaatse grondwet spreek dit boekdele vir die oorspronklike opstellers daarvan deurdat hulle die republikeinse ideaal van die Boere-Afrikaners so reg gelees het.

Die grondwet self het heelwat interessanthede bevat. So lui Artikel 3 byvoorbeeld: "*Zij wil zich by de beschaafde wereld als een onafhankelijk en vry volk erkend en geëerbiedigd zien". En ook: "Het volk wil zijn grondgebied, gelegen in Zuid-Afrika, ongeschonden bezitten en in't besit behouden ...*" (Artikel 5); "*Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan (noch in Kerk noch in Staat)*" (Artikel 9).[265]

In die grondwet van die ZAR is daar afsonderlik vir die **wetgewende, uitvoerende** en **regterlike magte** voorsiening gemaak. Die Volksraad sou die hoogste gesag in die Republiek wees, dus, die Wetgewende gesag. Aanvanklik het die Volksraad uit twaalf lede bestaan.[266] Die Volksraad kon alleen hierdie gesag beoefen op die voorwaarde dat die volk self drie maande tyd gegun is om hul mening oor die voorgestelde wet te stel. Die uitvoerende mag is aan die President en 'n Uitvoerende Raad opgedra. Ook hulle magte en pligte is in die grondwet omskryf.[267] Interessant was die verskynsel dat die verkose staatshoof van die Vrystaatse Republiek van die begin af as die **Staatspresident** bekendgestaan het, dog in die ZAR was hy tot 1889 amptelik as die **President van die Uitvoerende Raad** bekend.[268] Daarna sou hy as die **Staatspresident** bekend staan. Die President is met 'n meerderheid van

---

263. Van der Walt soos aangehaal in *Ibid.*, p. 82.
264. Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, pp. 220-221.
265. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, pp. 83-84.
266. Gey van Pittius, E.F.W., *Staatsopvattinge van die Voortrekkers en die Boere*, p. 105.
267. Kyk Wichmann, F.A.F., *op.cit.*, p. 222.
268. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 92.

stemme vir 'n tydperk van vyf jaar deur die stemgeregtigdc burgers gekies. Hy moes lid van 'n Protestantse Kerk wees (aanvanklik die Nederduits Hervormde Kerk) en minstens dertig jaar oud. Hy kon van sy pos onthef word op grond van wangedrag, verduistering, verraad of enige ander ernstige misdaad.[269]

Dit blyk dus dat die eerste taak van die President was om die wette en die besluite van die Volksraad uit te voer. Volgens die grondwet het die President dan ook geen besondere mag gehad nie. Hy moes vir sy handelinge eers die goedkeuring van die **Uitvoerende Raad** en die Volksraad verkry. Die president kon geen wette veto nie en moes die besluite van die Volksraad uitvoer, of hy nou daarmee saamgestem het al dan nie. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die President alleenlik sterk kon optree as hy die ondersteuning van die Volksraad geniet het. Die sterk demokratiese inslag van die burgers het die magte en bevoegdhede van die staatshoof dus aan bande gelê.[270] Dit het egter nie verhoed dat sommige Presidente sterk opgetree het nie. So het pres. Paul Kruger oor heelwat invloed beskik en kon hy sterk en met mag optree. Die grondwet het egter verhoed dat hy tot 'n outokratiese heerser kon ontaard.

Die onafhanklikheid van die Boererepublieke was vir die Afrikaner 'n teer saak. In 1888 sê pres. Paul Kruger: "*Ek voel dat ek 'n vloek op my sal haal as die onafhanklikheid en vryheid deur my geskend sal word. Daardie eersgeboortereg van die volk moet as dierbare kleinood bewaar word ...*"[271] Hy het so sterk gevoel oor sy volk se onafhanklikheid, dat hy vir sy mense gesê het dat hy alles sal doen ter wille van vrede, "*maar die onafhanklikheid van my volk sal ek nie prysgee nie*". By 'n ander geleentheid sê hy: "*Om die Boere met ruwe geweld te kan oorwin* (hy bedoel Engeland - JdV), *sal jy hulle moet uitroei, hulle wegvee van die ry van nasies. As ons verslaan word, sal die wêreld versteld staan oor die bloedprys.*"[272] President J.H. Brand van die Vrystaatse Republiek, sê op 26 Mei 1877 in die Vrystaatse Volksraad: "*Als men zijn onafhankelijkheid op prijs stelt, an als een kostbaar kleinood wenst te bewaren, moet men voorwaarts streven en tonen die lief te hebben om waardiglik 'n*

269. Kyk Nieuwoudt, C.F., *op.cit.*, pp. 84-87.

270. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 93.

271. Soos aangehaal deur Treurnicht, A.P., Feesrede gelewer op Krugerdag, 10 Oktober 1983, Ellispark, Johannesburg.

272. *Ibid.*

*plaats te bekleden in de rij van volkeren, en verhaasten wat eens komen moet* ..."[273]

## 8. SLOTGEDAGTES

Die **Vrede van Vereeniging** op 31 Mei 1902, het nie net vir die Afrikaner die verlies van sy *Boererepublieke* beteken nie, dog ook die verlies van sy *soewereine onafhanklikheid*. Die politiek-staatkundige bestel wat hy so sorgvuldig uitgewerk het, het hy verloor. Na 1910 sou die *republikeinse* bestel vervang word met 'n uniale bestel. Die groter Suid-Afrika, met 'n provinsiale ordening, sou sy beslag kry en Britse protektorate vir Swart volke soos die Tswana, die Sotho en die Swazi het tot stand gekom. Ander volke was grotendeels in hul eie "*gebiede*" gevestig. Die Blanke het die "*res*" van die land onder sy beheer gehad. Dit sou mettertyd ook onvermydelik blyk te wees dat die Afrikaner, weens sy jarelange politieke stryd en kundigheid, die beheer oor die politiek in Suid-Afrika verkry. Met die politiek stewig in sy hande, het hy onstuitbaar afgestuur op 'n eie republiek: **Die Republiek van Suid-Afrika**! Dit kan die Afrikaner seker nie verkwalik word as hy geglo het dat hierdie republiek die verkryging was van 'n jarelange ideaal nie. Alle politieke instrumente was immers in sy hande. Hy het soewereine selfbeskikking gehad oor **al** sy sake. Ook die buitewêreld moes dit erken, en in 'n bepaalde sin het Suid-Afrika met trots sy plek ingeneem in die statery van wêreldvolke as 'n selfrespekterende volk in eie reg.

Maar, was dit nie net 'n illusie waaronder die Afrikaner geleef het nie? Algaande het daar 'n sluimerende swart nasionalisme ontwaak, nie net in Suid-Afrika nie, maar regdeur Afrika. Dit was die tyd van **uhuru**! Skielik was "*Blank*" Suid-Afrika nie meer so Blank as wat hy gedink het nie. En met miljoene swart burgers binne die grense van "*Blank Suid-Afrika*", kan die moontlikheid in die toekoms ontstaan dat die Afrikaner weereens deur 'n "*vreemde*" mag oorheers word: 'n mag véél groter en véél gevaarliker as die Britse oorheerser die vorige eeu.

Die volkstipiese state, alhoewel *beperk* volkstipies, wat in hierdie hoofstuk behandel is, het geblyk te wees die Afrikaner se strewe en soeke na 'n *eie soewereine en vrye staat*; 'n staat *sonder verknegting* en waar die Afrikaner *sy eie leiers* kon kies en wat die *wense en wil van die volk* kon eerbiedig. Dit was 'n *soewereine vryheid* wat die Afrikaner-republikein

---

273. Van der Merwe, N.J., *Marthinus Theunis Steyn*, p. 98.

bereid was om tot die dood toe te verdedig. Vir hulle besef was die staatspraktyk van 'n volk die weerspieëling van sy *wesensaard en karakter*; 'n staatsbeskouing waarin 'n volk se hele *lewensbeskouing* tot uiting kan kom. Dit is bepalend vir 'n volk se handelswyse oor verskillende vraagstukke. Trouens, dit is die lewensbloed van 'n volk se *sinvolle* voortbestaan in *regverdigheid en waardigheid*.

Wat het die Afrikanervolk verloor na die oorgawe by Vereeniging? Die Afrikanervolk het meer as net sy land verloor: *Hy het sy soewereine volksbestaan verloor*! Die **Tweede Vryheidsoorlog** was vir die Afrikaner 'n voorkomende oorlog, 'n stryd om voortbestaan of ondergang. Die Boervolk het geveg vir 'n *totale* lewenswyse wat sy ontstaan diep in hul geskiedenis gehad het en wat opgebou het tot die besluit van die Voortrekkers om hul waens te pak en na *vryheid* te trek om sodoende hul *voortbestaan* te verseker. Op 'n bepaalde wyse is hierdie ideaal binne die Boererepublieke verwesenlik. Die Afrikaner het vir homself 'n eie staatkundige bedeling uitgewerk wat uit sy historiese ontwikkeling en ervaring gegroei het. *Dit was hul tuiste, hul sekuriteit.*

Na die verlies van die Boererepublieke is die uitdrukking dikwels gehoor dat die Afrikaner by die "*graf van sy volk*" staan. Hy was verslae en verslaan. Ds. J.D. Kestell het egter weer perspektief gebring toe hy gesê het: "*God heeft het Afrikaansche volk in den grooten strijd gevormd. Het is niet uitgedelgt: zijn taal is niet vernietigd. De macht van de vijand heeft wel overweldigd, heeft het als een machtige golf overstroomd; maar de Afrikaner zin en geest bestaan nog. Geen zwaard kan wil doen buigen - geen geweld kan den geest onderdrukken. Het Afrikaansche volk blijft een onuitdelgbaar element ...*"[274]

Treffend lê Langenhoven Piet Retief woorde in die mond as hy skryf:

*"Aan die werk my broers, laat ons delwe; God*
*sal die wasdom gee.*
*Ons is nader hier as ons vadere was aan die hart*
*van Suid-Afrika --*
*Soos hulle sal ons die woestyne benat met die sweet*
*van ons aangesig*
*En bevrug met die bloed van ons hart; en die loon*
*van ons lyding laat aan ons kroos*
*In die lushof van vrugte en blomme, van golwende*

274. Van Schoor, M.C.E., *op.cit.*, p. 161.

*lande van graan, ....*
*In 'n nuwe land wat hul eie sal wees -- hul eie Suid-Afrika*
*Die gesag wat daar heers en die vlag wat daar waai sal geen vreemde belange dien.*

* * *

*Ons stig hier vandag ons eie Staat, op die wil van sy eie volk gebou.*
*Maar die Staat sonder meer is 'n liggaam, 'n geraamte sonder 'n siel.*
*Nee, broers, dit is meer as 'n Staat wat ons stig.*
*Waarom brand ons harte met vuur?"*[275]

275. Langenhoven, C.J., "Retief by die Vetrivier", in *Die Pad van Suid-Afrika*, pp. 61-62.

# HOOFSTUK 3

# SUID-AFRIKA VANUIT VOLKEKUNDIGE EN RASSE-OOGPUNT GESIEN

## 1. ENKELE GEDAGTES OOR DIE BEGRIPPE ETNISITEIT, RAS, VOLK EN NASIE

### *1.1 ETNISITEIT*

Plurale samelewings en die daarmee gepaardgaande samestellende etniese verskeidenheid, is historiese en resente realiteite wat verhoudingsvraagstukke in 'n samelewing oorheersend kan beïnvloed. Wessels toon aan dat die woord, "*pluralisme*" in staatkundige verband dui, "*op 'n meervoudige volkerestruktuur wat op 'n enkele territorium as 'n samelewing ingebed is.*"[1] Dit kom dus daarop neer dat plurale gemeenskappe nie noodwendig net etnies is nie. Dit lê 'n verskeidenheid bloot wat oor verskeie aspekte kan heensny. Suid-Afrika is inderdaad verteenwoordigend van feitlik alle rasse-, etniese- en kultuurvorme in die wêreld.

In die lig van bogenoemde is dit te begryp dat individue en groepe in enige samelewing, ontwikkeld of ontwikkelend, demokraties of totalitêr, 'n geneigdheid toon om hul sosiaal-maatskaplike lewenswyse op etnisiteit te baseer. Hall skryf: "*Ethnic identity is the result of membership in a specific group based on a number of criteria, including culture, history, language, religion and geographic location ... ethnic identification tends to evoke a sense of loyalty to, and oneness with, a particular group, thereby creating a feeling of security.*"[2]

1. Kyk Wessels, D.P., *Politikologiese perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkerevraagstuk*, p. 362.
2. Hall, R.L., (ed.), *Ethnic Autonomy -- Comparative Dynamics*, p. 3.

Volgens Cloete kan etnisiteit omskryf word as 'n, "*komplekse, multi-dimensionele verskynsel in die samelewing wat 'n gemeenskaplike groepsbewussyn uitmaak wat een groep persone van 'n ander onderskei op grond van werklike of gewaande verskille tussen sosio-kultureel gedefinieerde aangebore eienskappe. Dit verskil van 'n klassebewussyn wat op bepaalde sosio-ekonomiese verwerfde ooreenkomste en verskille tussen mense gebaseer is.*"[3]

Die "*klassebewussyn*" waarvan Cloete in die vorige paragraaf praat, roep ook 'n saak van ernstige diskussie na vore. Ons is van mening dat die toenemende verskynsel van wegbeweeg van sogenaamde *rassisme*, uiteindelik afstuur op 'n verskynsel van *klassisme*, dit wil sê die beginsel van vrye assosiasie. So sal ons vind dat rykes oor die kleurgrense heen sal assosieer met rykes, en armes sal noodwendig in 'n *klas* van groter armoede verval -- teen wil en dank. Die woord *klas* sal dus toenemend gebruik word om sosiale strukture te identifiseer, of om die sosiale werklikheid te konstrueer. Rhoodie is dan ook van mening dat klas die manifestasie is van "*sosiale stratifikasie*" en as grondslag van "*belangegroepdifferensiasie*" behandel moet word.[4]

Na my mening kan *klassedifferensiasie* nooit etnisiteit vervang nie. Etnisiteit is van meer *duursame* aard. 'n Klas is gebaseer op gemeenskaplike belange wat primêr voortspruit uit mense se toegang tot die samelewing se bestaansbronne. Verwantskapsgroepe of ook etniese groepe, soos onder andere die Afrikaner, het dus in historiese terme 'n groter lewensverwagting as byvoorbeeld sekere klassegroeperinge. Rhoodie wys tereg daarop dat etniese konflik normaalweg meer *venynig* en *hardnekkig* is as klassekonflik. Hieruit kan afgelei word dat magsverhoudinge wat volgens etniese verdelings gestruktureer is, 'n belangriker veranderlike van revolusionêre aksies is as klasverskille.[5] Van den Berghe skryf: "*Generally, people resist assimilation, unless the benefits are overwhelming. One's ethnic affiliation is not lightly shed. The deep emotional attachment to one's ethny is the outcome of a multiplicity of previous beneficial associations with one's kinfolk, inlaws and other inmates. These relationships are not easily replaced.*"[6]

---

3. Cloete, G.S., *Etnisiteit: Diskriminasie of neutrale samelewingsverskynsel*, p. 27.
4. Rhoodie, N.J., *Die Moderne Etniese Problematiek*, p. 34.
5. *Ibid.*, p. 36.
6. Van den Berghe, P.L., *The Ethnic Phenomenon*, p. 257.

Coertze wys daarop dat 'n "*etnos*" gedefinieer kan word, "*as 'n groep mense van albei geslagte en van alle ouderdomme wat oor 'n lang tydperk (dit wil sê met insluiting van 'n deel van hulle voorsate en heengegane geslagte) saamgewoon het, sodat hulle, in ooreenstemming met hulle geestes- en fisieke krag en onderhewig aan faktore wat in tyd (histories) en ruimte (geografies) op hulle ingewerk het, 'n eie onderskeidende kultuurpatroon (gemeenskaplike eenheids- lewensgestalte in sy totale omvang) tot stand gebring het, sodat ook hulle hulself op grond daarvan as 'n afsonderlike entiteit teenoor ander derglike entiteite voel en sien, terwyl hulle hulself onderling ook nouer verbonde voel.*"[7]

Venter en Nel wys dan ook na my oordeel tereg daarop dat, "*etniese eenhede as synde die grootste sosiaal-organiese eenheid in die menslike lewe ... (is) dus, 'n werklikheid waarby nie verbygestuur kan word nie. Dit is ook duidelik dat heterogeniese prosesse in Suid-Afrika, minstens in soverre dit Blank en Bantoe betref, net nie sal slaag nie as gevolg van rasseverskille, kulturele verskille, getalleverskille, sielkundige en historiese faktore.*"[8]

Moolman wys op die feit dat die bindweefsel van 'n etniese eenheid sy taal, godsdiens, gemeenskaplike lewenswyse, gemeenskaplike verlede, dieselfde ideale, tradisies, 'n gemeenskaplike woongebied en 'n samehorigheidsgevoel is. Hy sê: "*Dikwels word die hele bondel bindweefsel saamgevat en beskryf as 'n kultuurpatroon. Dus, 'n volk óf etnos óf etniese groep is gelyk aan 'n bevolking met dieselfde kultuurpatroon. Dit is in werklikheid net 'n eie identiteit, maar dit is onderhewig aan 'n aantal prosesse. Dit is iets wat kan ontstaan maar ook verdwyn en op enige gegewe oomblik het elke volk 'n graad van volkigheid -- 'n etnos het 'n graad van etnisiteit. Daarby is dit ook by uitstek die bevolkingsgroep waarin nasionalisme setel.*"[9] Dit sou as tipies van die Afrikaner beskou kon word. Hy vertoon deur sy geskiedenis heen vele momente waarin sy drang na selfbehoud en selfbeskikking sterk tot uiting kom. Hierdie drang tot selfbehoud het 'n hegte en sterk *etniese eenheidsgevoel* by die Afri-

7. Coertze, P.J., " 'n Prinsipiële en feitelike inleiding tot die studie van volkereverhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika", pp. 53-63. Die begrip **etnos** (meervoud: etnieë) word hier in 'n oorhoofse betekenis gebruik en omsluit die begrippe stam en volk wat elke verskillende tipes van etnieë verteenwoordig. In eersgenoemde geval dui dit op meer geslote en gebonde eenhede, terwyl dit in laasgenoemde geval op meer ope en vrye sisteme dui.

8. Venter, J.F. en Nel, C.J., "Die ontleding en evaluering van die huidige geo-politieke bedeling ten opsigte van die Swart volke", p. 18.

9. Moolman, C.H., "Konsolidasie", p. 5.

kaner na vore gebring. Dit was buitengewoon bevorderlik vir die ontstaan en groei van 'n hegte, gekonsolideerde Afrikanervolk. Sy hele lewens- en wêreldbeskouing vertoon 'n *volkstipiese* karakter.

Etniese groepe in die breë kan derhalwe verklaar word as *kategorieë* van mense in terme waarvan hulle beskryf kan word *as die bestaan van 'n verskeidenheid binne 'n betrokke samelewing,* dog mense met 'n *gemeenskaplike* afkoms wat *homogeen* geïdentifiseer is. Shibutani en Kwan definieer etniese groepe binne dié raamwerk as volg: "*An ethnic group consists of those who conceive of themselves as alike by virtue of their common ancestry, real or fictitious, and who are so regarded by others.*"[10] Hierdie definisie beklemtoon dan ook tereg die rol van *afkoms* in die begrip etnisiteit baie sterk. Etniese grondslae word dan ook verkry deur *geboorte uit ouers*, wie op hulle beurt weer gebore is uit *ouers wat sekere waardes en nonnes van geslag tot geslag oordra*. Hier kom *geboortereg* dan ook ter sprake. 'n Mens word gebore in 'n bepaalde etniese groep *en hy kan derhalwe nie iets anders wees nie*! Daar kan wel diegene wees wat dit *gewillig* sal afstaan en hom dan met 'n ander groep sal assosieer. Hy en sy nageslag kan dus mettertyd in so 'n groep geabsorbeer word. Die feit dat so 'n persoon of persone egter uit 'n bepaalde groep afstam of gebore is, kan nooit *ongedaan* gemaak word nie.

Etnisiteit as werklikheidsfaktor is in Suid-Afrika geensins anders as in die res van die teenswoordige wêreld nie. Trouens, die grootste meerderheid van die wêreld se bevolking leef in etnies heterogene state. Slegs 4% van die wêreldbevolking woon in etnies homogene state. Etniese *verskeidenheid* moet dus noodwendig ook op etniese *verskille* dui, en hierdie verskille neig heel dikwels na groepswrywing en groepskonflik. Sulke konflikte lei tot bloedige botsings as daar onder andere gekyk word na die stryd in Libanon, Ierland, Indië en Israel. Hall skryf tereg: "*Ethnic discord constitutes the most widespread, protracted, and violent form of intergroup conflict throughout the modern world.*"[11] Oor etniese konflik in Suid-Afrika skryf Gann en Duig-

10. Shibutani, T. en Kwan, K.M., *Ethnic Stratification*, p. 47.

11. Kyk Hall, R.L., *op.cit.*, p. xvii. In 'n artikel: "Onverdraagsame Chinese oorsaak van gevegte", skryf Leopoldt Scholtz dat die gevegte in Rooi China tussen Chinese en Swart studente uit Afrika opnuut 'n illustrasie is van die onverdraagsaamheid waarmee die meeste Chinese kyk na mense wat nie deel van hul volk vorm nie. Hy wys daarop dat die Chinese tradisioneel glo dat hul eie taal en kultuur meerderwaardig is bo alle ander kulture. 'n Mens sou hulle dus *etnosentries* kon noem. Kyk **Die Volksblad**, 3 Januarie 1989, p. 8.

nan: *"To solve ethnic conflicts, South Africa will have to institutionalize group rights. While democracies can allow power to pass from party to party, ethnically and racially diverse societies cannot do so. When a party loses power in a democracy, it does not have its basic rights endangered, whereas ethnic groups that lose political power often also lose everything else as well."*[12]

Worral wys daarop dat, in die lig van die heterogene aard van die bevolking in Suid-Afrika, en die gebrek aan 'n gemeenskaplike politieke kultuur (dit wil sê gemeenskaplik met betrekking tot die waardes, opvattings en houdings van mense, wat hul reaksie op politieke beleidsrigtings en gebeurtenisse beïnvloed), sê hy dat daar 'n sterk vermoede bestaan dat verteenwoordigende demokrasie in Suid-Afrika nie prakties uitvoerbaar is nie.[13] Worral haal 'n stelling van Rupert Emerson aan om sy standpunt te staaf. Hy sê: *"If one were to pick out a single element which more than any other is likely to be brought tot the surface by the coming of nationalism and to bar the way to national unity, it will presumably be diversity of race ... where there is a clear racial separation as between Negro and White, Chinese and Malay, there must be a strong presumption that the knitting together of a single nation with actual equality for all will be a long and hazardous project at best."*[14]

Hugo en Kotzé wys daarop dat Glazer 'n soortgelyke standpunt huldig waar hy wys op Dahl se argument dat etniese konflikte miskien een van die probleme is wat nie in 'n kompeterende politieke stelsel gehanteer kan word nie, veral as daar 'n sterk groep is wat voel dat hulle belange op die spel geplaas word.[15] Glazer meen dat Dahl se ontleding impliseer dat parlementêre demokrasie miskien nie 'n geskikte regeringsvorm is vir 'n land waar daar sterk etniese- en taalverskille bestaan nie. Glazer meen dan dat 'n meer haalbare model vir politieke ontwikkeling in dié omstandighede veeleer een sou wees wat bewustelik pluralisties is en waarby die een groep die ander se reg op, *"eksistensiële sekuriteit"* erken. Hiermee bedoel hy: *"The certainty of playing a constructive role in the larger polity, of enjoying self-government in the homeland and the protection of law throughout the larger area, of a fair share of common resources and the right to make or share in making all decisions affecting the vital interests of the nation or ethnic group. This is the essen-*

12. Gann, L.H. en Duignan, P., *Why South Africa will survive*, p. 279.
13. Kyk Worral, D., "The plural-state system as a direction of change", p. 66.
14. *Ibid.*
15. Kyk Hugo, P. en Kotzé, H., *Suid-Afrika: Oorlewing in Politieke Perspektief*, p. 16.

*tial minimum for stable symbioses of divergent ethnic groups, and thus the basic political platform for development of a multi-ethnic society."*[16]

Van al die talle redes waarom etniese konflik so wyd in die teenswoordige wêreld aangetref word, is die geneigdheid van groepe om neergelegde sosiale en politieke maatreëls wat hulle in 'n ongunstige posisie stel, te verwerp, van die belangrikste. Hall merk tereg op dat sulke groepe hulle beywer vir 'n vorm van etniese outonomie. Hy sê: "*Behaviour orientated to the establishment of ethnic autonomy may be regarded as a collective effort to create political and social arrangements based on the ethnic groups' own traditions, values and weltanschauungen.*"[17] Hierdie maatreëls mag verskil van en kan teenstrydig wees met die maatreëls van die owerheid asook met die van ander in die breëre sosiale sisteem.

Die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** het in sy ondersoek na, "*Suid-Afrika se keuses*" vir 'n nuwe grondwetlike bedeling, tot die slotsom gekom dat die wesenlike politieke probleme waarmee Suid-Afrika te kampe het nie uniek aan ons land is nie. Trouens, hulle bevind dat die oorgrote meerderheid territoriale state wat oor die eeue tot stand gekom het, etnies heterogeen is eerder as mono-etnies. Van die bestaande honderd-en-vyftig of meer territoriale state kan net ongeveer nege of tien met reg "*nasionaal*" genoem word in 'n mono-etniese sin. Die res is multi-etnies.[18]

Selfs in ouer en gevestigde statc bly etnisiteit die oorsaak van ernstige politieke konfrontasie. State hier ter sprake is onder andere die VSA waar die ontwikkeling van demokratiese idees geneig was om die belangrikheid van etnisiteit te misken. Die nuwe lojaliteit was nie meer teenoor die etniese groep nie, maar tot die aanhang van die sogenaamde ideologie van, "*the common good*". Hall skryf: "*This common good was based on the idea that diverse peoples could be brought together in a new heterogeneous social system where the state, rather than ethnicity, was paramount. The intent of this arrangement was to dilute or subordinate the potency of ethnicity* **vís-a-vís** *social values;*

16. *Ibid.* Kyk ook in hierdie verband Dahl, R.A., *Polyarchy: Participation and Opposition,* pp. 105-123 soos aangehaal deur Glazer, N., "Development problems of multi-ethnic societies", Referaat gelewer op 'n konferensie oor, "Accelerated development in Southern Africa", Universiteit van die Witwatersrand, Maart 1972.
17. Hall, R.L., *op.cit.*, p. xxi. Sien Bylae A, p. 360.
18. Kyk die *Grondwetkomitee van die Presidentsraad: Eerste Verslag,* 1982, p. 28. (Voortaan PR3/1982)

*small-scale, simple, homogeneous, ethnic social systems characterized by submission to the group or 'mechanical solidarity' were to be elevated to complex, largescale systems with organic solidarity symbolized by the state.*"[19]

Etnisiteit en etniese identiteit dui op groepsamehorigheid wat ook kan sentreer rondom tradisies en simbole wat nie deur ander groepe gedeel kan word nie. 'n Besondere voorbeeld is die polemiek oor Suid-Afrika se *landsimbole* soos die volkslied en die landsvlag. Beide hierdie simbole hou vir die Afrikaner besondere *sentimentele* waarde in omdat dit dateer uit die *vryheidstryd* van die Afrikanervolk. Dit spreek vanself dat ander groepe nie kan "*deel*" in aspekte wat in hierdie simbole voorkom nie. Waar die betrokke owerheid se doelwitte in konflik kom met etniese waardesisteme, daar sal 'n betrokke etniese groep volhard om sy eie doelwitte na te streef en nie noodwendig die owerheidsdoelwitte nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur as 'n owerheid sou probeer om 'n etniese groep se taalregte te misken. Dan sou die etniese groep volhard daarin om sy taal tot sy reg te laat kom. Dit geld ook vir 'n eie leefruimte en eie verkose regerings.

Die probleem van die akkomodering van etnisiteit binne die raamwerk van 'n demokratiese regering kan met reg gesien word as een van die mees *fundamentele* vraagstukke in die huidige politieke opset in Suid-Afrika. Die feit van die saak is dat die *ortodokse* model van demokrasie (dit wil sê 'n enkelvoudige meerderheidstelsel) *nie* vir multi-etniese of verdeelde samelewings geskik is nie. Die eenvoudige rede daarvoor is dat die ortodokse model van demokrasie veronderstel *afwisselende* of *verskuiwende meerderhede*, waarvan die *meerderheid die produk is van individuele stemme* gebaseer op die beginsel van *proporsionele verteenwoordiging*. In verdeelde of multi-etniese samelewings word individuele politieke voorkeure hoofsaaklik deur *groepsaffiliasie* bepaal. Die gevolg is dat meerderhede mekaar nie afwissel nie en dat die minderheid geneig is om 'n "*permanente*" minderheid te word. Die eerste *Verslag van die Presidentsraad* (PR3/1982), toon dan ook tereg dat politieke mededinging, in plaas daarvan dat dit die gesonde ding is wat dit geag word in toestande van ortodokse demokrasie te wees, dit lei, "*tot frustrasie en intense konflik en soms geweld, onderdrukking en die ineenstorting van demokratiese orde.*"[20] Lijphart skryf: "*In practice, majority rule works well when opinions are distributed unimodally and with relatively little spread – in other words, when there is considerable concensus and majority and minority are in*

19. Hall, R.L., *op.cit.*, p. xx.

20. Kyk PR3/1982, pp. 28-29.

*fact not very far apart ... But, in a political system with clearly separate and potentially hostile population segments, virtually all decisions are perceived as entailing high stakes, and strict majority rule places a strain on the unity and peace of the system."*[21]

Uit die deskundige getuienis tot sy beskikking het die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** die afleiding gemaak dat die algemeenheid van etnisiteit en die probleme wat dit vir demokratiese regerings skep, in die eietydse staatsleer weerspieël word. Die Komitee het die klassieke werk van Crawford Young, **The Politics of Cultural Pluralism**, voor hom gehad. Dit is insiggewend dat van die meeste van die teorieë met betrekking tot politieke ontwikkeling wat in die vyftigerjare op die toneel verskyn het en wat bedoel was om die na-onafhanklikheidspolitiek van die jong lande van Asië en Afrika te verklaar, hy die **gevorderde volkstaat** as die model van die toekoms aanvaar het. Hy merk op: *"At that moment, observable reality in the northern hemisphere seemed to validate the integrative hypothesis."*[22]

Sedert die vroeë sestigerjare moes die lewensvatbaarheid van die integrasie-model toenemend onder aanvalle deurloop, veral in die VSA. Al hoe meer getuienis het beskikbaar geword dat, *"etnisiteit blywender is as wat die 'smelt-kroes'-teorie veronderstel het."*[23] Na die opkoms van separatisme in Quebec (Kananda), die afdwinging van taaleise in België en die traumas van Ulster (Noord-Ierland), *"beskou min staatsleerkundiges die gladde integrasie van etniese identiteite in die volkstaat as vanselfsprekend"*.[24] Die **Grondwetkomitee** het dan ook die omskrywing van 'n etniese gemeenskap aanvaar soos wat dit deur Van Dyke aan die hand gedoen is, nl.: *"A group of persons, predominantly of common descent, who think of themselves as collectively possessing a separate identity based on race or shared cultural characteristics, usually language or religion, they may or may not think of themselves as a nation, a concept with stronger implications for political autonomy or independence."*[25]

---

21. Kyk Lijphart, A., *Democracy in Plural Societies: A Comparative Exploration*, p. 28.
22. Young, C., *The Politics of Cultural Pluralism*, p. 11.
23. PR3/1982, p. 29.
24. *Ibid.*
25. Kyk Van Dyke, N., "The individual, the state and ethnic communities in political theory", p. 344.

In die lig hiervan bevind die **Grondwetkkomitee van die Presidentsraad** dat een enkele politieke stelsel in Suid-Afrika, wat Swartes op 'n ongekwalifiseerde meerderheids- of konsosiatiewe grondslag insluit, nie in die huidige en voorsienbare omstandighede as 'n geslaagde demokrasie kan funksioneer nie. "*Hierdie feit het weinig te make met verskille van kleur as sodanig en het baie te doen met kulturele verskille, relatiewe getalle, botsende belange en uiteenlopende politieke oogmerke.*"[26] Ook Huntington spreek hom skepties uit oor die vermoë van 'n konsosiatiewe stelsel wat al vier rassegemeenskappe in Suid-Afrika insluit om sodoende 'n demokrasie tot stand te bring. Hy wys daarop dat die sukses van 'n konsosiatiewe stelsel afhang van, "*a high degree of trust and co-operation ... among the élites of the different groups.*"[27] Sodanige vertroue en samewerking is egter 'n seldsame verskynsel in hiërargiese multi-etniese stelsels waar stratifikasie sinoniem met etnisiteit is, "*en in die besonder is hierdie vertroue en samewerking opvallend afwesig in Suid-Afrika.*"[28] Die strydvrae in rassekonflik is geneig om nie-onderhandelbaar te wees nie.

In die lig van die etniese samestelling van volke en groepe in Suid-Afrika, is die verskille wat oorbrug moet word om tot samegroeiing te kom te omvangryk. Vir Coertze is die belangrikste belemmerende faktor die verskil in rasse-aanhorigheid. Rasseverskille kan alleen, "*deur die uitwissing en gelykmaking van die genebesit verminder word. Dit duur dus baie lank en waarborg 'n baie lang botsingsituasie.*"[29] Kunsmatige samegroeiing dui op 'n lewenspatroon waarin elke groep in Suid-Afrika sy identiteit sal moet prysgee. Dit kan vir geslagte etniese konflik meebring. Mönnig skryf: "*So 'n 'nasionalisme' is 'n strewe na totale dominasie. Gegewe die Suid-Afrikaanse situasie, waar 'n groot aantal getalsterke en hoogs diverse groepe bestaan, sal in 'n geïntegreerde enkele staat die drang na totale dominasie altyd bly bestaan. 'n Enkele gemeenskaplike nasionalisme is, by so 'n omstandigheid, 'n absoluut onrealistiese verwagting ... Konflikterende nasionalismes sal onvermydelik lei tot 'n groepering wat kan domineer, waarskynlik op grond van ras, maar ook dit sal mettertyd, namate opposisie daarteen afneem, lei tot poginge van etniese dominasie.*"[30] Hy wys ook voorts daarop dat dit 'n natuurlike behoefte by die mens is om

26. PR3/1982, p. 20.
27. Kyk Huntington, S.P., "Reform and stability in a modernizing, multi-ethnic society", p. 13.
28. PR3/1982, p. 41.
29. Kyk Coertze, R.D., "Selfbeskikking vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs", pp. 34-35.
30. Mönnig, H., *Groepsidentiteit en groepswrywing: Enkele waarnemings oor ras, rassisme, volk en etnisiteit, nasie en nasionalisme*, p. 88.

hom etnies saam te groepeer, dit wil sê, om homself te segregeer van ander groepe. "*Enige staat wat met erns begaan is oor die welwillende bestaan van groepe in sy gebied, sal hierdie menslike behoefte erken en in sy beleid ondersteun ... Dit moet dus erkenning gee aan die natuurlike etniese begeerte tot politieke selfbeskikking*", aldus Mönnig.[31]

Hierdie aspek van etniese verbondenheid geld tereg ook vir die sogenaamde verstedelikte Swarte. Hulle bly 'n aanhorigheidsgevoel met hul onderskeie volke handhaaf. Venter en Nel skryf: "*Ofskoon sommige Bantoe hulle reeds vir betreklik lang periodes buite die tuislande bevind, en sommige hulle verbintenis aan 'n bepaalde kaptein of spesifieke stam moontlik nie kan aandui nie, het opnames in die oudste stedelike Bantoewoonbuurtes getoon dat hierdie sogenaamde 'ontstamdes' sonder huiwering hulle lidmaatskap aan die volksverband erken.*"[32]

Paden skryf oor volksaanhorigheid in stedelike gebiede in Afrika soos volg: "*Ethnicity remains a powerful force in the city although the boundaries of the ethnic group are often redefined much more widely than in the rural milieu,*" en hy wys ook op die betekenisvolle verskynsel dat hoewel die "*city-élite*" hulleself as volkslos mag voel, identifiseer hulle verwante hulle steeds as volkslede. Hy stel dit soos volg: "*Even though Western educated élites may be cut off from their cultural heritage, the relatives of those élite and the broader ethnic communities may continue to regard the élite as representative of their ethnic interests.*"[33] Verstedeliking hoef dus nie noodwendig daartoe te lei dat die verbondenheidsgevoel van volkslede met mekaar hoef te verswak nie. Volke en onderlinge volksaanhorigheidsgevoel tussen die volkslede is, wat Suidelike-Afrika betref, blywende werklikhede wat nie so maklik geïgnoreer kan word nie. Van der Merwe sê tereg: "*Volksgenote bly vir hulleself herkenbaar en volksbande verdwyn nie in 'n verbandlose stedelike Swartmassa nie.*"[34]

Waar verstedeliking nie rondom etniese basis geskied nie, vind dinge plaas wat as traumaties in veral die VSA ondervind word. Die trek van die Amerikaanse Neger na die stede het 'n geweldige omwenteling meegebring. In Time (04.03.66) word die volgende aanhaling aangetref: "*The color change in the USA-city has been abrupt and traumatic. In the past fifteen years alone*

31. *Ibid.*

32. Kyk Venter, J.F. en Nel, C.J., *op.cit.*, p. 49.

33. Paden, J.B. en Soja, E.W., (eds.), *The African Experience*, pp. 178 en 228.

34. Van der Merwe, S.J., "Riglyne vir beplanning", p. 59.

*5 000 000 Negroes have moved into USA inner cities. From 1950 to 1960, Detroit gained 185 000 Negroes, lost 361 000 whites. St. Louis lost 22% of its entire white population, San Diego 15,4%, Newark 23,7%.*"[35] In Washington was dit dieselfde. In **USA News and World Report** word oor skoolgetalle in 1962-1963 berig dat, waar Washington sedert 1963 meer as 125 000 Negers bygekry het, daar 150 000 blanke inwoners weggetrek het.[36]

In 'n insiggewende Televisieprogram, "*Oop woongebiede in Amerika*", erken dr. Benjamin Brooks, president van die **National Association for the Advancement of Coloured People** (NAACP), dat etniese groepe in die VSA hul eie groepe vorm en dat hulle hul verset teen ander groepe of etnisiteite wat hul gebiede binnedring. Uit die program blyk dit ook duidelik hoedat Blankes hul aanvanklik in die "*inner cities*" gevestig het, dog namate die Swartes die "*inner cities*" binnegestroom het, het ghetto's ontstaan en het die Blankes weggetrek na die buitewyke van die stede. Namate die Swartes vermoënd begin word het, het hulle ook na die buitewyke begin trek, en as reaksie het die Blankes op hulle beurt weer weggetrek na verdere woongebiede, wat as eksklusiewe Blanke gebiede bekend was. Dr. Brooks wys daarop dat daar 'n sogenaamde "*tipping point*" bestaan waardeur Blankes net 'n sekere aantal Swartes sal aanvaar en dan nie meer nie. Swartes het as gevolg daarvan baie geïsoleerd begin geraak.[37] Oor hierdie verskynsel waarsku Sampson tereg: "*For as cities develop in the future (in South Africa), such a policy would inevetably produce the same, if not worse, social disaster than that suffered in the cities of America.*"[38]

Die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** het uit getuienis aangehoor dat, "*etniese identiteit dinamies is.*"[39] Oor die hantering van etniese groepe in die samelewing skryf Brass: "*Treating ethnic groups as just another type of interest group, however, is an analytical error, for it ignores the cultural matters that are important to all ethnic groups and that distinguish such groups*

35. Kyk Time, 04.03.66.

36. Sien berig in *Ibid.*

37. Kyk TV program, "Oop woongebiede in Amerika, 11.09.89. As teenvoeter vir die NAACP is die NAAWP (**National Association for the Advancement of White People**) in 1980 deur mnr. David Duke gestig. Mnr. Duke, wat in 1989 tot Louisiana se Staatsparlement verkies is, beywer hom vir Blanke belange in die VSA. Hy is veral sterk gekant teen die instroming van nie-Blanke immigrante. (Kyk **Patriot**, 24.11.89.)

38. Sampson, H.F., *The Principle of Apartheid.*, p. 44.

39. PR3/1982, p. 9.

*from other types of interest associations. Ethnic groups, by definition, like the state itself, are concerned not only with material interests, but with symbolic interests. Moreover, no matter, how old or new, 'genuine' or 'artificial', rich or superficial, the culture of a particular ethnic group may be, its culture and the definition of its boundaries are critical matters that do not arise in the same way for other interest groups. The culture and the boundaries of an ethnic group are nearly always problematic in one sense or another."*[40] Geen wonder dat Lloyd George, in 'n memorandum aan die **Vredeskonferensie** van 1919, sy standpunt oor etnisiteit duidelik stel nie as hy sê: *"I would therefore take as a guiding principle of the peace that, as far as is human possible, the different races should be allocated to their motherlands, and that this human criterion should have preference over considerations of strategy or economics or communications which can usually be adjusted by other means."*[41]

Politieke sosioloë dwarsdeur die wêreld kan nie anders as om met *"nuwe" oë* te kyk na die moderne etniese problematiek nie. Rhoodie wys daarop dat na die **Tweede Wêreldoorlog** daar 'n aansienlike toename in konfliksituasies was, *"waarvan die oorsake regstreeks herlei kan word na onderlinge mededingende sosiale kollektiwiteite wat hulself identifiseer en mobiliseer in terme van een of ander meer sosiaal-gedefinieerde indikatore van bio-genetiese en/of kulturele verwantskappe."*[42] Hy kom tot die gevolgtrekking dat hier te make is met 'n vorm van tussengroepverhoudinge wat dui op 'n eiesoortige gestruktureerde samelewingsisteem. Hierdie unieke *"groep-interaktiewe"* mededinging is die modus van sosiale gedrag wat die fundamentele gemene deler van *"tussengroepspanning"* vorm. Rhoodie praat dan tereg van die *"etniese problematiek"* as 'n *"universele fenomeen"*.[43]

Onder die opskrif, *"Die strukturele komponente van die etniese problematiek"*, som Rhoodie hierdie komponente soos volg op:

(i) Die essensiële manifestasies van mededinging tussen die groepe in die konteks wat hierdie groepe as van kritieke oorlewingsbelange beskou.

40. Brass, P.R., *Ethnic Groups and the State*, pp. 30-31.

41. Kyk memorandum van 25 Maart 1919, in *Temperley*, VI, 239, Nr. 1.

42. Rhoodie, N.J., *op.cit.*, p. 1.

43. *Ibid.*, p. 5.

(ii) Hulle differensieer op grondslag van bepaalde kombinasies van historiese, ras-somatiese, kulturele, linguïstiese en/of godsdienstige eienskappe. Hierdie eienskappe, wat in mindere of meerdere mate deur die betrokke groepe as intrinsiek aan hul identiteit geag word is, in historiese terme, gewoonlik van relatief duursame aard.

(iii) In terme van sy kritieke oorlewingsbelange mobiliseer minstens een van die mededingende groepe homself vir doelbereikingsdoeleindes op grond van sy lede se kollektiewe persepsies van hul historiese, rassomatiese, kulturele, linguïstiese en/of religieuse identiteit.

(iv) Die mededinging lei in meerdere of mindere mate tot konflik.

(v) Die meganismes wat vir konflik- en belange-akkomodasie ontstaan, lei dikwels tot sosiaal-politiese sisteme wat met federalisme, konfederalisme, konsosialisme, sesessie, partisie, selfbeskikking en regionale en/of etniese outonomie geassosieer word.[44]

Talle skrywers verwys in toenemende mate na die verskynsel van etnisiteit. Ons het reeds na 'n aantal van hulle verwys. Dit wil voorkom asof etnisiteit oral besig is om 'n middel te word vir politieke handhawing, 'n metode om stemme en simpatie te verwerf. Glazer en Moynihan praat selfs van 'n *"neo-etnisiteit"*.[45] G. van N. Viljoen skryf: *"In 'n wêreld wat skree om en dwing tot eenheid en integrasie ten spyte van die harde realiteit van etniese en nasionale verskeidenheid, het ons in ons wêrelddeel erkenning en agting gevestig vir die onontkombare werklikheid van etniese en nasionale verskille, nie as 'n boosheid nie maar as iets moois, 'n uiting van ryk menslike verskeidenheid. Teenoor die wêreld se teoretiese en ideologiese obsessie met die politieke eenheidstaat, die 'common society', bring ons erkenning vir volkereverskeidenheid en beskerming van nasionale sekuriteitsgevoel as 'n onmisbare grondslag vir werklik vrugbare tussenvolkige samewerking."*[46]

## *1.2 DIE BEGRIPPE "RAS" EN "VEELRASSIGHEID"*

In aansluiting by die vorige punt, wil daarop gewys word dat etnisiteit en ras nie noodwendig onder dieselfde soort sosiale groepsdifferente gereken word

---

44. *Ibid.*

45. Glazer, N. en Moynihan, D.P., *Ethnicity*, p. 236.

46. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid: Rekenskap deur 'n Afrikaner*, p. 36.

nie. Volgens Rhoodie oorvleuel hulle wel gedeeltelik, maar is *"sosiaal-organisatories twee verskillende soorte menslike kollektiwiteite."*[47] Hulle kan derhalwe onafhanklik van mekaar varieer vir sover dit sosiale gedrag betref. 'n Afrikaner wat sy seun of dogter nie sal toelaat om met byvoorbeeld 'n Griek, Engelsman of Jood te trou nie, illustreer 'n sosiale gedragspatroon wat weinig met *ras*, dog veel met *etnisiteit* te doen het.

Dus, mense wat hulself bewustelik as behorende tot 'n bepaalde ras beskou, vorm nie noodwendig 'n groep wat, soos Rhoodie sê, " *'n gemeenskaplike kultuurfokus het, of 'n sosiaal omskrewe inteel- of endogame groep vorm nie".*[48] Mense wat hulself bewustelik as lede van dieselfde ras beskou, mag kultureel kompleks *gedifferensieerd* wees, byvoorbeeld die Blanke ras met sy enorme kulturele verskille en variasies. Ofskoon die Afrikaner homself as lid van die Blanke ras beskou, verskil hulle *"kultuur-historiese fokus"* van dié van mede Blankes soos die Engelse, die Jode, die Portugese, Duitsers en die Nederlanders. Rhoodie merk tereg op dat talle Europese oorloë direk aan *kultuur-historiese* verskille ontleen was, en dat die rasse-affiniteit van sekondêre belang was. *"Alle Blankes vorm dus nie 'n etniese groep nie."*[49] Talle mense in Suid-Afrika kan hulself as ras, dog nie as kultuurgenote beskou nie. Ras bly egter 'n belangrike indikator van etnisiteit. Van den Berghe skryf: *"Racism is thus a special case of ethnic sentiment, using a phenotype as an ethnic marker."*[50] So sal 'n vreemde Swarte dus as 'n vreemde *"ras"* gedefinieer word, terwyl 'n Pool as 'n vreemde *"etniese groep"* beskou word.

Genl. Jan Smuts se groot ideaal was om in Suid-Afrika een Blanke nasie tot stand te bring. Hy sê: *"We want to create ... a new South African nation out of our allied racial stock, and if we succeed in doing that, we shall achieve a new nationality embracing and harmonizing our various traits and blending them all into a richer national type."*[51] Dit is duidelik dat genl. Smuts geensins die Swarte in sy nasie-gedagte geïnkorporeer het nie. Trouens, hy wys daarop dat vroeëre beskawings, *"had been submerged in the quicksands of African blood."* Hy sê voorts: *"It is useless to try to govern black and white in the same system, to subject them to the same institutions of government and le-*

---

47. Rhoodie, N.J., *op.cit.*, p. 27.

48. *Ibid.*

49. *Ibid.*, p. 27.

50. Van den Berghe, P.L., *The Ethnic Phenomenon*, p. 241.

51. Smuts, J.C., *Plans for a better world*, p. 20.

*gislation*."[52] Geen wonder Smuts het dit vermy om die rassevraagstuk aan te spreek nie. Hy beken: "*It is demanding too much of human nature to ask black and white to be just and fair to each other.*"[53] Dit het natuurlik geil aarde geskep vir Smuts se politieke opponente. Dr. D.F. Malan se reaksie was: "*On the color problem he never sounded a clear note.*"[54]

Dit word vandag algemeen aanvaar dat groepe en subgroepe in 'n mindere of meerdere mate onder die mensdom onderskei kan word op grond van onderskeidende fisiese eienskappe wat 'n genetiese basis het. Die begrip "*ras*" sou dus gedefinieer kan word, "*as 'n menslike groep wat op grond van 'n kombinasie van min of meer eenderse erflik-bepaalde eienskappe saamgegroepeer word.*"[55] Gayre skryf: "*Men are divided into races, and these races are perceptibly different from each other. The differences reflects itself not only in physical but in mental, emotional and psychological differences.*"[56]

Die idee van rasseverskille, in die sin dat menslike groepe in genetiese opsig van ander menslike groepe verskil op grond van hul biologiese afkoms, is baie oud. Volgens afbeeldinge in antieke Egiptiese grafkelders het die Egiptenare van ouds 'n vierdelige rasse-indeling van die mensheid gemaak. Dit is voorgestel in vier kleure, naamlik wit, rooi, geel en swart. Ook Aristoteles het sover gegaan om te beweer dat slawe op natuurlike wyse van hul heersers verskil en dat hierdie gedifferensieerdheid 'n biologies-genetiese basis het.[57] Teen die middel van die agtiende eeu het die botanis, Linaeus, 'n klassifikasiesisteem vir die lewende natuur uitgewerk waardeur die mens, die **Homo Sapiens**, in geografies-geskeide maar erflik-verwante subgroepe of, "*inteelbevolkings*" onderverdeel is. Hierdie onderverdeling het mettertyd onder die begrip *ras* universele betekenis verkry. Dunn skryf in hierdie verband: "*Nearly all people have the idea of blood relationship and knowledge of bio-*

52. *Ibid.*, p. 25.

53. Kyk Smuts in Ingham, K., *Jan Christiaan Smuts: The Conscience of a South African*, p. 160.

54. Kyk Malan in Vandenbosch, A., *South Africa and the World: The Foreign Policy of Apartheid*, p. 22.

55. Coertze, P.J., (red.), *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p. 6. Kyk ook pp. 6-56 in hierdie verband.

56. Kyk Gayre, R., in "Mankind Quarterly", Vol. IV, in Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 90.

57. Rhoodie, N.T., "Buitelandse opvattinge oor rasse- en volksverhoudinge in Suid-Afrika", p. 97.

*logical kinship, and consequently nearly all languages require a word to express it. Race is one of these words.*"[58]

Dit is nie duidelik wanneer daar begin is om 'n sosiaal-kulturele betekenis aan die erflike verskille tussen biologies-verwante bevolkingsgroepe te koppel nie. Dit is heel waarskynlik dat die invloed wat die verskil in afkoms op menslike betrekkinge en verhoudinge uitoefen, 'n baie ou verskynsel is. Morant skryf: "*The feelings that people have regarded their relations to members of their own group and to members of other groups, must always have had profound social and biological effects.*"[59] Dit is egter eers sedert die opkoms van die Europese nasionale state, met die gepaardgaande kolonisasie van ander wêrelddele, dat daar toenemende aanraking met nie-Europese ("*non-Europeans*") volke gekom het. Sodoende het rasverwantskap 'n betekenisvolle faktor in menslike verhoudinge geword.

Tydens die negentiende eeu het die idee na vore gekom dat die verskil in leefwyse tussen die etniese- en rassegroepe nie noodwendig 'n erflike basis het nie, dog bloot die resultaat is van die verskillende omgewings. Die geestelike verskille tussen rasse moet aan kulturele verskille toegeskryf word en nie aan inherente verskille nie. Rhoodie skryf: "*Hierdeur wou hulle bewys dat sosiale gebruike, gedragskodes en kultuur die enigste betekenisvolle verskille tussen mense daarstel en nie biologies oorgeërfde faktore nie.*"[60]

Die teenpool van hierdie denke was die standpunt van diegene wat geglo het dat 'n ras se biologiese samestelling die aard en rigting van die ras se kultuurontwikkeling bepaal. Vir hierdie denkers het die biogenetiese samestelling 'n determinisme geskep wat elke ras tot 'n bepaalde kulturele ontwikkeling determineer. Rhoodie wys op die feit dat vir die Britse historikus, Thomas Arnold, ras 'n beslissende rol speel in die *historiese* ontwikkeling van sake. Hy onderskei tussen rasse in 'n kwantitatiewe sin en sien die geskiedenis van die wêreld as 'n ontwikkeling wat deur die skeppende mag van sekere rasse bepaal word, "... *met 'n verwagte hoogtepunt in ras-gedetermineerde Britse leierskap!*"[61]

---

58. Dunn, L.G., in *The Race Question in Modern Science*, UNESCO, 1959, pp. 250-251.

59. Morant, G.M., in *The Race Question in Modern Science*, UNESCO, 1959, p. 285.

60. Kyk Rhoodie, N.T., *op.cit.*, p. 98.

61. *Ibid.*

Vanaf die twintigerjare van hierdie eeu het daar in die plek van die *biogenetiese determinisme* 'n geleidelike skuif na *kulturele determinisme* gekom, veral na die Tweede Wêreldoorlog. Dit was 'n totale aanslag teen alle vorme van 'n wetenskaplike rassisme. Dit is veral in die internasionale politiek waar die begrip *ras* grootliks gediskrediteer is omdat daar besef is dat die bestaan van afsonderlike rasse en die duidelike verskille tussen die rassegroepe, selfs deur 'n betreklik oningeligte persoon, as onbetwisbare realiteit waarneembaar was. Dus het die anti-rassiste naarstigtelik gesoek na 'n aanvaarbare verklaring vir die rasseverskille. Dit het by-talle byna 'n obsessie geword om te bewys dat verskille tussen rasse in terme van sosiaal-kulturele en geestelike ontwikkeling, niks met biologiese oorerwing te doen het nie. Kultuur was die towerwoord waarna gegryp is om die situasie te verduidelik. *"Kultuur sou dan die primêre determinant, die beslissende faktor, in die ongelyke ontwikkeling van die verskillende rasse en bevolkings wees, en nie biologies oorerfbare eienskappe nie."*[62]

Die rol wat die **VVO** en veral **UNESCO** gespeel het om die sogenaamde *"rassisme"* te beveg, is welbekend. Vir baie lande is hierdie behepthied met rassisme egter 'n fasade waaragter hulle hul eie vooroordele verberg. Dit spreek mos van die uiterste ironie dat 'n land soos Uganda skuil agter 'n Handves vir Menseregte! Onder die vaandel van **UNESCO** is daar in 1951 'n amptelike dokument die lig laat sien waarin die moderne wetenskap se standpunt oor ras en rasseverskille uiteengesit is. Hierdie dokument getuig van 'n absolute skewe seleksie van feite aangaande die begrip *"ras"*, en om daardeur, soos Rhoodie tereg opmerk, *"slegs 'n bepaalde humanitaristiese ideologie te steun."*[63]

Feit bly egter, gesien teen die agtergrond van die voorafgaande paragrawe, dat *geen mens op aarde in die ware sin van die woord gelyk is nie.* Voor die oë van God is alle menslike skepsele gelyk, maar ook: voor die oë van God is alle mense ook *ongelyk* en *anders*. Prof. J.B.S. Haldane sê tydens 'n **Geneefse Konferensie** (1963) oor die genetiek: *"Any satisfactory political and economic system must be based on the recognition of human inequality."*[64] Ook Prof. D.J. Ingle skryf: *"Equality of man is a social and ethnical concept*

62. *Ibid.*, p. 100.

63. *Ibid.*, p. 101.

64. Soos aangehaal in Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 92.

*rather than biological; the concept goes awry when it is extended to biology, for among things that live nothing is equal or identical to anything else."*[65]

Van Wyk Louw wys daarop dat hierdie negentiende-eeuse gelykheidsleuse uit Wes-Europa, die eeu van gelykmaking ingelei het. Hy skryf: *"Maar uit die gelykheid ... het daardie eeu 'n waansin laat ontstaan waarvan die wêreld baie stadig sal genees"*. Hy is van mening dat daar *tydelike* en *wesenlike* ongelykheid is. Tydelik in die sin dat mense tydelik in 'n maatskappy ongelyk kan wees. Ook wesenlike ongelykheid bestaan onder byvoorbeeld plant, dier en mens. *"Mense is wesenlik ongelyk"*, skryf Van Wyk Louw, en hy wys daarop dat om gelyk te wees, alles afgebreek moet word. "*Die* **liberaliste** *eis algemene stemreg, afgesien van bekwaamheid om te oordeel, ems of verantwoordelikheid; die* '**filantrope**' *eis gelykheid tussen Blanke en Swart rasse, afgesien van hul ontwikkelingstrap; die* **kommunisme** *wil almal in 'n klaslose gemeenskap gelykmaak met die proletariaat."*[66]

In dieselfde trant skryf Scholtz: *"Een van die vernaamste kenmerke van die lewe is die feit dat daar geen gelykheid tussen mens en mens bestaan nie."*[67] So kan een mens hoër as die ander styg in die lewe. Dit is die natuurlike orde van die lewe. Viljoen lê klem op die gedagte van veral die Afrikaner wat lid is van, " *'n hoër ontwikkelde, bevoorregte en dikwels ryker en sterker volksgroep ... omdat jy meer en beter weet ... juis omdat jy tot die meer ontwikkelde groep behoort, is jy immers sekerder van jouself."*[68]

Ook Treurnicht is van mening dat as jy ongelykes as gelykes wil behandel in 'n wêreld met skerp mededinging, die swakkes genadeloos daaronder sal ly. Die resultaat van die sogenaamde gelykheid in hierdie kompeterende wêreld, het die skryende *ongelykheid* op rampspoedige wyse bewys. Na sy mening kan die euwels wat uit ongelykheid gebore is nie bekamp word bloot deur alle mense verstandelik, ekonomies, kultureel en polities, *"gelyk te verklaar"* nie. Dit sou in die praktyk daarop neerkom dat alle etniese en kulturele verskille verdwyn en dat daar nie meer Afrikaner, Zoeloe, Xhosa,

65. Kyk Ingle, D.J., in *"Mankind Quarterly"*, Vol. IV, soos aangehaal in Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 98.
66. Louw, N.P. van Wyk, *Lojale Verset*, p. 19.
67. Scholtz, G.D., *Afrikaner, waarheen?* p. 122.
68. Viljoen, G. van N., "Die jeug se aandeel in goeie rasseverhoudinge", p. 21.

Kleurling, Asiaat sal wees nie. "*Almal is gelyk en daarom moet alle onderskeidinge uit die samelewing verdwyn*."[69]

Treurnicht sê dan tereg: "*Ons moet deeglik besef dat dit dwaas is om in die naam van verdraagsaamheid, Christelike liefde en gelykheid, ongelyksoortiges saam te dwing of as gelyksoortiges te behandel. Dit is waar dat die verkeerde beklemtoning van die ongelykheid tussen mense kan lei tot dwinglandy en wreedheid, liefdeloosheid, naywer, verontregting en opstand. Dit kan bepaald lei tot die miskenning van die mens as 'n beelddraer van God. Dog, die miskenning van byvoorbeeld die plek vir 'n afsonderlike volksbestaan van mense (wat deur die liberalis gesien word as 'n bestaan téénoor ander en nie naas ander nie) is ongeregverdig in die lig van die verskeidenheid wat God geskep het. Maar as ons die ideë-oorlog (oor die mite van gelykheid) sou verloor, moet ons maar ons geskiedenis vergeet, ons volksbewussyn verloor, wêreldburgerskap aanvaar, ons landsgrense oopgooi en ons land op 'n skinkbord aan ons vyande oorhandig. Dit sal ons nie doen nie. Dit is nie nodig nie. En dit sou die snoodste ontrou wees*."[70]

Die ongelykheid tussen mense openbaar hom duidelik in elke kultuur en beskawing wat tot stand gebring is. Dit is hierdie ongelykheid wat veroorsaak dat die draers van 'n besondere kultuur en beskawing op 'n natuurlike wyse in verskillende stande, klasse, groepe of volke verdeel raak. Dit moes noodwendig lei tot 'n *klasse-* en *rassestryd*.

In 1848 het Karl Marx en Friedrich Engels 'n klaslose gemeenskap gepropageer en dit in hulle **Kommunistiese Manifes** opgeneem. Dit is vandag nog die utopie wat die wêreldwye Kommunisme aan die mens voorhou. Scholtz skryf: "*Wat so probeer word, is inderdaad 'n poging om al die skeidslyne wat die natuur tussen mens en mens veroorsaak het, tot niet te maak. Dit kan alleen rampspoedige gevolge vir die mensdom as geheel hê, want dit moet in die eerste plaas lei tot die verlaging van die intelligensiepeil van die mens, en in die tweede plaas tot die vernietiging van kulture en beskawings*."[71]

Die saamtrekking van miljoene mense in ons stedelike gebiede moet noodwendig hierdie idee van die *massamens* bevorder. Die massamens word stelselmatig gedehumaniseer. Hy verloor algaande sy persoonlikheid en word

69. Treurnicht, A.P., *Waar die soeklig val*, p. 95.

70. *Ibid.*, p. 97.

71. Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 124.

uiters onverdraagsaam. Dit spreek vanself dat hierdie massamens 'n bedreiging inhou vir die kultuur- en beskawingsontwikkeling van 'n volk. Omdat die beginsel van vryheid en gelykheid so oorheers, plaas dit die beginsel van *demokrasie* sterk onder druk. In die meeste demokrasieë van die wêreld gaan dit hedendaags om die verabsolutering van vryheid en gelykheid. Hayek skryf: *"From the fact that people are very different it follows that if we treat them equally, the result must be inequality in their actual position, and that the only way to place them in a equal position would be to treat them differently. Equality before the law and material equality are therefore not only difficult but are in conflict with each other, and we can achieve the one or the other, but not both at the same time."*[72] Lunshof vat die gedagte mooi saam as hy sê: *"Een ding staat vast, vrijheid en gelijkheid gaan nooit samen. Wanneer men de mensen dwingt allen gelijk te zijn, dan moet men hun vrijheid ontnemen. Wanneer men de mensen ook maar een greintje vrijheid laat, zullen zij altijd naar ongelijkheid streven, omdat het wezen van de mens en het wezen van de natuur is."*[73]

Vir die Afrikaner en vir hierdie land hou die dogma van *gelykheid* groot gevaar in. Venter skryf: *"Dit is onvermydelik dat in die huidige staatkundige bedeling, waar gepoog word om 'n heterogene volkegemeenskap staatkundig in dieselfde bedeling te integreer, daar 'n strydverhouding tussen vryheid en gelykheid sal ontstaan. Dit is in hierdie teenstelling van vryheid en gelykheid dat die huidige bedeling sy grootste swakheid vertoon."*[74]

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is dit goed om daarop te let dat die politikologie essensieel die bestudering van mag is, naamlik **wie** verkry **watter** en **hoeveel** mag. Tydens 'n TV debat teenoor mnr. F.W. de Klerk, merk dr. A.P. Treurnicht tereg op: *"Ek wil my verstout om namens die Blanke gemeenskap te praat en te sê dis vir ons uiters belangrik om te weet wie oor ons regeer of sal regeer ... Dit is 'n belangrike vraag: wie neem die finale besluit? En dan is jy by die kern van die politiek."*[75] So fokus die rassepolitiek vandag op die verskillende rassegroepe in hierdie land en die verskillende rassegroepe se strewe na die hoogste gesag en mag. Dit kan derhalwe nie weggeredeneer word nie dat, net soos etnisiteit en kulturele diversifikasie, is die rassever-

72. Hayek, F.A.K., *The Constitution of Liberty*, p. 87.
73. Kyk Lunshof, H.A., in **Elseviers Weekblad**, 14 Julie 1956.
74. Kyk Venter, J.F., "Teenstrydighede in die teorie en praktyk van die huidige grondwetlike bedeling", p. 33.
75. Vergelyk TV-debat tussen dr. A.P. Treurnicht en mnr. F.W. de Klerk op 29 Februarie 1988.

skynsel 'n fundamentele faktor in ons hedendaagse politiek. Baker merk ook tereg op: *"Indeed, race relations can be viewed as group power contests, where groups contend for power to control, make or influence decisions affecting them and, in turn, society. This power contest usually occurs within the major institutions or structures of society (political, economic, social)."*[76]

*Ras* tree dus onvermydelik na vore as 'n belangrike faktor in tussengroepverhoudinge -- ongeag die vorm wat die groepskontak inneem, dit wil sê, hetsy deur verowering of migrasie. Groepsverhoudinge word bepaal deur faktore soos *groepsetnosentrisme*, *tussengroepkompetisie* en ook die mate waarin *mag besit* en *uitgeoefen* word deur die verskillende groepe.[77] Baker merk op: *"Although there are exeptions, it is the power factor (particular in terms of group power differentials) which is the most significant determinant of intergroup situations and relations."*[78]

Waar hierdie situasie voorkom is dit die *dominante* groep, gesien in die lig van hul kultuuruitinge, wat bepaal hoe die ander groepe (minderheidsgroepe ?) ingeskakel sal word in die gemeenskap se politieke, ekonomiese en sosiale strukture. So sal die dominante groep, waarskynlik getallegewys, met die mag en gesag waaroor hy beskik, die kulturele beleid van 'n gemeenskap bepaal. Die een wat die mag beheers, heers soos hy dit die beste ag.

Teen die agtergrond van bogenoemde is dit insiggewend, en by wyse van toeligting belangrik, om te wys op die wêreldwye voorkoms van rasse- en etniese konflik as dit kom by die stryd om mag, en nie soseer mag om oor 'n totale territorium te heers nie, dog heel dikwels mag *om volle selfbeskikking* uit te oefen.[79]

Sonder uitsondering word die rassefaktor gesien as 'n *kleurvraagstuk*. So sal polarisasie tussen byvoorbeeld *wit* en *swart* onvermydelik langs kleurlyne heen geskied. Feit is egter dat kleur maar één van vele kriteria by die bepaling van ras is. So is 'n kenmerkende verskynsel van rasseverskille dat daar een of ander vorm van *sosiale afstand* tussen groepe gehandhaaf word. Basies

76. Kyk Baker, D.G., "Politics, power and race relations", p. 1.

77. Coertze sien etnosentrisme as 'n "volksgerigtheid". Hy skryf: "Dit beteken vanselfsprekend 'n ingesteldheid of gerigtheid op 'n persoon se eie volk of etnos". Kyk Coertze, P.J., *Filosofiese en Metodologiese Grondslae van die Volkekunde*, p. 118.

78. Baker, D.G., *op.cit.*, p. 2.

79. Kyk Bylae A, p. 360, "Etniese oorloë oral", **Die Volksblad**, 7 November 1987.

is hierdie afstand geleë in die begeerte tot *rassesuiwerheid*. Glazer en Moynihan wys tereg daarop dat die grootste klem juis op die vermyding van bloedvermenging lê.[80] Ook Mönnig maak melding van die feit dat "*mobiliteit*" tussen rasse deur bloedvermenging, grootliks bepaal word deur die aard van die verskille tussen die groepe. "*Dit is duidelik*", skryf hy, "*dat sodanige mobiliteit slegs kan plaasvind wanneer dit gepaard gaan met aanvaarding. Waar daar nie aanvaarding is nie, word die 'baster' verwerp deur beide groepe.*"[81] Voorbeelde wat hy noem is die kinders van Amerikaanse soldate in Japan, Korea en Viëtnam, veral die kinders van Amerikaanse Negers. Sulke kinders is verwerp en aan hulle eie lot oorgelaat, meesal geïsoleer in weeshuise.[82]

Die ironie is wesenlik geleë in die feit dat talle lande en individue wat so behep is met rassisme, veral waar dit Suid-Afrika geld, hulle dit bloot as rookskerm gebruik waaragter hulle hul rasseprobleme verberg. Feit is egter dat hulle nie meer die etniese probleme in hulle eie lande kan verswyg nie. Die Kommunisme buit hierdie verleentheid terdeë uit. Verder gebruik die Afro-Asiate hierdie situasie weldeeglik om bepaalde eise af te dwing. Hulle weet goed hoe sensitief sommige lande is om nie as *rassiste* gebrandmerk te word nie. Die Afro-Asiatiese blok is by verre ook die getalsterkste groepering in die VVO, en deur effektiewe afdreiging manipuleer hulle die groot moondhede tot optrede wat getuig van die toepassing van dubbele standaarde op vele terreine. Die wêreld vergeet gerieflikheidshalwe die onmenslike kastestelsel in Indië, die diskriminasie teen Chinese in Maleisië en Indonesië, die lot van die Rooi Indiane in die VSA en die diskriminasie teen die Aborigines in Australië. Tydens die Suidwes-Afrika-geding in 1966 het Prof. Stefan Possony opgemerk dat vyftig lande, "*in which by law and official practise, status, rights, duties and burdens were allotted on the basis of membership of a group, class, or race. Of the fifty countries mentioned forty were members of the UN, and that included both the applicant states in the case.*"[83]

Heel resente voorbeelde is die tipiese fariseïsme van die Amerikaners in hierdie verband. Van al die gemeenskappe ter wêreld behoort die Swart Amerikaanse Neger 'n besef te hê van die posisie van die Blanke minderheid in Suid-Afrika teenoor die groot Swart meerderheid. Katzew skryf: "*Black America is the most visible, gaping wound of majority rule in a land jointly*

80. Glazer, N. en Moynihan, D.P., *op.cit.*, p. 40.

81. Mönnig, H., *op.cit.*, p. 28.

82. *Ibid.* Kyk ook Glazer, N. en Moynihan, D.P., *op.cit.*, p. 41.

83. Kyk "Ethiopia and Liberia vs South Africa", p. 11.

*shared by white and black. It stands, or should stand, as a cry of warning to white South Africa not to let slip all control of its destiny."*[84]

Amerika se geskiedenis, as dit kom by rassediskriminasie, spreek boekdele. Die Amerikaanse onafhanklikheidsverklaring huisves die lofwaardige woorde, naamlik, *"all men are equal"*, dog by nadere ondersoek blyk dit dat hierdie gevleuelde woorde bedoel was vir die verskille tussen die twee Angel-Saksiese groepe, en nie vir die verskille tussen die rassegroepe nie. Weyl en Possony skryf: *"In its historic context, the Declaration was a protest against laws and taxes discriminatory against the colonists. It referred to equality of rights between two groups of Anglo-Saxons and it could scarcely have occurred to Jefferson and his contemporaries that future generations, would strain these words to refer to equality of innate capacity among different races ... In fact, racial inequality was taken for granted to such an extent that the Bill of Rights could be incorporated into the constitution by the Congress of States, simply because nobody imagined that any future generation would believe that its provisions were supposed to cover Negroes and Indians. While Jefferson opposed slavery on moral grounds, he also believed that the Negro, once emancipated, should be denied American citizenship and deported from the US."*[85]

Dit wil ook verder voorkom asof Abraham Lincoln dieselfde mening toegedaan was. Tydens sy debatte met 'n sekere Stephen A. Douglas, het hy ontken dat hy van plan was om politieke en sosiale gelykheid tussen Wit en Swart daar te stel. In sy *Cooper Union*-toespraak op 27 Februarie 1860 verklaar hy: *"It is still in our power to direct the process of emancipation and deportation, peaceably and in slow degrees, so that the evil will wear off insensibly and their places be,* **pari passu** *filled up by white free laborers."*[86] Op 21 Augustus 1859 het hy verklaar: *"There is a physical difference between the two, which in my judgement, will forever forbid their living together upon the footing of perfect equality"*, en, op 14 Augustus 1862, nadat hy President geword het, sê hy: *"You and we are different races. We have between us a broader difference than exist between almost any other two races ... this physical difference is a great disadvantage to us both, as I think ... Your race suffers very greatly, many of them by living among us, while ours suffers from your presence. In a word,*

84. Katzew, H., "Afrikaner survival: The undiscussed question", in Munger, E.S., (ed.), *The Afrikaners*, p. 155.

85. Weyl en Possony, "The Geography of Intellect", (1963), soos aangehaal in Sampson, H.F., *op.cit.*, pp. 21-22.

86. *Ibid.*, p. 22.

*we suffer on each side: If this is admitted it affords us a reason, at least, why we should be separated."*[87]

Dit was veral na die **Tweede Wêreldoorlog** dat daar in toenemende mate rasseprobleme in die VSA ontwikkel het. Talle konferensies is gehou en vele woorde is gespreek, dog, soos Sampson skryf: "*The fact remains that the real central problem is almost untouched: This is still two nations!*"[88] In 1965 verklaar Pres. L.B. Johnson: "*The gulf between Whites and Negroes is actually widening rather than closing, despite the legal break-through.*"[89]

Selfs die Negers is nie almal eens oor waarheen hulle sosiale bestemming heen lei nie. So eis die sogenaamde Swart Moslems absolute skeiding tussen Swart en Wit rasse. "*All true Negroes are against social equality, believing that all Negroes should develop along their own social lines*", aldus Sampson.[90]

Dit is duidelik dat die Swarte in die VSA nog soek na 'n eie identiteit. Interessant is egter die Amerikaanse Neger se houding teenoor die Afrika Swarte. Isaacs wys daarop dat die Amerikaanse Neger die Afrika Swarte met min erns bejeën. Isaacs het met 55 Negerleiers, waaronder bekendes soos James Baldwin, Ralph Bunche, W.E. du Bois, Martin Luther King, Thurgood Marshall en Roy Wilkens onderhoude gevoer. Hulle mening was: "*To call a Negro an African meant to call him a naked savage, a cannibal. American Negroes generally rejected African students in American Colleges and treated them with contempt.*"[91]

Twintig jaar na die groot rasse-oproer in die VSA tydens die sestigerjare, wil dit voorkom asof daar groter verdeeldheid tussen die rassegroepe is

---

87. *Ibid.*, pp. 26-27.

88. *Ibid.*, p. 29.

89. Kyk Time, 11 Junie 1965.

90. Sampson, H.F., *op.cit.*, pp. 37-38. Gregor maak ook die opmerking dat die Negerprotesbewegings, soos onder andere die Swart Moslems, "represent a half articulate demand for racial identity, a search for psychic sense of belonging, out of which a positive sense of self develops. Integration is seen as a thread to such a quest for identity." Kyk Gregor, A.J., in "Mankind Quarterly", soos aangehaal in Sampson, H.F., *op. cit.*, p. 38.

91. Kyk Isaacs, H.R., *The new world of Negro Americans*, soos aangehaal in Sampson, H.F., *op.cit.*, pp. 38-39. 'n Heel resente voorbeeld van waar Swart Afrika studente met minagting behandel is, is in Rooi China, waar hewige gevegte tussen die studentegroepe uitgebreek het. Kyk Sunday Times, 1 January 1989.

as tevore. Dit blyk die mening te wees van 'n paneel deskundiges wat verslag moes doen oor die vordering wat op rassegebied sedert die laat sestigerjare gemaak is.[92] Sampson wys daarop dat na die onluste van die sestigerjare, daar gewaarsku is dat Amerika op pad is na twee gemeenskappe: Wit en Swart -- afsonderlik en ongelyk. Na sy mening is die Amerikaanse Neger gedemoraliseer deur sy verlies aan identiteit. Hy skryf: *"It is encouraging to note a proposal at last to accommodate the American Negroes in an enclave of their own, like that of the Red Indians, and of course, like that of the South African Bantustan."*[93]

Oppervlakkig beskou wil dit soms voorkom asof die Amerikaners oor al die antwoorde vir die probleme in Suid-Afrika beskik, so asof dit moet geskied op die lees van hul *"melting pot"* beginsel. Hul eie geskiedenis toon dat hierdie oplossing nie lewensvatbaar is nie.

Ook Groot-Brittanje loop erg deur onder rassevooroordele. Die Londense blad, **Observer** van 6 Maart 1962 wys daarop dat die rassevraagstuk van Brittanje 'n tydbom is wat net wag om te ontplof. Die blad skryf: *"At the end of the road, ... any hope that Britain might prove to be immune from color prejudice has disappeared."*[94] Dit is wette soos die *Race Relations Bill*, 'n wet wat die hof toelaat om boetes op te lê vir persone wat rassediskriminasie toepas, wat die argwaan van Blankes wek. Ook die militante Swart bewegings soos onder andere die **Racial Adjustment Action Society**, wek toenemende konflik. By monde van sy leier, 'n Wes-Indiër met die naam De Freitas, sê hulle: *"You've got to learn how to deal with the white man ... stop twisting and hit him back, ... I tell you, he's afraid. We are a family. Our last name is Black."*[95]

---

92. Kyk **Die Volksblad**, 3 Maart 1988. In 'n artikel: "Diskriminasie leef by skole in New York", berig die korrespondent dat rassediskriminasie elke dag in die klaskamers, sportvelde en kafeterias van hoërskole plaasvind. Hy skryf: "Vroeër vanjaar het 'n peiling getoon dat die helfte van New York se hoërskoolleerlinge al gedreig of lastig geval is weens rassevooroordele of rassediskriminasie ... Rasverwante aanvalle teen Swartmense in die stad New York het in 1987 met 154% toegeneem." Kyk ook **Die Volksblad**, 3 Januarie 1989.
93. Kyk Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 41. Sien ook verdere bespreking hieroor in Hoofstuk 4 van hierdie verhandeling.
94. Kyk die **Observer**, 6 March 1962.
95. Kyk aanhalings uit Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 48.

In 'n artikel uit Londen wys Thinus Prinsloo daarop dat "*rassediskriminasie*" nog erg by die Britte bestaan. Hy verwys na 'n senior inligtingsbeampte van die **Komitee vir Rassegelykheid**, mevrou Margaret Michie, wat verklaar het: "*Ons het 'n klomp getuienis om te staaf hoe rassediskriminerende dade honderde-duisende kere elke maand van elke jaar voorkom.*"[96] Chris Koole rapporteer in 'n berig, "*Proef oor rassisme ontnugter die Britte*", dat 'n proefneming gemaak is in 'n poging om rassekonflik en rassewrywing in Brittanje beter te evalueer. Die navorsers het tot die ontstellende gevolgtrekking gekom dat apartheid in Brittanje nie met geld of geweld uitgeroei sal kan word nie.[97]

Australië en Asië spring ook hierdie tendens nie vry nie. Die gebeure in Australië in 1987-1988, het as 'n skok vir Australië en die wêreld gekom toe die plaaslike Swart bevolking, die *Aborigines*, hul kwaai verset het teen die feesvieringe om die 200-jarige bestaan van die land te vier. Dit was 'n groot verleentheid vir die besoekende Britse monarg, Koningin Elizabeth II. Wat Asië betref, meld die tydskrif **Time** die volgende: "*Racial hatred plague all Asian nations, which present a vast, graduated racial spectrum ... Asians save their sharpest prejudice for their own minorities, including Burma's harried Indians, Japan's Koreans and -- throughout Southeast Asia -- the overseas Chinese ... Many Asian countries have not yet absorbed backward peoples in their midst ... A sense of nationhood can probably be achieved only by peoples who respect themselves and their own worth.*"[98]

Een van Suid-Afrika se grootste kritici, as dit kom by rassisme, is Italië. In 'n artikel. "*Racism sours la dolce vita*", skryf William Scobie dat, "*the increasing number of attacks on Third World immigrants has lead to fears that Italy could soon become the most racist country in Europe*".[99] Hy wys daarop dat daar skaars vyf jaar gelede sowat 300 000 Swartes in Italië was, dog vandag trek hulle Italië teen 'n tempo van 100 000 per jaar binne. Waarnemers meen dat Italië teen die einde van die eeu meer as vyf miljoen onwettige immigrante sal moet huisves. Scobie skryf: "*This growing presence has led to a string of racial clashes.*" Hy berig van 'n Ghanese leier van 'n groep wat hulself die **Black Fire Freedom** noem, wat sou gesê het: "*We're herded into com-*

---

96. **Die Volksblad**, 23 April 1988.

97. *Ibid.*, 8 Januarie 1986.

98. Kyk, "Discrimination and discord in Asia", in **Time**, 9 April 1965, p. 10.

99. Kyk artikel in **Sunday Star Review**, 24.09.89.

*munal sheds without plumbing. We're underpaid and overworked and openly called 'shiavi' (slaves), or 'smelly niggers'."*[100]

Ook 'n mees homogene Skandinawiese land soos Noorweë sit vandag met 'n immigrante probleem uit die Derde Wêreld. Mellgren berig dat die land 'n algemene verkiesing tegemoet gaan, "*and is forcing to cope with a backlash of racism as it heads towards a national election ... It is one of the hottest issues of the campaign.*"[101]

Die problematiek betreffende die rassesituasie in Suid-Afrika is egter uniek teenoor lande soos die VSA, Brittanje, Australië en Asiatiese volke. Ons het te doen met 'n geweldige meerderheid Swartes teenoor die Blankes.[102] Ironies genoeg is daar talle Swartes in Suid-Afrika wat nie met ander groepe wil integreer nie. Hier kan gedink word aan die Swart vyandigheid teenoor veral Indiërs in Natal, wat reeds gelei het tot bloedige opstande. Seton-Watson skryf: "*Africans also regarded Colourds with some suspicion.*"[103] Dit is waarskynlik die Kleurlinge en Indiërs se nadere aanvoeling vir die Westerse mens wat hulle in baie gevalle onaanvaarbaar vir sekere Swart groepe maak. Ook onder die Swartes self is daar groot verskille. In 'n regeringspublikasie, **This is South Africa**, word gewys op die feit dat die ongeveer 20 132 000 Swartes, "*are not a single homogeneous group. In fact, they comprise major distinctive ethnic groups: the Zulu, Xhosa, North Sotho, South Sotho, Tswana, Shangaan-Tsonga, Swazi, Southern-Ndebele, Northern-Ndebele, and Venda. Each of these peoples has its own cultural identity, including language and social systems, as well as its own traditional territory settled in the course of centuries.*"[104]

'n Verskynsel waarmee die Blanke in al hoe groter mate mee rekening moet hou is die konsep van 'n veelrassige samelewing in 'n eenheidstaat. Talle Swartes begin dink aan 'n groter "*African*" solidariteit, en die doel is om

100. *Ibid.*

101. Kyk "Racist backlash in Norway", in **The Citizen**, 05.09.89.

102. Die getalle volgens die 1984 sensus staan op ongeveer 4,8 miljoen Blankes, 2,8 miljoen Kleurlinge, 880 000 Asiate en 18,2 miljoen Swartes. Kyk **This is South Africa**, *Buro vir Inligting*, p. 12.

103. Kyk Seton-Watson, H., *Nation and States: An Enquiry into the Origins of Nations and the Politics of Nationalism*, p. 375.

104. Kyk **This is South Africa**, Publikasie van die *Buro van Inligting*, Pretoria, Augustus 1988, p. 8.

verskille tussen rasse te oorbrug. Dit is veral die opkoms van die *Swartmagbeweging* wat aan die konsep van veelvolkigheid 'n groter dimensie verleen. 'n Duidelike strategie word opgemerk waardeur die beginsel van veelvolkigheid na veelrassigheid omskep moet word. Daar moet 'n konsolidasie van kragte en vermoëns plaasvind. Die Swarte as groep (nie etnies nie) tree solidêr op omdat hulle sodoende 'n sterker bedingingsmag verkry. Hierdie opkomende gevoel by die Swarte kan tereg as 'n *Swart nasionalisme* bestempel word. Dit wil ook voorkom asof die Blanke in Suid-Afrika nie die minste meer beheer daaroor het nie, en by talle bestaan daar 'n totale onverskilligheid oor hierdie verskynsel. Eksteen skryf: *"Hierdie onverskilligheid aan die kant van die Witman mag die gevolg wees van onkunde, maar dat dit in die nabye toekoms een van die kragtigste faktore in die Suid-Afrikaanse politiek gaan word, lei geen twyfel nie."*[105]

Swart nasionalisme bring ook 'n sterker rassebewussyn by die Swarte mee. Sule sê: *"Africans are Africans. They are African by color, they are African by soil, by culture, by ways of thinking, and indeed Africans are inseparable."*[106] Om dit dus sterker te stel kan gesê word dat Afrika-nasionalisme 'n rassistiese inslag vertoon. Venter skryf: *"Afrika-nasionalisme is dus geen nasiebewustheid nie, maar gefundeer op ras, op die biogenetiese faktor. Sy lojaliteit is fundamenteel 'n rasse-lojaliteit."*[107]

Vandag word hierdie Swart-nasionalisme toenemend aangetref in die vorm van 'n *Swart bewussyn*, ook in Suid-Afrika. Die Swartman word toenemend bewus van die latente mag wat in sy hande opgesluit lê. Dit gaan ook toenemend gepaard met anti-Wit gevoelens. Moerane beskryf dit as, " ... *a re-evaluation of ... the black man ... of his identity ... self-reliance and aware-*

105. Eksteen, J.J.H., *Die verband tussen die Kommunisme en die Swartmag-ideologie*, p. 78. Kohn en Sokolsky skryf: "African nationalism is an undeniable force in today's world". Kyk Kohn, H. en Sokolsky, W., *African Nationalism in the Twentieth Century*, p. 8. Wat die verskynsel van Swartmag betref wys Boshoff daarop dat dit in Junie 1966 tot slagspreuk verhef is tydens die sogenaamde "Mississippi-mars" wat deur James Meredith as 'n private aksie begin is. Stokely Carmichall, 'n Amerikaanse Negeraktivis, het die geleentheid aangegryp om die eise, vrese en hoop van sy gehoor te beantwoord deur die kreet van **Swartmag**. Kyk Boshoff, C.W.H., *Swart Teologie: Van Amerika tot in Suid-Afrika*, p. 48.

106. Sule soos aangehaal in Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 79.

107. Venter soos aangehaal in *Ibid.*, p. 80.

*ness ... as a black people.*"[108] Insiggewend as Kuper ook van "*nasionalisme*" praat in die Suid-Afrikaanse konteks, hy daarvan praat as 'n nasionalisme, "*... that (should be) reserved for movements of national consciousness and organization among all African peoples of South Africa. Its basis is thus a perception of a common racial identity, a shared historical experience of subordination, and a common civic status in South African society.*"[109] Hierdie Swart bewustheid tree ook na vore onder verskillende benaminge, naamlik "*Négritude*", "*Black power*", "*Black awareness*", "*Black consciousness*" en "*African personality*", aldus Wessels.[110] Oor die vraag: Wat is *négritude*, antwoord Mercer Cook dat dit dui op, "*the rejection of Western values or the refusal to grant them exclusive and universal priority*".[111] Janheinz Jahn sien *négritude* as, "*the African Renaissance*". Hy sê: "*For négritude was liberation*".[112] Vir Kohn en Sokolsky is négritude, "*the distinctive essence of the indigenous African and Afro-American spirit or personality ...*"[113]

Na Wessels se mening het Swartmag gestalte in Suid-Afrika begin verkry namate die beleid van afsonderlike ontwikkeling suksesvol deurgevoer is. Hy wys daarop dat Swartmag 'n meer "*politieke gerigtheid*" impliseer en dat dit as 'n frontvorming teen die Blanke georganiseer moes word. "*Die revolusionêre inslag van die Swartmagbeweging vind dan ook sy vertrekpunt in die Amerikaanse 'separate-but-equal' beleid van die vyftigerjare.*"[114] 'n Kenmerk van die Swartmag in Suid-Afrika is dat dit ten doel het om die verstedelikte Swartman, "*buite sy etniese groepering*" te sien en so te stuur in 'n rigting waar die Swartman in die Tuislande en die Swarte in die Blanke gebied, "*hulself uiteindelik saam as 'n nasie sal aanvaar.*"[115]

---

108. Moerane, M.T., "Are you coming along, Brother?", in Van der Merwe, H.W. (red.), *African Perspectives on South Africa*, p. 88.

109. Kyk Kuper, L., "African nationalism in South Africa, 1910-1964", in Wilson, M. en Thompson, L., *The Oxford History of South Africa*, p. 424.

110. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 486. "Black Power", enersyds, was daarop gerig, "to consolidate behind their own". Kyk Boshoff, C.W.H., *op.cit.*, p. 48.

111. Kyk Cook in Kohn, H. en Sokolsky, W., *African Nationalism in the Twentieth Century*, p. 73.

112. *Ibid.*

113. *Ibid.*

114. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 487. Tydens 'n Swart ekonomiese konferensie op 27 April 1969, het 'n Negerleier, James Forman daarop gewys dat een van die slagspreuke van die sogenaamde, "Black Manifesto" sal wees: "All roads must lead to revolution!". Kyk Boshoff, C.W.H., *op.cit.*, p. 45.

115. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 488.

Swartmag, Swart-bewussyn en Swart-solidariteit is dus primêr daarop gerig om hulle los te maak van 'n etniese gevoel. Bengu, voormalige Sekretaris-Generaal van **Inkatha** sê: "*The launching of the* **National Cultural Liberation Movement** *known as* **Inkatha** *is an attempt to have us liberate ourselves from white ethnocentrism on the one hand, and on the other, our own negative ethnocentrism.*"[116] Hierdie afskeid van mense van hul eie kultuur en die navolging van die vreemde, het vir Coertze sekere gevolge. Hy skryf: "*Persone wat so begin dobber op die sametreffing van die verskillende kultuurstrome, voel nie tuis in hul eie oorspronklike kultuurgemeenskap nie en ook nie in die geledere van die oordragende groep nie. Langs dié weg verloor hulle 'n 'sosiale tuiste' en lei hulle kultureel 'n vereensaamde bestaan.*"[117]

In die lig hiervan propageer **Inkatha** derhalwe 'n breëre "*nasionalisme*" as Buthelezi sê: "*Black consciousness is found wherever the black man, woman or child breathes the spirit of resistance ... Black consciousness is the life blood of our dignity ...* **Inkatha** *is the mailed fist with which the Assembly strike ...* **Inkatha** *is equally dedicated ... to ally itself to any black organization engaged in*

116. Kyk Bengu, S.M., "The disease of mental whiteness", in Van der Merwe, H.W. (red.), *op.cit.*, p. 96. In die VSA is die Swartmag gesien as die opkoms van 'n nuwe etnosentrisme onder die Swartes. Hough noem dit, "a fierce pride in the distinctiveness of the Negro group as well as negative feelings toward the outgroup, the whites". Kyk Hough, J.C. (jnr.), *Black Power and White Protestants: A Christian response to the new Negro Pluralism*, p. 54. Hy bevind ook dat, "the combined effects of the increasingly ethnocentric stance of the Negro community and their strategy shift from protest to politics mean that American black-white relations have definitely moved from an era of accommodation and interracial co-operation to an era of intensifying racial conflict". Kyk *Ibid.*, p. 106. In 'n artikel, "Swartes in die VSA soek 'n ander naam", wys 'n korrespondent uit die VSA daarop dat 'n, "groep prominente Swart leiers in Amerika voorgestel (het) dat Swartes in dié land nou, 'Afrika Amerikaners' genoem behoort te word". Voorstanders van die naam sê dit sal help om 'n erfenis te versterk wat Swartes verbind aan 'n tyd voordat hulle in Amerika aangekom het, en hul identiteitskrisis begin het. Volgens die artikel het die burgerregteleier, eerwaarde Jesse Jackson onlangs gesê: "Net soos ons gekleurdes genoem is ... wat ons nie is nie ... en toe Negers, wat ons ook nie is nie ... net so ongegrond is dit om ons Swartes te noem". Na 'n onlangse vergadering van Swart leiers in Chicago het eerw. Jackson gesê Swartes verkies 'n benaming wat hul kultuur-identiteit beter beskryf. "Om 'n Afrika-Amerikaner genoem te word, het kultuur integriteit", het hy op 'n perskonferensie gesê. Kyk **Die Volksblad**, 14 Januarie 1989, p. 13.

117. Coertze, R.D., *Gemeenskapsontwikkeling*, p. 10.

*the struggle for liberation.*"[118] Tog eienaardig dat Buthelezi dit visualiseer dat die Zoeloe se tradisionele gesagstrukture behou sal bly in die nuwe grondwetlike bedeling. "*The amakhosi (chiefs) will stay, the indunas will stay and traditional authority will stay... The Zulu people have their Zulu role to play and they will play it through Ulundi. Liberation will also mean the liberation of the Zulus to do their Zulu thing.*"[119]

Hugo en Kotzé is van mening dat daar van *Swartmag* en *Swart bewustheid* nie as twee verskillende sake gepraat moet word nie. Hulle sê: "*Swart bewustheid is 'n voorvereiste vir Swartmag, en nie die alternatief daarvoor nie.*"[120] Die **University Christian Movement** omvat Swartbewussyn onder die volgende hoofde:

"*1. Inherent in the whole black consciousness programme is a realization of the importance of group action and awareness of the power people yield as a group. Hence group cohesion is an important facet of black consciousness.*

*2. Black consciousness implies the totality of black people and hence the message of black consciousness has to be spread to reach all segments of the oppressed community. Black consciousness is as such, an attitude of mind and a way of life and is not an exclusive philosophy of any group.*

*3. Black theology, theology of the oppressed people and of liberation, is an important aspect of black consciousness and seeks to relate black people with their God, a fighting God who abhors all repressive regimes.*

---

118. Kyk **Inkatha: Forth Ordinary General Conference**, Julie 1978, p. 5, soos aangehaal in Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 251.

119. Kyk **The Citizen**, 03.11.89. Kyk ook Krige, E.J., *The Social System of the Zulus*, vir meer inligting oor Zoeloegebruike, veral die van die *indoenas* en die *amakhosi*. Die Zoeloekoning, koning Goodwill Zwelethini, sê op 'n groot saamtrek van die Zoeloes ('n **imbizo**), die volgende: " I say to the leadership of the ANC, Cosatu and the UDF: leave my people alone and let them do their Zulu thing ..." (**The Citizen**, 20.11.89). 'n Interessante, dog ietwat hipotetiese vraag sou wees wat die Zoeloe-koning se status sal wees in die nuwe grondwetlike bedeling. Sal die Zoeloewette onderhorig wees aan die landswette?

120. Kyk Hugo, P. en Kotzé, H., *op.cit.*, p. 49.

*4. Vocalization of the black consciousness attitude coupled with implementation of practical programmes directed at stimulating awareness amongst black people are important aspects of black consciousness."*[121]

Swartmag beteken dan ook verskillende dinge soos onder andere selfontwikkeling, trots, solidariteit, en dui ook verder op 'n ontwikkelende Swart bewustheid, en 'n aggressiewe bevestiging van die Swarte se fundamentele sin vir waardigheid, integriteit en eiewaarde.[122] Daarom is Swartmag die instrument waardeur verandering veral beteken, verandering déur die Swartman, vír die Swartman self. Hulle verwerp dus die beginsel van integrasie as dit blote vermenging sou beteken. *"Integrasie moet nie langer deur die Swarte beskou word as die wyse waarop vryheid verkry kan word nie, alhoewel dit die eindproduk van 'n suksesvolle Swartmagbeweging sou kon wees."*[123]

Swart-bewussyn in Suid-Afrika beweeg na my mening baie vinnig na 'n kritieke punt. Dit word beweer in die lig van die huidige kragmonstering van die Swart vakbondwese soos COSATU, radikale en verbode organisasies soos die ANC, die SAKP en die PAC, en die toenemende aantal stakings en protesoptogte op landswye vlak. Swart radikale leiers trek duisende Swartes na hulle vergaderings, en die openbare prominensie wat godsdienstige leiers soos Biskop Desmond Tutu en dr. Allan Boesak, asook vrygelate ANC terroriste soos Walter Sisulu en andere geniet, gee 'n gevoel van solidariteit aan die Swarte. Die mees resente voorbeeld is die reusesaamtrek van byna 100 000 mense in die **Soccer City Stadion** in Soweto in Oktober 1989. Agt vrygelate ANC terroriste is daar verwelkom. Onder hulle was bekende terroristeleiers soos Walter Sisulu, Ahmed Kathrada en Govan Mbeki. Die byeenkoms is openlik geadverteer onder die naam van die ANC, en die podium was opgestel onder die reusebaniere van die verbode ANC en **Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.**

Die **African National Congress** vorm vandag die speerpunt van Swart radikalisme in Suid-Afrika. Gestig op 8 Januarie 1912, was een van hulle doelstellings in hul program van aksie, *"mass strikes, boycotts, civil disobedience,*

121. Kyk **Freedom '71, University Christian Movement Conference Report**, soos aangehaal in Opperman, D.J.J., *Staatsveiligheid: 'n Studie van terreur en ondermyning in die Republiek van Suid-Afrika*, p. 69. Die **University Christian Movement** is in 1967 gestig in reaksie op die oorwegend wit NUSAS.

122. *Ibid.*, p. 49.

123. *Ibid.*, p. 50.

*and any other such weapons".*[124] In 1943 het die ANC 'n nuwe grondwet aanvaar, waarvan Abraham Fischer, 'n gelyste kommunis, die argitek was. In Junie 1955 is die "**Freedom Charter**" aanvaar as deel van die ANC-grondwet, en sedert 16 Desember 1961 kan die ANC beskou word as 'n frontorganisasie van die SAKP. In 1949, met die Jaarkongres van die ANC, is *n'Kosi i Sikelele Africa* as amptelike ANC volkslied aanvaar. Op 8 April 1960 is die ANC tot verbode organisasie verklaar, en wel ingevolge Wet Nr. 34 van 1960.[125]

Die geweldsopsie van die ANC is tot en met vandag toe hul verklaarde beleid. Tydens die Rivonia-verhoor in 1964 het die aanklaer vir die staat, dr. Percy Yutar, hierdie beplande geweldadige omverwerping van die regering van Suid-Afrika, as, "*a classical case of high treason* **par exellence**", beskryf.[126] Na 'n suksesvolle klopjag op die plaas "Lilliesleaf" by Rivonia, is 'n dokument getiteld "*Operation Mayibye*", daar aangetref. In Deel I van die dokument word die volgende aanhaling aangetref: "*The white state has thrown overboard every pretence of rule by democratic process. Armed to the teeth it has presented the people with only one choice, that is its overthrow by force and violence. It can now truly be said that every little, if any, scope exists for the smashing of white supremacy other than by means of mass revolutionary action, the main content of which is armed resistance leading to victory by military means.*"[127]

Tydens die verhoor het Nelson Mandela in sy getuienis gesê: "*I started to make a study of the art of war and revolution and whilst abroad, underwent a coarse in military training. If there has to be a guerilla warfare, I wanted to be able to stand and fight with my people and to share the hazards of war with them.*"[128] Oliver Tambo, tans president van die ANC laat hom soos volg uit: "*We in the African National Congress do not imagine that the defeat of imperialism in Southern Africa will be quick or easy. We realize it will be longdrawn and bloody. But we are confident of the final outcome. As our forces drive deeper into the South, we have no doubt that they will be joined not by some, but by the whole African nation; by the oppressed minorities, the Indian and Colored people and by an increasing number of white democrats.*"[129]

124. Kyk Serof, H., *The Puppeteers*, p. 86.

125. Kyk Opperman, D.J.J., *op.cit.*, p. 92.

126. Kyk De Villiers, H.H.W., *Rivonia -- Operation Mayibuye*, p. 28.

127. *Ibid.* Operation Mayibuye beteken "*Operation Return*".

128. Soos aangehaal in Opperman, D.J.J., *op.cit.*, p. 96.

129. *Ibid.*

Die konsep van Swartbewussyn berus dan ook op hierdie fundamentele beginsel naamlik dat: *"Before a group can enter the open society it must first close ranks. By this we mean that group solidarity is necessary before a group can operate effectively from a bargaining position of strength in a pluralistic society."*[130] Hugo en Kotzé sê tereg: *"Die argument is dus dat Swartmense, slegs wanneer hulle groepsolidariteit ontwikkel het, in staat sal wees om 'n verenigde, geïntegreerde en doeltreffende krag tot verandering te vorm."*[131]

Swart-bewussyn en Swartmag is in 'n bepaalde sin dus 'n *volksoorspannende* bewussyn. **Inkatha** sien dit as 'n bepaalde doelwit, *"to foster the spirit of unity among ... all ... African Brothers in Southern Africa."*[132] Venter haal Coleman aan wat daarop wys dat die doel van Swartnasionalisme is, *"the creation of a global racial consciousness and unity..."*[133] Inderwaarheid skakel die Swartmag nie Blanke simpatiseerders uit hul politieke doelwitte uit nie. So is Buthelezi bereid om die hulp van Blankes te aanvaar. Hy sê: *"Whites need liberation as much as Blacks."*[134] Ander Swartes weer aanvaar die Blanke baie moeilik in sy geledere. Hoofman Ntsanwisi sê byvoorbeeld van die Swart jeug: *"... their only salvation lies in their own people, not in the whites at all"*, en die, **"South African Students Organization"** noem sulke Blankes, *"Black souls in white skins."*[135] Enige samewerking met Blankes was vir die Swart aktivis, Steve Biko, 'n struikelblok na Swart eenheid. Hy sê: " ... *it is about time we killed this false political coalition between Blacks and Whites."*[136] Die Swartman verkies, *"to do it ourselves,"*[137] omdat, *"they ... served only to confuse (the) struggle for cultural, social and academic equality."*[138] Barber haal Oliver Tambo aan as hy sê: *"... therefore, the enemy of the black man is the*

---

130. Kyk Carmichall, S. en Hamilton, C., "Black Power", in Baily, H. en Katz, E., *Ethnic Group Politics*, pp. 297-298.

131. Hugo, P. en Kotzé, H., *op.cit.*, p. 51.

132. Kyk aanhaling in Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 242. Kyk ook Hugo, P. en Kotzé, H., *op.cit.*, p. 60.

133. Coleman, J.S., "Nationalism in Tropical Africa", soos in Venter, J.F., "Swart- en ander nasionalismes in Suid-Afrika", p. 24.

134. Kyk *Survey of Race Relations in South Africa*, SAIRR, 1977, pp. 36-37. Kyk ook **Sunday Times**, 25 September 1977.

135. Kyk albei aanhalings uit Van der Merwe, H.C., (red.), *op.cit.*, pp. xv en 104 onderskeidelik.

136. Kyk "Black Power taking White Liberals", in **Rand Daily Mail**, 28 Maart 1972.

137. *Ibid.*

138. Kyk "Editorial", SASSAC, p. 7. Kyk ook Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, pp. 245 en 272.

*white man.*"[139] By geleentheid is ook gesê: "*It is necessary and essential for Blacks in South Africa to unite and consolidate themselves. We believe that in all matters relating to the struggle towards realising our aspirations, Whites must be excluded.*"[140]

Soos reeds daarop gewys, vertoon die Swartmag 'n geneigdheid om revolusionêr te wees. Die evolusionêre proses na verandering, wat noodwendig deur konstitusionele prosesse moet geskied, is te stadig. Alleen revolusionêre veranderinge sou die **status quo** ingrypend kan verander, derhalwe die irrasionele filosofie van, "*geweld om vrede te bewerkstellig*".[141] Deur gemanipuleerde maatskaplike veranderinge moet daar 'n radikale omkeer in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasvind. Daarvoor moet die Blanke 'n "*breinspoeling*" ondergaan, gepaardgaande met 'n fatalistiese siening van die toekoms asook 'n katatoniese "*death attitude*", aldus Meerloo.[142] Eksteen wys daarop dat hierdie katatoniese gesindheid alreeds op baie Blanke Suid-Afrikaners 'n verlammende politieke uitwerking gehad het. "*Verstarring het die bedryfspolitiek van die reeds twyfelagtiges geword, terwyl krake in die politieke harnasse van die eertydse 'gelowiges' begin vertoon.*"[143] Blankes moet tot die besef gebring word dat magsdeling met die Swartes noodsaaklik en onvermydelik is. Sodoende moet Blankes gekondisioneer word om 'n geïntegreerde samelewing te aanvaar. Meerloo skryf: "*Continual suggestion and slow hypnosis in the wake of mechanical mass communications promotes uniformity of the mind and may lure the public into the 'happy era' of adjustment, integration and equalization in which individual opinion is completely stereotyped,*"[144] en, volgens **Die Transvaler**: "*Die Witman word as't ware gebreinspoel om in sy selfvertroue te verkrummel met verskonings en skuldbelydenisse.*"[145] Beria, 'n gewese hoof van die **Russiese Geheime Polisie** (die KGB), maak die volgende stelling: "*As ons op effektiewe wyse die nasietrots en patriotisme van slegs een geslag kan verwoes, sal ons daardie land inpalm.*"[146]

---

139. Kyk Barber, J., *Is there a South African Nation?*, p. 26.

140. Kyk Venter, J.F., *op.cit.*, p. 26.

141. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 153.

142. Meerloo, J.A.M., *The rape of the mind: The psychology of thought control, menticide and brain washing*, p. 119.

143. Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 252.

144. Kyk Meerloo, J.A.M., *op.cit.*, p. 96.

145. "Wie waag die eerste klip na ons politiek se skurke?", in **Die Transvaler**, 24 Februarie 1976.

146. Kyk **Debatte van die Volksraad**, Kolom 4791, 17-21 April 1978.

F.J.H. Wessels sien hierdie drang tot oorgawe, tot kompromieë en toegewings as 'n "*weerbaarheidsverslapping*". Hy sê: "*Dit is ontstellend dat hulle van wie uit hoofde van belydenis verwag sou word om as stryders van die* Civitas Dei, *hulle weerbaarheid ten opsigte van 'n naderende Armaggedon op te skerp, juis nou al in die loopgrawe van die vyand sit en gebreinspoel word deur die gangbare humanistiese wêreldbeskouing.*"[147] As Poorter op die gevaar van Swartmag wys sê hy: "*In South Africa the dangers flowing from racial incitement or Black Power are more volcanic than those from acts of terror which do not challenge the existence of the State.*"[148]

Daar moet derhalwe geen illusie by die Blanke bestaan oor die uiteindelike doelstelling van die Swartmag en Swart-bewussynsgroepe met Suid-Afrika nie. Ten einde verandering aan te bring het dit nodig geword om Swartes in beleidmakende posisies in te maneuvreer. Vir die huidige wil die radikale Swart groepe nie aan die konstitusionele proses deelneem nie, veral uit vrees dat hulle as marionette van die Blanke regering beskou kan word. Buthelezi het egter geen illusie oor die Swarte se toekoms nie, as hy sê: "... *then our only alternative (is) to seek fulfillment not in unreal 'separate freedoms', but in one South Africa, and in the only seat of power which is Parlement.*"[149] Swartmagleiers het 'n duidelike visie oor die toekoms en oor die toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing as hulle sê: "*Wat julle ook al doen ... ons gaan julle oorheers.*"[150] Carmichael en Hamilton sê: "*In the end, we cannot and shall not offer any guarantees that Black Power, if achieved, would be non-racist ... white society is not entitled to reassurances.*"[151]

Bogemelde is die realiteit waarvoor die Blanke in Suid-Afrika te staan gekom het. Swart nasionalisme, gebaseer op 'n rassefilosofie, het ontwaak. Die Blanke word gekonfronteer met die onvermydelike dat hy daadwerklik iets sal moet doen om sy eie toekoms veilig te bewaar, om te veg vir dit wat die Blanke en die Afrikaner se eie is. Laat daar dus nie van ons gesê word, soos deur Eksteen aangehaal, dat, "... *net omdat ons self te onkundig, te skaam, of sommer net te vrotsig was om ons man te staan, vir dit wat ons eie is*", nie.[152] Wessels sê dan ook tereg dat, "*afsonderlike volksontwikkeling*

---

147. Wessels, F.J.H., "Ongeloof en wêreldgebeure", p. 75.

148. Kyk "After the clampdown", in **To the Point**, 28 Oktober 1977, p. 5.

149. Kyk aanhaling in Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 286.

150. "Blankes vrees realiteit in Suid-Afrika – Motlana", in **Die Volksblad**, 11 April 1979.

151. Kyk aanhaling in Eksteen, J.J.H., *op.cit.*, p. 381.

152. *Ibid.*

*(moet) steeds 'n teenvoeter bly vir Swartmag."*[153] Treurnicht verklaar dan ook met klem dat die Blanke nié met die Swarte wil integreer nie: "*Ons wil 'n Blanke volk met selfbeskikking binne ons eie leefruimte bly. Daarom stel ons grense.*"[154] Oor integrasie skryf Wessels: "*Integrasie, gebore uit 'n vreeskompleks, moet nou die antwoord en waarborg van blywende vrede vir die paniekbevange mensdom wees, omdat verbastering sogenaamd alle wrywingsvlakke tussen mense verwyder en so ook die moontlikheid van oorlog ... Die integrasionistiese filosofie dra in homself die kiem van ondergang, van 'n nie-komende, maar reeds bestaande stryd vanweë sy herkoms uit en as deel van die kommunistiese wegbereidingsplanne om wêreldoorheersing. Integrasionisme is dus 'n strategiese knoeier om nasionale identiteit te omskep in klaslose wêreldburgers.*"[155]

Na my mening bestaan daar vandag net twee alternatiewe vir die rassesituasie in hierdie land, naamlik *rasse-integrasie* en 'n vermenging op alle terreine van die samelewing, en andersyds, 'n strewe na *eiesoortigheid* en *rasseafsonderlikheid*. Dit is seker nie moeilik te bedink hoe Suid-Afrika onder Swartnasionalisme daar sal uitsien nie. Venter stel dit so:

1. *Swartnasionalisme sluit Blankes uit.* Soos die naam aandui is Swartnasionalisme 'n bewussyn wat Swartes onder mekaar deel. Swartes het die behoefte om met swartwees versoen te raak. (Na ons mening kom dit daarop neer dat Afrikanernasionalisme en Swartnasionalisme hoegenaamd nie versoenbaar is nie.)

2. *Swartnasionalisme is onversoenbaar met die begrip magsdeling.* Die herstel van beskikkingsreg deur die Swarte word geëis en dié eis is slegs te rym met 'n bedeling wat politieke besluitneming as die uitsluitlike reg van die Swart meerderheid erken. Magsdeling met Blankes dien slegs as orgaan tot Swartmeerderheidsregering.

3. *Swartnasionalisme noodsaak Blanke uitdrywing.* In Swart state van Afrika waar Swartnasionalisme oorgeneem het, het dit met 'n vrywillige of ook gedwonge uittog van Blankes gepaard gegaan. Uitdrywing van groot omvang is 'n algemene verskynsel van die twintigste eeu. Berry en Tischler skryf: "*One way to be sure of solving problems of ethnic relations is for the stronger*

153. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 488.

154. Treurnicht, A.P., *Credo van 'n Afrikaner*, p. 22.

155. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 489.

*group to annihilate the weaker, or if that is to be a reprehensible device, to drive it out of the country. Instances of both these practices are commoner than we like to think.*"[156] Die getal Blankes moet dus verminder word tot dié waarsonder nie klaargekom kan word nie.

4. *Verbreding van demokrasie stuit Swartnasionalisme nie*, dit wil sê aspekte soos 'n vryemarkstelsel, gelyke geleenthede en derglike sake nie. Venter noem hierdie dinge "*redmiddels*" wat tans deur die liberalisme voorgehou word. Swartnasionalisme rym nie met demokrasie nie; eerder 'n militêre of een of ander gesagstaat.

5. *Hervorming bevredig Swartnasionalisme nie*. Dit is duidelik dat 'n bedeling wat nie sigbare Swartmeerderheidsregering tot gevolg sal hê nie, is waarskynlik nie vir Swartnasionalisme aanvaarbaar of onderhandelbaar nie.

6. *Swartnasionalisme behaal welslae*. Daar word in toenemende mate welslae behaal deurdat sogenaamde vreedsame protesoptogte op eskalasie van Swartsolidariteit dui. Sover Venter.[157]

As daar dus vanuit links-liberale kringe aangedring word op "*reform*", of, "*time is running out*", dan het die tyd juis aangebreek, soos Wessels sê, "*om afsonderlike ontwikkeling tot sy logiese uiteinde te bring as die enigste formule vir vreedsame naasbestaan.*"[158] Die Afrikaner se weerbaarheid teen hierdie gemeenskaplike gevaar is geleë in sy **Calvinistiese** volksbeskouing; 'n volksbeskouing wat as die Afrikaner se "*geboortestempel*" verklaar kan word, aldus Strauss.[159] Hy sê: "*Geen ander volk het so ontstaan nie, en geen ander volk het sy vaderland so ontvang nie. Geen ander volk het so van die begin af die Skrif as enigste wegwyser vir die hele volkslewe gehad nie, en daarom bly ons alleen Boervolk as ons getroue geesteskinders van die Calvinisme is. Dit geld vir elke volksgenoot ... Hy wat die Boervolk wil begryp moet eers hierdie waarheid verklaar.*"[160]

In die lig van die huidige gebeure tans handhaaf Wessels 'n gesonde beginsel as hy sê dat afsonderlike volksontwikkeling, "*nie veelvolkige afsonderli-*

156. Berry, B. en Tischler, H.L., *Race and Ethnic relations*, p. 372.
157. Kyk Venter, J.F., *op.cit.*, pp. 24-25.
158. *Ibid.*, pp. 489-490.
159. Strauss, H.J., "Calvinistiese volksbeskouing", p. 12.
160. *Ibid.*

*ke ontwikkeling impliseer nie".* Hy wys daarop dat veelvolkige afsonderlike ontwikkeling die teenstrydigheid van die *"smeltkroes-gedagte"* ten grondslag lê, naamlik 'n geografiese en ekonomiese integrasie en gelyktydig daarmee 'n politieke woonbuurtskeiding. By implikasie beteken dit 'n, *"doktrine van ekonomiese determinisme"*, waaraan daar aan *"ekonomiese oorwegings"* hoogste prioriteit toegeken word.[161] *"Hierteenoor"*, sê hy, *"staan die beleid van afsonderlike volksontwikkeling op die grondslag van 'n selfvoorsienende ekonomiese en polities-geografiese selfbeskikkingsreg. Dit is nie tegelyk skeiding en integrasie nie, maar die oorheersende vestiging en ontwikkeling van elke volk in sy eie land, dit wil sê, binne nasionale en volksverband."*[162] Daarmee is ons dit met Wessels roerend eens.

### *1.3 DIE BEGRIP "NASIE"*

Die woord **nasie** is afgelei van die Latynse woord **natio** wat na sy oorsprong beteken, " *'n gebore wese"*, of *"om gebore te word"*. Kotzé wys daarop dat die begrip nasie ". *'n eenheidsbewuste en politiek-gerigte gemeenskap"* aandui.[163] In enkele publikasies wys Dreyer daarop dat 'n nasie die grootste deel van 'n land se bevolking vorm, dog is nié dieselfde as die bevolking nie. So het 'n staat 'n bepaalde grondgebied waaroor hy heers en die mense van daardie land vorm die bevolking. Dit kan ook gebeur dat dele van 'n bevolking onderdane van 'n ander staat kan wees. Die nasie is die eintlike onderdane van die staat. *"Die mense wat tot die nasie behoort is die burgers van daardie staat of land. Nasie en burger is juridiese begrippe."*[164] Hy wys ook daarop dat 'n nasie nie 'n organiese begrip soos 'n volk is nie. *"'n Nasie is die totaliteit van die burgers van 'n bepaalde staat ... Waar ons dus by die volk met 'n organiese geheel te doene het, het ons by die nasie met individue te make ... 'n Nasie kan uit een volk of verskillende volke plus nog 'n onbeperkte aantal los individue bestaan."*[165]

Ons kan dus uit bostaande aflei dat die begrip nasie merendeels dui op 'n politieke begrip. Tog bestaan die woord nasie lank reeds voordat die gedagte van selfbeskikking bestaan het. Dit is meestal gebruik in 'n nie-politieke konteks. Cobban skryf: *"A nation was a community of language or culture*

161. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 490.

162. *Ibid.*

163. Kotzé, D.J., *Nasionalisme: 'n Vergelykende studie*, p. 17.

164. Dreyer, P.S., *Revolusie en Terreur*, pp. 5-6.

165. Dreyer, P.S., *Inleiding: Die Liberalisme*, p. 37.

*which might, or which might not, possess common political ties or aspirations.*"[166]

Deurdat daar heelwat definisies vir 'n nasie aangetoon kan word, word daar ook dikwels tereg onderskeid gemaak tussen die begrippe, "*kulturele nasie*", dit wil sê 'n gemeenskap wat deur taal, godsdiens, geskiedenis en tradisie saamgebind word, asook 'n "*staats- of politieke nasie*", dit wil sê 'n gemeenskap wat, saam met sy kulturele bande, ook oor 'n wettige staatstruktuur beskik. Meinecke tref dieselfde onderskeid tussen 'n, "*kulturnationen*" en 'n, "*staatsnationen*". Daar is na sy mening, "*kultuurnasies*" en "*staatsnasies*". Hy sê: "*There are national states in the political sense, and national states in the national-cultural sense; among the national states in the political sense, and also among those that are both political and cultural nations.*"[167] Cobban self merk tereg op: "*Every separate national culture must be a state in embryo, and the ideal of every state should be to embody a single culture nation. Multi-national states are automatically ruled out.*"[168]

Coertze hou 'n interessante mening daarop na as hy wys op die feit dat daar 'n neiging bestaan in die staatkunde en die sosiologie om die inwoners van enige besondere staat met die term **nasie** aan te dui. Hy skryf: "*Hiermee kan ons nie akkoord gaan nie omdat dit die afkomsbeginsel wat in die term volgens die betekenis en die herkoms daarvan opgesluit lê, totaal negeer. Vir sommige state, waarin mens segmente, wat etnies verwant is, aantref, sou dit toelaatbaar wees: Dit is egter ongewens om dit vir 'n staatsbevolking te gebruik wat in samestelling en in oorsprong heterogeen is en wat etnies geen verband met mekaar het nie. Behalwe dat hulle deur dieselfde landsgrense omkring word, bloot omdat dit die grondbetekenis van die woord negeer. So 'n gebruik is 'n etatistiese benadering wat in die volkekunde onaanneemlik is. Onder sulke omstandighede moet mens liewer verwys na 'n staatsbevolking.*"[169]

Die relevante vraag bly steeds of ons in Suid-Afrika één nasie vorm of nie. In sy werk, "**Is there a South African nation?**", antwoord Barber negatief. Hy sê: "*There are still competing perceptions of nationalisms, without agreement on what constitutes the 'nation'*".[170] Ook dr. Denis Worral, op daardie

166. Cobban, A., *The Nation-State and National Self-determination*, p. 109.

167. Kyk Meinecke, F., *Weltbürgerstum und Nationaalstaat*, soos aangehaal in *Ibid.*, p. 108.

168. *Ibid.*, p. 111.

169. Coertze, P.J., *Filosofiese en Metodologiese Grondslae van die Volkekunde*, pp. 80-81.

170. Kyk Barber, J., *op.cit.*, p. 14.

stadium Suid-Afrika se ambassadeur in Groot-Brittanje, sê op 8 Junie 1986 voor 'n komitee van Buitelandse Sake van die Britse Laerhuis: "*We are not really a nation, and do not have a single perceived history or a single set of shared heroes.*"[171]

## *1.4 WAT IS 'N VOLK? BEGRIPSONDERSOEK NA DIE IDENTITEIT VAN 'N VOLK*

Dit is begryplik dat daar op die huidige tydstip in Suid-Afrika op 'n breë terrein bespreking gevoer word oor die begrippe *ras, volk, nasie* en *staat*. Ewe begryplik is dit dat ons feitlik toegegooi word met wyd uitcenlopende menings, gevoelens en idees rondom hierdie begrippe. Sommige klink aantreklik, terwyl andere weer beslis "*aanstoot*" gee. Aan die wortel van hierdie probleem lê die verwarrende, onsuiwere, asook die onkritiese begripsgebruik daarvan. Derhalwe hoor ons dikwels uitdrukkinge soos, die "*blanke volk*" van Suid-Afrika, die "*Suid-Afrikaanse volk*", asook "*volks- en/of bevolkingsgroepe*".

Deurdat die *toekomsverwagtinge* van alle Suid-Afrikaners 'n wesenlike vraag geword het, moet daar vir die toekomsonthalwe meer duidelikheid oor hierdie aangeleentheid verkry word. Daar is reeds gehandel met besondere begrippe soos: wat is 'n *staat*, 'n *ras*, 'n *nasie* en ook die idee van *etnisiteit*. Daar is egter ook die, "*volks*"-idee: dié idee of begrip wat aan eie en selfstandige groepe mense toegeken word wat hulle onmiddellik plaas *téénoor* ander volke, volksgroepe of gemeenskappe in hierdie land. In hierdie sin kan ons onderskei tussen onder andere die *Afrikanervolk*, die *Vendavolk*, die *Tswanavolk*, die *Xhosavolk* en die *Zoeloevolk*. Die erkenning van byvoorbeeld die **Afrikaner** *as 'n volk in eie reg*, dra in pregnante sin 'n sterk beklemtoning op *oorlewing* en die Afrikaner se sinvolle voortbestaan aan die suidpunt van Afrika.

By wyse van begripsverheldering word weereens daarop gewys wat bedoel word as daar van dié Afrikaner gepraat word. Hoofstuk 1 en 2 handel breedvoerig daaroor en sonder om sekere aspekte te herhaal, word daar erkenning verleen aan die feit dat daar tog verskille bestaan tussen Afrikaners onderling. Daar word selfs ligweg gespot met die "*konserwatiewe*" Afrikaners

171. Kyk House of Commons -- Sixth Report from the Foreign Affairs Commitee Session, 1985-1986 -- South Africa, Vol. II, p. 123, soos aangehaal in Barber, J., *op.cit.*, p. 14.

van die noorde en die sogenaamde "*Cape Liberal*"-Afrikaners van die Suide. So sal daar ook 'n verskil van siening bestaan onder Afrikaner-politici soos onder andere dr. A.P. Treurnicht en dr. Van Zyl Slabbert. Soos elders in die verhandeling gemeld, word daar deur dr. Willem de Klerk gepraat van "*verligte*" en "*verkrampte*" Afrikaners. Dus, 'n lysie van *verskille* kan waarskynlik lank uitgerek word.

In die kontemporêre politieke debat waaroor hierdie tema handel, lê die groot verskil na my mening in die onderskeie Afrikaner-groeperinge se siening oor die **toekoms** van die Afrikaner in hierdie land. Daar is 'n duidelike verskil te bespeur by bepaalde groeperinge oor die wyse waarop die Afrikanervolk behoue moet bly en hoe om sy identiteit te handhaaf. Talle wil vry wees binne 'n *eie afsonderlike volksbestaan*, terwyl daar weer andere is wat die Afrikaner se toekoms sien opgaan in 'n vorm van *integrasionisme*, dit wil sê 'n eenheidstaat met 'n gemeenskaplike burgerskap onder 'n veelrassige regering. Veelrassige strukture van bo tot onder skyn vir sommige aanvaarbaar te wees.

As die skrywer dus van **dié** Afrikaner praat, is dit nie uit hovaardigheid of om 'n soort "*super*"- Afrikaner te beskryf nie, dog slegs die "*volkse-Afrikaner*". Dié Afrikaner wat bloot daarna streef om binne **volkse** verband homself uit te leef. Niks meer en niks minder nie. Dit is die volkse-Afrikaner wat Strauss beskryf as hy sê: "*In ons midde leef egter ook diegene wat getrou is – alle vyande, uit watter hoek ook al, ten spyt. Hulle wat in die bresse staan, die vesting hou en elke aanslag in geloofsvertroue die hoof bied, die Christelike-Nasionale Afrikaner – man, vrou en kind.*"[172]

Die betoog in hierdie verhandeling gaan dus oor daardie deel van die Afrikanervolk wat 'n eie staat begeer; daardie Afrikaner wat alle eienskappe besit wat die Afrikanervolk 'n besondere volk in die oë van die wêreld gemaak het.

Teen die agtergrond van bogenoemde gaan die skrywer uit van *drie* uiters belangrike standpunte, naamlik:

* dat die vraagstuk en die oplossings rakende volkskap benader sal word vanuit 'n duidelike **Christelike, Protestants-Calvinistiese** benadering; en

172. Strauss, H.J., "Afsonderlike ontwikkeling en mensegode", p. 1.

* dat daar uitgegaan sal word van veral die Afrikaner se **volksgebondenheid**; asook

* die Afrikaner se **territoriale gebondenheid** en **historiese verweefdheid met sy eie vaderland**; 'n vaderland wat hy **eksklusief sy eie** kan noem.

In die lig van bogenoemde is dit insiggewend om verskeie menings in verband met die begrip "*volk*" aan te hoor. Stoker wys onder andere daarop dat 'n volk as verskynsel iets unieks is met 'n eie aard en wese. Hy skryf: "*Dit verstaan die liberalisme nie ... Die volk het 'n eiesoortige eenheid, 'n eie struktuur, 'n eie sin, 'n eie taak en bestemming wat syne alleen is.*"[173] Vir hom is die volk 'n "*organisme*", want 'n organisme is 'n oorspronklike eenheid en nie 'n losse aaneenvoeging van lede nie. As 'n volk in sy geheel ly, dan ly elke volksgenoot daaronder. Wat met 'n volk as geheel gebeur, gebeur ook met sy volksgenote. Hy sê tereg dat 'n volk moet oor mekaar "*besorgd*" wees, "*aanmoedig*" waar nodig en "*gesamentlik hul kragte inspan sodat die volk sy bestemming sal bereik en sy, van Godgegewe roeping, kan vervul.*"[174]

'n Besondere bydrae wat Stoker tot die gesprek lewer is sy vaste mening dat 'n volk '**n gawe** uit die hand van God is. Hy sê: "*Die Skrif leer ons dat God die lotgevalle van die volke bestier en die onderskeie volke en tale gewil het en aan elkeen sy besondere roeping gee. Die Skrif lê besondere nadruk op die fundamentele betekenis van die verskeidenheid van die volke in die verwesenliking van Gods Raadsplan deur die loop van die eeue heen.*"[175] Besondere faktore wat hy onderskei, naamlik dit wat 'n volk maak wat hy is, is die "*bloedband*", die "*kultuurband*", die "*landsband*", en die "*geskiedenis*". Hy sien die *organiese bloedband* as prinsipieel nodig. Neem dit weg dan word 'n volk vernietig. Die **landsband** is van wesenlike belang. Dit is so dat 'n volk se bestaan nie opgehef word as hy nie 'n land het nie, maar die belang en die betekenis daarvan mag nie onderskat word nie.[176] Vanuit Calvinistiese oogpunt gesien, kom dit in beginsel dus daarop neer dat 'n volk nie nét bestaan nie, maar ook mag bestaan en sal bestaan!

Die feitlike posisie is derhalwe dat daar 'n *geografiese* en *historiese* verskynsel bestaan wat ons '**n volk** noem. 'n Volk is nie 'n statiese entiteit nie,

173. Stoker, H.G., *Stryd om die Ordes*, p. 142.

174. *Ibid.*

175. *Ibid.*, p. 145.

176. *Ibid.*, pp. 145-146. Kyk ook Strauss, H.J., *Christelik-nasionaal en CNO*, p. 10.

maar is dinamies groeiend en in 'n proses van historiese ontwikkeling. 'n Volk is weliswaar ook veranderend, *dog hy bly in wese homself*. Die volk vertoon wel 'n, "*ope*" eenheid, dog is uiters selektief wat sy openheid betref. 'n Volk bestaan basies uit mense wat dieselfde lewenswyse, dit wil sê, kultureel en andersins, aanvaar het en wat die intrinsieke besef koester: *ons is lede van dieselfde volk!* Dit bring mee 'n besondere volksbewussyn en 'n onontkombare verbondenheid aan mekaar. Derhalwe sal basiese faktore soos 'n taal, land en grond, eie regering, eie gemeenskapslewe en geskiedenis, 'n gemeenskaplike godsdiens, eie lewens- en wêreldbeskouing, 'n eie waardesisteem asook 'n eie ekonomiese verweefdheid, sterk *samebindende* faktore wees: iets wat nie summier geïgnoreer kan word nie. 'n Volk het dus 'n unieke eie **volksfilosofie**, van wat Kotzé noem: " *'n verledebeeld, 'n hedebeeld en 'n toekomsverwagting.*"[177]

'n Volk is dus 'n menslike samelewing van betreklik wye omvang. Die lede van 'n volk word aan mekaar verbind deur *gesamentlike afstamming* wat familieverwantskap impliseer, sodat 'n relatief groot persentasie van 'n volk weet dat ander lede van die volk sy familie is en dat hy sy afstamming in die volk na die verlede kan terugvoer. Die lede van 'n volk is *lotsgebonde*, wat beteken dat hulle deur *dieselfde geskiedenis* gesmee is, dat hulle in die hede bymekaar hoort en in die toekoms saam sal leef of ondergaan.

Die vraag na die *ontstaan* van 'n volk is baie interessant. Daar is veral twee aspekte wat 'n groep mense 'n volk laat word, naamlik die **materiële** en die **geestelike**.

Wat die **materiële** betref onderskei Scholtz drie vername faktore te wete: Hulle is die *genetiese* of *erflike* faktore (dit handel oor die afkoms van 'n volk); *aardrykskundige* faktore (dit wil sê, deur die invloed van die omgewing bepaal), en ook *ekonomiese* faktore ( dit wil sê faktore wat die lewensomstandighede bepaal).[178]

Wat die *genetiese* of *erflike* faktore betref het die Duitsers, Franse en Hollanders verreweg die grootste bydrae gelewer tot die ontstaan van die Afrikanervolk. Antropologies gesproke sou mens kon sê dat die oorgrote meerderheid van die stamouers van die Afrikanervolk tot die Nordiese ras

177. Kotzé, D.J., *op.cit.*, p. 16.

178. Scholtz, G.D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel I, pp. 164-165.

behoort. Dit was verder duidelik dat die Afrikaner 'n sterk skeidslyn tussen hom en die nie-Blanke gehandhaaf het. Die gevoel wat die Afrikaner gehad het teen rassevermenging het hoofsaaklik uit godsdienstige oorwegings gespruit. "*Vir die Afrikaner wat getrou aan die beginsels van sy godsdiens wou bly, het dit 'n gruwel en 'n sonde geword om sy bloed met dié van die nie-Blanke te meng. 'n Mens het hier met een van die belangrikste faktore in die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner te doen. Reeds vroeg het hy tussen hom en die nie-Blanke 'n skeidslyn getrek wat dwarsdeur al die terreine van die lewe geloop het ... Aan hierdie skeidslyn met sy sterk morele sanksies dank die Afrikaner sy voortbestaan as blanke ras en volk*," aldus Scholtz.[179] Die raseienskappe van hul Nordiese voorvaders is dus suiwer bewaar. Interessant is die feit dat die bloedvermenging tussen Hollander en Franse Hugenoot (wat terloops tot die Alpynse onderras behoort het), vir die fisieke ontwikkeling van die Afrikanervolk van aansienlike betekenis was. Dit het die geharde Afrikaner na vore gebring. Eloff skryf: "*Gewapen met 'n sterk gestel ... talryke kroos en 'n volhardende geaardheid en met die meeste van die eienskappe van die Noorderras, en 'n afkeer van verbastering, 'n volk gewortel in hierdie land deur aanpassing en tradisie ... siedaar, die voorwaardes vir selfhandhawing*."[180]

Ironies genoeg het die Afrikaner nie 'n seevarende volk soos sy voorvaders geword nie, maar 'n "*boerevolk*". Dié naam het selfs 'n erenaam geword. Scholtz skryf: "*Dit was met die oë van 'n Boer dat die Afrikaner na die lewe gekyk het, en hierdie feit het een van die vernaamste faktore in die skepping van die Afrikanervolk geword*."[181] Hierdie karaktertrek het meegebring dat die Afrikaner 'n intense liefde ontwikkel het vir die bodem wat hy bewerk het. Dit was inderdaad die grondslag van sy **patriotisme**. Hierdie liefde vir sy grond sou hy noodwendig op die land in die breë oordra. Inderdaad sou hierdie land aan hom 'n nuwe tuiste bied. Die Afrikaner was trots op sy vaderland en het hom innig aan die bodem gebonde gevoel. Trouens, hierdie intense liefde vir sy land sou 'n sterk faktor wees om as 'n aparte volk te ontwikkel.

Op sy weg na volkswording het daar stelselmatig 'n sterk gevoel van *onafhanklikheid* by die Afrikaner posgevat. Sy isolasie in die aanvangsjare sou veel daarmee te doen hê. Die veeboerpionier van die agtiende eeu het veel bygedra tot hierdie *vryheidsin* van die Afrikaner. Scholtz merk tereg op: "*Dit*

---

179. *Ibid.*

180. Eloff, C., *Rasse en Rassevermenging*, p. 52.

181. Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel I, p. 170.

*word geensins te sterk gestel nie wanneer daar gesê word dat daar vandag lankal nie meer 'n Afrikaanse volk sou bestaan het nie, indien dit nie was vir die veeboer van die 18de eeu nie ... dit was dié gebeurtenis wat tot die behoud van die Afrikaanse volk gevoer het."*[182] Die sterk trek na *individualisme* het as spoorslag gedien om die Afrikaner die beskikker van sy eie lotgevalle op eie bodem te maak. Hulle het hulle sterk *verset* teen 'n owerheid wat onsimpatiek teenoor hulle gestaan het. Dit het egter nie verhoed dat die Afrikaner 'n eg *menslike* geaardheid gehad het nie. 'n Belangrike aspek van die Afrikaner was sy konserwatisme. Scholtz skryf: "*Konserwatisme by die Afrikaner is ongetwyfeld deur sy godsdiens in die hand gewerk.*"[183] Dit het gehelp om aan die Afrikaner 'n bepaalde "*volkskarakter*" te gee. Dit was sy *konserwatisme* wat die Afrikaner in staat gestel het om sy volk suiwer te bewaar en om sy identiteit te behou.

Dus, die Afrikaner het op hierdie bodem aan die suidpunt van Afrika gegroei tot 'n sterk volk met die hoogste ideaal: 'n *eie vaderland*, waar hy soewerein oor homself regeer en teenoor ander state soewerein onafhanklik wil bly. Dreyer skryf: "*Die liefde vir die volk en die liefde vir die vaderland hang ten nouste saam, en die trots op die eie volk vereis die onafhanklikheid van die volk teenoor die ander volk. As 'n volk nie 'n eie vaderland het nie, kwyn daardie volk en gaan uiteindelik tot niet.*"[184]

Soos gemeld is die Afrikaner ook 'n **geestelike** eenheid. Dit was veral drie dinge wat as geestelike faktore gedien het om die Afrikaner se eenheidsgevoel te bestendig. Daar was sy Christelike geloof, ingebed in 'n sterk Calvinistiese lewensbeskouing. Die Woord van God is as *bindend* beskou en geldig vir *alle lewensterreine*. Na Scholtz se mening het die Bybel een van die *vernaamste* en vormende rolle gespeel in die *volksgees* van die Afrikaner.[185] Die Afrikaner het die ingrype van God in die daaglikse lewe aanvaar as 'n manifestasie van Sy Grootsheid. Dit het aan die Afrikaner 'n sekuriteitsgevoel gegee wat 'n groot oorsaak was van sy optimistiese geaardheid. Dit het ook meegehelp tot die Afrikaner se *gesinsgebondenheid* en die hoë premie wat hy geplaas het op 'n gesonde gesinslewe. Strauss skryf tereg: "*God is die Stuurman van ons volk en van elke volksbootjie. Hy maak ons, weef ons,*

182. *Ibid.*, p. 178.

183. *Ibid.*, p. 181.

184. Dreyer, P.S., *Revolusie en Terreur*, pp. 6-7. Kyk ook Strauss, H.J., *Christelik-nasionaal en CNO*, p. 10.

185. Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel I, p. 186.

*skraag en onderhou ons. Hy roep ons en lei ons, Hy wat ons nie nodig het nie, maar sonder Wie ons nie kan bestaan nie. Ons Skepper is ons aller Volksoewerein!*"[186]

Elke volk het 'n besondere historiese roeping asook 'n besondere *geroepenheid* om God gelowig te dien. Dit is die **hoogste norm** in 'n volk se bestaan! Vir hierdie besondere roeping gee God aan elke volk sy *besondere samestelling* met ooreenkomstige gawes. Daarvoor plaas God 'n volk op 'n spesifieke *plek* en op 'n spesifieke *tyd*. So word 'n volk gevorm en voorberei om sy *roeping* te vervul. Daardeur wil ons nie sê dat 'n volk kan aanspraak maak op 'n ewigheidsbestaan nie. Ook volke kan kom en gaan. Die geskiedenis toon sulke gevalle. 'n Volk wat *doelbewus* sy roeping versaak, verloor die reg om voort te bestaan. Coetzee sê tereg: "*Derhalwe boet die volk wat toelaat dat hy deur vermenging met ander of op welke wyse ook al, die geloof en die diens van God prysgee, sy bestaansreg in ... 'n Volk met 'n Christelike geloof moet uit die aard van die saak 'n Christelike kultuur voortbring om God te dien en vir ander volke 'n seën te wees.*"[187]

In 'n besondere mate geld dit ook vir die individuele lede van 'n volk. Ook die enkeling kan sy volkskap vrywillig aflê. Venter skryf: "*Aflegging deur 'n enkeling veronderstel breedweg bewustelike vervanging van die maatskaplike, kultuur-, gevoels-, raskundige en aardrykskundige kragte wat hom aan die vorige volk gebind het met dié wat hom aan die nuwe volk bind. In die geval van 'n volk geskied aflegging van nasionalisme by die verdwyning van die volk.*"[188] Die enkeling se aflegging van volksnasionalisme behels dus die aflegging van die *verledebeeld*, die *hedebeeld* asook die *toekomsverwagting* van daardie volk. Venter wys daarop dat in volkekundige geskrifte oorvloedige getuienis gevind word dat 'n *onverbonde* bestaan, los van die volksverband en sy gevoelsbindinge, alles behalwe ordelik vertoon. Ondersoeke na die lewe en handelinge van diegene wat om een of ander rede hul *volksnasionalisme* afgelê het, dui op ongeduld met geykte lewensmaatstawwe en geneigdheid om instellings wat hul vryheid inkort, te wil verander, soms deur matelose vertroue in verandering van die volksbestaan as 'n metode om ooreenkomstig die algemene liefdesbeginsel 'n staat van volkomenheid te bereik. In die volmaakte droomwêreld van vrye denke, optrede en spraak bly die mens egter steeds soekende en word hy dikwels die slagoffer van sy ongekende vryheid. Venter

186. Strauss, H.J., *Instellings en Organisasies tot eer van God*, p. 35.

187. Coetzee, J.H., "Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme", p. 6.

188. Kyk Venter, J.F., *op.cit.*, p. 23.

merk tereg op dat 'n lewe sonder saambindinge, *"bly derhalwe 'n vereensaamde bestaan"*.[189]

Die *geestelike eenheid* van 'n volk blyk dus een van die vernaamste vereistes te wees waarop 'n aantal mense hulle tot 'n volk voel, dit wil sê, 'n besondere groepsbewussyn. 'n Bepaalde individu moet voel dat hy tot 'n sekere groep behoort en dat hy hom daar geestelik tuis voel. Dit is iets wat hy by géén ander groep in dieselfde mate kan ervaar nie. Hierdie geestelike eenheid wat 'n groep mense as volk saambind, is die resultaat waartoe 'n hele aantal faktore, oor 'n korter of langer tydperk, saamwerk. So word 'n gemeenskaplike band gesmee wat histories bekend is as 'n **geestelike** erfenis.

Bostaande is in skreiende kontras met die sogenaamde **Akte van Menseregte** wat tans deur die **Suid-Afrikaanse Regskommissie** voorberei word vir voorlegging aan die Parlement.[190] Dr. A.P. Treurnicht, leier van die Konserwatiewe Party, stel dit baie sterk as hy sy teenkanting daarteen uitspreek en sê: *"Dit is 'n roekelose resep vir verslawing. Dit is 'n bose miskenning van enige volk se selfbeskikking ..."*[191]

Uit die verslag is dit duidelik dat die *Regskommissie* 'n keuse maak vir die links-liberale politiek van die dag. 'n Ideologiese keuse word gemaak wat totaal vreemd staan teenoor die groepsgeoriënteerde denke van 'n groot deel van die Afrikanervolk. So het die kommissie vir 'n *"regstellingsklousule"* voorsiening gemaak wat hy noem, *"affirmative action"*. Dit lui soos volg: " *'Affirmative action' is die erkende wyse waarop die beginsel van 'gelykheid van geleenthede' bevorder kan word in daardie samelewings waar hierdie beginsel 'n knou gekry het weens diskriminasie of waar minderontwikkelde mense kompeteer met meer ontwikkelde mense. Hierdie 'regstellingsklousule' kan die wetgewer nie tot optrede dwing nie, maar kan hom veroorloof om sekere wette te maak wat aan die minderheidsgroep, teen wie daar gediskrimineer is, tydelike bepaalde voordele toe te ken met die doel om gelykstelling te verkry en nie met die doel om*

189. *Ibid.*

190. Kyk **Suid-Afrikaanse Regskommissie, Werkstuk 25, Projek 58: Groeps- en Menseregte,** Pretoria, 1989. (Hierna *Regskommissie*). Die *Regskommissie* is ingestel deur die *Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie, Wet Nr. 19 van 1973*, en bestaan uit lede van die regbank, die regsprofessie, die regsakademie, die landdrosbank en die Departement van Justisie. Die projekleier van hierdie verslag was regter P.J.J. Olivier.

191. Kyk "Menseregte of verslawing?", in **Patriot**, 06.10.89.

*die een groep bo die ander te bevoordeel nie.*"[192] Hierdie frase uit Artikel 2 van die Akte trag dus na ons mening om die liberale gelykheidsidee onaantasbare juridiese status te besorg.

Artikel 17 van hierdie Akte laat veel kommer by die behoudende Afrikaner oor onder andere sy eiesoortige onderwys. Die Artikel lui soos volg: "*Die reg van elke persoon of groep om hom te distansieer van ander individue of groepe: Met dien verstande dat indien sodanige disassosiasie diskriminasie daar stel op grond van ras, kleur, godsdiens, taal of kultuur, geen openbare of staatsfondse direk of indirek ter bevordering van die belange van die persoon of groep wat aldus diskrimineer, beskikbaar gestel mag word nie.*"[193] In effek kom dit daarop neer dat geldelike sanksies ingestel kan word teen diegene wat eie skole begeer en daarstel.

Een van ons ernstigste besware teen die voorgestelde Akte is dat dit die demokrasie in sy wese aantas. Word so 'n **Akte van Menseregte** aanvaar, beteken dit in effek dat die parlement van sy soewereiniteit sal moet inboet, omdat die geregshof oor die bevoegdheid sal beskik om enige wetgewing nietig te verklaar as hy van oordeel is dat die inhoud van so 'n wet in stryd met die Akte is. Die betrokke artikels lui soos volg: (Artikel 31): "*Die Hooggeregshof van die RSA is bevoeg om op aansoek van enige belanghebbende persoon wat namens homself of 'n groep belanghebbendes optree, te toets of enige wetgewing of uitvoerende of administratiewe handeling enige van die regte hierin beskryf skend of enige van die beperkings hierin veroorloof, oorskrei en, indien wel, om tot die mate wat die skending of oorskreiding plaasvind, die gewraakte wetgewing ongeldig te verklaar of om die gewraakte uitvoerende of administratiewe handeling ter syde te stel ...*"; (Artikel 32): "*Die bepalings van hierdie Akte is van toepassing op alle bestaande en toekomstige wetgewing en op alle uitvoerende en administratiewe handelinge verrig na die datum van die invoering van hierdie Akte.*"; (Artikel 33): "*Die bepalings van hierdie Akte, insluitende hierdie artikel, kan nie gewysig of opgeskort word nie behalwe met 'n drie-kwart meerderheid van daardie stemgeregtigdes van elke huis van die parlement wat direk deur die kieserskorps gekies is: Met dien verstande dat die byvoeging van verdere fundamentele regte of die uitbreiding van bestaande fundamentele regte, met 'n gewone meerderheid kan plaasvind.*"[194]

192. *Regskommissie*, pp. 441-442.

193. *Ibid.*, p. 479.

194. *Ibid.*, pp. 484-485.

Na my mening stel hierdie laaste drie artikels van die Akte 'n radikale breuk met die konstitusionele opset in Suid-Afrika. Die Akte kry sodoende die status van 'n *hoër reg* as synde die maatstaf vir alle bestaande of toekomstige wetgewing. Die Akte word ook verskans, met die gevolg dat as dit eers eenmaal op die wetboek geplaas is, dit 'n drie-kwart meerderheid vereis om dit te herroep of selfs te wysig. Die meerderheidstandpunt in die *wetgewende* gesag, naamlik die parlement, het dus minder bevoegdheid as die Hooggeregshof. In die geval van waar 'n opposisieparty aan bewind sou kom, en wie se verklaarde beleid soos deur die meerderheid kiesers aanvaar, in stryd sou wees met die menseregte-akte, kan enige wetgewing deur hom aanvaar summier onwettig verklaar word deur die tussenkoms van die hof. Dit spreek vanself dat die howe nou die gevaar loop om in die *politieke* prosesse van die land ingesleep te word. Sittende regters sal nou verplig wees om uiters sensitiewe politieke keuses uit te oefen. Dit kan in die praktyk daarop neerkom dat regterlike aanstellings *'n politieke kleur* kan verkry. Die regbank sal noodwendig moet inboet in die algemene vertroue wat dit veronderstel is om te geniet. Hofbeslissings kan nou maklik as politieke beslissings afgemaak word. Volgens die **Konserwatiewe Party** se se standpunt in hierdie verband, is hierdie Akte 'n *"sigbaar anti-demokratiese element in ons grondwetlike bestel."*[195]

Uit reaksie van bepaalde kerklike kringe, blyk dit dat hierdie Akte gegrond is op 'n nie-Christelike uitgangspunt. Prof. V. d' Assonville, redakteur van **Die Kerkblad**, nuusblad van die Gereformeerde Kerk, skryf: " *'n Mens hoef nie 'n geleerde te wees nie om te sien dat, as dit toegepas word, die voorgestelde menseregte-handves met sy gevolglike magsverskuiwing en humanistiese wetstelsel, die Christelike kultuur van Suid-Afrika vir altyd sal vernietig ... Die menseregte-ideologie is in stryd met die Bybel ... Dit is duidelik humanisties met 'n utopiese hoop ... alles deur die mens self geskep. Alles vir hierbenede -- niks van bo nie.*"[196] Ook die **Hervormer**, nuusblad van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wys daarop dat die menseregte-akte 'n *"klassieke resep is vir binnelandse geweld en daarom onaanvaarbaar."* 'n Studiekommissie van die Hervormde Kerk kom ook tot die gevolgtrekking dat die gesprek oor menseregte in sy benadering berus op 'n *verabsoluteerde* siening van die individu en sy regte. Dit is nie net vals nie maar ook gelaai met die moontlikhede van die grootste ellende.[197]

195. Kyk **Patriot**, 22.09.89.

196. Kyk **Die Volksblad**, 20.09.89.

197. Kyk **Die Volksblad**, 12.09.89.

**Die Boodskapper**, amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk, wys daarop dat die eerste wat die Christen opval ten opsigte van die menseregte-akte, is dat in hierdie Akte, "*God en Sy Woord, Sy Naam en Sy Koninkryk totaal ontbreek.*"[198] Dit gaan dus in hierdie Akte nét oor die mens: hy is die middelpunt -- hy en sy regte. "*Nóg sy herkoms as skepsel van God, nóg sy status as beelddraer van God, nóg sy toekoms as begenadigde, skemer ooit êrens in die Akte deur nie.*"[199] So 'n tekening van die mens met al sy regte, dog sonder dat een enkele verantwoordelikheid of plig van die mens by die naam genoem word, is derhalwe totaal vreemd aan die *Bybelse* tekening van die mens.

Sover dit die skrywer se kennis strek het die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n mening ten gunste van die voorgestelde handves uitgespreek. In sy amptelike beleidstuk, **Kerk en Samelewing**, sê die kerk egter dat menseregte as sulks waardes is wat 'n morele karakter dra. Daar bestaan egter in Suid-Afrika, waar die Eerste en Derde Wêreld ontmoet, ernstige gevare in die adoptering van 'n bepaalde klassiek-liberale of sosialistiese model van menseregte. Die kerk sê: "*Die begrip 'menseregte' kom nêrens in die Bybel voor nie. Dit is 'n relatief moderne begrip wat hoofsaaklik uit sekulêre, filosofiese en veral humanistiese bronne voortkom.*"[200] Die blad verwys ook na die feit dat God mense skep met bepaalde verantwoordelikhede, moontlikhede, opdragte en roepinge wat tot verwesenliking moet kom. "*Hierdie moontlikhede en noodsaaklikhede vir ware menswees sou in 'n afgeleide sin as 'menseregte' beskryf kan word, mits verstaan word dat dit nie die mens self, buite God om, is wat op enigiets reg sou hê nie. Die regte van die mens is slegs regte omdat God, selfs na die sondeval, die mens se reg handhaaf.*"[201]

Dit is duidelik dat die ontstaansbron van menseregte 'n verleentheid vir bepaalde kerke veroorsaak. Potgieter skryf: "*Aan die eenkant erken die kerk die historiese feit dat menseregte nie uit die Bybel of in die kerk ontstaan het nie, maar 'n heidense oorsprong in die humanisme het ... Maar aan die anderkant verklaar die kerk in dieselfde asem dat die Bybel vir hom die enigste geldige bron van menseregte is ... Skynbaar handel die kerklike debat nie meer oor die vraag of die menseregteleer Christelik is nie -- dit word algemeen aanvaar -- maar oor 'n soektog na die geskikste teologiese verklaring waarom mense-*

198. Kyk **Die Boodskapper**, Nr. 22, Augustus 1989, p. 1.

199. *Ibid.*

200. Kyk **Kerk en Samelewing**, p. 23.

201. *Ibid.*, p. 33.

*regte Christelik sou wees.*"[202] Potgieter wys daarop dat in die plek van apartheid, die menseregteleer vir baie nou moet intree as die nuwe "*Christelike*" politieke oplossing vir Suid-Afrika.[203]

Dit spreek eintlik van 'n mate van ironie dat die huidige Minster van Justisie, mnr. H.J. Coetzee, wat die ondersoek gelas het, 1984 nog die **Akte van Menseregte** verwerp het, en wel om die volgende redes: (a) Regte wat vandag as basies beskou word, kan later te lig wees -- dan help 'n handves niks. Wat moet dan gewaarborg word? (b) 'n Handves op sigself bied geen waarborg nie. Dit hang van die mense af wat dit toepas. (c) Ons land se regstelsel bied voldoende beskerming teen uitbuiting.[204] Ook die **Presidentsraad** het die volgende besware geopper: (a) 'n Handves is in stryd met die Calvinistiese uitgangspunt oor die staat; (b) dit is individualisties en humanisties (in teenstelling met die Christelike); (c) dit beperk die soewereiniteit van die parlement; (d) dit verpolitiseer die regbank; (e) dit is onaanvaarbaar dat die parlement voorgeskryf word.[205]

Dit noop die skrywer om, in teenstelling met die voorgestelde **Handves van Menseregte**, standpunt in te neem ten gunste van 'n **Handves van regte vir 'n Volk**. Menseregte kan alleen geld as 'n volk vrywillig sy regte aan 'n volklose massa afstaan. Om waarlik volk te kan wees impliseer fundamentele regte wat onvervreembaar is. Dreyer praat dan ook van 'n "*Handves van die reg van 'n volk*", en stip die volgende fundamentele regte aan:

* Die reg *om as volk* te bestaan;

* Die reg om *naas God*, soewerein oor onsself en ons eie sake te beskik wat insluit om ons *eie regering* te wil hê;

* Die reg *om 'n vaderland te hê*: dit beteken die reg om 'n eie grondgebied te hê wat ons as die grondgebied van ons volk beskou en waaroor ons volle seggenskap het;

202. Potgieter, J.M., "Gedagtes oor die Christelike grondslag van menseregte", Intreerede, UNISA, p. 18.

203. *Ibid.*, p. 40.

204. Kyk Vrystaat-Spieël, 26.09.86.

205. *Ibid.*

* Die reg *om as volk te lewe*: dit is die reg om volgens ons goeddunke te werk, te woon, te studeer, te ontspan, te skep en te aanbid; om te handhaaf wat vir ons waardevol is, waarvan die belangrikste is ons Christelik-nasionale lewenswyse, ons taal en die feit dat ons Blank is.[206]

Vir hierdie fundamentele regte kan die Afrikaner hom op *Bybelse* gronde verantwoord.

Dit bring ons by die uiters belangrike saak van die **identiteit** van 'n volk. Die woord identiteit dui daarop dat iemand of iets aan homself gelyk moet bly. So dien 'n identiteitsbewys as bevestiging dat 'n persoon werklik die persoon is wat hy voorgee dat hy is. Identiteit beteken dus letterlik *eendersheid* of ook *eenselwigheid*: 'n eieaard wat ook op 'n andersheid (dit wil sê van ander) kan dui. So sal die eieaard of identiteit van 'n volk dus min of meer die totaal van die wesenskenmerke van daardie volk vertoon.[207]

Tipiese kenmerke dus wat die Afrikanervolk sou identifiseer is sy *Calvinistiese* lewens- en wêreldbeskouing, wat beteken dat hy hom hou by die Bybel as Gods Woord asook om die *Koningskap van God te erken op alle lewensterreine*. Hy glo ook dat God beskik oor die lotgevalle van volkere en nasies. Verder word die tipiese Afrikaner gekenmerk deur sy *konserwatisme*,[208] sy liefde vir sy taal, sy grond, sy familie- en gesinslewe. Beukes sê tereg: "*As die Afrikanervolk dus vandag sy plek inneem onder die volke van die wêreld, glo ons dat dit onder die beskikkende hand van God is. Wanneer ons soek na die handhawing en uitbouing van 'n eie identiteit, is dit nie slegs 'n voorreg of reg wat ons beoefen nie, maar 'n plig wat ons nakom. Wat die Here aan ons geskenk en toevertrou het mag ons nie geringskat of verwaarloos nie.*"[209]

So skryf die Fransman Maurras ook tereg van die Franse volk: "*It is not our will that has made us French. We have not willed our nationality, we have neither deliberated nor even accepted it ... the* Patrie *is a natural society, or, which comes absolutely to the same thing, a historic one. Its decisive character-*

206. Dreyer, P.S., " 'n Handves vir die reg van 'n volk", **Afrikanervolkswag-publikasie, Nuusbrief 51**, Augustus 1989.

207. Beukes, D.P.M., *Voorsittersrede*, FAK-Kongres, Pretoria, 1974, p. 3.

208. Hier word nie soseer gedink aan "*konserwatisme*" in die party-politieke sin van die woord nie.

209. Beukes, D.P.M., *op.cit.*, p. 3.

*istic is birth. We no more choose our* Patrie -- *the land of our fathers -- than we choose our father and mother.*"[210]

As Coertze verwys na die identiteitsaard van 'n volk, dan vertoon die lede van daardie volk 'n **identifiseerbare gemeenskaplike lewenspatroon** of ook **kultuur** wat alleen deur 'n lang groeiproses ontwikkel is en wat van geslag tot geslag oorgedra word. Dit gaan dus om die gemeenskaplike nalewing van 'n waardesisteem wat in die persoonlikhede van die volkslede veranker is.[211] Hierdie waardesisteem binne die kulturele opset van 'n volk sluit aspekte in soos sy *geloof* en *lewensbeskouing*. Dit bevat ook reëls vir sy gedrag en instellinge asook sy materiële skeppinge soos kuns, musiek en poësie. Soveel volkere as wat daar is, soveel kulture sal daar wees. Die *kultuur* van 'n volk is altyd aan ontwikkel en dit pas aan by die omgewing van die volk op daardie bepaalde stadium. 'n Volk word dus geken aan die redelike *stabiliteit* van sy kultuurbelewing. Volksgroei impliseer derhalwe nie net 'n *biologiese* vermeerdering nie, dog ook die stelselmatige *kultivering* van alle individuele persone wat in sy geledere aangetref word. "*Die biologiese en die geestelike groei van 'n volk is vir die voortbestaan daarvan ewe belangrik en eintlik onafskeidbaar,*" aldus Coertze.[212] Ook Stoker verwys na die kultuurband van 'n volk as hy sê: "*Die kultuurband is ook 'n prinsipiële band waarsonder die volk geen volk is nie. Waar die bloedband die volk se 'liggaam' genoem sou kon word, sou die kultuurband die volk se 'siel' genoem kan word. Die volk het 'siel' en 'liggaam' beide nodig. Neem die kultuurband weg en die volk word vernietig.*"[213]

'n Volk se identiteit word verder ook gekenmerk deur sy **historiese permanensie**. Vanuit hierdie kenmerk is 'n volk se lede van hulle eie afsonderlikheid in die gang van die geskiedenis deeglik bewus en is derhalwe in staat om die standvastigheid van sy identiteit rasioneel te beoordeel. Dit gee aan die volk 'n selfstandigheid binne 'n bepaalde *geo-politieke* eenheid, dit wil sê, sy eie regering in 'n eie vaderland. Coertze skryf: "*Selfs al sou 'n bepaalde volk op 'n bepaalde oomblik nie hierdie sigbare gebied en eie owerheidsgesag as kenmerk vertoon nie, kan dit maar nagegaan word dat die volk in die verlede hierdie eenheidsuitdrukking gehad het of na die bereiking daarvan strewe.*"[214]

---

210. Kyk Maurras, C., *Mesidees politiques*, 1937, p. 250 soos aangehaal in Cobban, A., *op.cit.*, p. 107.

211. Coertze, R.D., "Selfbeskikking vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs", p. 31.

212. Coertze, P.J., *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*, p. 4.

213. Stoker, H.G., *op.cit.*, pp. 146-147.

214. Kyk Coertze, R.D., "Selfbeskikking vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs", p. 31.

Dit is duidelik dat 'n individu nie oor die vermoë beskik om hom by wyse van prestasie met 'n bepaalde volk te identifiseer nie. Coertze merk tereg op dat, "*sy volksidentiteit word primêr bepaal deur die bereidwilligheid van die ander volkslede om hom as een van hulle te aanvaar op grond van sy voldoening aan norme wat hulle gewoonlik onbewus, maar ook bewustelik stel.*"[215] So kan daar aanvaar word dat kinders wat binne volksverband gebore word en daar opgroei, se aanvaarbaarheid outomaties is.

Die wedersydse *aanvaarding* van lede tot 'n bepaalde volk is dus van die uiterste belang. *Waar mense mekaar nie as volksgenote aanvaar nie, kan daar van 'n volk in die ware sin van die woord nie sprake wees nie*! In die VSA wil die Neger deel wees en aanvaar word in die Amerikaanse volk, dog vir die Blanke gedeelte van die Amerikaanse volk bly dit 'n netelige vraagstuk. Waar 'n meerderheid van 'n ander volk tot 'n bepaalde volk toegelaat sou word, ontstaan daar 'n *identiteitsverlies*. Vreemdheid en die nie-aanvaarding van individue tot 'n volk geskied verder ook teen die agtergrond van taal, godsdiens, kultuur en ander verskille. So sal verskille in *liggaamlike* voorkoms byvoorbeeld, dit wil sê merendeels *rasseverskille*, nie verberg of verander kan word nie. Hoewel talle Swartes *elemente* van die Westerse kultuur aangeneem het, het *kleurverskille* van assimilasie 'n klug gemaak. Senghor sê: "*Very early we had attested the failure of assimilation: we had been able to assimilate the French language and mathematics, but we weren't able to slough of either our black skin or our black soul.*"[216] Gilberman sê ook: "*Consciousness of color is not likely to disappear unless color itself disappears, or unless men lose their eyesight.*"[217]

*Velkleur* bly dus maar een van die *blywendste* faktore tot die *nie-aanvaarding van individue tot 'n bepaalde volk.* Die oorspronklike Blankes wat na Suid-Afrika gekom het, het dit wesenlik beleef. Wanneer daar gevalle van *gedwonge* integrasie plaasvind oor volksgrense heen, blyk dit spoedig dat die tradisionele waardes van so 'n bepaalde volk afgestomp word om uiteindelik te verdwyn. Liefde vir die eie land mag twee of meer volke voortdurend in *vyandskap* met mekaar hou. *Die liefde vir die eie volk is 'n onberekenbare krag in die drang van 'n volk om te bly voortbestaan* !

---

215. *Ibid.*

216. Kyk Markovitz, I.L., *Leopold Sedar Senghor and the politics of Négritude*, p. 51.

217. Kyk aanhaling in Venter, J.F., *op.cit.*, p. 26.

Die wêreldgeskiedenis is 'n geskiedenis van volke. 'n Volk tree beskermend op teenoor sy eie. Met die Afrikaner is dit nie minder die geval nie. Swart skryf: "*Ons weet dat onder andere na 'n groep Blanke mense met 'n bepaalde taal, geskiedenis, Skrifgeloof, afkoms, tradisie, eie normes en waardes, kultuur, vaderland, eie identiteit en etniese bewussyn verwys word. Hulle wil berekend as Afrikaners bekend staan, hulle is nie wit Afrikaners of bruin Afrikaners nie, hulle keuse en strewe is om Blank te bly, om deur hoë eie geboortes binne die eg te groei en om deur sodanige assimileerbares aangevul te word wat ewe-eens vrywillig en bewustelik met die Afrikaner in al sy uitinge en ideale na die hoogste in en die beste vir 'n eie vrye Afrikanervolk wil streef.*"[218] 'n Volk is dus in 'n sekere sin **eksklusief**. Nasionalisme, wat die dryfkrag van 'n volk is, en die liefde vir daardie volk is inderdaad een van die *sterkste magte* in die wêreld en kan, soos Dreyer skryf, "*die dryfkrag wees om 'n volk te laat veg tot die dood toe. Wie dit as verkeerd beskou, maak 'n ernstige fout .... Sonder die lojaliteit aan die eie, die toewyding en offerbereidheid wat kenmerkend van die nasionale gevoel van 'n volk is, is dit onmoontlik om 'n staat in stand te hou.*"[219] Ook Sloet skryf: " *'n Volk wat bereid is om sy eie kultuurgoedere te verwaarloos, is gedoem om uiteindelik te verdwyn, want die kenmerke wat hom identifiseer is dan nie meer sigbaar nie ... Daarom rus daar 'n groot verantwoordelikheid op elke lid van 'n volk ... elke gesin en elke instelling om sy volksidentiteit en sy kultuurgoedere te beskerm en te bewaar.*"[220]

Samevattend kan gesê word dat die identiteit van die Afrikaner deur *stryd* en *loutering* gekom het. Deur die jare het die Afrikaner 'n merkwaardige samehorigheidsgevoel getoon. Gemeenskaplike belange het *samegroeiing* verseker en om hom gesamentlik en kragtig te verset teen dreigende volksvyandigheid. Die Afrikaner ken geen ander **patrie** nie; derhalwe spruit sy sterk *patriotisme* uit 'n liefde vir en behoud van sy *eie* taal, *eie* vaderland en *eie* regeringsvorme.

Die *offers* wat die Afrikaner al moes bring vir sy volks- en staatkundige vryheid was geweldig. Die "*lanferbakens*" (Beukes) langs die pad na volkswording het egter 'n inherente krag in die Afrikaner na vore gebring. Die Vryheidsoorloë het hom net meer bewus gemaak van sy *drang na vryheid*. Die Afrikaner het moontlik die oorloë verloor, dog het sy eer en volksiel behou.

---

218. Swart, M., "Kulturele selfbeskikking vir die Afrikaner", p. 2.
219. Dreyer, P.S., *Revolusie en Terreur*, p. 10.
220. Sloet, H.A., "Afrikanerkultuur: Eenheid-in-verskeidenheid in 'n multi-kulturele Suid-Afrika", p. 8.

Beukes sê: " *'n Volk sterf nie deur 'n moordenaar van buite nie, maar slegs deur selfmoord, deur die gebrek aan die wil om te lewe en om sy eie identiteit te handhaaf.*"[221]

*1.5 VEELVOLKIGHEID IN SUID-AFRIKA*

Om die verskynsel van *veelvolkigheid* in Suid-Afrika aan te spreek, is dit nodig om na bepaalde aspekte daarvan te verwys ten einde enkele onduidelikhede op te klaar. So is daar byvoorbeeld die begrip, *rasseverhoudinge*, wat deesdae algemeen gebruik word om die verhouding tussen Blankes en nie-Blankes aan te dui. Dit val tog op dat daar in die gebruik van die woord 'n mate van begripsverwarring heers. So is daar tussen die twee Blanke groepe, naamlik die Afrikaner en die Engelssprekende beslis nie *rasseverskille* nie omdat albei tot dieselfde ras behoort. By die Blanke en die nie-Blanke is daar ook nie nét sprake van rasseverskille nie (dit is daar wel), dog ook *volksverskille*. Binne die geledere van die Swartes word daar onder andere óók verskillende *volke* aangetref. Viljoen wys tereg daarop dat, "*ons moet daarteen waak dat die begrip 'rasseverhoudings' daartoe lei om ons bewussyn van hierdie volkeverskeidenheid binne die rasseverband te laat vervaag. Dit is 'n valse beeld indien ons die indruk het asof daar naas die Blanke ras net een eenderse nie-Blanke groep staan.*"[222]

Dit was dan ook die standpunt en beleid van die **Nasionale Party** sedert 1948 om die beleid van *skeiding* of ook *differensiasie* tussen die verskillende volke konsekwent te handhaaf. Dit beteken 'n *eie ontwikkeling vir elke groep* omdat dit as die *billikste* en die *aanneemlikste* beleid in belang van die Blanke én die Swarte beskou is.

Die wyse waarop die **Nasionale Party** die veelvolkige situasie in Suid-Afrika benader het, asook die politieke beleid van *afsonderlike ontwikkeling* wat hulle daaromheen geweef het, was steeds gekenmerk deur 'n *fundamentele* benadering sowel as 'n sin vir die *rieële werklikheid*. Die uitgangspunt was korrek naamlik dat die bevolking van Suid-Afrika *veelvolkig* is. Dit het die bestaan van 'n *verskeidenheid volke*, of *volke in wording*, veronderstel, elkeen met 'n *eiesoortige aard* en *kenmerke*, onderling *sterk verskillend* van mekaar. *Biologiese* verskille loop diep en is bepaald van *fisieke* aard. Daarbenewens is

221. Beukes, D.P.M., *op.cit.*, p. 6.

222. Viljoen, G. van N., "Die jeug se aandeel in goeie rasseverhoudinge", p. 19. Kyk ook 1.2 van hierdie hoofstuk oor die begrip "*ras*".

daar ook die *tradisionele* en *etniese ongelyksoortigheid*, selfs onder die Swart groepe onderling.

In 'n Nasionale Party-publikasie oor hierdie saak, word die volgende pertinent gestel naamlik: "*Die onderlinge afwyking van mekaar tussen hierdie volke is so groot dat dit by objektiewe benadering duidelik is dat hier geen sprake daarvan kan wees om die uiteenlopende verskeidenheid tot 'n biologiese eenheid te laat saamgroei nie, omdat dit klaarblyklik verlies van identiteit en wesensaard sal beteken vir die Blankes, maar ook vir die ander. En vanweë dieselfde onderlinge verskille is die integrering van hulle almal in een staatkundige nasionale gesag ondenkbaar ....*"[223] In dieselfde publikasie, onder die opskrif: "*Afrikaners en Kleurlinge*", word melding gemaak van 'n "*ander ondeurdagtheid*", naamlik dat daar gedink kan word dat die Afrikaner en die Kleurlinge 'n eenheid is of kan wees omdat albei Afrikaans praat. "*Taalgemeenskaplikheid is géén determinant vir enkelvolkigheid nie, wat oor en oor elders in die wêreld bewys is, byvoorbeeld deur die Nederlanders van Nederland en die Vlaminge van België, wat nie staatkundig na mekaar neig nie, ewe as die Duitsers van Duitsland en dié van Oostenryk, die Spaanssprekendes van die verskillende Suid-Amerikaanse state.*"[224] Die samestellers skryf verder: "*Inherent in hierdie veelvolkigheidskonsepsie is dus die skeidingsgedagte wat hom manifesteer op 'n aantal terreine waarvan die belangrikste is dat daar nie maatskaplike, politieke en ander gelykstelling of integrasie tussen Blank en nie-Blank sal wees nie, en dat daar aparte tuislandgebiede vir die verskillende volke behoort te wees soos ondubbelsinnig reeds vir die Blankes en die Bantoevolke bepaal is.*"[225] 'n Baie interessante aspek wat sterk beklemtoon is, is dat dit ook van "*fundamentele*" en "*konsekwensiële*" aard is dat daar vir *elke volk* binne *eie geledere* en *gebied*, eie voorsiening gemaak moet word. "*Die basiese voorsiening is dat die opsysetting van eie tuislande vir elke volk, met die hoogsbelangrike gepaardgaande reservering van die Blanke tuisland.*"[226]

Meer resent was die bevinding van die **Presidentsraad**, naamlik dat die mees uitstaande kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewing die "*heteroge-*

---

223. Kyk Cruywagen, W.A., Mulder, C.P. (samestellers): "1948-1968 ... En nou die Toekoms", p. 75. Hierdie "Oorsig" is opgedra aan "*Ons Republiek*" en onderteken deur mnre. B.J. Vorster, P.W. Botha, B.J. Schoeman, W.A. Maree, M.C.G. Janse van Rensburg en J.G.H. van der Wath.

224. *Ibid.*

225. *Ibid.*, pp. 75-76.

226. *Ibid.*, p. 76.

*niteit*" van sy bevolking is. "*Nie een van die vier groot bevolkingsgroepe wat die land bewoon – die Asiërs, Swartes, Kleurlinge en Blankes – is kultureel homogeen nie; elke groep sluit etlike onderskeibare subkultuureenhede in. Suid-Afrika bied trouens 'n kompleks van eiesoortige lewenstyle, politieke, maatskaplike en ekonomiese aspirasies, belange en behoeftes van meer as 'n dosyn duidelik identifiseerbare historiese groepe, wat op hul beurt 'n unieke verskeidenheid van etniese- en rasse- oorspronge, kulture, tale en maatskaplike stelsels verteenwoordig. Voorts word die samelewing gekenmerk deur verskillende vlakke van sosio-politieke ontwikkeling en beskawing in die tegnologiese, ekonomiese en materiële sin van die woord.*"[227] Dit bring mee dat daar begryp word wat Lijphart bedoel as hy skryf: "*In the extreme cases of plural societies, such as South Africa, the outlook for democracy of any kind is poor.*"[228]

Dit blyk dus dat daar in die bestaan van 'n *verskeidenheid* van volke en gemeenskappe, na gelang van hul variasie in lewenspatrone, onderskei moet word. *Binne hierdie verskeidenheid moet erkenning gegee word aan die wesenlike bestaan van volke.* Wanneer 'n staat dus op 'n gegewe tydstip die draers van 'n verskeidenheid kulture, die lede van die verskeidenheid volke as onderdane het, dan raak dit die vraag tot welke mate hy vir die toekoms van almal *mag* besluit. Hulle moet hetsy organies tot 'n *nuwe* verband saamgroei (die nasiegedagte), óf hulle moet *geskeie, afsonderlik en soewerein* groei tot 'n eie identiteit wat beliggaam word in 'n *eie volk*. Coertze skryf oor eersgenoemde, (oor samegroeiing) die volgende: "*In die RSA is op hoë gronde besluit dat so 'n koers 'n besondere hoë botsingspotensiaal inhou en dat daar beweeg moet word na die verlening aan die verskillende volke van 'n toenemende selfstandigheid en die beslissingsvermoë in afsonderlike staatsverbande.*"[229]

De Klerk maak selfs melding van die sogenaamde, "*aggressiewe heterogeniteit*" van die Suid-Afrikaanse samelewing. Omdat, soos hy skryf: " ... *South Africa is beset with an aggressive heterogeneity which is stimulated by racial polarization, socio-economic and class differentials and also the demands of black Africa and the rest of the world.*"[230] Wessels skryf ook tereg: "*Feit is dat die omstandighede in Suid-Afrika nie altyd begryp word nie, veral nie vir die verskeidenheid in, en die andersheid van ons bevolkingsamestelling – wat 'n gegewe en nie geskepte is nie. Die oorsaak hiervan is dat die humanisme uit*

227. Kyk PR 3/1982, pp. 30-31.

228. Lijphart, A., *Democracy in Plural Societies: A Comparative Exploration*, p. 236.

229. Coertze, R.D., "Gemeenskapsontwikkeling: Teorie en Praktyk in die RSA", p. 3.

230. De Klerk, W.J., "South Africa's domestic politics: Key questions and options", p. 179.

*een, deur die menslike rede gelewerde beginsel, die veelvoudige werklikheid wil oorheers, terwyl die werklikheid ook van die menslike lewe en samelewing en reg deur 'n veelheid van Godgegewe wette beheers word."*[231]

Dit is tot dusver duidelik dat vanweë ons volkereverskeidenheid, en gesien in die lig van die totaal ander behoeftes en vlakke waarop elke volk verkeer, die een volk nie noodwendig laer of hoër as die ander een hoef te wees nie. In Suid-Afrika is 'n ryke verskeidenheid van volke wat as aparte eenhede gehandhaaf moet bly, aangesien, soos Swart dit stel, *"ineenvloeiing, selfs as dit natuurlik sou wees, tot skaafkontak sou lei. En sodanige skakeling is vir alle groepe nadelig."*[232]

Die omstandighede in Suid-Afrika is uiters ongunstig om die veelheid van volke en volksgroepe in een te laat saamsmelt. Die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** het dan ook in sy ondersoek bevind dat, *"voordat die uitvoerbaarheid van hierdie vorm van demokrasie (dit wil sê 'n allesomvattende konsosiatiewe stelsel), oorweeg kan word, is dit die moeite werd om daarop te let dat selfs die sterkste voorstanders van so 'n stelsel hoogs skepties teenoor die moontlikheid daarvan staan."*[233] Die volgende redes word aangevoer:

(i) Daar is geen veelvoudige magsbalans tussen die groepe nie
(ii) Die geskiedenis toon dat die akkommodasie tussen die groepe swak is.
(iii) Daar is skerp sosio-ekonomiese ongelykhede.
(iv) Bedreiging van buite word nie deur die verskillende groepe as 'n gemeenskaplike gevaar beskou nie.
(v) Gemeenskaplike lojaliteite is swak of ontbreek.[234]

---

231. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 391. Kyk ook Du Plessis, L.J., *Die Moderne Staat*, p. 61.

232. Swart, M.J., "Metodes vir die uitbouing van gesonder rasseverhoudinge", p. 23.

233. Kyk PR 3/1982, p. 40. Lijphart handhaaf vier wesenlike eienskappe van 'n konsosiasie-demokrasie. Dit is: (a) regering deur 'n leierskoalisie ("grand coalition") van die politieke leiers van alle belangrike segmente (groepe) van die plurale samelewing; (b) die wedersydse veto of instemmingsmeerderheid ("con-current majority") regering, wat as bykomende beskerming van lewensbelangrike minderheidsbelange dien; (c) die beginsel van proporsionaliteit by die bepaling van politieke verteenwoordiging, staatsdiensaanstellings en die toewysing van staatsfondse; en (d) 'n hoë mate van outonomie vir elke segment om sy eie interne sake te behartig. Kyk Lijphart, A., *op.cit.*, pp. 25-26.

234. *Ibid.*, pp. 40-41.

Selfs 'n liberale denker soos Huntington het hom skepties uitgespreek oor die vermoë van 'n konsosiatiewe stelsel wat al vier rassegroepe insluit. Hy sê: *"South Africa most clearly resembles the type least conductive to concociational democracy."*[235] Hy is van mening dat om so 'n stelsel te laat slaag, daar 'n groot mate van, *"trust and co-operation among the élites"*, van Suid-Afrika moet wees. Die Presidentraad is van mening dat hierdie vertroue en samewerking, *"opvallend afwesig is in Suid-Afrika."*[236] Die **Grondwetkomitee** wys ook voorts daarop dat daar, *"baie ander redes"* is om die vooruitsigte op 'n *"almal-insluitende"* konsosiatiewe demokrasie in Suid-Afrika uiters skepties te bejeën. Diepgaande verskille tussen die verskillende bevolkingsgroepe bring mee dat die, *"strydorde in rassekonflik geneig is om nie-onderhandelbaar te wees nie. So is die Swart nasionaliste vyandiggesind teenoor die grondwetlike beskerming van minderhede."*[237]

'n Opname van Schlemmer onder Xhosasprekende Swartes wat van die Ciskei afkomstig is, het onder meer aan die lig gebring dat meer as die helfte van die Swart respondente ten gunste van 'n sterk eenpartystelsel was. Schlemmer skryf: *"Nomination contests and the like within parties may well ensure a good deal of local democracy in a one-party system, but they do not protect vulnerable minorities. While by no means conclusive, these results cannot be widely encouraging to the liberal observer ... neither are they all that reassuring for those whose hope for a future democratic order lies in the prospect of a unitary political system for South Africa."*[238]

Na die skrywer se mening is al wyse waarop met hierdie situasie gehandel kan word die *radikale partisie van volke*. Dit is tog ondenkbaar dat die Blanke, en in die besonder die Afrikaner, in so 'n posisie kan beland waar hy sy eie grondgebied en sy staatsregtelike gesag met enige ander volk moet deel op so 'n wyse dat hy in 'n minderheidsposisie in sy eie land sal beland. Hanekom sê: *"Geen groter diskriminasie kan gepleeg word as daar in Suid-Afrika 'n*

235. Huntington, S.P., "Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society", p. 13.

236. PR 3/1982, p. 41.

237. *Ibid.* Mnr. P.W. Botha het dan ook tereg in die Parlement gesê: "In die tweede plek is die NP regering ook nie te vinde vir modelle wat gebou is op die gedagte van konsosiasie nie. Deskundiges wat weet waarvan hulle praat, sê reguit aan 'n mens dat die gedagte van konsosiasie nie in 'n veelvuldige, plurale gemeenskap kan slaag nie omdat dit stryd en konflik daarin ingebou het." Kyk *Debatte van die Volksraad*, 1980, Kolom 242.

238. Kyk Schlemmer, L., **Quail-verslag**, 8 Februarie 1980, pp. 221-222.

*toestand van integrasie bewerkstellig word nie. Geen volk kan teen sy sin gedwing word om met 'n ander volk te integreer nie."*[239] Ook Wessels raak die gedagte aan as hy sê: "*Daar (kan) nie verwag word dat die verskillende volke in die land in een staatsorgaan saamgesnoer moet word en dat hulle ooreenstemming moet bereik nie."*[240] Hy haal Min. Louis le Grange aan waar hy hom so oor die moontlikheid uitspreek en sê: "*Die idee sal nie eens in die hemel werk nie!"*[241]

In 'n beleidsverklaring op 10 Maart 1977, sê adv. B.J. Vorster: "*Die basiese beleid van die Nasionale Party is om volkere onafhanklik te maak. Dit is Swart volkere en nie 'n stuk grond wat ons onafhanklik maak nie. Dit is die Tswanavolk wat ons onafhanklik maak. Dit is die Noord-Sothovolk, die Sjangaanvolk, die Vendavolk wat ons onafhanklik maak."*[242] Na ons mening is **volkereskeiding** die enigste sinvolle alternatief vir die probleme in Suid-Afrika. Dit impliseer 'n **volkstaat** vir elke **volksgroep** in die land.

By geleentheid sê Minister G. v. N. Viljoen: "*Laat ons vir ons opnuut daarvan rekenskap gee dat dit by die reëlings van volkereverhoudings, by die beleid van afsonderlike ontwikkeling, vir ons gaan om die behoud van die beheer, die politieke mag oor die lotgevalle van die Blanke Suid-Afrikaanse nasie. Laat ons opnuut besef dat daar in Suid-Afrika nie so iets soos gedeeltelike integrasie kan wees nie; as jy jou politieke mag eenmaal met 'n ander getalryke volk gedeel het, het jy onherroeplik jou beheer oor die situasie prysgegee ... Hoe kan 'n mens met 'n gesonde verstand hom nou teen hierdie ervaringsagtergrond wil waag aan die finaliteit van 'n integrasie-eksperiment tussen die veelvolkige komponente van Suid-Afrika, waar die kultuurverskille veel dieper lê, die ont-*

---

239. Hanekom, C., "Ons en die Bantoe", p. 45. Ook die *Grondwetkomitee van die Presidentsraad* het sy ernstige bedenkinge uitgespreek betreffende integrasie, "as maatskaplike of gemeenskapsverhoudingsbeleid". Die komitee beskou integrasie (soms assimilasie genoem), waarvan die uiteindelike oogmerk is om segmentale of groepsgrense uit te wis of te vervaag, "as volkome onrealisties in Suid-Afrikaanse omstandighede". Die komitee beskou die verskillende segmente as permanente en onderskeibare bestanddele in teenstelling met die siening daarvan dat hulle, ideaal gesproke, geïntegreer word in, of uiteindelik geassimileer word tot een gemeenskaplike samelewing." Kyk PR 3/1982, pp. 24 en 34.

240. Kyk Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 397.

241. *Ibid.* Kyk ook **Rapport**, 5 Julie 1977, p. 2.

242. Kyk *Debatte van die Volksraad*, 1977, Kolom 1246.

*wikkelingspeile ingrypend verskil en die getalleverhoudings gans anders is."*[243] Dit is so dat volke met hul eie assosieer hoofsaaklik vir die behoud van 'n eie identiteit, asook vir hul eie beskerming en veiligheid. Dit bied 'n *erfenis* aan die nageslag. Volgens die statereg het geen volk die *reg* om hom in te meng met die sake van 'n ander volk nie. Lundberg sê dan ook tereg: *"The right to discriminate and to choose one's own primary group associates, on whatever discriminatory basis one pleases, is among the most generally recognized in our culture by both common and statute law."*[244]

In 'n staatsmanstoespraak sê adv. B.J. Vorster by geleentheid: *"Jy wat witman is het 'n roeping om te vervul in Suidelike Afrika. Daarom is dit weggelê deur die Skepper van volkere en nasies dat die Portugese Suidelike-Afrika nie gekoloniseer het nie. Angola en Mosambiek wel, maar Suid-Afrika nie. En as hulle dit gedoen het, dan was Suid-Afrika nie meer daar nie. Ons het nie net 'n roeping nie, maar ons kan en moet en wil Suid-Afrika behou. En jy kan hom alleen behou as jy sorgdra dat jy die wesenlike politieke mag oor jouself en jou land nie uit jou hande laat gaan nie. Verander, maar hou dit in gedagte.*

*"En tweedens, vergeet die beskuldiging van laers waarin jy jou dan sou bevind; beskuldiging dat jy met die ossewa of wat ookal beweeg. As jy behoue wil bly moet dit jou absolute reg wees en bly om in 'n veelvolkige land soos Suid-Afrika vir jou in jou diskressies by tye en geleenthede af te sonder. En maak daardie afsondering tot niet en jy kap jou toekoms toe! As jy as 'n etniese groep die politieke mag verloor, dan verloor jy alles wat vir jou heilig, dierbaar en van betekenis is ... As afsonderlike ontwikkeling nie meer bly bestaan nie, dan is Suid-Afrika, wat my betref, nie meer die moeite werd nie."*[245]

---

243. Kyk Viljoen, G. van N., Referaat gelewer voor die Jaarvergadering van SABRA, 22 September 1972 te Durban.

244. Lundberg, G.E., Presidensiële rede gelewer voor die "Sociological Research Association of America", soos aangehaal in Sampson, H.F., *The Principle of Apartheid*, pp. 10-11. Die onlangse inval van die VSA in die staat Panama is 'n goeie voorbeeld van die flagrante inmenging van een staat in die huishoudelike sake van 'n ander. Die Volksblad skryf tereg: "...'n Mens kan nie anders as om die beginsel agter die Amerikaanse arrogansie te bevraagteken nie." Kyk **Die Volksblad**, 21.12.89.

245. Adv. B.J. Vorster in 'n toespraak voor *Forum*, Universiteit van Pretoria, April 1983.

### *1.6 DIE SELFBESKIKKINGSREG VAN VOLKE*

Die hele polemiek oor *groepe* en *groepsverskille* is nie uniek net aan die Suid-Afrikaanse situasie nie. Inderwaarheid is dit 'n wêreldwye verskynsel. Die begrippe etnisiteit, ras, volk, nasie, veelvolkigheid en ook selfbeskikking is begrippe wat in elke land ter wêreld gebesig word. Dog, in die oorverhitte politieke klimaat in Suid-Afrika staan ons land as die skyf van wêreldwye kritiek omdat daar 'n handige uitlaatklep gevind moet word wat as weerligafleier moet dien om probleme *elders* te verbloem. Suid-Afrika is as't ware die *gewete* van die wêreld.

Uit die strekking van hierdie verhandeling blyk dit baie duidelik dat die selfbeskikkingsreg van volke en groepe oor al hul eie sake van *kardinale* belang is. Dit behels volle seggenskap op eie staatkundige en geografiese gebied. Booysen skryf: "*Hierdie reg kan ook beskou word as die kosbaarste en enigste wat aan 'n volk of etniese groep of kultuurminderheid sy reg op voortbestaan waarborg.*"[246] Selfbeskikking bied die moontlikheid van vreedsame naasbestaan van volke, en bied ook die *enigste oplossing* vir die verhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika.

Die woord "*selfbeskikking*" word in **HAT** (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal), gedefinieer as, "die *reg om oor die eie lot te beslis, byvoorbeeld van 'n volk om self te bepaal watter regering dit wil hê.*"[247] Cobban skryf: "*The right of national independence ... is in general terms the belief that each nation has a right to constitute an independent state and determine its own government.*"[248] Booysen wys daarop dat die **Permanente Internasionale Geregshof** die "*self*" wat "*beskik*" soos volg beskrywe het nl.: "... *a group of persons living in a given country or locality, having a race, religion, language and traditions of their own and united by this identity of race, religion, language and traditions in a sentiment of solidarity, with a view to preserving their traditions, maintaining their form of worship, ensuring the instructions and upbringing of their children in accordance with the spirit and traditions of their race and rendering mutual assistance to each other.*"[249]

246. Booysen, H., *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*, p. 37.
247. Kyk HAT, p. 952.
248. Cobban, A., *op.cit.*, p. 39.
249. Booysen, H., "Die behoud van Blanke selfbeskikking", p. 1.

Die drang na selfbehoud en selfhandhawing is dus ongetwyfeld die *sterkste dryfkrag* in die normale individu se lewe. Die wesenlike feit is dat die enkeling elke dag van sy lewe direk besig is met die handhawing van selfbehoud. Hierdie strewe na selfbeskikking word ook op die volk oorgedra - met ander woorde, 'n stryd om die handhawing van sy eie identiteit. As daar nie so iets soos selfbeskikking was nie, dan was enige vryheidstryd van die verlede sinneloos. Hierdie strewe na volkome selfbeskikking het by die Afrikaner 'n emosionele ingesteldheid laat ontstaan jeens sy houding teenoor die anderskleurige, en in baie gevalle ook die Engelse. Rhoodie en Venter skryf: "*Sy emosionele ingesteldheid teenoor selfbehoud het 'n tradisie geword wat sy invloed in so te sê elke Blanke huishouding laat geld.*"[250] Die Blanke het dus, teenoor die "*aggressief nasionalistiese*" Swart bevolking, "*beslis die volste reg om sy bestaan as aparte entiteit te beskerm.*"[251]

Die Afrikaner as volk se konstitusionele geskiedenis openbaar 'n ernstige begeerte om aan die suidpunt van Afrika binne 'n *eiesoortige* en *eksklusiewe* maatskaplike en politieke bestel te leef en voort te bestaan. Die Afrikaner voel hom nie behorende tot enige ander volk nie. Booysen skryf: "*Dit is deel van 'n volk se selfbeskikkingsreg om te besluit met watter ander groepe daar geassimileer kan of moet word. Indien hierdie basiese uitgangspunt nie aanvaar word nie, word ook die bestaan van die volk en sy reg op selfbeskikking ontken.*"[252]

Die inhoud van die Afrikaner se selfbeskikking is diep geleë in sy demokratiese idee van die staat. Derhalwe is *nasionalisme* en *demokrasie* 'n lewende werklikheid in die bestaan van 'n volk. Demokrasie is tipies van 'n verteenwoordigende regering, en waar die regering deur die **volk** tot daardie amp verkies is. Mill stel dit so: "*This is merely saying that the question of government ought to be decided by the governed.*"[253] Die assosiasie tussen demokrasie en nasionalisme is dus hoegenaamd nie eensydig nie. Cobban skryf: "*If self-determination is to him a simple corollary of democracy, on the other hand democratic institutions are hardly possible where the national principle does not prevail ... It is in general a necessary condition of free institutions, that the boundaries of governments should coincide in the main with those of nationali-*

---

250. Rhoodie, N.J. en Venter, H.J., *Die Apartheidsgedagte*, p. 37.

251. *Ibid.*, pp. 37-38.

252. Booysen, H., "Die behoud van Blanke selfbeskikking", p. 1.

253. Mill, J.S., *Considerations on Representative Government*, soos aangehaal in Cobban, A., *op.cit.*, p. 131.

*ties*."[254] Woodrow Wilson, as praktiese politikus en student in die kontemporêre politiek van sy tyd, het 'n besliste verband gesien tussen selfbeskikking en die demokrasie. Hy het sterk gestaan by sy standpunt dat die *demokrasie* 'n noodsaaklikheid vir ware onafhanklikheid is.[255]

Die *vaderlandsliewende, volkse-Afrikaner*, waarvan in hierdie verhandeling sprake is, maak dan ook daarop aanspraak om sy eie verkose regering, uit sy eie mense, oor hom aan te stel. *Demokrasie* is die instrument in die hand van hierdie Afrikaner om sy ideaal te bereik. Dit beteken dat hy soewerein oor sy eie sake wil besluit, en op *eie staatsterritorium* oor homself wil regeer.

Die soewereiniteitsleer skryf juis voor dat die soewerein noodsaaklikerwys drie eienskappe moet besit, te wete: *ondeelbaarheid, oorspronklikheid* en *onbeperktheid*. Verloren van Themaat sê: "*Die soewerein is* **ondeelbaar** *omdat daar in 'n land slegs een hoogste gesag kan wees. As daar meer as een gesag is wat bo al die ander gesag staan, is nie een van die twee die hoogste nie. Die soewerein se gesag moet* **oorspronklik** *wees, want die hoogste gesag kan nie van ander gesag afgelei wees nie, anders is dit nie die hoogste gesag nie. Die soewerein se gesag is* **onbeperk** *omdat, indien daar 'n hoër gesag was om sy gesag te beperk, hy nie meer soewerein sou wees nie*."[256]

Dit spreek dus vanself dat geen volk waarlik soewerein kan wees as dieselfde staatsgebied deur vele volke gedeel word nie. Afgesien van die feit dat soewereiniteit nie deelbaar is nie, sal die volk met die meeste verteenwoordigers die ander oorheers. Die volk in die "*minderheid*" kan dus nooit aanspraak maak op *onafhanklikheid, vryheid en soewereiniteit* nie, want hy is *nie vry* om besluite oor homself in 'n eie gebied te neem nie. Sodra een volk in gesag *hoër* as die ander is, is die ondergeskikte volk nie soewerein nie. Binne dieselfde staatsterritorium kan nie twee soewereine gesagsliggame bestaan nie. **'n Voorvereiste vir soewereiniteit is 'n aparte staat!**

Dit is insiggewend om mnr. P.W. Botha se standpunt oor selfbeskikking te verneem as hy sê: "*Selfbeskikking en vryheid loop soos twee goue drade deur die geskiedenis van Suid-Afrika. Selfbeskikkingsreg en vryheid het vir die Afrikaner as rigsnoer gedien uit wanhoop na selfverwesenliking ... Wanneer ons die*

254. *Ibid*., p. 131.

255. Woodrow Wilson soos aangehaal in *Ibid*., p.131.

256. Verloren van Themaat, J.P., *Staatsreg*, p. 30.

*stigting van 'n konfederasie van Suider-Afrikaanse state propageer, neem ons die beginsel van selfbeskikking en die wil om nie aan ander ondergeskik te wees of deur ander gedomineer te word nie, in ag.*"[257] Ook sê hy aangaande 'n totale nasionale strategie vir die stabiliteit in Suid-Afrika, dat dit rekening moet hou met die grondbeginsels wat ook deur die VVO in hul handves erken word, naamlik dat 'n volk, hoe klein hy ook al is, *'n "selfbeskikkingsreg"* het. "*Daarop is die geskiedenis van hierdie Party* (die **Nasionale Party** - JdV) *wat ek verteenwoordig, gebou. Dit was een van die fondamentstene. Hy is gebore uit 'n drang om selfbeskikkingsreg vir sy eie mense te kry, en hy het dit konsekwent uitgeleef.*"[258] Mnr. Botha sê ook tereg dat 'n nasionale strategie deeglik rekening moet hou met die *natuurlike* drang by elke mens na vryheid. "*Wie hierdie ideale in sy eie en in ander volkere se lewe geringskat, kan mense nie op 'n lewenspad na 'n doel lei nie.*"[259]

In 'n baie insiggewende gesprek met Anna Starcke, het mnr. P.W. Botha hom ook op ondubbelsinnige wyse oor die Blanke en die Afrikaner se reg op selfbeskikking uitgespreek. Op haar vraag: "*Do you intrinsically (in essence) believe that it is possible to shape one's future, that one gets the future one works for?*", was sy antwoord: "*Yes, I do ... I believe that every nation, no matter how small, has the right to self-determination. And that's also the philosophy behind Article Two of the UN Charter: definitely it's stated there that the only way to peace and goodwill in the world is to accept the right of self-determination of peoples.*"[260] Op haar vraag: "*Well, yes, but isn't the majority of people*

257. Kyk Botha, P.W., *Openingsrede* tydens die Nasionale Party se Federale Kongres, Bloemfontein, 30-31 Julie 1982, p. 4.

258. Botha, P.W., in **Natbrief**, Maart 1980, p. 1.

259. *Ibid.*

260. Starcke, A., *Survival: Taped interviews with South Africa's power élite*, pp. 58-61. Aanvanklik het die VVO Handves nie die begrip, "selfbeskikking" genoem nie, dog Art. 1, paragraaf 2 van die Handves het dit as een van die doelstellinge van die organisasie beskryf, naamlik: "To develop friendly relations among nations and to take other appropriate measures to strengthen universal peace". Kyk UNYB, 1946-47, p. 4. Die insluiting van die woord, "self-determination", was die gevolg van 'n amendament deur die sogenaamde, "Four Sponsoring Governments" in Mei 1945, en het tesame met die oorspronklike paragraaf, soos volg gelui: "... with a way to the creation of conditions of stability and wellbeing which are necessary for peaceful and friendly relations among nations, these relations should be based on respect for the principle of equal rights and self-determination of peoples". Kyk *Sponsors Doc.*, G/29, UNCIO, Vol. III, p. 626.

*in South Africa precluded from such self-determination?*", antwoord mnr. Botha: "*I said peoples* (volke? - JdV) -- *not of majority governments as explained by them today. That is the vast difference between us. They want to force different peoples into one, which is in direct conflict with their own philosophy.*" Starcke vra: "*And you don't see any possibility of surviving in an integrated society?*" Mnr. Botha antwoord: "*No, no. Nowhere in Africa did it work.*" Oor die stedelike Swarte sê mnr. Botha: "*The moment I accept that the urban Black is something different from his own people, I'm being illogical, then I don't accept facts anymore ... Blacks are separate peoples, proud peoples with their own cultures, their own way of living, own traditions, own ideals. Why must we always try to force a Zulu to become something other than a Zulu?*"

Oor hoe hy selfbeskikking van die Blanke oor homself sal handhaaf, is mnr. Botha baie spesifiek as hy sê: "*It's very interesting that people who want a Palestinian homeland don't accept that principle in South Africa. They tell the Israeli's, 'unless you agree to such a homeland, you will be destroyed'. Simultaneously they tell us we mustn't set up homelands or we will be destroyed. And we say what the Israeli's say -- we will survive and fight if needs be ... we are not going to be brought to our knees by the forces who want to take self-determination away from our country; for that we are prepared to go to war, it's as simple as that.*" Hy sê voorts: "*The Afrikaner is a very interesting species. He doesn't always tell you what he has in mind, because he has learned through the ages to be careful -- he's been sold down the river on many occasions. Basically we are a very friendly people, a deeply Christian people, and we would like to see others live in peace because we know ourselves what it is to be persecuted ... But one thing you must accept from me: If they force us to hit back, we'll use everything we have at our disposal. Carter is awakening again a feeling that we had hoped would remain slumbering: that if they don't want to accept that we are also reasonable and civilized people with a right to self-determination, and if, for their own selfish reasons, they want to spit on us and destroy us from outside, then we'll fight back. Because we are also a proud people*".

Op haar stelling dat 'n man soos Buthelezi dit duidelik gestel het dat sy idee van selfbeskikking 'n geïntegreerde Suid-Afrika is, het mnr. Botha geantwoord: "*Mr. Buthelezi wants to dominate the whole of Southern Africa; we say we want to allow peoples to determine their own future -- the Xhosa, the Tswana, the Venda, the Sotho peoples, and we are also prepared to allow the Zulu people their own future. But we are not going to allow the Zulu people and Mr. Buthelezi to determine our future ... But I say there is a piece of land in South Africa that I'm not going to share with Buthelezi because it belongs to*

*me. And for that I'm prepared to fight if necessary, because I have the same right to survive as Buthelezi and his people have."*[261]

By 'n ander geleentheid hanteer mnr. P.W. Botha die aspekte rakende die begrippe *diskriminasie* en *differensiasie*. Hy sê: *"Die agterstand wat die Swartmense en die Bruinmense in hierdie land het, dateer mos sedert die koloniale tydperk, en die volk wat ek verteenwoordig het geveg om te kom waar hy is. Ons het nie hierdie goed verniet gekry nie. Waar diskriminerende maatreëls bestaan, kan ons dit nie losmaak van die omstandighede wat deur die verloop van die geskiedenis geskep is nie.*

*"Nou word gevra: Maar as jy dit kwalifiseer deur net te sê 'onnodige kwetsende diskriminasie', wat is dan nodige diskriminasie? Ek sal vir u sê wat na my mening nodig is: Dit wat nodig is om die begrip 'goeie buurskap' in stand te hou. As ek 'n buurman het en daar is 'n grenslyn tussen ons, beteken dit nog nie, hoewel ons baie goeie vriende kan wees en goed oor die weg kom, dat hy vir homself regte in my huis kan kom toe-eien nie. Ek sê dat ons daar nodige diskriminasie in Suid-Afrika moet kan toepas. Ter illustrasie wil ek vir u sê dat ek het die reg om my volkslewe en my gemeenskapslewe te beskerm waar hulle skole en hulle kerke is en ek sal nie daarvan afwyk nie: ek is bereid om daarvoor te veg. My gemeenskap het die reg om sy kinders in sy eie taal en in sy eie omstandighede op te voed. Dit is die nodige vorms van skeiding wat die grondslae van goeie buurskap moet uitmaak. As 'n mens met 'n Swartman met selfrespek hieroor praat, verstaan hy dit. Ek het met hulle gepraat. Die meeste Swart leiers met wie ons te doen kry, is mense met selfrespek. Wanneer jy met hulle praat, verstaan hulle dit. Die reg van 'n volk of gemeenskap om homself af te sonder, hoef nie op so 'n manier uitgeoefen te word dat andere daardeur gekwets of te na gekom word nie."*[262]

By die bestudering van die "*Twaalfpuntplan*" van die **Nasionale Party**,[263] word daar ook duidelike riglyne getrek met betrekking tot die reg van elke volk tot selfbeskikking. Daarin word vermeld dat die regering die bestaan van, "*verskillende volkere*" erken, en dat hierdie verskillende volkere, "*elk van die ander in hul afkoms, tradisies en kultuur verskil*". Verder word die beginsel van "*vertikale differensiasie*" aanvaar met die "*ingeboude beginsel van selfbe-*

261. Kyk *Ibid.*, pp. 58-61.

262. Kyk Botha, P.W., in **Natbrief**, Maart 1980, p. 1.

263. Die "Twaalfpuntplan" is in 1980 aanvaar as riglyne waarvolgens die Nasionale Party sy strategie vir Suid-Afrika vorentoe sien. Kyk **Natbrief**, Maart 1980, p. 3.

*skikking* ". Daarom verwerp die **Nasionale Party** enige stelsel van, "*horisontale differensiasie*" wat die oorheersing van een volk deur die ander beteken. Elke volk moet ook, "*langs sy eie weg tot die volle verwesenliking van sy potensiaal ontwikkel*". Elke volk moet dus aangemoedig word, "*om die grootste mate van selfbeskikking na te streef*". Die ideale bestel sou een wees waarin elke volk hom so kan regeer soos hy wil, "*verkieslik binne sy eie geografiese gebied ... Die alternatief is integrasie, konflik en verswelging van die Blanke en van ander minderheidsgroepe.*"[264]

Die *Twaalfpuntplan* verwerp in der mate ook gemengde woongebiede en gemengde staatskole, "*omdat dit wrywing skep en die eiesoortige identiteit van volkere ondermyn. Dit lei noodwendig tot gedwonge integrasie wat nie vir die Nasionale Party aanvaarbaar is nie*". Gelykwaardige geleenthede en die bereidheid om as gelykes saam te werk oor sake van gemeenskaplike belang, word as belangrik geag. "*Dit beteken (ook) dat differensiëringsmaatreëls wat nodig is vir die behoud van die Blanke se selfbeskikkingsreg en daarmee saam, ook dié van ander bevolkingsgroepe, altyd behoue sal bly*".

Die *Twaalfpuntplan* maak verder ook voorsiening vir 'n konstellasie van Suider-Afrikaanse state wat as 'n gemenebes van polities-onafhanklike, ekonomies-interafhanklike, state kan dien. "*Anders as die PFP en die NRP beoog die Nasionale Party nie 'n federale of ander magsdelende bestel binne 'n enkele staat nie. Die Europese gemeenskap of NAVO, waarin onafhanklike state vrywillig saamwerk, is eerder die soort verhouding wat beoog word.*"[265]

Op die keper beskou is dit eintlik ironies dat dit juis die *Swart state* in Afrika was wat die proses van *selfbeskikking* op hierdie kontinent begin het. Dit was hulle wat daarvoor geagiteer het dat hulle losgemaak moes word van koloniale ekspansionisme, waardeur hulle per definisie, onder die *vreemde oorheersing* van die Blanke geval het. Hulle eis die reg van selfbeskikking teenoor die Blanke op. Die VVO het die standpunt ingeneem dat die reg tot selfbeskikking selfs met geweld verwesenlik kon word. Booysen wys tereg daarop, "*dat die VVO (het) dus die wettigingsorgaan van geweld geword, veral geweld deur Swartmense teen die Blanke regerings van Suidelike-Afrika.*"[266] Dit kom dus daarop neer dat geweld vir die verwesenliking van die reg van selfbeskikking deur dieselfde regsreëls beheer word as dié wat geld wanneer

264. *Ibid.*

265. Kyk aanhalings in *Ibid.*

266. Booysen, H., *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*, p. 37.

twee state in 'n oorlog met mekaar betrokke raak. Daarvoor kan selfs hulp van andere state gevra word. Geweld wat gebruik word ter verkryging van die reg tot selfbeskikking, word gesien as 'n "*just war*".[267]

Om in Suid-Afrika die weg na selfbeskikking te voer moet derhalwe in 'n bepaalde sin saam met die stroom geswem word. Ironies bied die VVO en die Swart state met hulle "*uhuru*" die beste strydkrete vir die Blanke en Afrikaner se selfbeskikking. Die vyande *formuleer* die oplossing!

Die strewe van die Afrikaner om volle selfbeskikking was, en is steeds, 'n *natuurlike* en *volkeregtelike* uiting van dit wat die wese van 'n volk uitmaak. Openbaar die Afrikaner nie reeds vanaf sy volkswording 'n verset teen vreemde oorheersing nie? Het hy nie 'n *ingewortelde* en diepgrondige begeerte om sy eie te handhaaf volgens eie gebruike en tradisies nie? Mnr. P.W. Botha sê: "*Een ding is egter 'n feit, en dit is die selfbeskikkingsreg van volkere. Dit verg nie 'n konstitusionele deskundige om dit te verstaan nie. Die selfbeskikkingsreg van volkere is 'n goue draad wat dwarsdeur die geskiedenis van die beskawing loop. Daarvoor het mense opgeoffer. Daarvoor het mense gesterf. Daarvoor het mense geleef, en daarvoor leef mense vandag nog en sterf hulle ook vandag nog. As dit van 'n volk weggeneem word, word dit wat hom besiel, dit wat hom aanvuur om homself te wees, vernietig. Wie daarmee nie rekening hou nie, hou nie rekening met die werklikhede nie. Selfs in die Handves van die VVO word bely dat die selfbeskikkingsreg van volkere deur die liggaam erken en nagestreef word. Afrika is trouens gebou op die beginsel van selfbeskikkingsreg, dikwels volgens heel onnatuurlike grense, maar dit is daar. Meer nog. As 'n mens die Sowjet-struktuur vat, vind jy dat in Artikels 28 en 70 van die Sowjet-konstitusie die beginsel van selfbeskikkingsreg ingebou is. Op hierdie beginsel is die geskiedenis van Europa gebou. Europa het tot stand gekom in sy huidige gedaante deur die aanvaarding, die uitlewing en die erkenning van die selfbeskikkingsreg van volkere.*" Mnr. Botha vra dan tereg: "*As dit dan waar is dat die beginsel van selfbeskikkingsreg op al hierdie terreine aanvaar en uitgelewe word, waarom is dit dan 'n sonde as daar in Suid-Afrika gesê word dat ons vir die selfbeskikkingsreg van die Blanke staan? Die selfbeskikkingsreg van die Blanke is inmekaar geweef. In die eerste plek is dit die selfbeskikkingsreg van die Afrikanervolk, wat nie wil sterf nie ... Dit het die een groot begrip geword dat hierdie mense hul selfbeskikkingsreg wil handhaaf, uitleef en bestendig. Hierdie kant van die Raad is ongekwalifiseerd daaraan*

267. *Ibid.*

*gebonde, en nie net ek nie. Solank daar 'n NP is wat 'n siel het, só lank sal hy en die Regering wat hy vorm aan hierdie beginsel gebonde wees."*[268]

Die Afrikaner se verknogdheid aan sy grond is reeds *legendaries*. In sy strewe en stryd om selfbeskikking het die Afrikaner die moed gehad om teen die sterkste militêre volk in die wêreld van daardie tyd, naamlik die **Britse Imperiale Ryk** te veg. As daar dus vandag van Blanke selfbeskikking gepraat word, moet daar ook noodwendig van Afrikaner-selfbeskikking gepraat word.

Dit is juis 'n probleem wat die volkeresituasie in Suid-Afrika vandag kenmerk, naamlik dat in die kontemporêre gesprek oor die selfbeskikking van volke, daar net gepraat word oor *ander* volke, dit wil sê, die Swart volke se selfbeskikking, en nie ook oor die *volkstaat-gerigte Afrikaner* se reg op selfbeskikking nie. Daar bestaan geen grondige rede waarom hierdie reg om daarvoor te beding, die Afrikaner wat dit verlang ontsê mag word nie. In die eie staat van die Afrikaner sal hy sy burgerskap *herdefinieer* met 'n *eie naam*. Die Afrikaner het die potensiaal om hom sterk te laat geld in enige gebied waarin hy hom sal vestig; ja selfs ook in die internasionale gemeenskap. Sy kundigheid op die terreine van die opvoeding, landbou, mynbou, ekonomie en die staatkunde kan van die Afrikanerstaat 'n modelstaat maak. Dit is 'n volk wat *geen begeerte* koester om ander te oorheers of te verdruk nie. Wat hy vir homself opeis op *staatkundige*, *kulturele* en *maatskaplike* gebied, dit gun hy ook vir ander volke en gemeenskappe.

Vir die volkstaat-gerigte Afrikaner is die *beginsel* van selfbeskikking *ononderhandelbaar*. Eie, soewereine selfbeskikking is die enigste manier waarop die waardes en sinvolle voortbestaan van hierdie Afrikaners beskerm kan word. Die beskerming van 'n volk berus op die eeue-oue beginsel van *selfverdediging*, soos Booysen ook tereg opmerk: *"Selfverdediging word dwarsdeur die wêreld erken as 'n morele en juridiese beginsel waarop 'n individu, die staat of 'n groep optrede teen bedreiging van sy voortbestaan kan grond."*[269]

Samevattend kan daarop gewys word dat binne die raamwerk van hierdie onderwerp, die *volke-eiesoortigheid* in die Suider-Afrikaanse opset begryp word as 'n gegewe situasie waarmee onder enige omstandighede rekening ge-

268. Mnr. P.W. Botha in Skietgoed Nr. 4, 31 Augustus 1981, Federale Raad van die Nasionale Party.

269. Booysen, H., *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*, p. 42.

hou moet word. Dit het bepaald niks met kleurvooroordeel of rassisme te doen nie. Elke volk in die wêreld, wat iets werd is, sal 'n hoë premie plaas op 'n eiesoortige en selfstandige volksontwikkeling. **So is die selfbeskikking van volke ook 'n voorwaarde vir die konstitusionele strukturering van volke in Suid-Afrika!** Volke beskerm hulle vryheid en selfbeskikkingsreg *met elke middel tot hulle beskikking,* soos reeds deur mnr. P.W. Botha in vorige paragrawe gestel is. **Géén volk gee sy reg op selfbeskikking vrywillig af nie!** Dit is 'n historiese feit dat as die selfbeskikkingsreg van 'n volk in gedrang kom of die pad daarheen versper word, *dan kan daar nie vrede wees nie*, al sou die stryd dan voortgesit word minstens as 'n koue oorlog. Vir die sinvolle voortbestaan as 'n volk, is 'n *eie territorium* van wesenlike belang. Vanuit sy eie bodem werk 'n volk op selfstandige wyse met ander saam. Op sy eie grondgebied word al die instellings en instrumente waarmee 'n volk sy identiteit bewaar gebruik tot eiesoortige ontwikkeling. Daardeur bewaar en beskerm hy homself. **'n Volk sonder 'n vaderlandsbodem is 'n volk in nood!** Booysen sê tereg:" *Die ideaal van die Blankes en die Afrikaners in besonder, is myns insiens 'n eie gebied waar hulle soos ander volke, die onbetwisbare getallemeerderheid is en waar hulle hulle politieke en ander regte kan uitoefen sonder vrees vir indringing of oorheersing deur ander volke. Hierdie ideaal van 'n eie gebied en 'n eie staat vir die Blankes, is geen revolusionêre ideaal soos baie mense deesdae wil beweer nie. Dit kom van ver uit ons geskiedenis en is gedra van leier tot leier. Die fondamente vir die verwesenliking van hierdie ideaal is alreeds in ons staatsbestel gevestig. Ons moet net daarop voortbou.*"[270]

Een les wat ons deeglik uit die verlede en van vaderlandsliewende volksleiers kan leer, is dat die belange van jou eie volk *voorkeur* geniet en eerste bevorder moet word. 'n Oormatige geregtigheid teenoor ander, kan word 'n *ongeregtigheid* teenoor jouself. Van den Berg skryf: "*Die volk is in breedte en diepte die omvattendste en homogeenste lotsgemeenskaplikheid van afkoms en kultuur, tradisie en taal, sedes en gebruike, verwagtings en ideale. Hier is die moontlikheid van 'n 'rustige en stil lewe in alle Godsvrug en eerbaarheid' in belang van die uitbreiding van die Koninkryk van God die grootste, en die diepgaande wrywing, en ontwrigtende konflik die geringste.*"[271]

Ons *selfbeskikking* word dus eerstens en laastens *aan God toevertrou*, in die *geloof* uit Sy hand aanvaar as *deel van Sy Raad* met alle volkere op aarde. Swart skryf: "*Uit menslike hoek bekyk, het kulturele selfbeskikking onder andere*

270. Booysen, H., "Die behoud van Blanke selfbeskikking", p. 8.

271. Van den Berg, C.L., "Die Bybel en selfbeskikking", p. 4.

*te doen met 'n eie vaderland, eie staatstrukture, eie getalle, eie geestes- en ekonomiese ideale, eie arbeidsaamheid, eie belydenisse, eie taal, eie wording en toekoms, eie normesmaatstawwe en waardebeginsels, eie selfbeskerming en self-ontwikkeling, trou aan die self en aan die ouerlike afkomskring."*[272]

272. Swart, M., "Kulturele selfbeskikking vir die Afrikaner", p. 2.

# HOOFSTUK 4

# RUIMTELIKE ORDENING IN SUID-AFRIKA: 'N WESENLIKE VRAAGSTUK

## *1. INLEIDING*

In die verhitte sosiaal-politieke atmosfeer wat tans in Suid-Afrika heers, het daar 'n wesenlike behoefte ontstaan na groter duidelikheid oor die vraag: **Wie woon waar?** Na my mening het dit dié kernvraag van ons tyd geword. Dit is juis die, *saamdwing*[1] van ongelyksoortiges in een geografiese gebied wat die konflikpotensiaal in Suid-Afrika na die oppervlakte dryf. 'n Sinvolle gesprek oor *ruimtelike ordening* kan veel help om baie onsekerhede uit die weg te ruim, veral wat die toekoms oor die langtermyn betref.

Baie inwoners van hierdie land sal bepaalde keuses wil uitoefen oor waar en onder wie hulle wil woon, derhalwe soek hulle na duidelike riglyne. Daar is ook navorsingsinstansies wat onder andere besig is met demografiese studies, sosio-politieke navorsing, ekonomiese vooruitskouings en landboukundige- en waternavorsing. Hulle moet immers duidelike *vertrekpunte* hê waarvolgens hulle kan werk. 'n Vae en onsekere toekomsvisie is allermins bevorderlik vir 'n sinvolle debat oor ruimtelike ordening. Dit is dan ook die bedoeling van hierdie verhandeling om vanuit die gesigshoek van die **volkstaatgedagte**, 'n bydrae te lewer tot die vestiging van vaste idees rondom ruimtelike ordening in Suid-Afrika.

Dit is van besondere belang dat elke volksgroep wat aanspraak maak op 'n *afsonderlike* leefwyse, die keuse moet kan uitoefen tussen 'n *afsonderlike volksbestaan* of om in 'n *breë geïntegreerde gemeenskap* op te gaan. As sommiges binne die Afrikanervolk 'n *eie soewereine volkstaat* verkies om sodoen-

1. Hoernlé, R.F.A., *South African Native Policy and the Liberal Spirit*, p. 168. Kyk ook Landman, W.A., *A plea for understanding: A reply to the Reformed Church in America*, p. 79.

de 'n toekoms vir sy nakroos te verseker, dan behoort daar ook na hulle geluister te word. Hulle het immers ook *volkeregtelike* aansprake om hulself afsonderlik te handhaaf. Die Swart nasionale state in Suid-Afrika het 'n keuse om onafhanklikheid te aanvaar al dan nie. Vier van hierdie Swart volkstate het dan ook volle onafhanklike republieke geword, naamlik Transkei, Ciskei, Venda en Bophuthatswana.

## 2. *GEBIEDSKEIDING AS ANTWOORD*

Verkeerde beslissings in terme van ruimtelike ordening kan die einde van 'n groep mense en ook van 'n volk beteken. 'n Volk sterf nie noodwendig net op 'n slagveld nie. Sy einde kan ook by die trek van 'n kruisie op 'n stembrief bewerkstellig word. In Suid-Afrika staan die kieser voor die keuse van 'n veelvolkige (-rassige) saambestaan of 'n afsonderlike naasbestaan. Van der Merwe stel dit duidelik dat daar vir die Blanke voortbestaan in hierdie land net een pad oop is, en dit is "*volkome gebiedskeiding*".[2] Hy skryf: "*As jy afsonderlike state wil opbou, is dit tog baie duidelik dat hulle nie binne dieselfde staatsgrense kan wees nie: hulle moet naasmekaar bestaan.*"[3]

By geleentheid het Viljoen daarop gewys dat die feit in Suid-Afrika aanvaar moet word dat géén volk *onbepaald* polities *onderhorig* aan 'n ander volk kan bly nie. Vir baie in Suid-Afrika is daar slegs een weg oop om hierdie saak op te los, naamlik integrasie in een politieke geheel waarin die meer ontwikkelde Blanke dan 'n *ondergeskikte minderheid* sal word. Viljoen sê egter: "*Suid-Afrika se Blankes is nie bereid om vryheid vir die Swartes te koop teen die prys van hulle eie politieke vryheid nie.*"[4] Die enigste alternatief blyk te wees, na Viljoen se mening, "*aparte vryhede in geopolitieke geskeidenheid, naamlik afsonderlike ontwikkeling.*" Hy skryf: "*Hiervoor is nog geen alternatief bedink wat eerstens beter is en wat tweedens, werkbaar is nie. Afsonderlike ontwikkeling is vir ons geen dogma of ideologie nie; as daar iets beters is, sal ons dit graag oorweeg, maar dit moet 'n politieke vryheid vir Swartes bied sonder dat die Blankes hulle politieke vryheid in die proses hoef in te boet. Feit is dat die praktiese ervaring van ander plekke en ander tye -- dus van die geografie en van die historie -- 'n eenparige getuienis lewer teen die praktiese aanvaarbaarheid van politieke integrasie, binne een staat, van sulke kultureel uiteenlopende volkere, in so 'n ongelyke demografiese verhouding -- vergelyk maar die bot-*

2. Van der Merwe, H.J.J.M., *Segregeer of sterf*, p. 124.
3. *Ibid.*, p. 125.
4. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid*, p. 23.

*sings tussen veel minder verskillende volkere en groepe in België, Ierland, Nigerië, Ruanda-Urundi, Soedan, Ciprus, Kanada en die Midde-Ooste!"*[5]

Tereg wys Viljoen ook daarop dat waar daar 'n aandrang op meerderheidsregering in 'n eenheidstaat in Suid-Afrika is, dit wil sê 'n Swart bewind, dit onsinnig en onprakties is. Hy vra die vraag: "*Hoe word regmatige politieke vryheid vir die Swart volkere in Suid-Afrika bewerkstellig sonder om as prys daarvoor van die Blankes te vra dat hulle stappe doen waardeur hulle effektief hulle eie vryheid sal prysgee? Volgens ons Afrikaners is aparte vryhede, afsonderlike ontwikkeling, nog altyd die enigste werkbare oplossing wat tot dusver voorgestel is ... Swart meerderheidsregering, deur 'n skyn van een mens een stem binne 'n eenheidstaat, word ... as onaanvaarbaar verwerp.*"[6]

Insiggewend is Purvis se mening as hy skryf: "*There is ample evidence to indicate that social instability is inevitable whenever attempts are made to create multi-racial communities, and a number of apparently insoluble situations already exists in the United States and Africa. In view of the instinctive antagonisms inherent in the multi-racial community, there appear to be good grounds for preventing the establishment of communities of this kind in the future and for attempting to solve the problem of the existing communities by resolving them into separate communities on a racial basis. However harsh the application of such policies may appear to be, they do provide the possibility of social harmony and friendly competition between national groups in the future -- the alternatives are permanent instability and exploitation of one racial group by the other indefinitely prolonged.*"[7]

Hoernlé vra die vraag of veelrassige samelewings, soos wat uit ondervinding geleer word, nie 'n tragiese fout was nie. Hy sê: "*When human beings cannot live together, except in a caste-structure of racial superiors and inferiors, they had better live apart.*"[8] Hy wys daarop dat niks bereik kan word deur groepe bymekaar te dwing en sodoende ewigdurende spanning, konflik en bitterheid te veroorsaak nie. Hy sien dan ook, "*total separation*" as die organisering van die betrokke groepe, "*into genuinely separate, self-contained, self-governing societies, each in principle homogeneous within itself, which can*

5. *Ibid.*, pp. 23-24.

6. *Ibid.*, pp. 24-25.

7. Kyk Purvis, D., "The evolutionary basis of race consciousness", in **The Mankind Quarterly**, Vol. 1(1), soos aangehaal in Sampson, H.F., *op.cit.*, p. 12.

8. Hoernlé, R.F.A., *op.cit.*, p. 168.

*then co-operate on a footing of mutual recognition of one another's independence.*"[9]

In 'n belangwekkende publikasie, **A Plea for Understanding: A Reply to the Reformed Church in America,** wat op versoek van die Moderatuur van die Ned. Duits. Geref. Kerk in Suid-Afrika opgestel is, probeer die Kerk om sekere wanvoorstelle wat by sekere groepe en Kerke in Amerika en elders bestaan aangaande die rassesituasie in Suid-Afrika, uit die weg te ruim.[10] Talle briewe word aangehaal asook getuienisse wat voor verskeie kommissies gedien het. Daarbenewens is gesaghebbende persone oor 'n wye spektrum se menings gevra en is dit as bydrae in hierdie publikasie opgeneem. Enkele voorbeelde word vir die doel van die verhandeling aangehaal, veral die menings wat die hele polemiek oor gebiedskeiding (of ook afsonderlike ontwikkeling) raak.

'n Goeie vertrekpunt is na aanleiding van die mening van dr. Eiselen, wat in 1950 reeds, "*separation*" as 'n "*constructive policy*" voorgestaan het, dit wil sê, "*a policy making people ready for separation*".[11] Dit het die grond voorberei vir dr. H.F. Verwoerd om in 1959 die aankondiging te maak dat die praktiese aanvaarding van so 'n voorstel tot sy logiese konklusie deurgetrek moet word. In April 1961 verklaar hy in Londen: "*We prefer each of our population groups to be controlled and governed by themselves as nations are.*"[12]

Die doel van hierdie beleid was duidelik daarop gerig om 'n regverdige bedeling vir almal te skep op die basis van gelyke vryhede. Dr. Verwoerd sê: "*To judge the morality of a policy it must be remembered that in all ethics a balance must be struck between different values, different rights. Absolute right for the one may mean tremendous injustice to the other*".[13] Hy sê: "*Difficulties arise where the founders try to throw together in one state more than one national community ... any attempt to force different communities into one national entity will never succeed. Suppression will be possible but never co-operation between separate groups who desire to remain separate.*"[14]

---

9. *Ibid.*, p. 69.

10. Landman, W.A., *op.cit.*, p. 79.

11. Kyk Eiselen in *Ibid.*, p. 76.

12. Kyk Verwoerd in *Ibid.*, p. 77.

13. *Ibid.*, p. 78.

14. *Ibid.*, pp. 79-80.

Die basiese begrip dat dit nie in die praktyk moontlik sal wees vir Blankes en Gekleurdes om 'n gemeenskaplike vaderland saam te regeer nie, dit wil sê op 'n wyse wat almal tevrede sal stel nie, het stelselmatig tot vele mense deurgedring en het algaande groter steun ontvang. "*The realization is breaking through that the protagonists of multi-racialism can point no single instance where the idea has in practice succeeded, or is even showing signs of success, in cases where the population groups in question differ so greatly as is the case with Europeans and African Natives.*"[15] H.V. Hodson, voormalige redakteur van **The Sunday Times** in Londen skryf: "*Let us admit that with all our efforts and theories no acceptable solution has been found.*"[16] Mnr. Willem van Heerden, 'n student van Afrika-aangeleenthede en 'n voormalige voorsitter van **Rapport,** skryf: "*Race consciousness, race antagonism and race ambitions are everywhere blasting to futility the efforts in different territories to generate bi-racial or multi-racial nationhoods. In not a single African territory can one, up to now, discern even the beginning of success.*"[17]

In 'n artikel: "*Black and white reality*", skryf Peregrine Worsthorne: "*The latest evidence in Alabama of how deep, cruel and passionate racial feelings remain, coupled with the recent tragic collapse of Britain's multi-racial experiment in Central Africa, surely raises a grim question which must be burked no longer. Is it reasonable or realistic for men of good will to go on assuming that blacks and whites, at least in the crucial continents of Africa and North America, are ever going to live amicably side by side in genuinely multi-racial societies? My answer is emphatically 'no'. White men in predominantly black societies are almost certainly going to become underprivileged and black men in white countries are going to remain so ... If men of good will henceforth took reality as their point of departure, and worked forward from there, rather than setting their eyes blindly but firmly on a multi-racial goal that each year receded ever faster into the realm of tragic illusion.*"[18]

Dr. Verwoerd is dus volkome reg as hy sê: "*The policy of separate development is not based on a concept of superiority or inferiority, but merely on the fact of people being different.*"[19]

15. *Ibid.*, p. 80.

16. **The Sunday Times**, 2 December 1962.

17. Landman, W.A., *op.cit.*, p. 81.

18. **The Sunday Telegraph**, 19 May 1963.

19. Kyk Verwoerd in Landman, W.A., *op.cit.*, p. 82.

Die mening van prof. R.F. Logan, 'n Amerikaanse akademikus en aardrykskundige, is ook relevant as hy sê: "*There are such profound differences between the groups today that it is absolutely necessary, in my opinion, to recognize these differences. To ignore these differences produces, or would produce, great hardship for many of the groups ...*"[20]

Mnr. Piet Cillié, voormalige redakteur van **Die Burger**, het afsonderlike ontwikkeling gesien as, "*the principle by which we are trying to meet the challenge of change,*" en het dit beskryf as, "*a broad national thinking process.*"[21] Na sy mening het afsonderlike ontwikkeling sy diep wortels in die geskiedenis van die Afrikaner. "*They had a long struggle for the recognition of their national identity, culture and self-determination, which had led, after many setbacks, to the eventual attainment of complete independence for South Africa.*"[22] Anders as in ander koloniale gebiede in Afrika, kon die Afrikaner as Wit volk nie wegtrek na elders toe die koloniale moondhede hulle onttrek het nie. Hy sê: "*... the White nation of South Africa must stay as a White African nation, with full control of its own destiny, with the right and inner compulsion to fight for its freedom and self-determination.*"[23] Na sy mening is daar net twee uitweë moontlik vir die rassevraagstuk in Suid-Afrika: "*One was to adopt the norm or standard of universal adult suffrage, regarding the whole population as potentially one nation and trying to integrate all these vastly disparate elements ... into one all-embracing social and political structure ... The other method, the only fundamental alternative, and the one which had actually been chosen in South Africa ... was separate development -- trying to build up all the different peoples into self-respecting and self-governing organic entities.*" Cillié wys daarop dat daar geen middeweg is nie: " *... every so-called 'middle of the road' policy, every policy that suggests giving limited rights to these various groups inside one political structure, does raise fears immediately that the end of this policy is a position of one man, one vote, and that once you start, there is no logical, and indeed no practical stopping place short of universal suffrage.*"[24] Verwysend na die situasie in Suidwes-Afrika, sê Cillié dat die onder-ontwikkelde groepe die swaarste sal ly onder 'n een-mens-een-stem stelsel. Hy sê: "*It means to these people, as it means to the whites, that they are being forced to commit a form of national suicide, and that prospect always*

20. Kyk Logan in *Ibid.*, p. 96.
21. Kyk Cilliers in *Ibid.*, p. 100.
22. *Ibid.*, pp. 100-101.
23. *Ibid.*, p. 101.
24. *Ibid.*

*evokes all the forces of resistance that you would expect in any nation in similar circumstances.*"[25]

In 'n opstel van dr. Denis Worral, wat gepubliseer is in die **South African Foundation**, wys hy op die beleid van die regering wat daarop gemik is om oorheersing van een groep oor 'n ander uit te skakel, en dat dit gedoen kan word deur afsonderlike state daar te stel vir die verskillende volke. Hy verwys dan ook na die sogenaamde "*Partisie*"-verkiesing van Maart 1966, waardeur die kiesers van Suid-Afrika, "*gave its approval to a transfer of power on territorial lines, leading to the creation of separate states.*"[26]

Worral neem verskeie oorwegings in ag as hy daarop wys dat: "*The end of all social action is justice.*" Dit bring die wesenlike vraag na vore, naamlik: "*How does one persuade a minority which enjoys a monopoly of political power to voluntarily transfer this power to the rest of the society?*" Hierdie vraag bring twee aspekte na vore, naamlik: "*Firstly, what is the most reasonable, the most practical method -- and the method most likely to be accepted by the minority -- of transferring this power; and secondly, what kind of sharing will be most conductive to harmonious human relations in South Africa, bearing in mind the multi-national, multi-racial and hetero-cultural nature of the South African society?*"[27]

Rakende die eerste vraag hierbo, suggereer Worral dat **twee** uitweë kan geld, naamlik, "*(a) Either power could be transferred on a basis of adult franchise, with representation in the central government in a single or common society; or, (b) power could be transferred on a bases of adult franchise, with representation in separate societies or political organizations corresponding to separate parts of South Africa, leading in the direction of separate states. With respect to coarse (a), it is submitted that there is not the slightest chance of the minority agreeing to share its monopoly of power in the central parliament with the rest of society in proportion to its numerical majority. This observation is based on the fact that never in history has a minority voluntarily shared its monopoly of power with what is considered to be an alien majority; and there is no reason whatever to expect the white minority in South Africa to prove the exception ... With respect to coarse (b), however, it is submitted that the demand*

25. *Ibid.*, p. 102.

26. Kyk Worral in *Ibid.*, p. 104.

27. *Ibid.*, p. 107.

*that the minority yield its power over black South Africans to separate governments corresponding to separate states is reasonable and practical ...*

*"The second question under the previous section ... should be answered in the light of all the scientific literature on the so-called 'problem of diversity'. The point has been made that South Africa has a uniquely complex population problem; and if John Stuart Mill's observation -- made a long time ago, but supported by many modern writers -- that 'free institutions are next to impossible in a country made up of different nationalities' is true, it certainly applies to South Africa ... South Africa, so much more heterogeneous than other African countries, is unlikely to avoid this fate if power is transferred to the majority within the boundaries of a single state. Of vital relevance to the South African situation is the fact that scholarly opinion is almost unanimous in urging that where differences in race, nationalism and culture are so great as to constitute a constant threat to the stability of the central government and to the security of minorities, the best course to follow is that of* **partition**. *It is submitted that this is the prudent course for South Africa to follow -- that this course will be most conductive to good human relations."*[28]

Worral raak dan na my mening die **kern** van die saak aan as hy die vraag vra: *"Is this policy moral?"* Hy sê: *"All the churches in South Africa, and most of those intellectual leaders who otherwise oppose the government, are on record as saying that there is nothing morally offensive about the principle of partition or about an actual partition, provided it is fair."*[29] In hierdie verband haal hy ook die aartsbiskop van Durban, Denis Hurley aan, wat in sy voorsittersrede voor die, "**South African Institute of Race Relations**" in Januarie 1966 verklaar: *"This policy of apartheid or separate development is supposed to make it possible for the members of each race in South Africa to have their own homelands and pursue their own development and destiny. In principle the policy cannot be condemned. When groups cannot get along together it is better that they separate."* Worral wys daarop dat, *"numerous such statements can be quoted"*,[30] en dat, *"since the government first enunciated it, an increasing number of reputable and enlightened persons from other countries have come to see in partition the possibility of a reasonable and workable solution to the South African problem."*[31]

28. *Ibid.*, pp. 107-108.
29. *Ibid.*, p. 109.
30. *Ibid.*
31. *Ibid.*, p. 110.

Geen wonder dat dr. Verwoerd die eise van die buiteland as selfsugtig en kortsigtig beskou het nie. "*The issue at stake is the self-preservation of a nation -- nothing more and nothing less. It is also the self-preservation of each individual member of this White nation ... We are therefore, on our guard against making more and more concessions which could eventually lead to the loss of everything we cherish .... History has shown that where there are vast differences between people, there can be no peace and co-operation on the road to integration .... This one does not find in a mixed community forced to act as if it were united.*"[32]

Dr. Wilhelm Röpke van Genéve, Switserland, wys op die "*indisputable fact*" dat die Blankes in Suid-Afrika, "*are completely justified in owning and controlling it.*" Hy sê: "*One of the most shocking signs of the intellectual confusion of our times is that too few seem to ask themselves if it is at all possible to weld a nation worthy of the name out of such utterly different ethnic-cultural groups and, on top of that, to organize it politically as a democracy ... Only completely confused ideologists such as the so-called 'liberals' in South Africa and their counterparts in other countries can seriously propose that one should give the blacks full political equality within the framework of a unified South Africa, thereby actually handing over to them jointly undisputed control of the country. This would be nothing less than advising national suicide!*"[33] Geen wonder dat prof. Max Lamberty van Antwerpen skryf dat: "*Integration can be a greater evil than segregation when it is not accepted by all the parties concerned, when it is achieved not by free choice but by force.*"[34]

Lord Milverton, Britse Goewerneur van Nigerië, skryf: "*The whole basis of the apartheid policy is that the South African problem is 'n multi-national one, not a multi-racial one. ... Africa is strewn with the wreck of multi-racial dreams. Surely there is everything to be said for separate development -- a system which guards the human dignity of both black and white Africans by providing that each should govern themselves ...*"[35]

Laastens kan daar ook kennis geneem word van die standpunt van die *Gereformeerde Ekumeniese Sinode* wat hom soos volg oor rasse-aangeleenthede uitgelaat het: "*The specific and highly complex societal relationships*

32. Kyk Verwoerd in *Ibid.*, pp. 113-118.

33. Kyk Röpke en Lamberty in *Ibid.*, p. 130.

34. *Ibid.*, pp. 129-130.

35. Kyk Milverton in *Ibid.*, p. 132.

*within each land and nation must be taken into careful account when applying the biblical principles of love and righteousness for all men of all races and all nations .... If two or more nations or ethnic groups in the same country wish to maintain their respective identities, territorial separation between these nations or ethnic groups cannot be disapproved on the basis of principle."*[36] Dit hang saam met die standpunt van ds. Sol Selepe, 'n Swart predikant van Lady Grey, wat sê: *"I am convinced that separate development is the only policy which will do justice to the Bantu as well as the Whites ... If we forsake this way, the things we have particularly treasured in our national existence are doomed. We shall be cut loose from our anchors ... Preservation of its own existence is, however a sacred duty of the individual as well as of the nation ... The fact of many nations living in one and the same country has repeatedly proved itself to be the cause of hatred and clashes and internecine war. ... Birds of a feather flock together. This is the nature of things. With the aid of the policy of separate development the Bantu is enabled to build his own carefree and happy community, to keep his own identity, language and self-esteem and not to become a third class European."*[37]

Uit die historiese verlede van die Afrikaner was daar verder ook stemme wat die noodsaaklikheid van gebiedskeiding tussen volke en groepe in Suid-Afrika ingesien het. Onder andere het genl. J.B.M. Hertzog reeds vroeg in sy politieke loopbaan tot die oortuiging gekom dat die Blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika alleen gehandhaaf kan word indien die beleid van segregasie konsekwent gevolg word. Op 9 Mei 1911 skryf hy: *"Ever since 1903 I have advocated segregation as the only permanent solution of the question, and it is to me very clear that unless such a policy is undertaken soon, the conditions necessary for its realization will vanish. It is with a feeling akin to horror that I look into the future with this question unsolved. Our children and their posterity will more and more feel the dead weight of a lower civilization dragging them down to the level of their native environment unless they abandon the country and emigrate elsewhere, or unless they suffer themselves to be completely extirpated."*[38] In 1925 sê genl. Hertzog in die Volksraad: *"Ek hou vandag vol, selfs meer as ooit tevore, dat gebiedsegregasie nie alleen die basis*

36. Sien standpunt van die Geref. Ekumeniese Sinode in *Ibid.*, pp. 132-133.

37. *Ibid.*, p. 144. Hierdie artikel van Selepe het verskyn in **Die Kerkbode** van 27 September 1967.

38. Scholtz, G.D., *'n Swart Suid-Afrika?*, p. 50. Die tragiek van genl. Hertzog se segregasiebeleid was dat sy landgenote en tydgenote nie 'n begrip daarvoor gehad het nie, en dit het op 'n mislukking uitgeloop.

*van segregasie moet wees nie, maar dat gebiedsegregasie van naturelle die enigste gesonde politiek is wat gevolg kan word, sowel vir die naturelle as die Blankes in Suid-Afrika."*[39] Hertzog is dan ook deur die Vrystaatse Kongres van die Nasionale Party in 1925 bedank vir sy standpunt. Die voorstel lui: *"Dank word aan genl. Hertzog uitgespreek vir sy onvermoeide pogings in die laaste jare om die grote en moeilike naturellevraagstuk deur middel van segregasie op te los. Segregasie, toegepas op 'n regverdige wyse sal 'n seën wees vir die Blanke sowel as vir die gekleurde bevolking van die land."*[40]

Na die 1948 Algemene Verkiesing, wat die Nasionale Party aan bewind geplaas het, het verskeie Nasionale leiers hulle teen integrasie en ten gunste van gebiedskeiding uitgespreek. Dr. Malan het tydens 'n beleidstoespraak op 5 Maart 1953 die politieke opsies soos volg uitgespel: *"Kleurloosheid is nou fataal. En daar is maar twee koerse waartussen daar gekies kan word ... gelykstelling, dit wil sê, die verwydering van alle kleurdiskriminasie, of apartheid. Die een gekies deur die liberalis en die ander deur die nasionalis. Daartussen is geen middelpaadjie moontlik nie. Die pad van die liberalis lei na nêrens en afgesien daarvan dat dit geen oplossing bied nie, saai dit die saad vir voortgesette stryd -- 'n staande uitnodiging vir die agitator en die onrusstoker."*[41] Adv. J.G. Strijdom verklaar in 1958: *"Integrasie sal eenheid tussen Blank en nie-Blank tot gevolg hê ... Gewis en seker sal dit op die vernietiging van die Blanke ras uitloop."*[42]

Dit was egter dr. H.F. Verwoerd wat die geskiedenis van rasse- en volkereverhoudinge in Suid-Afrika op nuwe bane gestuur het. Sy pogings was sterk daarop gemik om reg en geregtigheid aan die nasionale aspirasies van die Swart volke in Suid-Afrika te gee. Daardeur wou hy terselfdertyd die toekoms van die Blanke en van die Afrikaner in hierdie land verseker. Net nadat hy in die Kabinet opgeneem is, verklaar dr. Verwoerd: *"Die uitgangspunt kan wees: Moet die ontwikkeling van die Bantoe en die Blanke gemeenskappe in die toekoms deurmekaar plaasvind of geskei van mekaar sover prakties moontlik? Indien die antwoord deurmekaar is, dan moet daar duidelik besef word dat oral mededinging en botsing sal plaasvind. Die enigste moontlike*

---

39. Malan, M.P.A., *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy stryd en prestasies, 1914-1964*, p. 108.
40. *Ibid.*, p. 106.
41. Kyk Goosen, D.P. (red.), *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910-1953*, p. 85. Kyk ook artikel in die **Vrystaat-Spieël**, 3-6 Junie 1988, p. 2.
42. Kyk **Die Transvaler**, 16 April 1958.

*uitweg is die tweede alternatief, naamlik dat albei 'n ontwikkeling aanvaar geskei van mekaar."*[43] Ook sê hy op 28 Januarie 1955: *"Daar is twee weë oop vir Suid-Afrika. Die een weg kan uiteindelik lei tot naturelleoorheersing in Suid-Afrika. Die ander weg se logiese end, wat jy kan stel as 'n ideaal, is totale territoriale skeiding ..."*[44]

Ander bekende uitsprake van dr. Verwoerd was die volgende, naamlik: *"Ek kies met ope gemoed, en in die beste belang van die Blanke in Suid-Afrika, 'n versekerde Blanke staat liewer as om my volk te laat opneem in een gemengde staat waaroor die Bantoe uiteindelik heerskappy moet voer. Ek is nie bereid om ons land af te staan aan 'n bloedlose verowering deur diegene aan wie ons net goed gedoen het nie."*[45] Ook sê hy: *"Ons veg vir ons voortbestaan, en die wêreld moet dit weet. Ons kan nie anders nie. Ons staan soos 'n Luther met die Hervorming, met die rug teen die muur. Ons veg nie om geld en goed nie. Ons veg om die lewe van ons volk. Ons veg om die voortbestaan van 'n Blanke nageslag aan die suidpunt van Afrika, soos aan ons nagelaat. Maar ons veg vir meer. Ons veg nie net vir ons volk nie. Ek is diep sielsoortuig dat ons veg vir die voortbestaan van die Blanke beskawing."*[46] Dr. Verwoerd waarsku: *"Liewer 'n Blanke nasie hier, liewer op die ou end 'n kleiner staat wat Blank is, liewer 'n Blanke nasie hier wat kan veg vir sy voortbestaan, as net een groter staat wat al klaar weggegee is aan Bantoe-oorheersing. ... Ons staan by 'n keuse -- óf om die Blanke sy eie gebied te gee en die Bantoe syne, óf om almal deurmekaar een staat te gee, en die Bantoe regeer."*[47]

By geleentheid in die Volksraad het dr. Verwoerd hom baie sterk oor die saak uitgelaat toe hy gesê het: *"Ek glo aan die Blanke se heerskappy oor sy eie mense in sy eie landsgebied en ek sal dit met geweld handhaaf!"*[48] Voor 'n studentegehoor sê mnr. B.J. Vorster: *"As afsonderlike ontwikkeling nie meer bly bestaan nie, dan is Suid-Afrika, wat my betref, nie meer die moeite werd nie. As jy as 'n etniese groep die politieke mag verloor, dan verloor jy alles wat vir jou heilig, dierbaar en van betekenis is."*[49]

43. Kyk **Die Transvaler**, 6 Desember 1950.
44. Lamprecht, B.H.A., "Afrikaner voortbestaan", p. 7.
45. Kyk aanhaling in **Oranje-Perspektief**, September/Oktober 1986, Nr. 2.5, p. 2.
46. *Ibid.*
47. *Ibid.*
48. *Debatte van die Volksraad*, 1965, Kolom 656.
49. Sien toespraak gelewer voor **Forum**, Universiteit van Pretoria, 12 April 1983.

### *3. BESETTINGSPRAKTYKE IN DIE SUIDER-AFRIKAANSE GESKIEDENIS*

Sonder om in besonderhede daarop in te gaan is dit tog duidelik dat die besettingspraktyke van die hede en die verlede in Suid-Afrika 'n beduidende invloed uitgeoefen het, en ook steeds sal uitoefen op die ruimtelike ordening van volke en gemeenskappe in hierdie land. Die *partisionering* of ook *sesessionering* van (Swart) volkstate is steeds regeringsbeleid, indien sulke volke dit sou verkies. Die besetting van 'n sekere stuk grondgebied as 'n eie staat vir die Afrikaner is in die kontemporêre politieke debat, na my oordeel, uiters aktueel.

Wesenlik gaan dit dus rondom die vraag of die Afrikaner histories en andersinds enige aanspraak op 'n sekere gebied in Suid-Afrika het, gesien in die lig van die volkereontplooiing wat in Suid-Afrika plaasgevind het. Venter wys ook tereg daarop, "*dat die statutêre maatreëls waarvolgens ruimtelike ordening tans in Suid-Afrika geskied, uitvloeisels is van die ruimtelike ordeningspatroon wat voor 1910 sy beslag gekry het.*"[50] Die besettingspraktyke wat dus in die verlede beoefen is, dien steeds as grondslag vir die huidige vorme van okkupasie en besitreg van grondgebied in Suid-Afrika. Die huidige ruimtelike ordening in Suid-Afrika, die beginsels onderliggend daaraan asook statutêre of ander handelinge in verband daarmee, sowel as aansprake op besondere geografiese gebiede, staan nie los van 'n bepaalde historiese grondslae nie. Venter wys daarop dat dit nie buite die *historiese* kader beoordeel kan word nie.[51]

In die vroeë jare van die volkereontplooiing in Suidelike Afrika, was die *selfbeskikkingsreg* van die verskillende groepe in die mense *self* geleë. Dit kom daarop neer dat grondgebied dikwels individueel deur middel van bepaalde ooreenkomste verkry is, of ook deur die okkupasie van die grond as **res** of **terra nulius** (onbesette grond). Venter neem as voorbeeld die Griekwas wat soewereiniteit oor grondgebied in die Vrystaat en later in Griekwaland-Oos en in Griekwaland-Wes verkry het.[52] Grond is ook dikwels by wyse van sesessie (of sessie) deur stamhoofde aan 'n ander persoon gesedeer. Theal maak byvoorbeeld melding van 'n sessie op grondgebied wat Rarabe van die

50. Venter, J.F., "Die beginsels van ruimtelike ordening", p. 87.

51. *Ibid.*

52. *Ibid.*, p. 88.

Khoikhoi kapteinsvrou, Hoho, verkry het,[53] en Cory van 'n sessie tussen Tsjaka en Ruiter vir die aankoop van grondgebied.[54] Oor die regsgeldigheid van die sessie was daar by Stockenström, *"and some of the most upright burghers"* geen twyfel nie.[55] O'Connell kom tot die gevolgtrekking dat, *"the capacity to be a party to a treaty of cession,"* nie die graad van beskawing is nie, *"but whether or not the community concerned fulfils the conditions of territory laid down by international law for the conducting of international transactions."*[56]

Nader na die Afrikaner was ook die Voortrekkers dus *"volkeregtelike subjekte"*.[57] Die Voortrekkers het grond verkry deur hetsy besetting van onbesette grond, of deur ooreenkomste waardeur geldige titel oor 'n bepaalde grondgebied verkry is.[58] Al die groepe in Suid-Afrika wat dus histories en andersins aanspraak maak op 'n bepaalde gebied staan dus in gelyke verhouding tot mekaar. Die wyse waarop die Afrikaner-Trekker egter sy grondgebied verkry het, verskil grootliks van die ander groepe deurdat die Trekkers 'n bepaalde gebied beset het met die uitsluitlike doel om soewereiniteit daaroor te verkry. Dit het geskied by wyse van 'n behoorlike administrasie, (dit wil sê, op tipiese Europees-Westerse wyse), oor so 'n gebied tot stand te bring en om bepaalde regeringsfunksies daaroor uit te oefen. So het Piet Retief byvoorbeeld die eerste Goewerneur van die Voortrekkers geword en is verkose Volksraadslede demokraties verkies. Anders as die individuele besetting van grond deur ander volkere, was die Voortrekkers se hoofmotief, *"om een landstreek voor hun te mogen beerfen die niet alleen goed maar hyn eigen bloed niet te kosbaar reekende om vryheidshalwe."*[59]

Dieselfde gesindheid het ook gespreek uit die annale van die Ohrigstadse Volksraad van Oktober 1845, waarin verwys word na die feit dat die Trekkers met hulle vrouens en kinders, *"een weg door die woesstyn heefd gebaan om een plektje grond te bewonen dat geheel woest was, alwaar men dachte een*

53. Theal, G.M., *History and Ethnography of South Africa since 1795*, p. 87.

54. Cory, G.E., *The Rise of South Africa*, Vol. 1, p. 29.

55. *Ibid.*, p. 31.

56. O'Connell, D.P., *International Law*, Vol. 1, p. 440.

57. Venter, J.F., "Die beginsels van ruimtelike ordening", pp. 90-91.

58. Kyk die Retief-Dingaan traktaat.

59. Pretorius, H.S. en Kruger, D.W., *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, p. 58.

*lucht inteademen van onafhankelykheid.*"[60] Voorts wys Venter ook daarop dat die Trekkers, in teenstelling met die ander "*funksionarisse*", ook 'n deklarasie van voorneme uitgereik het waarin hulle onderneem om geen volk te molesteer nie, en geen eiendom van iemand te ontneem nie. Hierdie deklarasie is dan ook in gewysigde vorm in die **Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek** opgeneem.[61]

'n Besondere wyse van grondbesetting in die verlede, en tans ook in resente tye, is by die gebruikmaking van sessie of ook sesessie. Brierly verwys na "*cession*" as, "*a mode of transferring the title to territory from one state to another. It results sometimes from a war, sometimes from peaceful negotiations; it may either be gratuitous, or for some consideration, as when Denmark sold the Danish West Indies to the United States in 1916.*"[62]

Persoonlik verkies die skrywer van hierdie verhandeling die woord "*sesessie*" wat aangedui word as "*afskeiding*" -- veral uit 'n staatsverband. (Latyn: se is '*apart*' en **cedere** is '*gaan*')."[63] Sesessie kan deur onder andere ruiling of deur onderlinge dienslewering plaasvind. Resente voorbeelde van sesessie is die onafhanklikheidswording van vier nasionale Swart volkstate wat uit die **Republiek van Suid-Afrika** uitgesny en volle onafhanklikheid uit die hand van die Suid-Afrikaanse regering ontvang het, te wete Transkei (1976), Bophutatswana (1977), Venda (1976) en Ciskei (1981). Opmerklik was die feit dat hierdie state hul onafhanklikheid verkry het sonder enige bloedvergieting en op konstitusionele wyse. Die wil en wense van die grootste gedeelte van die inwoners het geseëvier. Op die oomblik is daar 'n ry ander nasionale state wat naby of op pad is om onafhanklikheid te aanvaar deur middel van sesessie. Tesame met ander state soos Swaziland, Lesotho en Botswana, wat hul onafhanklikheid uit die hand van Groot-Brittanje ontvang het, vorm Suider-Afrika 'n verskeidenheid van **volkstipiese** state. Daar bestaan geen rede hoegenaamd waarom 'n vrye Afrikanervolkstaat nie tot hierdie ry van vrye state toegevoeg kan word nie.[64] Die volkstaat-gerigte Afrikaner kan hom hier beroep op die volkeregtelike beginsel van **geregtigheid**. Venter skryf: "*Die be-*

60. Kyk Breytenbach, J.H. en Pretorius, H.S., *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1844-1850*, Deel I, p. 162.
61. Venter, J.F., "Die beginsels van ruimtelike ordening", p. 91.
62. Brierly, J.L., *The Law of Nations*, p. 171.
63. Kyk HAT, p. 957.
64. Kyk **Hoofstuk** 5 van hierdie verhandeling vir 'n bespreking van die begrensing van die Afrikanervolkstaat.

*ginsel van geregtigheid vereis dus dat die ander inheemse bevolkingsgroepe se aansprake en besitreg, wat ewe-eens op die beoefening van gangbare besettingspraktyke gefundeer is, erken en gerespekteer moet word.*"[65]

'n Eie vaderland vir die volkstaat-gerigte Afrikaner, wat hy histories en volkeregtelik syne kan noem en besettingsreg op het, is die *geestelike en kulturele toevlugsoord vir hierdie Afrikaners*. Dit is die grondslag van sy sinvolle voortbestaan. Venter skryf tereg: " *'n Eie vaderland maak inderdaad 'n inherente deel van selfstandige volkswees uit. Verlies van die eie vaderland beteken dan ook prysgawe van soewereiniteit en uiteindelik die verlies van eie identiteit.*"[66]

## *4. PARTISIE, SESESSIE EN SEPARATISME: ENKELE VOORBEELDE UIT DIE PRAKTYK*

Die begrip **partisie** is redelik omvattend, derhalwe gaan daar grotendeels gekonsentreer word op die **idee** van partisie in politikologiese terme uitgedruk. Aanverwante sake sal slegs kortliks aangehaal word.

Die woord **partisie** kan omskryf word as, "*die verdeling van die grondgebied van 'n staat in twee of meer geopolitieke eenhede of gebiede wat daarna as afsonderlike politieke entiteite of state fungeer.*"[67] Dit kan inderwaarheid ook verband hou met *sesessie* of *afskeiding*. Voorbeelde hiervan is Portugal van Spanje (1640); Noorweë van Swede (1905); Ysland van Denemarke (1944), en Bangladesh van Pakistan (1971).[68] Verskeie skrywers soos Stultz, Johnstone, Pounds, Lijphart en andere, wys daarop dat daar slegs drie omvattende voorbeelde van partisie in hierdie eeu voorgekom het naamlik Ierland (1922), Brits-Indië (1947) en Palestina (1948). So onderskei Stultz tussen *twee* tipes partisie te wete, partisie as *kompromis* tussen grootmoondheidskompetisie en belange, soos in die geval van Duitsland en Korea na die **Tweede Wêreldoorlog**; en tweedens, ook as deel van *oorlogsbuit* soos in die gevalle van Togoland (1920) en Pole (1939).[69] Johnstone voer aan dat die konsep "*partisie*" soms op uitruilbaarheid dui en dus ook sinoniem is met begrippe soos

65. Kyk Venter, J.F., "Die beginsels van ruimtelike ordening", p. 93.

66. *Ibid.*

67. Du Pisani, A., "Partisie", in Van Vuuren, D.J. en Kriek, D.J. (reds.), *Politieke Alternatiewe vir Suid-Afrika: Grondslae en Perspektiewe*, p. 237.

68. Stultz, N.M., "On partition", in **Social Dynamics**, Vol. 5, Nr. 1, 1979, pp. 1-13.

69. *Ibid.*

*"balkanisasie", "selfdeterminisme", "sesessie"* of *"geopolitieke skeiding"*.[70] Pounds sien partisie soos volg: *"Partition means one of two things: First, the division of a state so that it loses its identity or even disappears from the political map; second, the creation of two or more states within a territory which had previously been subjected to only one."*[71] Lijphart toon aan dat partisie gesien kan word as 'n reaksie in hoogs plurale samelewings waar die gapings te groot is om in 'n konsosiatief-demokratiese bestel geakkommodeer te word.[72] Dahl het partisie geïdentifiseer as een wyse waarop subnasionale konflik in 'n plurale samelewing geakkommodeer kan word.[73] Du Pisani wys dan ook tereg daarop dat partisie voorsiening maak vir 'n territoriaal-ruimtelike dimensie wat grootliks met die verdelingslyne in 'n *"dominant-bipolêre konflik"* saamval. In Ierland (1922) word byvoorbeeld partisie onderlê, *"deur 'n Katoliek-Protestantse klowing"*. Dié in voormalige Brits-Indië (1947) deur 'n konflik tussen twee dominante religieuse tradisies, te wete die Islam en die Hindoeïsme, en dié in Suid-Afrika deur 'n oorwegend swart-wit-konflik. Du Pisani skryf: *"Só beoordeel, poog partisie in beginsel dus om bipolêre konflik te akkommodeer by wyse van depolitisering met 'n verbandhoudende geopolitieke basis. Die fase van territoriale afbakening gaan gevolglik alle ander fases in die ontplooiing van 'n partisiebeleid vooraf."*[74] Daarom kan daar met Stultz saamgestem word as hy skryf: *"The idea of partitioning South Africa in order to create a number of racially homogeneous states or, alternatively, states in which the interests of one race would predominate under a democratic system, is an old one."*[75]

'n Baie insiggewende verslag om van kennis te neem is dié van die Politieke Komitee van **Spro-cas** (*"Study Project on Christianity in Apartheid Society."*)[76] Dit is duidelik dat hierdie Komitee ook geworstel het met die vraagstukke van 'n komplekse Suid-Afrikaanse samelewing. Hulle het dan

70. Johnstone, R.E. (ed.), *The Politics of Division, Partition and Unification,* pp. 5-6.

71. Kyk Pounds, N.J.G., "History and geography: A perspective on partition", p. 162.

72. Lijphart, A., *op.cit.*, p. 41.

73. Dahl, R.A., *Political Opposition in Western Democracies*, p. 358.

74. Kyk Du Pisani, A., *op.cit.*, p. 238.

75. Stultz, N.M., *Transkei's Half Loaf: Race Separatism in South Africa*, pp. 5-6.

76. Die **Spro-Cas** projek het gestaan onder die borgskap van die **Suid-Afrikaanse Raad van Kerke**, asook die **Christelike Instituut**, en is in die lewe geroep om die Suid-Afrikaanse gemeenskap te ondersoek in die lig van die Christelike beginsels, en om die langtermyn doelwitte te formuleer vir 'n aanvaarbare sosiale orde, asook om te oorweeg hoe verandering in die samelewing bereik kan word.

ook tereg bevind dat, *"politics is not merely a matter of individual taste or preference; to a large extent our political options are, if not determined, at least limited by both our previous political history and the structure of our society. Thus, attractive as the commission might find the ideal of a pragmatic and tolerant open pluralism, the fact remains that our society is in important respects a divided plural society, placing almost insuperable problems in the way of transition to an open pluralistic society."*[77] Onder die opskrif, *"The practical possibilities of partition"*, bevind die Komitee: *"One possible response to a potentially extreme polarization of antagonistic groups in a plural society is partition, or secession, in order to prevent civil war or the violent insurrection of a subordinated group. If partition can sort out the diverse groups into distinct self-determining polities, this might help in reducing the irrational sphere of politics within each society."*[78] Hulle bevind ook voorts dat, *"it does not seem that there are serious moral or political grounds for objecting to partition in principle .... in principle there is nothing un-Christian in partition."*[79]

In hoogs belangwekkende artikels verwys A. de Crespigny, voormalige professor in Staatsleer aan die Universiteit van Kaapstad, en latere Presidentsraadslid, ook na *partisie*. Hy skryf die volgende in 'n artikel wat in April 1980 gepubliseer is: ".... *the critical interests of whites and blacks are irreconcilable within a common political system irrespective of whether it is a unitary or federal system. Whites seek to maintain their economic standards, their freedoms, their power, their cultural identities and their status. Blacks, on the other hand, seek the dominant political position to which they think their numbers entitle them, the land and opportunities of which they feel deprived, and a status more conductive to a sense of their own worth ... If they get much of what they most of all want, the whites cannot get much of what they most of all want -- and conversely. Many important claims of blacks and whites are therefore incompatible, and in the predicable future there is no possibility of a settlement that would seem just to both groups."*[80]

Die slotsom waartoe De Crespigny kom is dat, *"multiple partition"* in Suid-Afrika die enigste oplossing is. In 'n opsomming van gemelde artikels word soos volg gerapporteer: *"By multiple partition he means partition of the country into several consolidated black territories or homelands, rather than*

77. Kyk "South Africa's political alternatives", Spro-Cas publication No. 10, p. 106.

78. *Ibid.*, p. 113.

79. *Ibid.*, pp. 113-114.

80. Kyk aanhaling in Steyn, J.S., *Tuiste in eie Taal*, p. 477.

*division of South Africa into two states, one for blacks and the other for non-blacks. He looks at and rejects as unworkable the two 'most widely canvassed alternatives to partition' -- majoritarian democracy (or majority rule) and consociational democracy (or shared power between the most important groups)."*[81]

In die soeke na staatkundige en politieke alternatiewe vir Suid-Afrika, het die Eerste Verslag van die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad**,[82] na deeglike ondersoek en na die aanhoor van vele getuienisse, hulle bevindinge bekend gemaak. In sy voorwoord tot die Verslag wys die Voorsitter van die **Grondwetkomitee** (dr. Denis Worral) daarop dat hierdie eerste verslag, *"indringende aanbevelings (bevat) met betrekking tot regering op nasionale vlak ... die bestudering daarvan (sal) 'n toekomsbeeld bied van die Suid-Afrika van môre."*[83]

In sy ondersoek na 'n nuwe konstitusionele bedeling vir Suid-Afrika het die **Grondwetkomitee** bepaalde alternatiewe oorweeg waarvan sommige aanneemlik gevind is, ander nie. Interessant is egter die **Komitee** se bevindinge aangaande partisie as alternatiewe oplossing. Trouens, die **Grondwetkomitee** het *"ses denkbare keuses"* geformuleer en vyf van die keuses is gebaseer op partisie plus nog 'n komponent! Ons bespreek slegs die aanbevole keuse van die **Grondwetkomitee.**

Die vorm van partisie wat die **Grondwetkomitee** aanbeveel is *"veelvoudige partisie"*. Die **Komitee** was van mening dat, *"die mate waarin een groep 'n ander oorheers, grootliks verminder kan word deur veelvoudige partisie.*

81. Kyk **Rand Daily Mail, 16 April 1980.** De Crespigny, een van die opstellers van die eerste verslag van die Presidentsraad oor 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika, het onder andere ook daarop gewys dat daar ten minste ses argumente bestaan ten gunste van partisie in Suid-Afrika. Hy sê: "It is strongly conductive to the selfrespect of persons; ... (it) protects and promotes the culture and identity of individuals and of groups; ... (it) is desirable because it greatly reduces the extent to which one group dominates another; ... (it) would greatly increase black power and wealth, particularly when combined with resolute measures to promote administrative, social and economic development; ... (it) reduces the danger of a race war in South Africa; ... (it) optimises democracy. Black majority rule would not yield democracy". Sien aanhaling in **Patriot,** 11 November 1988, p. 11.

82. Kyk PR 3/1982.

83. *Ibid.* Kyk *Voorwoord* deur dr. D. Worral.

*Die Suid-Afrika van vandag word klaarblyklik prakties deur Blankes oorheers. 'Meerderheidsregering' sou lei tot die vervanging van Blanke oorheersing deur Swart oorheersing en ongetwyfeld tot oorheersing en onderwerping tussen die Swart groepe self ... As groepsoorheersing in die verhouding tussen Swart en nie-Swart en tussen Swart en Swart geminimaliseer moet word, kan dit slegs langs die weë van veelvoudige partisie geskied."*[84] Die **Komitee** is ook van mening dat ernstige "*groepskonflik*" verminder sal word en, "*dat pogings om 'enkelstaat'-oplossings van enige aard na te streef, tot uiters gewelddadige rassekonflik aanleiding kan gee waarin alle gemeenskappe ontsettend sal ly ... Maar in die voorsienbare omstandighede in Suid-Afrika is dit nouliks waarskynlik dat die waargenome belange van Blankes en Swartes so sal verander dat dit enigeen van hierdie twee bevolkingsgroepe daarvan sal oortuig dat sy wesenlike belange toereikend beskerm en bevorder sal word deur die ander groep.*"[85] Derhalwe is die **Komitee** se bevinding dat partisie, "*met gepaste konsolidasiemaatreëls, wenslik is op grond van billikheid of ewewigtige geregtigheid.*"[86] Voorts word verklaar: "*Die argument ten gunste van partisie gegrond op selfrespek is in Suider-Afrika van toepassing op die verhoudinge tussen Swart nasies asook op dié tussen Swartes en nie-Swartes. Die argument is derhalwe 'n argument ten gunste van veelvoudige partisie.*"[87] Dan wys die **Komitee** op 'n baie belangrike "*verbandhoudende argument*", naamlik dat afsonderlike nasionale state die kultuur en identiteit van individue en groepe beskerm. " *'n Kultuur is die lewenswyse van 'n groep mense. Dit word gekenmerk deur gemeenskaplike houdings, gebruike en tradisies. Die beskerming van 'n kultuur lewer besondere probleme op in lande soos Suid-Afrika wat opvallend pluraal is en 'n aantal verskillende 'subkulture' insluit. Dit is natuurlik daaraan toe te skrywe dat een subkultuur in sulke lande 'n ander kan oorheers of onderwerp.*"[88] Dahl omskryf dan ook subkulture soos volg, naamlik, "...a *distinctive sets of attitudes, opinions and values that persists for relatively long periods of time in the life of a country and give individuals in a particular sub-culture a*

84. PR 3/1982, pp. 45-46. Die Grondwetkomitee lig die punt toe deur te wys op die politiek na onafhanklikheid van talle Afrikastate, waarvan Zimbabwe die jongste is. Kyk ook die werke van Kohn, H. en Sokolsky, W., *op.cit.*, in hierdie verband, asook Collins, R.O. (ed.), *The Partition of Africa: Illusion or Necessity*, 1969.

85. Kyk PR 3/1982, p. 46.

86. *Ibid.*

87. *Ibid.*, p. 47.

88. *Ibid.*

*sense of identity that distinguishes them from individuals in other sub-cultures."*[89]

Waar hier hoofsaaklik swart-wit groepe ter sprake is, wys die **Grondwetkomitee** daarop dat, wat die Kleurling- en Indiërgemeenskappe betref, daar min steun is vir die instelling van afsonderlike state vir hierdie twee groepe, dog wys daarop dat, "*invloedryke lede van daardie gemeenskap* (dit wil sê die Kleurlinggemeenskap), *die* Komitee *meegedeel het dat, indien 'n regverdige grondwetlike bedeling nie deur die Regering aanvaar word nie, daar verwag sal kan word dat die Kleurlinggemeenskap die moontlikheid van die skepping van 'n Kleurlingvolkstaat in Wes-Kaapland in 'n gunstiger lig sal beskou."*[90]

Oor outonome nasionale state spreek die **Grondwetkomitee** na ons mening 'n waar woord as hulle bevind: "*Samelewings wat beheer word deur owerhede wat deur sommige van hul lede as vreemd beskou word, is onversoenbaar met 'n gevoel van eiewaarde en persoonlike waardigheid by sulke lede. Die Swart volke van Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Die beskikbare getuienis toon dat hulle verkies om deur hul eie mense, volgens hul eie tradisies regeer te word, in plaas daarvan om deur ander geregeer te word, hoe doeltreffend hierdie regering ook al mag wees. Regering deur 'n mens se eie mense gaan ten nouste gepaard met onderlinge begrip en empatie tussen die volk en leiers, en hierdie begrip gee aan individue 'n gevoel van belangrikheid en funksievervulling in die stelsel waarin hulle lewe."*[91]

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat die beoogde uitwerking van partisie moet wees om die *verskeidenheid* in 'n bepaalde staat te *verminder*, en dat dit 'n redelik hoë mate van *geografiese* konsentrasie van die verskillende volke behels. Dit kan selfs nodig wees dat daar 'n verskuiwing van talle mense uit gebiede, wat gepartisioneer of gesessioneer sal word, sal plaasvind. Dit bly 'n baie netelige vraagstuk. Selfs die Politieke Komitee van **Spro-cas** erken dit as hulle skryf: "*Obviously this requires ... that partition is accompanied by massive migration of population groups to their appointed territories*."[92] Enige vorm van partisie veronderstel dus die *ontstrengeling* van 'n gebied se inwoners. Bruwer verwys na syfers en voorbeelde in die wêreld

89. Dahl, R.A., *op.cit.*, p. 371.

90. PR 3/1982, p. 39.

91. *Ibid.*, p. 46.

92. Kyk "South Africa's political alternatives", p. 113.

waar sulke verskuiwings wel noodsaaklik was, en sonder dat daar veel ophef daarvan gemaak is. Met die verdeling van Indië en Pakistan is meer as 100 miljoen mense oor die grense verskuif. Met die verdeling van Ciprus het honderde-duisende mense moes padgee en sowat 1,5 miljoen Blankes moes binne enkele maande uit Algerië padgee. Talle Indiërs is uit Uganda gestuur en 'n miljoen Ghanese is deur die Nigeriese owerheid sowat 'n week gegee om Nigerië te verlaat. Tydens die stigting van die Israelse staat het byna 500 000 Arabiere die gebied sonder veel omhaal verlaat en het na aangrensende gebiede verhuis. Bruwer bevind dus dat, "*die gedwonge migrasie van mense nie onmoontlik is nie, alhoewel daar altyd probleme is. Hierdie probleme kan egter op 'n ordelike en beskaafde wyse hanteer word.*"[93] Dat partisie waarskynlik ook baie duur sal wees is waar, dog die koste daarvan moet opgeweeg word teen die voordele. Pounds skryf: "*... partition and its consequences may be a small price to pay to (avoid) internal strife and even civil war.*"[94]

Dit is uit bostaande duidelik dat die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** partisie sien as 'n, "*noodsaaklike element in die ontwikkeling van bevredigende grondwetlike reëlings vir Suid-Afrika*", en dat nog selde, deur sowel voor- as teenstanders, "*voldoende reg aan dié sterk stawende argumente*" gegee is.[95]

Verskeie skrywers sien die ooreenkoms tussen veral *skeiding* (of ook separatisme) en *nasionalisme* fyn raak. Trouens, hierdie verskynsel was die oorsaak van talle oorloë wêreldwyd. Hall wys tereg daarop dat *separatisme* 'n bepaalde vorm van etniese outonomie aandui, en dat dit dikwels aangetref word onder groepe wat volkome politieke onafhanklikheid soek van 'n bestaande staat. Hy skryf: "*Separatism tends to emerge as an expression of a group's dissatisfaction with its lack of meaningful control over material and status resources.*"[96]

Anders as nasionalisme egter, wat streef na *selfbeskikking* op groot skaal, of dan ook grootskaalse veranderinge binne 'n staat, is separatisme daarop

93. Bruwer, P.F., *Die Derde Vryheidsoorlog Woed ... Ons kan Wen*, p. 301.

94. Kyk Pounds, J.G., *op.cit.*, p. 172.

95. PR 3/1982, p. 48.

96. Hall, R.L. (red.), *op.cit.*, Inleiding pp. xxii-xxiii. Daar het in 1989 onder sekere regses in Suid-Afrika ook 'n Boere Separatiste beweging tot stand gekom. Kyk **The Citizen**, 04.12.89.

ingestel om te dien as uiting van 'n groep se *ontevredenheid* met die verlies van hul kontrole oor hul eie materiële en kulturele eiendomlikheid. *Separatisme* is dus hoofsaaklik beperk tot *etniese* aksies wat daarop ingestel is om sy outonomie op kulturele, taal, godsdienstige, geografiese en ekonomiese gebied te verkry. In hierdie sin is *separatisme* 'n vorm van 'n sub-kategorie van nasionalisme en soverre dit *etniese outonomie* binne 'n staat propageer.[97] So is die Baskiese separatiste hoofsaaklik in Spanje aan te tref, dog soek ook skakeling met ander Baskiese separatiste in Frankryk met die doel om 'n *soewereine staat* in die lewe te roep op die basis van 'n *eie etnisiteit en identiteit.*

*Etniese separatisme* kan dus, in die lig van bogenoemde, gesien word as 'n *polities-kulturele beweging met die doel om mense met eiesoortige belange saam te groepeer in 'n eie onafhanklikheid en soewereiniteit.* Dit spreek vanself dat dit huishoudelike sowel as internasionale implikasies sal inhou. Etniese skeiding is in die meeste gevalle gerig teen 'n *bestaande*, huishoudelike bedeling waarvan hulle *ten alle koste wil loskom*. So 'n etniese groep wat hom waarskynlik deur *sesessie* wil losmaak van die bestaande regering, streef na 'n *nuwe* vorm van soewereiniteit, en wil dit ook as sulks aan die internasionale gemeenskap bekend stel.

Die historiese ontwikkeling van state dwarsdeur die eeue en regoor die wêreld, toon onteenseglik aan dat gebiedskeiding (*separatisme*) 'n groot rol gespeel het in die geo-politiek van die dag. Trouens, dit het nuwe internasionale patrone daargestel, veral in Wes-Europa waar nasionalisme sy oorsprong gehad het. *Nasionalisme* het inderwaarheid die *idee* van separatisme gevorm. Die groot wegbreek uit die tradisionele regeerstelsel het dan ook in die agtiende eeuse Europa plaasgevind. Dit was volgens Sterling, nasionalisme se ideologiese breek met die sogenaamde, *"élite rule"*, en die begunstiging van die universele massa-gemeenskap. Hy skryf: *"The central tenet of nationalism was that political participation is the birthright of all who belong to the nation."*[98] Hieruit is die tradisionele verbintenis tussen nasionalisme en demokrasie gebore, dit wil sê die formele platform van demokrasie en nasionalisme het geword die *mag van die volk*. Hierdie oordrag van mag aan die volk het aan die politieke aspirasies van 'n volk groot stukrag verleen.

---

97. *Ibid.*

98. Sterling, R.W,. "Ethnic separation in the international system", in Hall, R.L., *op.cit.*, p. 416.

Dit is dus geen wonder nie dat *separatisme* inderdaad die kern en katalisator was in die oorsake van beide die Wêreldoorloë.[99] Separatisme sou onvermydelik lei tot die verskuiwing van *territoriale* grense asook die verkryging van soewereiniteit van die volk wat afskei. So is die Oostenrykse vors in 'n sluipmoord deur 'n Suid-Slawiese nasionalistegroep by Sarajevo vermoor. Hulle oogmerke was duidelik die afskeiding van Oostenryk-Hongarye in die unifikasie van Serwië. In die weste was die Franse gedetermineerd om Elsas-Lotharinge terug te verower. Dit het 'n bloedige stryd tussen Frankryk en Duitsland in 1914 tot gevolg gehad.[100]

Sedert die **Tweede Wêreldoorlog** het die rol wat separatistiese bewegings in Europa en elders in die wêreld gespeel het, en nog speel, al hoe beduidender geword. Die aspirasies van volke soos die Vlaminge, die Baske, die Bretoene, Kroate en Kataloniërs is welbekend. In 'n mindere mate geld ook die aspirasies van volksdele soos die Iere, Wallisers en Skotte.

So was die **Vlaminge** se groot stryd juis die taalhindernis wat tussen hulle en die Franse in België gestaan het. Cobban skryf: "*It is embodied in a linguistic frontier that has changed hardly at all for over a thousand years.*"[101] Die Vlaminge sou egter ook ekonomies agterraak by die res van België. Na die Tweede Wêreldoorlog sou die Vlaamse deel van die bevolking egter baie sterk groei en het nie meer as die agterlike deel van die bevolking bekend gestaan nie. Die Vlaminge word dus meer en meer bewus van hul eie nasionalisme wat deur die eeue net sterker geword het, en hulle streef bewustelik *na 'n eie staatsbestel.*[102]

Die **Baske** se ganse bestaan staan in die teken van stryd en vryheid tesame met die sterk gevoel vir eie identiteit. Na bewering is die Baske die oudste volk in Europa.[103] Hulle word aangetref in die Iberiese Skiereiland en is vandag 'n volk van ongeveer 1,75 miljoen waarvan ongeveer 1,5 miljoen in Noordwes-Spanje en die res in Suid-Frankryk woon. In Spanje maak die Baske ongeveer 5% van die totale bevolking van 33 miljoen uit.[104]

99. *Ibid.*, p. 417.

100. Grant, A.J., *Outlines of European History*, p. 410.

101. Cobban, A., *op.cit.*, p. 253.

102. *Ibid.*

103. Kyk Swart, A., "Baske – Oudste volk?", p. 5.

104. *Ibid.*

In Spanje bewoon die Baske die noordelike hoek van die land, dit wil sê aan weerskante van die Pireneë-gebergte. Spanje het aanvanklik uit drie streke bestaan naamlik Portugal, Castilië en Katalonië. Na veel stryd het Portugal hom in 1640 deur sesessie van Spanje losgemaak en in 1668 formele onafhanklikheid verkry. Die Baske kon dit egter nie verkry nie, en vir eeue al voer hulle 'n stryd om selfbeskikking. Spanje wil egter nie toegee nie. In 1932 is die Baske outonomie aangebied, dog verloor dit weer in 1937 onder die hand van genl. Franco.[105] Franco het hulle beskuldig van dislojaliteit teenoor die Spaanse Republiek wat in 1931 tot stand gekom het.

Onder genl. Franco is die Baske brutaal onderdruk. Heiberg skryf: "*The repression of the nationalists in particular and the Basques in general suffered under the Franco regime was brutal. Thousands were imprisoned or forced into exile. Many were executed. Under the force of the Franco regime Basque nationalism was paralyzed into dormancy.*"[106]

Dit was onder hierdie omstandighede dat die **Baskiese Separatiste Beweging**, (die **ETA**) in 1959 tot stand gekom het. **ETA** staan vir **Euzkadi Ta Azkatazum**, wat dui op, "*Baskiese Tuisland en Vryheid.*"[107] Hierdie versetbeweging is gedwing om geweldadig op te tree. Dit was die enigste manier om die Baske se aansprake op 'n eie soewereine staat onder die aandag van die wêreld te bring. Dit is veral die radikale middelklas studente wat vir hierdie Baskiese volkstrewe veg. Die eind-ideaal van die Baske is die stigting van 'n eie staat, **Euzkadi**, en dit beoog hulle deur die vereniging van die Baskiese provinsies Vizcaya, Guipuzcoa, Alava en 'n deel van Navarre, sowel as die Bask-sprekende deel aan die Franse kant van die Pireneë.[108]

Heiberg skryf dat die Baskiese ideologie van twee fundamentele veronderstellings uitgaan:

"1. *The Basques and, therefore, the Basque country, constitute a sovereign nation.*

---

105. *Ibid.*

106. Kyk Heiberg, M., "Basques, Anti-Basques and the moral community", soos aangehaal in Grillo, R.D. (ed.), "*Nation" and "State" in Europe: Anthropological Perspectives*, p. 56.

107. Seton-Watson, H., *Nation and States: An Inquiry into the Origins of Nations and the Politics of Nationalism*, p. 60.

108. Swart, A., *op.cit.*, p. 59.

2. *By natural right, this Basque nation must be governed solely by Basques for the sole benefit of Basques.*"[109]

Ekonomies voel die Baske ook verontreg deurdat hulle van mening is dat die rykdomme wat hulle bydra tot die staatskas, verbruik en misbruik word deur die *minder produktiewe* deel van die bevolking naamlik die Castilliërs. Seton-Watson skryf: "*Catalans and Basques felt that the wealth which they were producing was being consumed by the less industrious and enterprising Castillians, and that while they made the economy work, the Castillians were getting better jobs in government and armed forces, and the best opportunities for education and careers were going to Castillian children.*"[110]

Daar is egter nog heelwat Baske wat hulle déél van die Spaanse nasie voel. Na hulle mening kan hulle Baske wees, dog ook goeie Spanjaarde. Spanje (**Las Espanas**) is vir hulle die naam van die staat.[111] Één ding staan egter vas, en dit is dat die *nasionalisme* onder die Baske baie sterk is, en dat hulle bereid is om tot die dood toe te veg vir hulle soewereine onafhanklikheid.

Die geskiedenis van die **Bretoene** vertel net so 'n interessante verhaal van die strewe van 'n volk na onafhanklikheid en outonomie. Die Bretoene het ook 'n eeue-oue geskiedenis wat dateer uit die jaar 470 n.C. Na selfbeskikking in die jaar 1489, sou die Bretoene, onder groot druk van die Franse, toestem om gedeeltelik af te sien van die onafhanklikheid van Bretagne.[112] Hierdie stap is egter gedoen met die sterkste versekering dat Bretagne 'n gelykberegtigde aandeel in die Franse Ryk sou hê en nie 'n onderworpe deel sou uitmaak nie. Die Bretoense parlement in die hoofstad Rennes, sou sy wetgewende regte behou en die regte van die Bretoense kerk sou nie aangetas word nie. Geen Bretoen sou ook militêre diens buite Bretagne hoef te doen nie. Die posisie van Bretagne sou ook nie verander kon word sonder die toestemming van die Bretoene nie.[113]

---

109. Kyk Heiberg, M., in *op.cit.*, p. 53.

110. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 59.

111. Interessant is dat die woord "*Las Espanas*" op 'n meervoudsvorm dui, en dat die woord eerder 'n soort geografiese as nasionale term is. Dit herinner sterk aan Suid-Afrika wat ook maar 'n streeks- of geografiese term is.

112. Redaksioneel, "Vir volk en vryheid: Die geskiedenis van die Bretoene", in **Oranje-Perspektief**, September 1986, p. 10.

113. *Ibid.*, p. 10.

Soos dit die geval egter met talle ander klein volkies was, het hierdie beloftes niks beteken nie, en een vir een daarvan is verbreek. Reeds in die jaar 1589 breek die eerste Bretoense opstand teen die Franse uit. Die **Graaf van Mercour** verenig die hele Bretoense volk in die stryd om onafhanklikheid, dog die opstand word onderdruk. In 1675 en 1676 was daar weer 'n opstand, dog dit is weer bloedig onderdruk. In 1719 lei die **Markies de Poltkallek** weer die Bretoene tot opstand. Tydens die **Franse Revolusie** en later ook in die agtiende en negentiende eeue was daar opstande. Dit is dus duidelik dat die Bretoense volk nie in sy onderhorige posisie sou berus nie. Deur gedwonge mobilisasie het meer as 240 000 Bretoense soldate tydens die **Eerste Wêreldoorlog** gesneuwel. Baie is gefusilleer omdat hulle nie gereageer het op oproepinstruksies nie. Die rede: *Baie kon Frans nie verstaan nie!*[114]

Die Bretoense vryheidstryd is oor 'n wye front gevoer. Die Bretoense taal, deel van die Keltiese taalfamilie, is sterk deur die Franse "*kulturele imperialisme*" getref. Frans het die Bretoense taal totaal oorheers in skole waar net Frans aangebied is. As gevolg van taalonderdrukking het talle Bretoene uit Frankryk geëmigreer. Ironies genoeg is Parys die grootste Bretoense stad.[115] Tot so onlangs as 1968 het die Franse 'n wet aangeneem wat dit onwettig maak om Bretoense voorname te hê. So 'n persoon kon nie 'n paspoort of rybewys verkry nie en geen welsynshulp het vir hulle bestaan nie. Binne die Franse eenheidstaat blyk daar geen toekoms vir die Bretoense taal te wees nie. Trouens, alle pogings om die posisie van die Bretoense volk op konstitusionele wyse te verbeter het misluk. Vir baie Bretoene het daar dus net een alternatief oorgebly, naamlik geweld. In 1966 is die **Bretoense Bevrydingsfront** gestig. Hulle sou begin met 'n program van sabotasie wat nie teen mense gerig was nie. Hulle sou veg vir die nasionale bevryding van die Bretoene, vir hulle identiteit en die reg op selfregering.[116] Hieruit kom daar weer die historiese feit na vore: *Die volk wat vrywillig sy selfbeskikkingsreg prysgee moet verwag om dit nóóit, of dan baie moeilik weer terug te wen!*

Nog 'n vryheidsbewuste volk in Spanje was die **Kataloniers**. Katalonië vorm deel van Spanje aan die noordooskus van die Iberiese Skiereiland. Sy bevolking tel ongeveer 5,5 miljoen en sy hoofstad is Barcelona. Kataloniërs maak ongeveer 20% van die Spaanse bevolking uit.[117]

114. *Ibid.*, p. 11.

115. *Ibid.*

116. *Ibid.*

117. Bruwer, P.F., "Katalaanse nasionalisme", p. 14.

Die Kataloniërs is 'n trotse volk, en by monde van hul leier, Taradellas, sê hulle: "*Moet Katalonië asseblief nie beledigend beskryf as 'n provinsie of 'n streek nie. Ons is 'n eie volk en nasionaliteit.*"[118] Volgens Taradellas is daar in die Spaanse staat (**Las Espanas**) slegs twee volke wat aanspraak kan maak op verreikende selfregering, en dit is die Kataloniërs en die Baske.

Die Kataloniërs vorm reeds sedert die Middeleeue 'n eie identiteit met 'n eie taal, alhoewel hulle verdeel is tussen die noordooste van Spanje en die suide van Frankryk. Die Franse Kataloniërs is grootliks geabsorbeer in die Franse volk, dog die Spaanse Kataloniërs het talle van hulle afsonderlike instellings en tradisies bewaar. Cobban wys daarop dat dit eers na die **Spaanse Oorlog** was dat Filips IV begin het om die Kataloniërs te onderdruk. Dit het in die agtiende eeu sy hoogtepunt bereik. Hy skryf: "*The criminal law of Catalonia, its mercantile law, its separate courts, its money, were abolished, and the Catalan language was excluded from the schools.*"[119]

Soos wat die tyd egter verloop het, het die taal en kultuur van die Kataloniërs herleef. Industriële vooruitgang het veral in Barcelona gefloreer. Die Kataloniërs se volkstrots was van so 'n aard dat hulle voortdurend na selfstandigheid en politieke outonomie gestreef het. Spaanse sentrisme het egter in hul weg gestaan, en in 1909 het 175 Kataloniërs hul lewens verloor in die stryd met die Spaanse leër. In 1914 is daar 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens die Katalaanse provinsie kulturele en politieke selfbeskikking toegestaan is. In 1925 is dit egter weer opgehef. Die Spaanse staatshoof, Primo de Rivera, het maatreëls aangekondig wat die bevordering van die Katalaanse taal en kultuur aan bande sou lê. In 1932 het Katalonië weer sy eie wetgewing en administrasie verwerf asook kontrole oor sy opvoeding en onderwys en gelykberegtiging tussen die Kataloniese taal en Spaans. Bruwer toon aan dat Katalonië selfs op 12 April 1931 'n onafhanklike Republiek uitgeroep het, dog in 1936 het die Spaanse burgeroorlog uitgebreek en het hulle weer hulle regte verloor. Na genl. Franco se oorname van Spanje het 250 000 Kataloniërs Spanje verlaat.[120] Die Kataloniërs voer tot en met vandag nog 'n hewige stryd om selfbeskikking, en Cobban is van mening dat die onderwerping van die Kataloniërs nie permanent sal wees nie.[121] Wat die Kataloniërs

118. *Ibid.*

119. Cobban, A., *op.cit.*, p. 251.

120. Bruwer, P.F., "Katalaanse nasionalisme", p. 15.

121. Cobban, A., *op.cit.*, p. 252.

wil hê is 'n eie staat, 'n **Katalaanse volkstaat**, waarin hulle soewerein oor hulleself regeer.

Bekende state wat deur werklike partisie tot stand gekom het was lande soos die Skandinawiese lande, Israel, Ciprus en Indië. **Skandinawië**, wat tog bestaan uit 'n redelik homogene groep mense wat taal en kultuur betref, is georganiseer en gepartisioneer in drie state, 'n proses wat hom reeds in die vroeë jare van die twaalfde eeu n.C. voltooi het. Seton-Watson merk op dat: "*Each of the three was pulled by geographical forces in different directions.*"[122] Gedurende die veertiende en vyftiende eeue het kontrasterende magte meegewerk vir en teen die unifikasie van die Skandinawiese Koninkryke. Noorweë en Swede het in 1319 onder een heerser te staan gekom, dog is weer geskei in 1363. 'n Toenemende bewuswording van hulle verskille het meegebring dat nie een bereid was om onder die ander te dien nie. So was Denemarke se inval in Swede in 1518 nie geslaagd nie omdat die Swede Denemarke se heerskappy nie sou aanvaar nie.[123] Elke groep het sterk bewus geword van 'n *groeiende nasionale- en volksbewussyn*. In Skandinawië sou daar dus uiteindelik vyf volke totaal onafhanklik van mekaar tot stand kom, te wete die Swede, die Dene, die Noorweërs, die Yslanders en die Finne. Seton-Watson skryf: "*The five were bound by an awareness that they had very similar cultural and social systems, yet they were certainly five nations, not one.*"[124]

Daar is al dikwels in hierdie verhandeling verwys na 'n volk se **historiese**, asook **morele** aanspraak op 'n bepaalde, eie grondgebied waarop hy die reg het om te woon en soewerein oor homself te regeer. Elgar skryf tereg: "*Only on the basis of such a truthful historical perspective can pragmatic questions be approached for negotiation.*"[125] Die ontstaan, bestaan en ontwikkeling van die **Israelse** staat is van besondere betekenis in hierdie verband. Trouens, dit is simptomaties van alle volke regdeur die wêreld wat op historiese gronde aanspraak maak op selfbeskikking. By geleentheid het G. van N. Viljoen juis na Israel verwys wie se strewe na onafhanklikheid, " *'n besieling vir die hele wêreld was.*"[126] Vir die Jode was onafhanklikheid in 'n eie staat van lewensbelang vir die sinvolle voortbestaan van 'n Joodse volk. Robert Lenski skryf: "*Had Israel not been created there would be nothing on the horizon to make*

122. Seton Watson, H., *op.cit.*, p. 67.

123. *Ibid.*, p. 68.

124. *Ibid.*, p. 75.

125. Kyk Elgar, I., "The Jews and Israel", p. 11.

126. Viljoen, G. van N., Toespraak tydens SABRA Jaarvergadering, 1972.

*Jewish identity worth retaining ... It is a cultural center, something which may well be essential to any group's survival in the kinetic world of the future.*"[127]

Die historiese aansprake van die Jode op Palestina word dan ook tereg in die *aanhef tot die mandaat* van die Jode op Palestina genoem. Hierdie historiese aanspraak van die Jode op dié gebied, wat nou al reeds vir ongeveer 3500 jaar bekend staan as **Eretz Israel** - *die land van Israel,*[128] was in die meeste gevalle die dryfkrag agter talle Jode om na Palestina te emigreer.

Stoyanovski het, in 'n poging om 'n vorm van *wettigheid* aan die *historiese* aansprake van 'n volk op 'n bepaalde gebied te verleen, (soos dié van Israel), die volgende gesê:

"*1. The nation which is recognized as having historical connection' with a given territory must have been at one time of its history in possession of that territory.*
*2. It is essential that the people claiming the benefit of 'historical connection' with a given territory should not have previously renounced it, either explicitly or tacitly.*
*3. The people which claims the benefit of 'historical connection' shall not have lost its distinctive national character.*
*4. The people claiming the benefit of 'historical connection' with a given territory shall not have acquired in the meantime any other national territory of its own.*
*5. Such other rights and interests as may have acquired in the meantime shall be safeguarded.*
*6. In order to be valid 'historical connection' is to be internationally recognized.*"[129]

In die lig hiervan skryf Halpern dan ook tereg: "*The Jewish people, like other historic nationalities, has a right to self-determination. The Jews, having been exiled from their ancestral homeland, cannot effectively exercise their right to self-determination until restored to sovereign possession of their country. Ergo, the Jews are entitled to the sovereign possession of Palestine.*"[130] Dat die nasionalistiese Jode Palestina vanaf 1948 weer *Israel* genoem het, is alreeds 'n

127. Kyk Lenski, R.G., "An Israeli dilemma", p. 114.
128. *Ibid.*
129. Stoyanovski, J., *The Mandate for Palestine*, pp. 64-68.
130. Halpern, B., *The Idea of the Jewish State*, p. 320.

bevestiging van 'n historiese feit. Trouens, deur die eeue het die Joodse nasionale bewussyn nooit gekwyn nie. Die heropbou van die Joodse staat Israel was dus vir hulle 'n heilige roeping. Daar het hulle simbole gestaan soos die tempelmuur, Masada en talle ander. Talle heilige oorloë is op Israelse grondgebied gevoer en die land is vele kere deur vreemde oorheersers verower soos die Assiriërs, Egiptenare, Babiloniërs, Perse, Grieke, Romeine, Arabiere, Mongole, Tartare asook Groot-Brittanje in die later jare. Nooit egter het die Jode die reg op hul grondgebied prysgegee nie, ten spyte van die verstrooiing (die *diaspora*). Elgar skryf: "*The survival of the Jewish people through the dark centuries was inextricably linked to their land and to their determination to return ... It is a right grounded in the most ancient and unbroken connection between a people and its religion, culture and land in recorded history.*"[131]

In die meer moderne tyd het die gedagte dat die Jood sy eie tuiste moes hê by talle Joodse leiers na vore gekom. Hier word gedink aan Rabbi Hirsh Kalisher (1795-1874), asook Moses Hess (1812-1875). Ook was dit die anti-Sionisme wat wêreldwyd daartoe bygedra het dat 'n man soos Pinkser gevoel het dat, "*anti Jewish feelings were ineradicable among host nations; that Jews could never win their esteem or friendship by acts or arguments, and that the only solution was for Jews to make themselves masters of their own destiny instead of depending on the goodwill of others. The Jews must find a homeland of their own.*"[132] Aanvanklik het die gedagtes van Pinkser nie veel aftrek gekry nie, en die Jode wat wel daarheen verhuis het, het met groot probleme te kampe gehad. Ten spyte daarvan egter kon hulle hulself handhaaf, hoofsaaklik vanweë die finansiële steun van 'n Franse Joodse Baron, **Edmont de Rothschild.**[133]

Die man wat Sionisme egter as 'n internasionale politieke faktor op die kaart geplaas het was Theodor Herzl (1860-1904). Sy boek, **Der Judenstaat** (1896), het veel bygedra om die aansprake van die Jode onder die wêreld se aandag te bring. Hy het weldeeglik besef dat die anti-Joodse (Sionistiese) gevoel elders nooit blywende vrede en voorspoed vir die Jode kon inhou nie, en dat hulle maar altyd "*gaste*" sal wees in 'n vreemde land. Derhalwe was sy strewe: "*There must be a Jewish* state."[134] Onder Herzl se leiding en inisiatief

131. Kyk Elgar, I., *op.cit.*, p. 12.

132. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 395.

133. *Ibid.*

134. *Ibid.*

is die **Wêreld Sioniste Organisasie** dan ook in 1897 in die lewe geroep. Op hulle eerste kongres is daar ook besluit dat Palestina die Jode se tuiste moet wees.[135]

Uit die aard van die saak was daar heelwat Jode wat geen besondere begeerte geopenbaar het om hulle in die nuwe Joodse staat te vestig nie. Hulle was maar tevrede om in die *gasteland* met die inwoners te integreer en te assimileer. Seton-Watson wys daarop dat hierdie Jode was, soos gestel, *"too busy with their daily lives in the countries of which they were citizens to make much effort to support a long-term political effort on behalf of Zionism ... They had no wish to create a new Jewish nation or a Jewish state: those who had this wish appeared to them a mere nuisance."*[136] Ook Halpern wys daarop dat, *"other than strictly political aims seemed to many to deserve prior attention."*[137]

Met die uitbreek van die **Eerste Wêreldoorlog** was dit veral Chaim Weizmann wat hom beywer het vir die Joodse staat. Sy persoonlike verhouding met Lord Arthur Balfour het meegebring dat Balfour oorgehaal is om die Sioniste se saak te steun. Lqueur wys daarop dat Balfour, *"had the feeling that he was instrumental in righting a wrong of world historical dimensions, quite irrespective of the changing world situation."*[138] Die Balfour-verklaring (1917) was dan ook ontwerp om beide die Joodse nasionalisme as die Britse imperialisme te bevorder. Die Verklaring maak slegs melding van 'n Joodse nasionale "*tuiste*", dit wil sê, 'n tuiste saam met ander nasionaliteite. Dit is gedoen, *"to safeguard the civil and religious rights of all the inhabitants of Palestine irrespective of race and religion."*[139] Niks sou dus gedoen word wat die burgerlike en godsdienstige regte van die bestaande nie-Jode in die gebied sou benadeel nie. *"The legal rights of the Arabs under the mandate was the right to share in the benefits of such expansion,"* aldus Seton-Watson.[140]

---

135. Taylor, A.R., *Prelude to Israel: An analysis of Zionist diplomacy, 1897-1947*, p. 7. Die Britse regering het Uganda voorgestel as 'n moontlike staat vir die Jode, dog die sesde Sioniste Kongres het bloot daarop gereageer deur 'n feitesending na Uganda te stuur. Die agste Sioniste Kongres het egter die gedagte verwerp.

136. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 396.

137. Halpern, B., *op.cit.*, p. 22.

138. Lqueur, W., *A History of Zionism*, 1972, p. 203, soos aangehaal in Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 397.

139. Halpern, B., *op.cit.*, p. 306.

140. *Ibid.*, p. 320.

Ten tye hiervan was daar al ongeveer een miljoen Arabiere in hierdie gebied woonagtig. Hulle het aanspraak gemaak op die héle Palestina. Die gedagte aan 'n grootskaalse nedersetting van Jode in die gebied, en dat Palestina op arbitrêre wyse gekies is as plek vir 'n Joodse nedersetting, was vir hulle totaal onaanvaarbaar. Na hulle mening sou daar 'n historiese onreg teenoor hulle gepleeg word indien Palestina aan die Jode gegee sou word. Elgar wys egter daarop dat: "*The truth is that the place called Palestine was never the ancient homeland of the Arabs who live in Israel and the 'west bank'. Neither in history, nor in international law has 'Palestine' ever being a country, still less an Arab country ... There was never an Arab state in Palestine, there was never a separate Palestinian Arab nation.*"[141] In sy memorandum aan die Britse regering skryf Balfour: "*In Palestine we do not propose even to go through the form of consulting the wishes of the present inhabitants of the country ... Zionism ... is rooted in agelong traditions, in present needs, in future hopes, of far profounder import than the desires of the 700 000 Arabs who now inhabit the ancient land.*"[142] Ook Stoyanovski skryf dat as die Arabiere die reg het op selfbeskikking, "*one fails ... to see why the Jewish people should be deprived of this right.*"[143]

Die dilemma het dus geblyk te wees hoe om almal in die gebied se aansprake te bevredig. Die probleem was dat die mandaat oor Palestina, wat deur die Britte gehou is, die héle Palestina as eenheidstaat gesien het, dit wil sê 'n gebied vir 'n enkele Palestynse gemeenskap. Sureda skryf: "*It cannot be considered as a right given to the Jewish community independently of the Palestine community. The subject of self-determination was the Palestine community, whatever its components, be the Arabs or Jews.*"[144] In 1922 het 'n afvaardiging van die Arabiese leiers die Britse regering in kennis gestel, "*that the people of Palestine could not accept the Balfour Declaration or the mandate, and demanded their national independence.*"[145] Vir die Britte was dit 'n netelige probleem. Die mandaat was immers sterk daarop ingestel om gemeenskaplike gronde te kry waarop beide die Arabiere en die Jode kon funksioneer. 'n Koninklike Kommissie wat verslag moes uitbring het bevind dat,

---

141. Kyk Elgar, I., *op.cit.*, pp. 11-12.

142. Sureda, A.R., *The Evolution of the Right of Self-determination: A Study of United Nations Practice*, p. 125. Kyk sy aanhalings uit dokumente oor die Britse buitelandse beleid 1919-1939, Eerste reeks, Vol. IV, p. 345; Kyk ook pp. 1277-1278.

143. Stoyanovski, J., *op.cit.*, p. 43.

144. Kyk Sureda, A.R., *op.cit.*, pp. 126-127.

145. *Ibid.*, p. 128.

*"the obligations thereby undertaken towards the Arabs and the Jews respectively would not conflict ... it was assumed that the establishment of the National Home would mean a great increase of prosperity for all Palestine ... Arabs would benefit therefore as well as the Jews ... On that account it was assumed that Arab and Jewish prejudices would gradually be overcome."*[146] Hulle wys ook daarop dat: *"The international recognition of the right of the Jews to return to their old homeland did not involve the recognition of the right of the Jews to govern the Arabs in it against their will."*[147]

Intussen het botsings tussen die Arabiere en Jode begin toeneem en in 1936 was daar grootskaalse Arabiese aanvalle op Joodse vestings. Dit het gelei tot die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek onder Lord Peel. Hierdie kommissie het dan ook bevind, *"that there was an irrepressible conflict between the two communities, and proposed a partition of Palestine into a Jewish and Arab state."*[148] Die Britse regering het egter die Peel-verslag verwerp. Sureda wys tereg daarop dat die Britse regering se hoofdoel juis was, *"not to choose between the two national groups, but to try to integrate them politically."*[149] Die Britse regering bring in 1939 'n Witskrif uit waarin hulle enige verkope van grond aan die Jode verbied, en dat vir vyf jaar 'n maksimum van 75 000 Jode toegelaat sou word om na Palestina te emigreer. Daar sou ook 'n *enkele Palestynse staat* tot stand kom met 'n verhouding van 'n kwart Jode en 'n driekwart Arabiere. Vir die Jood was dit 'n bitter pil om te sluk. Sy nasionalisme het immers reëlreg in stryd gestaan met die van die Arabier.[150]

As gevolg van hierdie *inherente* en *basiese* verskille tussen Jood en Arabier, kon die Britse regering nie daarin slaag om 'n basis van samewerking te bewerkstellig nie. In 1942 het David Ben-Gurion die Joodse leierskap oorgeneem en dadelik onbeperkte Joodse immigrasie na Palestina geëis asook dat 'n Joodse staat na die oorlog tot stand sal kom. Die Britte het geweier en 'n toestand van openlike vyandigheid het tussen die Jode en die Britte geheers. Die tuisweermag -- die **Orgun Zvai Leumi** -- het hulle tot gewa-

146. Kyk die verslag van die Koninklike Kommissie, p. 41, soos aangehaal in Sureda, A.R., *op.cit.*, p. 128.
147. *Ibid.*
148. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 400.
149. Kyk Sureda, A.R., *op.cit.*, p. 128.
150. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 400.

pende weerstand gewend. Hierdie stryd het vir ongeveer vier jaar geduur, aldus Seton-Watson.[151]

Die toestand in die Midde-Ooste het akuut geword en die saak is na die VVO verwys vir oplossings en aanpassings tot die bestaande mandaat. Dit het die VVO met die dilemma gelaat oor watter soort regering daar in Palestina tot stand moet kom. Beide die VSA en die USSR het die gedagte aan 'n eie Joodse staat voorgestaan. Ook die Britte is tot sover gebring dat hulle uiteindelik daartoe ingestem het dat, sodra die Britse mandaat sou verval in Mei 1948, die Britse magte hulle aan Palestina sou onttrek.[152]

Om die saak te bespoedig is 'n spesiale kommissie naamlik die **United Nations Special Committee on Palestine (UNSCOP)** saamgestel. Hulle aanbeveling (vervat in *Resolusie* 181 (II) op 29.11.47), was dan ook dat die mandaat beëindig moes word en dat deur *partisie* die Jode en die Arabiere elkeen die meerderheid kon vorm in 'n *eie gebied* wat afsonderlik aan hulle toegewys sal word. Jerusalem sou die internasionale setel wees. Sureda verwys dan ook na hierdie *Resolusie* as die veelgeroemde, *plan vir partisie met ekonomiese unie*.[153] Hy skryf ook: "*The General Assembly, having recognized Israel and proposed partition, thus abandoned the basic assumption behind the mandate that there existed* one *Palestine,* one *country. Realistically, the Assembly recognized that there were* two *and addressed itself to the problem of partition of the territory.*"[154] Waarskynlik was die VVO bevoeg, onder Artikel 10 van die *Handves van die VVO*, om so 'n besluit te neem. Die Jode het hierdie beslissing aanvaar dog die Arabiere het dit verwerp. Geweld het weereens uitgebreek en die Jordaniërs het die hele Wesbank ingeneem, wat inderwaarheid 'n onwettige besetting was. Eers in 1967, met die **Sesdaagse Oorlog**, sou die Israeli's hulle daaruit verdryf.

Met die onttrekking van die Britse magte op 14 Mei 1948 is die **staat Israel** geproklameer. Die Palestynse Arabiere was steeds 'n faktor en die Jode het met reg 'n grootskaalse inval van die Arabiese buurstate gevrees. Hierdie vrese dat Israel ingeval en vernietig sou word is egter nie bewaarheid nie, en

---

151. *Ibid.*, p. 401.

152. *Ibid.*

153. Kyk Sureda, A.R., *op.cit.*, p. 37.

154. *Ibid.*, p. 131.

op 24 Februarie 1949 is selfs 'n wapenstilstand met Egipte aangekondig, opgevolg deur ooreenkomste met Trans-Jordanië, Libanon en Sirië.[155]

Omdat die jong staat onderbevolk was deur Jode, was hulle eerste uitgangspunt om meer immigrante daarheen te trek. Dit het meegebring dat daar teen 1970 meer as 1,3 miljoen Jode daarheen verhuis het. Teen 1972 was daar reeds ongeveer 20% van die wêreld se Jode in Israel gevestig.[156] Die nuwe staat Israel het meegehelp daartoe dat die Joodse **volksnasionalisme** sterk gegroei het. Intern was daar die samesnoering teen 'n gemeenskaplike vyand naamlik die Arabiere. *Hebreeus* het die taal van die ekonomie, die akademie en die staat geword en die diepe *godsdienssin* van die Jode kon in hul eeu-oue staat tot uiting kom.

Dit is insiggewend dat die Palestynse Arabiere nooit 'n spesifieke sosiopolitieke of kulturele identiteit binne die Joodse gebied geopenbaar het nie.[157] Die afwesigheid van 'n duidelike Palestyns-Arabiese selfbewussyn is weerspieël in die wyse waarop ongeveer 'n halfmiljoen Arabiere hul wonings summier opgegee en in 1948-1949 weggetrek het na hul eie "*moederlande*". Ironies genoeg is dit die Joodse ekonomiese voorspoed en snelle ontwikkeling op talle ander gebiede wat verantwoordelik is daarvoor dat talle Arabiere na Israel terugkeer. Elgar skryf: "*They sought to reap the benefits of Jewish development and they got them: vastly higher standards of health, income, housing, education, literacy and basic human rights -- vastly more than those enjoyed by the population of any Arab country then and now.*"[158]

Onder die hand van die Jode het die staat Israel baie welvarend geword en lewer 'n besondere bydrae tot die wêreldekonomie. Hulle neem 'n waardige plek in, in die statery van volke. In 1988 het Israel sy veertigste bestaansjaar gevier. Ongelukkig beleef die staat heelwat onrus die afgelope aantal jare as daar gedink word aan sy stryd met Libanon, Sirië, Jordanië, Egipte en Libië. Om hulle probleme te vererger is hulle tans gewikkel in ernstige probleme en konflik met die Arabiere op die Wesoewer en die Gaza-strook. Israel verkeer in die onbenydenswaardige posisie dat hy vandag 'n Palestyns-Arabiese bevolking van meer as 2 miljoen moet beheer.[159]

---

155. *Ibid.*, p. 132.

156. *Ibid.*

157. Kyk Elgar, I., *op.cit.*, p. 26.

158. *Ibid.*

159. Arkin, M., "The thin green line between Arab and Jew", in **Sunday Times**, 17 April 1988.

Op 15 November 1988 het die Palestyne op die Wes-oewer van die Jordaan en in die Gaza-strook, hulself as onafhanklike Palestynse staat verklaar met Yasser Arafat as president. Die sowat 2 miljoen Palestyne pas alle vorme van druk toe om Israel te beweeg om hul onafhanklikheid te erken. 'n Palestynse leier, Faisal Al-Husseini, sê: "*The struggle will be longer, the price will be higher. The result is the same – a Palestinian state.*"[160]

Israel kan kwalik die verowerde gebiede terugbesorg wat hy in 1967 verower het, want dit sou hom laat met uiters kwesbare grense. Oor hierdie situasie skryf Arkin tereg: "*Within the dusty archives of the United Nations lie buried resolutions which call unequivocally for the recognition of Israel's right to exist within secure borders. Until her neighbors clearly demonstrate a willingness to accept this principle, those who govern the Jewish State have little option but to hold on to the lands beyond the 1967 'green line'. You don't allow someone to take over your backyard if you suspect he intends to destroy you.*"[161]

Katzew, 'n Jood uit Suid-Afrika, besef ook weldeeglik die noodsaaklikheid van die afsonderlike ontwikkeling van volke en gemeenskappe in Suid-Afrika. Hy skryf: "*I look upon apartheid as your technique to ensure survival. It is our (*die Jode - JdV*) technique, too .... If ever there was, and is, a people practising apartheid with artistry it is my people. Israel is the latest and most concrete expression of the Jewish practica of apartheid. In recent decades we found ourselves in danger of spiritual and physical destruction if we persisted in living in a dispersal without a spiritual center, and we began 'the gathering-in' in Israel. Our 'gathering-in' differs only in degree from your 'each to his own group' and area.*"[162] Vir hom is dit belangrik dat die strewe na eie afsonderlikheid van *binne-uit die mens en volk self* moet kom. Hy skryf: "*The only apartheid that is of true coinage – and therefore lasting – is the apartheid*

---

160. Kyk **The Citizen**, 14.11.89.

161. *Ibid.* Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, word die dubbele standaarde, teen die voorafgaande agtergrond beoordeel, ten opsigte van die vrymaking van volke nie altyd begryp nie. Geen wonder dat mnr. P.W. Botha by geleentheid gesê het: "It is very interesting that people who want a Palestinian homeland, don't accept that principle in South Africa. They tell the Israelis, 'Unless you agree to such a homeland you will be destroyed'. Simultaneously they tell us we mustn't set up homelands or we will be destroyed. And we say what the Israelis say – we will survive and fight if needs be." Kyk Starcke, A., *Survival*, p. 60.

162. Katzew, H. in 'n brief aan **Dagbreek**, 9 Januarie 1955.

*that comes from your own spirit."*[163] Katzew dring by die Afrikaner daarop aan om, terwyl hy nog die mag in die hand het, *"to redraw our map, creating with-in Southern Africa: exclusively black areas; mixed areas for white and black too late for sorting out; and an exclusively white land."*[164]

'n Land soos **Indië** staan ook uit as 'n tipiese voorbeeld van waar territoriale skeiding (deur partisie), 'n hewige oorlog en veel stryd voorkom het. Die bevolking van Indië word gekenmerk deur sy heterogene samestelling en veelheid van gemeenskappe. Tagore skryf: *"India is too vast in its area and too diverse in its races ... It is many countries packed into one geographical area."*[165] In Indië was dit veral godsdiensverskille wat die groot probleme veroorsaak het. Dit was 'n stryd tussen Hindu en Moslem. Veral die groei van die Moslem het uiteindelik daartoe gelei dat die eis van die groepe na eie state sterk na vore getree het. Die groot Moslemleier, Mohammed Ali Jinnah, het reeds sedert 1940 'n eie tuisland vir die Moslems bepleit. In 1942 is die besluit toe aanvaar, *"to asserted the right of 100 million Moslems in India to establish sovereign states in zones which are their homelands and where they are in the majority."*[166] Op hierdie wyse het **Pakistan** 'n onafhanklike Moslemstaat geword.

Onder die Hindugroepe in Indië bestaan daar egter ernstige verdeeldheid. 'n Hewige stryd word gevoer tussen die Sikhs en die Indiese regering. Die Sikhs maak aanspraak op onafhanklikheid in 'n eie staat met die naam **Khalistan** in die noordelike provinsie **Pandjab.** Omdat die Sikhs nie resultate kry deur vreedsame onderhandelinge nie, wend hulle hul tot geweld.[167] Die Sikhs probeer om van hulle mense wat elders woon daarheen te trek, en andersyds om nie-Sikhs wat nog in Pandjab woon, daar te laat wegtrek. Cobban som die situasie op deur te sê: *"The only lasting solution is (their) transfer."*[168] 'n Onafhanklike Pandjab-streek kan die ware oplossing bied en sodoende kan dalk duisende lewens gespaar bly. 'n Burgeroorlog in Indië kan verwoestende gevolge hê.

163. *Ibid.*
164. *Ibid.*
165. Kyk Tagore, R., *Nationalism*, soos aangehaal in Cobban, A., *op.cit.*, p. 223.
166. *Ibid.*, p. 224.
167. Kyk Die Volksblad, 9 Julie 1987.
168. Cobban, A., *op.cit.*, p. 227.

Selfs groot moondhede soos die USSR, VSA en Kanada kan, wat hul interne aangeleenthede betref, nie vir altyd die aansprake van baie van hulle inwoners ignoreer nie. Seton-Watson wys daarop dat in **Kanada**, "*separation now became an important political force*."[169] Die stryd word naamlik gevoer tussen die Engelse en die Franse wat daar woon. Volgens berekening vorm die Franse ongeveer 25% van die Kanadese bevolking. Die Engelssprekende Kanadese staan daarop dat daar net één Kanadese nasie is. Trouens, wat hulself betref het hulle reeds hierdie Kanadese nasie met hulleself geïdentifiseer. Die Franse is gesien as 'n volk met 'n laer status. "*This the French-speaking Canadians refused to accept*", sê Seton-Watson.[170] Geen wonder dat die gedagte by die Franssprekendes van Kanada ontstaan het om 'n staat vir hulleself te skep nie. Die verhouding tussen die Franse, die Engelse asook aangrensende Amerika was baie gekompliseerd. Die Franse het **Quebec** gesien as die gebied waarin hulle onafhanklik kan wees. Pres. de Gaulle se besoek aan Montreal in 1967 met die woorde: "*Vive le Quebec! Vive le Quebec libre*!", (Lewe Quebec! Lewe 'n vrye Quebec!), het die nasionale gevoel sterk aangewakker. Die Franse het sover gegaan as om 'n politieke party in die verkiesing van 1970 te stoot. Hulle het 24% van die stemme op hulle getrek in die provinsiale verkiesing in Quebec, met sy 6 000 000 inwoners.[171]

In 1976 het die **Parti Quebecois** van mnr. René Levesque in Quebec aan bewind gekom. Hy het hom beywer om hierdie deelstaat onafhanklik van Kanada te maak.[172] In die referendum van 1980 het 'n groter meerderheid kiesers hulle egter teen onafhanklikheid uitgespreek. In sy afskeidsboodskap (1985) het mnr. Levesque betekenisvol opgemerk dat as Quebec ooit onafhanklik word, dit die werk van die nuwe geslag sal moet wees.[173] In 1987 is die spanning grotendeels gebreek met die sogenaamde **Meech Lake-ooreenkoms.** Dit was 'n ooreenkoms tussen die sentrale en die provinsiale regerings om die 1983-grondwet formeel te aanvaar. Daardeur is ekstra bevoegdheid aan Quebec toegeken, onder meer 'n erkenning van die provinsie as afsonderlike gemeenskap.

---

169. Seton-Watson, H., *op.cit.*, p. 228.

170. *Ibid.*, p. 230. Sien ook "Vrye Quebec of nie, Kanada sit met 'n yslike kopseer", **Rapport**, 10.06.90.

171. *Ibid.*, p. 229.

172. **Die Volksblad**, 5 September 1985.

173. *Ibid.*

Na die oorwinning van die **Liberale Party** in 1985 was baie mense van mening dat die Quebecse nasionalisme en separatisme aan die verdwyn was, dog onder die nuwe leier, Jacques Parizeau, het die **Parti Quebecois** getoon dat hy steeds 'n Party is om mee rekening te hou. In die onlangse verkiesing het die Party 40,2% van die stemme op hom verenig teenoor die 49,9% van die **Liberale Party**. Parizeau verklaar na die verkiesing: "*Hulle het gesê die idee van soewereiniteit is dood. Dit is nie dood nie, dis springlewendig.*"[174]

'n Groot moondheid soos die **USSR** sou ook nie die interne strewe by talle van sy inwoners na 'n eie staat, onder eie regering, kon vryspring nie. Trouens, na berig word het mnr. Mikhail Gorbatjof, huidige leier van die Sowet-Unie, in Junie 1986 aan 'n groep besoekende Amerikaanse Kongreslede gesê dat die Sowjet-Unie bestaan uit outonome republieke gegrond op *etnisiteit* en *kultuur*, insluitende streke vir minderheidsgroepe soos die Tartare en die Jode. Mnr. Gorbatsjof sou gesê het dat die VSA sy rasseprobleme sou kon oplos deur aparte state vir Swartes en minderheidsgroepe daar te stel.[175]

Met bostaande in gedagte en met die eerste oogopslag, wanneer daar gekyk word na die ingewikkelde etniese samestelling binne die Sowjet-Unie, wil dit voorkom asof die Sowjet-staat die indruk wil skep dat daar van die begin af gepoog is om 'n multi-nasionale staat daar te stel waarbinne die verskillende volke elk 'n plek sou vind binne die groter geheel. Agter hierdie propaganda-fasade lê egter die ware Russiese politiek. Dr. Jan du Plessis, bekende Sowjetoloog, skryf: "*Die hoofoogmerk van Moskou was nog altyd gewees om die hele bevolking, ongeag nasionaliteit, Sowjet-burgers of Russe te maak, wat Russies dink en Russies praat. Dit is dus 'n beleid van kulturele assimilasie wat gevolg word: die ander etniese groepe moet stelselmatig van hul eie kultuur ontneem word en 'n Russiese kultuur aanvaar. Die Russe is in der waarheid besig om 'n beleid van kulturele volksmoord toe te pas.*"[176] Dit is eintlik ironies dat die Sowjet-Unie in 1917 onmiddellik die regte van alle volke erken het. Dit word treffend weerspieël in die "**Deklarasie van regte van volke**" wat in November 1917 uitgevaardig is en wat bepaal het dat alle volke wat woonagtig was in gebiede wat voorheen aan die Tsaristiese ryk behoort het, nou gelyk en soewerein was. Daarmee het hulle die reg verkry

174. Kyk "Quebec: Separatisme weer 'n faktor", in **Oranje-Perspektief**, September/Oktober 1989, p. 23.

175. Kyk **Patriot**, 18 September 1986.

176. Du Plessis, J., *Kommunistiese vrede of Christelike stryd*, p. 24.

om hulself af te skei van Rusland en hul eie onafhanklike state te stig. As uitvloeisel hiervan het vele volke hulself onafhanklik verklaar en selfbeskikking nagestreef. So is lande soos Wit-Rusland, Azerbaidjan, Georgië, Armenië, die Baltiese republieke en die Oekraïne deur die internasionale gemeenskap erken en is daar internasionale verdrae gesluit, selfs met Rusland!

Hierdie vryheid van die Oos-Europese volke was egter van korte duur. Rusland het hulle een na die ander ingeval en van hul vryheid beroof. In die teorie wou dit dus voorkom asof die Sowjet-Unie binne staatsverband plek wou maak vir al die verskillende etniese groepe, dog in die praktyk is 'n beleid gevolg van, soos Du Plessis sê, "*Russifikasie*".[177] Die volkereverskeidenheid moes beskou word as 'n oorgangsfase wat later noodwendig sou opgaan in 'n *sosialistiese eenvormigheid*. Marxistiese-Leninisme het van die begin af geleer dat etnisiteit en etniese konflikte 'n uitvloeisel is van die kapitalisme en imperialisme, en, "*would wither away once the working class took power and all races lived together as brothers and sisters*."[178] Ook volgens Gail Lapidus van die Universiteit van Kalifornië, het Lenin 'n stelsel geskep wat die *simbole van volkskap* aan 'n aantal volke in Rusland daargestel het, dog wat 'n gesentraliseerde party-beleid op hulle afgedwing het. Sy sê: "*A fundamental tension was thus build into the Soviet system from its very origins*."[179]

Hoe dit ook al sy, die Sowjet-Unie het nie 'n trotse rekord wat die onafhanklikheidstrewe van baie van sy inwoners betref nie. Die tipiese voorbeelde wat hier geld is Armenië en die Oekraïne. In **Armenië** is daar op die oomblik ernstige etniese geweld aan die gang.[180] Die nagenoeg 5,5 miljoen inwoners met hul eeue-oue taal, kultuur, kerk en skrif, se nasionale aspirasies word nie bevredig nie. Die Armeense Ortodokse Kerk het 'n belangrike fokuspunt geword van die Armeense nasionalisme. Dat die Armeense volk, ondanks alle vervolging, steeds bestaan, "*is amper 'n wonderwerk*."[181] Dit wil voorkom asof die Kremlinleiers deelstaatregte aan die Armeniërs toegestaan het, alhoewel binne perke.

---

177. *Ibid.*

178. Kyk **The Citizen**, 10.11.89.

179. *Ibid.*

180. **Die Volksblad**, 7 Maart 1988.

181. *Ibid.*

Die **Oekraïne** is die tweede grootste Slawiese volk ter wêreld, dog beskik glad nie oor onafhanklikheid nie. Bruwer skryf: "*Hulle is inderdaad die grootste nasionale minderheid in die Sowjet-Unie*."[182] Deur die jare het die Oekraïners swaar gely onder die Russe asook die Duitsers. Die nasionalisme en strewe na vryheid onder die Oekraïners is sterker as ooit. In 1979 word die volgende vlugskrif versprei:

> *Aan alle Oekraïners, en die strydende Oekraïnse jeug, 325 jaar van Russiese onderdrukking kon nie ons vryheidsvlam blus nie. Die dapperste onder ons offer steeds hul lewens sodat ons nageslag in vryheid kan lewe in die land van ons vaders. Versterk hierdie strewe na 'n onafhanklike demokratiese staat vir alle Oekraïners; 'n staat ryk aan geestelike en materiële skatte.*
>
> *O jeug van Oekraïne, bestudeer die geskiedenis van julle land en volk, luister na die stemme van ons helde. Verenig julle in die stryd vir onafhanklikheid. Verdedig jou moedertaal en beskerm die regte van jou volk*."[183]

Die vryheidstryd van die **Baltiese republieke**, *Estland*, *Letland* en *Lataue*, is bekend. Hulle het lank reeds 'n tradisie van 'n eie identiteitsgevoel en eis nou hul soewereiniteit op. **Die Volksblad** skryf tereg: "*Nog nooit is die wydverspreide steun vir die nasionale gevoelens van die onderhorige volke so duidelik bewys soos nou nie .... Tot 2 miljoen mense was verlede week op die been in Estland, Letland en Lataue om te protesteer teen die geweldadige anneksasie van die republieke vyftig jaar gelede*."[184]

Ook die **Duitssprekende Russe** het op 'n nuuskonferensie aangedring op die herinstelling van hul eie selfregerende, onafhanklike republiek wat afgeskaf is kort na die Duitsers se inval in Rusland in 1941. Dié oproep is gedoen na die stigtingskongres vir 'n nuwe Duitse gemeenskap in Moskou, na soortgelyke optredes deur ander Russiese bevolkingsgroepe vir die herrangskik-

182. Bruwer, P.F., "Vir volk en vryheid", p. 14.
183. 'n Vertaling soos aangehaal in *Ibid.*, p. 15.
184. Kyk "Gevaarligte", in Die Volksblad, 29.08.89.

king van internasionale grenslyne om hul eie kultuur en identiteit te behou. Daar is sowat 2 miljoen mense van Duitse afkoms in die Sowjet-Unie.[185]

Uit dramatiese gebeure in November 1989 in **Oos-Duitsland**, waar onder andere die sogenaamde "*skandmuur*" in Berlyn platgeslaan is en derduisende Oos-Duitsers na die Weste toe vlug, blyk dit dat die Kommunistiese gesag besig is om te verkrummel agter die "*ystergordyn*". Dit wil voorkom asof alles daartoe lei dat die etnisiteit van hierdie volke in der mate baie versterk word. Onder die opskrif, "*East bloc could splinter over ethnic rivalries*", skryf Patrick Wornsnip dat die Oos-Duitse krisis daartoe aanleiding kan gee dat Duitse re-unifikasie bevorder en versnel kan word. Vir veertig jaar is hierdie gevoel onderdruk, dog dit dwing al hoe meer na die oppervlak. Oos-Europa veral bestaan uit dosyne volke wat binne grense woon wat arbitrêr vasgestel is na die Eerste en Tweede Wêreldoorloë.[186]

Die Sowjet-Unie sit vandag met die wesenlike probleem dat indien hulle nie daarin sou slaag om die etnies-kulturele herlewing van die verskillende volke in Rusland doeltreffend die hoof te bied nie, kan dit hul eie posisie as volk in gedrang bring. Ironies genoeg kan die Russe self mettertyd 'n minderheidsgroep in hul eie land word. **Die Volksblad** skryf: "*Die eise van die nasionaliste word al hoe sterker. Totale onafhanklikheid word geëis ... Dit is 'n ope vraag of die Kremlin weer die nasionalisme hok sal kan slaan as die druk te sterk word.*"[187]

Die Weste, en in besonder Suid-Afrika, kan maar weldeeglik kennis neem van die gebeure in Oos-Europa. Jonathan Eyal van die **Britain's Royal United Sevices Institute**, wys daarop dat, "*the West has shown too cautious an attitude to the ethnic problem in Eastern Europe. There is some reluctance to mention it -- it would involve the West being sucked much more into East European problems. Western Europe assumes that as long as there is democracy, all will be well. It won't!*"[188] Du Plessis waarsku ook tereg: "*Russiese ekspansionisme deur die hele Oos-Europa was gekenmerk deur twee faktore. Die eerste was Russiese oneerlikheid. By meer as een geleentheid het die Russe laat blyk dat hulle bereid was om in vrede en vriendskap met buurstate saam te leef, wat dan onmiddellik daarna opgevolg is deur intervensie.*

185. Kyk **Die Volksblad**, 01.04.89.

186. Kyk **The Citizen**, 10.11.89.

187. **Die Volksblad**, 29.08.89.

188. **The Citizen**, 10.11.89.

*Daaruit is 'n dure les vir die Weste te leer en dit is dat die Russe tot vandag toe hulle nie hou by 'n ooreenkoms of 'n verdrag as dit hulle nie pas nie."*[189] Dit kom dus in die praktyk daarop neer dat as die Russe een ding sê, bedoel hulle totaal iets anders; as die Russe vrede praat, bedoel hulle oorlog. Na ons mening is die hele gedagte agter *perestroika* en *glasnost* 'n besondere tipe van klassestryd in die internasionale arena. Hulle speel die spel soos dit hulle pas. Die Chinese spreekwoord lui tereg: *Wanneer jy op jou sterkste is, veins swakheid.* Du Plessis sê van die kommunisme dat hulle probeer in werklikheid, *"om op elke faset van die Christendom 'n plaasvervanger aan die mens te bied."*[190]

Die **Verenigde State van Amerika** vertoon in sy samestelling 'n komplekse verskeidenheid van inwoners. Onder die invloed van die liberalisme het hulle die sg. *"melting-pot"*-beginsel aanvaar waardeur alle Amerikaners eenvoudig op individualistiese basis bymekaar gegooi en vermeng is. Bruwer skryf: *"Hierdie liberalistiese idee moes daartoe meehelp dat die hoogste mate van menslike geluk verwesenlik moes word, want die beste uit elke kultuur en etniese groep sou die nuwe nasie en kultuur vorm."*[191] Aanvanklik het dit gelyk asof die Amerikaners in hierdie onderneming sou slaag, dit wil sê om so 'n, *"kommersiële allegaartjie"* te skep, 'n *"siellose massamens"* wat sy hoogste roeping in die lewe kan bereik, naamlik, ... *"verbruiker"*.[192]

Dinge wou egter nie vlot soos die Amerikaners gemeen het dit sou nie, ondanks allerlei wetgewing en handveste van menseregte. Die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** wys in 'n verslag daarop, *"dat die Amerikaners in die burgerregteveldtog van die jare vyftig en vroeg in die jare sestig, die fout gemaak het om die individu te verabsoluteer en die groep te verontagsaam"*, en wys dan tereg daarop dat hierdie *"smeltkroes-model"* selfs in Amerika nie met die werklikheid strook nie.[193] Dit was veral oor rassegrense heen dat die probleme ontstaan het. Negerleiers, soos Martin Luther King, het die bekende *"Civil Rights Movement"* van stapel gestuur. Bruwer wys daarop dat hierdie beweging, *"in sy wese 'n anti-Blanke diskriminasie was wat daarop gerig was om absolute gelykheid tussen Blank en Swart af te dwing."*[194] Maatreëls soos

---

189. Kyk Du Plessis, J., *op.cit.*, p. 20.
190. Kyk *Ibid.*, p. 8.
191. *Ibid.*, p. 12.
192. *Ibid.*
193. PR 3/1982, pp. 25 en 33.
194. Bruwer, P.F., "Vir volk en vryheid", p. 12.

die sogenaamde "*busing*", waardeur integrasie op Blanke skole afgedwing is, het toenemende wrywing tussen die rasse- en bevolkingsgroepe veroorsaak. Bittermin TV-programme word nie aangebied sonder sy "*token black*" nie. Op hierdie wyse word die Swarte opgehemel en vul hulle die rolle van regters, polisiehoofde, die "*goeie*" polisieman en die "*verontregtes*".[195]

Tot die ontnugtering van talle Amerikaners het hierdie verligte individualisme nie die "*utopia*" voortgebring wat algemeen verwag is nie. Trouens, rassekonflik en rassewrywing kom feitlik daagliks voor in talle dele van die VSA. In 1989 het 'n peiling getoon dat die helfte van 'n stad soos New York se hoërskoolleerlinge al gedreig of lastig geval is weens rassevooroordele of rassediskriminasie. Volgens berig het byna al die leerlinge -- meesal Swartkinders -- gesê dat hulle rassevooroordeel ervaar het.[196]

In die lig hiervan moet die pogings van sekere groeperinge in die VSA -- sommige met noemenswaardige steun, ander met minder steun -- om die land onder te verdeel in soewereine state, nie te ligtelik opgeneem word nie. Reeds in 1981 publiseer Joel Garreau 'n boek van oor die vierhonderd bladsye met die titel: "**The Nine Nations of North America**".[197] Daarin maak hy breedvoerige voorstelle vir die herverdeling van die VSA. Ook het daar onder die leiding van 'n Neger, 'n ene Louis Farrakhan, 'n nuwe politieke groep in Amerika ontstaan met die duidelike oogmerk om vir 'n *onafhanklike staat* in die VSA te beding. In 1985 het Farrakhan twintigduisend "*jeugende Swartes*" in New York se Madison Square Garden toegespreek, en in 1984 waarsku hy ook dat as daar nie na die Negers se aspirasies geluister word nie, hy met 'n leër van Swartes na Washington sou optrek om daar met die President te gaan praat oor die reg van die Negers om af te skei in 'n *afsonderlike* en *onafhanklike* staat.[198] Dit is nie aan die skrywer bekend of hy dit toe wel gedoen het nie. Volgens Farrakhan sal die onafhanklikheid van die Swarte in Amerika op hierdie wyse sy wasdom bereik.

'n Ander Swart groepering wat hulle vir 'n onafhanklike Swart staat beywer, is die sogenaamde, "**Republic of New Africa**"-beweging, wat in 1968 in die lewe geroep is. Hulle word egter deur die Amerikaanse regering as 'n

195. Naude, J.P., "Die aanslag van die Amerikaanse liberalisme op die jeug", p. 31.
196. Kyk **Die Volksblad**, 3 Januarie 1989 oor 'n artikel, "Diskriminasie lééf by skole in New York".
197. Garreau, J., *The Nine Nations of North America*.
198. Bruwer, P.F., "Vir volk en vryheid", p. 13.

anti-Blanke terroristeorganisasie beskou. Hulle eis vir hulle die vyf Amerikaanse state, naamlik Mississippi, Alabama, Noord-Carolina, New Orleans en Georgia op as eie onafhanklike state.[199]

Opmerklik is dat daar selfs onder sekere Blanke groeperinge die konsep van 'n eie staat of state vir Blankes alléén, ontstaan het en besig is om veld te wen. Onder die groepe is daar die sogenaamde, **"White Patriot Party"** van Glenn Miller. Dit is onbekend hoeveel steun hy geniet. Hy wys daarop dat dit sy party se onteenseglike doelwit is om 'n Blanke republiek binne die geografiese grense van die suidelike Verenigde State te stig. Dit moet bestaan uit 'n minimum van een miljoen vierkante myl. Hy sê dat alhoewel sy party se taktiek, leerstellinge en ander partydoelwitte buigbaar is, hierdie doelwit van 'n, *"Southern White Homeland Nation"*, ononderhandelbaar is.

Hierdie staat sal dan ook bekend wees as *"Southland"*.[200] Binne so 'n Blanke staat stel hulle vir hulleself die volgende ten doel:

* *Die besit en beheer van die Suidelike grondgebied, nywerhede en natuurlike bronne*;

* *'n Einde aan grootskaalse Swart geweld teen Blankes*;

* *'n Einde aan gedwonge skoolintegrasie*;

* *'n Einde aan federale "affirmative action" wat neerkom op omgekeerde diskriminasie teen Blankes*;

* *'n Einde aan die oorstroming van die beoogde staat deur miljoene nie-Blanke vreemdelinge; en*

* *Die herinstelling van die gebed en die Bybel in die openbare skole.*[201]

Ten slotte word daarop gewys word dat die Blanke se koms na Amerika 'n ingrypende invloed gehad het op inheemse bevolkingsgroepe soos die Indiaanse Rooihuide. In hulle grondhonger het die Amerikaners eenvoudig die

199. *Ibid.*

200. Redaksioneel, " 'n Wit republiek in Amerika", in **Oranje-Perspektief**, September 1986, p. 13.

201. *Ibid.*

Rooihuide hulle hul grond ontneem. **The Citizen** berig dat sedert die eerste Europese setlaars op die vasteland van Amerika voet aan wal gesit het, is byna 97 persent van die grond van die Indiaanse volke van hulle weggeneem. In die proses moes duisende Rooihuide die lewe laat. Hul tradisionele leefwyse is feitlik vernietig en hulle is eenvoudig in reservate ingedwing. Vandag woon die helfte van die 1,4 miljoen Indiane in reservate.[202] Nevins en Commager skryf: "*Indian resistance was broken, and the remnants of the tribes were harried out of the land or herded into reservations*."[203]

Dit blyk egter dat na al hierdie jare die wil van die Rooihuide om hul tradisionele leefwyse voort te sit, hoegenaamd nié gebreek is nie. S. Wessels wys daarop dat die hedendaagse Rooihuide steeds die wil het om *afsonderlik* te ontwikkel omdat hulle assimilasie met die Blankes in die VSA vrees.[204] Die lot van die Indiane het uiteindelik ook nie die aandag van die Amerikaanse regering ontsnap nie. 'n Spesiale komitee van die Senaat het ondersoek ingestel na die probleme van die Indiane, en die verslag, wat onlangs die lig gesien het, maak die volgende interessante aanbeveling, naamlik dat 'n einde gemaak word aan die langer as 'n eeu se paternalisme teenoor die Indiane, "*and its replacement by full tribal self-rule*."[205] Die verslag wys voorts daarop dat, "*government control over Indian affairs had led to pervasive fraud, corruption and mismanagement. The Federal government must relinquish its current paternalistic controls over tribal affairs. In turn, the tribes must assume the full responsibility of self-government*."[206] In sy reaksie op die verslag sê mnr. Frank Bracken, Onderminister van Binnelandse Sake, die volgende: "*The Bush administration is strongly committed to providing all services and benefits due to American Indians by treaty, law and tradition*."[207]

Die vraag ontstaan onwillekeurig waarom die VSA dan dubbele maatstawwe toepas ten opsigte van die tradisionele volke in Suid-Afrika soos die Xhosas, die Vendas, die Zoeloes, die Tswanas en die Sothos. Hierdie Swart volke ken mos dieselfde stam-, tradisie- en volksgeskiedenis as die Indiaanse Rooihuide van Amerika. Mnr. Lawrence Eagleburger, Onderminister van Buitelandse Sake, sê egter beslis: "*We do not and will not recognize*

---

202. Kyk "Self-rule for American Indians urged", in **The Citizen**, 20.11.89.

203. Nevins, A. en Commager, H.S., *America: The story of a free people*, p. 253.

204. Radiopraatjie van S. Wessels op 20 April 1988.

205. Kyk **The Citizen**, 20.11.89.

206. *Ibid*.

207. *Ibid*.

*these areas.*"[208] Amerika sien vir Suid-Afrika net één onverdeelde, "*non-racial society*". Andrew Young, Negeraktivis van Amerika, sê (vertaal) in Mei 1977: "*Ons is toegewy tot die totale vernietiging van Blank Suid-Afrika. Ons sal Suid-Afrika onder Swart regering druk.*"[209] Geen wonder mnr. Pik Botha kon in die 1977 algemene verkiesing die volgende sê nie: "*Die sogenaamde bevriende lande, soos Amerika, is tans 'n groter bedreiging en vyand van Suid-Afrika as Rusland*",[210] en mnr. Ian Smith, voormalige Eerste Minister van Rhodesië sê (vertaal) in 1974: "*Basies is Rhodesië se hoofvyande die ander lede van die vrye wêreld, hoofsaaklik Amerika.*"[211]

In die lig van bogenoemde houding van Amerika, sal daar gesien moet word of die Amerikaanse regering die Afrikaner se regmatige aanspraak op 'n eie staat met simpatie sal bejeën. Die toekoms sal dit uitwys. Vir die huidige kan die Afrikaner felle teenkanting van die Amerikaanse regering verwag.

## *5. BINNELANDSE GROEPERINGE: STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN PARTISIE, SESESSIE EN ANDER VORME VAN SKEIDING.* (Beleidspunte word sonder bespreking gestel)

### *5.1* **Partisie:** *Beskouinge van die* **Nasionale-** *en* **Konserwatiewe Partye.**

Die **Nasionale Party** gaan van die standpunt af uit dat Swart state volle onafhanklikheid kan kry indien hulle daarvoor sou vra. Wat hierdie beginsel betref handhaaf die **Nasionale Party** die gedagte van, "*territoriale afsonderlikheid*".[212] Volgens die **Nasionale Party** is die vier onafhanklike Swart state, "*onomkeerbare werklikhede van die Suider-Afrikaanse politieke toneel*", en dat onafhanklikheid "*steeds nagestreef word vir die selfregerende nasionale state*", dog dit sal nie "*op hulle afgedwing word nie*".[213] Die **Nasionale Party** staan ook vir, "*volle outonomie en selfs onafhanklikheid vir Swart metropolitaanse gebiede wat dit wil hê.*"[214] Andersinds gaan die **Nasionale Party** uit van die standpunt dat Suid-Afrika gesien moet word as 'n *onverdeelde* land

---

208. Kyk Boshoff, C.W.H. e.a., *Amerika -- Vriend of vyand*, p. 13.
209. *Ibid.*, p. 76.
210. *Ibid.*, p. 78.
211. *Ibid.*, p. 78.
212. Kyk "NP wyk nie 'n duim breed af nie", in **Skietgoed**, Oktober 1979, p. 3358.
213. Kyk "NP beleid: Die feite!", Verkiesingspamflet, 6 Mei 1987, p. 8.
214. Kyk **Nat Bloemfontein-Oos**, 1987, p. 1.

waarin daar net *één regering* in die *één land* moet regeer. Die regeringsmag moet deur *alle rasse* tot op die *hoogste vlak* gedeel word kragtens 'n politieke bestel waarin voorsiening gemaak word vir *gelyke burgerskapsregte* en *gelyke seggenskap* op *alle vlakke van regering* naamlik die *sentrale* regering, die *tweede vlak* van regering en die *derde of plaaslike vlak* van regering. As 'n "*framework for the future*", spel mnr. P.W. Botha, voormalige Staatspresident, die volgende riglyne uit: "*We accept an undivided Republic of South Africa where all regions and communities within its boundaries form part of the South African state, with the right to participate in institutions to be negotiated collectively ... We accept one citizenship for all South Africans, implying equal treatment and opportunities ...*" Mnr. Botha sê voorts: "*We believe that a democratic system of government, which must be accommodate all legitimate political aspirations of all South African communities must be negotiated ... All South Africans must be placed in a position where they can participate in government through their elected representatives ... The people of the Republic of South Africa form one nation. But our nation is a nation of minorities. Given the multi-cultural nature of South African society, this of necessity implies participation by all communities; the sharing of power among these communities; but also the devolution of power as far as possible; and the protection of minority rights without one group dominating another.*"[215]

Om konkrete gestalte te gee aan hierdie "*nuwe*" beleidsrigting, dit wil sê om ook Swartmense in die sentrale regering op te neem, is wetgewing op 4 Januarie 1989 gepubliseer -- die **Tweede Wysigingswetsontwerp op die Grondwet, 1989** -- wat daarvoor voorsiening maak dat iemand wat nie lid is van 'n bevolkingsgroep soos omskryf in die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1983**, nie, die amp van minister of adjunk-minister mag beklee.[216]

Die **Konserwatiewe Party** weer, sien *partisie* as die hoeksteen van sy beleid. Die **Konserwatiewe Party** baseer sy beleidstandpunt op die, "*natuurlike geneigdheid van volkere dwarsdeur die wêreld om oor hulself te regeer*".[217] Derhalwe is die enigste waarborg van 'n volk se voortbestaan dat hy oor homself moet regeer en sy eie regering kies in 'n eie vaderland. "*As elke volk homself regeer, dan word elke volk se volle selfbeskikkingsreg tot op hoogste*

---

215. Kyk **Die Nasionalis**, Vol. 4.2, Februarie 1986, p. 5.

216. Kyk *Tweede Wysigingswetsontwerp op die Grondwet*, 1989, in **Die Volksblad**, 5 Januarie 1989.

217. "Ontmoet die Konserwatiewe Party", pp. 2-4.

*vlak erken en dan word geen volk se voortbestaan bedreig nie.*"[218] Daarom, sê die **Konserwatiewe Party**: "*Volle politieke selfbeskikking kan alleen verwesenlik word deur die maksimale vestiging van elke volk in sy eie gebied ... Die Party sal 'n Blanke meerderheidsbesetting in die RSA te alle tye daadwerklik bevorder ... Eie owerhede met wetgewende, uitvoerende en regtelike funksies wat in wetenskaplikbepaalde en omlynde geografiese jurisdiksiegebiede (hartlande) tot volle selfbeskikking kan ontwikkel, sal vir en deur Kleurlinge en Indiërs ingestel word ... Die* **Konserwatiewe Party-regering** *sal die selfregerende nasionale state* (tans ses - JdV) *so gou moontlik tot onafhanklikheid lei ... Swartes in die Blanke RSA is burgers van hulle onderskeie nasionale state en beoefen hulle politieke regte daar.*"[219] In 'n **Konserwatiewe Party** vlugskrif wys die party daarop dat *partisie*, binne die Suid-Afrikaanse konteks, *die enigste sleutel is tot 'n stabiele en vreedsame toekoms vir al die volke en gemeenskappe in Suid-Afrika.* As uitgangspunt wys die **Konserwatiewe Party** daarop dat, "*integrasie van ongelyksoortiges wrywing en botsing meebring.*"[220] Partisie, of ook skeiding (sesessie - JdV), sluit 'n magstryd tussen verskillende mededingende volke of groepe uit. "*So sou ook Suid-Afrika verdeel kon word in volkstate wat ook op vrywillige basis kan saamwerk ... Die Blankes het 'n reg op 'n eie vaderland, en as hy sy eie vaderland afpen, beteken dit nie dat hy vir ander volke besluit wat om met hulle grondgebied te maak nie. In enige onderhandeling gaan die Blankes uit 'n bestaande reg aanspraak maak op 'n eie spesifieke grondgebied ... Dit is die reg op selfbeskikking, die reg op Blanke oorlewing ... As hulle die hele Suid-Afrika tot allemansgrond wil maak, is dit 'n imperialisme wat ons met alle mag sal beveg.*"[221]

Mnr. Kobus Beyers, Direkteur Organisasie van die **Konserwatiewe Party**, sê tereg: "*As gevolg van etniese verskille tussen die volke is daar net één metode waarvolgens vreedsame naasbestaan bewerkstellig kan word, en dit is deur elke volk dieselfde geleentheid te gee om in sy eie staatkundige opset en vaderland die hoogste sport van politieke ambisie en uitlewing te kan bereik. Ons standpunt is eerder 'n kleiner Blanke Suid-Afrika as 'n identiteitslose massa.*"[222]

---

218. *Ibid.*

219. Kyk "Program en beginsels en konstitusie van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika", pp. 2-4.

220. Kyk "Vrede in partisie", Konserwatiewe Party-pamflet. (ongedateerd)

221. *Ibid.*

222. Kyk Tempo, 24 Februarie 1989, p. 14.

*5.2 Die* **Volkstaatgedagte:** *Enkele voorstanders daarvan.*

Onder verskeie groeperinge en/of verenigings in Suid-Afrika bestaan daar 'n besliste *volkstaat-gerigte ideaal.* Soos voorts daarop gewys sal word, handhaaf hulle basies *dieselfde* grondbeginsels rakende 'n toekomstige staatsbestel naamlik dat die Afrikaner:

* 'n *volk* in eie reg is;
* 'n *eksklusiewe* en *historiese* aanspraak het op 'n *eie* staatsterritorium;
* hom die reg voorbehou om *soewerein oor homself te regeer* onder 'n *eie* verkose regering;
* die reg tot *selfbeskikking* het oor al sy sake;
* se *kultuur- en godsdiensuitlewing* alleen kan gedy in 'n eie staat *sonder die oorheersing* deur vreemdes; en
* die *albestier* erken van *God Drie-enig* op *alle* lewensterreine.

Onder hierdie *volkstaat-gerigte groeperinge* vind ons die volgende:

**(i) Die Vereniging van Oranjewerkers:**

Die **Vereniging van Oranjewerkers** (gestig op 10 Junie 1980) handhaaf die gedagte van, "*Afrikanergroeipunte*" (ook genoem "*Oranjegroeipunte*") as 'n praktiese metode om sistematies aan die eie staatsgebied gestalte te gee.[223] As doel hou die **Oranjewerkers** die volgende voor:

* Die skepping van *'n eie Afrikaner Blanke staat* uit die huidige RSA met duidelik afgebakende grense;
* die vestiging van hierdie staat deur gebruikmaking van slegs *Blanke arbeid*; en
* die daadwerklike *algehele verblanking* van die eie staat.[224]

223. Kyk "Versoekskrif" van die **Vereniging van Oranjewerkers**, p. 2.

224. Kyk *Grondwet*, **Vereniging van Oranjewerkers**, Augustus 1986, p. 1.

Mnr. Hendrik Verwoerd, Hoofsekretaris van die **Oranjewerkers**, skryf: *"Ons het geleer dat vae ideale en mikpunte veroorsaak dat mense niks daadwerkliks daaraan doen nie. Verder het die ervaring geleer dat 'n stelselmatige werkswyse meer doeltreffend is en dat ons eerder 'n deel van die land heeltemal moet herwin as om die hele land gedeeltelik, en dus slegs tydelik, te herwin. Hierdie werkswyse het ook die voordeel dat sigbare resultate binne 'n relatief kort tydperk deur 'n klein groepie pioniers behaal kan word."*[225]

Soos reeds bekend het die **Vereniging vir Oranjewerkers** onder andere die dorp Morgenzon in die Oos-Transvaal gekies as groeipunt om mee te begin. Hulle hoofkantoor is ook daar gevestig. Die Vereniging is van mening dat aangesien daar op die oomblik geen sinvolle Blanke gebied bestaan nie, so 'n Blanke gebied, *"as eerste prioriteit geskep moet word"*.[226] Daarvoor moet Blanke ontwikkelingskapitaal aangewend word om so 'n gebied positief te verblank en onafhanklik van Swart en anderskleurige arbeid te maak. Uit die aard van die saak kan so 'n gebied nie te groot wees nie. Uiteindelik, met die uitbreiding van so 'n groeipunt, moet die Afrikaner in staat wees om volle selfbeskikking in daardie gebied te eis.

In 'n persverklaring sê die **Oranjewerkers**: *"As 'n afsonderlike volk, geregtig op selfbeskikking en met 'n historiese reg op 'n eie staat, eis ons as Afrikaners dat die beginsel van partisie, wat onderliggend was aan die skepping van afsonderlike state vir Swart volke, onverwyld deurgetrek word na die skepping van 'n eie eksklusiewe staat vir die Afrikaner en dié Blankes wat hulle met sy strewe na vryheid in 'n eie land onder eie owerheid vereenselwig."*[227]

### (ii) Die Afrikanervolkswag

Die **Afrikanervolkswag** is gestig op 5 Mei 1984 te Pretoria. As beginselgrondslag gaan die **Afrikanervolkswag** uit van die, *"roepingsgebondenheid van die Afrikanervolk, sy voortbestaan en die verantwoordelikheid van elke geslag om Afrikaner-voortbestaan te verseker ..."*[228] As belangrike uitgangspunt sien die **Volkswag**, *"die gesin as basis van Afrikanervoortbestaan."*[229]

---

225. Kyk Verwoerd, H.F., in **Oranje-Perspektief**, Februarie/Maart 1988, p. 15.
226. Kyk **Oranje-Perspektief**, April 1986, p. 9.
227. Kyk "Persverklaring", uitgereik deur die Uitvoerende Bestuur van die **Vereniging van Oranjewerkers** op 31 Januarie 1986.
228. Kyk *Grondwet en Reglement*: Die Afrikanervolkswag, November 1984, p. 1.
229. *Ibid.*

In sy algemene doelstelling(s) gaan die **Volkswag** uit van die standpunt dat 'n kulturele volksfront daargestel moet word waardeur die Afrikaner as Blanke volk sy lewensbelange kan beskerm en bevorder, trou aan sy roeping en geskiedenis. In die besonder stel die **Volkswag** hom onder andere ook ten doel om, *"vir die reg van die Afrikaner te stry om in Afrika vry en Blank te wees en homself demokraties in sy eie grondgebied te regeer."*[230] Die Volkswag handhaaf dus deurgaans die standpunt dat 'n volk sy eie land nodig het vir sy sinvolle voortbestaan, en dat geen volk se toekoms veilig is in 'n land wat nie uitsluitlik syne is nie, wat nie deur hom beheers, bewoon en bewerk word nie. Daar bestaan 'n sielkundige band tussen 'n volk en sy vaderland.

Wat geografiese afbakening betref wys prof. C.W.H. Boshoff, tans voorsitter van die **Volkswag**, daarop dat, *"die wydste afbakening wat oorweeg kan word is die Blanke dele van die Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaapland, die Kaapse Middellande tot aan die kus van Port-Elizabeth tot wes van Mosselbaai en die suide van S.W.A."*[231] Prof. Boshoff wys ook voorts daarop dat die uiteindelike Afrikanergebied, *"heelwat kleiner moet wees"*. Hy sê: *"Die vier grootste groot-stedelike gebiede, of sekere kerndele daarvan, saam met die Swart woongebiede, moet van die Blanke gebied uitgesny en onder aparte bestuur geplaas word."* Vir hom is dit nodig dat die afbakening so gou moontlik moet geskied. *"In die keuse moet ag gegee word op die insluiting van noodsaaklike vereistes soos 'n hawe, sleutelminerale, water, landbougrond en bestaande nywerhede. Die Afrikaner-geskiedenis en tradisie moet ook in berekening geneem word en die verdedigbaarheid van die grondgebied ... Daar moet indringende gesprek plaasvind."*[232]

Die **Afrikanervolkswag** se ideaal is dus ook dat die Afrikanervolk 'n eie staat moet hê, 'n staat naas ander soortgelyke volkstate, in 'n gees van vrede en vriendskap en samewerking. Die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet die staatsontplooiing op elke lewensgebied beheers.

Die **Afrikanervolkswag** vra dan ook van sy lede die onderneming om hulle te beywer vir die samesnoering van Afrikanerkrag, naamlik sy *geloofskrag*, sy *breinkrag*, sy *arbeidskrag*, sy *ondernemingskrag*, sy *geesteskrag*, sy *kapitaalkrag* en sy *wilskrag*.

---

230. *Ibid.*

231. Boshoff, C.W.H., "Die reg van 'n volk: 'n Toekomsblik", p. 1.

232. *Ibid.*

**(iii) Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB)**

Die **AWB**, gestig in 1973 te Heidelberg, Transvaal, het vir hom as doelwit gestel, "*om 'n eenheidsfront van ware Afrikaners bokant die partypolitiek*" te vorm.[233] Die **AWB** sien homself as 'n weerstands en/of ook 'n volksbeweging wat die ideale van 'n Blanke volkstaat sou kon uitdra. Die ou Boererepublieke naamlik die Republiek van die Oranje-Vrystaat, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Nieuwe-Republiek (Vryheid en Utrecht), sou die kern vorm van so 'n Blanke Volkstaat.[234]

Die **AWB** baseer sy aansprake op die Boere-republieke op "*volkeregtelike*" gronde. "*As die Xhosas dan 'n eie staat en grondgebied op historiese gronde kon opeis, en die Tswanas en die Vendas en al die ander, hoekom nie ons (die AWB) nie?*"[235] Om die grond vir hierdie gedagte voor te berei, is dit nodig om die Afrikaners, wat die burgers van so 'n staat sou uitmaak, bymekaar te bring en te besiel vir so 'n ideaal. Daar moet derhalwe Burgerrade, Streeksrade en Brandwagte dwarsdeur die land wees. Die "*Opperraad*" vorm die hoogste gesagsliggaam van die **AWB**, en hy word bygestaan deur 'n adviserende liggaam bekend as die "*Grootraad*".[236] Die Grootraad bestaan tans uit 300 persone, waarvan nie almal lede hoef te wees nie, maar wat tog in raadgewende hoedanigheid gebruik word.

Wat burgerskap betref eis die **AWB**, "*dat slegs lede van die Blanke ras, wat 'n gemeenskaplike en onverdeelde trou en toewyding aan die Volkstaat Republiek en sy belange openbaar, burgers van hierdie staat mag wees. Ander per-*

233. Kyk "Wie en wat is die AWB", p. 16. Die AWB was besorgd daaroor dat die partypolitiek 'n verdelende invloed op die Afrikaner kon uitoefen, derhalwe het hulle hul op die terrein van die breë kultuurfront beweeg. Om voorsiening te maak vir 'n moontlike politieke stryd, en ook omdat dit nie moontlik is om 'n beweging soos die AWB by die Departement van Binnelandse Sake te registreer nie, is 'n politieke party, die **Blanke Volkstaat Party** in 1980 gestig en geregistreer. Die politieke party is tans nie geaktiveer nie, omdat, volgens die AWB, die nodigheid daarvoor nog nie ontstaan het nie.

234. *Ibid.*, p. 16.

235. *Ibid.*

236. *Ibid.*, p. 17.

*sone mag as 'gaste' van die staat regte geniet onderhewig aan wetgewing wat op vreemdelinge van toepassing sal wees.*"[237]

Mnr. Kays Smit, Sekretaris van Finansies en Administrasie van die AWB, sê: "*Hierdie gebiede, uitgesluit die dele wat reeds selfregerend is, behoort aan die Boere. Met die term 'Boere' bedoel ons alle Blankes wat hulself vereenselwig met die idee van die volkstaat.*"[238]

In Oktober 1986 het die **AWB** 'n onderhoud gevoer met mnr. P.W. Botha oor die sesessie van 'n onafhanklike Boerestaat vir die Afrikaner. In Maart 1988 is 'n versoekskrif in hierdie verband by die Unie-gebou in Pretoria aan die regering oorhandig. In albei gevalle is die versoeke van die **AWB** negatief deur die Staatspresident beoordeel. Hy beskuldig die **AWB** daarvan dat hulle, "*verdeeldheid en suspisie*" in die hand werk. Hy sê: "*U skep vir u volgelinge 'n stel valse verwagtinge en bou emosie op rondom newelagtige droombeelde wat weinig met die praktiese omstandighede en eise van Suid-Afrika verband hou.*"[239] In 'n gesprek met die huidige Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk in 1989, is mnr. De Klerk van mening dat die **AWB** bereid moet wees om hul steun by die stembus te toets.

Die **AWB** verskyn semi-militêr met kakie-"*uniforms*" in die openbaar, en onlangs het die leier van die **AWB** 'n geregistreerde veiligheidseenheid genaamd **Aquilla**, in die lewe geroep. 'n Woordvoerder sê: "*We are forced to form its own registered security unit, because the members of the AWB are not allowed to be members of the police force or the police reservists ... We are concerned about the protection of the leaders of the movement.*"[240]

### (iv) Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (SABRA)

**SABRA** is gestig op 23 September 1948, en reeds sedert 1952 het **SABRA** daarop begin wys dat die opeenhoping van ongelyksoortige volke in een staat nadelige gevolge sal inhou vir die rus en voorspoed en van Afrikanervoortbestaan in hierdie land. Daarom dat **SABRA** in toenemende mate aandui dat,

---

237. Kyk "Program van Beginsels", in **Sweepslag 82**, p. 37. Kyk ook "Een Afrikanerdom, Een Afrikanerland", in **Afrikaner Weerstandsbeweging: Program van Beginsels**, pp. 4-32.
238. Kyk **Tempo**, 24 Februarie 1989, p. 14.
239. **Die Volksblad**, 30 Maart 1988.
240. Kyk **Sunday Times**, 27 Maart 1988.

*"die enigste weg wat nog vir sy behoud begaanbaar is, is om soos ander volke, alleen en op eie grond 'n staat en samelewing van die RSA af te stig."*[241]

Dit is duidelik dat **SABRA** in sy studiestukke, kongresse en berade al hoe duideliker aantoon dat daar 'n besondere band tussen 'n volk en sy land bestaan. *"Eie grond beteken meer as net die grense van die staat en die bron van bestaan: Dit oefen ook 'n rigtinggewende invloed uit op die ontstaan en die behoud van volksidentiteit; die volkskultuur dra die stempel van die land; liefde vir die eie grond bind die volk saam, voed sy nasionalisme, verskaf aan hom geestelike veiligheid, sekerheid en bestendigheid. Grond oefen 'n kerninvloed uit op 'n volk se aard, mag en wil tot voortbestaan. Sonder hierdie behoudende krag kan 'n volk nie bly lewe nie. 'n Volk sonder 'n land is ondenkbaar."*[242]

Vir die omlyning van hierdie land vir die Afrikaner, is **SABRA** tans besig om dit in diepte en op wetenskaplike wyse te ondersoek. Tot op datum is daar dan ook al veel op hierdie terrein vermag. Volgens prof. C.W.H. Boshoff, tans voorsitter van **SABRA**, moet, *"die omlyning daarvan afgehandel en aanvaar word, selfs al voldoen dit nie volledig aan die verwagtinge wat ons in die verlede in die verband gekoester het nie."*[243] Prof. Boshoff gaan van die veronderstelling uit dat, *"besetting is mag"*. Hy wys daarop dat dit presies die metode is wat deur Swart plakkers gebruik word om 'n bepaalde gebied te beset. Dit is duidelik dat hulle hierdie metode gebruik, *"om hulle wil ook buite hulle vaderlande af te dwing, sodat hulle vandag vrye toegang, gelyke aansprake en burgerskap geniet en nie tot rus sal kom voordat hulle nie die hele Suid-Afrika regeer nie."*[244] Die Afrikaner se toekomstige land sal dus met die werklikheid van sy (die Afrikaner) se getalle rekening moet hou. *"Om alles te wil hou is om alles te verloor. Die grondgebied sal dus so omlyn moet word dat die Afrikaner dit met sy beperkte getalle kan behartig en verdedig."*[245]

Mnr. D.J. Viljoen, Streeks- en Stadsbeplanner van Pretoria, het reeds 'n besondere bydrae tot hierdie vraagstuk gelewer deur 'n intensiewe studie van demografiese en ander wesenlike faktore (wat gronduitleg betref), te maak. Sy benadering is dat die sogenaamde *"partisiemodel"*, naamlik *"'n gebied vir*

241. Jooste, C.J., " 'n Land vir die Afrikaner", p. 89.

242. *Ibid.*

243. Boshoff, C.W.H., "Vestiging van 'n Volkstaat vir die Afrikaner", pp. 9-10.

244. *Ibid.*, p. 10.

245. *Ibid.*

*die Afrikaner*", die positiewe houding van **SABRA** is.[246] Hy sê: "*Vanweë sy aard benader SABRA hierdie uitdaging op 'n wetenskaplike wyse. Dit beteken onder andere dat 'n hele aantal maatstawwe vir so 'n grensbepaling geïdentifiseer en ontleed is. Pogings is ook aangewend om objektief oor die waarde of gewig van verskillende maatstawwe te oordeel.*"[247]

Viljoen gaan uit van die standpunt dat, "*die Afrikaner-volkstaat so ver moontlik sy begin moet hê in 'n volkeresituasie wat eerstens vir hom as outonome regeerder hanteerbaar en werkbaar is, en in 'n situasie waarin hy toenemend na 'n getalle-meerderheid sal ontwikkel en sal bly.*"[248]

**SABRA** besef dat een van sy grootste probleme by die aanwys van so 'n grondgebied sal wees die feit dat hy bereid sal moet wees om groot dele van Suid-Afrika, wat tans as, "*Blanke gebied*" bekend staan, uit sy beplanning sal moet sluit. Wat sake verder bemoeilik is die feit dat in sommige van hierdie gebiede, "*sterk steun vir die regse standpunt en regse politieke partye bestaan.*"[249] Die versoeking sou dus groot wees om al die gebiede met sterk regse steun in so 'n gebied in te sluit. Die volgende aspekte moet egter vir oorweging geld:

* 'n Meerderheid Afrikaners in feitlik enige deel van Suid-Afrika, hoe klein ook al, kan slegs deur die vrywillige trek van Afrikaners daarheen, gepaard met die vrywillige uitmigrasie van ander volke en groepe, totstand kom.

* Die aantal Afrikaners wat op hierdie stadium bereid sou wees om die opoffering van verhuising te onderneem is beperk. Daarom moet die gebied oor die korttermyn (vyf jaar) tot 'n Afrikaner getallemeerderheid kan vorder, wat beteken dat die gebied aanvanklik betreklik klein sal wees.

* Oor die langtermyn moet die gebied egter so groot wees dat hy tussen 1,75 miljoen en 2,5 miljoen mense moet kan dra.

---

246. Viljoen, D.J., " 'n Afrikanervolkstaat: Voorstelle vir 'n grondgebied", pp. 1-2.

247. *Ibid.*

248. *Ibid.*, p. 3.

249. *Ibid.*, p. 4.

* Aangesien die stap in vele opsigte 'n unieke en historiese proses sal wees, sal dit wenslik wees om voorlopig net die kleiner gebied aan te wys. Beheer oor plaaslike organisasies en die demonstrasie van die meerderheidsposisie is van groot belang.[250]

Nadat **SABRA** 'n aantal vereistes daargestel het, wat vir die oomblik nie hier ter sake is nie, het Viljoen voortgegaan en 'n aantal *kerngebiede* aangetoon wat vir oorweging kan geld.[251] Dit is egter duidelik dat oor hierdie saak nog veel navorsing gedoen sal moet word, en Viljoen wys tereg daarop dat die werk wat reeds gedoen is nie allesomvattend is nie; derhalwe is baie aanvullende navorsing nog nodig. Die voorstelle van **SABRA** is beslis nie finale antwoorde nie, en dit dien as wenke om die dinkproses aan die gang te sit. "*In baie opsigte*", sê Viljoen, "*is dit selfs maar die begin van 'n proses wat hopelik spoedig tot eenstemmigheid onder ondersteuners van die Volkstaatkonsep en, hopelik ook tot meerderheidsteun van Afrikaners kan lei.*"[252] Dit moet ook vermeld word dat die Raad van **SABRA** nog nie met die skrywe van hierdie verhandeling 'n Raadsbesluit in hierdie verband geneem het nie.

**(v) Die Transvaalse Separatiste**

In sy manifes verklaar die **Transvaalse Separatiste** dat hulle staan vir die, "*ongeskonde vryheid*" van Transvaal, en vir die "*Boerevolk*" onder die vierkleur en sy volkslied. Die begrip, "*Afrikaner*" verwys na hulle mening, "*sinteties*" na 'n nasie en is dus partypolities geïnspireer. Alle terme, groeperings, name en konnotasies wat die begrip "*Afrikaner*" behels, word summier verwerp, "*as volksvreemd en ideologies onsuiwer ten opsigte van die Boervolk*". Hulle stel hulle ook ten doel om, "*ons grondgebied op vreedsame wyse te herwin, mits ons teenstanders dit vreedsaam met ons wil besin en besleg.*" Hulle beywer hulle vir die, "*afskeiding van Transvaal en Vryheid as onafhanklike state.*" Verder is "*partisie*" 'n onaanvaarbare politieke credo wat die reëls van die spel verander maar nie die spel self nie ..." *'n Volk kan net floreer en veilig wees as hy die enigste bewoner van sy grondgebied is en sy eie volkshuishouding bestuur en bedryf en op sy eie arbeid toegesê is.*"[253]

250. *Ibid.*, pp. 5-7.

251. Kyk Kaart: Bylae B, p. 361.

252. Kyk Viljoen, D.J., *op.cit.*, p. 28.

253. Kyk aanhalings in "Transvaalse Separatiste: Ons stryd", p. 1.

(vi) **Die Boerestaat-Komitee:**

Die **Boerestaat-Komitee**, onder leiding van mnr. Robert van Tonder, staan vir die herstel van die gewese Boererepublieke van Transvaal, die Vrystaat en Vryheid om sodoende die RSA, *"in sy logiese komponente van vrye volkstate in te deel."* Dit is nie alleen, *"ons Christelike plig"* nie, maar dit is ook, *"om die subkontinent 'n groot guns te bewys ... alle volke in Suid-Afrika moet vry wees, ook die Boerevolk, Afrika se heel eerste vryheidsvegters."*[254]

Die Komitee sê voorts: *"Die saak van die herstel van die Boererepublieke is 'n skoon saak wat teen die ganse wêreld verdedig kan word."* Die Komitee baseer nie hulle saak op die *partisionering* van Suid-Afrika nie. *"Partisie bedoel skeiding tussen Wit, Swart, Bruin en is op kleurargumente gebou. Alle Wittes is nie Boere nie en die partisiegedagte laat beland die Afrikaner in argumente wat hy nooit kan wen nie. As Suid-Afrika volgens kleurpersentasie gepartisioneer moet word, sal die Afrikaner vanweë sy klein getalle kaal uitkom. Die herstel van die Boere-republieke bedoel presies wat dit sê en is dus nie partisie op 'n kleurbasis nie. Dit is die herstel van ons wettige erfstate en die uitwissing van 'n onreg."*[255]

Vir die res van Suid-Afrika voorsien die **Boerestaat-Komitee** onafhanklike Swart volke met 'n Kleurlingstaat, *Hexania*, wat die Kaap sal beslaan. Ook 'n gekonsolideerde Zoeloestaat in Natal. Die Boerestaat se uitgang na die see is regtens Boeregebied, wat in die Republiek van Vryheid Kosibaai, Richardsbaai en St. Luciabaai ingesluit het. *"As Engeland dit nie gesteel het nie, sou Paul Kruger Kosibaai reeds in die vorige eeu as hawe ontwikkel het."*[256]

Soos reeds bekend het hierdie Komitee in 1988 oorgegaan tot partystigting onder die nuwe naam van die **Boerestaat Party**. Mnr. Robert van Tonder, leier van die nuwe party, wys daarop dat sy party die eerste is sedert 1902 wat openlik en rondborstig die herstel van die Boere-republieke ten doel het. Hy sê: *"As ons langer in die RSA-mengstaat bly, sal die volgende verkiesing stellig geveg word oor eie agterplasies en eie buitegeboutjies totdat die*

---

254. Kyk aanhalings uit *"Boerestaat"*, opgestel en uitgegee deur Robert van Tonder, p. 1.

255. *Ibid.*

256. *Ibid.* Kyk ook Bylae C, p. 362.

*verswelgingsproses geheel en al voltooi is. Verkiesings moenie geveg word oor fragmente van 'n volk se bestaan nie, maar oor sy totale voortbestaan."*[257]

**(viii) Die Afrikanervryheidstigting**

Die **Afrikanervryheidstigting** wil klaarblyklik die klem volledig op 'n toekomstige Afrikanervolkstaat plaas. Die voorsitter, prof. C.W.H. Boshoff, wys daarop dat die **Stigting** se hoofdoel is om die Afrikanervolk se vryheid op *staatkundige*, *ekonomiese* en *onderwysgebied* te bevorder. Die **Stigting** staan buite die partypolitiek en gaan hom buite-parlementêr vir die voortbestaan van die Afrikaner in sy eie land beywer.[258]

Die motivering wat tot die stigting van die nuwe liggaam gelei het, is volgens die stigters die, "*noodtoestand*" waarin die Afrikanervolk vandag verkeer, juis as gevolg van die 1983 grondwet en die huidige owerheidsbeleid. Die owerheidsbeleid stuur onteenseglik af op Swart oorheersing van die hele Suid-Afrika. Die stigting sal hom vir die oprigting van 'n soewereine volkstaat, afsonderlik van die RSA as burgerstaat, beywer, aldus prof. Boshoff.[259] In sy benadering tot 'n vrye staat vir die Afrikaner, wys die **Afrikanervryheidstigting** daarop dat hy sekere "*onhoudbare benaderings wat in die verlede gevolg is*", vermy. Daar moet *afgesien* word van die afbakening van 'n land vir elke volk, en daar moet volstaan word *met 'n land vir die Afrikaner.* Dit kom kortliks daarop neer dat:

(a) Dit nie van Swartvolke of ander groepe verwag word om van die RSA af te stig ten einde 'n land vir die Afrikaners te verkry nie. In plaas daarvan verkies die Afrikaner om self af te stig en net vir hom 'n land en bestemming aan te dui;

(b) Omvangryke volksverskuiwings moet vermy word;

(c) Die Afrikaner se eise ten aansien van grond moet billik wees teenoor ander volke en groepe.[260]

257. Kyk **Tempo**, 24 Februarie 1989, p. 14.

258. Kyk **Patriot**, 15 April 1988, p. 16. Die stigting van hierdie beweging was op 21 Maart 1988.

259. *Ibid.*

260. Kyk **Tempo**, 24 Februarie 1989, p. 14.

Die grondgebied wat die **Afrikanervryheidstigting** in gedagte het is hoofsaaklik in die Noordwes-Kaap, die Karoo en die suide van Suidwes-Afrika geleë.[261] As motivering vir die aanwysing van hierdie bepaalde streek, wys prof. Boshoff daarop dat die Republiek as geheel oorweeg is, dog daar het in die loop van jare vier belangrike ontwikkelingsgebiede tot stand gekom, te wete:

* die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied;

* Durban-Pinetown;

* Port Elizabeth-Uitenhage; en

* die Kaapse Skiereiland.

Vir 'n nuwe land vir die Afrikaner moes dus óf een van die groeigebiede oorgeneem en ver-Afrikaans word, óf daar moet 'n **vyfde groeigebied**, wat uiteindelik minstens 2 miljoen Afrikaners kan huisves, gevind word. Alles in ag genome, kan nie een van die genoemde vier groeipunte betyds en genoegsaam ver-Afrikaans word nie. Prof. Boshoff sê: *"Hierteenoor beskik die Oranjerivier met sy voorgestelde en reeds voltooide damme en kanaalstelsels, oor die vermoë om die hele landstreek se aanskyn te verander."*[262] Hy wys daarop dat die Olifants-Doringriviergebied, met al sy vermoëns om daardie streek in 'n digsbevolkte vestigingsgebied te omskep, ook in die voorgestelde streek val. Benewens die Sishen-Saldanhaspoorlyn, wat die binneland met een van die beste hawens verbind, is die navorsing vir verdere spoorverbindinge al langs die Oranjerivier ook reeds voltooi. 'n Tweede hawe by Doringbaai is 'n sterk moontlikheid, terwyl die ontsouting van die seewater, die ontwikkeling van kernkrag en die aanplanting van duisende bome, deur deskundiges voorgestel is.

Die **Afrikanervryheidstigting** wys daarop dat hierdie voorstelle as grondslag moet dien vir verdere besprekings. Aanpassings daarvan of selfs heeltemal ander voorstelle, word nie uitgesluit nie. Almal wat aan die gesprek wil deelneem moet egter van die noodsaak van die vryheid van die Afrikaner in sy eie land oortuig wees. Talle Afrikaners sal waarskynlik nie die offer bring om daar te gaan vestig nie. In hierdie verband sê prof. Boshoff: *"Afrikaners*

261. Sien Bylae H, p. 367.

262. Kyk Boshoff, C.W.H., "Die Volkstaat: Hoekom hier?", p. 9.

*wat buite hul eie staat woon en hulle identiteit en volkserfenisse wil bewaar, het ewe veel belang by die oprigting van 'n Afrikanerstaat omdat dit die enigste waarborg vir voortbestaan is. Hulle kan so 'n staat onderskraag en uitbou, want daarsonder sal almal haweloos en sonder toekoms wees."*[263]

**(viii) Boere Vryheidsbeweging**

Mnr. Jan Groenewald, Voorsitter van die nuwe **Boere Vryheidsbeweging**, sê: *"Ons beywer ons in die eerste plek buite die parlement vir die oprigting van 'n onafhanklike volkstaat vir die boerevolk en diegene wat hulle by dié volk wil voeg. Die kern van die saak is gebaseer op die selfbeskikkingsreg van volke. Daarom wil ons uit die gebied wat as die RSA bekend staan, 'n gebied afbaken vir hierdie doel. Ons praat nog nie van spesifieke grense nie."*[264]

5.3 *Enkele ander beskouinge*

Dit is insiggewend om ook die standpunte te verneem van enkele *staatsleerkundiges*, wat uit die aard van saak as nie-voorstanders van die volkstaatgedagte beskou moet word. Prof. Hennie Kotzé van die *Departement Politieke Wetenskappe* aan die Universiteit van Stellenbosch, sê dat hy persoonlik die gedagte van 'n Afrikanerstaat ernstig opneem. Hy wys daarop dat aanvaar sal moet word dat Suid-Afrika vorentoe polities geïntegreer sal wees, soos wat hy reeds ekonomies geïntegreer is. *"Diegene aan die regterkant van die politieke spektrum wat dit nie kan aanvaar nie en hulle nie kan versoen met die gedagte dat Suid-Afrika 'n meerderheid Swartmense insluit nie, en wat bedreig voel, moet ook 'n geleentheid kry om tot selfverwesenliking te kan kom. As mens kyk na die bedreiging wat radikale regse groepe vir Suid-Afrika skep, lyk dit na 'n gevaarliker posisie as met die Swart radikale bedreiging. Hierdie wit groepe is beter opgelei en beskik oor beter wapens en dit is ook 'n baie emosionele saak by hulle om hulle eie plek te hê ... Dit sal om die konferensietafel uitgepraat moet word ... Ons wil konflik vermy en as daar iets gedoen kan word, moet dit op die konferensietafel kom sodat alle partye betrek kan word en daaroor kan gesels."*[265]

Prof. Geert de Wet van die *Departement Ekonomie* aan die Randse Afrikaanse Universiteit, wys daarop dat, in die lig van die rigting waarin die

263. Kyk **Tempo**, 24 Februarie 1989, p. 14.
264. *Ibid.*
265. Kyk **Tempo**, 24.02.89.

breëre politiek beweeg, dit die goeie reg van party mense is om bymekaar te wil bly. Hy sê: "*Met die beginsel is daar niks mee verkeerd nie, maar dan moet hulleself daarvoor betaal.*"[266]

Dr. Denis Worral, medeleier van die **Demokratiese Party van Suid-Afrika**, het in 'n onderhoud met die **Patriot** gesê hy sal, "*veg vir die reg van die Afrikaners om 'n plek in die son te hê.*"[267] Na sy mening moet die Afrikanervolkstaat deel vorm van die onderhandelinge oor Suid-Afrika se grondwetlike toekoms. Volgens berig sou dr. Worral aan die tydskrif **Leadership** gesê het dat alles in werking gestel sal moet word om alle partye te oorreed om alle standpunte te oorweeg. Hy sê: "*Kyk, ons verstaan; julle wil 'n afsonderlike gebiedsbasis hê. Laat ons kyk of dit hoegenaamd moontlik is.*" Dr. Worral kwalifiseer sy stelling deur daarop te wys dat die **Demokratiese Party** nie die idee van 'n volkstaat ondersteun nie, maar "*ek sal egter werklik veg vir die standpunt dat Afrikaners as Afrikaners 'n plek in die son moet hê. Daarvoor sal ek my in alle moontlike situasies beywer.*"[268]

Die Zoeloeskrywer, J.K. Ngubane, is ook van mening dat die voortbestaansvraagstukke van sowel die Afrikaner as die Swartman gesoek moet word langs die lyne van afsonderlike state. Hy bekla die feit dat die internasionale gemeenskap nog nie die Afrikaner voor so 'n keuse gestel het nie, en som op: "*When the Afrikaners have a state of their own, in which to nurture their culture, preserve their identity, and segregate themselves to their hearts' desire, they would no longer have a survival problem; they would cease to make a nuisance of themselves in the sub-continent; they would stop making a mess of the lives of Africans, people of mixed blood, English and Asians inside South Africa. Instead of living in uncertainty about the future, all races would be guaranteed security in the African sun.*"[269]

---

266. *Ibid.* Die vraag is sekerlik: Wie betaal as die Swarte in Blanke gebied plak?

267. Kyk **Patriot**, 20.10.89, p. 16.

268. *Ibid.* Die skrywer deel natuurlik nie die apologetiese wyse waarop dr. Worral die saak benader nie. Hy laat na om te sê dat die Afrikaner 'n reg het op sy eie staatsterritorium. Prof. Carel Boshoff sê tereg: "*Ek is vanselfsprekend nie van plan om met mense te onderhandel* (soos die ANC, of wie ook al – JdV), *wat dink dat hulle oor die loop van 'n geweer of met 'n handgranaat onderhandeling kan voer nie. Hulle onderhandel nie, hulle dreig. Ek hoop dat die Afrikaner dieselfde erkenning van sy reg sal ervaar as wat die ANC nou geniet.*" Kyk **Patriot**, 20.10.89.

269. Kyk Ngubane, J.K., *Conflict of Minds*, pp. 311-312. Die arrogansie van hierdie uitspraak (vanuit die Afrikaner se oogpunt gesien), spreek natuurlik boekdele.

Ook prof. P.J. de Lange, Voorsitter van die **Afrikaner Broederbond**, het dit nodig geag om te waarsku teen die gevolge van "*Blanke woede*" in Suid-Afrika. Hy sê dat dit "*verskriklik*" sal wees, en, "*tot die vernietiging van Suid-Afrika sal lei*", as potensiële Blanke woede losgelaat word. Dit sal iets wees wat Afrika nog nooit aanskou het nie. Hy wys daarop dat dit tot elke prys vermy moet word dat die pas van hervorming "*die bestaan van die Blankes in Suid-Afrika wesenlik sal bedreig.*"[270]

*6. SAMEVATTENDE GEDAGTES*

Afskeiding, hetsy deur partisie of sesessie, is na my oordeel die Afrikaner en die Blanke se *laaste hoop op oorlewing* in Suider-Afrika. Dit mag eenvoudig net nie misluk nie. Dit sal veel verg van die Afrikaner, wat die strewe daartoe het, om dit te vermag, en die pad daartoe sal nie met rose besaai lê nie. Felle teenkanting kan selfs van mede-Afrikaners en -Blankes verwag word. Die Afrikanervolk is 'n klein volkie in terme van wêreldstandaarde, dog Cobban wys daarop dat: "*If we accept the view that all nations, however small, have cultural and political rights, though in varying degree, we can recognize that even the smallest national communities are entitled to protection for their culture and, wherever they are sufficiently separate, to regional autonomy.*"[271]

Om weer na Katzew te verwys, hy skryf en dring by die Afrikaner daarop aan om, terwyl hy nog die mag in die hande het, "*to redraw our map, creating within Southern Africa an exclusively white land.*"[272] In sy visie voorsien Katzew nie 'n skouspelagtige groei nie, omdat positiewe groei nooit skouspelagtig is nie. "*It is a thing that belongs to the silences and to the depths.*"[273] Hy skryf: "*There is among us a profound desire to disentangle ourselves from an immoral mixed society ... ready to do the humblest jobs ... ready to create a new land where our strength finds its source not from the subservience of others, but from our own spirit ... If a political party were to arise in South Africa offering me that kind of apartheid, I would walk with it gladly.*"[274]

Die Afrikaner waarvan in hierdie verhandeling sprake is, dit wil sê die *volkstaat-gerigte Afrikaner*, is dit eens met Katzew as hy skryf: "*True apart-*

270. Kyk "Oppas vir Blanke woede", in **Die Volksblad**, 9 September 1989.
271. Cobban, A., *op.cit.*, p. 231.
272. Katzew, H., in 'n brief aan **Dagbreek**, 9 Januarie 1955.
273. *Ibid.*
274. *Ibid.*

*heid, then, will have found its right road when it calls upon white South Africa to pay the price for it. That price is work, guts, hardihood and a fresh colonization effort. An exclusive white land could be carved out in our day ... if there were leaders bold enough and daring enough and spirited enough to call for it ... The lead could come from the people ... the politicians would follow."*[275] Dit herinner sterk aan mnr. Jim Fouché, voormalige Staatspresident se woorde, toe hy tydens die groot "*Republikeinse Volksbetoging*" op 20 Julie 1940 by die Vrouemonument in Bloemfontein gesê het: "*Ons het nie na Bloemfontein gekom om hier op die pad van vryheid leiding van politieke leiers te kry nie, maar ons het gekom om op hierdie pad van vryheid leiding aan hulle (die leiers) te gee."*[276]

G. van N. Viljoen het by geleentheid, "*radikale partisie*" sterk bepleit toe hy gesê het: "*Maar die vraag is of die posisie nie moontlik in die toekoms, as gevolg van die aanwas van die Swarte in die Blanke land, bereik sal word waar ons nie meer sal dink aan die terugplaas van die Swarte of die verwydering van die Swarte uit die Blanke land nie, maar waar die enigste realistiese moontlikheid mag wees die verwydering van die Blankes, altans dié deel van die Blankes wat prysstel op die handhawing van eie identiteit en kultuur en behoud van politieke selfbeheer -- die verwydering van hierdie Blankes uit wat in feitlik 'n gemengde, noem dit geïntegreerde, land is of gaan word. Die punt mag bereik word dat die enigste uitweg is om naas Bantoetuislande en 'n min of meer gemengde Suid-Afrika, 'n gebied of gebiede uit te sonder as 'n 'Blanke tuisland' waar die Blanke onafhanklik homself kan bly regeer en handhaaf, terwyl hy verder in 'n los tussen-staatlike verband bly saamwerk met die ander dele van die voormalige Suid-Afrika.*

*"Dit sal 'n soort operasie Israel wees. Maar dit sal dieselfde historiese uitdaging bied wat die staat Israel se prestasies tot so 'n besieling vir die hele wêreld gemaak het. Vir 'n volk wat sulke oënskynlike verspottighede soos die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog kon aanvang, is hierdie uitweg iets wat nie sonder meer afgeskryf kan word nie. In elk geval kan dit nie tot die laaste minuut uitgestel word nie: dit is iets wat waarskynlik alleen geloods kan word solank die Blanke nog effektief beheer oor die huidige Blanke land uit-*

---

275. *Ibid.*

276. Kyk Van Heerden, F.J., "As die hele volk betoog", p. 46.

*oefen. Is hierdie gedagte vandag baie meer vergesog as wat die konsep van onafhanklike Bantoe-tuislande by die Volkskongres van 1951 geklink het?"*[277]

Uit filosofiese oogpunt beskou, word die begrip *partisie* onderlê deur die gedagte van 'n *fundamentele onversoenbaarheid* van onderskeie bevolkingsgroepe. "*So gesien*," skryf Du Pisani, "*verskaf partisie 'n ruimtelike dimensie aan die politiek as oplossing vir die kompleksiteite en konflik wat uit etnies-kulturele pluralisme voortspruit.*"[278] Verder veronderstel partisie gewoonlik 'n beskouing of selfs 'n aanname dat die konflikte wat deur groeps- en kulturele diversiteit gegenereer word, nie binne een enkele politieke stelsel geakkommodeer kan word nie. "*Partisie gaan dus van die veronderstelling uit dat eerder as om na akkommodasie te streef, die dominante politieke konflik ruimtelik hanteer moet word.*"[279] Partisie maak dus ruimte en voorsiening vir 'n **territoriaal-ruimtelike dimensie**. Die fase van *territoriale afbakening* gaan gevolglik alle ander fases in die ontplooiing van 'n partisiebeleid vooraf.

In die soeke na oplossings vir die komplekse situasie in Suider-Afrika, moet daar gepoog word om weg te stuur van die *bipolêre* konflik wat die land bedreig. In *territoriale geskeidenheid* tussen die verskillende volke en groepe lê die *sinvolle toekoms van Suid-Afrika*. Dit is ook in almal se belang dat *veral die Afrikaner* sal oorleef, want dit is hy wat hierdie nuwe land, onder die voorsienige hand van God, gebreek en beheers het. In 'n eie staat kan hy vir die hele subkontinent 'n onberekenbare seën wees. **Vryheid is 'n volk se kosbaarste besitting!** Vir die Afrikaner is dit 'n *vryheid* wat slegs in *sy eie volkstaat verwesenlik kan word*!

277. Viljoen, G. van N., soos aangehaal in Steyn, J.S., *Tuiste in eie Taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*, p. 377.

278. Du Pisani, A., "Partisie", p. 238.

279. *Ibid.*, p. 239.

# HOOFSTUK 5

## WAAROM 'N AFRIKANERVOLKSTAAT?

### *1. INLEIDING*

Die idee van 'n volk en sy land -- dit wil sê, 'n eie staatsterritorium -- tree al hoe sterker by talle Afrikaners na vore.[1] 'n Volk se eie grondgebied beteken veel meer as net die grense van daardie staat. Trouens, soos reeds blyk uit die vorige hoofstukke van hierdie verhandeling, oefen 'n volk se eie grondgebied 'n *rigtinggewende* invloed uit op die ontstaan en die behoud van die volksidentiteit. 'n Volkskultuur dra die stempel van daardie grondgebied en die liefde vir die eie grond bind 'n volk saam en voed so sy nasionale- en volkstrots. Soos hierdie hoofstuk wil aantoon, verskaf eie grond aan 'n volk 'n besondere mate van *fisiese* en *geestelike* vryheid, *veiligheid*, *sekuriteit* en *bestendigheid*. Die wêreldgeskiedenis toon hoedat eie grond 'n kerninvloed uitoefen op 'n volk se *aard*, sy *krag*, en sy *wil* om te bly voortbestaan. Sonder hierdie behoudende krag kan 'n volk nie bly lewe nie en is daar niks oor om voor te veg nie. Daar bestaan afdoende getuienis dat die skeiding van 'n volk

---

1. 'n Duidelike teken van die sterk groei in getalle onder die "regsgesindes" in Suid-Afrika, is die groterwordende steun wat veral die **Konserwatiewe Party** geniet in twee algemene verkiesings. So toon die algemene verkiesingsuitslae van Mei 1987 dat regse steun landswyd op ongeveer 26% staan, wat naastenby op sowat 538 640 KP-stemme dui. Saam met die **Herstigte Nasionale Party** kom die stemme op ongeveer 606 200 te staan. (Kyk Kaart: Bylae D, p. 363). Die uitslae van die September 1989 algemene verkiesing toon dat die swaai na regs voortduur. Landswyd het die steun vir die KP geklim na 33%. Die Nasionale Party moes 27 setels na links en na regs afstaan. In al vier die provinsies was daar 'n mediaan swaai na regs: Transvaal 1 persent; OVS 6,5 persent; Kaapland 5 persent en Natal 3 persent. (Kyk **Rapport**, 17.09.89.) Die persentasies uitgebragte stemme lyk soos volg: **Transvaal**: NP 46%; KP 42%; DP 13%; HNP 1%. **Vrystaat**: NP 51%; KP 47%; DP 2%; HNP 1%. **Kaapland**: NP 54%; DP 28%; KP 19%; HNP 1%. **Natal**: NP 44%; DP 43%; KP 14%; HNP 1%.( Kyk **Die Volksblad**, 08.09.89)

en sy land sy lewensaar afsny. Dit lei na ontworteling en grens feitlik aan verbanning!

'n Volk verloor sy krag waar twee of meer volke dieselfde land deel en waar samegroeiing noodwendig moet plaasvind. Jooste wys tereg daarop dat, "*daar geen maatreël te bedink (is) wat kan keer dat sulke volke óf deur samegroeiing óf op 'n ander wyse van die toneel verdwyn nie.*"[2] Volke wat in ras en kultuur skerp verskil groei uiteraard nie sonder *stryd*, *ontwrigting* en *lyding* saam nie. Meesal loop dit op onderdrukking uit en dit kan selfs regstreeks volksuitwissing tot gevolg hê, tensy daar natuurlik oor die *verdeling* van grond ooreengekom kan word.

Dus, die steeds toenemende en uitgebreide propagandanetwerk vir één onverdeelde Suid-Afrika wat mense, ongeag hul volksverband wil saambind, wek steeds verbasing gesien in die lig van die feit dat die wêreld talle voorbeelde vertoon waar daar onvrede heers wanneer heterogene bevolkingsgroepe in 'n *eenheidstaat* saamgedwing word. Boshoff en Jooste skryf tereg: "*Dit spreek immers vanself dat die beginsels van volkskap, wat vir alle volke moet geld, nie in 'n ras- en volksgemengde staat steekhoudend toegepas kan word nie. Volke wat 'n staat deel, kan byvoorbeeld nie almal oppermagtig wees nie; almal se gelowe, lewensbeskouings, tale en gebruike kan nie voorrang geniet nie. Die volk wat voorrang verlang, sal die mag moet gryp en die ander oorheers. Indien die ander nie met oorheersing genoë neem nie, tree 'n magstryd in wat burgeroorlog kan beteken.*"[3] Ten spyte van die mislukkings waar hierdie tipe staatsvorm op heterogene gemeenskappe afgedruk is, *word dit steeds as model aan die mense in Suid-Afrika voorgehou*! Treurnicht wys daarop dat, "*baie van ons mense (het) agter die liberaliste aan begin praat van één nasie van 25 miljoen mense wat maar net deur 'n nuanse van pigmentasie van mekaar onderskei word. Die bestaan van volke word langtand toegegee, maar verder is dit vir hulle irrelevant. Die idee van 'n staatsnasionalisme vir die hele Suid-Afrika word bepleit in plaas van die volkstaatgedagte en nasionale selfhandhawing vir die verskillende volke.*"[4]

2. Kyk Jooste, C.J., " 'n Land vir die Afrikaner: Noodsaaklikheid, agtergrond en voorgestelde riglyne", p. 89.

3. Kyk "Afrikanerbestemming: Burgerstaat of volkstaat?", in Boshoff, C.W.H. e.a., *Die Volkstaat as Afrikanerbestemming*, p. 48.

4. Treurnicht, A.P., "Nasionale selfhandhawing", p. 14.

In die lig van die hantering van die vraag: **"Waarom 'n Afrikanervolkstaat?"**, moet dit gesien word teen die agtergrond van 'n wêreldwye verskynsel waar volke en groepe streef na volle selfbeskikking. Die geskiedenis leer dat die strewe na 'n eie staat vir 'n volk nie onderskat moet word nie. Boshoff skryf tereg: "*Die volkstaat is die hoogste ideaal vir elke volk wat sy eiesoortige voortbestaan, vryheid van oorheersing en selfbeskikking oor sy land en al sy kulturele instellings as onverhandelbaar beskou ... Vir elke volk in Suid-Afrika kan dit die eietydse oplossing vir sy vryheidsvraagstuk wees.*"[5] Wat baie Afrikaners betref, mag die idee sluimerend geraak het, maar as dit skielik sou ontbrand kan die sogenaamde "*onmoontlike*", moontlik gemaak word. Ook klein volke kan met die nodige wilskrag op 'n soewereine volksbestaan aanspraak maak.

Die begrip **volkstaat** of ekwivalente daarvan, word wyd aangetref, verwysende na Europese volkstate soos Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland, en andere. In Suider-Afrika tref ons volkstate aan soos Lesotho, Swaziland, Botswana, Transkei, Venda, Ciskei en Bophuthatswana. Daar is ook ander volke wat konstitusioneel op pad is na onafhanklikheid, naamlik die selfregerende state van KwaNdebele, Gazankulu en Lebowa. Selfregerende state soos KwaZulu en Qwa-qua, verwerp die idee van onafhanklikheid. Ironies is die feit dat dit net in die Republiek van Suid-Afrika is waar die *staat* nie 'n *volk* het of is nie. Hier bestaan die bevolking uit verskillende groepe of segmente van die samelewing wat as *minderheidsgroepe* bestempel word. Almal is, "*Suid-Afrikaners*". Dit is dus duidelik dat 'n afgebakende, begrensde territorium soos die RSA, *nog géén volkstaat is nie*.

Om as volkstaat te kwalifiseer moet so 'n territorium *beset* word deur 'n volk wat met bande van taal, kultuur, tradisie en algemene lewens- en wêreldbeskouing aan mekaar, en ook aan 'n gemeenskaplike grondgebied, gebind is. Die bevolking van Suid-Afrika kan byvoorbeeld nie net uit 'n aantal Blankes bestaan sonder enige binding hoegenaamd en dan nog as volk bekend staan nie. Boshoff skryf: "*In so 'n staat moet die draad van Afrikanergeskiedenis en tradisie voortgesit word; die bevolking moet uit Afrikaners bestaan en uit ander Blankes wat hulle met die Afrikanerstrewe vereenselwig en saam met Afrikaners 'n staat wil stig. Die Afrikaner se Protestantse erfenis en sy*

5. Kyk Boshoff, C.W.H., "Die volkstaat as eie-tydse oplossing vir die Afrikaner se vryheidsvraagstuk", Referaat voor Ordes, UOVS, 12 Mei 1989, p. 7.

*Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, moet die staatsontplooiing op elke lewensterrein beheers.*"[6]

In wese koester die meeste Afrikaners dieselfde begeerte as enige ander volk ter wêreld, naamlik selfbeskikking met al die konsekwensies daarin opgesluit. Die Afrikaner wil nie oorheers nie, maar wil ook nie oorheers word nie. Daar is talle wat hulle eie, onverdeelde volkstaat wil hê met een burgerskap vir al sy inwoners: dus, 'n *volkstaat* en nie 'n *burgerstaat* soos dit tans die geval in Suid-Afrika is nie. Hulle wil 'n erfpag hê wat vir hul nageslag vrede, voorspoed en welvarendheid kan verseker.[7] Die volkstaat-gerigte Afrikaners wil *Blank* bly en hul *Calvinistiese* oortuigings doelgerig uitleef. Hulle wil hul voortbestaan in geregtigheid beoefen wat nie beteken om te diskrimineer nie, maar om te differensieer. Hulle wil derhalwe niemand onderdruk nie, maar is beslis ook nie van plan om, soos Van Wyk Louw skryf: "... *al die hoop en al die strewe van geslagte (te) laat ondergaan in 'n vormlose volksbredie nie.*"[8]

Dit was reeds met die aanvaarding van die *1983 grondwet* vir die RSA duidelik dat Suid-Afrika 'n *burgerstaat* sou wees. 'n Burgerstaat bestaan uit 'n omlynde grondgebied met 'n bevolking en 'n owerheid. Die bevolking van die *"nuwe Suid-Afrika"* sal dus bestaan uit al die bewoners van daardie grondgebied, en al die inwoners is *burgers* van die RSA. Daar moet dus in so 'n burgerstaat voorsiening gemaak word vir 'n owerheid wat uit al die burgers verkies of saamgestel sal word. Vanuit ons oogpunt gesien bestaan daar onoorbrugbare probleme om van Suid-Afrika 'n *burgerstaat* te maak. By geleentheid wys Viljoen tereg daarop dat die idee van een staat met een *staatsvolk*, ten spyte van 'n volkeverskeidenheid binne sy grense, "*is 'n soort dogma of geloofstuk, en daar ontbreek trouens empiriese bewysgrond dat dit êrens, veral in 'n situasie vergelykbaar met Suid-Afrika, tot 'n vreedsame maatskaplike ordening kan lei of gelei het.*"[9] Die Zoeloeskrywer, J.K. Ngubane, het bevind dat die geesteshouding van Swartes en Blankes, veral ten

6. Boshoff, C.W.H., "Die reg van 'n volk: Samevatting en toekomsbeeld", p. 12.
7. Kan dit iemand verkwalik word as hy skepties sou staan teenoor die beginsel van magsdeling in 'n sterk heterogene samelewing soos Suid-Afrika? Na my mening kan ons met geen sekerheid vir die Blanke Afrikaner 'n veilige en vredevolle toekoms verseker onder so 'n politieke bedeling nie. Lijphart skryf tereg: "In the extreme cases of plural societies such as South Africa, the outlook for democracy of any kind is poor ..." Kyk Lijphart, A., *Democracy in Plural Societies: A Comparative Exploration*, p. 236.
8. Kyk aanhaling in Bruwer, P.F., *Republiek Afrikana: 'n Tuiste vir die Afrikaner*, p. 11.
9. Viljoen, G. van N., *Bantoe buite die Tuislande: Riglyne vir die Toekoms*, p. 2.

opsigte van hul mensbeskouing, sodanig verskil dat hulle binne dieselfde staat met onoorkomelike voortbestaansvraagstukke te doen sal kry. Volgens hom sal die vraagstukke uiteindelik deur 'n ooreenkoms tussen Afrikaners en Swartmense oorbrug moet word en dit sal 'n ooreenkoms oor *gebiedskeiding* moet wees.[10] Ook Hoernlé het bevind dat die *burgerstaatgedagte* uitermate beproef sal word wanneer dit in *rasgemengde omstandighede* toegepas sal word.[11] Die geestelike klowing in 'n *burgerstaat* blyk dus 'n belangrike faktor te wees om in gedagte te hou.

Uit die aard van die saak is alle inwoners van 'n *burgerstaat* vry en gelyk en word die *enkeling* se belange hoër geag *as die van die volk*. Daar moet dus van tyd tot tyd skerp verskille ontstaan asook 'n botsing van belange. Hierdie tussengroepspanning neig in die meeste gevalle om tot geweld oor te gaan. Selfs die skrywer Alan Paton het by geleentheid gewaarsku dat indien integrasie in 'n *burgerstaat* afgedwing sou word, sal dit "*miljoene dooies*" tot gevolg hê.[12] Vir 'n *burgerstaat* om te kan slaag sal die Afrikaner spesifiek homself met 'n minderheidsrang en met Swartoorheersing moet kan vereenselwig. Hy moet egter besef dat hy vanuit daardie posisie nie in staat sal wees om op volle selfbeskikking aan te dring nie. Ten einde pariteit en gelykheid in die veelrassige samelewing te bereik sal die Afrikaner bereid moet wees om sy lewenstandaard en ook sekere norme te verlaag.

In ag genome die bostaande paragrawe, kom dit dus daarop neer dat die afsonderlike volksbestaan van volke in Suid-Afrika nie ontleed en bespreek kan word sonder die beginsel van 'n **eie territorium** vir elke **volk** nie. Coetzee skryf: "*Volk en vaderland is twee kante van dieselfde penning omdat die mens, ook en veral in sy volksverband, nie in die lug rondsweef nie maar aardgebonde is.*"[13] Hy wys voorts daarop dat die eise en die regte, die verpligtinge en die voorregte wat deur wette, dit wil sê die bepalings van gesagsinstansies vasgelê is, slegs gelding het binne bepaalde gebiedsgrense. Hy vra: "*Is die woord* ge-

---

10. Kyk Ngubane, J.K., *Conflict of Minds*, p. 286 e.v.
11. Kyk Hoernlé, R.F.A., *South African Native Policy and the Liberal Spirit*, p. 152 e.v.
12. Paton, soos aangehaal in Von der Ropp, K., "Power Sharing versus Partition in South Africa", *Australian Outlook*, 35:2, pp. 158-168. Kyk ook Boshoff, C.W.H. en Jooste, C.J., *Die Volkstaat as Afrikanerbestemming*, p. 57.
13. Coetzee, J.H., "Suid-Afrikaanse tuislande in die raamwerk van afsonderlike ontwikkeling", pp. 1-2.

bied, *wat in Afrikaans 'n territoriale betekenis verkry het, nie afgelei van gebied* (gebod) *wat, 'beveel' beteken nie?*"[14]

Die roeping van die Afrikanervolk lê daarin opgesluit dat hy die grond wat aan hom gegee is sal *bewerk* en *bewaak*. Dit is in 'n bepaalde sin ook vir die Afrikaner van eskatologiese betekenis. Die volkstaat-gerigte Afrikaner glo dat God hom met 'n doel hier geplant het, nie om onder te gaan in 'n "*vormlose volksbredie*" nie (Van Wyk Louw), maar om in hierdie land sy staatsgebied te laat gedy in 'n *eie Christelike staat.*

## *2. PERSPEKTIEF OP 'N AFRIKANERVOLKSTAAT*

Soos reeds in vorige hoofstukke vermeld, is die strewe na onafhanklikheid in 'n eie soewereine staat 'n wêreldwye verskynsel. Dit is na my mening die enigste haalbare oplossing vir die vrede en veiligheid van volke enige plek ter wêreld, ook in Suid-Afrika. Hierdie strewe (en ook stryd) na 'n eie tuiste vir etniese volke, veroorsaak tientalle oorloë dwarsdeur die wêreld en mense is toenemend bereid om selfs te sterf (en die kans om selfs uitgewis te word), vir die ideaal van 'n eie vaderland.[15] Viljoen skryf: "*Gesien die praktiese ervaring in plurale of veelkulturige samelewings is die kultuurverskille tussen die verskillende volke in Suid-Afrika so diepgaande en radikaal dat dit nie moontlik is om alle volke van Suid-Afrika suksesvol en vreedsaam binne één geïntegreerde politieke gemeenskap met gelyke regte vir almal saam te organiseer nie. Universele ervaring en gesonde verstand wys dat so 'n benadering nie kan werk nie. Politieke integrasie is 'n onrealistiese en werklikheidsvreemde illusie, 'n teoretiese dogma, 'n ideologie.*"[16]

Dit is verder ook in lyn met die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** se siening as hulle bevind dat, wat toekomstige gemeenskapsverhoudinge en die beleid daarteenoor betref, "*beskou die komitee integrasie (soms assimilasie genoem), waarvan die uiteindelike oogmerk is om segmentale of groepsgrense uit te wis of te vervaag, as volkome onrealisties in Suid-Afrikaanse omstandighede.*"[17]

---

14. *Ibid.*

15. Kyk Kaart: Bylae A, p. 360.

16. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid: Rekenskap deur 'n Afrikaner*, p. 92.

17. Kyk PR 3/1982, p. 24.

Die lys van strydende groepe dwarsdeur die wêreld is indrukwekkend en is te veel om volledig in hierdie verhandeling te bespreek.[18] Enkele uitstaande gevalle wat ook telkens die wêreldnuus haal, is byvoorbeeld:

* Die oorlewingstryd en strewe na 'n eie tuisland van die Tamils in Sri-Lanka. Die stryd hier is hoofsaaklik tussen die Tamils en die Singalese wat die regering domineer. Die Tamils is maar ongeveer 300 000 siele wat 'n bloedige stryd voer om 'n stukkie grond te bekom wat hulle hul eie kan noem. Sedert 1983 het reeds 4 500 mense gesterf.[19]

* Bekend is ook die stryd van die Baske in Spanje. Die Baske veg in drie noordelike provinsies om onafhanklikheid. Sedert 1968 is meer as 500 mense dood.

* Nederland het te doen met sy Molukkers;

* België met sy Vlaminge; en

* Spanje ook met die Katalane wat streeksonafhanklikheid in die noordooste wil hê.

* In Australië stry die Aborigines steeds vir die herstel van hul onafhanklikheid, al is dit net in 'n kleiner deel van die land.

* Die grusame gevolge van die Biafrane se poging om maar net oor hulself te regeer is al byna vergete. Miljoene Biafrane het gesterf.

* Indië beleef geweldadige etniese en godsdienstige konflikte. Die ergste gevalle word aangetref in die Pandjab-provinsie waar die Sikhs onafhanklikheid eis. Tussen 1984 en 1986 het reeds 5 000 mense gesterf. Die moord op Premier Indira Ghandi aan die hand van haar Sikh-lyfwagte is welbekend.

* In Turkye dring die Koerde (20% van die bevolking) aan op 'n onafhanklike staat in die suid-ooste van Turkye.

---

18. Kyk Kaart: Bylae A, p. 360.

19. *Ibid.*

* In Israel vlam die stryd gereeld op tussen die Israeli's en die Palestyne op die Wesoewer van die Jordaan, die Gaza-strook en in Suid-Libanon.

* Selfs in die magtige Rusland, met sy groot getalle, sy uitgestrekte territorium en talle verskillende volke, wat binne dieselfde grense saamwoon, ondervind sommige van hierdie volke 'n sterk drang na 'n eie tuisland. 'n Heel resente voorbeeld is die Tartare van die provinsie Krim wat eis om hulle tuisland terug te kry wat Stalin in 1944 tot niet gemaak het. Uit berigte wil dit voorkom asof die Russiese regering die versoek gunstig oorweeg.[20]

Interessante gegewens uit die geskiedenis toon dat vele pogings al aangewend is om die vasteland van Europa te verenig, genoem die sogenaamde "*European unity*". 'n Britse historikus, Johnson, wys daarop dat groot staatsmanne soos Konrad Adenauer en generaal Charles de Gaulle daaroor eens was dat 'n groter samewerking tussen die Europese volke kan plaasvind, dog hulle was net so beslis daaroor dat elke staat se identiteit behoue moes bly. Generaal de Gaulle het gepraat van die **Europe des Patries**: *Europa van die Vaderlande*. Johnson skryf: "*He was strongly opposed to anything which would fundamentally undermine the sovereignty of his own country or the sovereignty of other countries.*"[21]

**"Vrystaat-Spieël"**, haal uit 'n regse koerant in België aan, wat deur die Vlaminge aldaar uitgegee word, en waarin die redakteur skryf: "*Een Vlaamse onafhanklike staat is ons enigste doel, maar een zuivere en propere Vlaamse staat. Een Vlaamse staat waarin rechts geen scheldwoord is, maar een bewuste*

---

20. **Die Volksblad** berig dat die Kremlinleiers 'n spesiale kommissie van ondersoek aangestel het om die posisie van die Krim-Tartare te ondersoek nadat lede van die groep in 1987 betoog het vir die teruggawe van hul historiese tuisland, die Krim-Skiereiland. Die Krim-Tartare is egter nie die enigste "*onrustige etniese groep*" in die Sowjet-Unie nie. Die Wolga-Duitsers – mense wat in die agtiende eeu na Rusland gebring is – het na die Revolusie van 1917 selfs 'n eie Sowjet-Republiek gehad, maar is in die Tweede Wêreldoorlog na Sentraal-Asië gedeporteer. Die belangrikste etniese twis is egter vandag dié tussen Armenië en Aserbeidjan oor die enklave Nagorno-Karabach. Die Armeniërs eis dat die gebied by hulle republiek ingelyf word. Dit skyn egter asof daar nie veel hoop daarvoor bestaan nie. Resente voorbeelde van onrus in die Sowjet Unie is die state **Estland, Letland** en **Lataue**, state in die weste van Rusland. Kyk, "*Etniese pot bly kook*", in **Die Volksblad**, 23 Junie 1988.

21. Kyk artikel in **The Plain Truth**, July-August 1987, p. 3.

*lewensrichting voor orde en sociale rechtsvaardigheid. Een Vlaamse staat waar het volk niet alleen solidair is met het Zuid-Afrikaanse Boerevolk omdat wij van dezelfde Nederlandse afstamming zijn, maar omdat de strijd van die Boeren ook en nog steeds onze strijd is. Omdat Die Stem ook Onze Stem is.*"[22]

As daar gekyk word na die voorafgaande bespreking van die vryheid- en onafhanklikheidstrewe by talle volke in die wêreld, dan merk ons op dat hulle feitlik oral die *minderheid* vorm. Die begrip *minderheid* is egter 'n relatiewe begrip, want hoewel in die minderheid ten opsigte van die breë bevolking in die landstreek, is hulle eintlik 'n meerderheid wat hul volk betref. So is die Afrikaner byvoorbeeld die meerderheidsgroep van die Blankes in Suid-Afrika.

Die huidige regeringstandpunt is dat Suid-Afrika 'n land van "*minderhede*" is en dat hierdie minderhede se regte grondwetlik "*gewaarborg*" moet word. Daar moet ooreengekom word dat in die één staat, die RSA, almal moet saambestaan sonder dat die een groep die ander oorheers. Groepe wat uit eie beweging hul geledere wil sluit, moet nie verhinder word nie. Feit van die saak is egter dat 'n bepaalde minderheid ook tog 'n meerderheid veronderstel. Die Blanke minderheid kom te staan voor 'n Swart meerderheid, al wil dit hoog opgegee word dat Swartes in hul etniese volksverdeling ook elkeen 'n minderheid is. Dit moet noodwendig daartoe lei dat groepsidentiteit vervaag en uiteindelik tot niet gemaak word. Breytenbach wys op bekende gevalle in Afrika as hy skryf: "*The methods are varied, and include the following: deliberate non-recognition of separate racial, ethnic, cultural, socio-economic and political minorities; the expulsion of unassimilated groups such as the Asians in East Africa and the Goams in Malawi; institutionalized subjugation of minorities through,* inter alia *the perpetuation of the subjugated statutes of opposition groups ... The most publicized examples of physical elimination are the persecutions, not of groups -- because groups are not recognized -- but of 'disloyal elements' such as the Tutse tribesmen in Rwanda, the Hutu tribesmen in Burundi, Negroid southerns in Sudan, Ibo tribesman in Nigeria, and elimination of disloyal opposition elements among the Ganda, Lango, Lugbana and Acholi tribes in Uganda.*"[23]

---

22. Kyk **Vrystaat-Spieël**, 7-20 Augustus 1987.

23. Breytenbach, W.J., "The protection of minority rights in Africa", in Rhoodie, N. (ed.), *Intergroup accommodation in plural societies*, pp. 292-293.

Dus, die geskiedenis en praktiese voorbeelde uit Afrika (met uitsondering van moontlik Kenia), wys dat geen betekenisvolle rol, vir veral Blanke minderhede in 'n staat wat deur 'n Swart meerderheid regeer sal word, gespeel sal kan word nie.

Indien 'n owerheid hom stel op die beginsel van politieke en maatskaplike gelykheid in 'n onverdeelde land, moet die kern van die mag vierkantig in die hande van die meerderheidsgroep geplaas word: Dit is demokraties en al uitweg wat sedelik verantwoordbaar is. As 'n staat uit één grondgebied, één owerheid en één bevolking, waarvan die lede almal gelyk geag word, bestaan, is dit 'n **eenheidstaat**, hoe daar ook al daaroor geredeneer word. Die slagkreet dat die bevolking uit minderhede bestaan en dat 'n grondwet gevind moet word wat sal verhoed dat die een groep deur die ander oorheers word, is 'n poging om aan die een-mens-een-stem en die wenner-vat-alles-beginsel, te ontkom. Om minderhede te beskerm moet die regte van die minderhede dus statutêr *gewaarborg* word, waarskynlik deur 'n *Handves van Menseregte*. Oor grondwetlike waarborge skryf dr. C.J. van der Merwe, LP: "*Gou het dit egter geblyk dat grondwetlike waarborge nie die papier werd is waarop dit geskrywe staan nie. Een diktator na die ander het die grondwet opgeskeur en gedoen aan die minderheid net wat hy wil ... So het die besef uiteindelik gedaag dat die waarborge ... nie net in die grondwet geskryf moet staan nie maar ook in die harte van mense.*"[24]

Na my mening sal dit ook destabiliserend inwerk op die bestendigheid van ons grondwet. Die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad** sien gevare in die situasie waar grondwette kort-kort verander word. "*Dit sal veral geld in die geval van 'n hoogs dinamiese samelewing wat voel-voel sy pad soek na die oplossing van sy politieke probleme ... Min dinge sal groter skade berokken aan die vooruitsigte op ordelike staatkundige ontwikkeling as die invoering van veranderinge wat aangebring word slegs as gevolg van onmiddellike en korttermyn druk. 'n Herhaaldelike getorring aan 'n regeringsvorm doen afbreuk aan die gesag van die grondwet self, veroorsaak onsekerheid en werk onstabiliteit in die hand.*"[25]

Oor minderhede skryf Venter: "*Minderhede dwarsdeur die wêreld het langs 'n harde weg geleer dat hulle hul identiteit net kan behou deur selfbeskikking in 'n omlynde gebied en dit is wat hulle volhardend eis van die owerhede*

24. Van der Merwe, C.J., *En wat van die Swartmense?*, p. 6.
25. Kyk PR 3/1982, p. 23.

*en eenheidstate waarin hulle verkeer en verdruk word ... Volke is steeds werklikhede wat hulle nie in die geskiedenis onbepaald laat rondstoot het nie en wat menige liberale politieke kaartehuis al laat intuimel het."*[26] Waarborge van minderhede het dus nie 'n empiries waarneembare suksesverhaal in die volkereg nie. Dit het nooit die positiewe handhawing en ontplooiing van 'n volk se volkskap, en om dit te bestendig, in die oog nie.

Die kontak en die reël van volkereverhoudinge in Suid-Afrika kom 'n lang pad. Vroeg reeds is die kulturele en rasseverskille sterk aangevoel. Die eerste kennismaking met die nie-Blanke groepe in Suider-Afrika het by talle seevaarders nie juis 'n gunstige indruk gelaat nie.[27] Dit was veral die Hollanders wat die verskil in kulturele peil sterk aangevoel het. Die gedrag van veral die Hottentotte was bedrieglik en onvoorspelbaar. Geen wonder dat Jan van Riebeeck geadviseer is om hom, "*in 'n staat van verdediging*" teenoor die inwoners te stel nie, omdat hulle 'n "*rowwe nasie*" is, en vir die Hollanders was sy Westerse kultuur tesaam met sy Calvinistiese Protestantisme 'n bron van daadkrag teenoor die primitiwiteit van die Hottentot. Vanaf die begin was die verhouding een van gespannendheid en afsondering. As gevolg van hul luiheid moes Van Riebeeck slawe bo die Hottentotte verkies om die werk te doen.[28]

Die kennismaking met die Swart volke uit die binneland sedert die einde van die agtiende eeu, het nie vir die Afrikaner in dieselfde mate beginselvraagstukke opgelewer as byvoorbeeld met die Hottentotte en die slawe nie. Die Swarte het meer belanggestel in grond en om dit te bewerk. Hulle was ook hegter georganiseer op maatskaplike, politieke en op ander gebiede. Hul vermoë om hul identiteit te behou en te handhaaf, al sou hulle vir geslagte onder vreemdes woon, is deur die Afrikaner goed begryp.[29] Dwarsdeur die negentiende eeu sou dit vir die Afrikaner moontlik wees om die Swart volke as soewereine volke te benader en om die integriteit en aansprake op hul eie grondgebied te erken en te eerbiedig. Die vaagheid oor die grense, veral deur onbevredigende en oneffektiewe beheer deur die owerhede, het baie grensge-

26. Venter, J.F., *'n Nuwe Grondwet vir die RSA: Plaaslike regering en selfbeskikking*, p. 47.
27. Coertze, P.J., *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*, pp. 91-95.
28. *Ibid.*, p. 94. Kyk ook Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 61.
29. In die later jare sou die verstedeliking van die Swartman hierdie binding aan sy volk baie afwater. Baie van hulle sou, "*token Blacks*" en "*South Africans*" word en so hul etniese binding afsweer.

skille veroorsaak. Die Britte se inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake is welbekend. Baie van ons dag se probleme kan direk teruggevoer word na Britse inmenging. Talle ooreenkomste met die Swart volke was waardeloos omdat hulle nie met die regte persone onderhandel het nie. Van vroeg af reeds het die Blanke ook te doen gekry met die getalleprobleem in Suid-Afrika. Op daardie stadium sou die Afrikaner geen antwoord vir so 'n vraagstuk hê nie. Botsings oor besitreg en die benutting van grond het die vraagstuk vererger. Interessant was die feit dat die eerste man wat die oplossing in gebiedskeiding gesien het, Goewerneur Joachem van Plettenberg was. Scholtz skryf: "*Van Plettenberg geniet dus die eer dat hy die eerste man was wat gebiedskeiding as oplossing vir die vraagstuk van rasseverhoudinge gesien het.*"[30]

Botsings met die Swartes sou 'n nuwe en oorheersende element in die geskiedenis van die Afrikaner word. Die Britse filantropisme sou sake baie vererger. 'n Breuk met die Britse owerheid was onafwendbaar en die Afrikaner was feitlik gedwing om die bande te breek en die binneland in te trek. Die gevolg daarvan was die **Groot Trek**.

Ironies genoeg het hierdie gebeure die Afrikaner se identiteit versterk. Baie Afrikaners het verkies om onder die kultureel-verslawende invloed van die Britse owerheid in die Kaap agter te bly, dog talle sou egter hul enigste heil sien in 'n soewereine bestaan en 'n regering wat deur hulself verkies is. Gann en Duignan beskryf die Groot Trek soos volg: "*The Great Trek was the Boer frontiersman's Declaration of Independence.*"[31]

Op 'n vergadering van 2 000 Afrikaners op 2 November 1831, word dan ook verklaar dat 'n gekose wetgewende vergadering nodig is om hul probleme op te los. In 1836 sou hulle die Britse juk van hulle afskud. Hulle sou na 'n eie gebied trek waar hulle vry kon wees. Tydens die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949, verklaar dr. D.F. Malan: "*Hulle oneindig groter prestasie was dat hulle aan die nageslag nie slegs grondgebied nagelaat het nie, maar grondgebied wat tegelyk draer en verdere kweekplek was van die volksiel.*"[32] Die Afrikaner sou dus wegtrek om 'n

---

30. Kyk Scholtz, G.D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel I, pp. 214-215.
31. Gann, L.H. en Duignan, P., *White Settlers in Tropical Africa*, p. 31.
32. Kyk Malan in Müller, C.F.J.(red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 125. Kyk ook Pienaar, S.W. (red.), *Glo in u volk*, pp. 132-134.

omlynde grondgebied te vind waarop hulle 'n staat kon stig om sodoende aan 'n vreemde owerheid met sy vreemde waardesisteme te ontkom. Dit was 'n *identiteitskonsoliderende* daad wat in die verloop van die geskiedenis deur talle gebeure soos Bloedrivier, Vegkop en die stigting van die Boererepublieke aangevul is. Fouché skryf: "... *the Great Trek was fundamentally a desperate protest against equality between black and white ... They withdrew into the wilderness to work out their own salvation. They established States and institutions in which their philosophy was embodied. They achieved self-determination and established a new civilization ...*"[33] Ook MacCrone skryf: "*The very 'soul' of the frontier community was threatened, and to save that 'soul' it was prepared as a Trekker community to go into the wilderness ...*"[34] Meyer sien die Groot Trek as, " *'n positiewe staatkundige bevrydingsdaad ter verwesenliking van die afsonderlike volkskap, ter vervulling van die afsonderike goddelike volksroeping*",[35] terwyl Müller die Groot Trek beskryf as 'n, "*geslaagde staatsdemokratiese revolusie van die Afrikaner.*"[36] Hy skryf: "*Die Groot Trek het unieke revolusionêre eienskappe vertoon, want dit het ook elemente van 'n konserwatiewe teenrevolusie bevat. Onder filantropiese invloed is, volgens die gevoel van die Afrikanergrensboer in die Kaapkolonie, 'n revolusionêre kleurbeleid ingevoer. Dat dit tesame met 'n administratiewe besparingsveldtog toegepas is, het by baie grensboere emstige griewe opgewek. Deur die Britse kolonie te verlaat kon hulle weer hulle tradisionele kleurbeleid in hul eie staat instel.*"[37]

Waar die *kulturele omlyning* van die Afrikanervolk teen die einde van die agtiende eeu 'n redelike konkrete vorm aangeneem het, was die negentiende eeu die tydvak van *staatkundige* en *geografiese omlyning*. Jooste skryf: "*Die onvermoë van 'n volk om homself kultureel en andersins te laat geld as hy nie onder sy eie owerheid op sy eie grond woon nie, is ten sterkste belewe in die laaste drie dekades van die Nederlandse en die eerste drie van die Britse bewind. As die geografiese omlyning onduidelik en verbrokkel was en die staatkundige ordening teenstrydig met hul kultuurideale, kan mense hulle nie ondubbelsinnig met staat en land identifiseer nie, dit wil sê die volksidentiteit kan*

33. Kyk Fouché, L., "Causes and consequences of the Great Trek", in **The Star**, 12 December 1936.

34. MacCrone, I.D., "The Great Trek and its centenary celebration in the light of group psychology", p. 82.

35. Meyer, P.J., *Die Afrikaner*, p. 88.

36. Müller, C.F.J., *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp. 177-222.

37. *Ibid.*, p. 46.

*nie in die praktyk funksioneer nie.*"[38] Die republieke wat dus deur die Afrikaner gestig is, het beslag gegee aan die lewensbeskouing en waardes van die Afrikaner van die agtiende eeu.

Die jare sedert 1910 sou gekenmerk word deur die politieke en maatskaplike probleme wat tussen Wit en Swart sou heers. In 'n poging om bevredigende modelle te vind is daar op verskillende politieke modelle gekonsentreer. Vanaf 1910 tot 1948 is daar met wisselende aksente gewerk met variasies van segregasie en integrasiemodelle. Dit was sedert 1948 dat daar 'n duidelike *segregasiemodel* ontwikkel is. Die skepping van Swart nasionale state was 'n duidelike heenwysing waarheen die Suid-Afrikaanse regering met die Swart volke wou gaan.[39] In 1976 het die Transkei onafhanklikheid aanvaar, gevolg deur ander Swart volke soos Venda, Ciskei en Bophuthatswana.[40] Onder die Eerste Ministerskap van dr. H.F. Verwoerd het die beleid van vrye volkstate vir die Swartes momentum verkry en het geblyk die oplossing te wees. Trouens, in 1978 was reeds sowat 52% Swartes in hul eie lande woonagtig teenoor die 33% van 1951.[41] Van der Merwe skryf ook: "*Dit is dus waar dat in die volkstaatsituasie (soos wat in die meeste Europese lande bestaan) 'n volk dus die maksimum selfbeskikking kan ervaar. (In sodanige omstandighede kom selfbeskikking en soewereiniteit gelyktydig voor). Dit was ook die rede waarom die Nasionale Party vir baie jare 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling nagestreef het met die doel om 'n volkstaat vir elke volk in Suid-Afrika te skep.*"[42]

In toenemende mate sou die "*Tuislandbeleid*" egter onder druk kom. Die huidige Suid-Afrikaanse regering handhaaf egter steeds die gedagte dat

38. Jooste, C.J., "Die Afrikanervolk en die nie-Blanke", in Nel, P.G. (red.), *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 362.
39. Kyk die historiese proses asook wetgewing in hierdie verband in Malan, T. en Hattingh, P.S., *Black Homelands in South Africa*, pp. 1-2.
40. Met sy uittrede uit die politiek het die voormalige Eerste Minister en Staatspresident van die Transkei, Hoofman Kaiser Matanzima die Nasionale Partyregering van 1948 bedank omdat hulle, deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling, aan 'n volk soos die Xhosas in die Transkei die geleentheid gebied het om die hoogste vorm van staatkundige vryheid te verkry, naamlik 'n soewereine staat met volle selfbeskikking op 'n eie staatsterritorium.
41. Kyk "Ontmoet die KP", p. 5.
42. Van der Merwe, C.J., (samesteller), "NP Standpuntstelling Nr. 1: Magsdeling (en verwante begrippe)", p. 8.

Swart state onafhanklik word, dog, soos gestel: "*Dit sal nie op hulle afgedwing word nie.*"[43] Die state wat nie onafhanklikheid aanvaar nie, "*sal ook toenemend in kollektiewe strukture met die RSA en ander onafhanklike state kan saamwerk.*"[44] Swartmense buite die nasionale state is almal "*burgers van die RSA*" en, "*die burgerskap van Swartmense wat permanent in die RSA woonagtig is, (gaan) herstel word in gevalle waar hulle dit verloor het as gevolg van die onafhanklikwording van die TBVC-lande ... Volle burgerskap behels ook stemreg ... Stemreg vir Swartes is nie strydig met NP beginsels nie. Ons glo dat Swartes net soveel reg daarop het as enige ander burger in Suid-Afrika.*"[45]

Inderwaarheid kan Swartes van die TBVC-lande, "*dubbele burgerskap*" verkry omdat, "*vanweë die sterk historiese band met hierdie state en die groot mate van interafhanklikheid tussen Suid-Afrika en hierdie state hulle as deel van Suider-Afrika in 'n breër konteks beskou (word).*"[46] Dr. Stoffel van Merwe, LP, skryf ook in hierdie verband: "*In die vroeë tagtigerjare het die Nasionale Party, in die lig van onomstootlike getuienis en ervaring, tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgrote meerderheid van die Swartmense wat in die sogenaamde 'Blanke' gebied teenwoordig is, nie na hul tuislande sou terugkeer nie en gevolglik as permanente inwoners van Suid-Afrika beskou moes word. Dit het dan ook beteken dat hulle daarop geregtig is om hul stemreg uit te oefen op die plek waar hulle woon en ten opsigte van die regering wat daagliks oor hul lot beslis. Dit kom neer op die toekenning van stemreg aan alle Suid-Afrikaanse burgers wat permanent in Suid-Afrika woon -- dus algemene stemreg ...*"[47]

Deur die beginsel van magsdeling te aanvaar het die huidige Suid-Afrikaanse regering die permanensie van miljoene Swartes binne die grense van die RSA erken. Die Wet op Instromingsbeheer is afgeskaf en vervang met 'n beleid van, "*ordelike verstedeliking*", wat meebring dat Swartes in hul duisendtalle na "*Blanke*" gebied stroom op soek na werk. Skeidslyne tussen die verskillende volke begin vervaag en daarmee ook die bewustheid van eiesoortige volkskulture. Daar kan dus tereg van 'n **rassevraagstuk** gepraat word. As Van der Merwe handel met die begrip "*magsdeling*", sê hy: "*Die kernbetekenis van die woord 'magsdeling' is dat alle burgers van 'n land deel in die politieke mag deur middel van algemene stemreg. Elke persoon se stem moet werklike*

43. Kyk "NP beleid: Die Feite!", p. 8.

44. *Ibid.*

45. *Ibid.*, pp. 10-11.

46. *Ibid.*, p. 11.

47. Van der Merwe, C.J., *op.cit.*, p. 5.

*betekenis hê en elke persoon moet 'n billike kans hê om deel te neem en selfs om as 'n politieke ampsdraer verkies te word."*[48] By implikasie beteken dit, "*die deelname tot op die hoogste vlak*" van alle burgers in die RSA. Van der Merwe sê: "*Wanneer gesê word dat magsdeling met Swartmense beteken dat hulle 'tot op die hoogste vlak' aan die regering van die land sal deelneem, word daarmee bedoel presies wat gesê word. Die 'hoogste vlak van regering' dui op sowel die wetgewende as die uitvoerende gesagte van die sentrale regering.*"[49]

Om aan hierdie strewe uitvoering te gee het die regering die *Wetsontwerp op die Bevordering van Staatkundige Ontwikkeling* op Saterdag 18 Junie 1988 ter tafel gelê. Hierdie Wetsontwerp maak voorsiening vir 'n **Nasionale Forum** wat die regering moet adviseer oor 'n nuwe grondwet vir die RSA. Uit die 59 lede waaruit hierdie **Forum** sal bestaan sal 30 Swartes wees. Ook is 'n stap verder gegaan deurdat daar op 22 Junie 1988 wetgewing ter tafel geneem is waardeur 'n Swarte in die kabinet opgeneem kan word of as adjunkminister kan dien. Op 4 Januarie 1989 is dit dan ook as wetgewing in die Staatskoerant gepubliseer. Die *Tweede Wysigings Wetsontwerp op die Grondwet, 1989*, maak daarvoor voorsiening dat iemand wat nie lid is van 'n bevolkingsgroep soos omskryf in die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983**, nie, die amp van minister of adjunk-minister mag beklee.[50]

Van der Wateren is van mening dat die sogenaamde "*mislukking*" van die Tuislandbeleid gesoek moet word in die feit dat, "*die probleem demologies (bevolkingswetenskaplik) nooit behoorlik ontrafel is nie. Volksbestaan en volkere naasbestaan is nooit behoorlik geskei van bevolkingsoorlewing nie.*"[51] Ongelukkig kon Suid-Afrika ook geen "*onfeilbare*" resep vanaf die buitewêreld aanvaar en toepas nie, selfs nie uit die VSA nie. Die VSA was spreekwoordelik, "*being born with a constitution*", omdat die nuwe staat eenvoudig sy politieke instellings vanuit Brittanje en Europa kon saambring. Huntington skryf: "*Confronted* (d.w.s. die VSA) *with the need to design a political system which will maximize power and authority* (soos in die geval van Suid-Afrika) *he has no ready answer.*"[52] Nepgen skryf tereg: "*Die Afrikaner het 'n eie individualiteit, 'n eie karakter ontwikkel, wat hom onderskei van die Engels-*

48. *Ibid.*, p. 1.

49. *Ibid.*, p. 6.

50. Kyk **Die Volksblad**, 5 Januarie 1989.

51. Van der Wateren, H., " 'n Perspektief op die vraagstukke van die Tagtigerjare", p. 1.

52. Huntington, S.P., *Political order in changing societies*, p. 7.

*sprekende en ook van alle ander volke.*"[53] Hy haal Henry Cust aan wat sê: "*The historical and racial factors in South Africa have combined to evolve organic and social and political types which are to be found nowhere else in the world.*"[54]

Die groeiende Swart bewussyn, veral onder verstedelikte Swartes, het sake nie vergemaklik nie. Hulle het al hoe radikaler met hul eise geraak. Dit is duidelik nie 'n nuwe tendens onder die Swartes nie. Reeds op 13 Oktober 1921 verklaar generaal J.B.M. Hertzog: "*Die naturel sal nooit rus om stemreg te kry nie. Jy kan 'n volk sy politieke regte nie onthou nie ... Die naturel het in die verlede nooit die aspirasies getoon om as volk te ontwikkel nie, maar hulle het nou ontwaak en besef dat hulle 'n volk is.*"[55]

Opeenvolgende gebeure het inmiddels gelei tot die stigting van Swart bewussynsbewegings. So het die ANC in 1912 tot stand gekom en op 25 Junie 1955 is 'n, "*Freedom Charter*" deur die "*Congress of the People*" aanvaar.[56] Daaruit blyk net een ding en dit is dat Swart bewussyn afstuur op één onverdeelde Suid-Afrika, "*based on the will of the people.*"[57] In hierdie dokument is daar geen sprake van volkere en kulturele etnisiteite nie. Bloedige botsings het al plaasgevind teen Swart ekstremisme en die destydse Minister van Justisie, adv. F.C. Erasmus moes verklaar: "*Hulle wil ons land hê!*"[58]

Die "*winde van verandering*" toespraak op 3 Februarie 1960 van die Britse Premier, mnr. Harold Macmillan, moes bepaald 'n diepe indruk op die Swart bewussynsdenke in die land gemaak het. In sy toespraak het hy melding gemaak van hierdie sterk, "*African national conciousness*".[59] Dr. H.F. Verwoerd het egter uiters effektief daarop gereageer en gesê: "*In Afrika is die neiging dat nasies onafhanklik word en waar geprobeer word om aan almal reg te laat geskied, beteken dit nie net reg teenoor die Swartman van Afrika nie, maar ook teenoor die Witman van Afrika ... Ons het 'n kaal land beset en die Bantoes het gekom om sekere dele vir hulle te beset. Ons glo aan die verskaffing van daardie regte in die volste mate in daardie dele van Suid-Afrika wat die*

---

53. Nepgen, C.C., *Die Sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p. 47.

54. *Ibid.*

55. Kyk **Die Burger**, 14 Oktober 1921.

56. Oakes, D. (ed.), *Illustrated History of South Africa -- The Real Story*, pp. 387-388.

57. Scholtz, G.D., *Afrikaner, waarheen?*, pp. 156-157.

58. **Debatte van die Volksraad**, Kolom 4453, Deel 104, (Ongedateerd).

59. Kyk **The Star**, 3 February 1960.

*Bantoe se voorouers vir hulle beset het. Maar insgelyks glo ons aan ewewig. Ons glo daarin dat dieselfde volle geleenthede binne die bereik van die Witman moet bly wat al hierdie dinge moontlik gemaak het. Ons beskou onsself ook as 'n deel van die Westerse Wêreld, 'n ware Wit staat in Afrika ...*"[60]

In 1976 stel Hoofminister Mangosotho Buthelezi van KwaZulu duidelik sy standpunt oor die Swarte se posisie in Suid-Afrika. Teenoor dr. Henry Kissinger sê hy, as hy die "*Transkeian*" tipe van verdeling in Suid-Afrika veroordeel: "... *Blacks were not interested in a more comfortable form of bondage, but in radical change ... Black people in South Africa want majority rule to be established as a basic principle in a unified South Africa.*"[61] Op 27 September 1976 sê hy: "*Afrikanerdom and the Afrikaans culture were not likely to survive in South Africa.*" Hy vra: "*Why do we have to be forced into a racially segregated lifestyle by the Afrikaners who should be less fastidious about race purity?*" Buthelezi sien die toekoms dan soos volg: "*The future is a Black future, and we Blacks want our future to begin now. We know there will be Whites in that future, but they will not be the determinants and the oppressors. They will be liberated Whites adapting to a Black man's world in a Black self-conscious continent.*"[62] Dit spreek ook vanself dat dit nie net die Swartes is wat sou agiteer vir 'n proses van gelykskakeling nie. 'n Kleurling, mnr. Sonny Leon, lid van die destydse *Verteenwoordigende Kleurlingraad*, verklaar op 19 Desember 1975: "*If white South Africa is not prepared to change, then change will be forced upon them.*"[63]

Oor die teenwoordigheid van die groot getalle Swartes in Suid-Afrika het G. van N. Viljoen by geleentheid die volgende gesê: "*Daar is twee moontlikhede van vrymaking van hierdie Swart volke: (i) Die eerste is integrasie in een politieke geheel waarin die meer ontwikkelde Blanke dan 'n ondergeskikte minderheid sal word. Suid-Afrika se Blankes is egter nie bereid om vryheid vir die Swartes te koop teen die prys van hulle eie politieke vryheid nie! (ii) Die enigste alternatief is dus aparte vryhede in geopolitieke geskeidenheid, naamlik afsonderlike ontwikkeling. Hiervoor is nog geen alternatief bedink wat eerstens beter is en wat tweedens werkbaar is nie ... Aandrang op meerderheidsregering in 'n eenheidstaat in Suid-Afrika, dit wil sê 'n Swart bewind, is onsinnig en on-*

60. **Rapport**, 22 Februarie 1987.
61. Kyk **Rand Daily Mail**, 28 September 1976.
62. Kyk *Ibid.*, 28 September 1976. Kyk ook **The Star**, 28 September 1976.
63. Kyk **Rand Daily Mail**, 20 December 1975.

*prakties ...*"[64] Hy vra verder die vraag: "*Hoe word regmatige politieke vryheid vir die Swart volkere in Suid-Afrika bewerkstellig sonder om as prys daarvoor van die Blankes te vra dat hulle stappe doen waardeur hulle effektief hulle eie vryheid sal prysgee? Volgens ons Afrikaners is aparte vryhede, afsonderlike ontwikkeling, nog steeds die enigste werkbare oplossing wat tot dusver voorgestel is.*"[65]

Met die bereiking van ons lang gekoesterde Republiek in 1961, het dié, na my mening, sinvolle eksklusiewe Afrikanervolksbestaan van akademiese belang geword. Daar is hard gewerk aan die ideaal om die Swart volke na onafhanklikheid te lei, dog die eie "*volkstaat*" is verwaarloos. Ongelukkig is die "*res*" van Suid-Afrika nooit staatkundig behoorlik gedefinieer nie.

Die vraag kan seker met reg gevra word of die Blanke nie maar, soos Bruwer dit noem, 'n "*setlaar*" in sy eie land geword het nie. Bruwer hanteer die verskil tussen die sogenaamde "*setlaar*" en 'n *volk* soos volg as hy daarop wys dat daar grondige verskille tussen die twee aangestip kan word, waarvan seker die belangrikste is dat 'n volk oor sy eie grondgebied beskik wat hy, "*alleen of oorwegend alleen bewoon.*"[66] Die oomblik dat 'n volk hierdie basis van volksbestaan prysgee, stel hy sy toekoms in gevaar. 'n "*Setlaarsgroep*" op sy beurt het geen grondgebied van sy eie nie, maar woon verspreid in iemand *anders* se land.[67]

Bruwer raak hier die kern van die saak aan naamlik dat terwyl die Afrikaner vir homself die titel *volk* toegeëien het, het hy voortgegaan om sy lewe in te rig soos 'n "*koloniale setlaarsgroep*". Dit is duidelik dat vele Afrikaners hulle al vir baie jare lank *nie meer soos 'n volk gedra nie*! Die proses het waarskynlik al in 1910 met Uniewording begin en is voortgesit in 1961 met Republiekwording. In 'n groot mate het die Afrikaner die land regeer, dog daar was in sy "*Blanke*" grondgebied talryke volke wat op 'n gegewe stadium nie oor politieke regte beskik het nie. Die Blanke, en ook die Afrikaner, het sy identiteit met wette probeer verskans. Aanvanklik was dit so dat daar by die Blanke van 1961 geen illusie bestaan het dat die nuwe Republiek van Suid-Afrika, 'n "*Blanke staat*" was nie. Meyer skryf: "*Die Suid-Afrikaanse staat, naamlik die Republiek van Suid-Afrika, is 'n blanke staat wat die ver-*

64. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid*, pp. 23-24.

65. *Ibid.*, p. 25.

66. Bruwer, P.F., *Die Derde Vryheidsoorlog Woed ... Ons kan Wen*, p. 284.

67. *Ibid.*, p. 284.

*antwoordelikheid, op grond van veral die Afrikaner se historiese Calvinisties-voogdelike opvatting en uitbouing van sy verhouding tot die nie-Blanke volkere van Suid-Afrika, aanvaar om al die nie-Blanke volkere van ons land te lei en by te staan om nasionale volwassenheid met eie staatkundige burgerskap in Suid-Afrika te verwesenlik."*[68]

Met ander wêreldlande as voorbeeld, bestaan daar geen onduidelikheid oor watter volk in byvoorbeeld Frankryk, Duitsland, Nederland, Italië, Denemarke, Finland en China woon nie. Van der Merwe skryf: *"In 'n volledig onafhanklike volkstaat (soos bv. Frankryk) het die betrokke volk byna volledige selfbeskikking oor al sy eie sake."*[69] Na aan ons bewoon die Tswanas hul eie volkstaat, naamlik Bophuthatswana, die Xhosa woon in die Transkei en Ciskei, die Venda in Vendaland en die Zoeloe in KwaZulu. In die res van Suid-Afrika het die Blanke die grond **besit** dog dit nie effektief **beset** nie. *Andere het begin om die land te beset, en beset dit in al hoe groter mate.* Geneem die toenemende plakkery van Swartes in en om stedelike gebiede, is dit 'n tipiese verskynsel waarop derduisende Swartes die land wat hulle *nie besit nie* tog wel *beset*. Bruwer wys tereg daarop dat: *"Hoewel 'n setlaarsgroep gewoonlik die hele staatsgebied as sy eiendom opeis, verloor hy gewoonlik ook die hele gebied, want hy het doodeenvoudig nie die getalle om dit te behou nie."*[70]

Die Afrikaner het dus *na* die Boererepublieke nie sover gekom om vir homself as volk 'n eie staatsterritorium af te grens nie. Hy het verkies om saam met miljoene vreemdes die staatsterritorium te déél. Sodoende kon hy van vreemdes se *goedkoop arbeid* gebruik maak. Ons bly 'n koloniale setlaarsgroep want nêrens is ons getalle van so 'n aard dat ons die besliste meerderheid vorm nie. Dit is werklik ironies dat selfs die Kleurlinge en Indiërgemeenskappe aanspraak kan maak op gebiede waar hulle die meerderheidsbesetting het. Deur Blanke woongebiede te skep met eie skole en gemeenskapslewe het die illusie by talle ontstaan dat die Afrikaner sy eie land het. Wie die land egter **beset, beheers** uiteindelik die land.

Booysen wys tereg daarop dat die fisiese deurmekaar woon van rasse die gevolg het dat aan die Afrikanervolk die reg ontsê word om sy eie land te be-

68. Meyer, P.J., "Die nasionale grondbeginsels van opvoeding en onderwys in Suid-Afrika", in *'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys*, pp. 85-86.

69. Van der Merwe, C.J., "NP standpuntstelling Nr. 1: Magsdeling (en verwante begrippe)", p. 8.

70. Bruwer, P.F., *op.cit.*, p. 285.

sit, te bewoon, te bewerk en te bewandel soos hy wil. "*Ons eie land word 'n tronk vir ons.*"[71] Hy skryf: "*Ons het nie net ons land fisies klaar verloor nie -- watter deel van Suid-Afrika is nie grys nie? -- maar is ook besig om ons beheer daaroor prys te gee. Ons word in ons eie land slegs 'n klein minderheid wat al kleiner en kleiner word weens ons klein aanwas en die enorme aanwas van die ander rasse ... Die platteland ontvolk nie, soos algemeen in die volksmond gesê word nie, maar* VERVOLK. *Die platteland en ons plase* ONTBLANK *weens die onttrekking van Blankes, maar dit* VERBRUIN *en* VERSWART *terselfdertyd. Ander volke neem dit in werklikheid in besit.*"[72]

Henry Katzew, 'n Joodse joernalis uit Suid-Afrika, het 'n fyn aanvoeling gehad vir die bestaan van die veelheid van volke en groepe in Suid-Afrika. Hy skryf: "*The blue open skies of the country were not reproduced in its human landscape of White Africans, Black Africans, Colored Africans and Asian Africans.*"[73]

Katzew het, as gevolg van die politieke situasie in die land, na die buiteland vertrek waar hy tans in New Jersey woonagtig is. Eienaardig genoeg het hierdie Joodse joernalis, soos hy self sê, 'n obsessie ontwikkel vir die oorlewing van die Afrikaner. Trouens, hy het 'n volkstaat vir die Afrikaner sterk voorgestaan. Nie dat hy so 'n besondere liefde vir die Afrikaner gehad het nie, want hy sê: "*I deplored much of his political conduct, I railed against his brutalities, but found myself bound to him by hoops of steel ... My obsession became the survival of the Afrikaner. I saw that without him the country could not be real. He is its authentic soul.*"[74] Op 'n vraag of hy terug sal gaan na 'n Suid-Afrika wat geskeur word deur politieke- en rassebotsings, was sy antwoord: "*I could not return to a land whose politics would choke me afresh and where faces were more sullen, more taciturn and more hostile than ever ... But, I could return to a South Africa containing an Afrikaner homeland.*" As rede voer hy aan: "*The white tribe of South Africa, the Afrikaners, the present ruling tribe, is entitled to resist pressure for one man one vote in an undivided land. It would plough them under. This tribe is historically entitled to the preservation of its identity and to sovereignty in part of the land.*" Hy sê: "*This plan would bring into being an Afrikaner region ... in the territorial unit known as South Africa ...*

71. Booysen, H., *Afrikaner-Boerevolk: Daarheen! Nou!*, pp. 2-3.

72. *Ibid.*

73. Katzew, H., "Afrikaner survival: The undiscussed question", in Munger, E.S. (ed.), *The Afrikaners*, p. 153.

74. *Ibid.*, p. 154.

*What would be new is the homeland, the territory that would be the Afrikaners own and that of whites who desired to throw in their lot with the homeland volk."*[75]

As morele regverdiging vir so 'n stap sê Katzew: "*The virtue of the plan is that it does not disastrously tear South Africa apart by attempting the impossible or unscrambling its rural and rural mixed population. The mixed cannot be unscrambled without violence and ruin to all. The plan would satisfy the aspirations of the overwhelming majority of Blacks, Colored and Asians, it would be a relief to that nameless section of Whites composed of people of British descent, the Jews, the Portuguese, and others loosely called the 'English speaking'. It would give the Afrikaners, through the homeland, the assurance of continuity in time with all the spiritual property they hold dear; it would relieve the country of its present intolerably posed racial knives and open for the people of both the Afrikaner homeland and the adjoining multiracial land an opportunity to release the mighty creative dynamism that lies shackled within them.*"[76]

Dit is insiggewend om vervolgens te let op die republikeinse strewe na 'n eie *volkstaat* wat die nasionaalgesinde Afrikaner se denke beheers het in die jare voor 1948. Ongelukkig het dit net by spreke gebly en is daar nie daadwerklik na die vestiging van 'n eie Afrikanervolkstaat gewerk nie.

In die eerste jare van die Nasionale Party se bestaan het talle gebeure hierdie strewe na 'n eie Afrikanerstaat gestimuleer soos onder andere die Rebellie van 1914. Uitsprake van buitelandse leiers soos president Woodrow Wilson van die VSA en mnr. Lloyd George van Brittanje in 1918, naamlik dat klein volke oor selfbeskikking moet kan beskik, het hierdie vryheidsvuur aangewakker.[77] Bekende leiersfigure binne die Nasionale Party het ook insiggewende uitsprake gelewer. In 'n geskiedkundige toespraak van dr. D.F. Malan op 31 Mei 1918 te Malmesbury, het Malan die Afrikaner opnuut en kragtig verbind tot die stryd om republikanisme en vryheid.[78] Genl. Hertzog self was nog nie 'n oortuigde republikein nie, alhoewel daar, soos Scholtz opmerk, "*geen twyfel was oor die feit dat die oorgrote meerderheid van die par-*

75. *Ibid.*

76. *Ibid.*, pp. 154-157.

77. Coetzee, J.A., *Volksidee en Nasiebou*, p. 78.

78. Swart, A. (red.), "... En hier is nou die Boerevolkstaat", pp. 46-47.

*tylede wel republikeinsgesind was nie.*"[79] Vir Hertzog het soewereine onafhanklikheid nie noodwendig 'n republikeinse onafhanklikheid beteken nie. Die republikeinse gedagte was iets wat aan die toekoms oorgelaat moes word.[80]

Ook genl. Smuts het hom ten opsigte van die republikeinse strewe in 'n taamlik ongemaklike posisie bevind. Op 10 November 1919 te Potchefstroom moes hy ontdek hoe sterk die republikeinse ideaal onder die Transvalers was. Hy moes in 'n private skrywe erken dat, "*the bulk of my own Dutch people are republicans and wish to secede from the British Empire ...*"[81]

Ongelukkig het daar tydens die jare 1921 en 1923 'n afkoeling van die republikeinse ideaal gekom. Op 31 Oktober 1922 verklaar dr. Malan: "*Republikanisme is nooit as 'n partybeginsel aanvaar nie.*"[82] In 1923 het adv. J.G. Strijdom egter weer lewe in die republikeinse ideaal geblaas. Hy beskuldig die Nasionaliste daarvan dat hulle ter wille van steun van die Arbeidersparty, "*die republikeinse beginsel laat vaar het.*" Hy wou die voormanne waarsku dat, "*dit 'n ideaal is wat in die siel van die Afrikaanse volk leef, na die verwesenliking waarvan hy ewig en altyd sal streef.*"[83]

Die herdenking van die Groot Trek in 1938, tesame met die toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog aan die kant van Groot-Brittanje in 1939, het weer 'n sterk gevoel van nasionalisme by die Afrikaner opgewek. Dit was veral die Ossewatrek wat op 8 Augustus 1938 in Kaapstad begin het en wat op 13 Desember 1938 in Pretoria geëindig het, wat baie daartoe bygedra het. Scholtz skryf: "*In hierdie vier maande het die Afrikaanse volk geestelike hoogtes bereik soos waarskynlik nog nooit tevore nie. Die geesdrif wat die ossewaens met hul langsame tog dwarsdeur Suid-Afrika verwek het, het die gevoel van eenheid en nasionalisme sodanig aangewakker dat alle politieke skeidslyne eenvoudig verdwyn het.*"[84]

---

79. Scholtz, G.D., *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel VI, p. 338.

80. *Ibid.*

81. *Ibid.*, p. 340.

82. Kyk **Die Burger**, 1 November 1922.

83. Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 352.

84. *Ibid.*, Deel VII, p. 453. Op politieke gebied het talle Afrikaners gevoel dat die Verenigde Party nie hul politieke tuiste was nie, maar wel die Nasionale Party. Inderwaarheid het die Verenigde Party krisis op krisis beleef, en elke krisis het die stroom van kiesers vanaf die Verenigde Party na die Nasionale Party laat stroom. Scholtz skryf: "Al hoe

Die *Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging* (ATKV), wat die reëlingskomitee gevorm het van die 1938-fees, het dit ook duidelik gestel: "*Die pad van Suid-Afrika is nie die pad van 'n politieke party nie: dit is die pad van ons volk. Hierdie simboliese trek is die pad wat gevolg is deur die Blanke beskawing in Suid-Afrika. Ons is daarop so trots as wat ons op ons beskawing en Christendom is. Hierdie dinge is verhewe bo die partypolitieke verdeling en bo alle kleinlikheid. Dit lê op ons skouers die dure verpligting om die trek so hoog te hou dat dit op geen enkele punt en in geen enkele opsig mag misbruik word vir kleinlike verdeeldheid nie.*"[85]

Die veertigerjare was ook merkwaardige jare vir die Afrikanernasionalis. **Die Vaderland** berig van 'n sterk begeerte na Afrikanereenheid waarmee die Afrikanerdom vroeg in 1940 besiel was.[86] Dwarsdeur die oorlogjare was genl. Smuts egter die oorheersende politieke figuur. Scholtz meld dat, "*die rol van diktator nie werklik vreemd aan Smuts was nie.*"[87] Sy ondersteuners het hom met haas onbeperkte magte toevertrou: "... *vir hulle was 'n woord van hom so goed as 'n wet.*"[88] Smuts se holistiese filosofie het sy hele denke beheers. Op 24 Mei 1941 het hy hom in 'n radiorede soos volg uitgelaat: "*It seems to me that the day of the small independent State has passed. That is the sign of the times ... We are unmistakably in for larger human groups in that holistic process which fundamentally moulds all life and all history ... On this theme I can write a book.*"[89] Smuts was absoluut oortuig daarvan dat alleen wanneer die mensdom as geheel bereid sou wees om sy *holistiese* beleid te aanvaar, daar vrede in die wêreld sou kom.

Smuts het op die politieke denke en lotgevalle van baie Afrikaners 'n groot invloed gehad. Hy het dit gedoen deur die toepassing van beginsels wat aan die lewensbeskouing van die oorgrote meerderheid van die Afrikaners

---

meer Afrikaners moes tot die ontnugterende ontdekking kom dat die Verenigde Party hom op 'n weg bevind wat hulle nie kon bewandel nie." Kyk Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel VII, p. 454.

85. Duvenage, G.D.J., "Doelstellings van die Ossewatrek", in *Gedenkuitgawe*, 18/24, Mei 1988, **Die Afrikanervolkswag.**

86. Kyk **Die Vaderland**, 31 Januarie 1940.

87. Kyk Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel VIII, p. 88.

88. *Ibid.*

89. *Ibid.*, p. 88. Die kernbeginsel van die filosofie van die holisme, was dat die dele van 'n organiese geheel nooit 'n selfstandige bestaan kan geniet nie, maar dit as taak het om die geheel te steun.

redelik vreemd was. Scholtz wys daarop dat hy, "*geestelik volkome Brits geword (het); liggaamlik het hy 'n Afrikaner gebly.*"[90] Dit moes noodwendig lei tot 'n dualisme in Smuts se algemene optrede. Wanneer hy voor 'n uitsluitlik Engelse gehoor opgetree het, was hy die top imperialis; wanneer hy voor 'n oorwegend Afrikaanssprekende gehoor opgetree het was hy, " *'n op en top Afrikaner.*"[91]

*Nasionalisme* sou egter oor *holisme* seëvier. Dié genl. Smuts wat sulke diep spore in die Afrikaner se geskiedenis getrap het, het hom binne enkele jare gedistansieer van die nasionale strewe van sy volk en hom volkome vereenselwig met die imperialistiese strewe van die veroweraar. Smuts moes egter ervaar dat 'n, "*soliede falanks*" Afrikaners hom verwerp het.[92] *Hulle het sy politiek gevaarlik vir die toekoms en die belange van die Afrikanervolk geag.* Dat Suid-Afrika nie vroeër 'n republiek geword het nie moet deels toegeskryf word aan die persoon van genl. Smuts. Smuts is egter dramaties by die stembus verslaan op 26 Mei 1948.

Vir die nasionaliste sou die veertigerjare egter veel stryd inhou. Die Nasionale Party moes 'n harde "*afweerstryd*" voer teen manne wat die nasionaalgesinde Afrikaners na vreemde ideologieë wou voer. Scholtz berig dat die verwarring en verbittering wat daaruit gevloei het groot was. Daar is egter sterk pogings aangewend om die nasionaalgesinde Afrikaners te herenig, en daarvoor is daar in 1940 ooreengekom om 'n nuwe program van beginsels op te stel. Dit is aan 'n tussentydse **Federale Raad** opgedra wat dit op 15 en 16 Oktober 1940 voltooi het.[93] So word daar in **Artikel 1** erkenning gegee aan die, "*opperheerskappy en leiding van God in die lotgevalle van lande en volke en soek die ontwikkeling van ons volkslewe langs Christelik-nasionale weg.*" **Artikel 7** sou behels dat die bestuur van Suid-Afrika gevoer word, "*op 'n basis van Suid-Afrikaanse nasionale beginsels en in 'n gees van nasionale selfstandigheid as 'n vrye en soewerein-onafhanklike volk.*" Verder word in **Artikel 19** die beleid van, "*territoriale segregasie van die naturel*" uitgespreek en dat daar skeiding van woonbuurte moet wees.[94] Tydens die Uniale Kongres van die Nasionale Party op 3 Junie 1941 te Bloemfontein, het dr. Malan voor-

90. *Ibid.*

91. *Ibid.*

92. *Ibid.*, p. 554.

93. Kyk Notule van die Federale Raad van die Nasionale Party, 15 en 16 Oktober 1940, *Instituut vir Eietydse Geskiedenis*, Bloemfontein.

94. *Ibid.*

stelle van 'n *Eenheidskomitee*, wat in 1939 ontstaan het om 'n eenheidsbeleid en eenheidsleiding onder Afrikaners daar te stel, skriftelik aanvaar. Daarin verklaar die *Eenheidskomitee* dat hulle die gedagte voorstaan dat die staat 'n republiek moet wees wat vry en Christelik-nasionaal is, gegrond op die, "*ewige regsbeginsels van Gods Woord*" en dat die staatstelsel, "*nie op vreemde model geskoei*" mag wees nie. Dit moet gebou wees, "*op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republieke.*"[95]

Prof. L.J. du Plessis, voorsitter van die *Eenheidskomitee*, het later verklaar dat, "*in hierdie volksregering sal die Afrikanerdom die deurslag gee.*"[96] Ook dr. H.F. Verwoerd het daarop gewys dat die Nasionale Party "*die volksregering*" van die ou Republieke as fondament wou neem.[97] In sy hoedanigheid as Transvaalse leier van die Nasionale Party verklaar adv. J.G. Strijdom dat die Nasionale Party, "*die omskepping van die stelsel in 'n republikeinse staatsvorm op Christelik-nasionale grondslag en op die lees van die twee Boere-republieke nastreef. Hierdie republiek moet ons eie skepping wees ... Die staatsvorm moet rekening hou met ons volksaard en tradisies.*"[98] Op die Transvaalse kongres sê dr. Malan met nadruk: "*Jou regeringsvorm moet gebore word uit jou volk self.*"[99]

Terblanché toon dan ook aan dat die **Federale Raad van die Nasionale Party** 'n verklaring uitgereik het waarin hulle aantoon dat die Britse Parlementêre stelsel in Suid-Afrika misluk het. Dit is ook deur die georganiseerde geldmag tot voordeel van die "*Brits-imperialistiese belange*" aangewend.[100] Die **Federale Raad** het dan ook klem gelê op die feit dat 'n volk se regeringstelsel uit sy bodem moet voortspruit. Die **Boere-republieke** het so 'n stelsel ontwerp, wat nie alleen eie aan Suid-Afrika was nie, maar ook op demokratiese grondslag berus het. Dit is op hierdie stelsel wat Suid-Afrika moes voortbou en verbeter, aldus die **Federale Raad.**[101]

---

95. Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel VIII, p. 173.
96. Kyk **Sweepslag 82**, Nr. 1, 1982, pp. 40-41.
97. **Die Transvaler**, 8 Augustus 1941.
98. Scholtz, G.D., *op.cit.*, Deel VIII, p. 182.
99. Kyk **Sweepslag 82**, Nr. 1, pp. 40-41.
100. Terblanché, H.O., *John Vorster: OB Generaal en Afrikanervegter*, p. 123. Kyk ook Rhoodie, D.O., *Suid-Afrika: Van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid*, p. 250.
101. *Ibid.*

Op 13 Januarie 1942 het dr. D.F. Malan 'n formele voorstel in die Parlement ingedien om die land in 'n republiek te omskep, en dat dit op die beginsel van 'n *volksregering*, soos beliggaam in die twee **Boere-republieke** sou geskied.[102]

Hierdie was dieselfde staatkundige stelsel wat adv. B.J. Vorster, destyds as Ossewabrandwag-generaal nagestreef het, aldus Terblanché.[103] Vorster het ook teruggegryp na die eertydse **Boere-republieke**. Trouens, Vorster was byna fanaties republikeins. Terblanché wys daarop dat dit in daardie jare die wagwoord van die Afrikaner was. Hul spreekwoord was: "*Vir vryheid en reg*". In die republikeinse strewe was die Afrikaner se vryheidstrewe en ideaal geleë, aldus Vorster.[104] Die vryheidsug van die Afrikaner kom uit sy siel en is nie van buite aangedra nie. Hy sê by geleentheid: "*Die ideaal was destyds onbeskaamd 'n Afrikanerrepubliek. Op daardie moment was jy so wars vir al die vreemde elemente (soos die Engelse en die Jode) dat, en ek is nou baie eerlik as ek sê, jy het jou nie bekommer oor watter plek húlle gaan inneem nie. Jou bekommernis was oor watter plek gaan jóú mense inneem.*"[105] Oor die partypolitieke stelsel wat Vorster vir so 'n bedeling voorgestaan het, het hy gesê dat dit op die lees van die Transvaalse Republiek geskoei moes wees: "*Noem dit maar 'n mal-idealisme, noem dit wat jy wil, maar dit is die ding wat ons graag in Suid-Afrika wou gesien het. Ons was voorstaanders van volksregering (die volkstaat-idee).*"[106]

Insiggewend was ook dr. Piet Meyer se weergawe van die opbruisende Afrikanergevoel van die veertigerjare. Die Afrikanerideaal was duidelik om Suid-Afrika te omskep in 'n vrye republiek. "*Alle Afrikaner-politieke partye en -organisasies het hulle openlik ten gunste daarvan uitgespreek ... en hul besig gehou met die opstel van konsepgrondwette vir 'ons Republiek'.*"[107] Meyer het die republikeinse strewe vir homself geformuleer, "*as die vergestalting van Afrikanerskap op staatkundige terrein en as die enigste metode om onder die juk van imperialisme vry te wees in alles wat hy tot stand bring. Republikanisme is die waaghandeling waardeur ons volk homself wou handhaaf en op*

102. *Ibid.*, pp. 123-124.

103. *Ibid.*, p. 124.

104. *Ibid.*, p. 119.

105. *Ibid.*

106. *Ibid.*, p. 124.

107. Meyer, P.J., *Nog nie ver genoeg nie*, p. 48.

*staatkundige terrein wou verwesenlik -- met die God van die Bybel as rigsnoer.*"[108]

Meyer wys daarop dat die kern van die Afrikaner se republikeinse strewe was, "*dat ons republiek in sy wese 'n Afrikaner-Republiek was, of, soos dikwels onomwonde gestel: 'n Boere-Republiek sou wees.*"[109] Die staatstelsel moet *nie op vreemde model geskoei wees nie*. Dit moet wegbreek van alles wat *vals* of *volkskadelik* is, en dit moet gebou wees op die begrippe van, "*volksregering van die Suid-Afrikaanse Republieke.*"[110] Die uitbuiting van die Afrikanerdom deur enige geldmag moes beëindig word, en in die verhouding tussen Blank en Gekleurd, moet die gelykstellingsbeleid verwerp word. Die onderwys moet op Christelik-nasionale grondslag berus en die Afrikaner, "*as die oorspronklike ontginner van die land*", moet in sy burgerskap bevestig word.[111] Die staat moet bestuur word ooreenkomstig die weg wat deur die Afrikanerdom self aangewys is en uit sy geskiedenis volg.

Interessant was die feit dat kardinale verskilpunte oor die konsepgrondwet nie daar was nie. Meyer skryf: "*Vir almal moet dit in wese, aard en funksie 'n Christelik-nasionale Boere-Republiek wees waarin die Afrikaner se strewe op alle gebiede tot volle wasdom sou kom. Die Christen-Afrikaner moes daarin tuis voel ...*"[112] Die republikeinse staat is dus die staatkundige ordening van die organiese Afrikaanse volksproses. Van 'n *staat-burgerlike* samesmelting van verskillende volke tot 'n *twee-eenheid* kan daar geen sprake wees nie!

Meyer het ook in die jare van die Afrikanerdenkers se worsteling met die vraagstuk van ons Republikeinse staatsvorming, skerp onderskeid moes maak tussen 'n ware en valse demokrasie. In 'n artikel: "*Demokrasie of volkstaat*", het Meyer die volgende hoofkenmerke van 'n *volkstaatstelsel* gegee: "*Tot die volk behoort slegs diegene wat deur bloed, bodem en taal, kultuur, tradisie, roeping en geloof 'n lewende organiese gemeenskap vorm -- so 'n volk is van nature 'n organiese gesagsordening met 'n volksverteenwoordigende leier as hoofgesagsdraer. Wat ons eie land en volk betref, moet ons egter aansluit by die ontwikkelingslyn wat in die Calvinisme wortel. Hierdie ontwikkelingslyn gaan*

108. *Ibid.*, p. 49.
109. *Ibid.*, p. 50.
110. *Ibid.*
111. *Ibid.*
112. *Ibid.*, p. 53.

*veel dieper as dié op staatkundige terrein, en staan lynreg teenoor die liberalistiese lyn wat so 'n groot rol in ons eie staatkundige ontwikkeling gespeel het."*[113]

Die **Afrikaner-Broederbond** het in 1954, tydens 'n Bondsraad, sy staatsbeskouing oor die toekoms van Suid-Afrika duidelik uitgestippel in die vaslegging van 'n eie Republiek. Dit het soos volg gelui:

*"Ons kies in die eerste plek op geloofsgrond 'n Christelik-Protestantse staat wat as magsregsorganisasie deur God ingestel is om paal en perk aan die ontwrigtende voortwoekering van die sonde in die menslike lewe te stel en waardeur die sondige mens en menslike verbande die nodige vryheid en geleentheid gebied word om hul Godopgelegde roeping te vervul ...*

*"Ons as Afrikaners kies in die eerste plek, in aansluiting by ons Republikeinse verlede, 'n Republikeinse staat wat die staat sal wees van die Afrikaanse volk en as Afrikaanse volkstaat 'n innerlik samehangende eenheid met die Afrikaanse kerke sal vorm sonder om die roeping en terrein van die kerk as verkondiger van Gods Woord en bediener van die Heilige Sakramente te oorskry of te beperk.*

*"Ons kies 'n Republiek waarin en waardeur die nasietrots van die Afrikaner, wat deur die geweldadige onderwerping aan die gesag van Brittanje gekrenk is, tot gesonde en opbouende skeppende uitdrukking sal kom ...*

*"Ons kies 'n Republiek wat die vorm van die Afrikaanse tradisionele presidensiële volksregering, aangepas by die huidige omstandighede en bestuursvereistes, sal aanneem ...*

*"Ons kies 'n Republiek waarin die Afrikaner se Christelik-voogdelike beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die nie-Blanke, nie-stemgeregtigde onderdane van die staat, in belang van hierdie onmondige skepsels van God tot bereiking van hulle eie hoogste vryheid en selfontwikkeling toegepas kan word."*[114]

Uit veral die laaste standpunt van die Broederbond, blyk dit duidelik dat hulle vir die Swarte gegun het net dit wat hulle as Afrikaners vir hulleself

113. *Ibid.*, pp. 55-56.

114. *Ibid.*, p. 71.

opgeëis het, naamlik die, "*bereiking van 'n eie hoogste vryheid en selfontwikkeling.*"[115]

In 'n **Tweede Trek-reeks** publikasie oor, "*Ons Republiek*", skryf Meyer dat dit eers gedurende die loop van die agtiende eeu was dat die Afrikaner hom bewus geword het van sy *aparte* volkskap. Die lewens- en wêreldbeskouing van 'n volk kan omskryf word as die produk van daardie volk se geestelike herskepping van die lewensomstandighede waarin hy hom bevind. Om dus die staatkundige grondslae van Afrikaanse Republikanisme vas te stel, moet ons in die eerste plek die belangrikste kenmerke van die Afrikaanse geesteshouding en lewensomstandighede vasstel. "*In die algemeen*", sê Meyer, "*maar dan ook in die besonder met betrekking tot die Afrikaner, is dit waar dat die staatstelsel van 'n volk in 'n mindere of meerdere mate die staatkundige vormaanneming van daardie volk se eie lewens- en wêreldbeskouing is.*"[116]

Hierdie beskouing is bepaald in stryd met die liberalistiese idee van 'n volk. Die liberalis se "*volks*"-begrip is meer *meganies* van aard as *organies*. Die "*volk*" is in liberalistiese sin eintlik maar net, "*die som van losstaande selfstandige enkelinge wat onderling slegs uit praktiese nuttigheidsoorwegings vir die versekering en beskerming van die eie belange van elkeen tot 'n eenheid saamgebind is.*"[117] Op hierdie grondslag funksioneer die gemeenskap net as 'n *regstaat* waar die owerheid moet toesien dat die enkeling in sy vryheid kan doen wat hy in sy eie belang ag, net solank hy nie dieselfde reg van ander enkelinge in die staat aantas nie. Die enkelinge in hierdie vorm, "*van 'n atomistiese gemeenskap*" het dan ook die vryheid van eie assosiasie met wie hy wil. Meyer sê tereg: "*Die bron van die staatsgesag is dan die 'volk' as die som van dié, hul selfhandhawende enkelinge, wat hulself vrywillig tot 'n geordende gemeenskap organiseer ... Volkseenheid beteken in liberalistiese sin nie die innerlike eenheid van 'n bepaalde organiese volksgemeenskap nie, maar die uiterlike eenheid van alle onderdane van die staat wat 'gelyke' regte besit en noodwendig moet 'saamwerk' tot die beskerming van die vryheid van elkeen.*"[118]

In die denke van die liberalis bestaan daar dus *nie die noodsaak van 'n eie volkstaat nie*. Die *eenheidstaat* is mos daar om almal se belange te be-

115. *Ibid.*

116. Kyk Meyer, P.J., "Grondslae van die Afrikaanse Republikeinse Staatsvorm", in Coetzee, A.J. en andere, *Ons Republiek*, pp. 63-66.

117. *Ibid.*, pp. 102-103.

118. *Ibid.*, pp. 104-105.

hartig, veral op ekonomiese gebied. So word welvaart vir almal geskep, dog die geestelike inslag van 'n volk word aan homself oorgelaat om dit uit te werk en te beskerm.[119]

In die Vrystaat was daar tydens die Republikeinse era 'n duidelike onderstroming merkbaar onder die Afrikaners. Die een groep wat volksbehoudend was, is die "*maatschappij*"-mense genoem,[120] en die ander groep wat hulle meer vir aansluiting by die Kaap, onder Britse beheer, wou skaar is die, "*Lojales*" genoem.[121] Die *lojales* het hulle vir 'n verenigde Suid-Afrika beywer. "*Die Afrikaners in die Republieke wat met hierdie stroom meegesleur was, het nie hul oë op die uiteindelike logiese konsekwensies van hierdie beweging gehad nie, maar het onder die invloed van die liberalisme 'n breë, 'diplomatiese' uitkyk op sake ontwikkel en het gehoop om langs hierdie weg 'n 'onafhanklike Suid-Afrika' te verkry waarin Boer en Brit een 'volk' vorm.*"[122]

Vir die Afrikaner wat hom nie kon versoen met hierdie *volks*-liberalisme nie, was sy taak duidelik: hy moes hom vestig in 'n *organiese* volkstaat, geskoei op tradisioneel Calvinistiese grondslag. Hiervolgens is die lede van 'n volk onderling deur 'n gemeenskaplike vaderlands-, bloed-, taal-, kultuur en tradisieband tot 'n *lewende organiese eenheid* saamgegroei en saamgebind in die geloof aan 'n afsonderlike Goddelike bestemming onder die volke van die wêreld. In die selfstandige staatsordening het God vir hierdie volksgemeenskap 'n owerheid geroep en met die nodige gesag beklee om die gehoorsaamheid van die volkslid as staatsburger op te eis ten einde die positiewe vryheid van die volkslid en die volk as geheel te verseker sodat die individuele sowel as die volksgemeenskaplike taak, deur God gestel, verwesenlik kan word. Meyer skryf: "*Alleen op die grondslag van ons eie suiwere Christelik-nasionale republikeinse tradisie kan die Afrikanerdom koersvas op die pad van Suid-Afrika verder trek na sy afsonderlike Goddelike eindbestemming en hom vir die eerste keer as geheel onder selfstandige gesag in die Republiek van Suid-Afrika staatkundig orden.*"[123]

Dit is dus eintlik ironies dat, hoe nader die **Nasionale Party** na die 1948 verkiesing beweeg het, hoe minder is daar van 'n republiek gepraat totdat dit

119. *Ibid.*

120. *Ibid.*, p. 108.

121. *Ibid.*

122. *Ibid.*, p. 109.

123. *Ibid.*, p. 119.

uiteindelik vergeet is. Die 1961 Republiekwording was nié 'n volkstaat nie. Trouens, die neiging was om algaande 'n beleid van volkstate *vir die Swartes* uit te werk, of hulle dit wou gehad het al dan nie! By talle Afrikaners het die gedagte aan 'n eie Afrikanerstaat 'n laagtepunt bereik en 'n vroeë dood gesterf. Onder 'n sterk, stabiele Nasionale Party-regering, met sterk leierskap en 'n stewige werkbare beleid van afsonderlike ontwikkeling, het die gedagte vervaag. 'n Skynwelvaart het ingetree as gevolg van hoë goudpryse en die beskikbaarheid van genoeg en goedkoop Swart arbeid. Tesame met wetgewing wat die Blanke (en die Afrikaner) se apartheid verskans het, het talle nie die nodigheid daarvan ingesien om die Afrikaner in sy eie volkstaat te vestig nie. 'n Visie vir die toekoms, wat hom nou in die 1980's en die 1990's manifesteer, het totaal ontbreek en dit is duidelik vir talle Afrikaners dat die vrugte daarvan nou gepluk word.

Vandag, soos telkens in die verlede, word 'n skerp verdeeldheid ondervind oor hoe die Blanke en die Afrikaner se staatkundige toekoms daar moet uitsien. Die lyne tussen selfs *Afrikaner* en *Afrikaner* word skerp getrek, moontlik die skerpste in die Afrikaner se roemryke geskiedenis. Ons kan met reg die tyd interpreteer as die, "*Afrikaner in die krisis*". Die terminologieë oor die Afrikaner, wie en wat hy is, is legio. Ons hoor byvoorbeeld van die, "*Victoriaanse-Afrikaner*" (Van Jaarsveld), die Bolandse-Afrikaner, die "*verligte*" en "*verkrampte* "Afrikaner (De Klerk), die "*linkse*" en die "*regse*" Afrikaners, die "*gematigde*"-Afrikaner, die "*konserwatiewe*"-Afrikaner, die "*ultra-regses*" asook die "*hard lefts*". Uit hierdie geledere blyk daar Afrikaners te wees wat nie sal omgee om in 'n onverdeelde Suid-Afrika met een burgerskap vir alle rasse en groepe te woon nie. Magsdeling met 'n getalsterkere groep hou vir hulle geen bedreiging in nie, en hulle word tevrede gestel met die verwagting van die, "*beskerming van minderhede, waar die een groep nie oor die ander sal heers nie.*"[124] Oop skole en woonbuurte, al is dit op beperkte skaal, hou vir hulle geen wesenlike gevaar in nie. 'n Geïntegreerde samelewing, hetsy op politieke, ekonomiese en arbeidsgebied, blyk die oplossing vir die toekoms te wees.

Daar is egter ook 'n beduidende groep Afrikaners wat as die sogenaamde *regse* faktor gesien moet word: 'n groep wat onder die vaandel van *konserwatisme* hul politieke siening formuleer. Vir hierdie groep lê die heil van ons land en van die Blanke in die algemeen, maar ook vir die Afrikaner in die besonder, in *gebiedskeiding* en *afsonderlike ontwikkeling*. Hierdie groep het

124. Van der Merwe, C.J., "NP Standpuntstelling Nr. 1: Magsdeling", p. 5.

steeds die visie wat die Afrikaner vanaf sy wieg koester, wat elke respekterende volk ter wêreld ervaar, naamlik volle selfbeskikking en die reg om jouself te wees: Dit wil sê: *vryheid van volk en staat* ('n *Volksnasionalisme*) in die ware sin van die woord! Bruwer sien hierdie groep Afrikaners as mense wat niemand wil oorheers nie, maar wat beslis ook nie oorheers wil word nie, hetsy deur 'n Swart meerderheidsregering, óf 'n volksvreemde Blanke regering. Hy wil 'n land hê wat onbetwisbaar syne is; 'n land vir sy nageslag; 'n land waar hy veilig en welvarend kan lewe. *"Die Afrikanervolk wil Afrikaner bly, hy is van Blanke afkoms en wil dit bly."*[125]

Om in hierdie lewensbeskouing bedreig te word, is nie vreemd aan die Afrikaner nie. Daar was maar altyd die liberalistiese strominge in Afrikanerdenke, en dit het later die bekende naam van, *"verligtheid"* gekry, 'n term deur W.J. de Klerk geformuleer. In Afrikanergeledere *"ontmasker"* De Klerk hulle dan ook as die, *"verligte Afrikaner"*. Hy skryf: *"Hier lê die grootste gevaar. Om hom raak te vat is nie so eenvoudig nie. Hy bedreig die inhoud van Afrikanerskap op 'n slu en agterbakse manier. Hy loop rond met 'n vroom gesig en hy praat met valse voorwendsels. Hy kom altyd met 'n slag om die arm en wys nooit sy ware kleure nie. Hy veg nie soos 'n man nie -- dis nie skouer teen skouer en vuis teen vuis nie. Nee, hy beknuip jou van agter. Hy maak jou sag; breek jou weerstand stap vir stap; hy gooi klein bietjies gif in jou koffie; hy ondergrawe jou van binne-uit.*

*"Hy kom sê vir ons jeug dat die tyd van vernuwing en verandering aangebreek het. Dit is sy uitgangspunt -- 'n nuwe benadering in 'n veranderde Afrikaanse situasie. Op alle terreine het hy ingedring: in die Afrikaanse kerke staan hy op die kansels en preek; in die joernalistiek skrywe hy in Afrikaanse koerante; op universiteit leer hy die studente; in die handelswêreld neem hy selfs leiding.*

*"Hierdie verligte Afrikaner maak die volgende stellings:*

* *Ons moet as Afrikaners bekrompenheid met openheid vervang;*

* *Ons Afrikaanse tradisie is te eng;*

* *Ons moet meer Westers as Afrikaans wees;*

---

125. Bruwer, P.F., *Republiek Afrikana: 'n Tuiste vir die Afrikaner*, p. 11.

* *Ons Afrikaanse volksgedagte is uitgedien;*

* *Ons moet die Suid-Afrikaanse nasiegedagte nou voorop stel: Afrikaanse kultuur moet terugtree vir 'n Suid-Afrikaanse 'way of life';*

* *Ons Afrikaners dink en leef te geïsoleerd;*

* *Die tyd vir kommunikasie het nou gekom;*

* *Ons moet grense oorsteek, mure afbreek, deure oopgooi, brûe bou, kontakte lê;*

* *Ons Afrikaners moet groot nuwe eenhede sien;*

* *Alles by ons is te volksbepaald;*

* *Die tyd het gekom vir meer kritiese instelling."*

De Klerk sê: "*U moet oplet dat die taktiek is om eers twyfel in die gemoed te saai oor ou aanvaarde Afrikaanse uitgangspunte. Na twyfel wil hy skuldgevoelens wek; oor ons verlede, oor ons enigheid. Dan volg sy pogings om minderwaardigheidsgevoelens by ons te prikkel: oor ons sogenaamde Boersheid, onwetenskaplikheid, agterlikheid in 'n nuwe wêreld. En dan volg die oortuigingswerk dat die nuwe verligte benadering 'n diens is aan ons volk.*

*"Op godsdiensgebied het die liberale Christendom in ons kerke al sterk ingedring. Die gedagte word in preke en artikels en konferensies gepropageer dat ons kerke moet denasionaliseer. Die Christendom lig jou uit jou volksverband en voeg jou in die wêreldburgerskap van Christene.*

*"Op die verhoudingsterrein word die neiging sterk onder ons eie mense om al hoe meer die klem op integrasie te laat val ... Integrasie tussen Blank en nie-Blank tree in ons eie kringe in standpuntstelling en praktyk ook al hoe meer na vore: sogenaamde oop gesprekke tussen intellektueles en belangegroepe van verskillende rasse.*

*"Ek noem die verligte Afrikaner die propagandis van die nuwe, ruimer, beweegliker, soepeler, verdraagsamer Afrikaner, die vyand wat 'n aanslag maak op ons erfpag."* Hy konstateer dan soos volg:

*"1. Die verligte Afrikaner is 'n vyand omdat hy ons wil losmaak van ons volksbindinge deur sy verdagmaking van warme nasionalisme ...*

*"2. Die verligte Afrikaner is 'n vyand omdat hy ons wil verlei na 'n onbelynde openheid. 'n Soort openheid wat in opstand kom teen begrensing, standpuntstelling, die formulering van algemeen geldige beginsels. Die verligte Afrikaner wil grense verflou. Hy soek na kompromie. Hy wil hom nie bind aan beginsels nie, ook nie volksbeginsels nie. Dit word 'n vaart sonder kompas ... Alles word dan 'n oopheid waarin ons verdwaal en elke vaste steunpunt verloor.*

*"3. Die verligte Afrikaner lei ons geleidelik op die pad van ontkenning van die eie. Die eie tradisie word op baie punte ontken. Die eie kultuur word verflou. Die eie lewensbeskouing word vervang met 'n nuwe filosofie."*

De Klerk sluit af met die volgende: "*Ek beskuldig die verligte Afrikaner en sy leerstellings as skenders van ons erfenis. Hy bedreig ons in ons volksidealisme; in ons koers; in ons volksidentiteit. Die slot van die verhaal sal wees dat hy ons weer uitlewer aan die vreemde. Aan die kleurloosheid van 'n Suid-Afrikanerskap. Aan die vaagheid van 'n algemene Christendom. Aan die gevare van integrasie. Aan die skande van verloëning van ons volksroeping. As ons die masker van die verligte Afrikaner afgepluk het, sien ons hom voor ons staan in sy ware wese: die liberalis in 'n nuwe, aangepaste Afrikaanse gedaante.*"[126]

Dit wil in toenemende mate voorkom asof daar gepoog word om die Afrikaner skaam te maak vir sy tipiese Afrikanersimbole. Anna van Zyl skryf in haar weeklikse rubriek in **Die Volksblad**: "*Soos ek dit sien*", die volgende: "*Die ontroue houding van sommige Suid-Afrikaners teenoor volk en vaderland is vir ons 'n teer saak. Sou daar nog volke op aarde wees wat hulleself so graag in diskrediet wil bring? ... Watter selfbeeld kan 'n volk hê, as al die negatiewe altyd beklemtoon word ... Ons skrywers het ook die stang in die bek gekry van 'hervorming al sou dit beteken die afbreking van integriteit en eienheid ...*" Sy sê: "*Wat ons nodig het is 'n suiwerder moraliteit, nasietrots of te wel, oorwinnaars ... 'n dieper nasionalisme, beeld van 'n edel volk wat ook 'n 'dieper reg' het, 'n lojale verset, nie haat vir die self nie.*"[127]

126. De Klerk, W.J., "Die praktiese openbaringswyse van die aanslag op die erfpag van die Afrikanerjeug", pp. 141-148.

127. Kyk **Die Volksblad**, 23 November 1985.

Samevattend wil ons net daarop wys dat die huidige politieke situasie in ons land alléén genoeg rede is waarom die volkstaat-gerigte Afrikaner met reg aanspraak maak op 'n eie grondgebied, 'n staatsterritorium met alles wat dit behels. Geneem die getalleoorwig van die Swartes tesame met die Kleurlinge en die Asiate in sogenaamde "*Blank*" Suid-Afrika, kan dit net 'n kwessie van tyd wees voordat die *regstelling* gemaak sal word en waarin die demokrasie sodanig verbreed sal wees, dat die Swarte in die stedelike gebied en diegene buite die nasionale state, seggenskap sal hê tot op die hoogste vlak van regering. Wanneer die Swartman in Suid-Afrika volle politieke regte verkry en dus effektief die mag deel in hierdie land, is Suid-Afrika de jure 'n Swart staat. Booysen skryf tereg: "*Die Blanke in die RSA het 'n tradisie van demokratiese regeringsvorm. Hierdie tradisie moet bewaar word en daar sal met die uiterste waaksaamheid opgetree moet word om te verseker dat ons nie ons eie konstitusionele tradisies oorboord gooi ter wille van moontlik konstitusionele skikkings met die ander bevolkingsgroepe nie.*"[128]

Dit blyk dat die Afrikaner se moontlikheid om in so 'n situasie as volk te bly voortbestaan baie skraal geword het, indien nie onmoontlik nie. Die enigste alternatief is skynbaar om weer soos 150 jaar gelede, *uit die staat te tree en van die RSA af te stig.*

As ons dus in alle eerlikheid van die feit rekenskap moet gee, kan die RSA soos hy tans bestaan nie meer as land net vir Blankes en vir Afrikaners beskryf word nie. Om dit langer so te beskou kan net verwarring meebring asook 'n gebrek aan geloofwaardigheid na binne sowel as na buite. 'n Uitweg moet gesoek word. By geleentheid hanteer Viljoen hierdie vraagstuk en hy skryf soos volg: "*Ek wil egter ook die vraag opper of ons hierdie skeidingsbenadering ... ten opsigte van die Blanke tog nie miskien te maklik prysgee nie. Ek wil in die eerste plek die goeie reg van die Blanke beklemtoon op 'n sekere privaatheid of eksklusiwiteit in sy eie Blanke woongebiede. Ek wil ook die vraag stel of ons werklik al voldoende aandag geskenk het aan die uitvoerbaarheid, en moontlik selfs die noodsaaklikheid, van 'n eksklusief Blanke kerngebied êrens in die Republiek van Suid-Afrika, wat wesenlik 'n veelvolkige staat is en word, om tog 'n soort van 'n eie tuisland net vir die Blankes te voorsien ... Selfs in 'n veelvolkinge staat is dit nodig vir die selfvertroue van 'n nasie (lees volk) om vir homself en die buitewêreld te bewys dat hy 'n kerngebied kan skep waarin hy, met gebruik slegs van eie kragte en sonder om te steun op die arbeid van ander volksgroepe, 'n leefwyse vir homself te kan uitwerk. Ek bepleit oorweging van*

128. Booysen, H.:, *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*, p. 81.

*hierdie gedagte, nie vir ons land in sy geheel nie, maar wel ten opsigte van, al is dit ook maar 'n klein, simboliese, eksklusiewe eie Blanke kerngebied.*"[129] Ons deel hierdie sentiment van Viljoen van harte, maar met die voorbehoud dat hierdie "*kerngebied*" vir die Blanke nader gedefinieer sal word na 'n kerngebied vir die volkstaat-gerigte Afrikaner. Onder hierdie Afrikaners sal daar groter duidelikheid verkry moet word, dit wil sê Afrikaners wat strewe na die *staatkundige vrywording van die Afrikanervolk* met *selfbeskikking* oor al sy sake.

In antwoord op 'n "*Versoekskrif*" van die **Vereniging van Oranjewerkers** aan die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha, waarin hulle vra dat die Afrikaner se reg op 'n eie staatsgebied erken sal word, stel hy as Staatspresident sy probleem dat daar onder regses self verwarring bestaan oor hierdie aangeleentheid. Hy verwys ook na die onduidelike terminologie wat gebruik word en die meningsverskille wat daar bestaan na die vraag waar die tuisland gestig sal moet word. Mnr. Botha vra tereg die vraag: "*Wie praat namens wie? As die regering iets van die aard sou wou oorweeg op grond van vertoë en versoekskrifte, wat moet dit wees: die 'Blanke staat' soos gepropageer deur die Konserwatiewe Party; die 'Afrikanervolkstaat' van die Vereniging van Oranjewerkers; of die 'Boerevolkstaat' van die Afrikaner-Weerstandsbeweging en die Transvaalse Separatiste. Dit is vanselfsprekend dat al hierdie eise nie gelyktydig bevredig kan word nie.*"[130]

Na my mening het mnr. Botha 'n geldige punt beet. Voordat die regse kragte van diegene wat hulle beywer vir die onafhanklikheid van die Blanke, en ook die Afrikaner, nie saamgesnoer gaan word nie, dan kan daar van niemand, veral nie van die regering verwag word om die saak ernstig te benader nie. Dit het weer tyd in die bestaan van die Afrikaner geword om hom rondom 'n saambindende faktor te skaar. Na my mening is hierdie saambindende faktor 'n *eie vaderland met 'n eie regering*. Die tyd het aangebreek dat die Afrikaner weer 'n *Volkskomitee* moet stig (of 'n Eenheidskomitee soos in 1939) wat die belange van al die Afrikanergroepe moet konsolideer. Bruwer voel dit ook aan dat daar 'n, "*Driemanskap onder die invloedryke Afrikanerleiers*" aangestel moet word en, "*dit moet hierdie Volkskomitee se plig wees om sy werksaamhede oor 'n veel breër terrein uit te bou as wat geassosieer word met 'n politieke party. Hy sal namens die Afrikanervolk in gesprek moet*

129. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid*, p. 62.

130. Kyk "Die Staatspresident antwoord oor eie grond", in Oranje-Perspektief, September/Oktober 1987, p. 8.

*tree met alle belangegroepe om sodoende die eise van die Afrikanervolk te stel.*"[131] Na my mening sal dit veel verder moet gaan en sal so 'n Volkskomitee selfs die Afrikaner se saak tot in die buiteland moet dra. Die wêreld moet opnuut kennis neem van die Afrikaner-Boerevolk wat op 'n tyd bereid was om tot die bittereinde te veg vir sy vryheid wat hy so lief het. Die Afrikaner moet aan die wêreld vertel dat hy weer sal veg as dit moet. As die Afrikaner dan in die proses moet ondergaan, **laat dit sy lot wees en nie sy skuld nie**! Die Afrikaner en sy geslag moet weer die selfrespek verwerf wat hom eens so 'n trotse volk gemaak het! 'n Volk wat in vrede met alle ander volke en groepe wil verkeer, dog sonder die prysgawe van sy volksidentiteit.

## *3. DIE MOREEL-SKRIFTUURLIKE REG VAN DIE VOLKSTAAT-GERIGTE AFRIKANER OP 'N EIE STAATSTERRITORIUM*

Die beginsel van volkstate word wêreldwyd aanvaar. Die selfbeskikkingsreg van volke word selfs in die VVO se handves erken. **Artikel 1** van die VVO se **Handves van Menseregte (1955)** stel dit so: (vertaal) "*Alle volke het die reg op selfbeskikking. Op grond van dié reg bepaal hulle na vrye wil hul politieke stand en onderneem vryelik hulle ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling*", en, die **Lusaka-manifes van 1969** sluit nie die bestaan van 'n, "*Blanke volk*" in Afrika uit nie. Die enigste, "*Blanke volk*" in Afrika is egter die Afrikanervolk. Van Jaarsveld haal die volgende uit **The Economist** aan: "*(The Afrikaner) has a valid claim to a place of its own in Africa as any other group of Africans, provided that place is properly defined. It has no longer a European home to return to. It is Africa's white tribe, and it has a claim not to become the lost tribe. ... The Afrikanertribe ... is a very special case indeed. It is build and organised around the instinct of survival. It has nowhere to go.*"[132]

Een van die teenstrydighede in Suider-Afrika is juis dat die Swartman in sy eie volkstaat (tuisland) oor 'n eie geestelike tuiste beskik waaroor net hulleself volledige seggenskap het. Hoekom word dieselfde voorreg nie aan die Afrikaner gegun nie? Die volkstaat-gerigte Afrikaner ervaar dit as 'n skryende *onreg*. Die eens trotse volk word in die wyere Suid-Afrikanisme as blote segment van die samelewing beskou. As die Afrikaner nie as 'n volk erken word nie, dan het sy reg om homself te regeer verval. Boshoff wys daarop dat

131. Bruwer, P.F., *Die Derde Vryheidsoorlog woed ... Ons kan wen*, p. 332. Dit wil voorkom asof daar in die eerste helfte van 1990 'n Volksberaad onder leiding van die **Konserwatiewe Party** gaan plaasvind om hierdie netelige saak te bespreek.

132. **The Economist** soos aangehaal in Van Jaarsveld, F.A., *Omsingelde Afrikanerdom*, p. 232.

die Afrikaner dit nooit mag aanvaar nie! Hy skryf:" *'n Volk het aanspraak op selfbeskikking, 'n groep nie. 'n Groep kan hoogstens op die erkenning van groepsregte hoop, maar in 'n minderheidsposisie het hy nie die mag om dit af te dwing nie. Sy groepsregte moet deur ander gewaarborg word.*"[133]

Meyer maan dan ook tereg as hy skryf oor Suid-Afrikanerskap, as hy sê: "*Die besondere lewende, konkrete, historiese Suid-Afrikanerskap behels dus nie die verswakking of ondermyning van die verskillende Suid-Afrikaanse volkskappe nie, behels nie die integrasie van alle inwoners van Suid-Afrika as geografies-staatkundige gebied tot 'n kleurlose mengelmoes van gelykgeskaafde enkelinge as 'burgers' van een gemengde Suid-Afrikaanse staat nie.*"[134]

'n Volk moet staatkundig soewerein kan bly en hierdie soewereiniteit is beperk tot 'n grondgebied wat oorheersend deur sy mense bewoon moet word ten einde effektiewe beheer oor identiteitshandhawing moontlik te maak. Wessels skryf: "*Want wat wesenlik is, is dat 'n owerheid geen beheer oor sy volk se toekoms het as hulle nie op sy grondgebied woon en werk nie. Andersom verloor 'n owerheid ook beheer oor sy volk se voortbestaan as sy gebied oorstroom word deur mense van ander volke.*"[135] Wat sou mnr P.W. Botha byvoorbeeld bedoel het in 'n onderhoud met Anna Starcke as hy sê: "*I say there is a piece of land in South Africa that I am not going to share with Buthelezi* (of by implikasie enige ander swart volk nie -- JdV), *because it belongs to me. And for that I am prepared to fight if necessary. Because I have the same right to survive as Buthelezi and his people have.*"[136]

Hendrik Witbooi, vermaarde leier in Suidwes-Afrika, stel dit treffend as hy die realiteit om 'n volk te wees, aan goewerneur Leutwein van die Schutztroepe uitspel. Hy sê: "... *God has created different states, and therefore I knew and believe that it is no sin or crime that I should remain Kaptein of my land and my people. If you wish to kill me on account of my independent rule over my country, and without any cause on my part, that cannot do me any harm or occasion me any disgrace, for then I shall die in honour, in defence of my*

133. Boshoff, C.W.H., "Die Afrikaner sal veg teen sy bedreiging", in Boshoff, A. (red.), *Die Afrikaner se hoop leef!*, p. 9.

134. Meyer, P.J., "Die nasionale grondbeginsels van die Opvoeding en Onderwys", p. 86.

135. Wessels, D.P., *Politikologiese perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkerevraagstuk*, p. 756.

136. Starcke, A., *Survival: Taped interviews with South Africa's power élite*, p. 58.

*rights.*"[137] Dit spreek bepaald van 'n diepe roepingsbewussyn wat enige volk koester wat dit erns maak met sy voortbestaan en volkswees. Viljoen skryf tereg: "*'n Geroepene kan hom nie eensydig van sy roeping losmaak nie. Hy kan dit ongehoorsaam wees en negeer; maar ophef -- dit kan alleen Hy wat geroep het. En ook dit maak vir my iets heel besonders van ons vorentoe beweeg op ons pad hier in Suid-Afrika: Ons het nie 'n keuse óf ons hier wil voortbestaan of nie, ons is geroepe óm hier voort te bestaan.*"[138] Hy skryf verder: "*Ons nasieskap* (lees volkskap - JdV) *word gelouter en gewy deur ons diep roepingsbewussyn: Ons beleef ons nasionalisme nie as 'n blote sosiale of historiese feit nie, maar as 'n roeping, in die oortuiging dat ons Afrikanervolk se ontstaan en voortbestaan deur Gods wil beskik is en dat God vir ons 'n taak en opdrag in hierdie land tot Sy eer het. Hierdie roepingsbewussyn versterk ons motivering en vasberadenheid ...*"[139] Dit gaan verder gepaard met 'n diepe diensmotief wat die Afrikaner besiel. Raubenheimer skryf as hy dr. H.F. Verwoerd aanhaal: "*Ons is hier geplant, so glo ons, met 'n bestemming ... 'n bestemming nie ter wille van selfsug van 'n nasie nie, maar ter wille van 'n diens van 'n nasie. Die afsonderlike bestaan van 'n Blanke nasie aan die suidpunt van Afrika kan dus alleen geregverdig word indien die diensmotief aan sy bestaan betekenis en inhoud gee.*"[140]

Die bestemming en die beskawingstaak van die Afrikaner is diep gewortel in sy Calvinisties-Protestantse geloofsoortuiging dat hy op hierdie subkontinent die lig van *Gods Woord* moet uitdra. Monumente van hierdie prestasie van Christelike deernis en liefde staan oral in hierdie deel van Afrika as gedink word aan klinieke, hospitale, kerke, skole en talle ander wat spreek van 'n passie vir siele. Daar is dus uit die Afrikaner se oogpunt 'n besondere *betekenis* en *doel* in sy volkwees hier in Suid-Afrika, *en daarom word sy bestaan en voortbestaan gesien in die grondlyne en beginsels soos wat God dit in Sy Woord neerlê.*

Die strewe van die Afrikaner om hom te stel in 'n *volkstipiese* staat van sy eie keuse, kan hy op morele, sedelike en geregtigheidsgronde vanuit die *Skrif* regverdig. Deur sy volksuiwerheid in 'n eie staat te bewaar en te koester, kan hy sy roeping en Christelike gemeenskap intens uitleef. Die drang na 'n ware

137. Witbooi soos aangehaal in Barnard, L.D., *Die magsfaktor in internasionale verhoudinge*, p. 72.

138. Viljoen, G. van N., *op.cit.*, p. 32.

139. *Ibid.*, p. 12.

140. Raubenheimer, J., *Boer, Brit en Bantoe*, p. 127.

afsonderlike volksbestaan groei diep uit die Christelike beskawing. Dit is derhalwe, volgens Heyns, "*van wesenlike belang*" om die historiese *Christelike karakter* van die Afrikaner altyd aan die *nasionale* komponent te koppel ten einde die regte perspektief op ons volksbestaan te behou. Die volk is 'n "*gestalte van die koninkryk van God*" in die mensewêreld op aarde.[141] 'n Volk is dus 'n *voorsienigheidsgegewe* van God. Dit word aanvaar as, "*deel van die gegewe werklikheid.*"[142] En ook: "*In al vier gedeeltes* (dit wil sê **Gen.10:11-9; Deut. 32:8; Hand. 7:26**), *word die veelheid van nasies en hul verspreiding oor verskillende woongebiede beskryf as 'n historiese werklikheid wat onder die voorsienige bestel van God plaasgevind het..*"[143] As bogenoemde aspekte in die regte lig beskou word, kan géén mens die bestaan van die Afrikanervolk nie sien as Godgegewe nie. In die ontstaan van volke speel die toeval geen rol nie. In die *Raad van God* het Hy ook *gewil* dat elke volk sou bestaan en waar hulle grense sal wees. Dat daar ook geen absolute bestaan van volke kan wees nie is egter duidelik. 'n Volk kan kom en 'n volk kan ook verdwyn. Boshoff skryf: "*Weereens word hieruit afgelei dat daar geen absolute bestaan aan volke toegeskryf kan word nie. Die hele boodskap is dat daar geen onderskeid is in die wyse waarop God die God van alle mense is nie, dat partikularisme hier totaal wegval maar dat die bestaan van volke op spontaan realistiese wyse erken word. God is nie boos oor hulle in volke uiteengeval het nie: 'hulle sal Sy volke wees'*".[144]

Per slot van sake, 'n volk is immers 'n *organiese* eenheid waaruit mense uit gemeenskaplike wortels gegroei het, dieselfde taal praat, tradisies en gewoontes ontwikkel en 'n eie identiteit opbou. Die Afrikaner glo dat hierdie groei en ontwikkeling van 'n volk 'n *beskikking* van God is. Sal 'n volk ontstaan, bloei en groei buite die wil van God om? In terme van ouderdomme van volke is die Afrikanervolk nog relatief jonk. Hy is nog in die fleur van sy lewe. Boshoff skryf: "*Dit is moedswillig om te glo dat God oor ons hele lewe beskik en dat dit van die grootste belang is, maar dat die feit dat ek 'n lid van hierdie volk is, van geen betekenis is nie en dat ek hierdie volk kan verloën, verwerp, minag en verraai.*"[145] Die geloof in 'n volk se voortbestaan stel die eis aan ons dat ons God se beskikking sal aanvaar en dat ons nederig gehoorsaam sal wees om in ons volkslewe die eer van God voorop te stel en Hom

141. Heyns, J.A., *Die Kerk*, p. 209.

142. *Kerk en Samelewing*, pp. 20-21.

143. Kyk *Ibid.*, paragraaf 107, p. 21.

144. Boshoff, C.W.H., " 'n Volk het reg!", in Patriot, September 1986, p. 4.

145. *Ibid.*

daarin sal verheerlik. Heyns skryf tereg: "*(Daarom) word die sinvolheid al dan nie van 'n volk nie bepaal deur 'n vermeende ewige inherente meerderwaardigheid nie, ook nie deur feitlike en deur baie mense erkende kultureeltegnologiese prestasies nie, maar deur sy meewerking aan die aktuele voortgang van die Godsryk.*"[146]

In die erkenning en handhawing van jou eie volksbestaan is daar dus geen sonde nie mits die doel, naamlik *die voortgang van Gods koninkryk*, altyd voor oë gehou word. Die Afrikaner gaan soek dus nie sy bestaansreg in die wysheid of dwaasheid van menslike oorwegings nie, maar in die Woord van God, "*as sy beproefde, onfeilbare rigsnoer ... Indien dit blyk dat sy beleid strydig is met die beginsels soos in die Heilige Skrif te vinde, sal hy verplig wees om sy beleid te wysig. Maar indien dit in ooreenstemming met die Woord is, hoef hy vir geen mens se redenering 'n duimbreed te wyk nie*", aldus Groenewald.[147]

Hierdie beginsel sou bepaald ook insluit dat God nie net afsonderlike volke gewil het nie, *maar ook die geografiese gebied vir elkeen*. Dit maak mos geen sin dat God 'n volk sal laat voortkom en sinvol as volk in al sy fasette sal laat bly voortbestaan, maar Hy gee nie ook vir so 'n volk *'n staatsterritorium* nie. Staatkundige selfbeskikking op eie staats-territorium *is deel van die swaardmag wat God aan 'n staatsowerheid gee*.

Groenewald, 'n kenner op die gebied van veral die **Nuwe Testament**, wys daarop dat die **Nuwe Testament** die bestaan van afsonderlike volke geensins opgehef het en die grense uitgewis het nie. Hy wys daarop dat Jesus en sy apostels die bestaan van volke aanvaar het sonder die minste poging om iets daaraan te verander. Hy skryf: "*Natuurlike verkeer tussen die volke word in die Skrif veronderstel as een van die voorwaardes vir die bewaring van die vrede op aarde ... maar daarmee is nog geensins bedoel dat die grense en skeidinge uit-*

146. Heyns, J.A., *op.cit.*, p. 212.

147. Groenewald, E.P., "Apartheid en voogdyskap in die lig van die Heilige Skrif", in Cronjé, G., *Regverdige Rasse-apartheid*, p. 43. Groenewald verwys veral ook in hierdie verband na Skrifgedeeltes soos **Gen.** 10 en 11 en **Deut.** 32:8. "Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense en volke opgedeel het, het Hy vir hulle grense bepaal". Kyk ook **Gen.** 15:18; **Amos** 9:7; en **Handelinge** 17:26. Wat laasgenoemde teks betref, sê Calvyn: "Net soos in 'n leërafdeling elke kompanjie en afdeling sy eie plek het, so ook is die mense op so 'n wyse op die aarde gestel dat elke volk binne sy bepaalde grense ingesluit is." Kyk Cronjé, G., *op.cit.*, p. 43.

*gewis moet word nie.*"[148] Uit hierdie gedagtes is dit verder duidelik dat die Nuwe Testament ook nie 'n *eenvormige wêreldburgerskap* bepleit nie. Inteendeel, 'n gesonde nasionalisme en volkstrots word aangemoedig. So beroem Paulus hom op die feit dat hy 'n Jood is en bestraf diegene wat hulle anders wil maak as wat hulle is (Fil. 3:5. Kyk ook Rom. 9:1-3). Hy beskou dit geensins as sy Christelike verantwoordelikheid om 'n streep deur daardie feit te trek nie. Hy het sy volk hartstogtelik lief en treur oor hulle ongeloof (Rom. 16:7 en 11; 11:1 en 2).

Die strewe van die Afrikaner om hom te stel in sy eie staat as vrye volk kan bepaald nie teen die grondbeginsels wees soos in Gods Woord vervat nie. Farao moes die volk van Israel hul vryheid gee om heen te gaan en om in sy beloofde land, Kanaän, God te dien. ("*Laat my volk gaan om My te dien*" (Ex. 9:1).

In 'n gesprek oor die begrip "*Verandering*", wys De Klerk daarop dat daar sekerlik groot Bybelse beginsels is wat op die politiek van toepassing is, en één daarvan is die *vryheidsbeginsel*, "*wat eis dat elke volk en elke mens sy eie moet kan handhaaf, sy selfbeskikking kan vra, slawerny verwerp en sy identiteit laat gedy.*"[149] In 'n ander artikel wys De Klerk daarop dat die menslike geslag, hoewel 'n eenheid, geen *eendersheid* is nie. Hy skryf: "*Differensiasie volg vanself as die Goddelike opdrag om die aarde te vul, uitgevoer word. Daarom moet alle valse eenheidstrewe, massalisering en uitwissing van grense, soos deur die Liberalisme en die Humanisme en die Kommunisme verkondig, as onskriftuurlik verwerp word. Dit loop uit op die ryk van die anti-Chris. Elke volk is geroepe om sy volkseie te bewaar, dit positief te ontwikkel en so ooreenkomstig sy eie aard sy Godgegewe kultuurtaak volbring, tot eer van God en tot seën vir die wêreld.*

*"Uit die feit dat God aan elke volk sy plek gee volg dat as twee volke of rasse op dieselfde grondgebied woon en elkeen sy eie identiteit wil bewaar, daar onnoemlike spanning ontstaan. Gebiedskeiding tussen volke is een van die wesenlike faktore om ongewensde vermenging en bedreiginge van die volksbestaan teen te werk. Waar dit nie verwesenlik kan word nie, lei die toestande tot ver-*

---

148. *Ibid.*, p. 47.

149. Kyk De Klerk, W.J., "Verandering", in Van Wyk, J.H. en Vorster, J.M., *Altyd Reformeer*, p. 90. Vir Raath setel die kosmiese wesensgrond van menslike vryheid in die mens se "*roepingsvervulling*". Kyk Raath, A.W.G., "Grondbeginsels van die Calvinistiese vryheidsleer", p. 68.

*swelging van die een deur die ander, deur vermenging of geweldadige vernietiging van die nasionale identiteit. Hieruit volg dat 'n volk wat sy identiteit wil bewaar, die offers wat gevra word vir die verkryging en behoud van 'n eie vaderland moet bring, ook deur erkenning van geregverdigde aansprake van ander volke op 'n eie vaderland. Die idee van 'n 'veelrassige volk op een grondgebied' moet op Skriftuurlike gronde verwerp word.*"[150]

Ook Scholtz maan dat die saamwoon van twee of meer rasse in dieselfde land, "*dit vroeër of later op bloedvermenging uitloop.*"[151] Hy wys voorts ook daarop dat dit vandag duidelik is dat een van die vernaamste oorsake van die val van die **Romeinse Ryk** gesoek moet word in die verdwyning van die Romeine in ander volke en rasse. K. Sprey, 'n deskundige op die gebied van die Romeinse geskiedenis, is juis van mening dat die Romeinse Ryk tot 'n val gekom het omdat dit opgehou het om Romeins te wees.[152] 'n Amerikaanse skrywer, E.B. Reuter, wat 'n studie van rassekontakte gemaak het, verklaar: "*There seems to be no historical exception to the rule that when peoples come into contact and occupy the same area there is a mixture of blood that results, ultimately, in the establishment of a new and modified ethnic type.*"[153] Reuter verwys ook na W.O. Brown wat skryf: "*In the long run the only permanent solution of race conflict is the complete absorption and assimilation of the races in a common culture and social order.*"[154] Geneem die Suid-Afrikaanse omstandighede, wys Scholtz daarop dat die Afrikaner van die afgelope drie eeue nie tot rassevermenging oorgegaan het nie, en dit moet hoofsaaklik toegeskryf word aan sy godsdienssin. Hy wys daarop dat namate die godsdienstige invloed afneem, die afkeer aan rassevermenging ook sal verminder. Ook die skepping van 'n, "*Blanke en 'n nie-Blanke proletariaat*" sal die skeidslyn laat vervaag. Verder leer die liberalisme ook dat sulke skeidslyne nie behoort te bestaan nie. Scholtz skryf: "*Die gevaar dat die Afrikaanse volk deur rassevermenging kan verdwyn, sal bly bestaan solank Blank en nie-Blank dieselfde gebied bewoon.*"[155]

---

150. De Klerk, W.J., "Die praktiese openbaringswyse van die aanslag op die erfpag van die Afrikanerjeug", pp. 147-148.
151. Scholtz, G.D., *Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?*, p. 146.
152. Sprey, K., *Wereldgeschiedenis*, deel II, p. 1921.
153. Reuter, C.B., *Race and Culture*, pp. 7-8.
154. Brown, W.O., soos aangehaal in *Ibid.*, p. 46.
155. Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 149.

Die Konserwatiewe Party-mondstuk, **Patriot**, skryf: "*Vir enigiemand om oorgawe by 'n volk aan te beveel, is niks anders as dekadensie nie, gewoon omdat voortbestaan een van die hoogste waardes van volkskap is. Om aan 'n volk te sê hy moet oorgee omdat die eise van selfhandhawing te groot is, is 'n gruwelike miskenning van daardie volk se selfrespek. As diegene wat abdikasie predik uit die geledere van die volk self kom, word dit 'n onheilspellende verskynsel ... Wat het daartoe aanleiding gegee dat sulke denke nie net na vore kom in 'n volk nie, maar inderdaad prominensie in fatsoenlike kringe geniet? ... Die enigste gevolgtrekking is dat hulle eintlik reeds hulle gewig by die alternatiewe politieke mag in die land ingegooi het en dat solidariteit gevoel word met diegene wat hulle as toekomstige maghebbers sien.*"[156]

Ondanks die kritiek wat dikwels teen die Afrikaner uitgespreek word, veral wat sy eiesoortige staatsbeskouing betref, lewe die Afrikaner in die wete dat die Heilige Skrif die mens tot dade oproep. Wessels haal die vermaarde dr. J.D. Kestell aan as hy sê: "*Die mens word tot dade opgewek, en is skuldig as hy dit nie uitvoer nie.*"[157] Wessels wys voorts ook daarop dat, "*in hierdie wekroep lê vir die Afrikaner die ten uitvoer bring van die beleid van afsonderlike ontwikkeling opgesluit. Die bymekaarbring van die kinders van Israel soos wat God hulle besturend na Sy wil in volke en nasies georden het -- ' net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke ...' -- elk in sy eie vaderland as een van God se volke. Dit is dié erkenning van die verantwoordelikheid van die mens, geen verslae onderworpenheid nie, maar versekerd dat alles meewerk ten goede vir hulle wat na Gods voorneme geroep is.*"[158]

Wessels gaan voort as hy sê: "*Van afsonderlike ontwikkeling -- en meer spesifiek die beleid van afsonderlike ordening van volke in hul eie tuislande -- is al baie gesê, dreigemente geuiter en revolusie gestook, maar wat niemand kan ontken nie, is dat die Afrikaner nie van sy koers gedwing sal word solank as dit wat hy doen vir hom die uiting van Gods wil is nie. Hoe hy dit doen, alles wortel in die Godsvertroue van die Calvinis.*"[159] Hierin lê ook, soos in 'n vorige paragraaf vermeld, die vryheidsdrang van die Afrikaner in opgesluit: Slegs kneg van die Allerhoogste, teen die héle wêreld vry! "*In die uitvoering van sy roeping aan die suidpunt van Afrika moet die Afrikaner 'n wye reeks van belange dien sonder om sy eie belange prys te gee en hiervoor is sinvolle toekoms-*

156. "Voorspraak vir die Afrikaner se oorgawe is dekadent", in **Patriot**, 17 Junie 1988, p. 6.

157. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 805.

158. *Ibid.*

159. *Ibid.*

*ideale noodsaaklik*", sê mnr. L. Botha, Administrateur van die Oranje-Vrystaat. " *As die Afrikaner betekenisvol ruimte wil skep vir homself en vir andere is daar een begrip waarvan hy vir homself rekenskap sal moet gee en dit is vryheid, soos staatkundige vryheid, godsdiensvryheid en ekonomiese vryheid.*"[160]

In Bloemfontein sê dr. Piet Koornhof tydens die opening van die nuwe uitbreidings van die **Oorlogsmuseum van die Boererepublieke** op 17 Augustus 1978, die volgende: "*Vryheid lê diep in die Afrikanervolk en die volk wat dié wil vernietig, sal te doene kry met 'n Germaanse ras wat sy vryheid waardeer en dit tot die dood toe nie sal prysgee nie.*" Hy sê dat Afrikaners toenemend vra of hier vir hulle 'n toekoms in hierdie land is, en hy antwoord: "*Iemand wat sy geskiedenis belewe, sal dit nie vra nie ... Hier sien ons hoe ons volk se vryheid en toekoms deur smart en lyding stralend oopgebreek het. Ons volk het iets kosbaars en edels wat hom deur Afrika en die wêreld kan dra.*"[161] Ook dr. D.F. Malan skryf, as hy praat van, "*vol uitgeleefde eie nasieskap*", die volgende: "*Sonder vryheid, of ten minste die wil om vry te wees, kan geen volk bestaan nie ... Die stryd om vryheid, met of sonder die wapen, was aan die anderkant nog altyd die glanspunt in die geskiedenis van enige volk ... Vryheidsdrang is 'n volk se ruggraat, en dis dié ruggraat wat die eenheid en die krag van die liggaam waarborg en wat sy voorwaartse beweging moontlik maak.*"[162]

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis, soos treffend uit vorige paragrawe verbeeld, spreek hom duidelik uit oor die volkskap van die Afrikaner. Na my wete het geen land ter wêreld nog die *volkskap* van die Afrikaner in die besonder ontken nie. Wat die wêreld daar buite wel verwar is die feit dat die huidige grondwetlike bedeling in Suid-Afrika juis hierdie historiese feit ongedaan maak! Vir die huidige is daar dus géén manier waarop die wil van die Afrikaner *juridies* vasgestel kan word nie. Die huidige Grondwet van die RSA erken slegs die Blanke as *staatkundige* eenheid, en nie die Afrikaner as Afrikaner **per se** nie.

Soos gepoog om uit die strekking van hierdie verhandeling te bewys, het 'n volk die reg om te kan leef volgens sy eie aard en politieke en kulturele instellings, insluitend ook sy reg op 'n eie vaderland, want daarsonder sou die reg op selfbeskikking nie verwesenlik kon word nie. Van der Merwe skryf te-

160. Kyk **Die Volksblad**, 31 Julie 1986.
161. Kyk **Die Volksblad**, 18 Augustus 1978.
162. Malan, D.F., *op.cit.*, p. 53.

reg: " *'n Ander faset van die begrip 'selfbeskikking' is dat 'n volk of groep in staat is om besluite wat sy eie belange nadelig raak, te verhinder. Hierdie faset is is implisiet maar versweë teenwoordig onder omstandighede van volle selfbeskikking soos dit bestaan in die tipiese (volks-) nasie-staat. In die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie faset van die begrip van besondere belang. Uit ons geskiedenis word dit duidelik dat die Afrikaners nie deur die imperialistiese drang om ander mense, groepe of volke te oorheers, gemotiveer was nie, maar inderdaad deur 'n verset daarteen dat andere (die Hollanders, die Britte, hul Engelssprekende landgenote) aan hulle voorskryf hoe hul eie sake gereël moet word. Dit was dus 'n verset teen oorheersing en nie 'n drang tot oorheersing nie! As gevolg van hul lang stryd teen oorheersing sal die Afrikaners in die besonder, en die Blankes in die algemeen, dit uiters moeilik vind om hulself in 'n posisie te plaas waar 'n ander groep, volk of staat hulle andermaal oorheers.*[163]

Selfbeskikking het niks met rassisme of kleurvooroordele te doen nie. Trouens, soos Boshoff tereg daarop wys, kom die verskynsel onder Swart volke net soveel as onder Wit volke voor. As voorbeeld verwys hy na 'n heel resente voorbeeld in die geskiedenis, naamlik die Ndebele van Oos-Transvaal wat geweier het om onder Lebowa te staan of by hulle geïntegreer te word. Met die grootste moeite word vir hulle 'n afsonderlike bestaan *geskep*! "*Dit is presies*", sê Boshoff, "*wat die Blanke* (lees Afrikaner - JdV) *in Suid-Afrika vir hulle opeis*."[164] Treurnicht skryf: "*Laat ons dit maar duidelik sê: Kleur of ras bepaal nie iemand se waarde as mens nie. Die lede van 'n ander kleurgroep, ras of taalgroep kan voortrefliker Christelike en sedelike deugde hê as die lede van jou eie groep. Maar kleur-, rasse- en taalverskille is natuurlike verskille onder mense, en dit bring natuurlike groeperinge mee, wat weer besondere verbintenisse, voorkeure en lojaliteite meebring. Ignoreer hierdie verskille en jy skep onsekerheid, spanning, wrywing en baie ongelukkigheid soos oral ter wêreld te sien is ... Juis daarom -- omdat ek glo dat God die verskillende volke positief gewil het, dat Hy dus ook die Afrikanervolk se bestaan en roepingsvervulling gewil het -- daarom is ek onbeskaamd Afrikaner!*"[165] By geleentheid sê mnr. P.W. Botha in die Volksraad: "*Afrika is, trouens, gebou op*

163. Van der Merwe, C.J., *op.cit.*, p. 8.

164. Kyk Boshoff, C.W.H., Rede gelewer tydens die SABRA konferensie te Nylstroom, soos aangehaal in Kemp, K., *Carel Boshoff en sy Afrikaner-denke*, p. 85.

165. Treurnicht, A.P., *Credo van 'n Afrikaner*, p. 90.

*die beginsel van selfbeskikkingsreg, dikwels volgens onnatuurlike grense, maar dit is daar!"*[166]

Ironies genoeg is die anomalie in die huidige regering se grondwetlike beleid steeds dat hy behoorlik daarvoor voorsiening maak dat Swart volke in Suid-Afrika tot volle onafhanklikheid kan kom. Trouens, na aanleiding van 'n uitspraak van die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha, kan selfs *metropolitaanse* Swart gebiede om onafhanklikheid vra![167] Positiewe maatreëls word voortdurend geskep om Swartes onafhanklik te maak, al is dit nie op etniese basis soos in die geval van metropolitaanse stadsgebiede nie. Blankes se grond word selfs onteien om sinvolle konsolidasie daar te stel sodat Swartes 'n eie territorium kan hê of om dit moontlik te maak. Swart gebiede en streeksowerhede word aangemoedig om te ontwikkel tot volkome onafhanklike state, ongeag of hul mense verspreid deur die héle RSA woon, en ongeag die feit of die meerderheid van so 'n volk in hul kerngebiede woon al dan nie. Dit geskied sonder dat daar selfs 'n spesifieke stemming of referendum onder die betrokke volke gehou is. Selfs klein volke soos die Ndebeles en die Griekwas kwalifiseer vir die reg op 'n eie grondgebied. Hoewel daar vir die Ndebeles nie eintlik so 'n gebied bestaan het nie of in elk geval te klein is, *is dit deur die RSA geskep* deur die bewilliging van staatsgeld en die onteiening en verskuiwing van Blankes uit hierdie gebiede. Dus, selfs klein volke soos die Ndebele, die Venda en die Suid-Sotho het méér reg as die Afrikanervolk om staatkundig onafhanklik te wees! Dit kan seker beredeneer word dat die Afrikanervolk binne die grense van die grotere RSA wel oor onafhanklikheid beskik, maar die **VOLK** as sodanig is nie onafhanklik nie deurdat hy sy grondgebied met talle ander volke en groepe moet **déél**. Volgens mnr. P.W. Botha, moet Afrikaners wat na 'n eie volkstaat streef, eers op politieke gebied betrokke raak en 'n party stig, "*wat hom dan in besonderhede by die kiesers en die stembus kan beywer vir sy eie bepaalde omskrywing van die oogmerke.*"[168]

Die vraag kan seker tereg gevra word of dieselfde vereistes soos bo genoem, aan die Swart volke gestel is? Het verkiesings plaasgevind vóór die afbakening van 'n *eie, afsonderlike gebiede* vir die verskillende Swart volke?

---

166. Kyk Inligtingsdiens van die Federale Raad van die Nasionale Party, **Skietgoed** Nr. 4, 31 Augustus 1981.

167. Kyk uitspraak van mnr. P.W. Botha in **Nat Bloemfontein-Oos**, 1987, p. 1.

168. "Die Staatspresident antwoord oor eie grond", in **Oranje-Perspektief**, September/Oktober 1987, p. 8.

Verder sou dit interessant wees, gesien in die lig van die groot steun wat die regse partye tydens die Algemene Verkiesing van 6 Mei 1987, en weer in September 1989, onder Afrikaners verkry het, dit wil sê Afrikaners wat vir 'n beleid van partisie gestem het, om hierdie Afrikaners te toets vir die gedagte van 'n *Afrikanervolkstaat*. Na my mening moet hierdie saak egter bó die partypolitiek uitgelig word. Die beginsel van staatkundige vryheid kom, net soos vir die Swart volke, die volkstaat-gerigte Afrikaner toe by wyse van 'n **rég**. Laat dit aan daardie Afrikaners oor om te besluit waar hy histories en moreel sy reg wil uitoefen en waar hy sy staat gevestig wil sien.

Uit voorgaande blyk dit dus dat die Afrikaner se aanspraak op 'n eie grondgebied nie net histories regverdigbaar is nie, maar ook op moreel-sedelike gronde. Hierin onderskei die volkstaat-gerigte Afrikaner hom van die ander Blanke bevolkingsgroepe in hierdie land. Hulle was nog nooit eiesoortige *volke* in die ware sin van die woord nie. Dit is slegs die ware volksnasionalisme wat wortel in die *hart* van die volksliewende mens, wat die krag en dinamika meebring wat nodig is om 'n volkstaat staande te hou.

Daar sal uiteraard ook 'n hele aantal Afrikaners wees (Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners) wat hulle nie in so 'n volkstaat sal begewe nie. Bruwer skryf: "*Hoewel baie Afrikaners nie hiervan mag hou nie, help dit nie om op valse grondslae te wil voortbou nie: 'n Blanke staat in Suider-Afrika is óf 'n Afrikanervolkstaat óf dit is 'n huis in homself verdeeld. Afrikaner-nasionalisme is die krag wat moet bind en bou en dryf.*"[169] Daar is ook dié Afrikaners wat meen dat hulle hul Afrikaneridentiteit en volkskap sal kan behou en uitleef in 'n veelrassige eenheidstaat. Sekerlik kan diesulke Afrikaners se reg om hierdie opsie uit te oefen erken word, maar dit beteken nie dat hulle daardeur die reg verkry om die volkstaat-gerigte Afrikaners, wat 'n eie staat en eie grondgebied begeer, die reg daartoe ontsê nie! Volke vertoon normaalweg 'n tendens waar bepaalde *volksgenote* hul aan die buitekring van die *volkskern* bevind. Dit beteken beslis nie dat die *volkskern* daardeur aangetas hoef te word nie. Daar sal noodwendig 'n soort *suiweringsproses* moet wees, hoe pynlik ook al.

Ons is van mening dat daar by 'n groot persentasie anderskleuriges geensins die begeerte bestaan om met die Blanke te assimileer of te integreer nie. Baie is rasegte volksmense wat slegs begeer om onder hulle eie mense tot ontwikkeling te kom. "*We believe*", sê Hoofminister Kaizer Matanzima, ge-

169. Bruwer, P.F., *Republiek Afrikana: 'n Tuiste vir die Afrikaner*, p. 13.

wese president van die Republiek van Transkei, "*in self-development. An individual as well as a nation wants freedom of thought and expression and wishes to lead his life in his own way. That is why those of us with common sense have accept the government's policy of self-development. We believe self-development has now became our resolved policy and there is no turning back from the road we have taken.*" Ook sê Hoofman Matiwane: "*With a land and home thus guaranteed, our emancipation presents no anxiety at all about the future.*"[170]

Oor die eie volksaard skryf 'n Swart onderwyser, E.L. Ntloedibe: "*Net so min as wat 'n mens 'n appelboom 'n perskeboom kan maak, net so min kan 'n mens van 'n Bantoe 'n Europeaan maak ... Hulle sal nooit eenders wees nie, tensy hulle verbaster. Dit is teen die wil van God wat hulle verskillend gemaak het. Die Bantoe moet sy bloed skoon hou en sy ou gewoontes en sedes handhaaf.*"[171] E.W. Smith skryf in 'n boek oor die lewe van 'n ene dr. Aggrey, 'n Swart Christen, dat hierdie Swartman 'n gloeiende lof vir sy ras en vaderland gehad het. Aggrey sê: "*I'm glad I'm Black, that God knew His business when He made me so and that He wants to do something through me ... Black without blemish and White without blemish. Let Africans remain good Africans, and not become a poor imitation of Europeans ... At this time of my country's life I am anxious that Africa should be 'civilized', not Westernized, and that the civilization should be Christian.*"[172] Sy konstante gevoel was dat enige verandering wat na sy mense toe kom, mag nie hul gees, persoonlikheid en karakter as, "*Africans*" verander nie. "*If a race is to give its greatest contribution to the great family of races, its own individuality should be preserved ... We are all conscious of our kind; we are all conscious of what is not our kind. That is to say that, we recognize that certain persons are alike - or unlike - ourselves in color of skin, general features, habits, traditions, manners. We naturally tend to herd together in sympathetic relations with our kind, and to have antipathy to the rest.*"[173]

Die lesse wat regdeur die wêreld geleer word is dat Blank en nie-Blank op 'n besondere manier geleer het dat rassevrede en vooruitgang vir almal alleen langs die weg van afsonderlike ontwikkeling te vinde is. Mnr. B.J. Vorster sê by geleentheid: "*Niemand van ons kan die toekoms bind nie, maar*

---

170. Wessels, D.P., *op.cit.*, pp. 819-820.

171. Kyk Die Huisgenoot, 9 Januarie 1956, pp. 26-27.

172. Smith, E.W., *Aggrey of Africa*, p. 90.

173. *Ibid.*, pp. 90-91.

*in soverre as wat jy rigting gee aan die toekoms sê ek dat die toekoms nie daarin lê om Blank en Gekleurd in dieselfde Parlement verteenwoordiging te gee nie. Die toekoms lê nie daarin om die Kleurlinge in hierdie Parlement in te bring nie, net so min as wat die toekoms daarin lê om die Bantoe of die Indiër in hierdie Parlement in te bring ... As jy vrede wil hê, dan lê die ontwikkeling nie na mekaar toe nie, maar van mekaar af weg."*[174]

Mnr. Marais Viljoen, voormalige Staatspresident, handel veral ook met die vraag of die Kleurlingbevolking by die Blanke politieke stelsel geïnkorporeer moet word. Hy is van mening dat so 'n inkorporasie op die lang duur noodwendig ook biologies moet wees. Hy kom tot die slotsom dat dit geen oplossing bied vir die rasseverhoudinge in die land nie. Hy sê: *"Inteendeel, so 'n ontwikkeling is 'n verwoester van goeie betrekkinge, want waar ter wêreld het so 'n inkorporasie, van een groep soos die Kleurlinge met 'n ander groep soos ons Blankes, al ooit geslaag? Die geskiedenis van volkere leer vir 'n mens dat so 'n ontwikkeling net op rassespanninge en botsings uitloop."*[175] Tydens die vergadering van die **Raad van Kleurlingsake** in 1969 sê mnr. Viljoen: *"In u besinning mag u stellig voel dat die Kleurlingbevolking in 'n sekere sin reeds wel oor 'n 'tuisland' beskik, naamlik die nagenoeg 2 000 morg landelike Kleurlinggebied tesame met die reeds geproklameerde Kleurlingwoonbuurtes oor die hele Republiek. Dit is so dat hierdie gebiede verspreid geleë is, maar dit beantwoord tog wel aan die basiese behoefte, naamlik om 'n eie gebied te hê wat 'n volk grondgebonde kan laat voel en waarop hy hom, en veral as nasiemens, kan uitlewe. Dat die geskiedenis van ons land nie aan elke bevolkingsgroep 'n aaneengeslote geografiese gebied besorg het nie, is 'n feit wat ons as praktiese mense almal moet aanvaar net soos sekere ander volkere in die wêreld 'n soortgelyke woonpatroon moet aanvaar ... Maar so 'n praktiese aanvaarding hoef niemand egter te verhinder om daardie gebiede wat die geskiedenis aan ons gegee het, as sy tuisgebiede te beskou nie ... Ek twyfel nie daaraan nie dat soos u nasiepersoonlikheid sterker ontwikkel, u aan u tuisgebiede óók algaande meer emosionele waarde sal heg."*[176]

Om hierdie betoog oor die moreel-Skriftuurlike reg van die volkstaat-gerigte Afrikaner op sy eie grondgebied mee af te sluit, kan net daarop gewys word dat 'n volk se geestelike tuiste die bewaarder word van

174. Kyk **Skietgoed** Nr. 7, p. 2487. Kyk ook *Debatte van die Volksraad*, Kolom 377-8, 1969.

175. Kyk *Debatte van die Volksraad*, Kolom 3033, 1969.

176. Kyk **Skietgoed** Nr. 7, pp. 2490-2491.

die geestelike erfenisse van daardie volk. Geen volk wat sy morele aansprake op 'n bepaalde grondgebied nakom en opeis, en so sy geestelike tuiste en erfenis bewaar, het vrees vir die toekoms nie. Indien die Afrikaner nie hierdie opsie mag uitoefen nie, kan daar geen blywende vrede in hierdie land wees nie.[177] Booysen skryf tereg. "*Ons versuim om nou aan ons nageslagte 'n veilige nalatenskap in die vorm van 'n eie gebied te gee, kan die saadjie wees wat daartoe sal lei dat ons van ons eie mense rebelle maak. As die tyd sy omwenteling gemaak het en die Afrikaner dalk weer onder die juk van vreemde oorheersing kom, sal hy na alle waarskynlikheid rebelleer net soos wat hy onder die Britse juk gedoen het. Watter waarborg het ons dat hy selfs nie verder sal gaan as militêre rebellie en hom weer na die metodes van die guerrilla sal wend nie? Watter waarborg het ons dat die Afrikaners, of die Blankes sonder 'n eie grondgebied en oorheers deur 'n vreemde kultuur anders optree as die Iere, die Baske, die Palestyne, die Molukkers, die Israeli's voor 1948, of enige ander groep wat op 'n gegewe tydstip in die geskiedenis sonder 'n eie gebied gelaat en oorheers word deur 'n vreemde en andersoortige volk? Wie kan so 'n waarborg gee? Dit kan nie gegee word as ons nie nou werk daarvan maak om aan die Blanke 'n eie gebied te gee nie. Dit is die enigste manier om te verhoed dat hy dalk 'n rebel word.*"[178] Na my mening moet hierdie tydige waarskuwing van Booysen met sterk erns bejeën word.

Katzew skryf: "*The Afrikaner has the right to all guarantees of survival; he has not the right to have his survival at the expense of others. I am for the Afrikaner and for apartheid if this means an inviolate home for the Afrikaner people moulded by the values they hold dear and in which their control is unimpeded and unchallenged; and from which they can exercise spiritual radiation to distant Afrikaner communities.*"[179]

Eiesoortige gemeenskappe strewe normaalweg daarna om oor hulle eie lotgevalle te beskik. Dit behels die polities-geografiese ordening van homogene groepe liefs binne die grense en strukture van 'n **volkstaat**. Suid-Afrika bevind hom, soos vele ander state wat vroeër deur koloniale moondhede beset is, in 'n situasie dat sy grense deur hierdie vreemde moondhede getrek is.

---

177. Elke volk op aarde het 'n plek waar hy sy eiendomlike bewaar en voortsit. Katzew skryf: "A spiritual centre is a land in which a goodly number of people born to the same inheritance work and live and play and create in freedom and spontaneity." Kyk Katzew, H., "Solution for South Africa", p. 51.

178. Booysen, H., *op.cit.*, pp. 116-117.

179. Katzew, H., *op.cit.*, p. 74.

Sommige inheemse volke is daardeur verdeel, ander weer saamgedwing in dieselfde geografiese area. Treurnicht noem dit 'n, *"geografiese determinisme."*[180] Dit is grense wat deur sommige as onveranderlik vir alle tye beskou word en daarbinne moet dan één politieke bestel geld onder één meerderheidsregering. Hy skryf: *"Daar word nie rekening gehou met die feit dat integrasie op staatsvlak net tussen integreerbares plaasvind en dat nasionale integrasie veronderstel dat daar 'n bereidheid moet wees tot wedersydse aanvaarding en ineengroeiing nie. Die wesenlike vraag wie oor wie regeer in 'n meervoudige staatsgemeenskap word afgemaak met die geloof in die goeie gesindhede van mense in die hoop dat mekaar se menswaardigheid oor en weer erken sal word ... Die saamdwing van ongelyksoortiges bring nie eenheid nie, maar wrywing en groter gevoeligheid vir die eie aard en eie vryheid."*[181]

Treurnicht opper dan ook die gedagte wat reeds deur Aristoteles en Calvyn uitgespreek is, naamlik : *"Die saamdwing van ongelyksoortiges is tirannie!"* Hy skryf: *"Die ironie van die saak is dat dit juis voorstanders van die liberalistiese gelykheidsleer is wat hierdie tirannie pleeg en wat die vryheid van 'n massa individue binne één staat wil laat botvier óór die dooie liggaam van die volke heen."*[182] Van der Merwe wys ook tereg daarop dat gedwonge integrasie nog altyd gevoer het tot rassewrywing, *"omdat 'n bepaalde groep op dié wyse sy bepaalde beskawing op 'n ander wil afdwing, sonder om te begryp dat 'n bepaalde beskawing binne 'n bepaalde milieu nie oorgedra kan word op 'n ander volk nie, want beskawing is iets wat deur 'n volk verdien moet word as voortvloeiend uit sy eie volk se struktuur."*[183]

Insiggewend is ook A. de Crespigny se bevinding as hy tot sekere empiriese gevolgtrekkinge kom. Hy skryf: *"In current and foreseeable circumstances many of the (actual and perceived) critical interests of Whites and Blacks (i.e. Africans) are and will remain irreconcilable within a common polity."*[184] **Patriot** berig verder dat De Crespigny by geleentheid gesê het, *"that a power sharing system will be difficult to work where one segment of a divided society is in a position of overall numerical preponderance, or where the main issues in dispute tend to be non-bargainable, or where there is a poor record of inter-*

180. Treurnicht, A.P., "Nasionale selfhandhawing", p. 14.

181. *Ibid.*

182. *Ibid.*

183. Van der Merwe, H.J.J.M., *Segregeer of Sterf*, p. 93.

184. De Crespigny, A.R.C., "Deriving policy for South Africa", p. 208.

*group accommodation, or where society-wide loyalties are weak or absent.*"[185] De Crespigny wys ook daarop dat, "*black radical leaders can be expected to seek to dominate rather than co-operate with rival minorities*", en dat, "*society-wide loyalties are weak and Black nationalist leaders tend to be hostile to the constitutional protection of minorities.*"[186] 'n Belangrike uitspraak van De Crespigny is egter dat, "*if permanent Blacks in South Africa were numerically superior it would be virtually impossible to include them in powersharing arrangements on a proportional basis and at the same time preserve and extend the democratic system.*"[187]

Van al die soeke na die oorlewing en sinvolle voortbestaan van die Afrikanervolk het van die diepste gedagtes uit die pen van die vermaarde digterskrywer, N.P. van Wyk Louw gekom. Van buite die politieke arena het hy 'n kwaliteit bydrae gelewer sonder om in die spervuur van kritiek van enige persoon te beland. Die stryd om voortbestaan moes op morele basis gestry word, anders tuimel dit van binne-uit ineen. Met sy dood in 1970 het Van Wyk Louw dan ook gesterf met 'n diepe kommer oor die skadu wat oor die Afrikanervolk en sy toekoms neergesak het.

Vir Van Wyk Louw het die geheim van die oorlewing van die Afrikaner op 'n baie belangrike basis neergekom naamlik dat 'n gedeelte van Suid-Afrika vir die Blanke bedoel is. Aan die Swartman se adres gerig sê hy: "*Dit is grond wat nooit julle s'n was nie. Moenie glo as iemand vir julle sê dat die hele Suid-Afrika julle s'n is nie. Dit is 'n leuen. En moenie glo as iemand sê dat julle ons stuk van die land sal kan vat nie: dit sal so 'n slagting afgee dat nie één van ons twee daarna sal asem hê nie. Julle geluk lê in 'n eie vrye lewe in één deel van hierdie land -- nie in baasspeel oor ander groepe in 'n onderverdeelde land nie.*"[188]

---

185. Kyk De Crespigny, A.R.C., in 'n voordrag voor die **England's Monday Club**, soos gerapporteer in **Patriot**, 11 November 1988, p. 11.

186. *Ibid.*

187. *Ibid.*

188. Kyk Louw, N.P. van Wyk, soos aangehaal in Botha, D.P., *Die opkoms van ons Derde stand*, sien *Voorwoord*. Dit is bekend dat Louw die Kleurling as deel van die Blanke volk gesien het. Hy skryf: "Wel het ek 'n innige begeerte -- nee, 'n hartstogtelike wil -- dat my volk, Blank en Bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land bly voortbestaan." Kyk *Ibid*.

Van Wyk Louw het hom sterk tot sy eie mense gerig. Sy filosofie was dan ook een van *lojale verset*. Hy skryf: "*Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid. Dit is nie eens gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan.*"[189]

## *4. DIE BEGRENSING OF OMLYNING VAN DIE AFRIKANERVOLK-STAAT*

### *4.1 Inleiding: Enkele problematiese uitgangspunte*

By wyse van enkele inleidende gedagtes kan eerstens gewys word op die feit dat by die gedagte aan enige geopolitieke bedeling daar 'n besliste band bestaan tussen 'n etniese groep en sy grondgebied. Hierdie verbintenis tussen byvoorbeeld 'n *volk* en sy staatsterritorium word as van grondliggende belang beskou vir die handhawing en uitbouing van die *groepsidentiteit* sowel as vir die skepping van bestuursliggame en die staatkundige instellings daarvoor.

Die eerste prioriteit in die toepassing van hierdie strategie is gevolglik om so 'n groep se gebied te *identifiseer* en te *beskerm* en deur beide die grensafbakening en territoriale beheerstrukture vas te lê as basis vir die uitlewing van so 'n groep se groepslewe en groepsbelange. Die hoogste ideaal hiervoor is sekerlik die *volkstaat*, dit wil sê daar waar 'n etnies-homogene volk sy eie grondgebied bewoon, self onder Gods beskikking oor sy eie lotgevalle oordeel en ook daar sy eie lewenstyl en kultuur onder eie instellings kan uitleef. Botha skryf: "*Die band tussen 'n volk en sy land is een van die sterkste emosionele verbintenisse wat nie te betwyfel is nie. Dit is die liefde vir die vaderland en sy wordingsgeskiedenis wat die patriotisme aanvuur. Die bodem is deel van die lief en leed van die volkstradisie. Hierdie liefde vir die gemeenskaplike bodem snoer die volk saam en verenig hulle in die nasionale en plaaslike gesagsliggame. Waar hierdie fundamentele verbintenis bewaar en uitgebou word vorm dit die heel sterkste basis vir groepslojaliteite en nasionale selfbewussyn.*"[190]

Om die agtergrond van die gedagte rondom geopolitieke verdeling in Suid-Afrika te verstaan, wys Rhoodie op die noodsaaklikheid daarvan om *radikale geopolitieke partisie* te oorweeg as die *enigste* langtermyn en finale

189. Louw, N.P. van Wyk, *Lojale Verset: Kritiese Gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*, p. 3.

190. Botha, P.R., *Toekomsplan vir Suid-Afrika: 'n Basis vir dialoog*, pp. 73-74.

reëling vir *intervolkeverhoudinge* in Suid-Afrika. Hy skryf: "*Die Republiek se uitgangspunt met sy beleid is dat die belangeverdeling tussen Wit en Swart 'n natuurlike en spontane polarisasie in Suid-Afrika teweeg bring. In 'n rasgeïntegreerde nasionale opset sal die belangeverdeling onvermydelik in ernstige rassekonfrontasie ontwikkel veral as dit aan afsonderlike volksnasionalisme geknoop is. Suid-Afrika is oortuig daarvan dat verskillende volksnasionalismes nie binne dieselfde staatkundige en grondwetlike verband kan bestaan nie, en probeer gevolglik in sy besondere geval om 'n billike kompromis tussen Wit en Swart nasionalisme te vind deur die swaartepunt van die betrokke volksgroepe se nasionale belange aan geopolitieke afgebakende invloedsfere te koppel.*"[191]

Dit is duidelik dat die geopolitieke idee die beliggaming is van 'n eindideaal waarin alle groepe en volke in Suid-Afrika volle soewereiniteit in eie gebiede sal verkry. Dit moet na my mening bepaald ook 'n onafhanklike Afrikanervolk insluit. Daarvoor sal die kaart van Suider-Afrika hertrek of gerekonstrueer moet word. Myns insiens staan die Afrikaner redelik prominent in die ry om te beding vir sy eie volkstaat en sy eie verkose volksregering: 'n staat deur homself begrens, beplan en beveilig. Rhoodie wys daarop dat die geopolitieke verdeling inderdaad, "*die logiese langtermynkonsekwensie*" van die beleid van multi-nasionalisme in Suid-Afrika is.[192] Hy dui ook aan dat geopolitieke verdeling reeds met groot welslae toegepas is in ander wêrelddele soos Oostenryk, Hongarye, Ierland, Skandinawië, Duitsland, Indië, Pakistan, Bangladesh, Palestina en Korea.[193]

Komende by enkele problematiese aspekte rakende die *begrensing* van 'n bepaalde staatsterritorium vir die volkstaat-gerigte Afrikaner, is daar die volgende wat moet geld vir oorweging:

* Na vele geslagte van Afrikaners word hierdie probleem nou vir die eerste maal op hierdie besondere skaal aangespreek. Dié Afrikaners wat hulle in 'n eie eksklusiewe Afrikanerstaat wil vestig sal die knoop nóú moet deurhaak en dit nie laat vir 'n volgende geslag nie: *Dan kan dit té laat wees!*

* Alhoewel die saak uiters dringend is, word besef dat daar géén kitsoplossings bestaan vir 'n saak van hierdie omvang nie. Trouens, staatkundige

191. Rhoodie, N.J., *'n Rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en Partnership, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme*, p. 563.
192. *Ibid.*, p. 575.
193. *Ibid.*, p. 564.

ontwikkeling geskied oor geslagte en dekades heen en laat hom nie dwing in 'n bepaalde rigting nie. Tog is dit ook waar dat die Afrikanervolk al reeds oor bepaalde kwaliteite beskik wat staatsvorming sterk kan bespoedig. Om met die ideaal van staatsvorming te **begin** is nou van kardinale belang.

* Wat hierdie verhandeling betref wil die skrywer dit duidelik stel dat hierdie nie 'n empiriese studie wil of kan wees nie. Daarvoor is daar nog te veel sake wat as't ware, "*in die lug hang*", en wat deur navorsing en studie ontleed moet word. Verder moet aanvaar word dat, soos in Hoofstuk 1 aangedui, daar in baie gevalle van hipotetiese uitgangspunte gebruik gemaak word. Per slot van sake is dit juis die begrensing, die geografiese ligging van die Afrikanervolkstaat, wat die hewigste reaksie uitlok. Wat dus hier bespreek word is eie gedagtes van die skrywer om die gesprek te stimuleer asook die gedagtes van talle ander persone of instansies wat met hierdie probleem worstel. Uit die aard van die saak sal dit 'n subjektiewe benadering wees wat stelselmatig beweeg na die objek van hierdie studie naamlik die Afrikanervolkstaat. Die skrywer sal dus die morele aanspraak van die Afrikaner op 'n eie staat sterker belig as die praktiese implementering daarvan. Die praktiese implementering is egter ook uiters relevant, derhalwe word in hierdie afdeling enkele gedagtes daaroor hanteer.

* Die skrywer hanteer voorts die volkstaat-idee as 'n *alternatief* vir die huidige grondwetlike probleme waarmee Suid-Afrika worstel. Oor die werkbaarheid al dan nie van bepaalde fasette van die volkstaat kan daar hoogstens gespekuleer word omdat die wetenskaplike en empiriese ondersoek daaroor nog aan die gang is. **SABRA** het in sy ondersoek na die implementering van 'n volkstaat al veel bygedra daartoe dat na 'n beginpunt beweeg kan word. Om te spekuleer oor wesenlike sake is ook 'n wyse om die implementering daarvan uiteindelik te konkretiseer. Immers, alle praktyke begin op die tekenbord. Daar moet egter onverbiddelik beweeg word na die *eindpunt* daarvan.

Immers, wat die huidige grondwetlike bedeling van Suid-Afrika betref, word daar tans baie *gespekuleer* oor die uiteinde daarvan. Dit is te betwyfel of die aanhangers van die *nuwe* grondwetlike bedeling al grondige wetenskaplikbewese ondersoeke geloods het wat die eindpunt visualiseer. Geneem die **Verslag van die Eerste Grondwetkomitee van die Presidentsraad** (PR 3/1982), kan daar nie juis gesê word dat wat daardie komitee bevind en voorgestel het, vandag in die praktyk realiseer nie. Trouens, daar is veel van die bevindinge daarin vervat wat die argumente van hierdie verhandeling

onderskryf! In vandag se politieke debat oor die toekoms bestaan daar inderwaarheid géén bloudruk hoegenaamd nie omdat daar nog konsensus bereik moet word oor hoe die "*nuwe*" grondwet daar sal uitsien. Die voorgestelde *Nasionale Forum* het dan ook 'n "*oop agenda*" waarin enigiets van belang oor die grondwetlike toekoms bespreek kan word, en dit sluit ook die Afrikaner se toekoms in! Dit is te begryp dat geeneen die uitslag van so 'n onderhandelde skikking kan voorsien nie, derhalwe bly enige gesprek oor die toekoms van Suid-Afrika *spekulatief*!

* Soos enige nuwe staatstigting sal die Afrikanervolkstaat bepaalde groeipyne ervaar. Mense wat hulle daar gaan vestig sal met sekere gevestigde belange moet breek. In 'n bepaalde sin sal hulle weer van *vooraf* moet begin. Kapitale bates wat hulle elders verwerf het sal binne die volkstaat belê moet word. Bestaande infrastrukture sal aangepas en verbeter word om aan die behoeftes van die inwoners te voorsien. In vele ander opsigte sal nuwe infrastrukture geskep moet word. Infrastrukture sal ook die arbeidsvraagstuk moet aanspreek.

* Om die volkstaat lewensvatbaar te maak sal daar in 'n sterk mate staatgemaak moet word op die wil van die *pionier-Afrikaner* om te oorleef in hierdie suiderland waarin God hom as 'n volk geplaas het: nie net om te *oorleef* nie, maar om waarlik te *lééf* in die ware sin van die woord. Dit is 'n *mistieke volksidealisme* wat setel in die *hart* van die volkstaat-gerigte Afrikaner. Dit is verreweg van die "*herrenvolk*"-gedagte of 'n horisontalistiese mensbeskouing oor die volk.

* Dit spreek vanself dat daar verskuiwings van mense sal plaasvind, veral van anderskleuriges. Aanvanklik sal die gebied wat as volkstaat geïdentifiseer word 'n meerderheidsbesetting van Blankes moet hê, hoofsaaklik Afrikaners. Deur 'n kwessie van vraag-en-aanbod sal die anderskleuriges se dienste stelselmatig uitgefaseer word namate hul dienste nie meer benodig sal word nie. By implikasie beteken dit dat die Afrikaner stelselmatig selfversorgend sal moet wees. Hy sal sy eie arbeid moet verrig. Swartes wat wel daar sal wees sal deur pendeldienste vervoer word, en andere wat fisies daar is sal oor geen politieke- en/of eiendomsregte beskik nie.

* Laastens wil daarop gewys word dat soveel vrae as wat daar oor die volkstaat opgewerp kan word, soveel antwoorde sal daar wees. Die probleem is hoegenaamd nie enkelvoudig van aard nie. As die Voortrekkers in die vorige eeu enigsins sou moes gaan stilstaan om oor die fyn besonderhede van

die Trek na die binneland te besin, sou hulle na my mening nooit getrek het nie. Vir hulle was die Trek enersyds 'n **ontvlugtingsdaad** om te ontkom aan die hiel van die Britse oorheersing sowel as aan die Swart strooptogte wat hulle totaal verarm het, en andersyds, 'n **geloofsdaad** omdat hulle kinderlik hulle toekoms aan God toevertrou het. Onder Sy leidende hand het hulle die beskawing na die binneland gevoer en daar kon hulle hul volkskap deur lyding en deursettingsvermoë bestendig. Die skrywer het vertroue in die sluimerende daadkrag wat nog in die harte van talle Afrikaners skuil, 'n daadkrag wat tot effektiewe handeling sal oorgaan as die sinvolle voortbestaan van die Afrikanervolk fisies sowel as geestelik bedreig word. Al moet dit beteken die afskeiding van talle ander Afrikaners, selfs familielede, wat hulle nie met die sentimente van die volkstaat-Afrikaner vereenselwig nie.

### *4.2 Die Afrikanervolkstaat: Inhoudgewing en begrensing*

Begryplikerwys hou die hele saak van die vasstelling van grense vir (volk-) state gevaarlike *politieke* implikasies in, binnelands sowel as buitelands. Daaroor moet daar geen illusie wees nie. Oorloë word gevoer oor grensgeskille. Afrika vertoon talle modelle daarvan. Suider-Afrika verkeer egter in die unieke situasie dat vele Swart volke reeds tot nasionale- en onafhanklike state gevorder het te midde van grensveranderings, onderhandelinge en menseverskuiwings. Miljoene rande word deur die Suid-Afrikaanse regering spandeer aan konsolidasie en die hervestiging van bepaalde volksgroepe. Die Afrikaner sal ook tevrede moet wees met 'n proses van gee en neem, en talle Afrikaners sal nie binne die grense van daardie staat val nie. Die keuse vir my besef, is egter duidelik: *onafhanklik in 'n déél van Suid-Afrika, óf 'n onderhorige minderheid in die héle Suid-Afrika!*

Die metode waarvolgens te werk gegaan sal moet word vir die afbakening van streke as gebiedseenhede, bestaan onder meer daaruit dat areas met maksimum *homogeniteit* verkry sal moet word. Dit is 'n basiese voorvereiste. *Gebiedsafbakening* bestaan dus, volgens Botha, daaruit om die beplanningsgebied te analiseer ten opsigte van 'n verskeidenheid van kriteria en om daaruit *gemeenskaplike* faktore te identifiseer wat 'n aanduiding gee van 'n bepaalde gebiedseenheid of -eenhede met 'n redelike mate van eendersheid.[194] Kriteria wat as maatstaf aangewend kan word om kerngebiede te onderskei, kan volgens Botha, onder *drie* hoofde geklassifiseer word:

194. Botha, P.R., *Toekomsplan vir Suid-Afrika: 'n Basis vir dialoog*, pp. 88-90.

**(i) Fisiografiese faktore:**

Dit is die tradisionele kriteria wat deur geograwe aangelê is om streke met duidelike grense te onderskei. Dit bly 'n redelik voor-die-handliggende kriteria. Dit laat die beplanner met vaste landskappe wat maklik waarneembaar is, wat relatief onveranderd bly en waarmee mense en mensegroepe hulle kan identifiseer. Voorbeelde van sulke sterk identifiseerbare grense is bergreekse (soos die Drakensberge) en riviere (soos die Oranje- en Vaalriviere). *"Om 'n Afrikanervolkstaat af te baken en te begrens sal daar deeglik van hierdie kriteria kennis geneem moet word. In die binneland van Suid-Afrika is daar nie juis van opsigtelike berge sprake nie, dog die riviere van die binneland neig daartoe om natuurlike skeidings daar te stel"*, sê Botha.[195]

**(ii) Funksionele kriteria:**

As kriteria dien dit om streke te onderskei op grond van ekonomiese faktore. Hier is dit die ekonomiese invloedsfeer wat veral ekonomiese aktiwiteitsentra as streekgebied bepaal. Hierdie grense is nie sterk gedefinieer nie en verteenwoordig grenslyne waar die ekonomiese invloedsfeer van een sentrum na die ander oorgaan. Hierdie streke kan ook bestaan uit *ekonomiese groeipunte*. Feit is dat in 'n Afrikanervolkstaat ekonomiese eenhede, hetsy dit op landbougebied of klein en groot nywerhede, hanteerbaar moet wees sodat die Afrikaner dit met eie arbeid kan verrig.[196]

**(iii) Etnografiese faktore:**

In die Suider-Afrikaanse situasie is dit bepaald 'n kriteria om deeglik mee rekening te hou, veral met die oog op 'n Afrikanervolkstaat. Elders in die wêreld, aldus Botha, waar hierdie kriteria nie in ag geneem is nie, word rassewrywing en konflik op gereelde basis aangetref.[197] Hele middestadsgebiede het feitlik gesterf en het in krotbuurtes en ghettos verander omdat die enigste heenkome vir die mindergegoede etniese minderheidsgroepe die vervalle middestad was. Dit spreek vanself dat waar daar nie goeie beheer is nie, hierdie vervalle toestand 'n konsentries uitkringende effek sal hê. In die praktyk beteken dit dat groot gebiede letterlik, en dikwels *onwettig*, beset sal word. Dit het uiters onstabiele gevolge vir die samelewing in die geheel soos

195. *Ibid.*, p. 88.
196. *Ibid.*
197. *Ibid.*

werkloosheid, wetteloosheid, maatskaplike verval en ongeletterdheid. Die enorme las op die staatskas kan kwalik bereken word. Etniese grense verdwyn ook mettertyd. Daar word bereken dat 'n stad soos Durban teen die einde van die eeu meer as 7 miljoen inwoners sal hê.

By gebiedsafbakening sal etnisiteit juis een van die belangrikste maatstawwe wees. Botha sê: "*Veral vir die toepassing van die strategie van territoriale pluralisme moet die vestiging en verbreiding van etniese en volksgroepe een van die belangrikste indikators wees vir gebiedseenhede wat homogeniteit ook ten opsigte van etniese samestelling moet vertoon.*"[198] Dit bied die volle geleentheid vir die ontplooiing van nasionale selfbewussyn en soewereiniteit. "*Dit is ook die weg tot vreedsame naasbestaan wat op sy beurt berus op respek vir die identiteit van die ander en wat geleentheid laat vir die vrywillige samewerking in gemeenskaplike belang van elkeen in die omliggende gebiede*", aldus Botha.[199]

Die vraag na *waar* hierdie tuiste van die Afrikaner moet wees is een van die aspekte wat sterk gedebatteer word in bepaalde Afrikanerkringe. As uitgangspunt kan aanvaar word dat die hele gebied van die RSA, wat nie reeds aan Swart nasionale state toegewys is nie, as gebied aanvaar word waarbinne 'n omlynde Afrikanerstaat uit die huidige RSA gesny kan word, soos in die geval met die Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en Venda. Jooste skryf: "*Die geskiedenis van 'n volk is ook 'n vername oorweging by die uiteindelike omlyning van sy grond. Dit is dié dele waar hy ontstaan het of lank gevestig was en 'n goeie heenkome gevind het. Of dit is ook grond waarvoor hy lank moes veg en in die besonder verknog aan geword het. Uit die aard van die saak sal hy dit graag wil behou. Dit spreek egter vanself dat alles nie behou en aan al die vereistes ... volledig voldoen sal kan word nie.*"[200]

Ook Viljoen het deur navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat by die aanwysing van 'n grondgebied een van die grootste probleme sou wees die feit dat groot gebiede wat tans deel van die RSA vorm uitgesluit sal moet word.[201] Die saak word natuurlik bemoeilik deur die feit dat in talle dele van die RSA wat die Afrikaner die reg het om vir hom 'n volkstaat op te eis, daar

198. *Ibid.*, p. 90.

199. *Ibid.*

200. Kyk Jooste, C.J., " 'n Land vir die Afrikaner: Noodsaaklikheid, agtergrond en voorgestelde riglyne", p. 94.

201. Viljoen, D.J., " 'n Afrikanervolkstaat: Voorstelle vir 'n grondgebied", p. 4.

baie sterk steun vir die regse politieke groeperinge aangetref word. Die versoeking sou dus groot wees om al hierdie gebiede met sterk regse steun by die volkstaat in te sluit.[202] (Sien Bylae D, p. 363). Omdat hierdie areas oor heelwat natuurlike hulpbronne beskik en reeds 'n gevestigde infrastruktuur het, sou dit uit die aard van die saak hoogs aanvaarbaar wees. Feit is egter dat hierdie grondgebied maar weer dieselfde simptome sal openbaar wat tot die huidige dilemma vir talle Afrikaners gelei het naamlik die oormag van Swart getalle. So is daar in die Kerngebied 2 (op die Kaart Bylaag B, p. 361) ongeveer 356 356 Blankes (19,7%) teenoor die ongeveer 1 399 591 Swartes (77,4%). Kerngebied 1 (Bylaag B) vertoon 'n gunstiger verhouding van 25 762 Blankes (14,4%), teenoor 67 164 Swartes (37,6%) dog ook 85 751 Kleurlinge (48,0%).[203] Die Afrikaner sal dus nie maklik die meerderheid in daardie gebiede vorm nie.

Dit gaan dus vir die huidige oor die vraag watter strategie aangewend sal moet word om tot 'n sinvolle oplossing te kom. Moet daar nou reeds besluit word op 'n groter gebied of moet daar slegs 'n kleiner kerngebied geïdentifiseer word.

Die volgende aspekte moet deeglik oorweeg word, naamlik dat die meerderheid Afrikaners in feitlik enige deel van die land, hoe klein ook al, *"kan slegs deur die vrywillige trek van Afrikaners daarheen, gepaard met vrywillige uitmigrasie van ander volke en groepe, tot stand kom"*, aldus Viljoen.[204] Dit is ook seker dat die aantal Afrikaners wat reeds op hierdie stadium bereid sou wees om die opoffering van verhuising van 'n bekende omgewing, waar diep wortels bestaan en werksekuriteit heers, na 'n onbekende en desnoods selfs minder aantreklike omgewing sou trek, aanvanklik min wees. Dit is heel waarskynlik dat talle van mening kan verander namate die omstandighede in die RSA op politieke, maatskaplike en staatkundige gebiede in 'n negatiewe rigting verander. Die geskiedenis toon dat mense gewoonlik dan die nabyheid van hul eie mense soek, en 'n bestel begeer waar hulle selfversorgend en vry onder 'n eie regering kan voortbestaan. Om dus oor 'n redelik kort termyn

---

202. Bylae D toon die Afrikaner se magsbasis volgens die uitslae van die algemene verkiesing op 6 Mei 1987. Persentasies dui die stemme vir die regse politieke partye aan. Kyk **Oranje-Perspektief**, Junie-Julie 1987, p. 2. Kyk ook Bylae B, p. 361 vir kerngebiede.

203. Kyk Viljoen, D.J., *op.cit.*, p. 21.

204. *Ibid.*, p. 5. Kyk ook Boshoff, C.W.H. en Jooste, C.J., *Die Volkstaat as Afrikanerbestemming*, p. 93.

tot die meerderheid in 'n bepaalde gebied te vorder, moet die kerngebied vir 'n volkstaat aanvanklik *klein* en *hanteerbaar* wees.

Die grootte van so 'n kerngebied sou ook verband hou met die groei van die Afrikanerbevolking in daardie gebied oor die langtermyn. Viljoen skryf: "*Vir die korttermyn is 'n getal van 250 000 Afrikaners waarskynlik realisties (afhangende natuurlik van die aantal wat reeds van die begin af in die gebied is) terwyl soveel as 1 (een) miljoen tot 1,5 miljoen 'n teiken vir die langtermyn kan wees. Met die Afrikaners as 'n betekenisvolle meerderheid, veronderstel 60%, van die totaal, kan die totale bevolking van die gebied teen 2010 tussen 1,75 miljoen en 2,5 miljoen wees.*"[205]

Die argumente vir die aanwysing van 'n kerngebied word aangevoer as sou dit die begin wees van 'n historiese en in baie opsigte, 'n unieke proses, aangesien getalle, energie en hulpbronne in die algemeen sover as moontlik gekonsentreer moet word. Vir ten minste die beginfase sal dit wenslik wees om eers 'n kleiner gebied aan te wys. Dit sou sielkundig en andersins baie nodig wees om reeds by die aanvang van so 'n eie staat die meerderheidsposisie te demonstreer. Die nadele van 'n te klein gebied kan by ondersteuners die indruk skep van 'n te beperkte gebied wat oor baie min ekonomiese lewensvatbaarheid sou beskik. Grond sal dus van sodanige aard moet wees dat dit aantreklikhede oor 'n breë spektrum bied.

'n Gesonde benadering by 'n kleiner kerngebied is om by die aanwys daarvan *alternatiewe* vir bykomende gebiede vir oorweging voor te stel. So kan die proses van vestiging of die besetting van 'n kerngebied voortgaan terwyl daar groter duidelikheid oor die *steun* in alternatiewe gebiede verkry word. Dit kan aanvanklik dus ook moontlik wees dat daar verskillende kerngebiede geïdentifiseer kan word en wat deur konsolidasie saamgevoeg kan word. (Die idee wat deur die skrywer persoonlik voorgestaan word).

Om die idee van 'n Afrikanervolkstaat gestalte te gee, sal baie afhang van die staatkundige proses waardeur dit tot stand moet kom. Uit die aard van die saak moet so 'n volkstaat op *demokratiese* wyse tot stand kom binne die raamwerk van die *bestaande politieke strukture*. Juis as gevolg van hierdie benadering is dit nodig om te probeer vasstel in watter politieke raamwerk

---

205. *Ibid.*, p. 6.

dit sal moet plaasvind. Viljoen hou 'n aantal politieke *"toekomscenario's"* vir hierdie doel voor.[206]

**Eerstens** moet veronderstel word dat die huidige regering nog vir 'n onbepaalde tyd aan bewind kan bly. Alle groepe in die land sal egter toenemend by die *hoogste* vlak van regering betrek word. Dit kan dus aanvaar word dat so 'n magsdelende regering nie die beginsel van 'n Afrikanervolkstaat positief sal oorweeg nie en derhalwe nie sal meehelp om die staatsregtelike masjinerie daarvoor te skep nie. Dit kan egter nie buite rekening gelaat word nie dat die huidige regering toenemend onder geweldige druk van die regse politieke partye en kultuurorganisasies, wat hulle besig hou met die idee van 'n Afrikanervolkstaat, geplaas sal word.

Al hoe meer vertoë vanaf volkstaat-gerigte Afrikaners se kant bereik die owerheid met die versoek om hul versugting na 'n eie Afrikanervolkstaat simpatiek aan te hoor. In April 1987 het die **Vereniging van Oranjewerkers** 'n gemotiveerde versoekskrif aan die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha, oorhandig waarin hulle 'n dringende pleidooi lewer ten behoewe van die Afrikanervolk. Dit lui soos volg:

*"As gevolg van die huidige grondwetlike bedeling heers groot kommer onder ons as Afrikaners oor ons toekoms as volk.*

*U antwoord sal dus nie slegs 'n antwoord aan die Oranjewerkers wees nie, maar u antwoord sal wees aan die Afrikanervolk oor sy toekomsvooruitsigte.*

*In teenstelling met geleenthede tot selfbeskikking wat aan ander volke in Suid-Afrika gebied is, is die Afrikanervolk in hierdie opsig veronreg.*

*Daarom stel ons in hierdie versoekskrif die behoefte aan:*

*1. Die Afrikaner se reg op volkskap;*

*2. Die Afrikaner se reg op 'n eie staatsgebied."*[207]

---

206. *Ibid.*, pp. 8-10.

207. Kyk " 'n Versoek om die beginselaanvaarding en die skepping van 'n eie staatsgebied en owerheidsliggame vir die Afrikanervolk", Gedruk en uitgegee deur die Vereniging van Oranjewerkers, Morgenzon, 1987.

In hulle versoek het die **Oranjewerkers** onder andere gevra dat die Staatspresident in beginsel moet aanvaar, *"dat die Afrikanervolk op 'n eie eksklusiewe staatsgebied geregtig is waar hy sy politieke selfbeskikking volgens sy eie aard en tradisies kan uitoefen sonder vrees vir verdringing deur ander volke en groepe ... Die skepping van en afgrensing uit die huidige Republiek van Suid-Afrika van 'n eie staatsgebied vir die Afrikanervolk gegrond op die Afrikaner se historiese besetting van gebiede, sy besit van voormalige eie Republieke en met inagneming van die Afrikanervolk se behoeftes as ontwikkelde eerstewêreld volk."*[208]

Ook die **Afrikanervolkswag** het by Silkaatsnek op 10 Oktober 1985, waar 7 000 mense teenwoordig was, 'n gesamentlike onderneming opgestel waarin onder andere plegtig verklaar word dat: *"Die Afrikanervolk se staatkundige vryheid sy onskendbare reg is", ... "die Afrikaner se aanspraak op sy eie vaderland onaantasbaar is", ... " 'n volk sy eie land nodig (het) vir sy voortbestaan." ... "Geen volk se toekoms is veilig in 'n land wat nie uitsluitlik syne is nie, wat nie deur hom beheers, bewoon en bewerk word nie."*[209] Die **Volkswag** se onderneming sê voorts dat, *"daar 'n sielkundige band tussen 'n volk en sy vaderland bestaan. Solank as wat die Afrikaner hom as 'n volk beskou en die status van 'n minderheidsgroep verwerp, handhaaf hy sy reg op sy eie vaderland en verklaar hy hom bereid om daardie reg met sy lewe te verdedig. Die Afrikaner kies tussen die vryheid naas ander volke of die verswelging deur of verstrooiing onder ander volke."*[210]

Die **tweede** scenario wat Viljoen voorstel is dat die moontlikheid voorsien moet word dat 'n *regse regering* binne afsienbare tyd aan bewind gaan kom in die Volksraad. Gesien in die lig van die feit dat so 'n verkose regering juis van sy Blanke kiesers die mandaat sal verkry om gebiedskeiding op geografiese gronde deur te voer, kan die moontlikheid voorsien word dat so 'n regse regering simpatiek sal staan teenoor die sentimente van 'n Afrikanervolkstaat, en dat hulle die staatsregtelike masjinerie daarvoor sal skep, soos wat hulle waarskynlik sal doen met die Swart volksgroepe wat nog nie onaf-

---

208. *Ibid.*

209. Kyk die "Afrikanerverbond", Publikasie van die **Afrikanervolkswag**, 10 Oktober 1985.

210. *Ibid.* Op 9 November 1989 het 'n afvaardiging van die **AWB** en die **Boerestaat Party** die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, by die Uniegeboue in Pretoria besoek met die versoek dat die vryheid van die Boererepublieke herstel moet word, en dat daar 'n referendum gehou moet word oor afskeiding van die breëre Suid-Afrika. Kyk **Sweepslag**, Jaargang 1, Nr. 9, November/Desember 1989.

hanklikheid aanvaar het nie. Uit die aard van die politieke steun wat die regse party sou verkry, kan hy moontlik besluit om so 'n versoek *nie* te aanvaar nie ten gunste van 'n groter gebied maar waarin *alle* Blankes burgerskap kan verkry. Die gevaar wat dan kan ontstaan is dat talle Afrikaners weereens opnuut sal glo dat die oplossing in die tradisionele benadering van gebiedskeiding en afsonderlike ontwikkeling geleë is. Hulle behou dan mos wat hulle het, "*en sal gevolglik nie die opoffering wil maak wat 'n eie Afrikanerstaat sal verg nie.*"[211] Dit is egter 'n saak wat in die binnekringe van die regse Afrikaners uitgemaak sal moet word.

Die **derde** scenario toon aan dat daar 'n *radikale* verandering in die politiek-staatkundige bedeling in Suid-Afrika kan kom en dat daar 'n bestel kan ontstaan waar 'n *Swart meerderheidsregering* aan bewind kan kom. Vir die korttermyn blyk dit 'n onwaarskynlikheid te wees gesien die geweldige reaksie wat dit by baie Blankes sal uitlok. Tog moet alle opsies oorweeg word en hoe onwaarskynlik dit ook al mag klink, dit mag wees dat die volkstaatgerigte Afrikaner oor sy toekoms sal moet onderhandel met 'n *Swartoorheersde* regering!

Insiggewend is die opmerkinge wat die Zoeloe-leier, Hoofminister Mangosotho Buthelezi, by geleentheid gemaak het. Tydens 'n Hoernlé-gedenklesing oor die toekoms van die Swart state en hul verhoudinge met Suid-Afrika, het hy gesê: "*I am convinced that the homelands could easily be the formula for the basis of a future South Africa.*" Hy gaan voort en sê: "*Three types of states could be envisaged in a federal republic or commonwealth*:

*1. States in which the interests of an African ethnic group are paramount;*

*2. States in which the interests of White people are paramount;*

*3. Special or federal states which are multi-ethnic in character in which no particular group interest are designated. It should not be impossible to agree on actual boundaries through negotiations ...It might be helpful in fixing the boundaries of states to be guided in certain areas by what was the historical area for a particular people.*"[212]

11. Kyk Viljoen, D.J., *op.cit.*, p. 9.

12. Kyk Buthelezi, M.G., "White and Black nationalism, ethnicity and the future of the homelands", pp. 11-16.

Wat die eerste twee scenarios betref sal enige regering daarop aandring, soos wat mnr. Botha ook in sy antwoord aan die **Vereniging van Oranjewerkers** gedoen het, dat steun vir so 'n gedagte by die meerderheid Afrikaners aanklank moet vind en dat hulle bewys moet lewer dat hulle so 'n staat sal aanvaar. Dit is en bly dus gebiedend noodsaaklik dat die *ondersteuning van die meerderheid Afrikaners so spoedig moontlik verkry sal moet word.* Daar sal ook ooreenstemming moet wees oor die (aanvanklike) kerngebied waar die volkstaat gevestig moet word.

Die feit dat 'n navorsingsliggaam soos die **Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA)** dit as tema van hul Jaarvergadering in 1987 geneem het, naamlik " *'n Eie staat vir die Afrikaner*", spreek van die dringendheid waarmee die saak benader word.[213]

Ander Afrikaner-organisasies wat hul heeltyds vir die Afrikaner- of ook Boere-volkstaat beywer sluit in instansies soos die **Afrikanervolkswag**, die **Vereniging van Oranjewerkers**, die **Afrikanervryheidstigting**, die **Afrikaner-Weerstandsbeweging**, die **Transvaalse Separatiste** en die **Boerestaatkomitee.** Die laaste twee beywer hulle vir die herstel van die Boererepublieke. In 1988 is die **Boerestaat Party** gestig wat hulle op politieke gebied gaan beywer vir 'n Boerestaat vir die Afrikaner.

In die geledere van **SABRA** is daar deur navorsing 'n aantal vereistes opgestel vir die sinvolle implementering van 'n Afrikanervolkstaat. In 'n beperkte steekproef is die volgende in orde van belangrikheid aangewys:[214]

(a) **Voldoende landbougrond**:

So 'n gebied moet grotendeels selfversorgend wees. Landboukundiges is dit eens dat landbou in so 'n volkstaat heel anders as die tradisionele bedryf sal moet word. De Villiers sê tereg: "*Die ruggraat van ons volkstaat word deur die landbou gevorm en sal die ideaal slegs verwesenlik word mits die beginsels en beleid van die volkstaat in die landbou suksesvol uitgevoer word ... Die voortbestaan van die landboubeleid wat tans in die RSA gevolg word, sal tot die ondergang van die Afrikanervolk lei, met alles wat dit behels.*"[215]

---

213. Kyk SABRA Jaarvergadering, 18-19 September 1987, Pretoria.

214. Kyk Viljoen, D.J., *op.cit.*, pp. 14-18.

215. De Villiers, P.A., " 'n Eie staat vir die Afrikaner: Landboubeleid en boerderystelsels", p. 1.

Dit is so dat die landbou in 'n volkstaat baie intensief en op koöperatiewe basis beoefen sal moet word. De Villiers plaas die landboubeleid in 'n Afrikanervolkstaat op drie belangrike hoekpilare:

(i) *Die groei van die Boerebevolking*: Die grootskaalse *ontvolking* (ont-Blanking? - JdV) van die platteland moet daadwerklik teengewerk word en nywerhede wat aan landbouproduksie gekoppel is moet noodwendig in landbougebiede gevestig word. Die vestiging van die kleinboer, wat sy boerderyeenheid op gesonde ekonomiese basis bedryf, is die enigste werkbare langtermyn oplossing vir 'n Afrikanervolkstaat.

(ii) *Die uitfasering van vreemde arbeid*: Meerderheidsbesetting is die enigste waarborg vir 'n stabiele en veilige volkstaat. Dus sal die landbou ook sy bydrae moet lewer deurdat die boer sy boerdery so sal moet inrig *dat hy sy werk self sal kan doen en nie van vreemde arbeid afhanklik sal wees nie.* Hulpmaatreëls sal geïmplementeer moet word ten einde die boer instaat te stel om veral arbeidsintensiewe boerderypraktyke self te kan behartig.

(iii) *Spesialisasie*: Die landbou sal so georganiseer moet word dat die beginsel van *spesialisasie* toegepas sal kan word om die grootste mate van doeltreffendheid en optimale benutting van landbouhulpbronne te verseker. Wêreldwyd word dit suksesvol toegepas soos byvoorbeeld in die VSA. Die voordele wat uit *spesialisasie* verkry word is arbeidbesparend, en ook hoogs doeltreffend. Opleiding is noodsaaklik, dit wil sê daar sal voorsien moet word in spesialisboere wat meebring dat spesialiseenhede meer ekonomies doeltreffend kan funksioneer.

Verder sal *finansiële beheer* 'n gesonde boerderyklimaat skep. Produktebeheer bring mee dat oorskotte tot die minimum beperk sal word. Deur *meganisasie*, wat op koöperatiewe basis uitgevoer word, kan die boer met baie min handearbeid klaarkom. *Spesialisasie* sal verder aan elke boer die geleentheid bied om sy *voorkeurboerdery* te beoefen, wat op sy beurt groter doeltreffendheid in die hand werk. So word risiko's ook verminder. Konstante prysbeheer kan deur vraag-en-aanbod bepaal word. Ten laaste skep *spesialisasie* die ideale omstandighede waardeur die kleinboer met relatief min kapitaal gevestig kan word. Boerdery wat nie groot grondoppervlakte vereis nie, vereis normaalweg min kapitaal. As voorbeeld kan dien die produksie van eiers, hoenders, skaap- en beesvleis in voerkrale, en ook groente en vrugte.

De Villiers wys daarop dat berekeninge aantoon dat op die hoëveld 'n gebied van ongeveer 4,5 miljoen hektaar grond groot genoeg sal wees om die Afrikanervolk in sy eie volkstaat te voed. Oppervlaktegewys is dit ongeveer 'n derde van die Oranje-Vrystaat. Die veronderstelling is dat ongeveer 2 miljoen Afrikaners in so 'n volkstaat geakkommodeer moet kan word.[216]

(b) **Voldoende water:**

In 'n land soos Suid-Afrika sal alle waterbronne gekoördineerd benut moet word. Nogtans sal elke onafhanklike staat oor voldoende eie bronne moet beskik. Suid-Afrika, en veral die Afrikaner se seggenskap oor dele van die Oranje- en Vaalrivieropvanggebiede, sal hiervoor moet sorg. Prof. W. Grant, voormalige Direkteur van die Atoomkragraad, wys daarop dat, "*deur die hoë tegnologie en die regte bestuur, groot ontwikkeling ook op hierdie gebied kan plaasvind. As dele van die Afrikanervolkstaat byvoorbeeld in droë dele geleë is, kan daar nogtans, soos in Israel, deur tegnologiese ontwikkeling sterk groei plaasvind.*"[217]

(c) **Afrikanersteun moet groot wees:**

Dit is so dat *fisiese teenwoordigheid* op 'n grondgebied aanleiding gee tot politieke, maatskaplike en ekonomiese aansprake en regte. Ons sien dit in die wyse waarop die Swarte dit beoefen in hul eie state waar elke Swart volk die meerderheid in sy eie staat handhaaf. Binne Blanke gebied pas hulle hierdie strategie ook effektief toe in die wyse waarop hulle feitlik oornag *plakkerskampe* tot stand bring. Sodra hulle teenwoordigheid in so 'n plakkerskamp eers as onvermydelik beskou word, alhoewel *onwettig*, dan volg die volgende stap en hulle begin aanspraak maak op beter geriewe en behuising. Nie lank nie en hulle word as permanente inwoners aanvaar en word eiendomsreg aan hulle gegee met gepaardgaande behuising, skole en hospitale. So ontstaan 'n nuwe Swart stad binnne sogenaamde "*Blanke*" gebied.

Die les wat die Afrikaner daaruit kan leer is dat as hulle fisies die meerderheid in 'n gegewe gebied vorm, dan kan hulle ekonomies ondersteunend optree, eie infrastrukture na behoefte daar stel en 'n volksgemeenskap begin vorm. Die uitslae van die 1987 en 1989 algemene verkiesings vir die Volksraad toon duidelik dat 'n groot aantal Afrikaners die beginsel van partisie

---

216. *Ibid.*, pp. 1-5.

217. Kyk Grant, W.L., " 'n Eie staat vir die Afrikaner: Hoë tegnologie", p. 2.

steun.[218] Dit beteken nie noodwendig dat hulle almal ondersteuners of aanhangers van die volkstaatgedagte is nie, maar die essensie van die saak is dat hul glo aan 'n *eie vaderland* vir ten minste die Blanke. Dit op sigself is al 'n goeie basis vir gesprekvoering. 'n Beduidende aantal Afrikaners glo, volgens die beleid van partisie, dat die verskillende volke en groepe in Suid-Afrika op staatkundige gebied van mekaar geskei moet word: elkeen moet afsonderlik op sy eie grondgebied ontwikkel in eie volksverband.

(d) **Die volkstaat moet klein wees** (aanvanklik):

In sy referaat voor die Jaarkongres van SABRA (September 1987) sê Viljoen: "*(Om) opnuut rekenskap te gee aan onsself oor ons langtermyn toekomsvisie ten opsigte van ons eie Blanke land, moet ons besluit: Kan ons die geheel van 'Blanke Suid-Afrika' onbepaald vir ons uitsluitlike blanke beheer voorbehou, óf sal ons, ons met 'n kleiner deel tevrede moet stel, maar dan as 'n égte Blanke gebied?*"[219]

Die Afrikanervolkstaat moet dus 'n relatief *kleiner* gebied wees gesien in die lig van die groter Suid-Afrika. Ook die nie-Blanke inwonertal moet streng beperk word. Dit is die *sukses* van 'n volkstaatgedagte. Deur minimale werksgeleenthede asook die nie-toesegging van politieke regte in die volkstaat, tesame met effektiewe instromingsbeheer, sal die Swartes, wat steeds binne daardie grense woonagtig is, genoodsaak wees om elders 'n heenkome te soek. Die Afrikaner soek 'n tuiste *eksklusief* vir homself. Katzew skryf: "*It is not easy to perceive that a people can be homeless in its own home. But in the circumstances in which he possesses his home, the Afrikaner is homeless. He must face this truth ...*"[220] Alhoewel Katzew vanuit vreemde bodem hierdie opmerking maak, is die skrywer dit met hom roerend eens.

(e) **Goeie grense wat aaneengeslote en verdedigbaar is**:

Waar daar onder verskeie groepe in Suid-Afrika die ideaal van 'n volkstaat te bespeur is, vind die gedagte van 'n redelik *aaneengeslote gebied* die grootste instemming. Los eenhede grondgebied kan doeltreffende bestuur bemoeilik, en selfs verskillende kampe kan oor basiese beginsels ontstaan.

218. Sien voetnota 1 van hierdie Hoofstuk.
219. Kyk Viljoen, D.J., *op.cit.*, p. 11.
220. Katzew, H., *op.cit.*, p. 79.

Oor 'n verdeelde vaderland skryf Wessels: " *'n Verdeelde vaderland is nie dienlik vir die ideale van volkseenheid, politieke stabiliteit en vreedsame naasbestaan nie. Dit is ideale hierdie wat slegs op die grondslag van 'n aanvullende ideaal van een aaneengeslote tuisland vir elke volk verwesenlik sal kan word. Daar is nie bevredigende voorbeelde in die wêreld van geografies verdeelde tuislande wat aan die vereistes van vreedsame naasbestaan en stabiliteit voldoen nie.*"[221] Wessels maak ook die betekenisvolle opmerking dat die groei van volkseenhede en volkstrots (verwysende na die Swart tuislande) 'n noodsaaklike vereiste is vir ekonomiese groei. Beide prosesse moet in die grootste moontlike mate gestimuleer word. Hy skryf: " *'n Vaderland stimuleer nasionalisme, behou sy burgers en trek die wat elders woon weer daarheen terug. Geïsoleerde bestaan, of toevoegings van grond oor die langtermyn, skep onstabiliteit en belemmer volksbou. Hoe gouer die grense finaal aangedui is, hoe gouer begin die geslagte opgroei wat dit as vaderland ken en daarin veranker raak.*"[222]

(f) **Afrikanersteun buite die gebied moet groot wees:**

Afrikanersteun *buite* die volkstaat moet ook beduidend wees en 'n entoesiasme moet daarvoor opgewerk word. Die algehele indruk wat voortdurend gepropageer moet word is dat die beginsel van 'n volkstaat in die *praktyk* werkbaar is. Dit moenie bloot as 'n klein kolletjie, waar 'n klompie dwars Afrikaners van ellende sal omkom, afgemaak word nie. Baie aandag sal aan *positiewe reklame* gegee moet word. Dit moet vir die Afrikaner buite die volkstaat as geestelike tuiste vir die toekoms aanvaar word, daar waar hy kans sien om sy kinders in 'n eie staat groot te maak. Die bestaan van 'n eie Afrikanerrepubliek sal aan die Afrikaners wat buite daardie staat woon, 'n soort *tweede tuiste* bied, 'n geleentheid om hul identiteit te behou. So het talle Blanke inwoners van Afrikastate soos Kenia, Zimbabwe, Botswana en Zambië ook 'n "*home*", 'n vaderland wat vir hom bereikbaar is. Sonder so 'n "*home*" sou hulle nageslagte eenvoudig in die inheemse bevolking opgegaan het om uiteindelik na enkele geslagte te verdwyn. Van die ongeveer 13 miljoen Jode woon slegs ongeveer 4 miljoen in die staat Israel self. Nogtans bied Israel aan hulle 'n geestelike tuiste. So dra baie Jode by tot die finansiële welvaart van die staat Israel alhoewel hulle nie fisies daar woon nie. Boshoff en Jooste sê: "*Doeltreffende voorsorg beteken dat 'n groot deel van die volk alleen*

221. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 781.

222. *Ibid.*, p. 775.

*en vry in sy eie land woon, terwyl 'n ander deel hulleself uit eie keuse as Afrikaners elders handhaaf.*"[223]

(g) **Die geskiedkundige aansprake op 'n eie geografiese gebied moet legitiem wees:**

Dit word algemeen aanvaar dat die Afrikaner histories en volkeregtelik aanspraak het op groot dele van Suid-Afrika. Daar kan dus met reg van 'n "*Afrikanerstaat*" gepraat word omdat die Afrikaner, "*onbetwisbaar 'n volk is en op volkskap aanspraak kan maak.*" [224] Toe die Afrikanerelemente in die huidige Suid-Afrikaanse regering egter magsdeling aanvaar het in 'n onverdeelde Suid-Afrika met een burgerskap vir almal, het daardie aansprake by talle vervaag en is selfs besig om te verdwyn. Venter skryf: "*(Daar is reeds op gewys) dat die owerheid se opvatting oor volk en grond oor die afgelope jare ingrypend verander het. Die gedagte van die skeiding van volke in volkstate totdat die ideaal van 'n aantal nie-Blanke en 'n Blanke staat bereik is, geld nie meer nie. Die gedagte van 'n Blanke volkstaat is trouens deur die regering as 'n herrenvolk-gedagte afgemaak.*"[225]

Dus, binne die huidige grondwetlike bedeling is die erkenning van 'n eie staat vir die Afrikaner nie meer moontlik nie, ongeag die historiese aansprake. Omdat daar vir die huidige nie so 'n volkstaat bestaan nie, sal dit geskép moet word sodat die Afrikaner as 'n *staatsvolk* erken kan word. Dit sal dus 'n staat moet wees waarin die Afrikaner die oorweldigende meerderheid teenoor ander groepe sal vorm. Hy moet sy karakter en stempel op die staat kan afdruk. "*Uiteraard sal so 'n staat nie mense wat hul vereenselwig met die strewe van so 'n staat, en assimileerbaar met die mense van so 'n staat is, uitsluit nie*", aldus Booysen.[226]

Histories is die grondgebied van die Afrikaner dus daar, dog deur 'n oorsig (bewus of onbewus) oor baie jare deur verskillende regerings, is daar net nooit erkenning gegee aan eksklusief die Afrikaner se *reg op 'n eie volkstaat* nie. By talle Afrikaners is daar egter die onwrikbare strewe om dit reg te stel. Jacobs skryf: "*Die Afrikaner het ingevolge die volkereg, soos ook ander volke, aanspraak op selfbeskikking ... Die Afrikaner beskou dit as die grofste mate van*

223. Boshoff, C.W.H. en Jooste, C.J., *Die Volkstaat as Afrikanerbestemming*, pp. 77-78.
224. Booysen, H., "Die staatkundige totstandkoming van 'n eie Afrikanerstaat", pp. 4-5.
225. Venter, J.F., " 'n Nuwe grondwet vir die RSA: Plaaslike regering en selfbeskikking", p. 36.
226. Booysen, H., *op.cit.*, p. 3.

*diskriminasie dat owerheidsbeleid praktiese gestalte aan eie state vir Swart volke gee of gegee het, iets waartoe die Afrikaner meegewerk het en groot offers gebring het, terwyl hy vandag tevrede moet wees om sy vaderland met 'n ieder en elk te deel.*"[227]

(h) **'n Kuslyn met 'n hawe en vakansiemoontlikhede**:

Daar bestaan verskeie redes waarom 'n Afrikanervolkstaat oor 'n *kuslyn* sal moet beskik. 'n Baie belangrike rede sou wees om *lugtoeganklikheid* van buite Suid-Afrika te verseker. Ook die moontlikheid van 'n goeie *hawe* vir in- en uitvoer is baie belangrik, dog nie onoorkomelik nie. Verder sou goeie *vakansiegeriewe* by 'n kus vir talle Afrikaners 'n bykomende motivering wees. So hou onder andere die kusgebied van die Suid-Kaap aantreklike vooruitsigte vir wetenskaplike navorsing in hierdie verband in. So 'n kuslyn, gepaardgaande met *hoë tegnologie*, kan van besondere belang wees vir 'n volkstaat. Behalwe die Suid-Kaap sal ander kusgebiede ook ondersoek word, selfs aan die Weskus.

(i) **Kragopwekking**:

Geen staat in Suider-Afrika kan seker volkome selfvoorsienend wees ten opsigte van *elektrisiteitsvoorsiening* nie, behalwe as dit oor die nodige energiebronne, soos steenkool in die Oos-Transvaal, beskik. *Kernenergie* kan in die toekoms toenemend belangrik word, veral as die Afrikanervolkstaat oor die nodige middele beskik soos uraan, verrykte uraan en plutonium. Dit is duidelik dat as na die mannekrag gekyk word, die Afrikaner reeds oor hoë tegnologiese kennis en vermoëns beskik om dit te vermag. Prof. W. Grant skryf: "*Dit is regtig opwindend om te dink aan die moontlikheid van hoë-tegnologie-ontwikkeling binne die Afrikanervolkstaat. Die geskiedenis van ons land dui op groot tegnologiese ontwikkelinge in die verlede, en daar is geen rede hoegenaamd waarom dit nie in die toekoms so sal wees nie. 'n Land hoef nie groot te wees om op tegnologiese gebied te presteer nie; dink maar aan lande soos Switserland en Israel. Wat egter wel van kritiese belang is, is die intellektuele kwaliteit en innovasievermoë van die mense van hierdie land.*"[228]

227. Jacobs, S.C., "Die nuwe grondwetlike bedeling: Oorsaak van die grondwetlike krisis", p. 18.

228. Grant, W.L., *op.cit.*, p. 1.

(j) **Sleuteldelfstowwe:**

Ryk *minerale* kan ekonomies en strategies van groot waarde wees. Dit is egter *nie* 'n belangrike voorvereiste vir 'n Afrikanervolkstaat nie. In die lig van die hoë arbeidsintensiteit en indiensneming, veral van Swartes en onassimileerbare immigrante, kan dit 'n hoë risiko wees. *Meganisasie* op groot skaal, gepaardgaande met die *hoë tegnologiese* vaardigheid soos in 'n vorige punt bespreek, kan die situasie bevredigend hanteer. Japan en Israel is goeie voorbeelde van lande met min of geen delfstowwe nie, maar wat tog tel onder die leidende industriële lande ter wêreld. Trouens Japan voer al die rustowwe wat hy benodig in, soos yster en staal, en voer dan die verwerkte produkte uit. Soos bekend is Japan hoogs kompeterend in die wêreldmark. Japan se outomatisasie en meganisasie is reeds wêreldwyd bekend; trouens, Japan is een van die leidende lande in die wêreld wat dit betref.

(k) **Goeie bestaande infrastruktuur:**

Dit is 'n gebiedend noodsaaklik dat enige land wat sinvol wil funksioneer, sal moet beskik oor 'n *gevorderde infrastruktuur* in stedelike sowel as plattelandse gebiede, soos onder andere goeie mediese fasiliteite, munisipale beheer, bemarking, vervoerdiense, klein- en groothandelnywerhede, veiligheidsdienste, sanitêre dienste, radio en TV dienste, posstelsel, water- en kragtoevoer, bankwese, ekonomiese instellings, versekeringswese, opvoedingsinstansies, sport-, kerk- en kultuurbedrywighede, behuising en media. Die Afrikaner is by uitstek bekend vir sy hoë peil van infrastruktuur tesame met die effektiewe bedryf van 'n staatsdiens op hoë vlak. Trouens, die Afrikaner is vir talle ander 'n goeie voorbeeld van 'n geordende samelewing. Met die nodige fondse uit en vir homself behoort dit die Afrikaner nie lank te neem voordat so 'n effektiewe infrastruktuur na behore funksioneer nie.

Dit dan enkele sake in orde van belangrikheid. Waar die voorgaande paragrawe deur **SABRA** in 'n bepaalde orde van belangrikheid geplaas is, kan andere daarvan verskil. Dit op sigself is egter nie so belangrik nie. Wat wel van groot belang is, is dat al hierdie sake deeglik *verreken* sal moet word voordat daar oorgegaan kan word tot staatkundige vrywording. Daar is egter by talle Afrikaners 'n sterk optimisme dat die Afrikaner as geharde pionier meer as genoeg in staat sal wees om so 'n volkstaat in 'n *modelstaat* te kan omskep. Anders as in die geval met die Swart state, hoef daar nie eers *mensontwikkeling* by die Afrikaner plaas te vind nie. Dit het hy reeds lankal verwerf en ontwikkel as 'n kind van die fyn *Westerse* beskawing, waar die lig van

Gods evangelie reeds die hart deurbreek het en 'n gedifferensieerde samelewingsorde meegebring het. Die verlede van die Afrikaner is 'n sprekende bewys daarvan as gekyk word na die hoë beskawingspeil wat onder Blanke Suid-Afrikaners, met spesifieke verwysing na die Afrikaner, tot stand gekom het. As die Afrikaner die geleentheid gegun word om 'n Afrikanervolkstaat 'n werklikheid te maak, sal die wêreld verstom staan oor die dinamiese potensiaal wat daar by die Afrikaner bestaan.

By wyse van 'n paar *slotgedagtes*, net die volgende. Op Calvinistiese grondslag glo ons dat die staat 'n voorsienigheidsgegewe sowel as skeppingsgegewe is en derhalwe nie van menslike oorsprong nie. Verder glo ons, soos Wessels dit stel, dat die staat, " *'n deel (is) van die normatiewe struktuurprinsipe van die Wet van God -- 'n verwerkliking van die normatiewe bouplan van die staatsverband deur gepositiveerde staatkundige skeppingsarbeid.*"[229] Vir Barnard is die staat, "*die sinvolle saamordening van owerheid en burgery op 'n begrensde staatsterritorium waar die owerheid die veelheid van regsbelange harmonieus -- met die behoud van soewereiniteit en enkapsis -- reël.*"[230] Barrie skryf: "*A 'state' for the purpose of international law, may be described as a people permanently occupying a fixed territory; bound together into one body politic by common subjection to some definite sovereign authority ...*"[231]

Hieruit spreek dit duidelik dat 'n eie staatsordening op 'n eie begrensde territorium vir die volkstaat-gerigte Afrikaner 'n byna "*heilige*" saak is. Dit raak sy hele *toekoms*, sy sinvolle *voortbestaan* vir die eeue wat kom, asook die begeerte om 'n *eie land* vir sy kinders te verseker waar Afrikanergeslagte gebou en gevoed kan word onder die seënende hand van God. As 'n volk vertoon die Afrikaner alle reg daartoe. Omdat hy glo dat 'n staat 'n gegewe uit die Skepperhand van God is, beoog die volkstaat-gerigte Afrikaner 'n **Christelike** staat. Verder glo hy dat in 'n *homogene* gemeenskap die *vrede en orde* die beste gehandhaaf kan word. Dit spreek vanself dat 'n revolusionêre klimaat makliker geskep word in 'n plurale gemeenskap waar die klem op die gemeenskaplike eerder as die van ruimtelike ordening val. Wessels skryf: "*Die behoud van die etniese binne 'n geografiese verband is dus uiters belangrik in die beheer van die konflikpotensiaal wat in die Suid-Afrikaanse situasie aanwesig is. Dit kan alleen geskied op 'n wyse waar aan elke volk die hoogste*

229. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 787.

230. Barnard, L.D., *op.cit.*, p. 69.

231. Kyk Barrie, G.N., *A Legal view of Transkeian recognition and so-called "Statelessness"*, p. 16.

*moontlike mate van eie woon- en leefruimte gegun word en daar dus nie sprake kan wees van dat een volk die ander oorheers nie.*"[232]

In die lig hiervan moet pogings om die gapings tussen volks- en rassegroepe ten opsigte van lewenstandaarde en beskawingspeil op 'n vinnige, onoordeelkundige en drastiese wyse te probeer uitwis, totaal *afgewys* word. Die gevaar word wesenlik groter weens die merkbare kloof in beskawingsontwikkeling. Die Ned. Geref. Kerk spreek hieroor 'n woord in sy beleidstuk, "Kerk en Samelewing", as hy sê: "*Die problematiek van Suid-Afrika lê in 'n samestelling van verskeidenheid wat nêrens in die wêreld geëwenaar word nie. Die verskille van ras, velkleur, volk en kultuur, taal en onderwys, politiek en ekonomie, godsdiens en kerk tesaam met die groot verskeidenheid in ontwikkelingspeil, alles in een samelewing, vorm 'n situasie met groot konflikpotensiaal. Plaas hom dan nog verder binne die spanningsveld van eerste en derde wêreld, van kommunisme en kapitalisme, van die stryd om wêreldoorheersing, en die situasie kan kritiek word.*"[233]

In Suid-Afrika het dit dus 'n geval geword van aspirasies en *verwagtinge* wat buite verhouding staan tot die werklike *behoeftebevrediging* van die verskillende groepe in hierdie land. Die gaping tussen *verwagtinge* en die werklike *behoeftebevrediging* moet dus as 'n belangrike faktor gesien word in die huidige revolusionêre klimaat wat in Suid-Afrika heers, en wat slegs met die afkondiging van 'n noodtoestand onder *relatiewe* beheer gehou kan word.

Dit is in sulke situasies dat kompromieë aangegaan moet word, en in kompromieë is daar in die meeste gevalle 'n verloorder. Niemand word eintlik tevrede gestel nie. Wiechers wil juis sien dat in Suid-Afrika, " *'n groot politieke kompromie*" getref moet word, 'n aanvaarding dat sekere dinge nie verander kan word nie en dat ander dinge wel verander kan word. Onder die onveranderlikes plaas hy ons bevolkingsamestelling, ons geïntegreerde ekonomie, ons historiese verbondenheid, asook die wêreld se sogenaamde, "*afsku van rassediskriminasie*".[234] Ander dinge wat hy as veranderbaar sien is, "*negatiewe gesindhede, oorgelewerde hoogmoed en argwaan, skewe regeringsinstellings, armoede, ongelykheid en oorheersing*".[235] Wiechers sê dat 'n kompromie op, "*beginselvaste fondamente*" gebou moet word en dit is "*beginsels*"

232. Wessels, D.P., *op.cit.*, p. 803.

233. Kyk *Kerk en Samelewing*, p. 5.

234. Kyk Wiechers, M., in **Rapport**, 6 Desember 1987, p. 26.

235. *Ibid.*

soos onder andere die beskerming van menseregte, vrye politieke instellings en verkiesings. "*Maar sulke goed soos rasbeskerming en diskriminasie mag nie elemente van die kompromie uitmaak nie ... 'n Politieke kompromie wat op die dryfsand van rassebevoorregting gebou is, gaan nooit 'n hervormende, lewenskragtige dinamiek verwerf nie. Só iets gaan net die kiem wees vir nog groter bitterheid en konflik.*"[236]

Vanselfsprekend deel die skrywer van hierdie verhandeling nie die mening van Wiechers nie. Die hele verhandeling gaan immers uit van die veronderstelling dat daar alleen in rasse- en etniese skeiding enige heil vir die toekoms van Suid-Afrika geleë is. Ook De Klerk en andere skryf tereg: "*Derhalwe val kompromieë na my mening onder die sogenaamde 'instelling wat vanuit die Calvinisme afgewys word*'".[237] Hulle sien die kompromie as 'n vorm van vergelyk, "*in die klimaat van verdraagsaamheid waarin dit gaan om die bereidheid om eie beginsels prys te gee op sekere punte en die ander se beginsel, wat eintlik strydig is met jou beginsels, op sekere punte te aanvaar.*" Volgens bogenoemde skrywers gaan dit om, "*prysgawe en aanpassing*", dit wil sê, behou byvoorbeeld die Christelike etiek op bepaalde kernpunte, dóg pas dit realisties aan by die tydsgees van bepaalde omstandighede. Hulle skryf: "*Beginselvernuwing dus, en nie beginselverslapping nie ... Kompromie lei tot grensverflouing tussen twee begrensde gebiede van waar en vals ... Die kompromie vervals die Christendom deur dit te berowe van sy andersheid, sy konsekwentheid en strydvaardigheid ... Dit is kapitulasie onder die skyn van selfbehoud.*"[238] Op die politiek-kulturele terrein in Suid-Afrika, plaas hulle hierdie verskynsel onder die denkraamwerk van die, "*verligte*", van, "*vernuwing en verandering*" wat, "*kompromie en onprinsipiële denke insluit*", van kompromisme, "*wat onversoenlike standpunte wil versoen met prysgawe van beginsels*".[239]

Wat die huidige situasie egter in Suid-Afrika betref, is daar nog vele Afrikaners wat onder die illusie verkeer dat die héle Suid-Afrika hulle "*tuisland*" is. Katzew vat dit raak vas as hy sê: "*What they really have is not a homeland but the military and therefore the political power to dominate a dispensing of many identity groups ...*"[240] Hy beskou die Swartes en anders-

236. *Ibid.*

237. De Klerk, W.J., Duvenage, W. en Van Wyk, J.H., "Kompromie", p. 39.

238. *Ibid.*

239. *Ibid.*, pp. 95-96.

240. Katzew, H., "Afrikaner survival: The undiscussed question", p. 158.

kleuriges in Suid-Afrika as blote, "*vasals*" van Blanke Suid-Afrika. Ongewapen kan hulle bloot spekuleer oor hulle toekoms. "*They talk about liberation, freedom, true independence.*"[241]

Katzew kom tot die kern van hierdie komplekse situasie in Suid-Afrika as hy die vraag vra: "*Why are the Whites of British, Jewish, Portuguese, German and other descent, as also the Colored and the Asians of the country, not haunted by the problem of survival as the Afrikaners are? Why are they ready to talk to the Blacks about sharing the land undivided, the Afrikaners not?*" Hy beantwoord self die vraag deur te sê: "*Non-Afrikaner whites are simply extensions of peoples living elsewhere ... They do not carry the full fate of their stock in the spiritual property of language and culture ... If P.W. Botha hands over power, it is more than power that go -- namely the Afrikaans language and other spiritual property painfully acquired by the* volk."[242] Katzew wys verder op die feit dat geografiese oplossings verligting vir talle volke in die wêreld gebring het. Hy skryf: "*Geography assures that Britons will be Britons, Germans Germans, Poles Poles, Americans Americans and so on ... Of course the Jews could be brought into such a debate. Did they not survive for 2 000 years without the aid of geography? Still, what kind of survival was it, and in the end did they not carve out Israel afresh to end a nightmare no longer endurable?*"[243]

241. *Ibid.* Dit wek wel kommer as daar na die toenemende integrasie in die Suid-Afrikaanse Weermag gekyk word, en dat, na aanleiding van 'n TV gedenkprogram op 6.12.87, die SAW reeds uit veertig persent anderskleuriges bestaan.

242. *Ibid.*

243. *Ibid.*, pp. 157-158.

# HOOFSTUK 6

# IMPLIKASIES VAN DIE AFRIKANERVOLKSTAAT OP DIE BREë TERREIN

## *1. KULTUREEL*

Dit is 'n lewensfeit dat 'n volk nie alleen vir sy *politiek-staatkundige* vryheid veg nie, dog ook vir sy *kulturele vryheid*. Trouens, 'n volk is in die ware sin van die woord 'n **kultuurvolk**. Ook die politiek is ondergeskik aan die kultuur van die mens, omdat die politiek maar één faset is van die totale kultuurbetrokkenheid van die mens.

Wanneer daar na die geskiedenis van die Afrikaner gekyk word, blyk dit dat die Afrikanervolk juis hieroor dikwels verdeeld was. Om talle redes, hetsy as beleid of weens ontrou, of as gevolg van omstandighede buite die beheer van die Afrikaner, of ook weens die rol van individuele leiers, het die kultuurstrewe van die Afrikaner 'n ander klem ontvang. Boekdele het al hieroor verskyn. Weens die aard van die Afrikaner bly dit onwaarskynlik dat hy hieroor eenstemmigheid sal bereik. Die feit is egter dat die Afrikaner deur al hierdie stryd geslyp en gevorm is en dat hy al hoe meer presies weet wat hy wil hê. In die omstandighede waarin die Afrikaner vandag verkeer kan dit baie vir hom beteken. Omdat kultuur so dinamies groeiend is, put die Afrikaner juis uit die verlede en behou dit wat goed is vir die hede en gebruik dit as *stukrag* vir die toekoms. Die verdieping in die Afrikaner se kultuur vandag dien juis om die oppervlakkighede teen te werk en om opnuut die erns van die saak te besef.

Die kultuurlewe van die Afrikaner is dikwels gekenmerk deur 'n nimmereindigende stryd om nie onder te gaan of, nog erger, om onherkenbaar te *verander* nie. Die huidige dilemma waarin die Afrikaner verkeer, waarin hy trouens al vir baie jare homself bevind, is weens die feit dat hy hom in 'n land bevind wat sterk *heterogeen* van karakter is. As Blanke deel hy die land met ander Blanke volksgroepe, en die Blanke as geheel bevind hom weer midde

in die massa Swart volke wat hom omring of tussen hom woon en werk. Die rede waarom hy (die Afrikaner) nog nie kultureel ondergegaan het nie, is, soos Van Wyk Louw sê, "*alleen omdat hy vir hom die nuwe orgaan van sy kultuurorganisasies gekweek het, iets wat hom saamsnoer tot 'n eenheid wat hy territoriaal nie besit nie.*"[1]

Hierdie situasie kniehalter talle Afrikaners se kultuurstrewe. Dit blyk dat die verblyf in 'n groot menggroep talle Afrikaners stuur in 'n rigting waar hulle hulself nie meer as kultuurvolk sien of wil sien nie. Ten spyte egter daarvan het die Afrikaner hoë hoogtes bereik. By geleentheid sê Viljoen: " *'n Mens kan met reg sê dat die kern van die samelewing, die spil van ons politiek en die dinamo van die kultuurlewe die Afrikaner is. Dit is die Afrikaner wat in die Suid-Afrikaanse samelewing moet sorg vir inisiatief en antisipasie van die vraagstukke wat voorlê, en wat hierdie vraagstukke se oplossings moet aanpak met 'n vernuwende en skeppende denkwyse.*"[2] Dit verg stryd en deursettingsvermoë, maar dit is 'n stryd wat nie van buite af daaraan geheg is nie. Van Wyk Louw sê: "*Die strydbaarheid is deel van ons lewe. Dit is as swaar taak aan ons opgedra deur die ligging van ons volk tussen die magtige Engelse kultuur en die Swart massa van Afrika in. As ons nie daardie strydbaarheid gehad het nie, sou ons as volk en as kern van Afrikaanse kultuurwil verdwyn het.*"[3]

Die natuurlike dilemma in die kultuurlewe van 'n volk, veral waar hy sy kultuur moet deel en beleef in 'n gemengde eenheidstaat, is dat sy kultuurstandpunte noodwendig sal moet bots met die kultuurvreemdes rondom hom. Dit gebeur selfs in die geledere van dieselfde volksgroep waar veral politieke verskille vlak onder die oppervlakte lê. Swart skryf tereg: "*Te veel Afrikaners het kultuurbetrokkenheid van mede-Afrikaners as aggressie, as partypolitiek en as verdelingsfaktor beskou. Daarom het die skerpste kritiek op ons kultuurstrewe juis vanuit eie geledere gekom.*"[4]

Dit is soms tipies van die Afrikaner dat hy hom maklik laat verdeel. So gebeur dit dikwels dat buitestaanders, of ook leiers wat op eiebelang ingestel is, die Afrikaner van sy kultuureie vervreem. Dan verval sy kultuurstrewe in 'n versetstryd ten einde uit daardie dilemma te ontkom. So raak talle Afrikaners langs die pad verlore en dros maklik agter die nie-eie-kultuur aan.

1. Louw, N.P. van Wyk, *Lojale verset*, p. 6.
2. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid*, p. 41.
3. Louw, N.P. van Wyk, *op.cit.*, p. 13.
4. Swart, M.J., *Ons voortbestaan: Die kultuurstrewe van die Afrikaner*, p. 13.

Is dit dus vreemd as die Afrikaner as gevolg hiervan kultureel nie ernstig opgeneem word nie? So ontstaan 'n soort van verdraagsame kultuur en dit laat toe dat vreemde elemente hulle daarby aansluit en dan word daardie kultuur iets anders. Die gevolg: 'n loue neutralisme, veral ten opsigte van die volkseie. Dit plaas die Afrikaner direk in 'n bestaanstryd, en die slagspreek word dan een van blote *oorlewing*.

Die jaar 1961 het, ten spyte van Republiekwording, 'n soort van behaaglikheid oor die Afrikaner laat neerdaal, 'n soort taakvervulling dat sy eindpunt nou bereik is. Die vonk van 1925 en verder het gesmoor. Dit was jare van die stigting van kultuuraksies soos die **Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings**, die **Voortrekkers**, die **Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns** en die **Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede**. Afrikaner-patriotisme het hoogty gevier. Na 1961 is die Afrikaner egter verlam. Na my mening is die groot rede daarvoor dat die Afrikaner steeds nie 'n eie vaderland gehad het wat in genoegsame mate sy eie was, vry van vreemde invloede nie. Ware *staatsvryheid* beteken ook *kultuurvryheid*. Hierdie kulturele terugsakking na 1961 het gelei na politieke verdeeldheid onder die Afrikaner: 'n verdeeldheid wat reeds in 1968 begin het met die stigting van die **Herstigte Nasionale Party**. So ongemerk is daar stadigaan na 'n meer *oop* en *totale* samelewing beweeg. In sy oë het die Afrikaner sy aansien as vrye volk verloor! Swart skryf: "*Die staatkundig-kulturele strewe van die Afrikaner is vernietig in daardie sin dat sy land en regeringstruktuur aan 'n markplein van allesoortiges herinner, dat sy ekonomie struikelend, sy toekoms vaag, sy self- en buitelandse beeld aangetas, sy grense en binnelandse toestande onveilig en sy volksgenote nogmaals en weereens verdeeld en onseker is*."[5]

Dit is duidelik dat een onverdeelde land, een burgerskap en nasie, asook een grondwet, nooit die *kulturele* bedoeling van die Afrikaner was nie. 'n Streep is egter nou deur afsonderlike ontwikkeling getrek wat in baie opsigte die *basis* van die Afrikaner se kultuurbeskouing was. Die kultuur het diensbaar geword aan die politiek en dit kan die vernietiging daarvan wees. Wanneer die nasionale volksbewussyn intern verdeeld staan teenoor die holistiese breë Suid-Afrikanisme, dan *vervaag* die Afrikaner se kultuurstrewe.

Soos reeds vroeër daarop gewys, het die Afrikanervolk nie net vir sy *staatkundige* vryheid geveg nie, maar ook vir sy *kulturele* vryheid. Die geskiedenis toon egter dat die Afrikaner nooit die weg van die minste weerstand

5. *Ibid.*, p. 45.

gekies het nie. Die waarde en norme van die Heilige Skrif het hom steeds kultureel versterk. Swart skryf: "*Sy verankering moet steeds nie uit homself spruit nie, maar uit die Bron van lewe wat ook die Afrikanermens voed* ..."[6] Die Afrikaner sal noodwendig meer en meer bewus moet raak van die noodsaaklikheid van sy eiesoortigheid en identiteit. Vermenging is die voorloper van afstomping en die vervreemding van die eie. Daarom sal die Afrikaner soveel moontlik van sy eie gebiedskringe moet behou. Hy mag nie sy *volkskap* vir *nasieskap* verruil nie. "*Ons sal strydvaardig moet wees om die volksbestaan teenoor 'n vals nasiebegrip en kultuurversmoring te handhaaf*", aldus Swart.[7]

Na my mening behoort die Afrikaner nou besliste tekens te toon dat hy weier om die minste te wees. *Geen volk is vry van stryd nie!* Dit is die Afrikaner se roeping om te bly stry vir dit wat in sy eie kultuurbedding gegrond is. Dit versterk sy lewensbeskoulike en verstewig sy selfvertroue en bied hom bó alles **selfrespek**. Eendersdenkende mense moet op volkshistoriese gronde weer bymekaar gebring word, maar hierdie keer op 'n eie staatsterritorium. So 'n gekonsolideerde volksmag kan dan vir sy vryheid en voortbestaan beding. "*Ons is Afrikaners wat 'n Afrikanervolk in 'n vrye vaderland wil bly ... Wie die mag en die gesag het om die wet te vertolk en toe te pas, wie beheer uitoefen en regeer, dit is die enkele werklikheid*", skryf Swart.[8]

Die inhoud van die volkstaat-gerigte Afrikaner se kultuurstrewe moet dus wees om die *staatsbeheer* oor homself in sy *eie vrye demokratiese staat* te bekom en te behou. Dit moet ingestel wees op 'n gesonde gesins- en volkslewe. Hy moet opnuut in homself **glo**, 'n geloof geskoei op Bybels-Protestantse inslag. Sy kultuur moet steeds vry en skeppend wees en verteenwoordigend van die volk as geheel. In sy eie volkstaat wil die Afrikaner net homself wees. Swart skryf: " *'n Eie vaderland is noodsaaklik ten einde die staatkundige instelling en die kultuurverenigings na behore te huisves en te benut. Daarsonder is 'n ongeskonde selfbestaan nie moontlik nie. 'n Gedeelde vaderland beperk die graad van kulturele selfstandigheid en vryheid wat noodsaaklik is om as volk te ontwikkel. Om 'n ondergeskikte minderheid in 'n oorheersde vaderland te wees, is 'n onveilige situasie omdat 'n sterk magsdrang alle eie kultuurstrewes as bedreiging vir die owerheid kan vertolk.*"[9] Smeenk sê: "*Alle beskawing wortel in die afsonderlike volksbestaan en elke volk moet sy nasionale kultuur tot*

6. *Ibid.*, p. 66.
7. *Ibid.*, p. 68.
8. *Ibid.*, p. 72.
9. Swart, M.J., "Kulturele selfbeskikking vir die Afrikaner", p. 26.

*ontwikkeling bring. Juis daardeur word die mensheid as geheel verryk. Die volksindividualiteit moet in die geskiedenis sy roeping vir die mensheid vervul. Daarvoor moet dit kragtig ontwikkel word en suiwer van karakter gehou word."*[10] Kultuur is die *asemhaling* van 'n volk. *Sterf sy kultuur, dan sterf die volk*! Geografiese vryheid gee *inhoud* aan die volkskultuur, en dit is waarna die volkstaat-gerigte Afrikaner strewe.

In die lig van bogenoemde bespreking is dit belangrik dat die Afrikaner se behoudende gehegtheid aan die karakteristieke eienskappe van sy volk hom sal weerhou daarvan om onnadenkend aanpassings te maak en veranderinge aan te bring. De Vries sien 'n persoon met 'n liefde vir sy vaderland en sy eie kultuur, as 'n, *"kultureel volwasse persoon"*. Hy skryf: *"By die Afrikaner kan sy taaie konserwatisme juis as die vernaamste faktor gesien word in die handhawing van 'n eie kultuur en eie kultuuraard."*[11] Hy sê verder: " *'n Kultureel-volwasse persoon is 'n wese met 'n partikuliere kultuurbesit. Kenmerkend van die Afrikaner in hierdie verband is sy godsdienssin, sy volkstrots, sy strewe na die handhawing van die rassesuiwerheid van die Afrikanervolk deur dit selfs in wetgewing vas te lê, en sy liefde vir sy taal ... Die kweek van 'n vaderlandsliefde, volkstrots en 'n liefde vir wat eie aan die Afrikaner is, kan alleenlik oorgedra word deur persone wat self met hierdie ideale besiel is. Die Afrikaner het hom reeds bewys as iemand wat geen ander vaderland as 'n moontlike alternatief stel as sy voortbestaan gevaar loop om hier beëindig te word nie."*[12]

## 2. *TAAL*

*"Die ware vaderland is in werklikheid die taal"*, aldus Wilhelm von Humboldt, en, sê Gezelle verder:

> *"Die geen taal heeft*
> *Is geen naam weerd.*
> *Waar geen taal leeft*
> *Is geen volk."*
> (Guido Gezelle).

---

10. Smeenk, C., soos aangehaal in Treurnicht, A.P., *Credo van 'n Afrikaner*, p. 88. Kyk ook Smeenk, C., *Christelijk-Sociale Beginselen*, p. 77.
11. De Vries, C.G., "Die onderwys van die Afrikanerkind: Aard en Inhoud", p. 3.
12. *Ibid.*, p. 11.

Hierdie twee uitsprake, volgens Steyn, vertolk die sterk gevoel wat baie mense oor hulle taal het, die gevoel dat 'n werklik *volledige* lewe alleen in eie taal moontlik is.[13] Na my mening is dit juis 'n gevoel wat met 'n sterk *patriotiese nasionalisme* vergelyk kan word. Dit spreek duidelik uit pres. M.T. Steyn se woorde as hy sê: "*De taal is het volk, en indien wij onze taal verwaarlozen, dan moeten wij ook verwachten dat ons volksbestaan langzamerhand zal kwijnen, en uiteindelik ten gronde gaan. Onze taal is 'n erfstuk dat wij van onze vaderen gekregen hebben; laten wij die getrouw bewaren.*"[14] Van der Merwe wys daarop dat pres. Steyn hierdie beskouing oor die waarde van die moedertaal nooit gewysig het nie. In 1913 telegrafeer hy aan die Studentetaalfees in Kaapstad: "*Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde is die taal van slawe.*"[15]

Die rol wat taal in die strewe na nasionalisme speel is baie groot. Dit word veral sterk beklemtoon deur Boehm wat dit beskou as die mees belangrike faktor in die moderne nasionalisme. Hy skryf: "*The concept of the mother tongue has made language the source from which springs all intellectual and spiritual existence. The mother tongue represents the most suitable expression of spiritual individuality ... The rare cases wherein a people has retained its individuality, despite the loss of its language do not disprove the conviction of a people or national group that they are defending in language the very cornerstone of their national existence.*"[16]

In die meeste nasionaal-separatistiese bewegings speel *taal* 'n belangrike rol, en is dikwels die strydpunt tussen groepe wat in konflik verkeer. Sagarin en Moneymaker skryf: "*In irredentist movements, which aim to liberate unredeemed territory* **(terra irredenta)**, *language is almost invariably a factor, along with ethnic unity and division of power and resources, in determining whether the people identify with one-nation state over another that is outside their own national boundaries.*"[17]

---

13. Kyk Steyn J.C., in Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.T. (reds.), *Afrikaans: Stand, Taak en Toekoms*, p. 3.
14. Van der Merwe, N.J., *Marthinus Theunis Steyn*, p. 67.
15. *Ibid.*
16. Boehm, M.H., "Nationalism", p. 235.
17. Kyk Sagarin, E. en Moneymaker, J., "Language and nationalist, separatist and secessionist movements", in Hall, R.L. (ed.), *Ethnic Autonomy: Comparative Dynamics*, p. 20. Die taalkwessie in die Franssprekende Quebec is tans 'n ernstige kwessie van dispuut in die onderhandelinge oor die behoud van die Meece-ooreenkoms in Kanada.

’n Staatkundige stelsel waarin daar na politieke gelykheid vir al die groepe beding word, sal onvermydelik implikasies inhou vir die *eie* van volke soos die *onderwys*, die *staatsdiens*, die *ekonomie*, die *mediadienste* en les bes ook die **taal** van die Afrikaner. Na my mening is dit dan ook een van die *grondliggende probleme* wat die nuwe grondwetlike bedeling na vore bring. Die groter desentralisasie bring mee die devolusie van mag na die laer vlakke van regering, dit wil sê die tweede en derde vlakke. By die beplanning van hierdie devolusie van mag na laer vlakke is spesifieke kulturele- en ook taaloorwegings geensins in ag geneem nie. In praktyk beteken dit dat daar gemengde rade tot stand sal kom, soos onder andere die streekdiensterade, wat verteenwoordigend sal wees van al die bevolkingsgroepe in die land, insluitende Swartes (met hulle verskillende tale), asook die Indiërgemeenskap wat van huis-uit Afrikaansvreemd is. Die hipotetiese vraag is: *Watter taal gaan uiteindelik die medium wees?* Daar word dus net oor strukture in die breë gepraat, maar sake soos eie godsdiens, kultuur en taal kry weinig of geen aandag nie. Slegs ekonomiese, maatskaplike en politieke oorweginge geld.

Die uiteindelike konsekwensie van so ’n situasie is redelik voorspelbaar. In ’n veeltalige land soos Suid-Afrika kan *taalgroepverdelings* lastige probleme oplewer, veral in die tussengroep-akkommodasie. Dit sal voortdurend nodig wees om, veral as dit kom by die uitskakeling van onnodige konflik en vir die uitbouing van goeie menseverhoudinge, rekening te hou met die kompleksiteit en die gepolitiseerdheid van die taalsituasie. Dit spreek vanself dat waar gemengde institutêre groepe uit die totale bevolking saamgestel word, daar eerder rekening gehou sal word met die totaliteit as met die onderafdelings daarvan. In die ingewikkelde taalsituasie waarin Suid-Afrika verkeer sal die oplossing nie maklik wees nie. Vir die Afrikaner hou dit verreikende gevolge in. Du Plessis wys daarop dat as die taalkwessie nie by hierdie politieke kwessies geïntegreer word nie, "*is die afdraande pad vir die Afrikaner reeds geteer.*"[18]

Die aandrang om byvoorbeeld net Engels as amptelike taal te erken, sal steeds groter word. Engels word voorgehou as die ekonomies-internasionale en etnies-neutrale taal. Afrikaans word ook wêreldwyd gesien as die taal, "*van die onderdrukker*" en moet derhalwe uitgeskakel word. In hierdie verband wys Steyn daarop dat in ander Afrikalande die "*etnies-neutrale*" taal meesal die taal van die gewese koloniseerder en dus die amptelike taal

18. Du Plessis, H.G.W., "Die handhawing van Afrikaans", p. 3.

word.[19] Waar 'n inheemse taal amptelike of half-amptelike status verkry, was dit 'n taal wat reeds neutraal en algemeen bekend was. So is Swahili nie die moedertaal van Julius Nyerere van Tanzanië of van Jomo Kenyatta wat dit as amptelike taal van Kenia wou maak nie. *"Die taal het nie gevorder deur die optrede van mense wat trou aan die taal was nie, maar deur die optrede van politici wat 'n 'neutrale taal' wou verhef om die staatkundige eenheid van die land te behou."*[20]

In 'n nuwe bedeling, waar daar voortdurend druk sal wees om 'n Swart meerderheidsregering te aanvaar, sal dit nie ontipies wees van mense om Afrikaans as amptelike landstaal te vervang nie. Verskeie Swart groepe het reeds te kenne gegee dat hulle Engels as enigste amptelike taal wil hê. Vir die ANC is, *"English the medium of the liberation struggle"*, en, Ephraim Tshabalala van Soweto sê: *"We need a majority language and one system of education for all. That language must be English. This is the international language. This is the language of overseas visitors to South Africa. This is the language of the industrialists. We want our future generations to speak English."*[21] So ook het lede van die Sowetoraad in 1978 'n punt op hul sakelys verwerp omdat dit in Afrikaans gestel was. Raadslede het geweier om die betrokke punt te bespreek.[22] Dit wil voorkom asof Suidwes-Afrika onder 'n **SWAPO** bewind ook net Engels as amptelike taal sal erken. Mnr. Sam Nujoma, leier van **SWAPO** wat die afgelope verkiesing in SWA gewen het, het dit dan ook bevestig dat Engels die enigste voertaal in die skole van 'n onafhanklike Namibië sal wees.[23]

Uit die Engelse gemeenskap word ook toenemende steun vir Engels as die amptelike landstaal verkry. M.C. O'Dowd, gewese voorsitter van **The English Academy**, en 'n top bestuurder in **Anglo-American**, verklaar op 14 Augustus 1975 -- die stigtingsdag van die **Genootskap van Regte Afrikaners** -- dat Engels, en nie Afrikaans nie, die algemene gebruikstaal in Suid-Afrika moet word. Dit is die gemeenskaplike taal vir kommunikasie met ons bure en, soos hy sê, *"weens sy gevestigde internasionale karakter, 'n politieke, kulturele en ideologies-neutrale taal. Om dit te gebruik veronderstel nie die*

---

19. Steyn, J.C., *Tuiste in eie Taal*, p. 370.

20. *Ibid.*

21. Kyk **The Citizen**, 19 April 1978.

22. Kyk **The Citizen**, 1 September 1978.

23. Kyk **Rapport**, 19 November 1989.

*aanvaarding van enigiets, die aansluit by enigiets of die glo in enigiets nie.*"[24] As dit sou moes realiseer sou dit katestrofale gevolge hê vir Afrikaanse instellings soos **SANLAM, VOLKSKAS, SANTAM** en ander tipiese Afrikaanse instellings.

Bruwer verwys ook na 'n ene Van den Berghe, 'n Amerikaanse Taalsosioloog, wat verklaar het dat Engels die ampstaal van Suid-Afrika moet wees en dat ander tale hoogstens as tweede *streekstale* erken moet word. Bruwer kom dan tot die gevolgtrekking dat as koppe getel moet word om te bepaal watter taal in watter streek as streekstaal moet geld, dit beteken dat die Vrystaat twee tale sal moet hê -- Engels en Suid-Sotho; Natal Engels en Zoeloe; Wes-Transvaal Engels en Tswana; Noord-Transvaal Engels en Noord-Sotho; Oos-Transvaal Engels en Zoeloe; en Oos-Kaap Engels en Xhosa. Bruwer wys daarop dat net die Wes-Kaap Engels en Afrikaans as streekstale sal hê.[25]

Ook Du Plessis wys daarop dat die desentralisasiebeleid die gedagte van "*taal-distrikte*" of van "*taal-tuislande*", nie ondenkbaar maak nie. In die taaldistrikte-gedagte moet die ooreenkoms met die Finse kommunes en Kanadese taaldistrikte erken word. Kritici is egter van mening dat hierdie gedagte die verdeling wat daar reeds bestaan verder sal voortsit, 'n verdeling wat reeds die bron van konflik is.[26] Alcock meen dat die punt oor verdeelde gemeenskappe byvoorbeeld in Suid-Tirool, Ciprus, Kanada, Switzerland, België en Libanon juis geleë is daarin dat hulle *graag* verdeeld wil wees.[27]

Dit is met kommer dat daar selfs geluide waargeneem word van leidende kultuurpersone ten opsigte van ons taal en landsimbole. Mnr. Hendrik Sloet, tans voorsitter van die **FAK**, het tydens die nasionale kongres van die **FAK** in 1989 te Durban sy gedagtes gelug oor die, "*waarskynlike herwaardering van die status van Afrikaans as amptelike landstaal in 'n nuwe staatkundige bedeling*".[28] In 'n bespreking van Sloet se opmerking, wys J.C. Steyn daarop dat hierdie standpunt gesien moet word in 'n negatiewe konteks, naamlik *prys-*

---

24. Kyk **Die Oggendblad**, 14 Augustus 1975.
25. Bruwer, P.F., "Die Nasionale Party se aanslag op Afrikaans", p. 8. Kyk ook Rapport, 3 Julie 1988.
26. Kyk Du Plessis, H.G.W., *op.cit.*, p. 4.
27. Kyk Alcock, A.E., "A new look at the protection of minorities and the principle of equality of human rights", p. 64.
28. Kyk **Die Volksblad**, 9 Augustus 1989.

*gawe*.[29] Die gedagte van Sloet is blykbaar dat daar nader beweeg moet word aan die *ander* groepe in die land, ook wat betref die volkslied en die vlag. Steyn wys daarop dat baie mense die indruk moes gekry het dat Sloet die status van Afrikaans beskou as iets wat saam met die volkslied en die vlag kan verskyn op op 'n langer lysie van simbole en praktyke wat in die proses van, *"noodsaaklike hervormings"* vir iets groters opgeoffer moet word. Hy tree byna op soos iemand wat wil voorbrand maak vir die prysgee van die amptelike erkenning van Afrikaans. Steyn doen dan 'n beroep op die regering om sy *taalbeleid* van die toekoms te verklaar.[30]

Soos reeds daarop gewys, kan 'n staatkundige stelsel waarin daar na *politieke gelykheid* vir alle groepe in Suid-Afrika gestreef word, geweldige implikasies inhou vir 'n taal soos byvoorbeeld Afrikaans. 'n Regering, of die wette van daardie regering, kan wel nie 'n taal handhaaf as die gebruikers daarvan dit nie self wil doen nie. Maar 'n *"nuwe"* regering en sy wette kan wel 'n taal knou al wil die gebruiker dit baie graag handhaaf. Steyn wys op die volgende terreine waar 'n staat se doen en late 'n taal se posisie kan raak:[31]

(i) **Kommunikasie met die staat**: Alle burgers moet op 'n stadium met die staat kommunikeer, hetsy deur die invul van belasting- en ander vorms, verklarings, getuienis lewer, militêre aangeleenthede en pos- en telegraafdienste. Dit sou bepaald demoraliserend wees as 'n mens nie jou taal in poskantore en ander staatsinstellings kan gebruik nie, volgens Steyn.

(ii) Wat **beroepsmoontlikhede** betref is die kennis van die taal wat in die staat gebruik word, van ekonomiese nut. As Afrikaans moontlik nie meer as amptelike taal erken word nie, sal Afrikaanssprekendes daartoe gedwing word om alleen Engels behoorlik te leer beheers vir beroepsdoeleindes en Afrikaans ten koste daarvan afskeep.

(iii) In die **onderwys** kan staatsbesluite enige taal benadeel of ook bevoordeel. Miskenning van hulle taal kan ouers daartoe bring om hulle kinders liewers groot te maak in die taal wat hulle op skool en later in die openbare lewe sal moet gebruik.

---

29. Kyk Steyn, J.C., "Toekomsstatus van Afrikaans", in **Die Volksblad**, 19.08.89.

30. *Ibid*.

31. Kyk Steyn, J.C., "Die oorlewing in Afrikaans", in *op.cit.*, p. 10.

(iv) Wat die **massamedia** en ander **kultuursake** betref is die saak veel ernstiger. Aangesien media soos die radio en TV dikwels onder beheer, of gedeeltelik onder beheer van die staat staan, kan die staatsbeleid oor tale ook die elektroniese media beïnvloed. In Frankryk het die *Bretoene*, wat 'n minderheidstaal is, 'n paar jaar gelede minder as drie-uur radiotyd per week gekry en dertien minute TV per week. In Suid-Afrika raak hierdie saak uiters verontrustend. Voor 1980 is daar redelik by die gelykheidsmaatreël, soos in die grondwet vervat, gehou. Sedertdien het die SAUK sterk van daardie beleid begin afwyk. Bruwer toon aan dat daar vandag net 'n enkele Afrikaanse radiosender is teenoor *vier* in Engels, as Channel 702, Bop Radio en Capital Radio, nie bygetel word nie. Voorts is in alle gebiede streekstasies ingestel wat vir 80 % van die inhoud *Engels* is. Selfs die gebiede waar die bevolking nagenoeg 80 % Afrikaans is het die stasies oorweldigende Neger en Amerikaanse invloede.[32]

Bruwer noem ook bevindinge van J.C. Steyn wat na die SAUK-TV verwys. 'n Halwe Afrikaanse sender teenoor drie-en-'n-half in Engels (Bop TV, M-Net en TV 4 en die helfte van TV 1). Al hoe meer "*tweetalige*" programme word op die halwe Afrikaanse kanaal ingevoer, aldus Steyn. Hy sê: "*Engelse programme word op 'n sinies-vernuftige wyse in die Afrikaanse tyd ingesmokkel -- gewilde programme waarteen die kykers nie beswaar sal maak nie ...*"[33] Dit beteken dus dat ook die halwe Afrikaanse kanaal aanhoudend ingekort word deur Engelse programme. Daarbenewens word alle koppeluitsendings vir byna alle Afrikaanse programme voorsien sodat miljoene kykers dit byna nooit nodig het om na 'n enkele Afrikaanse woord te luister nie! 'n Soortgelyke koppeluitsending in Afrikaans vir al die Engelse programme word natuurlik nie eens oorweeg nie, want alle Afrikaners verstaan mos Engels! Dit is insiggewend dat Bophuthatswana met TV uitsendings begin het waarmee die regering, "*sy burgers in hierdie digsbevolkte gebied*" (nl. Pretoria en die Witwatersrand) kan bereik, maar dan wil hy uitsaai, "*mainly in English, which means that audiences will no longer have to watch topclass British series in Afrikaans.*"[34]

---

32. Bruwer, P.F., "Die Nasionale Party se aanslag op Afrikaans", p. 8.

33. *Ibid.*, p. 9.

34. Kyk **Beeld**, 14 Julie 1979, asook **The Citizen**, 16 July 1979.

Wanneer die SAUK oor hierdie sake gekonfronteer word, is sy reaksie gewoonlik dat hulle hul bes doen om al die gemeenskappe in *gelyke* mate te dien.[35]

Na my mening kan sake ook net versleg wanneer staatsinstellings toenemend *geprivatiseer* word. Dit spreek vanself dat 'n eentalige instansie soos **Anglo-American** hoofsaaklik sy aksie in Engels sal bedryf as hy beheer oor groot ondernemings verkry. Kulturele *verdrukking* is dus die Afrikaner se voorland as hy nie gaan vasskop en aandring op minstens sy *gelyke* taalregte op alle gebiede nie.

(v) Staatsbesluite op die **ekonomiese** gebied kan ook 'n taal regstreeks raak. Dit gaan hier om die ekonomies voordeligste taal. Die Franse is weereens hier 'n voorbeeld wat daarvan beskuldig word dat hulle so 'n beleid in Bretagne, die gebied van die *Bretoens*, gevolg het. *Nasionalisering* kan ook taalgevolge hê. 'n "*Nuwe*" regering in Suid-Afrika kan besluit dat Engels die voertaal moet wees in die genasionaliseerde bedrywe en ondernemings. Versperrings van sosiale mobiliteit kan deur ander tale geskep word.

(vi) Wat **bevolkingsbeleid** betref, kan 'n verskynsel van toenemende immigrasie meebring dat 'n taalgroep van 'n meerderheid tot 'n minderheidsgroep gemaak word. Die geskiedenis toon voorbeelde waar die Afrikaner "*ondergeploeg*" moes word deur immigrasie uit Brittanje. (Tot hiertoe voorbeelde deur Steyn genoem.)[36]

As afleiding uit die voorafgaande paragrawe is dit vir 'n taalgemeenskap belangrik dat daar 'n regering aan bewind moet wees wat '*n sensitiwiteit vir die taal van 'n volk het*. 'n Eenheidstaat maak taalverdrukking in 'n meertalige staat moontlik. Na die Franse Revolusie wou die Jakobyne graag 'n sterk sentrale regeringsvorm hê. Een afgevaardigde op die grondwetkonvensie het gesê dat om dit te bereik moet al die streektale, wat oorblyfsels van die feodalisme en dus monumente van slawerny is, verdryf word. Die Jakobynse gedagte het geseëvier en Frankryk het tot vandag toe een van die mees *onbuigsame* gesentraliseerde staatkundige stelsels in Wes-Europa. Vir minderheidstale, soos Bretoens, was dit alles behalwe 'n seën. In 1831 het 'n aantal Departementshoofde verklaar, "*Bretoens moet absoluut vernietig*

35. Kyk **The Citizen**, 24 June 1988.

36. Kyk Steyn, J.C., "Die oorlewing in Afrikaans", *op.cit.*, pp. 10-11.

*word.'*[37] In die twintigerjare van hierdie eeu het die Bretoene gevra dat hulle hul taal mag onderrig in skole van Bretagne. Die Minister het die versoek van die hand gewys en gesê: *"Die Bretoense taal moet in belang van die eenheid van Frankryk verdwyn."*[38]

Om in Suid-Afrika die taalkwessie na behore op te los sal daar eerder gedink moet word in die rigting van groepsregte instede van individuele regte. Daar word te maklik vergeet dat die bestaan van minderheidsgroepe 'n verskynsel is wat hom in byna elke staat voordoen. Elke *volk* vorm egter in sy eie staat die *meerderheid*. In talle wêreldstate, waar 'n meertalige situasie hom afspeel, word net één amptelike taal aangetref. In Brittanje word byvoorbeeld Wallies, Kornies en Gallies nie erken nie. In Frankryk word Duits, Nederlands en Bretoens nie erken nie, en in Spanje word Katalaans, Baskies en Gallies nie as tale erken nie.

Waar daar dus sprake is van taalverspreiding in 'n veeltalige land, het die begrip **territorialiteit** groter betekenis. Dit kom letterlik neer op *fisiese* gebiedsafbakening. Du Plessis sê: *"Volgens die territorialiteitskonsep word mense dan gegroepeer op grond van bepaalde geografiese grense."*[39] Ook Williams wys daarop dat territorialiteit, toegepas op *taal*, inhou dat die taal van 'n bepaalde gebied uitsluitlik berus op die betrokke *geografiese grense* waarbinne die taal gebruik word.[40]

In die lig van bogenoemde het 'n volk of volksgroep dus die reg om sy taal *op sy eie grondgebied, in eie huis, skool en kerk te besig*. Karl Renner, 'n sosialistiese denker, het in sy taalsosiologie 'n paar gedagtes die lig laat sien wat die moeite werd is om te verneem. Carl Friedrich haal 'n paar van Renner se stellinge aan as hy sê: *"A nation demands the recognition of its language in the schools and administrative offices; without such recognition its language becomes a mere dialect ... If a nation cannot educate these persons in schools and universities of its own, it remains a torso."*[41]

---

37. *Ibid.*

38. *Ibid.*, p. 10.

39. Kyk Du Plessis, H.G.W., *op.cit.*, p. 4.

40. Kyk Williams, C.H., "The territorial dimension in language planning", p. 65.

41. Kyk Friedrich, C.J., "The politics of language and corporate federalism", soos aangehaal in Steyn, J.C., *Tuiste in eie Taal*, p. 375.

### *3. ONDERWYS EN OPVOEDING*

*Onderwys en opvoeding* sal een van die belangrikste uitinge wees van ware Afrikanerskap *in sy eie volkstaat.* Trouens, onderwys en opvoeding gee *koers, beslag en identiteit* aan 'n ganse volk en sy kultuur. In die breë Suid-Afrika beweeg die onderwys en opvoeding al gevaarlik naby aan gelykvormigheid met die ander groepe. Onderwys word in die nuwe grondwet 'n "*eie*" saak genoem, dog word voortdurend gekwalifiseer met: "*Onderwys op alle vlakke ... maar onderworpe aan enige algemene wet ...*"[42] Verder word snel gevorder na die beginsel van gelyke norme en standaarde. Die Grondwet formuleer dit soos volg:

"(a) *Norme en standaarde vir finansiering van lopende en kapitaalkoste van onderwys; ...*

(b) *norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering en vir sertifisering van kwalifikasies.*"[43]

Die staat moet dus, reg of verkeerd, alles vir almal in Suid-Afrika wees. 'n Gelyke norm moet vir alle groepe geld. Die basiese probleem egter in 'n multi-kulturele land soos Suid-Afrika is dat dit wat as kultuurnorm vir die Afrikaner geld, geld nie noodwendig vir ander groepe as norm nie. Gee die Afrikaner dus 'n bepaalde *norm* prys, en word 'n gelykskakelende norm in die plek daarvan aanvaar, (soos hierbo verwys), ontwikkel dit in 'n, "*onderwys-bredie*" wat vir talle Afrikaners onaanvaarbaar is. Gelykheid mag dus nooit beteken, "*dat almal eenderse onderwys moet ontvang nie, aangesien so 'n interpretasie die toepassing van gedifferensieerde onderwys, wat berus op die erkenning van individuele verskille by leerlinge, daardeur ongedaan sal maak*", aldus Van Loggerenberg.[44]

Van Loggerenberg wys ook daarop dat dit juis die oordrewe klem op *gelykheid* (onder die vaandel van *demokratisering*) is, wat, volgens verskillende

---

42. Kyk **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 110 van 1983**, Bylae 1, punt 2, p. 50. Eie sake word egter deesdae gesien as nie-bedoelend vir die eksklusiewe reg van eie groepe nie. Die verwydering van alle "diskriminerende" maatreëls beteken dat *eie* sake nou ook *algemene* sake is.

43. *Ibid.* Kyk ook die **Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984**, (Wet 76 van 1985).

44. Van Loggerenberg, N.T., "Gelykheid en voortreflikheid in die onderwyspraktyk", p. 1.

Amerikaanse opvoedkundiges, die grootste bydraende faktor is van die laagtepunt wat skoolonderwys tans in Amerika beleef. Sodanige opvoedkundiges erken openlik dat hulle bekommerd is oor die lae akademiese gehalte van onderwys in die VSA.[45] *Demokratisering* in die onderwys word ook so vertolk dat leerlinge inspraak in kurrikulumsamestelling en sillabusinhoude in die VSA verkry het. Dit het tot gevolg gehad 'n afskaling in sowel die hoeveelheid leerstof as die moeilikheidsgraad daarvan. Daar bestaan groot simpatie by leerlinge vir die swak presteerder terwyl die belange van die goeie presteerder baie minder gewig dra. Gelyke geleenthede kan ook nie waarborg dat daar gelyke gehalte van onderwys sal wees nie.

Die strewe na gelyke gehalte in die onderwys mag nooit beteken dat diegene wat as gevolg van bepaalde faktore reeds 'n hoër mate van voortreflikheid in die onderwys bereik het as ander, die pas moet makeer sodat die agterstand gouer ingehaal kan word nie. "*Dit is 'n offer wat geen volk, vir wie sy toekoms 'n saak van erns is, bereid kan wees om te bring nie. Dan lei gelykheid in die onderwys tot dieselfde ongeregtigheid as ongelykheid in die onderwys*", aldus Van Loggerenberg.[46]

Die vraag ontstaan dus of dit moontlik is om in Suid-Afrika gelyke onderwysgeleenthede aan almal te voorsien. As die oorweldigende probleem van getalle tersyde gestel word, maak die verskille in godsdiens en ontwikkelingsvlak dit nogtans moeilik om te bepaal waar die voorsiening van gelyke geleenthede begin en eindig. Daar is sterk getuienis dat die huislike en kulturele agtergrond van die kind geweldige implikasies het vir die verwerkliking van sy intelligensie.

Die feit van die saak is dat universele onderwys nie 'n *sosiale gelykmaker* is nie. Elke gemeenskap en volksgroep sal uiteindelik moet aanvaar dat die verantwoordelikheid vir 'n onderwys van gelyke gehalte nie die verantwoordelikheid van die staat alleen is nie. *Dit is elke volk en gemeenskap se eie verantwoordelikheid.* 'n Geïntegreerde onderwysstelsel kan dus nooit die oplossing bied nie aangesien die kulturele verskille te diepgaande is. Vanweë die feit dat opvoeding en onderwys 'n *integrale* deel van die *gemeenskapskultuur* vorm, behoort enige onderwysstelsel ten nouste by sy betrokke *gemeenskap* aansluiting te vind. Van Loggerenberg wys tereg daarop dat die propagandis-

---

45. *Ibid.*

46. *Ibid.* Die slaagsyfer vir die Swart matrikulante van 1989 in SA was 'n skamele 42%.Kyk Die **Volksblad**, 14 Januarie 1990.

te vir oop skole en een onderwysdepartement vir almal, "*blind is vir die fundamenteelopvoedkundige beginsels ten opsigte van opvoeding en onderwys binne gemeenskapsverband.*"[47] Hy sê: "*Opvoedende onderwys is 'n aktiwiteit wat in die eerste plek binne 'n bepaalde gemeenskapsverband en tradisie plaasvind. Dit hou onder andere in die erkenning en uitbouing van die godsdienstige karakter van sy leefwyse, die handhawing van die beginsel van moedertaalmediumonderwys, en 'n gerigtheid op patriotisme deur kinders op te voed tot 'n lojaliteit aan en 'n liefde vir die vaderland, die nakoming van burgerlike pligte en 'n waardering vir en verantwoordelikheid teenoor die land, sy mense en natuurlike bates.*"[48]

Dat die Afrikanergemeenskap onder al hoe groter druk sal verkeer om toe te stem tot 'n integrale, "*oop*" onderwys is duidelik. **Mondstuk**, onderwysblad vir die Transvaalse Onderwysers, wys daarop dat die verteenwoordigende regerings van die ander bevolkingsgroepe en ook die Engelssprekende georganiseerde professie in die Blanke sektor, almal ten gunste van 'n verwikkeling in hierdie rigting is, en daar is ook aktiewe medewerking om hierdie doelwit te bereik. Dit is bykans net die Afrikanergemeenskap en die Afrikaanssprekende Onderwysersverenigings wat sterk standpunte handhaaf oor onderwys as eie saak en die klem lê op die selfbeskikkingsreg van elke hoofbevolkingsgroep oor sy eie onderwys.[49]

Dit is werklik kommerwekkend dat die Afrikaner vandag so 'n stryd moet voer om te verhoed dat dit wat eie is aan sy volk en kultuur, al hoe meer op die agtergrond moet vervaag. "*Grense*" moet uitgewis word, "*brûe*" moet gebou word en groter kontak en assimilasie moet plaasvind. Dit is juis die doel van die sogenaamde, "*Multicultural Education*"-benadering om alle kultuurverskille uit te wis. Louw skryf: "... *om bo alle twyfel aan te toon dat 'Multicultural Education' (ME) in werklikheid die uitwissing van kultuurverskille in die oog het, hoewel doelbewus daarna gestreef word om die indruk te laat dat etniese en kulturele diversiteit hoog aangeslaan word.*"[50]

---

47. Van Loggerenberg, N.T., "Wetenskaplikbegronde onderwysvoorsiening", in **Die Vrystaatse Onderwyser**, Julie 1989, p. 1.

48. *Ibid.*, p. 3.

49. Kyk "Redaksioneel" in **Mondstuk**, Maandblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging, Januarie 1986.

50. Louw, G.J.J., *'n Temporaliteitspedagogiese verantwoording van opvoeding in 'n veelvolkige samelewing met besondere verwysing na "Multicultural Education"*, p. 163.

Die afwatering van die eie kultuur moet noodwendig lei na 'n wêreldkultuur. Derhalwe word daar in Suid-Afrika vandag veel klem gelê op die verwerwing van 'n dubbele kultuur, 'n soort "*bikulturisme*", aldus Louw.[51] Etniese minderheidsgroepe moet onthef word van die noodsaak om 'n keuse tussen die eie kultuur en die wêreldkultuur te maak. Die kind moet hom met albei kulture identifiseer (in hierdie geval dié van *Afrikaner* en dan ook dié van 'n *Suid-Afrikaner*), en hy moet homself beskou as behorende tot twee kulture. Daar word van die kind 'n bedrewenheid in albei kulture verwag sodat hy maklik van die een na die ander kan oorslaan. Dit is dus duidelik dat deur 'n *multikulturele* onderwysbenadering die kind aangemoedig moet word om sy primêre verbintenisse soos etnisiteit, kultuur- en gebiedsgebondenheid af te sweer en te strewe na 'n *wêreldburgerskap* met sy *universalisme* en *sekularisme*. Die indruk moet gelaat word dat die eie partikuliere kultuur nie die kind in staat sal stel om aan die diepste sielsbehoeftes te beantwoord nie. As daar voortdurend op die gebreke en tekortkominge in die eie kultuur verwys word, word dit vir die kind al hoe moeiliker om sy eie lief te kry. *Neutrale* onderwys moet derhalwe *uniforme* onderwys meebring, want dit skakel alle verskille uit.[52]

Samevattend word daarop gewys dat elke volk die reg moet hê om soewerein self oor alle fasette van sy onderwys te beslis. Meyer skryf: "*Die Afrikaanse volk het as Christelik-Westerse gemeenskap in Suid-Afrika uitgegroei tot 'n staatkundig-ekonomies selfstandige taal- en kultuurgemeenskap. Hierdie nasionale selfstandigheid vloei voort uit sy bewuste beheersing van sy eie omvattende lewenswerklikheid.*"[53] Treurnicht sê tereg: "*Wanneer ons praat oor die opvoeding en onderwys aan ons kinders lê daarin nie net 'n eie nasionaliteitsbesef ten grondslag nie – 'n Afrikanerbewustheid wat in die Afrikaanse taal uiting vind nie – maar 'n lewenshouding, 'n filosofie, 'n verantwoording teenoor die lewe, teenoor die wêreld en boweal teenoor God.*"[54] Hy sê ook voorts: "*Hierdie gemeenskap vind sy sterkte in 'n groot mate van homogeniteit*

51. *Ibid.*, p. 164.

52. *Ibid.*

53. Meyer, P.J., "Die nasionale grondbeginsels van die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald ten opsigte van die Afrikanerjeug",in *'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys*, p. 91.

54. Treurnicht, A.P., "Die nasionale grondbeginsels van die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika", in *ibid*, p. 102.

*(gelyksoortigheid) en 'n middelpuntsoekende krag, in 'n insluiting van die assimileerbare elemente en 'n uitsluiting van wat wesenlik volksvreemd is ...*"[55]

Onderwys mag nooit teen verruiming gekant wees nie -- dan sou dit bepaald stagneer. Maar die verruiming moet altyd in die nasionale, in die volk waaruit die onderwys kom, veranker wees. Dit moet saam met die huis en volk 'n *toekoms* bou. Dit moet by die kind die liefde vir die eie wakker maak en aanmoedig. Die onderwys en opvoeding moet die kind die wye wêreld laat sien, dog deur die bril van sy *vaderland* en *moedertaal*.

Ten diepste egter moet onderwys en opvoeding gebasseer wees op die grondslag van **Christelike** opvoeding en onderwys. Dit beteken dus 'n *gekwalifiseerde opvoeding en onderwys*. Dit moet gebaseer wees en voortkom uit die *Bybelse grondmotief* van skepping, sondeval en verlossing in Christus, wat die *kern* van die Christelike geloof is. Die Skrifgeloof moet die lewe van die jeug beheers deur die werking van die Heilige Gees ten einde te verseker dat hulle in die volwasse lewe 'n *Christelike beskawingstaak* sal volvoer. De Vos skryf tereg: "*Dit is dus verre daarvan om, soos die Humanisme poneer, slegs kinders te lewer wat goeie en voorbeeldige burgers van die samelewing moet wees met 'n goed aangepaste persoonlikheid.*"[56]

Christelike onderwys en opvoeding is dan ook 'n besondere uitvloeisel van die *Calvinisme*. Oral waar die Calvinisme gebloei het, daar het die opvoedingspeil gestyg. Per slot van sake is die Christelike opvoeding en onderwys die teelaarde van 'n *gesonde samelewingsorde* waarin die hoogste mate van vryheid heers. Hier vind gebalanseerde onderrig plaas waar die kind geleer word om sy Christelike beginsels op alle lewensterreine en in volle gehoorsaamheid aan God uit te leef. De Vos skryf: "*Leer en lewe is nie twee verskillende entiteite nie. Op elke terrein van die lewe word God eerste geplaas.*"[57]

Die skool is dus nie 'n *geslote* gemeenskap nie. Dit het integraal en enkapties te doen met *alle* fasette van die samelewing. Dit moet juis 'n milieu skep, soos Stone tereg opmerk, "*vir die voorbereiding van die jeug om met*

---

55. *Ibid.*

56. De Vos, J., *Die ontsluitende taak van Bybelonderrig met besondere verwysing na die religieuse gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine*, p. 135.

57. *Ibid.*, p. 138.

*gemak toe te tree tot die volwasse lewe in al sy fasette."*[58] Die Afrikanervolk moet dus daadwerklik in staat gestel word *om vir sy eie onderwys te sorg.* Die Afrikaner moet verseker wees van die uitbouing van sy eie kultuurnorme en onderwysstandaarde. Dit geld vir die onderwys in die breedste sin, naamlik godsdiensonderrig, taalonderrig, wetenskap, geskiedenis, letterkunde, musiek en jeugweerbaarheid. Dit bring die realiteit mee dat niemand sogenaamd bevrees hoef te wees dat die Afrikaner aanstoot sal gee as hy praat van dit wat vir hom van wesenlike belang is, soos die herdenking van sy volksfeesdae soos Geloftedag, Krugerdag en Stigtingsdag nie. Die Slag by Bloedrivier, die verskillende Vryheidsoorloë en die herdenking van die Groot Trek is van wesenlike belang om die Afrikanerkind te *veranker* aan sy volk en vaderland. Dit was monumentale gebeure wat 'n volk sy *karakter* gee. Géén ander volksgroep of gemeenskap kan dieselfde sentimente aan hierdie feeste openbaar nie. Muir skryf tereg: *"But it is probable that the most potent of all nation-moulding factors, the one indispensable factor which must be present whatever else be lacking, is the possession of a common tradition, a memory of sufferings endured and victories won in common, expressed in song and legend, in the dear names of great personalities that seem to embody in themselves the character and ideals of the nation, in the names also of sacred places wherein the national memory is enshrined."*[59]

*Neutrale onderwys* het derhalwe géénsins 'n bestaansreg in 'n volkstaat nie. In 'n volkstaat kan daar *positief* oor 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing gepraat word, dit wil sê *'n liefde vir God en Sy Woord*, asook die positiewe nastreef van 'n *patriotiese* liefde vir die *nasionale* volk waartoe hy behoort. Dit mag klink na indoktrinasie, maar is die teenoorgestelde in 'n eenheidsgemeenskap nie ook waar nie? In 'n eenheidsgemeenskap is dit onvermydelik dat daar 'n kondisionering sal plaasvind waar almal as *gelykes* aanvaar moet word ter wille van *goeie verhoudinge*. Een groot gelukkige gemeenskap, waarin *grense vervaag* en uiteindelik sal verdwyn, moet alle probleme summier uit die weg ruim. 'n Utopie van harmonie en vrede en 'n toekoms van voorspoed en vooruitgang. Louw wys tereg daarop dat die wese van so 'n beskouing van geregtigheid, *"opgesluit (lê) in die eis dat die Blanke ontslae moet raak van sy sogenaamde oordrewe liefde en voorkeur vir die eie etniese groep en die ander etniese groepe met meer agting en respek moet be-*

58. Stone, H.J.S., "Christelike Godsdiensonderrig in huis en skool", in *'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys*, p. 151.

59. Muir, R., *Nationalism and Internationalism: The culmination of modern history*, p. 42.

*jeën, omdat dit sal bepaal hoe menslik die samelewing sal wees.*"[60] Die vryheid van die individu moet voorkeur geniet. Klein skryf: *"Schools would encourage the development of autonomy in individuals so that individuals would be able to choose among cultural communities or choose not to be part of any cultural community."*[61] Die kind moet hom skaar by die groep wat vir hom dus die voordeligste is. Niks moet remmend op hom inwerk nie.

Onderwys en opvoeding behoort dus uit die aard van die saak *uit* die volk voort te vloei. In sy besinning oor opvoeding en onderwys wys **Kerk en Samelewing**, beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk, daarop dat, aangesien die opvoeding van die kind aansluit by die kulturele en geestelike waardes van die gemeenskap waartoe die ouers en kinders behoort, *"is dit belangrik dat die opvoeding in die milieu van hulle eie kultuur en in hulle eie moedertaal sal plaasvind"*, en dat, *"die Christelik-nasionale karakter wat die onderwys in ons land reeds vir baie jare dra, vir die kerk van groot belang is"*. Met *"nasionale"* word dan bedoel, *"dat volkseie onderwys noodsaaklik is"*. Deur hierdie komponent word in die lig van Christelike geregtigheid elke bevolkingsgroep die geleentheid gegun om aspekte eie aan sy groep in sy onderwys in te bou. Hiermee word erken dat onderwys ook *"kultuuroordrag is"*. By implikasie wys **Kerk en Samelewing** daarop dat onderwys wat *"nasionaal"* is, *"dus in ooreenstemming met die volkseie is, aan elke bevolkingsgroep die geleentheid gee om sy volkseie in die onderwys te beoefen en dit dan as deel van die kultuurtaak van die onderwys, wat as Goddelike opdrag aanvaar word, van geslag tot geslag oor te dra."*[62]

Die Afrikanervolk vra niks meer of niks minder as dit nie. In die verlede het 'n stryd gestry vir sy CNO skole, en hy sal dit *weer* stry as dit moet! Die skrywer onderskryf dus die belangrike besluite geneem tydens die **Volkskongres oor Opvoeding en Onderwys** wat gehou is te Pretoria op 29 September tot 2 Oktober 1969, veral waar dit die volgende geld:

"1. **Die doel van Christelike opvoeding en Onderwys:** *Die Kongres onderskryf dit dat die doel van Christelike Opvoeding en Onderwys is om die kind in die totaliteit van sy bestaan te help vorm tot volwasse mens wat in diens aan sy medemens binne sy eie gesins-, volks- en kerkverband sy lewensroeping vervul tot eer van God.*

---

60. Louw, G.J.J., *op.cit.*, p. 139.

61. Kyk Klein, J.T., "A pluralistic model for educational theory", p. 86.

62. Kyk *Kerk en Samelewing*, pp. 61-62.

2. **Opvoeding van die Afrikanerkind**: *Hierdie Kongres bevestig dat die kind van die Christen-Afrikaner opgevoed word sodat hy volkome toegerus word as lid van sy eie volk – 'n volk met 'n eie besondere, Godgegewe roeping in die ry van volkere.*"[63]

Onderwys en opvoeding kan en mag nooit in 'n *vakuum* plaasvind nie. Geen wonder dat deur die jare die hele gemeenskapslewe, dit wil sê *huis, kerk en staat* intens daarby betrokke was nie. Die ouer, die kerklik-godsdienstige lewe en die owerheid van die dag lewer voortdurende bydraes om aan die opvoedende onderwys beslag te gee. Dit is uiters belangrik gesien in die lig van die waarde wat veral die Afrikaner heg aan 'n *eiesoortige* onderwys wat geskoei is op die *tradisies* en *kultuurbindinge* van die Afrikaner. Inderwaarheid geld dit reeds vir jare as een van die *ononderhandelbare* aspekte van die Afrikanervolk se lewe.

Dit is derhalwe ook belangrik om, in die lig van bostaande, die kerk se intense bemoeienis met die opvoeding en onderwys van 'n volk te begryp. In **Kerk en Samelewing** word dit gestel dat dit belangrik is dat sy dooplidmate, "*op so 'n wyse opgevoed word dat die Christelike geloof, wat in opdrag van Christus aan hulle geleer word, deur die onderwys gebou en gesteun en nie afgebreek of weerspreek word nie ... Verder, aangesien die opvoeding van die kinders van lidmate onder andere die uitvoering van die doopbelofte is, en aansluit by die geestelike en kulturele waardes van die gemeenskap waartoe die ouers en kinders behoort, is dit belangrik dat die opvoeding in die milieu van hulle eie kultuur en in hulle eie moedertaal sal plaasvind.*"[64]

Op sy Algemene Sinode van Oktober 1970 het die Ned. Geref. Kerk die volgende publikasie: **Standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van Opvoeding en Onderwys**, as breë riglyn aanvaar. Daarin is die kerk se standpunt aangaande die "*nasionale*" in die onderwys soos volg gestel: "*Kragtens die geroepenheid van elke Christen in sy volks- en nasieverband (sal) die onderwys in sy wese ook nasionaal wees ... Ons glo dat slegs vanuit 'n positief Christelike lewenshouding benader, die opvoeding en onderwys van ons volk se kinders op gesonde grondslag staan ... Kragtens ons mensbeeld uit die Skrif het elke mens onder andere sy bepaalde volks- en nasieverbondenheid met sy eie wordingsgeskiedenis. Om hierdie rede aanvaar ons dat die opvoeding en onderwys van ons volk se kinders nasionaal moet wees ... Omdat*

---

63. Kyk *'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys*, pp. 240-241.

64. Kyk *Kerk en Samelewing*, p. 62.

*elke volk sy nasionale onderwysstelsel het waardeur sy kinders vir sy bepaalde volkslewe voorberei word, en omdat geen volk dit kan bekostig om sy jeug aan neutrale omstandighede en 'n neutrale, liberale onderwysstelsel uit te lewer nie, en omdat 'n volk se kultuur, geskiedenis, taal, ekonomie, tradisies, moraal en godsdiens nie terloops by die jeug tuisgebring kan word nie, glo ons dat ons onderwys op 'n nasionale grondslag moet berus en dat ons kinders nie uitgelewer mag word aan die onsekere ideaal van 'n onchristelike wêreldburgerskap en 'n onbestaanbare soort homogene wêreldgemeenskap nie. Maar boweal glo ons dat 'n bepaalde soort nasionale aspirasie van 'n volk uit 'n bepaalde wêreld- en lewensbeskouing spruit en dus 'n religieuse wortel het ... In ons beskouing word die nasionale nie verabsoluteer nie, maar dit word deur ons Christelike grondslag bepaal."*[65]

Verder stel die kerk dit ook as standpunt dat hulle, *"aanvaar alle mense as gelykwaardig voor God maar tog ongelyk en anders onder andere vanweë die mens se volksverbondenheid, beskawingsmondigheid en historiese lotsverbondenheid ... Elke mens het dus 'n eiesoortige volks- en nasieverbondenheid. So verskil lede van volkere en nasies ten opsigte van religie, geloof en sedelikheidsbesef, ten opsigte van die psigiese gevoel, denke en wilsuitinge, asook ten opsigte van hul liggaamlikheid. As gevolg hiervan verskil volkere ten opsigte van bedrywighede, wilshandelinge en prestasies op alle lewensterreine ... Ons ideaal is dat ons volk se kinders so opgevoed sal word dat hulle betrek word in hierdie volksbedrywighede, daarvan kennis neem, en dit hul eie maak en oordra aan die geslagte wat kom."*[66]

Vir die kerk is "*nasionale*" opvoeding en onderwys dan ook die opvoeding van die Afrikanerkind deur medium van sy eie taal en kultuur; veral die menslike aspekte daarvan soos sy kuns, musiek, godsdiens, tradisies en gewoontes, soos dit tot uiting kom, *"tot liefde vir en trou aan hul volk en land met sy geestes-eie ... Dit beteken dat 'n skool nie vreemd aan die aard en lewe van die volk mag wees nie, want dan sou dit vreemd aan die kind wees. Om nasionaal te wees en nasionaal op te voed moet 'n skool dus midde in die volkslewe staan, die beste en edelste in die volkslewe belewe en uitlewe en 'n volkseie*

65. Raath, R.J. (voorsitter), *Standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van Opvoeding en Onderwys*, p. 16. Hierdie "Standpunt" was dan ook die Ned. Geref. Kerk se, "amptelike beleidstuk" wat die vrug was van twaalfjaarlange studie. Dit is vervat in die **Verslag van die Jeugstudie-kommissie**, Hoofstuk XI, pp. 342-348. 'n Groot "verskeidenheid geleerdes" het hul bydrae tot hierdie omvattende studie gelewer.

66. *Ibid.*

*karakter en atmosfeer hê ... Dit moet sy bydrae lewer tot die lewende voortsetting, vernuwing en vooruitgang van die goeie in die eie nasionale tradisies en kultuur, en langs die weg dien as 'n kultuurdraer, -oordraer en -uitbouer van sy volk.*

*"Christelike opvoeding en onderwys op nasionale grondslag is noodsaaklik omdat elke volk, en dus ook die Afrikanervolk, veranker is in bepaalde nasionale gebiedsgrense met 'n nasionale wordingsgeskiedenis, kultuur, beskawingspeil en wêreld- en lewensopvatting."*[67]

Deurdat onderwys en die opvoeding van die Afrikanerjeug deur die jare van groot belang vir die Afrikaner was, het daar ook van tyd tot tyd belangrike kongresse in hierdie verband plaasgevind. Van die belangrikstes was sekerlik die **Afrikaner-Onderwyskongres** gehou te Bloemfontein op 18 tot 20 Maart 1982. In baie opsigte was dit 'n *Afrikaner-konsoliderende* kongres. Talle uitstekende bydraes is deur referente gelewer waarvan daar, ter wille van ruimte, na slegs enkeles verwys word.

Weereens, soos in die vorige paragrawe beskryf, het die *Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing* van die Afrikaner in sy opvoeding en onderwys hier 'n uiters belangrike rol gespeel. Landman sê by hierdie geleentheid: *"'n Volk moet in sy handel en wandel Christelik wees. Dit wil sê sy geloof en godsdiens moet ook sy onderwys stempel. Maar dan impliseer dit dat 'n volk 'n volk moet bly, dat sy identiteit, wat sy kultuurlewe insluit, gehandhaaf moet word. Sonder 'n volksidentiteit kan daar geen volksroeping en spesifieke bydrae tot die volkeregeheel in die RSA en die wêreld wees nie. Hieruit blyk dit dat Christelik-nasionale opvoeding en onderwys in die skool die kweek van volksroeping en volksidentiteit, die identifisering met die eie volk as afsonderlike groep, moet beklemtoon ... Daar moet dus* geëis *word dat die Christelike en die volkseie karakter van die opvoedende onderwys as eerste en oorkoepelende beginsel gehandhaaf en bewaar moet word."*[68]

Dit spreek dus duidelik dat die erkenning van die partikulariteit van die opvoeding en onderwys 'n *primêre* waarborg is vir die voortbestaan van 'n volk. *Kultuurgoedere is erfenisse uit die verlede* en daarom is kultuurgebondenheid 'n hoë vorm van *selfbehoud* en *sinvolle voortbestaan*. Onderwys is *kultuuroordrag* en vir enige volk is dit van primêre belang. Die skool behoort aan

67. *Ibid.*, pp. 15-20.

68. Landman, W.A., "Beginsel vir onderwysvoorsiening in die RSA", p. 5.

die gemeenskap en in samewerking met die gesin, die kerk en die samelewing help dit die kind opvoed *binne* die gemeenskap. In 'n neutrale en kleurlose milieu sou daar bepaald niks wees om aan die opkomende geslag te oorhandig as erfgoedere nie. Daar kan geen bepaalde rigting of doel aangedui word waarna die opkomende geslag kan strewe nie. Die *eie kultuur* van elke volk wat van *geslag* tot *geslag* oorgedra word, moet deur elke volk self geassimileer, herinterpreteer, verwerk, toegeëien en toegepas word.

Onverskilligheid ten opsigte van die volk se gemeenskaplike verlede en tradisies kan daartoe lei dat die kind sosiaal en geestelik ontwortel en sonder 'n noodsaaklike anker sal grootword. Tereg sê Theron: "*Onderwys moet met ander woorde so geskied dat daar by die kind 'n natuurlike nasionale bewuswording sal plaasvind, wat uiteindelik na die hele volk sal deurwerk tot versekering en behoud van die eie. Dit is nodig in die lig van die 'besondere aanslag op die eie in die volkslewe'. Dit wil voorkom asof daar op georganiseerde en kragdadige wyse gepoog word om die nasionale, dit wat aan die kinders van 'n volk identiteit verleen, uit te delg sodat ons almal in een groot identiteitslose internasionale volkeredom opgeneem kan word.*"[69]

Onderwys en opvoeding moet derhalwe sorgdra dat die *kwaliteite* wat vir die handhawing van 'n eie stempel nodig is, om in staat te wees om selfstandig en konstruktief te dink en te handel, en om met verantwoordelikheid en volharding die waardes en ideale van sy volk te WIL. Theron het dan ook die kernwaarheid beet as hy sê: "*Die behoud van 'n volk se karakter en die uitbouing daarvan hang ten nouste saam met dit wat in die onderwys van daardie volk plaasvind. Dit is in die onderwysinrigtings van 'n land waar die stryd om die voortbestaan van daardie volk gewen of verloor word. ... 'n Volk sal bly voortbestaan indien daar naas die bybring van kennis ook nog aandag gegee word aan die geestelike waardes soos karakter, volkstrots, moraliteit, getrouheid, toewyding, vaderlandsliefde, vaderlandstrots en volksideale ... Binne die volkeresituasie moet die Afrikanerkind juis opgevoed word tot 'n regte gesindheid teenoor die kultuur en tradisies van sy volk. Die kind kan sy lewenstaak die beste verrig as hy besef dat hy deel is van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Die kind moet op die gevare van wêreldburgerskap en op die afbreek van grense en identiteit gewys word. Geen kind kan in 'n neutrale milieu opgevoed word nie. Dit word wêreldwyd aanvaar dat opvoeding* **volksgerig** *moet wees ... God*

69. Theron, P.F., "Die onderwys van die Afrikanerkind in die lig van volkereverhoudinge in Suid-Afrika", p. 29.

*het aan elke volk sy eie aard en staanplek, wat héél anders is as die van alle ander mense en volkere, in die wêreld gegee.*"[70]

Bostaande is ook ons visie vir die opvoedende onderwys in 'n Afrikanervolkstaat. 'n *Eie staat* waarin sy onderwys *onbelemmerd kultuurgebonde* en *kultuuroordrag* kan wees; waarin 'n volk *totale seggenskap* oor sy héle onderwys kan hê, oor die héle linie heen. Vele volke op een staatsterritorium sal probleme ondervind om eie onderwys toe te pas want die botsende magte en geweldige trekkragte sal dit onder druk van die liberalisme prakties onmoontlik maak. *Eie onderwys vir die Afrikanerkind is en bly 'n onverhandelbare saak vir die Afrikaner*!

## *4. EKONOMIES*

In 'n Afrikanervolkstaat moet die regering van die dag sorg dra dat daar vir sy *arbeidsmag en -krag* gesorg word. Werkers, dit wil sê in hoofsaak Afrikaners, se belange sal beskerm word en voorkeur sal gegee word aan *werkverskaffing* vir die *eie* volksgroep. Maatreëls soos instromingsbeheer en die beheer oor immigrasie sal oormatige toestroming na die volkstaat verhoed. Die hoogste strewe sal wees dat die Afrikaner in sy staat sy eie werk sal moet doen. David Ben-Gurion, eertydse Joodse Premier het gesê: " *'n Volk wat nie sy eie vuilwerk doen nie pleeg selfmoord.*"[71] Dit was dan ook 'n obsessie by die Israelse Jood om deur eie arbeid sy land te laat oorleef en om te floreer. 'n Hedendaagse selfversorgende Israeli-staat wys dit vir ons. Hul onderliggende filosofie is: *Dit is ons land, ons krag, ons arbeid! Dit maak van 'n volk helde.*

Gedurende die middel sestigerjare het 'n LV, mnr. P.S. Marais, 'n privaat ledemosie in die Parlement ingedien waarin hy die eie arbeid van die Afrikaner sterk bepleit het. Katzew haal hierdie gebeure aan as hy skryf: "*The resolution was clouded by turgid language. But it asked Parlement to 'emphasize the principle of selfreliant development within the framework of a divided state structure, with special reference to greater selfreliance in the white man's homeland'.*"[72] Marais se standpunt was op drie basiese uitgangspunte gebaseer: *Eerstens*, dat die Afrikaner nie die grense van die Swartman se selfbeskikking kon trek nie. Enige maatreël om dit *vir* die Swartman te doen is

70. *Ibid.*, pp. 29-30.

71. Kyk Munger, E.S. (ed.), *The Afrikaners*, p. 163.

72. Kyk Katzew, H., "Afrikaner survival: The undiscussed question", *op.cit.*, p. 163.

min werd. *Tweedens*, op die lang duur kan die Blanke minderheid nie in totale beheer bly van 'n land waarin die Blanke minderheid op dieselfde grondgebied woon nie, en *derdens*, die Blanke kan nie alleen, bloot op sy Blanke vel, in beheer van die land bly nie. Katzew haal Marais aan: "*The dilemma that prosperity and development have brought us in so far as it involves our increasing dependence on black labour is ... frightening.*"[73]

De Villiers, verslaggewer van die **Sunday Times**, haal uit 'n toespraak van 'n Kaapse Nasionalis aan, uit 'n toespraak voor die Kaaplandse Nasionale Partykongres in Augustus 1978 waar hy sê: "*There must be a place, said the Cape Nationalist, where I can wake up in the morning and not see a black face. He was not verkramp, he added persuasively ... All he wanted was a homeland to call his very very own.*"[74] Katzew reageer hierop deur te sê: "*An idea is ripening. It's day must come.*"[75]

Uit bogenoemde voorbeelde blyk die een groot waarheid, naamlik die Blanke Afrikaner se onvermoë om hom op arbeidsterrein van die gekleurde arbeid te ontstrengel. Dit is 'n verskynsel wat hom reeds vanaf die begin van ons volksplanting manifesteer. In stede van 'n Blanke werkerstand daar te stel, het Van Riebeeck van slawearbeid gebruik gemaak deur hulle in te voer. Scholtz skryf: "*Geen ander gebeurtenis het die posisie van die Blankes in Suid-Afrika op so 'n diepgaande wyse beïnvloed nie as hierdie gebruikmaking van nie-Blanke arbeid.*"[76] Die gevaar hiervan was spoedig duidelik. Die Raad van Indië skryf op 13 Desember 1658: "*De Colonie sal ons bedunckens ginder met Europianen en door geen slaven diene voortgeseth ende gefondeerd te worden, vermits onse natie van sulcken aert is, dat sij wanner sij het gerijff van de slaven hebben, alsdan luij werden ende de handen niet meer tot wercken willen uitsteecken ...*"[77] Selfs vir die oorsese reisigers was dit baie opmerklik.

Die resultaat van hierdie ekonomiese geïntegreerdheid moes noodwendig lei tot die *verswarting* van Blanke gebied. Suid-Afrika kon in die ware sin van die woord, geen Witmansland meer wees nie. Teen die einde van die agtiende eeu was die geesteshouding insake ekonomiese afhanklikheid van die

---

73. *Ibid.*, pp. 163-164.
74. Kyk **Sunday Times**, 27 August 1978, p. 14.
75. Katzew, H., *op.cit.*, p. 164.
76. Scholtz, G.D., *Afrikaner, waarheen?*, p. 6.
77. Kyk Argief, Kaapstad, 409, Brief 13.12.1658.

nie-Blanke reeds gevorm. Paul Kruger moes ook later opmerk: "*De eerste zorg van die nieuwe immigranten was gekleurd arbeidsvolk te krijgen.*"[78]

Die verstedeliking van die nie-Blanke het hom ook verder in aanraking met die Blanke beskawing gebring. Wat die uitwerking van die materialistiese omgewing op die gemoed van die nie-Blanke gehad het, is moeilik om te bereken. Dit is egter veilig om te beweer dat dit die tradisionele landelike Swarte nie goed gedoen het nie. In 1924 skryf Brookes dat, "*the European influence which had been a blessing to the natives in the sphere of agriculture, had been in the sphere of industry a blighting curse.*"[79]

Die twintigste eeu het hierdie tendens op die spits gedryf. Oor 'n tydperk van 250 jaar is daar steeds versuim om 'n Blanke werkerstand op te bou en die valse idee het ontstaan dat sekere soorte werk vir die Blanke vernederend sou wees. Genl. Hertzog sê op 20 Desember 1913: "*Het ekonomiese bestaan van de naturel benadeelt dat van de blanke arbeider. De ongeschoolde blanke werkman zal altijd 'n uitzondering zijn, zolang de naturel voor dit werk kan worden gebruikt. Deze feiten moeten wij onder de ogen zien. Laten zij niet de gehele Unie voor ons nemen, doch een deel afstaan aan de naturellen onder toezicht der Unie-regering.*"[80] Met sy verkiesing in 1924 as regeringshoof van die Unie van Suid-Afrika, het dit egter spoedig geblyk dat die oorgrote meerderheid van die Blankes nie ryp was vir verandering wat sou beteken dat hulle die "*kafferwerk*" sou moes doen nie. Trouens, daar was 'n kille reaksie op sy verklaring dat die oplossing van die rassevraagstuk ook opofferings van die Blanke sou verg. In 'n brief skryf 'n eerwaarde Van Rooyen Smit: "*Indien segregasie beteken dat die Blanke hul eie werk sou moes doen, sal seker elke witman en vrou daarteen stem ...*"[81] Dat genl. Hertzog se pogings gefaal het om die brandende rassevraagstuk op te los, moet toegeskryf word aan die gesindheid van die Blankes wat nie die dringende noodsaaklikheid gesien het van ook 'n *ekonomiese segregasie* nie!

Die Tweede Wêreldoorlog het die proses van industriële ontwikkeling in Suid-Afrika snel laat toeneem. Op die *rassesituasie* in Suid-Afrika het dit 'n groot invloed uitgeoefen. Die trek van gekleurdes (veral Swartes) na die

78. Kyk "Gedenkschriften van Paul Kruger", Amsterdam, 1902, p. 8, soos aangehaal deur Scholtz, G.D., *op.cit.*, p. 9.

79. Kyk **Rand Daily Mail**, 16 May 1924.

80. Kyk **De Volkstem**, 21 Januarie 1914.

81. Kyk **Die Burger**, 19 Augustus 1924.

stede het sterk toegeneem. Vir die soveelste keer in die geskiedenis is daar na die nie-Blanke gekyk om die arbeid te verrig, veral die ongeskoolde arbeid. Die Blanke kon of wou dit nie doen nie. Vir genl. Smuts was dit 'n "*onvermydelike*" tendens."[82]

In die Verwoerd-era is die beleid van skeiding tussen Blank en nie-Blank meer konsekwent nagestreef. Vir talle Blankes egter het *selfsugtige ekonomiese belange* voorkeur bo dié van *volksbelange* geniet. Toenemend het die Blanke hom verkneg deur toe te laat dat die Swarte hom, "*onontbeerlik*" vir die arbeidsmark in Suid-Afrika gemaak het, en dit ook oënskynlik bereik het. Die vraag kan met reg gevra word hoe daar in die toekoms verhoed kan word dat die miljoene Swartes, wat reeds "*permanent*" in ons ekonomiese masjien ingeweef is, nie ook op 'n dag daartoe sal oorgaan *om juis daardie masjien tot stilstand te bring* wanneer dit hulle pas nie. Die 1987 mynstakings was na my mening maar 'n klein voorsmakie van wat in die grote kan gebeur. Wat nog as die Swartman politieke mag verkry of daaraan deel het. Dan *beheer* hy daardie ekonomiese masjien *volgens sy eie standaarde!*

Die feit van die saak is dat die Blanke nie meer oor die *mannekrag* beskik om al die mense van Suid-Afrika te bedien nie. Die infrastruktuur wankel reeds weens tekorte aan geskoolde arbeid; arbeid wat vir die huidige deur die Blanke voorsien moet word. Swartes stroom na die Blanke gebiede met die verwagting om werk daar te kry. Dit moet noodwendig lei tot grootskaalse *woningnood*, *werkloosheid*, en alles wat daarmee gepaard gaan.

Die geweldige ekonomiese las op die Blanke *belastingbetaler* is ook enorm. Volgens **Patriot** is daar 'n sterk weerstand aan oplaai onder die Blanke oor sy onbillike aandeel tot die Staat se belastinginkomste. Na berig sou Minister Barend du Plessis, die Minister van Finansies, gesê het dat die "*belastingmoraliteit*" nou 'n laagtepunt bereik het. Volgens beskikbare syfers lyk die belastingverdeling tans so:[83]

| | |
|---|---|
| Blankes | R10 732 787 478 - 91,4% |
| Kleurlinge | 396 771 538 - 3,3% |
| Swartes | 258 253 663 - 2,1% |

82. *Debatte van die Volksraad*, Deel 52, Kolom 3472.73.

83. Kyk **Patriot**, 27 Junie 1988.

Indiërs 350 990 206 - 2.9%

In 1988 sal individue 35,7% van die belastinglas dra; maatskappye 19,4%; AVB 30%, en myne 7,6%. In die boekjaar 1980/81 was die belasting van individue 18,4%; maatskappye 21,2%, en myne 34,2%.[84]

Die ekonomiese beleid van die huidige regering van die *"herverdeling van rykdom"*, bring mee dat slegs tussen 40-50% van die Blanke belastingbetaler se geld na hom terugvloei. Die res word spandeer aan die ontwikkeling van Swart Onafhanklike State, selfregerende Swart state, asook enorme bedrae aan die stedelike Swarte, Kleurling en Indiër.[85] Dit op sy beurt gaan weer gepaard met 'n skerp *daling* in die lewenstandaarde van mense, veral die Blanke. Die armoede onder Blankes neem oornag toe en werksgeleenthede is uiters skaars. Talle Blankes moes reeds voor die hof verskyn as gevolg van likwidasies, en ook word talle aangekla op grond van die feit dat hulle nie hulle huisverbande kan betaal nie.

Dit is dus onvermydelik dat die huidige politieke skeiding moet swig voor die realiteite van *ekonomiese integrasie*. In die verlede het die Blanke albei behou, dog, met die ontvoogding van die Swartman op ekonomiese gebied het die Swartman se eise om politieke regte *radikale* afmetings begin aanneem. Die ANC se bekende uitspraak is dat hulle slegs met die Blanke sal onderhandel, nie oor die déél van mag nie, maar wanneer die mag aan die Swartman oorhandig sal word. *"In numerous statements the ANC has indicated that it regards negotiations not as a means for achieving mutually acceptable constitutional compromises, but as a means to achieving total power."*[86] Dit is verder ook duidelik dat die geldmagte in die land en in die wêreld nie vir die Afrikaner se belange sal opkom nie, dog eerder simpatiek sal staan teenoor die sogenaamde *"verdrukte"* Swarte se belange.

In 'n insiggewende artikel, *"Die ooreenkoms tussen Kruger en Verwoerd"*, verwys Ster na 'n referaat van mnr. Harry Oppenheimer waar hy 'n Rhodes-gedenklesing gehou het op 12 Augustus 1970 te Grahamstad. Van Oppenheimer sê die skrywer van die artikel, dat mnr. Oppenheimer al die geldbelange wat Rhodes in Suid-Afrika gehad het, beheer. Dog, nog veel meer; dat hy 'n groter houvas op die Engelse pers het as wat Rhodes gehad het en sy politiek

84. *Ibid.*

85. *Ibid.*

86. "Talking with the ANC...", p. 30.

is -- nes Rhodes s'n -- dat ekonomiese eise swaarder moet weeg as Witmanskap en dat stemreg aan nie-Blankes gegee moet word op grond van beskawingstandaarde.[87] In sy toespraak het mnr. Oppenheimer hom dan ook vereenselwig met Rhodes se beskouing van die Afrikanervolk. Hy sê: "*As daar 'n Blanke gemeenskap was wat so vas aan die ou weë was, só selfvoldaan, só agterdogtig teen vreemde invloede, dat hulle selfs teen groot materiële koste geweier het om saam te werk aan die bou van 'n verenigde moderne land, dan moes dié gemeenskap vernietig word.*"[88] Volgens die artikel is dit treffend dat die terme waarin mnr. Oppenheimer die volk van pres. Kruger beskryf het, "*byna haarfyn ooreenstem met die hedendaagse beskrywing van die Afrikanervolk. Ook vandag is die Afrikanervolk vas aan die ou weë omdat hy weet dat dit die beproefde en regte weë is. Ook vandag is die Afrikanervolk agterdogtig teen die vreemde invloede omdat sy instink hom teen hulle waarsku. En ook vandag is die Afrikanervolk nie bereid om in 'n 'verenigde' volk op te gaan ten koste van sy eie volkskap nie.*"[89]

Wat hierdie beskrywing van die Boerevolk nog meer betekenisvol maak, is mnr. Oppenheimer se openlike vereenselwiging met Rhodes se beskouings en sy regverdiging van die Jameson-inval as 'n poging om die Boerevolk te vernietig. "*Rhodes*", sê mnr. Oppenheimer, "*was nie verkeerd deur te dink dat die Transvaalse Republiek van pres. Kruger nooit deel kon vorm van 'n moderne verenigde Suid-Afrika, tensy dit grondig verander is nie.*" Verder het mnr. Oppenheimer gesê dat, "*nasionalisme*" (of *stamhoudings* soos hy dit noem) nie plek in die groot en moderne Suid-Afrika het nie. Hy wys daarop dat ekonomiese magte sal regkry wat Rhodes deur die Jameson-inval nie kon regkry nie. Hy sê: "*Ekonomiese groei vereis beweeglikheid en snel veranderde lewens- en denkwyses; dit spring oor grense; dit gee nie om vir rasse- of kleurverskille nie.*" Mnr. Oppenheimer wys daarop dat Rhodes sy antwoord met *mag* op Suid-Afrika wou afdruk en daarom misluk het. In die plek van 'n wapenstryd stel mnr. Oppenheimer dus, "*die geruislose en bloedlose verowering van die Blanke Afrikanerdom voor.*" Die artikel wys daarop dat dit oneindig moeiliker is om so 'n vyand af te slaan omdat die vyand onsigbaar is. "*... Die stryd is teen die sluipende mag wat agter die vaandel van voorspoed en groei en vooruitgang die binnekamers van die volk insluip.*"[90]

87. Kyk "Die ooreenkoms tussen Kruger en Verwoerd", p. 55.
88. *Ibid.*
89. *Ibid.*
90. *Ibid.*

Die Afrikaner se moontlike uitweë uit hierdie ekonomiese knelpunt word daagliks minder, dog al die moontlikhede om daaruit te kom, is nog nie uitgeput nie. Die *gevaartekens* moet net deur *genoeg* Afrikaners besef en ingesien word. Baie leef nog in die waan dat die *politiek* alles sal regmaak. Die ironie van die saak is dat die rolle egter nou omgeruil is: Waar die politiek eers die ruimte vir die ekonomie afgebaken het, via die filosofie van afsonderlike ontwikkeling, is die orde nou omgedraai en baken die ekonomie nou die ruimte af vir die politiek via die vryemarkfilosofie!

'n Ander standpunt om van kennis te neem is dié van die toe bestaande Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, wat op hul kerklike kongres in Bloemfontein, 1950, dit as hulle oorwoë mening uitgespreek het, "*dat die enigste blywende oplossing van die rassevraagstuk ten opsigte van Wit en Swart, ook op ekonomiese terrein, geleë is in uiteindelik totale skeiding van Blank en nie-Blank in 'n gedifferensieerde ekonomiese ontwikkeling vir die naturel in sy gebied.*"[91] Die Kongres waarsku dan ook tereg: "*Die integrasie van naturelle in ons nywerheidswese bring 'n samegroeiingsproses tussen Wit en Swart in hierdie land mee en dit werk in die rigting dat die Blankes 'n Blanke aristokrasie en die Swartes 'n Swart proletariaat van 'n nuwe gemengde volk in Suid-Afrika word. So 'n ontwikkeling hou emstige gevare vir sowel Blankes as nie-Blankes in hierdie land in en die gesonde verhouding tussen hierdie twee rasse sal oorslaan na een van twis, botsing en bloedige stryd aan die een kant, en biologiese samegroeiing (bloedvermenging) aan die ander kant.*"[92]

As Scholtz vir homself die vraag afvra: "*Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?*", wys hy daarop dat, "*elke Afrikaner vandag voor 'n onverbiddelike keuse staan. Hy kan kies tussen sy ekonomiese welsyn wat gebaseer is op die arbeid van die nie-Blanke, en, die toekoms van sy kinders en volk.*"[93] Hy voorsien voorts dat as die Blanke en die Afrikaner die oog slegs op *ekonomiese* belange hou, daar 'n gespanne toestand in die land sal heers wat eenvoudig nie beheer sal kan word nie. Scholtz skryf: "*Val die keuse op die huidige ekonomiese belange, sluit dit in dat die nie-Blankes in hulle duisende na die stede kan trek, sodat die snel opkomende industrieë net soveel van hulle arbeid gebruik kan maak as wat hulle wil. Dit beteken dat by elke stad nog 'n groter stad vir die nie-Blankes geskep sal moet word. Dit sal die tuiste van die nie-Blanke proletariaat wees. Hierdie proletariaat sal die weligste kweekbodem*

91. Kyk "Die Naturellevraagstuk", p. 117. (**Referate**)

92. *Ibid.*

93. *Ibid.*

*van die kommunistiese ideologie wees wat maar te bedink is. Daarom sal dit in die hoogste mate dwaas wees om aan te neem dat die rasseverhoudinge van vreedsame aard sal wees. Dit sal inteendeel een van die bloedigste botsings wees, want die nie-Blanke proletariaat sal, soos dr. Verwoerd al in 1951 gewaarsku het, op gelyke regte met die Blankes aandring."*[94] Kies die Afrikaner die ander weg, naamlik *'n volk wat die voortbestaan van sy volk en sy kinders bó die van ekonomiese belange stel*, dan sal daar, aldus Scholtz, besondere swaar offers van hom gevra word. Dit hoef nie noodwendig offers van bloed te wees nie, maar offers van *sweet*. Scholtz skryf: "*Hy sal dan al sy vorms van arbeid self moet verrig. 'n Volk wat sy ekonomiese welsyn die hoogste doelwit maak, verdien geen onafhanklike bestaan nie, en sal ook nie bly voortbestaan nie.*"[95]

Dit is uit hierdie situasie waaruit daar nou ontkom sal moet word. Die duur lesse van die verlede sal nóú geleer moet word. Die *alternatief* blyk te wees om weer soos 150 jaar gelede, te trek na 'n *nuwe* tuiste: **'n Afrikaner-volkstaat.** 'n Eie gebied vir die Afrikaner sal *uitgewys*, *omlyn* en deur die Afrikaner *beset* moet word. Daar kan hy op *eie arbeid* en *ekonomie* sy toekoms bou. Die Afrikaner sal dus noodgedwonge maatreëls moet tref om sy eie arbeid effektief te verrig. Ons lewe in 'n tyd van *spesialisasie, meganisasie* en *outomatisasie*. Die grootste en gesofistikeerdste apparaat kan met gemak deur die druk van knoppies beheer word. Sulke meganisasie kan oor die hele linie heen toegepas word. Die arbeidsterrein in 'n volkstaat sal hoogs arbeidsintensief en tegnologies korrek bedryf moet word. Die Afrikaner sal dus sy eie grondstowwe moet verwerk voordat dit uitgevoer word. Inderwaarheid sal hy homself *onontbeerlik* moet maak in die statesfeer waarin hy beweeg: selfs ver buite daardie grense ook.

'n Mynkommissaris van Johannesburg, W. Wybergh, het reeds in 1908 'n ernstige waarskuwing aan die Blanke en die Afrikaner gerig. Hy sê: "*Remember, in the long run he who does the work is the one who will inherit the country. As we sow shall we reap. It is not a question of which race is now at the top or in whose hands political power now rests -- political power is a thing of the moment -- it is he who does the work who will ultimately rule. The ruling race is not that which occupies the upper and best paid ranks of society, nor even that which has political power in its hands, but that which is the basis of industry ... In God's law there is no room for proxies, we have to stand on our*

94. Scholtz, G.D., *Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?*, p. 159.
95. *Ibid.*, p. 161.

*own legs; if we depend on other people to do the work for us no political manoeuvre ... will prevent that people from ruling."*[96]

*5. POLITIES*

Politiek beteken *mag*. Sonder mag is 'n volk polities ontman. Daarom is enige poging om die mag te *deel* met 'n ander volk of groep op dieselfde grondgebied 'n politikologiese inkonsekwensie. Viljoen skryf: *"Dit is dwaas en onreg om in die naam van geregtigheid politieke gelykheid en magsdeling in te voer indien dit die einde sal beteken van presies daardie politieke waardes en Christelik-Westerse doelstellings ... Die invoer of toepas van sogenaamde politieke geregtigheid moet nie lei tot die effektiewe uitskakeling en vernietiging van juis dié samelewingsvorm waarsonder geregtigheid nie kan bestaan nie. Sommige van ons is soms geneig om geregtigheid in die politieke teoretisering 'n bietjie wild te laat losloop."*[97]

As politiek dan met mag te doen het, beteken dit in die praktyk dat die politieke voordele wat in die volkstaat-idee opgesluit lê, meebring dat 'n volk sy eie owerheid verkies wat sy staatsmag, insluitende sy magsinstrumente soos die veiligheidsmagte (polisie en weermag), aanwend tot *eie behoud, eie vryheid en selfstandige volksbestaan*. Die Afrikaner bely op grond van die *Skrifgesag* dat die swaardmag aan die owerheid gegee is deur God self om juis hierdie *ordelike* voortbestaan te verseker. 'n Dinamiese volk openbaar dan ook 'n tipiese *selfgeldingsdrang* deur sy vermoë om sy mag effektief aan te wend, en om vir homself 'n gerespekteerde plek in die statery van volke in te neem.

Die roemryke geskiedenis van die Afrikaner toon in beginsel dat in 'n eie staat die patriotiese volksbewussyn en vaderlandstrou, *"'n natuurlike groeibedding"* vind.[98] Die eie staat en staatsimbole, en die band met die *eie volksgrond* verwek die nodige dryfkrag wat 'n volk se *selfrespek* kweek, sy *offerbereidheid* aanwakker en sy wil om vir sy volk te lewe, maar desnoods ook te sterwe. Die politieke staatsmag bied aan die volk die nodige *ruimte* waarin sy vermoëns kan ontluik en waarin 'n *veilige tuiste* vir hom geskep word om tot lewensvervulling te kom. So kan volkseenheid gedy en kan vervreemding verhoed word.

96. Kyk **Rand Daily Mail**, 25 May 1908.

97. Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid*, p. 93.

98. Kyk Swart, A., in **Oranje-Perspektief**, Junie 1987, p. 8.

'n Uiters belangrike uiting van die staatsgesag in 'n eie volkstaat is egter die wyse waarop die *regering* ingerig word om, op die grondslag van die volk se Christelike staatsbeskouing, die Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing by sy burgers in te skerp en om dit desnoods met die *swaard* te verdedig. *Vir 'n Christenvolk regeer God immers deur sy owerheid.* Daarom sal 'n Christelike owerheid hom altyd as *dienaar* van God beskou en hom in al sy uitinge na die wil van God rig. Hy sal *kompromisloos* sy taak vervul om die *Heilige Woord* en die bediending daarvan te beskerm, en om alle valse godsdienste en afgodery teen te gaan en ook uit te roei. Hier is *Artikel 36* van die **Nederlandse Geloofsbelydenis** vir ons van fundamentele belang as daar staan:

> *"Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.*
>
> *"Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rm 13:4) en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel."*[99]

Hoe die *politieke instellings* binne die volkstaat daar sal uitsien sal deur die inwoners self besluit word. Dit sal heelwaarskynlik 'n *republikeinse* staat wees waarin die land deur 'n *verkose Volksraad* regeer sal word onder die uitvoerende gesag van 'n Staatspresident. Diederichs skryf tereg: "*Geen staat is werklik staat tensy as beliggaming van 'n volk nie. En geen volk is ten volle volk sonder sy eie staat nie.*"[100] Hy sê verder: "*Die staat waarna die Afrikaner strewe en wat hy daar gaan stel sodra die geleentheid hom aanbied, moet aldus*

99. Kyk "Burgerlike owerheid", Artikel 36 van die **Nederlandse Geloofsbelydenis**, in *Handboek vir die Erediens*", pp. 182-183.

100. Diederichs, N., "Die Republikeinse volkstaat van die toekoms", in Coetzee, J.A., *Ons Republiek*, p. 123.

*in die werklike sin van die woord 'n* **volkstaat** *wees. Dit wil sê, dit moet gebore wees uit die volk waarvan dit die uitwendige verskynsel is en dit moet wees 'n middel vir daardie volk in sy strewe na selfbehoud en selfverwesenliking. In daardie staat moet die Afrikanervolk hom veilig kan voel -- veilig in die sin dat hy weet dat hierdie staat nie 'n middel is wat teen homself as volk gebruik kan word om hom te vernietig nie, maar die magtigste wapen waaroor hy beskik in die stryd vir 'n eie volksbestaan.*"[101]

## *6. SAMEVATTEND*

In hierdie afdeling is daar gewys op die feit dat die beginsel van 'n *volkstaat* berus op die volkeregtelike en internasionaal erkende beginsel van *één volk onder eie owerheid en op eie volksbodem*. Trouens, die volkstaat is die *natuurlikste* staatsbestel vir 'n volk. Swart skryf tereg: "*Die eindmikpunt van alle volksvryheidstrewes en nasionale bewegings was deurgaans die vestiging van die volk onder eie owerheid op eie volksbodem. Daar is geen ander wyse waarop die volk sy selfbeskikkingsreg ten volle kan uitoefen en tot volle self-, sin-, en roepingsvervulling kan kom nie -- as't ware tot rus kan kom -- en sy potensiaal tot ontplooiing kan bring nie, as in 'n volkstaat nie. Egte volksvryheid en ware volkseenheid is nie buite die verband van die eie volkstaat te bedink nie.*"[102]

'n Volkstaat is die *kulminasiepunt* van 'n volk se ware tuiste. Die reg van die volkstaat-gerigte Afrikaner op sy eie grondgebied berus nie soseer op konvensies en verdrae nie. Die reg van hierdie Afrikaner op sy eie staatkundige instellings en soewereine selfbeskikking word *legitiem* vasgelê deur die opofferings en toewyding van diegene wat die land bewoon en bewerk het. Dit was jare van storm en drang, van armoede en voorspoed, van onderdrukking en verguising. Dit is die reg van 'n volk wat deur harde werk en inisiatief die aarde van hierdie suiderland *oopgebreek* het en die barre aarde laat opbloei het tot voorspoed en vrede. Dit is 'n Afrikaner wat weet **wie** hy is en **waarnatoe** hy wil gaan.

Hierdie tradisies en wil tot oorlewing en voortbestaan by die volkstaatgerigte Afrikaner is die bron van sy sedelike en geestelike krag. Dit kan beslis nie van vooraf deur een mens uitgedink of deur een beraad of een geslag vervang word nie, nog minder op die proeftafel van *futiele eksperimente*. Burke

---

101. *Ibid.*, pp. 123-124.

102. Swart, A., *op.cit.*, p. 8.

wys daarop dat met die beperktheid van een mens se verstand en kennis en wysheid in gedagte, 'n leier nie sy volk se beskawing en voortbestaan met *sedelike* en *politieke proefnemings* op die spel behoort te plaas nie. Proefnemings wat verkeerd uitdraai kan mense se opvattings oor die doel van die lewe ontwrig. Dit kan selfs regverdiging verskaf vir eeuelange oorlog om verlore vryheid weer te herwin.[103]

Die miskenning van 'n volk se volkskap is uiters gevaarlik en openbaar 'n volslae gebrek aan insig in die offers wat geëis gaan word. Vanuit al die gesigspunte soos hier belig, dit wil sê Skrifuitsprake, etiese en morele beginsels, historiese en volkeregtelike aansprake, blyk dit dat die idee aan 'n eie afsonderlike Afrikanervolkstaat *prinsipieël* geregverdig kan word. Hartzenberg sê: "*Wanneer elke volk weet waar sy vaderland is, wanneer elke volk sy vaderland het, sal in elke volk die mooiste, skoonste en edelste kragte losgelaat word en weer seëvier, omdat die mense begeesterd sal wees. Elkeen sal begeesterd wees om sy eie land, nie net te beskerm nie, maar groot te maak en uit te bou en nie, soos nou, Suid-Afrika gelyk te maak met die aarde nie.*"[104]

103. Kyk Burke, R., "Prescription, authority and ordered freedom", in Meyer, F.S. (ed.), *What is Conservatism?*, pp. 23-40.

104. *Debatte van die Volksraad*, 1987, Kolom 1953.

# HOOFSTUK 7

## 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF

Ter inleiding verwys die skrywer na Kotzé wat konstateer dat 'n volk oor 'n unieke "*volksfilosofie*" beskik, naamlik 'n "*verledebeeld*", 'n "*hedebeeld*" en 'n "*toekomsverwagting*".[1] Hierdie toekomsverwagting is vir Boshoff dieselfde as *roepingsvervulling*. "*Daarom*", sê hy, "*weier hierdie Blanke volk* (lees ook *Afrikanervolk* -- JdV), *van Afrika om oor te gee of pad te gee* ..."[2]

In 'n besinning oor die moontlike *eindbestemming* van die Afrikanervolk in Suid-Afrika, word daar 'n tweërlei benadering vereis, naamlik dat daar in die *eerste plek* 'n **ideaal** geformuleer sal word wat nagestreef word op grond van onveranderlike en onverhandelbare *beginsels*, en, *tweedens*, moet die toekomsgerigte Afrikaner ook bereid wees om 'n eerlike ontleding te maak van die **feitelike** sowel as **faktiese** situasie wat hom besig is om in Suid-Afrika af te speel. As die volkstaat-gerigte Afrikaner nie bereid is om dit te doen nie, staan sy ideale vir die toekoms min kans om met welslae deurgevoer te word. Dan word sy strewes 'n blote *rasionalistiese* denkspel waarin die teorie harder spreek as die daad.

In ag genome die bostaande uitgangspunt kan daar in die bespreking rondom die volkstaatgedagte, en meer spesifiek die *Afrikanervolkstaat*, die vraag seker met reg gevra word of dit enigsins nog relevant is om oor 'n volkstaat bespreking te voer. In bepaalde kringe word die gedagte verwerp as blote wensdenkery, dog aan die anderkant is daar diegene wat in toenemende mate besef dat die enigste oplossing vir die sinvolle voortbestaan van die Afrikaner geleë is daarin dat hy hom as 'n ware, tipiese volk, *alleen kan uitleef in 'n eie omlynde staatsverband waarin hy soewerein oor homself regeer*. Dit spreek van 'n duidelike *toekomsvisie* met opwindende moontlikhede. Dit moet geskied teen die agtergrond van berekende stappe wat geneem moet

---

1. Kyk Kotzé, D.J., *Nasionalisme: 'n Vergelykende studie*, p. 16.
2. Kemp, K., *Carel Boshoff en sy Afrikanerdenke*, p. 115.

word, dit wil sê, stappe met 'n definitiewe uiteensetting van **hoé** die toekoms van die Afrikaner daar moet uitsien. Dit spreek vanself dat dit oortuigend moet wees om die skeptiese en liggelowiges onder die Afrikaner te oortuig van die *werkbaarheid* en van die *juridiese geldigheid* daarvan.

Dit is die onomwonde standpunt van die skrywer dat die implementering van 'n eie staat vir die Afrikaner nie summier aan die volgende geslag oorgelaat mag word nie. Indien die Afrikaner steeds as beskawingskragtige volk en as 'n Christelike ligbaken aan die suidpunt van Afrika wil bly voortbestaan, en om hom wil laat geld as 'n faktor in die geskiedenis, moet daar *nóú* werk gemaak word daarvan om sy ideale uit te lééf. Dit sou beteken dat daarteen gewaak sal moet word om die toekoms *gelate* en as 'n *onveranderlike* gegewe te aanvaar. Dit is *fatalisme* in die ergste graad! Die Afrikaner wat 'n eie volkstaat begeer mag hom nie in die dampkring van sulke denke begeef nie. Trouens, soos telkens in die verlede, besef die volkstaat-gerigte Afrikaner dat hy in 'n sin *medeskepper* is van sy toekoms. Dr. H.F. Verwoerd se kenmerkende leuse was: *"Skep vir uself 'n toekoms!"* God laat die mens, as kroon van Sy skepping, toe om deel te hê aan sy eie lotgevalle. In die lig daarvan hoef die Afrikaner beslis nie die *slagoffer* van die toekoms te wees nie, maar juis *medeverantwoordelik* vir die *vormgewing* daarvan: nie net vir die Afrikanervolk self nie, maar ook vir *elke ander volk* in hierdie subkontinent wat konstitusioneel-staatkundige vryheid begeer. Die toekoms van die Afrikaner kan vir hom die resultaat word van dit waarvoor hy reeds vanaf sy volkswording na streef, naamlik soewereine onafhanklikheid op alle terreine van 'n eie staatsverband. Hierdie *skeppingsdaad* van die Afrikaner sal immers gestalte gee aan die bepaalde waardes en normes wat die Afrikaner vir homself daarstel. Dit kan spreek van 'n *normatiewe, lewensbeskoulike daadaksie* om homself onder alle omstandighede te handhaaf.

Uit die aard van die saak sal so 'n *toekomsbeeld* van die volkstaat-gerigte Afrikaner een moet wees waarin voorsiening gemaak sal word vir die volle spektrum van die ideale wat hy vir homself voor oë stel. Ideale soos die sinvolle uitlewing en beoefening van sy godsdiens, sy taal, sy kultuur, sy sosiale- en maatskaplike lewe en strukture, sy ekonomie, sy veiligheid, sy opvoeding en onderwys, en les bes, sy eie *staatkunde* volgens die eise van 'n tipiese volkstaat. Dit is almal ideale waarmee die opgroeiende Afrikanerjeug hulle mee moet kan vereenselwig; 'n *vry*-staat waarin hulle weer hulle toekoms kan uitkerf onder die genadige hand van God Drie-enig. Daarom is 'n toekomsgerigtheid nie slegs 'n saak van beplanning nie, maar ook 'n saak van inhoudgewing en vormgewing.

Die skrywer is dit eens met Viljoen as hy by geleentheid skryf: "*Vir my is die alleroorheersende voorwaarde en 'n eerste prioriteit dat ons die beheer oor ons politieke lotsbestemming onverdeeld en onverminderd in die hande van die Witman moet hou. Dit gaan essensieel om nasionalisme, dus, die behoud en uitbou van ons volk en nasie, maar dan 'n Christelike nasionalisme wat binne menslike perke beantwoord aan die eise van die leer van Christus. Enige aanpassing wat die Blanke sy politieke selfbeheer gaan kos, durf ons nie aanvaar nie -- en daarom rys my nekhare as redakteurs,* (hy spreek die media aan - JdV) *maneuvreer in 'n rigting van 'n politieke akkommodasie met die Kleurlinge of met die Swartes in Blanke gebied wat enigsins neig in die rigting van politieke magsdeling. Politiek is uiteindelik mag en sonder mag is die politiek kragteloos.*"[3] Dr. D.F. Malan skryf tereg: "*Gewilligheid om onder die heerskappy van 'n ander volk te buig, was vir volkseenheid nog altyd fataal.*"[4]

Om 'n toekomsperspektief daar te stel vir die tipiese volkstaat is dit eerstens duidelik dat die persoon wat hom as volkstaat-gerigte Afrikaner voorhou, ook sal moet antisipeer hoe die Afrikaner van die toekoms sal moet lyk wat hom binne volksverband in sy eie staat sal wil begeef. Dit gaan dus rondom die wie en die wat van die Afrikanervolk van die toekoms. Daar is in 'n vorige paragraaf terreine genoem wat die Afrikaner idealiseer om homself onafhanklik te handhaaf. Uit die aard van die saak is elkeen van daardie terreine 'n eie saak wat ononderhandelbaar is: 'n terrein waarop die Afrikaner alleenseggenskap wil voer.

In 'n bespreking van Van Wyk Louw se werke, wys Viljoen daarop dat daar by Van Wyk Louw, "*byna 'n obsessie met die risiko's dat sy klein, bedreigde, gewaagde volk sou kon verdwyn*", bestaan het. Hy skryf: "*Die eerste en hoofvereiste vir 'n volk se bestaan is 'n ware omvattende en volmenslike geestelike lewe, wat vir alle lede van die volk, en veral vir sy bestes, die leefruimte bied om hul diepste behoeftes te bevredig. So 'n volmenslike lewe is wesenlik slegs binne volksverband moontlik ... Verder het 'n volk nie net dinamiese openheid en lewensruimte na vorentoe nodig nie, maar ook openheid na agtertoe in die vorm van die tradisie wat hom met die haarwortels aan sy oorspronge verbind. Maar 'n volk is in sowel sy fisiese as sy geestelike bestaan nooit afgeslote of voltooi nie, en vandaar dat sy bestaansreg voortdurend en daagliks opnuut geskep en verower word deur die wil, die daad, die keusebeslis-*

3. Viljoen, G. van N., *Vernuwing en Voortgang: Rekenskap deur 'n Afrikaner,* II, p. 69.

4. Malan, D.F., *Afrikanervolkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, p. 53.

*sing van sy mense*."[5] Van der Merwe skryf ook tereg: "*Elke vernedering in die geskiedenis van 'n volk dien as 'n geboortefase in die ontwikkeling van die eenheids- en individualiteitsgedagte van daardie volk, dit wil sê, in die ontwaking van sy nasionalisme*."[6]

Die vraag wat dus vir alle Afrikaners in die toekoms geld, is of hy 'n "*volmens*" Afrikaner wil wees of nie. Na my mening word daar vir die eerste maal in ons volksgeskiedenis *skerp lyne* getrek tussen die verskillende volksgroepe in hierdie land; ja, selfs tussen Afrikaner en Afrikaner. Nie dat die een beter as die ander een is nie. Dit gaan eerder om die innerlike belewenis as Afrikaner en sy begeerte na 'n eie land, onder eie regering, onder sy eie mense. Hy is nie die kompromismaker nie, nie die Afrikaner wat bereid is om dieselfde geografiese grondgebied te deel met 'n getalryker "*vreemde*" volksgroep nie. *Magsdeling in een gemengde, geïntegreerde politieke sisteem is vir die volkstaat-gerigte Afrikaner onaanvaarbaar en selfvernietigend!*

In die lig van bogenoemde het dit inderwaarheid ook tyd geword vir die Afrikaner om homself die vraag af te vra of hy bloot strewe na 'n "*Blanke*" eenheid, of 'n "*Afrikaner*"-eenheid. Die woord "*Blank*", dui hoogstens op 'n homogeniteit en word tans in Suid-Afrika gebruik bloot om 'n soort *politieke* eenheid te demonstreer. Die gevaar bestaan dus wesenlik dat die toenemende gebruik van die woord "*Blanke volk*", of "*Blank Suid-Afrika*", daartoe kan lei dat die Afrikaner stelselmatig van sy *volksbewussyn* gestroop sal word. Hy word bloot beskou as 'n kultuurgroep saam met talle ander kultuurgroepe. Hy moet hom almeer sien, "*as net 'n soort lid van 'n vae groep wit mense wat moet saamstaan ongeag taal, kultuur en godsdiensverskille*", aldus Bruwer.[7]

Hierdie verskynsel het opmerklik na vore getree toe die Afrikaner begin het om alles, wat hy aanvanklik vir homself toegeëien het, stelselmatig ook op die ander Blanke groepe in Suid-Afrika van toepassing begin maak het. So het alles geword, "*Blanke skole*", "*Blanke universiteite*", "*Blanke strande*", "*Blanke teaters*" en "*Blanke parke*". Dit bly egter 'n historiese feit dat die ander Blankes in die land soos onder andere die Engelse, Duitsers, Grieke, Portugese, Hollanders, Franse en die Jode, nie gedink het soos die Afrikaner dink oor dié stand van sake nie. *Liberale* denke het makliker onder hierdie mense

5. Viljoen, G. van N., "Wat is 'n volk? Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir die nasionalisme", p. 6.

6. Van der Merwe, H.J.J.M., *Segregeer of sterf*, p. 28.

7. Kyk Bruwer, P.J., "Ooreenkoms en verskille", p. 8.

posgevat met die gevolg dat talle van hulle in verset gekom het met die Afrikaner se idee van "*Blanke*" skole, -parke, -teaters en -universiteite. Dit is geen wonder dat talle "*Blankes*" vandag van mening is dat hierdie skeidingsmaatreëls op hulle afgedwing word nie. So is daar geen Engelse party-politieke groepering in Suid-Afrika vandag wat "*konserwatief*" is in hulle denke nie.

Die ironie van die saak is dat die in hoofsaak Afrikaner-georiënteerde owerhede in die verlede anders teenoor die Swart groepe in die land te werk gegaan het, en hulle as volke in eie reg gesien en behandel het en hulle op die staatkundige pad na volks-onafhanklikheid gelei het. Maar van homself het die Afrikaner net as "*Blanke*" gepraat, soveel so dat in die 1983-Grondwet géén woord van die Afrikaner as volk **per** se gepraat word nie. Soos Booysen tereg opmerk: "*Daar word nie eens na hom verwys nie. Hy het geen regte nie.*"[8]

Dus, slegs die "*Blanke*" in Suid-Afrika word grondwetlik geag: eenlynig, kleurloos, taalloos, karakterloos en tradisieloos. Almal is Suid-Afrikaners! Booysen vat die vraagstuk goed saam as hy skryf: " *'n Gedifferensieerde beleid met 'n geografiese basis sal dus ten opsigte van Blankes toegepas moet word. Ons sal nooit ons ideaal van 'n Blanke gebied kan verwesenlik indien ons telkens die Blanke as 'n geforseerde eenheid of as gefikseerde volk beskou nie. Soveel Blankes is hierdie ideaal nie goedgesind nie en sê dat dit onnodig en onsinnig sal wees om hierdie ideaal ook te probeer verwesenlik ten opsigte van die Blankes wat dit beveg. Dit het tyd geword dat die Engelssprekende self, indien hulle dit so wil hê, moet instaan vir die behoud van hulle eiesoortige politieke en kulturele waardes teenoor die ander rasse.*"[9]

Dit moet onvermydelik onder oë gesien word dat Engelssprekendes en ander Blanke groepe, as 'n besonder groot groep mense, instaat sal wees om tydens 'n algemene verkiesing, of in 'n referendum, die selfbeskikking van die Blanke by die stembus weg te teken. In so 'n geval is die Afrikaner se getalle so min dat hulle géén seggenskap oor hulle eie toekoms sal hê nie. Daar sal uit die aard van die saak Engelssprekendes wees wat hul lot by die Afrikaner sal ingooi, net soos daar ook Afrikaners sal wees wat hulle nie met die volkstaat-idee sal vereenselwig nie. Hulle sien kans om hul toekoms in 'n eenheidstaat, waarin Blankes saam met Swartes (ook nie in volksverband nie),

8. Booysen, H., "Blanke eenheid?", p. 4.

9. *Ibid.*, p. 4.

Kleurlinge en Indiërs (alle Asiate, dit wil sê ook Chinese en Japanese), die land konstitusioneel regeer. Almal burgers van 'n *gemeenskaplike* vaderland.

Dit is dus duidelik dat nie *alle* Blankes noodwendig 'n etniese groep vorm nie. Hulle kan hulle derhalwe as van dieselfde *ras*, maar nie noodwendig as *kultuurgenote* beskou nie. Ras is egter 'n belangrike *indikator* van 'n kultuurgroep se etnisiteit. So sal 'n Swarte byvoorbeeld as 'n *vreemde ras* getipeer kan word, dog 'n Griek of 'n Duitser as 'n *vreemde etniese* groep.

Die talle Afrikaners wat hul heil sien in 'n eie staat, erken die feit dat hy Blank is en dat hy trots is op die ras waartoe hy behoort. Dit het niks met sogenaamde *rassisme* te doen nie. **Kerk en Samelewing** skryf tereg: "*Hieruit volg dat gesonde volksliefde wat gerig is op die skepping en bewaring van die volkskultuur, duidelik van rassisme onderskei moet word.*"[10] Die vervreemding van 'n volk se rasbewussyn is derhalwe bepaald ongewens. Maar, die polities-konserwatiewe Afrikaner sê in die eerste plek dat hy onbeskaamd **Afrikaner** is; 'n *volk in eie reg!* Pieterse skryf: "*Elke mens het 'n behoefte om aan 'n groep of volk te behoort, trouens dit is hierdie belewing wat naas die mens se verhouding tot die Opperwese sin en betekenis aan sy lewe gee ... wat hom veiligheid bied en wat sy lewe innerlik rig.*"[11]

Coetzee wys tereg daarop dat wanneer 'n man soos genl. Herzog na die Afrikaner as volk verwys het, dan het hy gepraat van die, "*Afrikanervolk*" of die "*Afrikanerdom*" of die "*Afrikaanse volk*". Coetzee skryf: "*Die volk was vir hom nie, soos vir genl. Botha, 'n volk van 'Suid-Afrikane' nie, maar 'n volk van 'Afrikaners' ...*"[12] Volgens genl. Hertzog het die "*nadruk*" dus geval op die Afrikaanssprekende met sy "*volkstradisies*". As hy van die "*Afrikaner*" of die "*Afrikanervolk*" gepraat het, "*het die Afrikaanssprekendes gevoel dat húlle bedoel word*", aldus Coetzee.[13] Hy sê: "*Deur die term 'Afrikaner', 'Afrikanervolk' voortdurend te gebruik, het genl. Hertzog die Afrikaanssprekendes steeds daaraan herinner dat daar nog so iets soos Afrikaans is, het hy hulle aan hulleself herinner en so hul nasionale selfbewussyn gevoed. Solank daar gepraat is van 'Afrikaners',* was *daar Afrikaners. Saam met die verdwyning van die term 'Afri-*

10. Kyk Kerk en Samelewing, p. 22.
11. Pieterse, J., Rede gelewer voor die Twaalfde Algemene Jaarvergadering van die Voortrekkers, Bloemfontein, soos opgeneem in die Jaarverslag van die Uitvoerende Bestuur, p. 18.
12. Coetzee, J.A., *Volksidee en Nasiebou*. p. 62.
13. *Ibid.*

*kaner', sou die Afrikaner se volksbewussyn verflou het en as daar nie meer sprake was van 'Afrikaners' nie, dan* was *daar nie meer Afrikaners nie.*"[14] Ook Coertze waarsku tereg: "*Wie die Afrikaner in die toekoms wil lei, moet die eise van hierdie riglyne in sy lewenspatroon deeglik in ag neem. Diegene wat die werking daarvan teengaan, kan van die Afrikaner kompromislose teenstand verwag, want dit wortel in die persoonlikheid van individuele volkslede.*"[15]

'n Verdere *toekomsperspektief* wat die skrywer daar stel is dat die Afrikaner in toenemende mate *arbeid-selfstandig* sal moet word. As die Afrikaner afsonderlik in sy eie staat homself wil handhaaf, sal hy sy eie werk moet doen. Viljoen skryf: "*Ons moet leer om ons eie werk te doen ... Die toekoms van ons eie vaderland sal steeds vertroebel word indien ons in ons huise, op strate, op kantoor en in ons skole afhanklik bly van 'n oormaat van onnodige nie-Blanke arbeid.*"[16] Strauss skryf ook tereg: "*As goed toegeruste arbeidseenheid, moet elke volk self sy erfdeel bewerk; nie 'n ander volk vir hom sy werk laat doen nie.*"[17]

Daar kan volstaan word met 'n enkele voorbeeld uit volkere van die wêreld, naamlik die Jode in die staat Israel.[18] Die Jode het die geleentheid geweier om honderde-duisende Arabiere as *goedkoop* arbeiders in hulle land toe te laat. "*Hulle het tereg geredeneer*", aldus Viljoen, "*dat die toekoms en die land sal behoort aan die mense wat die werk doen.*"[19] Die Jode het waarskynlik uit ervaring in Europa en elders geleer dat dit die beste is om hul eie werk self te doen. In hulle eie land, **Eretz Israel**, kon hulle dit in die praktyk toepas. Voor 'n Joodse gehoor in Kaapstad het dr. D.F. Malan ook treffende woorde tot die Joodse gemeenskap gerig. Hy sê: "*Nothing strikes the Jewish observer in South Africa so vividly as the Afrikaner's profound envy of the very simple fact that the Jews of Israel are creating their nation by the sweat of their own hands ... There is a instinctive recognition that the Afrikaner can save himself if he follows the same path and frees himself from reliance on the black man ... Self-reliance cannot operate in the historical circumstances and setting of South Africa except within separate geographical areas ... In simple*

---

14. *Ibid.*, p 65.

15. Kyk Coertze, R.D., "Wat die Afrikaner se toekoms sal bepaal", p. 18.

16. Viljoen, G. van N., "Die jeug se aandeel in goeie rasseverhoudinge", p. 22.

17. Strauss, H.J., "Calvinistiese volksbeskouing", p. 12.

18. Kyk Katzew, H., "Afrikaner survival: The undiscussed question", in Munger, E.S. (ed.), *The Afrikaners*, p. 157.

19. Kyk Viljoen, G. van N., "Die jeug se aandeel in goeie rasseverhoudinge", p. 22.

*terms this means redrawing the map of Southern Africa to the end of just division between white and black; it means for the Afrikaner and for all other white elements who will walk with him, sacrifice of wealth gained, it means to a large extend voluntary dispossession; it means work and sweat for years and years. Well, why not? It will be health to their navels and marrow to their bones. Israel gets along that way. For what doth it profit a nation if it gains empires of gold and diamonds and uranium, and loses its soul ... Those Afrikaner, refuting all proclaimed historical law, will voluntarily surrender a large measure of their hinterland in Southern Africa, for an area or province for their own exclusive possession."*[20]

Dit is verder ook duidelik dat die toekomsbestel van die volkstaat-gerigte Afrikaner 'n bepaalde *konstitusionele* fase sal moet deurloop. Waar daar in terme van die staatkundig-konstitusionele voortbestaan van 'n volk gepraat word, sal dit uiteindelik gemeet word aan die *permanente gesagstruktuur* daarvan. Dit is fataal om te *eksperimenteer* met politieke modelle wat nie rekening hou met die *samestellende* dele van die verskillende volke in 'n bepaalde geografiese gebied nie. *Dit is derhalwe van lewensbelang dat 'n staatsvorm langs konstitusionele weg uitgewerk sal word wat aan die eise van die Afrikanervolk sal voldoen.* Onmiddellik moet egter gesê word dat die *enigste werkbare model* in Suider-Afrika een moet wees wat die *radikale verskille* tussen die bevolkingsgroepe sal besef en grondwette daarvolgens sal oorweeg.

Die huidige 1983-grondwet, soos almal voor hom, bevat juis die leemte dat dit deur *Blankes* ontwerp is en dat verwag word dat hierdie grondwet *alles vir almal* moet wees. Dit is geen wonder dat die 1983-grondwet, gebaseer op 'n Driekamer-parlement, slegs deur die regerende party as werkbaar beskou word nie. *Alle* ander politieke groeperinge onder Blankes, Bruines en Asiërs, en nou ook die Swartes, verwerp die grondwet. Die Kleurlingen die Indiërhuise van die Parlement werk slegs in die sisteem saam om dit uiteindelik omver te werp en om dit te vervang met één parlement waarin alle mense in Suid-Afrika verteenwoordiging het en gesamentlike besluite neem.[21] Om die aspirasies van al die verskillende groepe te bevredig sal die Blanke soveel *kompromieë* moet aangaan dat die politieke mag wesenlik *uit sy hande sal verdwyn*. In die proses sal die Afrikaner, volgens die skrywer se beskouing, as 'n klein minderheidsgroep in die vergetelheid verdwyn en sal hy slegs nog sy kulturele bande kan handhaaf met die *goedkeuring* van die meer-

20. Kyk Malan in Katzew, H., *Solution for South Africa: In Jewish view*, p. 28.
21. *Debatte van die Volksraad*, 1988, Kolom 6845.

derheidsregering. Van soewereine selfbeskikking vir die Afrikaner kan daar onder sulke omstandighede géén sprake wees nie.

Die grondbeginsels van enige konstitusionele bestel is dat dit uitgewerk moet word **uit, deur** en **vir** die volk. 'n *Modelstaat* veronderstel dus dat die burgers van daardie staat, na gelang van hulle kultuur- en lewensbeskouing, verreweg die meerderheid van daardie staat moet vorm. Dit is tans die geval met volkstate soos die Transkei, Venda, Ciskei en Bophuthatswana asook groot selfregerende nasionale state soos KwaZulu en Qua-Qua. Na ons mening sal die enigste sinvolle beweging na volkesoewereiniteit wees om die grense van bestaande en ook opkomende state te bepaal en dat die volkstaatgerigte Afrikaner ook regtens alle aansprake sy erfdeel kan verkry. Bruinette skryf tereg: "*In die totale beplanning vir die state van Suider-Afrika, moet die volkstaatideaal steeds in die oog gehou word.*"[22]

Alles in ag genome kan daar nie van die realiteit weggekom word nie dat, om sinvolle inhoud te gee aan die volkerebestaan in Suid-Afrika, daar *geografiese inhoudgewing* in die een of ander praktiese vorm as absolute vereiste vir die uiteindelike welslae van die konstitusionele ontwikkeling in Suid-Afrika gegee sal moet word nie. Tydens 'n "*politieke werkswinkel*" aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, met die tema: " *'n Volkstaat as eietydse oplossing vir die Afrikanervolk se vryheidsvraagstuk*", wys prof. L. Schlemmer daarop dat, met bepaalde voorbehoude, die Afrikanervolkstaat 'n besliste *geografiese* basis moet hê. Hy handhaaf drie belangrike standpunte, nl. (i) 'n Volkstaat kan die *spanning en weerstand* in die land in 'n groot mate temper; (ii) Dit kan as *simboliese kerngebied* dien om die Afrikaner se taal en tradisie te beskerm; (iii) Onder sekere omstandighede kan die volkstaat bydra tot die *verskansing van die regte van minderhede* in Suid-Afrika.[23] Die Blanke, en veral die Afrikaner, is essensieel belangrik vir hierdie taak: nie soseer omdat hy Afrikaner en Blank is nie, maar juis vanweë sy onmisbare leiding en sy sin vir die volkskap van andere. Cilliers skryf: "*As hul lewe en hul funksies vir hulle onmoontlik gemaak word, as die sersante en tweede graadse klerke met Russiese gewere oorneem, soos elders in Afrika gebeur het, dan sal die val hier groter wees as êrens anders. As jy hoog bo die oerwoud uitgestyg het,*

22. Bruinette, K.E., "Die ideale staatkundige model: Strategiese implementeringsoorwegings", p. 35.

23. Schlemmer, L., tydens 'n "Politieke Werkswinkel" met die tema: " *'n Volkstaat as eietydse oplossing vir die Afrikanervolk se vryheidsvraagstuk*", aangebied deur Ordes, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 12-13 April 1989.

*val jy verder en harder as wanneer jy maar skaars bo die boomtoppe gelewe het."*[24]

Die Afrikaner het al voorheen in sy geskiedenis *grondwetlike krisisse* beleef, en hulle weet hoe dit voel om onder vreemde oorheersing te staan. C.J. Langenhoven lê genl. C.R. de Wet woorde in die mond as De Wet sê:

*"Die konstitusionele weg*
*Seg jy lyk krom en sleg?*
*Nee, seun, hy's glad nie daar nie*
*(was die antwoord van die held);*
*Hy't doodgeloop. Ek moet maar*
*verder aanhou deur die veld.*
*Die vreemde konstitusie-pad het*
*doodgeloop, Goddank!*
*Hy was al glad te lank –*
*Nou kan ons weer ons eie oue vat:*
*Suid-Afrika se pad,*
*Die ongebaande deur die*
*woeste wilde veld,*
*Deur dorings en deur klippers heen,*
*teen oormag en geweld.*
*Die ander een – die vreemde*
*konstitusie-pad –*
*Ons had hom nooit met vrye*
*keus gevat.*
*Hy't mooi vertoon,*
*Effe en skoon*
*(soos die gewaad*
*En die gelaat*
*Van skemery steeds lieflik staat)-*
*So breed en welgebaan;*
*Maar waar die vaste rots van*
*ons trots Verlede staan –*
*Hy kom nie daarvandaan,*
*So min as wat hy vorentoe*
*naar die bestemming gaan*

24. Kyk Cilliers, P.J., "Konstitusionele veranderinge in Suid-Afrika: Regeringstandpunte", p. 13.

*Wat vir ons nageslag*
*As loon op onse lyding wag."*[25]

Gebou op 'n *toekomsperspektief* vir die Afrikaner, lê die Afrikanervolk se heil en sinvolle voortbestaan in *'n eie staatsbestel* binne 'n *omlynde* grondgebied. Geneem die gegewe situasie het die Afrikaner nog nooit werklik die geleentheid gehad om deur middel van geheel en al *eie staatsinstellings* sy *eie nasionale wese* tot volle selfverwesenliking te bring nie. Selfs die **Boererepublieke** het nie aan al hierdie vereistes voldoen nie, alhoewel dit tog 'n groot bydrae gelewer het om 'n Afrikanerideaal daar te stel van 'n vrye Afrikanervolkstaat (of ook Boere-volkstaat). Hulle bestaan was te kortstondig om werklik te ontwikkel tot 'n afgeronde staat. Belemmerende faktore en invloede van buite sowel as binne die *republieke*, het die weg na suiwere volkstaatontwikkeling versper. Uiteindelik is hulle vernietig deur die wrede hand van Britse Imperialisme. Na 1910 sou die Afrikaner opgaan in 'n Unieregering wat die *skyn* van selfregering gehad het, dog 'n regering wat vir almal alles moes wees. Dit was ook die geval met Republiekwording in 1961. Die Afrikaner het die politiek oorheers, dog sou uiteindelik nie die eise van 'n breë *Suid-Afrikanisme* kon ontsnap nie. Selfstandigwordende Swart-, Bruin- en Asiërgroepe eis hulle aandeel in die instrumente van beleidmaking en besluitneming in die staat op. Dit kom dus in politikologiese terme daarop neer dat daar wel sprake kan wees van 'n Suid-Afrikaanse nasie, dit wil sê, 'n *burgerstaat*, maar konstitusionele vryheid vir die Afrikanervolk was dit nie. Diederichs skryf by geleentheid: *"Want die Afrikanervolk en die Suid-Afrikaanse staat is twee aparte eenhede. Die een is gebore en opgegroei in hierdie land; die ander is 'n vreemde produk, ingevoer vanuit die land van die oorwinnaar. Die een word gedra deur 'n diepgewortelde volksbesef; die ander is die skepping van die liberalisme en die imperialisme. Die een kan nooit in die ander sy suiwere openbaring vind nie. Gevolglik het die Afrikanervolk hom binne die Suid-Afrikaanse staat steeds gevoel soos 'n vreemdeling in sy eie land of soos 'n gas in 'n vreemde huis."*[26]

Dit is juis hierdie skrille kontras tussen *staatsideaal* en *staatswerklikheid* wat die botsing in toekomsperspektief tussen Afrikaner en Suid-Afrikaner meebring. Geen wonder dat by baie Afrikaners vandag 'n weerstand teen die basiese miskenning van sy regte as volk ontwikkel nie. Hierdie Afrikaners wil Afrikaners wees en niks anders nie, net soos die Fransman Frans wil wees,

25. Kyk Langenhoven, C.J., "En die grondwet? Wat nou?", p. 16.
26. Diederichs, N., "Die Republikeinse Volkstaat van die Toekoms", p. 121.

die Duitser Duits, die Italianer Italiaans, die Deen Deens, die Rus Russies, die Ier Iers, die Wallieser Wallies, die Xhosa Xhosa en die Zoeloe Zoeloe. Hierdie Afrikaner glo dat hy 'n roeping van sy eie het onder die ander volkere, nie net van Suid-Afrika nie, maar ook in Afrika en die res van die wêreld, en dat hy ten alle koste sy Afrikanerskap suiwer wil bewaar. Diederichs skryf: "*Want staat en volk is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Geen staat is werklik staat tensy as beliggaming van 'n volk nie. En geen volk is ten volle volk sonder sy eie staat nie ... En daarom is dit dat elke volnasionale strewe noodwendig 'n strewe na die verkryging of uitbouing van die eie staat moet insluit. Daarom is dit ook dat die nasionale strewe van die Afrikaner noodwendig moet uitmond in 'n soeke na 'n staatsordening wat die uiting van sy eie wese sal wees.*"[27] Volgens Diederichs moet die staat waarna die Afrikaner strewe, "*en wat hy daar gaan stel sodra die geleentheid hom aanbied, aldus in die ware sin van die woord 'n* **volkstaat** *wees ... In daardie staat moet die Afrikaner hom veilig kan voel -- veilig in die sin dat hy weet dat daardie staat nie 'n middel is wat teen homself as volk gebruik kan word om hom te vernietig nie, maar die magtigste wapen waaroor hy beskik in die stryd vir eie volksbestaan.*"[28]

'n Belangrike vereiste en kenmerk wat die Afrikanervolkstaat moet vertoon is 'n uitgesproke **Christelike** karakter. "*Dit beteken*", sê Diederichs, "*dat die staatsbestuur in al sy aktiwiteite die Christelike beginsels sal nastrewe en dat hy alles sal bestry wat in stryd is met hierdie beginsels ... ware volksgenote sal dan ook alleen húlle kan wees wat die Christelik-nasionale sienswyse van die Afrikanervolk toegedaan is.*"[29]

In die lig van bogenoemde is dit tog belangrik om te besef dat godsdiensvryheid toegelaat sal word, dog *anti-Christelike praktyke* sal deur die staat, in samewerking met die kerk, beveg word. Daarom is dit belangrik dat die staat self in al sy aktiwiteite volgens *Christelik-Skriftuurlike* beginsels sal handel. Dit moet egter benadruk word dat géén staat bevoeg is of geroepe is om van mense *Christene* te maak nie. Dit is die terrein van die *evangeliese* aksie van die kerk self. Die kerk in die volkstaat sal dit ook as sy taak moet sien om die owerheid aan te spreek waar die owerheid sou handel in stryd met die norme van Gods Woord. Albei -- staat en kerk -- besit 'n *vryheid-in-eie-bevoegdheid* (ook genoem *soewereiniteit-in-eie-kring*), en die een mag nie op die

27. *Ibid.*, p. 123.

28. *Ibid.*, pp. 123-124.

29. *Ibid.*, pp. 126-127.

terrein van die ander beweeg nie. Tog, in 'n Christelike staatsverband is albei vennote (dit wil sê, *enkapties* vervleg) in die stryd teen die sonde. Derhalwe is albei geroepe om te regeer tot eer van God. Ons kan dus praat van *owerheidsregering* én *kerkregering*. Dit kom in die praktyk daarop neer dat géén nie-Christen sal kan dien op enige vlak van volksregering nie. Na die skrywer se mening is dit juis 'n bron van kommer dat in die huidige staatsbestel daar geen beletsel is wat kan verhoed dat 'n Moslem, Hindu, animis of enige ander nie-Christen kan vorder tot die hoogste amp in die regering nie. Die tyd sal dus weldra moet aanbreek dat gelyke beregtiging op alle vlakke moet geskied om alle groepe in Suid-Afrika ter wille te wees. Dit is die konsekwensie van die huidige beleid.

'n Verdere belangrike uitgangspunt wat sal geld vir die Afrikaner in sy eie omlynde volkstaat, is dat hy onbeskaamd *Blank* moet wees. Uit sy wortels is die Afrikaner, volgens wêreldwye etnologiese en genealogiese standaarde, 'n *blanke* groep mense wat algaande 'n *blanke* volk geword het volgens eie kulturele, godsdienstige en ander norme. Dit is juis een van die prestasies van die Afrikanervolk dat hy te midde van 'n barbaredom steeds Blank gebly het en natuurlike skeiding gehandhaaf het tussen hom en die Swartes, Kleurlinge en die Asiër-groepe. Diederichs is dan ook beslis as hy sê: "*In die toekomstige Republikeinse volkstaat van die Afrikaner sal dus alleen die Blanke regstreekse seggenskap hê ... Bloedvermenging tussen Blankes en nie-Blankes moet ten strengste verbied word en die beginsel van segregasie moet deurgevoer word vir sover noodsaaklik vir die handhawing van die Blanke beskawing en die voortbestaan van die Afrikanervolk.*"[30]

Met bogenoemde in gedagte sal daar dus *radikaal* gebreek moet word met veel van die tradisionele gebruike wat van die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerkend was. Dit sal insluit tipiese uitdrukkinge wat tot en met hierdie dag nog vir die Afrikaner belangrik was soos onder andere "*apartheid*", "*afsonderlike ontwikkeling*", "*eie sake en algemene sake*", "*groepsgebiede*" en "*afsonderlike geriewe*". Trouens, 'n eie staat vir die Afrikaner sal nie meer sulke uitdrukkinge ken nie omdat dit uitdrukkinge is wat geldig is vir 'n *gemengde* samelewing wat op *één* grondgebied woon en wat deur *statutêre* maatreëls van mekaar geskei of "*apart*" gehou moet word. Geen wonder dat dit in die land se grondwet nodig geword het om te onderskei tussen, "*eie*" en "*alge-*

30. *Ibid.*, p. 128.

*mene*" sake nie.[31] Bylae 1, van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**, (1983) dui, "*Onderwerpe in Artikel 14*" aan, waar al die sake wat as "*eie*" sake geld ook onderworpe is aan, "*enige algemene wet.*"[32] Dit op sigself toon onteenseglik dat géén aspek van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing ontstrengel kan word nie. As die politiek vanaf die eerste tot die derde vlakke van regering geïntegreerde of gemengde strukture is, kan die samelewing aspekte van vermenging nie ontsnap nie. Sogenaamde "*eie*" sake soos gesondheidsdienste, universiteite, skole en skolesport en eie woongebiede, vertoon almal reeds elemente van gemengdheid.

Kan dit die volkstaat-gerigte Afrikaner, wat glo in 'n eie afsonderlike vryheidsin, verkwalik word as hy die tyd ryp ag om te vra vir 'n land wat *ondeelbaar* syne is, waar elke skool syne is, waar elke woonbuurt syne is, waar hy totale beheer uitoefen oor aspekte soos immigrasie, 'n eie ekonomiese stelsel volgens eie behoefte, en waar die *ganse owerheid* volgens 'n republikeinse volksmodel, deur hom alleen beheer word? Dan hoef daar nie sake soos diskriminerende maatreëls te wees nie, want almal word gelykberegtig voor die wet.

By geleentheid het Viljoen die kern van die saak aangeroer toe hy daarop gewys het dat, "*ons moet besef dat die voortgesette gebruik van die term 'blanke Suid-Afrika', om 'n staat te beskryf wat in werklikheid nie meer uitsluitlik deur blankes geregeer sal word nie, net verwarring en 'n gebrek aan geloofwaardigheid in die oë van binnelandse en buitelandse waarnemers gaan veroorsaak ... Ek wil egter ook die vraag opper of ons hierdie skeidingsbenadering, waarvan ons moet erken dat dit nie as die alléénoplossing van ons probleme beskou kan word nie, ten opsigte van die Blanke tog nie miskien te maklik prysgee nie. Ek wil in die eerste plek die goeie reg van die Blanke beklemtoon op 'n sekere privaatheid of eksklusiwiteit in sy eie Blanke woongebiede. Ek wil ook die vraag stel of ons werklik al voldoende aandag geskenk het aan die uitvoerbaarheid, en moontlik selfs die noodsaaklikheid, van 'n eksklusief Blanke kerngebied êrens in die Republiek van Suid-Afrika, wat wesenlik 'n veelvolkige staat is en word, om tog 'n soort van eie tuisland net vir die Blankes te voorsien ... Selfs in 'n veelvolkige staat is dit nodig vir die selfvertroue van 'n nasie* (lees **volk** - JdV), *om vir homself en die buitewêreld te bewys dat hy 'n kerngebied kan skep waarin hy met gebruik slegs van eie kragte en sonder om te steun op*

31. **Grondwet van die Republiek van SuidAfrika**, Nr. 110, 1983, Deel IV, Artikels 14(1) en (2) en 15.

32. *Ibid.*, Bylae 1, pp. 50-52.

*die arbeid van ander volksgroepe, 'n leefwyse vir homself kan uitwerk. Ek bepleit oorweging van hierdie gedagte nie vir ons land in sy geheel nie, maar wel ten opsigte van, al is dit ook maar 'n klein, simboliese, eksklusiewe eie Blanke kerngebied.*"[33]

Mnr. B.J. Vorster het by geleentheid gesê dat: "*Die Nasionale Party is besig om 'n Suid-Afrika van die vaderlande te bou, 'n vaderland vir die Witman, 'n vaderland vir elkeen met 'n eie persoonlikheid, onvermengd en identiteitsuiwer ...*"[34] Dit hou by implikasie die gedagte in van sinvolle naasbestaan van volke. Die kern is daar vir elke volk in Suid-Afrika om in te woon. Dit impliseer 'n aantal *onafhanklike* state *naas* mekaar, soos wat Europa met die tyd geword het. Dit beteken nie noodwendig die isolering van elke staat nie. Tans bestaan daar geen isolasie tussen volke soos in Botswana, Swaziland, Lesotho, Zambië, Mosambiek, Zimbabwe en ook Republieke soos Transkei, Venda en Bophutatswana nie. Waarom sal dit die geval wees met 'n eie Afrikanervolkstaat? Trouens, 'n Afrikanervolkstaat kan as 'n *modelstaat* in Suider-Afrika tot veel seën wees vir omliggende state. Noue kontak op ekonomiese, militêre, landboukundige en ander gebiede kan 'n welvarende toekoms vir almal skep. Dit sal egter geskied teen die agtergrond van *inter-afhanklikheid* en nie van *afhanklikheid* nie. Van Wyk Louw het ook, in die gees hiervan, *gebiedskeiding* vir die Swartes bepleit as hy skryf: "*Of ons, soos ek uit my hart hoop, hier 'n groep vrye, bevriende volke kry wat later uit eie beweging iets soos 'n Gemeenskaplike Mark, 'n Bond van volke of wat ook al, vorm ... En of ons, deur geweld of deur ons eie, ons blankes se traagheid en oneerlikheid, 'n volksbredie kry waarin die minderhede opgelos en langsaam vernietig word.*"[35]

Die implikasies vir óf 'n eenheidstaat óf 'n afsonderlike Afrikanervolkstaat, spreek vanself. Dr. Verwoerd was beslis as hy sê: "*The lion and the elephant can live, but they live better apart.*"[36] Ook Wessels wys daarop dat, "*die uitgangspunt bly steeds vrye assosiasie van soewerein-onafhanklike state met*

---

33. Viljoen, G. van N., "Dertig jaar Nasionale Party-bewind: 'n Terugblik en vooruitskouing", in Viljoen, G. van N., *Ideaal en Werklikheid: Rekenskap deur 'n Afrikaner*, p. 40. Waarskynlik het Viljoen nie hier 'n eksklusiewe Afrikanerkerngebied in gedagte gehad nie.
34. Vorster, B.J., "Ons roeping", in Van Schoor, A.M. (red.), *Die Nasionale Boek*, p. 16.
35. Kyk Viljoen, G. van N., "Wat is 'n volk?: Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir nasionalisme", p. 20.
36. Dvorin, E.P., *Racial Separation in South Africa - An analysis of Apartheid theory*, p. 1.

*klem op die soewereiniteit van die onderskeie lede omdat die basiese uitgangspunt van die beleid van afsonderlike ontwikkeling steeds is wat dit altyd was, naamlik om aan die Swartman in Suid-Afrika elke reg te gee wat 'n volk vir hom kan opeis met behoud van identiteit. Dit bly steeds die waarborg vir goeie menseverhoudings -- elke volk in eie kring in alle opsigte soewerein as grondslag vir vreedsame naasbestaan. Dit kan alles alleen geskied deur die toepassing van Calvinistiese beginsels in 'n wêreld in nood. Nader omskryf, sal dit eerder beteken volksnood omdat die liberaal-humanistiese uitgangspunt 'n ruspunt gevind het in 'n beklemtoning van die vryheid van die individu, en nie van die volkereverskeidenheid in God se skeppingsorde nie. In die beleid van afsonderlike ontwikkeling gaan dit dus nie om die vryheid van die individu of een of ander menslike verbande nie, maar positiewe bouwerk op die beginsel van die vervlegting van menslike verbande waarin God Sy waarheid toenemend in die geskiedenis openbaar."*[37]

Samevattend kan daarop gewys word dat om 'n leefbare toekoms vir die volkstaat-gerigte Afrikaner te skep, daar bepaalde *mikpunte* nagestreef sal moet word:

* Die Afrikaner se *soewereiniteit* moet deurgaans erken en gehandhaaf word;

* Hy moet 'n duidelike *omlynde grondgebied* hê waarin hy alleenseggenskap sal uitoefen;

* Hy moet *ekonomies onafhanklik* wees, dog ook ekonomiese interafhanklikheid en aanvaarbaar, dog op die grondslag van afsonderlike volkstate en/of ander gebiede;

* Hy moet *Christelik-nasionaal in sy lewensbeskouing* wees en die Christendom op alle lewensterreine uitbou op grond van 'n *Calvinistiese* grondslag.

Venter wys daarop dat die aansprake op besitreg, en die reg om grond te bewoon, van die *gevoeligste* en die *mees omstrede* sake is wat volkereverhoudinge in Suid-Afrika raak. Hy sê: *"Grond is die geboorte-, lewens-, erf- en sterfplek van mense wat in volksverband lewe; dit is die plek waar hulle hulle*

---

37. Wessels, D.P., *Politikologiese perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkerevraagstuk*, pp. 799-800.

*brood win, waar hulle na gees en liggaam veilig en versekerd kan woon en hulle geloof kan beoefen. Mense is emosioneel tot hulle grond aangetrokke, want dit raak elke besonderheid van die lewe, die ontbering en roem van die verlede, die stryd om bestaan van die hede en die ideale vir die toekoms. Die verlies van 'n vaderland beteken nie in die eerste plek dat die volk sy lewensruimte verloor nie, maar dat hy losgemaak word van sy geskiedenis en dat sy toekomsgerigte strewe verbrokkel.*"[38] Dr. D.F. Malan, as lid van die onafhanklikheidsdeputasie na Parys in 1919, skryf: "*'n Volk sonder 'n visie is dood. Die lokkende ideaal op die horison is 'n volk se lewe en sy toekoms.*"[39]

In sy samestelling maak 'n volk, wat sy sout werd is, voorsiening vir sulke gebeure soos hierbo genoem, al is hulle getallegewys in die minderheid. *'n Minderheid is egter ook in staat daartoe om 'n volk van vernietiging te red omdat hy in homself die inherente krag van sy historiese verlede en die beginsels van sy geestelike erfenis omdra.* Die geskiedenis vertoon talle voorbeelde waar die krag van tradisie en die binding van 'n volk se voorgeslagte 'n sterk invloed op sy doen en late uitgeoefen het. Chesterton praat van die, "*demokrasie van die afgestorwenes.*"[40] Besluite wat 'n volk se toekoms raak kan na sy mening nie net deur die lewendes geneem word nie. Wyse leiers sal ook die stemme tel van geëerde volksmanne uit die verlede en die oog gerig hou op die gevolge wat vandag se besluite vir die nog ongebore nageslag mag inhou.[41] In 'n toespraak op 31 Augustus 1918 te Malmesbury, sê dr. D.F. Malan: "*Wij staan by 'n keerpunt in de wereldgeschiedenis. Wij leven in 'n wereldkrisis, waarin daar opnieuw over het lot der volken en ook over ons eigen lot beschikt wordt. Is het mogenlik dat er iemand kan zyn die in alle ernst menen kan dat wij niets moeten doen, omdat het nu niet de tyd is? Voor wat wij nu niet doen, evengoed als wat wij doen, zyn wij verantwoording schuldig. Wij zyn het schuldig aan het voorgeschlacht, dat ons voorgegaan is, en dat voor het ideaal van de vrijheid geleeft heeft, en daarvoor gestorven is. Wij zyn het schuldig ook aan de geschlachten die nog komen zullen. Zy zullen eenmaal terug zien op deze tyd met zyn nieuwe idealen en met zyn gelegenheden, en zy zullen rekenschap van ons afeisen. Onze verantwoordelikheid mogen wij en zullen wij van ons niet afschuiven.*"[42]

---

38. Venter, J.F., "Grondaansprake word betwis: Aanslag teen die Afrikaner nou hewiger", p. 7.

39. Malan, D.F., *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, pp. 40-62.

40. Kyk aanhalings uit Kirk, R., "Prescription, authority and ordered freedom", in Meyer, F.S. (ed.), *What is Conservatism?*, pp. 27-28.

41. *Ibid.*

42. Malan, D.F., *op.cit.*, p. 61.

Die stryd van die minderheid bly dus van groot belang. Dit bied aan die nageslag 'n saak om voor te veg. Die volkstaat-gerigte Afrikaner van vandag het nog hoegenaamd nie die laaste woord gespreek oor sy *toekomsideale* nie. 'n Eie staat, afsonderlik en vry, bly sy keuse. Diederichs openbaar 'n betekenisvolle vergesig as hy sê: "*Hy (die Afrikanervolkstaat) sal ophou om die neutrale kleurlose staat te wees wat hy vandag is, en wat deur enige toevallige regeringsmeerderheid gebruik kan word tot nadeel van die Afrikaanse volkskern en tot voordeel van vreemde magte en elemente. Hy sal nou inhoud kry as dienaar van 'n ware, gevestigde volksgemeenskap ... Hy sal die magtigste wapen wees om die vryheid van hierdie volk te verseker.*"[43]

Enige volk stel vir homself 'n **ideaal**. So 'n ideaal dien as bindkrag. "*Dit is asof dit iewers in die toekoms vasgeanker is en in die rigting waarvan die mense soos aan onsigbare drade vorentoe beweeg, die toekoms in, met die hoop om dit te bereik.*"[44] Ons kan dus praat van die **bestemming** van die Afrikaner. Vir die Afrikaner is dit nie 'n *onbekende* bestemming nie. Raath skryf: "*Dit is 'n trek na die bekende, na die tuiste van die Afrikaner.*"[45] Die ideaal van die, "*volmens-Afrikaner*" (Van Wyk Louw) is gesetel in sy strewe na 'n *onafhanklike soewereine staat* waarin al sy aspirasies tot verwesenliking kan kom. Op 31 Mei 1938, tydens 'n kranslegging by die Vrouemonument in Bloemfontein, sê dr. J.D. Kestell, as hy wys op die lyding van die Afrikaner en sy geloof uitspreek in die Godgegewendheid van die Afrikaanse volksbestaan, die volgende: "*Ons sal tog nie sterwe nie*!" Nienaber skryf: "*Omdat hy* (dit is Kestell) *in die onsienlike geleef het, het hy sy geloof in sy volk behou.*"[46]

Daarom: **" 'n Volksideaal gaan nooit verby nie. Hy word vervul. En solank as hy nie vervul is nie, word daar gestry om sy vervulling!"**[47]

43. Diederichs, N., "Die Republikeinse Volkstaat van die Toekoms", pp. 128-129.
44. Van Jaarsveld, F.A., *Lewende Verlede*, p. 257.
45. Raath, A.W.G. en Strauss, S.A., *Die Afrikaner op Trek*, p. 38.
46. Nienaber, P.J., *Vader Kestell*, pp. 51 en 93.
47. Kyk Verwoerd, H.F., Toespraak te Meyerton, 26 Maart 1960, in Oranje-Perspektief, Desember 1987, p. 12.

# HOOFSTUK 8

# SLOTBESKOUING

Uitgaande van die argumente soos vervat in hierdie studie blyk die onderliggende *filosofie* van die volkstaat-idee geleë te wees in die drang en behoefte van talle Afrikaners om hulle los te maak van die *onbestendigheid* waarin die hedendaagse politiek-staatkundige bedeling in Suid-Afrika hom bevind. Die hoofargument van die politiek van die dag gaan daaroor dat alle groepe in Suid-Afrika in gelyke mate op die hoogste vlak van regering betrek moet word. So 'n *gemengde* regering moet noodwendig gevare inhou vir die voortbestaan van die Afrikaner in hierdie land. 'n Volk **per** se het geen bestaansreg te midde van 'n konglomeraat van vreemdelinge wat ver in die meerderheid is nie. Al die aspekte wat 'n volk kenmerk sal verdring word deur die *meerderheidswil*. Dit is die politikologiese konsekwensie van magspolitiek. Géén voorbeeld ter wêreld bestaan waar die teendeel bewys is nie.

In 'n essay, " *'n Diagnose van ons situasie*", wat op 9 Oktober 1976 in **Hoofstad** verskyn het, word die bewering gemaak dat ons in Suid-Afrika voor die moontlikheid van 'n *Derde Vryheidsoorlog* staan. Van Jaarsveld is egter van mening dat ons rééds in daardie oorlog betrokke is. Hy skryf: "*Vir die Afrikaners is dit egter 'n Derde Vryheidsoorlog weereens ter handhawing van onafhanklikheid, selfbeskikking en reg van selfstandige voortbestaan, nou egter in 'n tyd van 'n nasionalistiese Swart Imperialisme van binne Afrika, wat soos 'n vloedgolf uit die Noorde teen die 'Wit Suide' aangerol kom*."[1] Van Jaarsveld sê verder: "*Dit is 'n ideologiese oorlog wat om die besit van die siel van die mens gevoer word, 'n senuoorlog wat 'n beroep op abdikasie en oorgawe doen. Dit is 'n sielkundige oorlog wat die wil tot voortbestaan en selfvertroue ondermyn, 'n breinspoelingspoging wat die Blankes moet lei om saam met die Weste 'n skuldgevoel te ontwikkel en die 'onvermydelike' naamlik 'n 'Swart meerderheidsregering' te aanvaar. Dit is 'n oorlog wat op afpersing en dwang berus, ekonomiese ondergrawing van buite en dreigemente van sanksies, boikotte en blok-*

1. Van Jaarsveld, F.A., *Omsingelde Afrikanerdom*, pp. 250-251.

*kades, 'n oorlog waarin die waardes wat die Blanke as waardevol vir die Weste voorhou, misken, ontken en verwerp word."*[2]

Van Jaarsveld skryf voorts: "*Die Derde Vryheidsoorlog is 'n oorlewings-oorlog, 'n oorlog waarin dit om die voortbestaan óf ondergang van die Afrikaners en ander Blankes van Suid-Afrika gaan ... Tans gaan dit om 'n finale oorlog waarin die Afrikaners, sou hulle 'n neerlaag ly, nie weer sal opstaan of 'n toekoms sal kan hê nie, want dit sal onder 'n Swart meerderheidsregering wees. Die ervaring in Swart Afrika het geleer dat Swart nasionalisme eksklusief is. Blankes* (en Afrikaners -- JdV) *sal hier as volk nie geduld word nie ... Die beskawing soos die Blankes dit geken het, sal dan verby wees en Suid-Afrika sal terugval na sy eeue-oue sluimering.*"[3]

Veel is in die verhandeling aangetoon waarom die Afrikaner ooit toegelaat het dat hierdie situasie so ver ontwikkel het. Dit is gedane sake. Wat nou ter sake is, is dat die Afrikaner geleer het *uit die lesse van die geskiedenis* en dat daar nou by talle 'n onverbiddelike wil bestaan om die volle konsekwensie van volkskap deur te trek na 'n *eie soewereine staat* waarin hy oor homself regeer. Wat die Afrikaner tot nou toe vir *ander* gegun het, en homself in die proses feitlik gebreek het, dit gun hy nou vir *homself*. Die geskiedenis het geleer dat die Blanke Afrikaner 'n goeie buurman is, en dat hy tot veel in staat is om ander op te hef en om in vrede en harmonie met ander te leef. Dit kan egter slegs gebeur as die verskillende groepe en volke in Suid-Afrika geskeie van mekaar woon. Daar is ernstige verdelingsfaktore in die Suid-Afrikaanse samelewing, en om hulle almal in een "*huis*" te akkommodeer is om 'n verdeelde huis daar te stel. Dit het net een uiteinde en dit is die vernietiging van mekaar!

In sy gedig: **Vier Engtes**, skryf Mocke:

> *"Ontneem nie aan die volk wat jou vertrou*
> *die Self wat God in elke nasie plant:*
> *die Self deur stryd en offerdaad gebou --*
> *die eie siel, die eie taal en land;*
> *tradisies uit sy Daeraad geërf,*
> *sy lied, sy mite en sy eenheidswil:*
> *die Trots waarvoor 'n volk se helde sterf,*

2. *Ibid.*, p. 253.
3. *Ibid.*, pp. 253-254.

*die Roeping wat hy streef om te vervul.*
*Die straf vir dié wat heinings wil verbreek*
*en nasies dwing tot slaafse enerswees,*
*is eeue terug oor Rome uitgespreek*
*en word in Babilon se val gelees.*
*'n Mengelmoes word bron van moord en haat,*
*verval, ontaarding, misdaad en verderf;*
*en rykdom en sukses bring weinig baat*
*aan volke deur veelrassigheid onterf.*
*En Swart of Blanke, gee elke volk sy huis,*
*sy werf, met goeie heinings daaromheen;*
*en sy verlore vaderland beween?*
*Dis goeie heinings wat tot vriendskap lei*
*en naasbestaan in vrede moontlik maak,*
*solank Regverdigheid die rigsnoer bly*
*en Naasteliefde by die poorte waak."*[4]

Die onsekerheid en onstabiliteit wat tans in ons land heers stel baie mense depressief oor die toekoms. By talle het daar egter 'n *vaste sekerheid* ingetree presies wat hulle van die toekoms verlang. Aan hierdie mense, na wie ons deurgaans in hierdie verhandeling verwys het as die *volkstaat-gerigte Afrikaners*, word daar weereens 'n *ideaal* voorgehou waarvoor hulle kan werk, 'n ideaal om as vrye volk hul roeping in hierdie deel van die Vasteland uit te leef.

Dit het dringend noodsaaklik geword dat veral die *Afrikanerjeug* weer opgeskerp sal word om 'n liefde vir die eie volk, taal en land te ontwikkel. Dit is immers *húlle* wat die volgende geslag sal vorm en wat beslag sal moet gee aan hierdie ideaal. In 'n boodskap aan die jeug van Suid-Afrika (nie met die oog op 'n volkstaat nie -- JdV), sê die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha: "*Ons moet realistiese idealiste wees en die jeug besiel om dit te wees. Ons moet die werklikhede om ons verstaan en ons moet bid dat ons Skepper ons die vermoë sal gee om te verstaan wat ons taak is. Want vanself sal ons dit nie kan uitdink nie as ons daardie hulp nie van Bo kry nie.*

*"Ons strewe na reg en na vryheid moet voorafgegaan word deur selfdissipline en daartoe moet ons (ons jeugbewegings in Suid-Afrika) almal vorm om*

4. Kyk Mocke, S.I., Die Vier Engtes, soos aangehaal in Van Schoor, A.M. (red.), *Die Nasionale Boek*, p. 23.

*hulle strewe na vryheid en reg te laat voorafgaan deur dissipline. Want die ware vryheid kan alleen bestaan op die grondslag van geloof en dissipline. Ons moet by onsself verby kyk en ons land raaksien want ons land is meer as ons, en die volk wat ons dien is groter as onsself. Sonder ons volk het ons nie 'n stem in hierdie wêreld nie; sonder ons land het ons nie 'n plek in hierdie wêreld nie."*[5]

Verwysende na die Italiaanse leier, Mazzini, wat in 1854 die jeug van Italië toegespreek het, sê mnr. Botha: *"Julle moet getrou bly aan dit wat God julle geroep het om te wees. Lede van een volk, want sonder daardie volk sal niemand julle hoor as julle roep nie. ... Sonder die land wat julle geroep is om te dien sal julle nie 'n staanplek in hierdie wêreld hê nie. Dit is wat ons jeug moet leer om 'n stem te hê binne sy volksverband, om 'n staanplek te hê binne die grense van sy land ... Ons moet leer om ons verskille te alle tye ondergeskik te maak aan die liefde vir ons Vaderland, ons volk en ons ideale."*[6]

As die Afrikanerjeug kan leer wat dissipline en geloof beteken, en hulle dit as ideaal kan oordra op hulle *volksbewussyn*, het die Afrikaner 'n veilige toekoms in sy eie land. 'n Jeug wat opgroei met die idee dat selfwerksaamheid *edel* is en vry van *verknegting* van ander groepe, lê die basis van 'n *gesonde* volkslewe. In sy *eie* vaderland sal die jeug dit mettertyd as vanselfsprekend aanvaar dat elke volk sy *eie arbeid* verrig. Elders in die wêreld soos in Japan, Duitsland, Amerika, Frankryk, Israel en Brittanje doen daardie volke hul eie werk. In sy eie staat sal en kan die Afrikaner genoeg werkgeleenthede skep. Hoë produktiwiteit binne so 'n Afrikanervolkstaat kan aansteeklik werk op produktiwiteit elders. 'n Welvarende volkstaat moet hom *onmisbaar* maak in die subkontinent waarin hy woon.

Die skrywer is van mening dat die skepping van 'n Afrikanervolkstaat 'n uitdaging aan elke reggesinde Afrikaner, of die Blanke wat hom met die ideale van die Afrikaner vereenselwig, bied. Dit is 'n uitdaging wat moontlik enige uitdaging van die verlede ver vooruit sal wees. So 'n uitdaging kan moontlik die vonk wees wat weer die *beste kwaliteite van die Afrikaner* stimuleer, kwaliteite wat hy meen dat hy dit al verloor het. Dit kan as *bindingsfaktor* onder Afrikaners dien soos geen faktor in die verlede nie. Dit kan weer die *inherente, dinamiese geesteskrag* waaroor die Afrikaner beskik, en wat moontlik sluimerend geraak het as gevolg van humanisties-liberalistiese invloede, weer laat opbloei.

5. Die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha, in **Hou Koers**, Nr. 1, 1986, pp. 4-5.
6. *Ibid.*

As al die omstandighede waaronder die Afrikaner hom tans bevind in ag geneem word, is dit duidelik dat die volkstaat-gerigte Afrikaner by *homself* sal moet begin om hierdie *ideaal* van 'n eie volkstaat te verwesenlik. Hy moet begin *dink*, *beplan* en *werk* aan sy toekoms.

* Dit beteken in die **eerste** plek dat die Afrikaner hom sal moet bewapen met *kennis*: kennis van die groot faktore wat die volksgeskiedenis van die Afrikaner voorafgegaan het. Uit sy volksverlede moet hy besiel word tot daadkrag uit dit wat sy voorgeslagte verkry het deur bloed, stryd en lyding, maar ook deur taaie volharding tot sukses. Scholtz skryf tereg as hy, "*die weg na 'n toekoms*" aandui: "*Al die groot en ernstige probleme wat vir die toekoms van die volk 'n bedreiging inhou, moet aan navorsing en studie onderwerp word. Daar bestaan in die geledere van die Afrikaanse volk inderdaad 'n groot behoefte aan manne en vroue wat hulle op die studie van dergelike probleme sal toelê.*"[7]

* In die **tweede** plek sal die volkstaat-gerigte Afrikaner kennis moet hê van die *kontemporêre politieke gebeure* wat hom tans in Suid-Afrika afspeel. 'n *Oningeligte persoon is 'n weerlose persoon*. Hy sal betrokke moet raak by instansies wat die volkstaat-gerigte Afrikaner se ideaal na 'n eie staat uitleef. Hy sal moet leer om onbevange te kyk na alle aspekte wat sy posisie raak. Dit wat die vorige geslagte nie gedoen het nie, sal hy *nóú* moet doen.

* **Derdens**, om die uitvoerbaarheid daarvan moontlik te maak, sal daar weggekom moet word van *geykte politieke retoriek* wat die gedagte oor die volkstaat vandag kenmerk. Dit het tyd geword dat die Afrikaner *nuut* moet dink oor sake. Hy moet met nuwe idees kom en met nuwe terminologieë as dit moet. Nie dat die politiek 'n baie belangrike rol speel in hierdie verband nie, want dit is deur die *politiek* dat die grondslag gelê word vir 'n demokratiese besluitneming in hierdie verband. Verwoerd wys tereg daarop dat die politiek meer aandag kry omdat dit "*aanskoulik en sensasioneel van aard is.*"[8] Saam met politieke oorweginge sal daar ook op ander terreine soos die kultuur, die arbeid, die ekonomie en fisiese beplanning daadwerklik oorgegaan moet word om die ideaal te verwesenlik. Die Afrikaner sal die staat vir hom moet

---

7. Scholtz, G.D., *Het die Afrikaanse volk 'n toekoms?* p. 171.

8. Kyk Verwoerd, H.F., "Volkstaatperspektief: Die Afrikaner veg voort", p. 10.

**skép**. Niemand anders sal dit *vír* hom doen nie. Ondersteunende regeringsmaatreëls is egter dringend noodsaaklik.

Daar sal dus bepaald *offers* gevra word, maar *niks wat die moeite werd is word sonder offers en stryd verkry nie.* Dit is egter nie iets vreemds aan die wese van die Afrikaner nie. Dit kan wel waar wees dat die Afrikaner te lank gelede ervaar het wat stryd is, en dat van sy ideale langs die pad verflou het. Maar die werklike bedreiginge van die dag kan weer die ou strydvaardigheid van die Afrikaner na vore bring.

In sy drama, **Die Dieper Reg,** ('n spel van die oordeel oor 'n volk) skryf Van Wyk Louw:

*"Ek kom om vir 'n volk te pleit*
*wat klein naas al die volke staan, – – –*
*dat hulle naam nie sal verklink*
*en tot die stiltes gans vergaan;*
*maar dat hul sterk voor God durf kom –*
*rein is die mens wat suiwer streef –*
*en deur hul reg 'n nageslag*
*en verre eeue nog kan leef.*

*"... As jy 'n trotse volk verkneg,*
*word opstand teen die reg sy reg.*

*"... Gaan heen en weet dat julle reg*
*en daad voor God kan staan*
*omdat dit krag en eenvoud was,*
*omdat Hy self eenvoudig is:*
*één suiwer Wil, één ewige Daad*
*en bokant alle wisseling vas.*


*"Hul sal nie sterf, hul lewe het*
*in daardie land so ingetrek*
*en ingewerk dat hul sal bly*
*so lank sy kranse bo die see*
*se lang skuimkringe uit sal staan,*
*afsonderlik en trots en vry!"*[9]

9. Louw, N.P. van Wyk, *Die Dieper Reg - 'n Spel van die oordeel oor 'n volk*, Sesde druk, 1971.

Vir die voorsienbare toekoms sal die Afrikaner in hierdie land bly woon. Hier sal die volkstaat-gerigte Afrikaner sy strewe na 'n eie soewereine volkstaat tot verwesenliking voer. Hier sal hy *stry* en *veg* as dit nodig is vir dit wat hy as sy **reg** beskou. Die stryd lyk, menslik gesproke so groot en die strewe na onafhanklikheid so ver en soms onbereikbaar. Dit is dan dat die volkstaat-gerigte Afrikaner weereens sy vertroue kan put uit die Skrifwoord wat sê:


**"As dit vir die oorblyfsel van hierdie volk vandag onmoontlik lyk, moet dit dan ook vir my onmoontlik lyk? Die Here die Almagtige het dit gesê."**
(SAGARIA 8:6)

BYLAE A





Kyk Naweek-Volksblad, "Oral etniese oorloë", 07.11.1987.

**BYLAE B**





Kyk **Rapport**, 27.09.1987: "So moet die Afrikanerstaat lyk".

## BYLAE C





Kyk *"Die Boerestaat-Komitee"*, in pamfletvorm uitgegee deur mnr. Robert van Tonder, tans voorsitter van die **Boerestaat-Komitee**, Randburg, (ongedateerd)

# BYLAE D




Kyk "Spesiale Volkstaat-uitgawe", in **Oranje-Perspektief**, Junie/Julie 1987.

**BYLAE E**





Kyk Voigt, J.C., *Fifty Years of the History of the Republic of South Africa*, p. 45.

# BYLAE F





Kyk Leyds, W.J., *Het insluiten van de Boeren-Republieken*, p. 386 (b).

# BYLAE G




Kyk Leyds, W.J., *Het insluiten van de Boeren-Republieken*, p. 386 (a).

**BYLAE H**




Kyk "Voorgestelde land vir die Afrikaner", **Afrikanervryheidstigting,** Pretoria, 1989.

# BRONNELYS

## 1. BOEKE


Baily, H. en Katz, E.: *Ethnic Group Politics*, University of California Press, San Francisco, 1969.

Baker, D.G. (ed.): *Politics of Race*, Saxon House, Farnborough, 1975.

Barber, J.: *Is there a South African Nation?*, The South African Institute of International Affairs, Jan Smuts Memorial Speech, Braamfontein, March 1987.

Barnard, L.D. (red.): *Konflik en Orde in Internasionale Verhoudinge*, Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1978.

Berry, B. and Tischler, H.L.: *Race and Ethnic Relations*, Houghton Mifflen, Boston, 1978.

Booysen, H.: *Afrikaner-Boerevolk: Daarheen! Nou!*, Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1986.

Booysen, H.: *Die Aanslag teen die Selfbeskikking in die R.S.A.*, HAUM, Pretoria, 1981.

Boshoff, A. (red.): *Die Afrikaner se hoop leef!*, Afrikanervolkswag-publikasie, Pretoria, 1985.

Boshoff, C.W.H.: *Swart Teologie: Van Amerika tot in Suid-Afrika*, N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1980.

*Die Volkstaat: Hoekom hier?*, Die Afrikanervryheidstigting, Pretoria, 1989.

Boshoff, C.W.H.: *Amerika – Vriend of Vyand,* Afrikanervolkswag-publikasie, Pretoria, 1986.

Boshoff, C.W.H. en Jooste, C.J.: *Die Volkstaat as Afrikanerbestemming,* SABRA, Pretoria, 1989.

Botha, D.P.: *Die Opkoms van ons Derde Stand,* Human en Rousseau, Kaapstad, 1960.

Botha, P.R.: *Toekomsplan vir Suid-Afrika: 'n Basis vir dialoog,* Perskor Uitgewery, Johannesburg, 1978.

Brass, P.R.: *Ethnic Groups and the State,* Croom Helm, London, 1985.

Breytenbach, J.H.: *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902,* Staatsdrukker, Pretoria, 1969.

Breytenbach, J.H. en Pretorius, H.S.: *Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek,* Deel I, 1844-1850, Kaapstad, 1949.

Brierly, J.L.: *The Law of Nations,* Sixth edition, Oxford at the Clarendon Press, Oxford, 1963.

Brooks, E.H.: *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present day,* J.L. van Schaik, Pretoria, 1927.

Broughton, M.: *Press and Politics of South Africa,* Cape Town, 1961. (Publisher unknown)

Bruwer, P.F.: *Die Derde Vryheidsoorlog woed ... Ons kan wen,* Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1986.

Bruwer, P.F.: *Republiek Afrikana: 'n Tuiste vir die Afrikaner*, Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1984.

*Vir Volk en Vryheid*, Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1988.

Cloete, G.S.: *Etnisiteit: Diskriminasie of neutrale samelewingsverskynsel?*, Instituut vir Politieke en Afrikastudie, PU vir CHO, Potchefstroom, 1984.

Cobban, A.: *The Nation State and National Selfdetermination*, Collins, London, 1969.

Coetzee, J.A.: *Volksidee en Nasiebou – 'n Politieke Rekonstruksie*, V en R Uitgewers, Pretoria, 1979.

Coertze, P.J.: *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*, HAUM, Pretoria, 1983.

*Filosofiese en Metodologiese Grondslae van die Volkekunde*, Lex Patria, Johannesburg, 1980.

(red.): *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1973.

Coertze, R.D.: *Gemeenskapsontwikkeling: Teorie en Praktyk*, SABRA, Pretoria, 1978.

Collins, R.O. (ed.): *The Partition of Africa: Illusion or Necessity*, John Wiley and Sons Inc., New York, 1969.

Coolenbrander, H.T.: *De Afkomst der Boeren*, Amsterdam, 1902. (Uitgewers onbekend)

Cory, G.E.: *The Rise of South Africa*, Vol. 1-6, Cape Town, 1965. (Publisher unknown)

Cronjé, G.: *Regverdige Rasse-apartheid*, CSV Boekhandel, Stellenbosch, 1947.

Dahl, R.A.: *Political Opposition in Western Democracies*, Yale University Press, New Haven, 1966.

De Crespigny, A. en Schrire, R.: *The Government and Politics of South Africa*, Juta, Cape Town, 1978.

De Villiers, H.H.W.: *Rivonia – Operation Mayibuye*, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

Diederichs, N.: *Nasionalisme as Lewensbeskouing*, Bloemfontein, 1936. (Uitgewers onbekend)

Dooyeweerd, H.: *Verkenningen in de Wijsbegeerte en de Rechtsgeschiedenis*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1962.

Doyle, A.C.: *The Great Boer War*, Smith, Elder and Company, London, 1901.

Dreyer, P.S. (red.): *Afrikaner-Liberalisme*, Pretoria, 1977. (Uitgewers onbekend)

*Inleiding: Die Liberalisme*, Pretoria, 1977. (Uitgewers onbekend)

*Revolusie en Terreur*, Boekenhout-Uitgewers (Edms) Bpk., Arcadia, Pretoria, 1978.

Du Plessis, J.: *Kommunistiese Vrede of Christelike Stryd*, NG Sending-Uitgewers, Bloemfontein, 1979.

Du Plessis, L.T.: *Die Moderne Staat*, Pro-Eccleasia Drukkery, Stellenbosch, 1941.

Du Preez, A.B.: *Eiesoortige Ontwikkeling tot Volksdiens -- Die Hóop van Suid-Afrika*, HAUM, Pretoria, 1959.

Dvorin, E.P.: *Racial Separation in South Africa -- An Analysis of Apartheid Theory*, University of Chicago Press, Chicago, 1974.

Eloff, G.: *Rasse en Rassevermenging*, Bloemfontein, 1942. (Uitgewers onbekend)

Fisher, H.A.L.: *The Commonwealth*, Oxford Claredon Press, London, 1924.

Floyd, T.B.: *Afrikaner-nasionalisme*, Pretoria, 1975. (Uitgewers onbekend)

Fouché, L.: *Het Dagboek van Adam Tas*, London, 1914. (Uitgewers onbekend)

Gann, L.H. and Duignan, P.: *White Settlers in Tropical Africa*, Penguin Books, Harmondsworth, 1962.

*Why South Africa will survive*, Tafelberg-Publishers, Cape Town, 1981.

Garreau, J.: *The Nine Nations of North America*, Avon Books, New York, 1981.

Gey van Pittius, E.F.W.: *Staatsopvattinge van die Voortrekkers en Boere*, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1941.

Gie, S.F.N.: *Die Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel I, Johannesburg, 1924.

Giliomee, H. en Elphick, R. (reds.): *'n Samelewing in Wording – 1652-1820*, Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1986.

Glazer, N. and Moynihan, D.P.: *Ethnicity*, Cambridge-Harvard University Press, Cambridge, 1975.

Goosen, D.P. (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika – 1910-1953*, Impala Opvoedkundige Diens (Edms) Bpk., Johannesburg, 1953.

Grant, A.J.: *Outlines of European History*, Longmans, London, 1958.

Green, V.H.H.: *Renaissance and Reformation: A Survey of European History between 1450 and 1660*, Edward Arnold Publisher, London, 1964.

Grillo, R.D. (ed.): *"Nation" and "State" in Europe: Anthropological Perspectives*, Academic Press, London, 1980.

Hall, R.L. (ed.): *Ethnic Autonomy – Comparative Dynamics*, Pergamon Press, New York, 1979.

Halpern, B.: *The Idea of the Jewish State*, Harvard University Press, Harvard, 1969.

*Handboek vir die Erediens:* NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1988.

Harris, P.B.: *Foundations of Political Science*, Hutchinson of London, London, 1976.

Hayek, F.A.K.: *The Constitution of Liberty*, London, 1960. (Publisher unknown)

Held, D.: *Models of Democracy*, Polity Press, Oxford, 1987.

Heyns, J.A.: *Die Kerk*, NG Kerk Boekhandel, Pretoria, 1977.

Hoernlé, R.F.A.: *South African Native Policy and the Liberal Spirit*, Phelps-Stokes Fund of the University of Cape Town, Cape Town, 1939.

Hough, J.C. Jnr.: *Black Power and White Protestants: A Christian Response to the New Negro Pluralism*, OUP, New York, 1968.

Hugo, P. en Kotzé, H.: *Suid-Afrika Oorlewing in Politieke Perspektief*, Jonathan Ball Uitgewers, Johannesburg, 1983.

Huntington, S.P.: *Political Order in Changing Societies*, Yale University Press, New Haven, 1968.

Ingham, K.: *Jan Christiaan Smuts: The Conscience of a South African*, Weidenfeld and Nicholson, 1986.

Johnson, R.E. (ed.): *The Politics of Division, Partition and Unification*, Preager, New York, 1976.

Kalsbeek, L.: *De Wijsbegeerte der Wetsidee*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970.

Katzew, H.: *Solution for South Africa: In Jewish View*, Nasionale Boekhandel, Cape Town, 1955.

Kemp, K.: *Carel Boshoff en sy Afrikaner-denke*, Oranjewerkers Promosies Bpk., Pretoria, 1984.

Kestell, J.D.: *My Nasie in Nood*, Die Tweede Trek-Reeks Nr. III, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1940.

Keyter, J. de W. (red.): *Ons Republiek*, Die Tweede Trek-reeks Nr. X, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.

Kock, P. de B.: *Inleiding tot die Christelike Wysbegeerte (1): Grondslae*, Departement Wysbegeerte, UOVS, Bloemfontein, 1965.

*Koers in die Krisis:* Dele I, II en III. Versamel deur die **Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika**, Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1940.

Kohn, H. and Sokolsky, W.: *African Nationalism in the Twentieth Century*, D. van Nostrand Company Inc., New York, 1965.

Kohn, H.: *American Nationalism*, Collier Books, New York, 1961.

*The Idea of Nationalism*, Collier Books, New York, 1960.

Kotzé, D.J.: *Nasionalisme: 'n Vergelykende Studie*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1969.

Krehbiel, E.: *Nationalism, War and Society*, MacMillan, New York, 1961.

Krige, E.J.: *The Social System of the Zulus*, Shuter & Shooter, Pietermaritzburg, 1950.

Kuyper, A.: *Lectures on Calvinism*, Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids, 1961.

Lacour-Gayet, R.: *A History of South Africa*, Cassell, London, 1977. (Uit Frans vertaal deur S. Hardman)

Landman, W.A.: *A plea for understanding: A reply to the Reformed Church in America*, NG Kerk-Uitgewers, Elsiesrivier, Kaapstad, 1968.

Langenhoven, C.J.: *Eerste skoffies op die Pad van Suid-Afrika*, Nasionale Pers, Kaapstad, 1921.

Levine, H.M.: *Political Issues Debated: An Introduction to Politics*, Prentice Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1982.

Leyds, W.J.: *Het insluiten van de Boeren-Republieken*, Twee dele, Amsterdam, Allerd de Lange, Holland-Afrika Uitgevers Mij., Kaapstad, 1914.

Lijphart, A.: *Democracy in Plural Societies: A Comparative Exploration*, Yale University Press, New Haven, London, 1977.

Louw, N.P. van Wyk.: *Die Dieper Reg – 'n Spel van die oordeel oor 'n volk*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1971.

*Liberale Nasionalisme,* Tafelberg, Kaapstad, 1971.

*Lojale Verset: Kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1975.

Lubbe, W.J.G. (red.): *Witman, waar is jou vryheid?,* Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1985.

Macmillan, W.M.: *Bantu, Boer and Briton: The making of the South African Native Problem*, Faber and Gwyer, London, 1929.

Malan, D.F.: *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*, Nasionale Boekhandel Bpk., Bloemfontein, 1961.

Malan, J.H.: *Die opkoms van 'n Republiek: Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1929.

Malan, M.P.A.: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy stryd en prestasies: 1914-1964*, Nasionale Handelsdrukkery Bpk., Elsiesrivier, 1964.

Malan, T. en Hattingh, P.S.: *Black Homelands in South Africa*, Africa Institute of South Africa, Pretoria, 1976.

Malherbe, D.F. du T.: *Afrikaner-Volkseenheid*, Die Tweede Trekreeks Nr. XV, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1942.

Markovitz, I.L.: *Leopold Sedar Senghor and the politics of Négritude*, Heinemans, London, 1969.

Meerloo, J.A.M.: *The rape of the mind: The psychology of thought control, menticide and brain washing*, Grosset and Dunlap, New York, 1971.

Meyer, F.S. (ed.): *What is Conservatism?*, Holt, Rhinehart and Winston, New York, 1964.

Meyer, P.J.: *Die Afrikaner*, Die Tweede Trek-reeks Nr. I, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1940.

*Nog nie ver genoeg nie*, Perskor, Johannesburg, 1984.

Mönnig, H.: *Groepsidentiteit en Groepswrywing: Enkele waarnemings oor ras, rassisme, volk en etnisiteit, nasie en nasionalisme*, Perskor Uitgewery, Johannesburg, 1980.

Moodie, T.D.: *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion*, University of California Press, Berkeley, 1975.

Muir, R.: *Nationalism and Internationalism: The Culmination of Modern History*, Constable and Co., Ltd., London, 1919.

Muller, C.F.J. (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Academica, Pretoria, 1968.

Muller, C.F.J.: *Die Oorsprong van die Groot Trek*, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1987.

Munger, E.S. (ed.): *The Afrikaners*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1979.

Nel, P.G. (red.): *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner*, HAUM, Pretoria, 1979.

Nepgen, C.C.: *Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes*, CSV-Boekhandel, Stellenbosch, 1938.

Nevins, A. and Commager, H.S.: *America: The Story of a Free People*, University Press, Oxford, 1942.

Ngubane, J.K.: *Conflict of Minds*, New York, 1979. (Publisher unknown)

Nienaber, P.J.: *Vader Kestell*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1971.

Oakes, D. (ed.): *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, The Reader's Digest Association, South Africa, (Pty) Ltd., Cape Town, 1988.

O'Connell, D.P.: *International Law*, Vol. 1, London, 1970. (Publisher unknown)

Odendal, F.F. (Hoofredakteur): *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, Perskor-Uitgewery, Tweede uitgawe, derde druk, Johannesburg, 1983.

*Oxford English Dictionary (The)*, Vol. VII: Oxford at the Clarendon Press, Oxford, 1970.

Paden, J.N. and Soja, E.W. (eds.): *The African Experience*, North Western University Press, Evaston, 1970.

Pettigrew, T.F. (ed.): *Racial discrimination in the United States*, Harper and Row, New York, 1975.

Pienaar, S.W. (red.): *Glo in u volk*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1964.

Preller, G.S.: *Piet Retief*, Kaapstad, 1930. (Uitgewers onbekend)

Preller, G.S.: *Voortrekkermense*, Deel III, Kaapstad, 1922. (Uitgewers onbekend)

Pretorius, H.S. en Kruger, D.W.: *Voortrekker-Argiefstukke: 1829-1849*, Pretoria, 1937. (Uitgewers onbekend)

Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.T. (reds.): *Afrikaans: Stand, Taak en Toekoms*, HAUM, Pretoria, 1984.

Raath, A.W.G. en Strauss, S.A.: *Die Afrikaner op Trek*, Afrikanervolkswag-publikasie, Pretoria, 1989.

Raubenheimer, J.: *Boer, Brit en Bantoe*, Pro-Rege, Potchefstroom, 1968.

Reitz, F.W.: *Een Eeuw van Onrecht*, Opsteller J. de V. Roos, Kaapstad, 1899.

Reuter, E.B.: *Race and Culture*, New York, 1934. (Publisher unknown)

Rhoodie, D.O.: *Suid-Afrika: Van Koloniale onderhorigheid tot Soewereine onafhanklikheid*, Perskor, Johannesburg, 1974.

Rhoodie, N.J.: *Intergroup accommodation in plural societies*, **Institute for Plural Studies**, Pretoria, Macmillan, 1978.

*Die Moderne Etniese Problematiek*, Geleentheidspublikasie Nr. 24, **Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing**, Pretoria, 1985.

Rhoodie, N.J. en Venter, H.J.: *Die Apartheidsgedagte*, HAUM, Pretoria, 1959.

Sampson, H.F.: *The Principle of Apartheid*, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.

Schleicher, C.P.: *Introduction to International Relations*, Prentice-Hall, New York, 1954.

Schoeman, P.G.: *Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie*, Sacum, Bloemfontein, 1975.

Scholtz, G.D.: *Afrikaner, Waarheen?*, Perskor, Johannesburg, 1978.

*Die Konstitusie en die Staatsinstelling van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902*, N.V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1936.

*Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Agt dele, Verskeie Uitgewers van 1967-1984.

*Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?*, Voortrekker-Pers Bpk., Johannesburg, 1954.

Scholtz, G.D.: *'n Swart Suid-Afrika?,* Kaapstad, 1964. (Uitgewers onbekend)

See, K.O.: *First World Nationalisms: Class and Ethnic Politics in Northern Ireland and Quebec*, The University of Chicago Press, Chicago, 1986.

Serof, H. and Greig, I.: *The Puppeteers*, Tandem Books Ltd., London, 1965.

Seton-Watson, H.: *Nation and States: An Enquiry into the Origins of Nations and the Politics of Nationalism*, Methuen, London, 1977.

Shibutani, T. and Kwan, K.M.: *Ethnic Stratification*, MacMillan, New York, 1965.

Smeenk, C.: *Christelijk-Sociale Beginselen*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1934.

Smith, E.W.: *Aggrey of Africa*, London, 1929. (Publisher unknown)

Smuts, J.C.: *Plans for a Better World*, Hodder and Staughton, London, 1942.

Snyder, L.: *The Making of Modern Man*, Von Nostrand, Princeton, 1967.

Spier, J.M.: *Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte*, in Afrikaans vertaal deur H.J. en D.F.M. Strauss, Sacum, Bloemfontein, 1972.

Sprey, K.: *Wereldgeschiedenis*, Deel I, Utrecht, 1952. (Uitgewers onbekend)

Starcke, A.: *Survival: Taped interviews with South Africa's power élite*, Tafelberg, Cape Town, 1978.

Steyn, J.C.: *Tuiste in Eie Taal*, Tafelberg, Kaapstad, 1980.

Stoker, H.G.: *Die Stryd om die Ordes*, Caxton Drukkers (Edms) Bpk., Pretoria. (ongedateerd)

Stoyanovski, J.: *The Mandate for Palestine*, Longmans, London, 1929.

Strauss, H.J.: *Christelik-Nasionaal en CNO*, Sacum, Bloemfontein, 1969.

*Instellings en Organisasies tot eer van God*, Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1944.

Stultz, N.M.: *Transkei's Half Loaf: Race Separatism in South Africa*, David Phillip, London, 1979.

Sureda, A.R.: *The evolution of the right of self-determination: A study of United Nations Practice*, Leiden, 1973. (Publisher unknown)

Swart, A. (red.): *En hier is nou ons nuwe Boerevolkstaat*, Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1985.

Swart, M.: *Ons voortbestaan -- Die kultuurstrewe van die Afrikaner*, Oranjewerkers Promosies (Edms) Bpk., Pretoria, 1987.

Taylor, A.R.: *Prelude to Israel: Analysis of Zionist Diplomacy, 1897-1947*, London, 1959. (Publisher unknown)

Terblanche, H.O.: *John Vorster -- OB Generaal en Afrikanervegter*, Cum-Boeke, Roodepoort, 1983.

Theal, G.M.: *History and ethnography of South Africa since 1795*, Vol. III, London, 1910. (Publisher unknown)

Tilly, C. (ed.): *The Formation of National States in Western Europe*, Princeton University Press, New Jersey, 1975.

Treurnicht, A.P.: *Credo van 'n Afrikaner*, Tafelberg, Kaapstad, 1975.

*Waar die soeklig val*, NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1974.

Van den Berghe, P.L.: *The Ethnic Phenomenon*, Elsevier, New York, 1981.

Vandenbosch, A.: *South Africa and the World: The Foreign Policy of Apartheid*, University of Kentucky Press, Lexington, 1970.

Van der Merwe, H.J.J.M.: *Segregeer of Sterf*, Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1961.

Van der Merwe, H.W. (ed.): *African Perspectives on South Africa*, David Phillip Publisher, London, 1978.

Van der Merwe, N.J.: *Marthinus Theunis Steyn: 'n Lewensbeskrywing*, Deel I, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1921.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Nasou Bpk., Bloemfontein. (ongedateerd)

Van Jaarsveld, F.A. en Scholtz, G.D. (reds.): *Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, Ontstaan en Toekoms*, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.

Van Jaarsveld, F.A.: *Lewende Verlede*, Afrikaanse Pers Boekhandel, Pretoria, 1961.

*Omsingelde Afrikanerdom*, HAUM, Pretoria, 1978.

*Wie en wat is die Afrikaner?*, Tafelberg, Kaapstad, 1981.

Van Schoor, A.M. (red.): *Die Nasionale Boek*, Perskor, Braamfontein, 1973.

Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J.: *Republieke en Republikeine*, Nasionale Boekhandel, Bpk., Bloemfontein, 1960.

Van Vuuren, D.J. en Kriek, D.J. (reds.): *Politieke Alternatiewe vir Suid-Afrika: Grondslae en Perspektiewe*, Macmillan Uitgewers (Edms) Bpk., Johannesburg, 1982.

Van Wyk, J.H. en Vorster, J.M.: *Altyd Reformeer*, Boekhandel De Jong (Edms) Bpk., Braamfontein, 1983.

Venter, E.A.: *Die Gelowige in die Samelewing*, Sacum, Bloemfontein, 1972.

*Wysgerige Temas*, Sacum, Bloemfontein. (ongedateerd)

Verloren van Themaat, J.P.: *Staatsreg*, Butterworth en Kie (Ltd), Durban, 1956.

Viljoen, G. van N.: *Bantoe buite die Tuislande: Riglyne vir die Toekoms*, SABRA, Pretoria, 1972.

*Ideaal en Werklikheid: Rekenskap deur 'n Afrikaner*, Tafelberg, Kaapstad, 1978.

Viljoen, G. van N.: *Vernuwing en Voortgang: Rekenskap deur 'n Afrikaner II*, Tafelberg, Kaapstad, 1979.

Voigt, J.C.: *Fifty Years of the History of the Republic of South Africa (1795-1845)*, C. Struik, Pty., Ltd., Cape Town, 1969.

*"('n) Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys"*: Uitgegee in opdrag van die *Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding*, Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, 1970.

Wierenga, P.A.C.: *De Oudsten Boeren-Republieke Graaff-Reinet en Swellendam*, Den Haag, 1921. (Uitgewers onbekend)

Wilson, M. en Thompson, L. (eds.): *The Oxford History of South Africa*, Vol. II, Oxford at Clarendon Press, Oxford, 1974.

Wypkema, A.: *Invloed van Nederland op die Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881*, Pretoria, 1939. (Uitgewers onbekend)

Young, C.: *The Politics of Cultural Pluralism*, The University of Wisconsin Press, Wisconsin, 1976.

## 2. POPULêR-WETENSKAPLIKE TYDSKRIF-ARTIKELS

Booysen, H.: "Blanke eenheid", in *Oranje-Perspektief*, April 1986.

Bruinette, K.E.: "Die ideale staatkundige model: Strategiese implementeringsoorwegings", in *SA 1990: Enkel strategiese oorwegings met die oog op Nasionale selfhandhawing*, Jaarboek 12, **SABRA**, 1976-1977.

Bruwer, P.F.: "Die Nasionale Party se aanslag op Afrikaans", in *Oranje-Perspektief*, November 1987.

"Katalaanse nasionalisme", in *Oranje-Perspektief*, Augustus 1985.

"Magsdeling: Lesse uit die geskiedenis", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Desember 1987.

"Ooreenkoms of verskille", in *Oranje-Perspektief*, November 1986.

"Vir volk en vryheid", in *Oranje-Perspektief*, Februarie 1987.

Buthelezi, M.G.: "White and Black nationalism, ethnicity and the future of the homelands", in *South African Institute of Race Relations*, March 1974.

Coetzee, J.H.: "Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme", *IBC Brosjurereeks Nr. 4*, PU vir CHO, Potchefstroom. (ongedateerd)

"Suid-Afrikaanse Tuislande in die raamwerk van afsonderlike ontwikkeling", in *Suid-Afrikaanse Tuislande*, PU vir CHO, Potchefstroom, 1971.

Coertze, P.J.: " 'n Prinsipiële en feitelike inleiding tot die studie van volkereverhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, April 1971.

Coertze, R.D.: "Selfbeskikking vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, April 1984.

"Wat die Afrikaner se toekoms sal bepaal", in *Oranje-Perspektief*, Maart 1985.

*Die Boodskapper*: Lyfblad van die **Afrikaanse Protestantse Kerk**, Nr. 22, Augustus 1989.

*Die Kerkbode*: Lyfblad van die **Ned. Geref. Kerk**, 27 September 1967.

Dunn, L.G.: *The Race Question in Modern Science*, **UNESCO**, Paris, 1959.

Hanekom, C.: "Ons en die Bantoe", in *Jaarboek*, Nr. 4-5, **SABRA**, 1968-1969.

*Hou Koers*: Lyfblad van **Die Voortrekkers**, Nr. 1, 1986.

Jacobs, S.C.: "Die nuwe grondwetlike bedeling: Oorsaak van die grondwetlike krisis?", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Januarie 1987.

Jooste, C.J.: " 'n Land vir die Afrikaner: Noodsaaklikheid, agtergrond en voorgestelde riglyne", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Julie 1987.

Lamprecht, B.H.A.: "Afrikaner voortbestaan", in *Oranje-Perspektief*, Februarie 1987.

Langenhoven, C.J.: "En die grondwet? Wat nou?", in *Bybel en Volk*, Mondstuk van die **Vereniging Bybel en Volk**, Jaargang 2, Nr. 10, Desember 1987.

Lenski, R.G.: "An Israeli dilemma", in *Mankind Quarterly*, Vol. XVIII, Nr. 2, 1977.

MacCrone, I.D.: "The Great Trek and its centenary celebration in the light of group psychology", in *Race Relations*, Part V, No. 4, November 1938.

Malherbe, D.F. du T.: "Volkse houding", in *Koers in die Krisis*, Deel 3, 1941.

*"Mondstuk"*: Maandblad van die **Transvaalse Onderwysersvereniging**, Januarie 1986.

Morant, G.M.: "The race question in modern science", **UNESCO**, 1959.

Potgieter, F.J.M.: "Veelvormige ontwikkeling -- die wil van God", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Oktober 1968.

Raath, A.W.G.: "Grondbeginsels van die Calvinistiese vryheidsleer", in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 1e en 2e Kwartaal, 1987.

Redaksioneel: "Die Staatspresident antwoord oor eie grond", in *Oranje-Perspektief*, September 1987.

"Vir volk en vryheid: Die geskiedenis van die Bretoene", in *Oranje-Perspektief*, September 1986.

" 'n Wit republiek in Amerika", in *Oranje-Perspektief*, September 1986.

Rhoodie, N.T.: "Buitelandse opvattinge oor rasse- en volkereverhoudinge in Suid-Afrika", in *Jaarboek*, Nr. 4-5, SABRA, 1968-1969.

*Spro-Cas Report*: "South Africa's political alternatives", *Report of the* **Political Commission of the Study Project on Christianity in Apartheid Society**, Ravan Press, Johannesburg, 1981.

Strauss, H.J.: "Afsonderlike ontwikkeling en mensegode", in *Riglyne*, Jaargang 3, Nr. 1, April 1972.

"Calvinistiese volksbeskouing" in *Gereformeerde Vaandel*, deel XV, Nr. 4, April 1947.

Stultz, N.M.: "On partition", in *Social Dynamics*, Vol. 5, Nr. 1, 1979.

Swart, A.: "Baske -- Oudste volk?", in *Oranje-Perspektief*, April 1984.

Swart, M.J.: "Metodes vir die uitbouing van gesonder rasseverhoudinge", in *Jaarboek*, Nr. 4-5, SABRA, 1968-1969.

Van den Berg, C.L.: "Die Bybel en selfbeskikking", in *SABRA-Nuusbrief*, Nr. 33, Desember 1983.

Van der Merwe, S.J.: "Riglyne vir beplanning", SA 1990: Enkele strategiese oorwegings met die oog op nasionale selfhandhawing, in *Jaarboek Nr. 12*, SABRA, 1976-1977.

Van Loggerenberg, N.T.: "Gelykheid en voortreflikheid in die onderwyspraktyk", in *Die Vrystaatse Onderwyser*, Deel 76, Nr. 4, April 1986.

Van Loggerenberg, N.T.: "Wetenskaplik-begronde onderwysvoorsiening", in Die *Vrystaatse Onderwyser*, Deel 79, Nr. 7, Julie 1989.

Venter, J.F.: "Die beginsels van ruimtelike ordening", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Oktober 1984.

"Grondaansprake word betwis: Aanslag teen die Afrikaner nou hewiger", in *SABRA-Nuusbrief*, Nr. 36, Oktober 1984.

" 'n Nuwe grondwet vir die RSA: Plaaslike regering en selfbeskikking", **SABRA**, 1985.

"Teenstrydighede in die teorie en praktyk van die huidige grondwetlike bedeling", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Januarie 1987.

"Swart- en ander nasionalismes in Suid-Afrika", in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, April-Julie 1989, Jaargang 40, Nrs. 2 en 3.

Venter, J.F. en Nel, C.J.: "Die ontleding en evaluering van die huidige geo-politieke bedeling ten opsigte van die Swart volke", in *Jaarboek*, Nr. 12, **SABRA**, 1976-1977.

Verwoerd, H.F.: Rede gelewer te Meyerton op 26 Maart 1960, in *Oranje-Perspektief*, Desember 1987.

Verwoerd, H.F. Jnr.: "Volkstaatperspektief: Die Afrikaner veg voort", in *Oranje-Perspektief*, Junie-Julie 1988.

Viljoen, G. van N.: "Die jeug se aandeel in goeie rasseverhoudinge", in *Jaarboek*, Nr. 4-5, SABRA, 1968-1969.

Von der Ropp, K.: "Power Sharing versus Partition in South Africa", **Australian Outlook**, 35:2.

Wessels, F.J.H.: "Ongeloof en wêreldgebeure", in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, Tweede Kwartaal, 1976.

Worral, D.: "The plural-state system as a direction of change", in *Directions of Change in South African Politics*, Spro-Cas, Johannesburg. (undated)

## 3. VAK-WETENSKAPLIKE TYDSKRIFARTIKELS

Alcock, A.J.: "A new look at the protection of minorities and the principle of equality of human rights", in *Community Development Journal*, No. 12, 1981.

Barrie, G.N.: "A legal view of Transkeian recognition and so-called 'Statelessness'", in *Politicon*, Vol. 3, No. 2, October 1976.

Boehm, M.H.: "Nationalism", in *Encyclopaedia of Social Sciences*, Vol. II, Macmillan, New York, 1933.

Cilliers, P.J.: "Konstitusionele veranderinge in Suid-Afrika: Regeringstandpunte", Aktualiteits-reeks Nr. 13, in *Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek*, PU vir CHO, Potchefstroom, September 1977.

Degenaar, J.J.: "Die Afrikaner mondig of onmondig?", in *Standpunte 130*, 3de reeks, Nr. 4, Augustus 1977.

De Klerk, W.J.: "South Africa's domestic politics: Key questions and options", in *Politicon*, Vol. 4, No. 2, December 1977.

Jacobson, D.: "Among South Africans", in *Commentary 65*, No. 3, March 1978.

Janks, P.: "Southern Africa: New Horizons", *Institute for the Study of Conflict*, No. 73, London. (undated)

Klein, J.T.: "A pluralistic model for Educational Theory", Vol. 28, No. 2, 1978.

Pounds, N.J.G.: "History and geography: A perspective on partition", in *Journal of International Affairs*, No. 2, 1964.

Treurnicht, A.P.: "Meningswisseling", in *Standpunte 133*, derde reeks, Jaargang 31, Nr. 1, Februarie 1978.

Van Dyke, N.: "The individual, the state and ethnic communities in political theory", in *World Politics 29*, No. 3, April 1977.

Wessels, D.P.: "Menseregte en die beleid van afsonderlike volksontwikkeling", in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Jaargang 5, Nr. 1, Maart 1980.

Williams, C.H.: "The territorial dimension in language planning", in *Language problems and language planning*, Vol. 5, No. 1, 1981.

## 4. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Barnard, L.D.: *Die Magsfaktor in Internasionale Verhoudinge*, Ongepubliseerde D. Phil.-Proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1975.

De Vos, J.: *Die ontsluitende taak van Bybelonderrig met besondere verwysing na die religieuse gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine*, Ongepubliseerde MA-Verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1983.

Eksteen, J.J.H.: *Die verband tussen die Kommunisme en die Swartmag-ideologie*, Ongepubliseerde MA-Verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1979.

Louw, G.J.J.: *'n Temporaliteitspedagogiese verantwoording van opvoeding in 'n veelvolkige samelewing met besondere verwysing na "Multicultural Education"*, Ongepubliseerde D. Ed.-Proefskrif, UPE, Port Elizabeth, 1981.

Opperman, D.J.J.: *Staatsveiligheid: 'n Studie van terreur en ondermyning in die Republiek van Suid-Afrika*, Ongepubliseerde MA-Verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1974.

Rhoodie, N.J.: *'n Rasse-sosiologiese ontleding van afsonderlike volksontwikkeling en Partnership, met besondere verwysing na die motiewe vir hierdie beleidsisteme*, Ongepubliseerde D. Phil.-Proefskrif, UP, Pretoria, 1965.

Wessels, D.P.: *Politikologiese Perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkerevraagstuk*, Ongepubliseerde D. Admin.-Proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1978.

## 5. REFERATE, LESINGS EN TOESPRAKE


Beukes, D.P.M.: *Voorsittersrede*, **FAK** Jaarvergadering, Pretoria, 1974.

Booysen, H.: "Die behoud van Blanke selfbeskikking", *Rede* gelewer voor die Ledekonferensie van die **Vereniging van Oranjewerkers**, 10 Oktober 1981, Pretoria.

"Die staatkundige totstandkoming van 'n eie Afrikaner-staat", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, September 1987.

Boshoff, C.W.H.: "Die Reg van 'n Volk: Samevatting en Toekomsbeeld", *Voorsittersrede* gelewer tydens die Tweede Kongres, **Die Afrikanervolkswag**, Pretoria, Julie 1986.

"Vestiging van 'n Volkstaat vir die Afrikaner", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, Pretoria, September 1987.

Botha, P.W.: *Openingsrede*, gelewer voor die **Nasionale Party** se Federale Kongres, Bloemfontein, Julie 1982.

Coertze, R.D.: "Gemeenskapsontwikkeling: Teorie en praktyk in die RSA", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, September 1978.

De Klerk, W.J.: "Die praktiese openbaringswyse van die aanslag op die erfpag van die Afrikanerjeug", *Referaat* gelewer voor die Jeugkongres van SABRA, Warmbad, November 1966.

De Villiers, P.A.: " 'n Eie staat vir die Afrikaner: Landboubeleid en Boerderystelsels", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, Pretoria, September 1987.

De Vries, C.G.: "Die onderwys van die Afrikanerkind: Aard en inhoud", *Referaat* gelewer tydens die **Afrikaner-Onderwyskongres**, Bloemfontein, Maart 1982.

Du Plessis, H.G.W.: "Die handhawing van Afrikaans", *Referaat* gelewer voor die **Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie**, Potchefstroom, 7 Junie 1982.

Glazer, N.: "Development problems of multi-ethnic societies", Paper presented at a Conference on, "*Accelerated development in Southern Africa*", University of the Witwatersrand, March 1972.

Grant, W.L.: " 'n Eie staat vir die Afrikaner: Hoë Tegnologie", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, Pretoria, September 1987.

Huntington, S.P.: "Reform and Stability in a Modernizing, Multi-ethnic Society", *Referaat* gelewer op die Jaarlikse Konferensie van die **Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika**, 17 September 1981.

Landman, W.A.: "Beginsel vir onderwysvoorsiening in die RSA", *Referaat* gelewer voor die **Afrikaner-Onderwyskongres**, Bloemfontein, Maart 1982.

Meyer, P.J.: "Die Nasionale grondbeginsels van Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika", *Referaat* gelewer op die **Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys**, Pretoria, 29 September 1969.

Moolman, C.H.: "Konsolidasie", *Referaat* gelewer tydens 'n Konferensie van die **Afrika-Instituut**, 3 November 1975, soos gepubliseer as *Kernvraagstukke in Tuislandontwikkeling*, in **Geleentheidspublikasie Nr. 40.**

*Naturellevraagstuk (Die)*: *Referate* gelewer op die Kerklike kongres van die **Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika**, Bloemfontein, 4-6 April 1959.

Pieterse, J.: *Referaat* gelewer voor die Twaalfde Algemene Jaarvergadering van **Die Voortrekkers**, Bloemfontein, 12 Julie 1971.

Potgieter, J.M.: "Gedagtes oor die Christelike grondslag van menseregte", *Intreerede*, Departement Privaatreg, **UNISA**, 28 Junie 1988.

Robinson, P.: "Manifestasie in die opvoeding en onderwys van sekere denkrigtings", *Referaat* gelewer voor Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, September 1978.

Sloet, H.A.: "Afrikanerkultuur: Eenheid in verskeidenheid in 'n multi-kulturele Suid-Afrika", *Voorsittersrede* voor die **FAK** Kongres, Kaapstad, 1987, soos gepubliseer in **Handhaaf**, Augustus-September 1987.

Stone, H.J.S.: "Christelike Godsdiensonderrig in Huis en Skool", *Referaat* gelewer op die **Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys**, Pretoria, 29 September 1969.

Swart, M.: "Kulturele selfbeskikking vir die Afrikaner", *Referaat* gelewer voor die **FAK** Kongres, Oos-Londen, 19 Julie 1984.

Theron, P.F.: "Die onderwys van die Afrikanerkind in die lig van volkereverhoudinge in Suid-Afrika", *Referaat* gelewer voor die **Afrikaner-Onderwyskongres**, Bloemfontein, Maart 1982.

Treurnicht, A.P.: *Feesrede* gelewer op Krugerdag, 10 Oktober 1983, Ellispark, Johannesburg.

"Nasionale selfhandhawing", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, soos gepubliseer in **Jaarboek** Nr. 12, 1976-1977.

Van der Wateren, H.: " 'n Perspektief op die vraagstukke van die Tagtigerjare", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, Pretoria, September 1987.

Viljoen, D.J.: " 'n Afrikanervolkstaat: Voorstelle vir 'n grondgebied", *Referaat* gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van **SABRA**, Pretoria, September 1987.

Viljoen, G. van N.: "Wat is 'n volk? Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir nasionalisme", *Gedenklesing* gelewer by die Randse Afrikaanse Universiteit, soos gepubliseer: *N.P. van Wyk Louw-Gedenklesing Nr. 7, Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit*, Johannesburg, September 1977.

## 6. KOERANTE EN NUUSTYDSKRIFTE


"After the clampdown": **To the Point**, 28.10.1977.

Arkin, M.: "The thin green line between Arab and Jew", in **Sunday Times**, 17 April 1988.

**Dagbreek**: 09.01.55.

**Die Beeld**: 14.07.79.

**Die Burger**: 14.10.21; 01.11.22; 19.08.24.

**Die Huisgenoot**: 09.01.56.

**Die Transvaler**: 08.08.41; 06.12.50; 16.04.58; 24.02.76; 11.11.79.

**Die Vaderland**: 31.01.40.

**Die Volksblad**: 18.08.78; 11.04.79; 05.09.85; 23.11.85; 31.07.86; 09.07.87; 07.03.88; 30.03.88; 23.06.88; 25.06.88; 14.01.89.

**Die Vrystaat-Spieël**: 7-20 Augustus 1987; 3-16 Junie 1988.

Elgar, I.: "The Jews in Israel", in **The Plain Truth**, July-August 1986.

"Ethiopia and Liberia vs South Africa": **South African Scope**, Suid-Afrikaanse Departement van Inligting, April 1966.

Fouché, L.: "Causes and consequences of the Great Trek", in **Star**, 12 December 1936.

"KP kan nog baie wen": **Die Vaderland**, 3 Maart 1988.

Lunshof, H.A.: in **Elseviers Weekblad**, 14 Julie 1956.

| | |
|---|---|
| "Observer": | March 1982. |
| **Oggendblad:** | 14.08.75. |
| **Patriot:** | 02.09.86; 18.09.86; 15.04.88; 17.06.88. |
| **Rand Daily Mail:** | 25.05.08; 16.05.24; 28.03.72; 20.12.75; 20.09.76; 28.09.76; 16.04.80. |
| **Rapport:** | 05.07.77; 22.02.87; 06.12.87. |
| **Ster:** | 09.10.70. |
| **Sunday Times:** | 02.12.62; 27.03.88; 27.08.78; 17.04.88. |
| **The Citizen:** | 19.04.78; 01.09.78; 16.07.79; 24.06.88. |
| **The Star:** | 12.12.36; 03.02.60; 28.09.76. |
| **The Sunday Telegraph:** | 19.05.63. |
| **Time:** | 09.04.65. |


## 7. ARTIKELS IN VERSAMELWERKE


| | |
|---|---|
| *Encyclopaedia Britanica*: | London, Vol. I, 1971. |


## 8. BROSJURES, PAMFLETTE EN VLUGSKRIFTE


| | |
|---|---|
| "Afrikanerverbond": | Publikasie van die **Afrikanervolkswag**, 10 Oktober 1985, Pretoria. |
| "Boerestaat": | Opgestel en uitgegee deur Robert van Tonder, Voorsitter van die **Boerestaat-Komitee**, Randburg. (ongedateerd) |

Cruywagen, W.A. en Mulder, C.P. (Samestellers): "1948-1968 .... En nou die Toekoms", *Oorsig van die prestasies van die Nasionale Party-regering van 1948-1968*, Transvaalse Inligtingsdiens van die **Nasionale Party**. (ongedateerd)

Duvenage, G.D.J.: "Doelstellings van die Ossewatrek", in *Gedenkuitgawe 18/24*, **Die Afrikanervolkswag**, Mei 1988.

"Een Afrikanerdom; Een Afrikanerland": *Die AWB Program van Beginsels*, Uitgegee deur die Opperraad van die **Afrikaner-Weerstandsbeweging**. (ongedateerd)

Freedom '71: **University Christian Movement**, *Conference Report*, (undated)

*Grondwet en Reglemente*: Die **Afrikanervolkswag**, November 1984.

*Grondwet*: Die **Vereniging van Oranjewerkers**, Augustus 1986.

*Kerk en Samelewing*: 'n Getuienis van die **Ned. Geref. Kerk**, soos aanvaar deur die Algemene Sinode, Oktober 1986, Sendingpers, Bloemfontein, 1987.

"Nat-Brief": Kwartaalblad van die **Nasionale Party** se Inligtingsdiens van Transvaal, Maart 1980.

"NP Beleid: Die Feite!": *Verkiesingspamflet*, 6 Mei 1987, Uitgegee deur P.G. Marais, Direkteur van Inligting, **Nasionale Party**.

"Ontmoet die Konserwatiewe Party": Uitgegee deur C.P. Mulder, Inligtingskomitee van die **Konserwatiewe Party**, Pretoria, 1987.

*"Program van Beginsels en Konstitusie van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika"*: Uitgegee deur die Hoofkantoor van die **Konserwatiewe Party**, Pretoria. (ongedateerd)

*"Program van Beginsels"*: **Sweepslag 82,** Mondstuk van die **Afrikaner-Weerstandsbeweging,** Nr. 1.4.

Raath, R.J. (Voorsitter): *Standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van Opvoeding en Onderwys*, Publikasie van die **Ned. Geref. Kerk,** Oktober 1970.

Schlemmer, L.: **Quail-verslag,** 8 Februarie 1980.

Scholtz, G.D.: "Staatsbeskouing van die Voortrekkers", in *Amptelike Program en Gedenkboek*, Inwyding van die **Voortrekkermonument,** 13-16 Desember 1949, Pretoria.

**Skietgoed** Nr. 7: Inligtingsdiens van die **Nasionale Party:** 23 Junie 1969; Nr. 4, Oktober 1979.

Sponsors Doc.: G/29, **UNCIO,** Vol. III.

Survey of Race Relations in South Africa: **SAIRP,** 1977.

"Talking with the ANC ...": Publikasie van die **Buro vir Inligting,** Perskor, Pretoria, Junie 1986.

"This is South Africa": Publikasie van die **Buro vir Inligting,** Pretoria, Januarie 1987 en Augustus 1988.

"Transvaalse Separatiste: Ons Stryd": In pamfletvorm, **Transvaalse Separatiste,** Naboomspruit. (ongedateerd)

Van der Merwe, C.J.: "En wat van die Swartmense?" Federale Inligtingsdiens van die **Nasionale Party,** Kaapstad, 1985.

Van der Merwe, C.J. (samesteller): "NP Standpuntstelling Nr. 1: Magsdeling (en verwante begrippe)", Uitgegee deur die Federale Inligtingsdiens van die **Nasionale Party**, Kaapstad, Julie 1986.

"Versoek om die beginselaanvaarding en die skepping van 'n eie staatsgebied en owerheidsliggame vir die Afrikanervolk": Gedruk en uitgegee deur die **Vereniging van Oranjewerkers**, Morgenzon, 1987.

"Vrede in Partisie": Inligtingstuk van die **Konserwatiewe Party**, Transvaalse Kantoor van Inligting, Pretoria. (ongedateerd)

"Wie en wat is die AWB?" **Quo Vadis**: Vol. 1, Nr. 1, April 1986.

## 9. DIKTATE EN ANDER STUDIEMATERIAAL

De Klerk, W.J., Duvenage, W. en Van Wyk, J.H.: *Diktaat* Kursus III, Interfakultêre Wysbegeerte, **PU vir CHO**, Potchefstroom. (ongedateerd)

Strauss, H.J.: Diktate: Staatsleer I, II en III, UOVS, Bloemfontein, 1963-1969.

Studiemateriaal: Departement Staatsleer, UOVS, Bloemfontein, 1987.

## 10. ARGIVALE BRONNE

Du Plessis, A.J.: "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902)", in *Ar-*

*gief-Jaarboek*, 18e Jaargang, Kaapstad, 1955.

"Die Republiek Natalia", in *Argief-Jaarboek*, deel II, 5e Jaargang, Kaapstad, 1943.

Van Schoor, M.C.E.: "Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner en migrasie en sy ontluiking in Transgarieb tot 1854", in *Argief-Jaarboek*, deel II, 1964.

Wichmann, F.A.F.: "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860", in *Argief-Jaarboek*, deel II, 1941.

## 11. DEBATTE IN DIE PARLEMENT EN GRONDWETTE

Debatte van die Volksraad en Parlement (Hansards)

SUID-AFRIKA (Republiek): **Grondwet 110, 1983.**

SUID-AFRIKA (Republiek): **Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake 1984**: Wet 76 van 1985.

Verslag van die **Grondwetkomitee van die Presidentsraad**: Kaapstad, 1982, (PR3/1982).